

DIE BOEREBOEK

Die Boerevolk in die 21ste eeu

deur
Dr. Lets Pretorius

Die Boereboek

Lets Pretorius

Published by Lets Pretorius, 2023.

While every precaution has been taken in the preparation of this book, the publisher assumes no responsibility for errors or omissions, or for damages resulting from the use of the information contained herein.

DIE BOEREBOEK

First edition. June 30, 2023.

Copyright © 2023 Lets Pretorius.

Written by Lets Pretorius.

Inhoudsopgawe

[Title Page](#)

[Copyright Page](#)

[DIE BOEREBOEK](#)

[BEDANKINGS](#)

[VOORWOORD](#)

[AKRONIEME](#)

[DEFINISIES](#)

[INLEIDING en BEGRIPSBESPREKING](#)

[BESPREKING VAN BEGRIPPE](#)

[DEEL I | SAMESTELLING VAN BASA21](#)

[HOOFSTUK 1 | BASA21 IS VERDEELD](#)

[HOOFSTUK 2 | BASA21 SE IDENTITEIT IS ONSEKER](#)

[HOOFSTUK 3 | BASA21 SE VERDEELDHEID EN ONSEKERHEID
ONTLEED](#)

[DEEL II](#)

[HOOFSTUK 4 | DIE FASES VAN ONTWIKKELING](#)

[HOOFSTUK 5 | DIE BOER MANIFESTEER AS VOLK](#)

[HOOFSTUK 6 | DIE KOLONIALER OF KAAPSE AFRIKANER
ONTWIKKEL GROEPVORMING](#)

DEEL III | DIE AFRIKANERNASIE ONTSTAAN DEUR SOSIALE INGENIEURSWESE

HOOFSTUK 7 | AFRIKANEREENHEID AS IDEOLOGIE

HOOFSTUK 8 | DIE KOLONIALER SE KULTURELE ERFENIS

HOOFSTUK 9 | DIE BOER SE KULTURELE ERFENIS

HOOFSTUK 10 | DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE AFRIKANERNASIE

HOOFSTUK 11 | DIE TOEPASSING VAN POLITIEKE SOSIALISASIE EN SOSIALE INGENIEURSWESE

HOOFSTUK 12 | BLANKISME WORD BEVORDER (FASE 5)

HOOFSTUK 13 | DIE LAASTE DEEL VAN DIE 20STE EEU: | DIE AFRIKANERNASIE SE SWANESANG

HOOFSTUK 14 | AFRIKANERIDENTITEIT WORD NÁ 1994 ONDERDRUK (FASE 6 ONTSTAAN)

HOOFSTUK 15 | DIE BLANKE AFRIKAANSSPREKENDE SUID-AFRIKANER VAN DIE 21STE EEU (BASA21) | VERDEEL IN GROEPE (FASE 6)

DEEL IV | 'n ANTWOORD VIR BASA21 SE OORLEWING

HOOFSTUK 16 | BASA21 BINNE SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

HOOFSTUK 17 | TEORETIESE EN HISTORIESE BASIS VIR VRYHEID

HOOFSTUK 18 | BASA21 SE VRYHEIDSINGESTELDHEID

HOOFSTUK 19 | VRYHEIDSVOERTUIE

HOOFSTUK 20 | SELFBESKIKKING VIR DIE BOERVOLK

[HOOFSTUK 21 | SLOTSOM](#)

[AANHANGSELS | AANHANGSEL A | DIE VERSKILLENDEN BOERE
REPUBLIEKE WAT GESTIG IS](#)

[AANHANGSEL C: BOODSKAP NAMENS DIE BOERVROU AAN
PRESIDENT MBEKI](#)

[BIBLIOGRAFIE](#)

[INDEKS](#)

[About the Author](#)

[About the Publisher](#)

DIE BOEREBOEK

Die Boervolk in die lig van die 21^{ste} eeu

Dr. Lets Pretorius



DIE BOER IS DOOD – LANK LEWE DIE BOER!

Is die Boerevolk dan werklik dood,
net stadig in sy slaap gesterf
sonder suigeling se toekomshoop
om arendsvlug se vleuels te erf?

Het moet dan met die middagloom
tot einderskimme mymerend
in maanskynlose skadukolle
sonder fluister weggesink?

My hart bly klop,
my are bruis

as Boeregrond se stem verrys
dat hier 'n wil tot volk steeds staan
van die Boer wat nooit sal kan vergaan!

9 November 2013

BOERIUS

KOPIEREG ©: JOHAN (Lets) Pretorius

Uitgewer: Johan (Lets) Pretorius

E-pos vir bestellings: sien webwerf: www.dieboereboek.co.za

of stuur e-pos na: Boereboek@gmail.com

Eerste (harde kopie) publikasie Februarie 2023

Eerste e-boek publikasie Junie 2023

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Taalversorging: Dr. Johan Pretorius, dr. Mike du Toit, Mev. Judy Swanepoel.

Voorbladontwerp: Dr. Wilhelm Pretorius

Gedruk en gebind deur: Groep 7 Drukkers en uitgewers


www.groep7.co.za

Prof Andre Duvenhage (Politieke kundige- NWU):

Die werk *Die Boereboek – Die Boervolk in die lig van die 21ste eeu*, geskryf deur Dr Lets Pretorius (bekende in mediese en politieke kringe) is 'n omvattende en deeglik nagevorsde bydrae. Die werk fokus op Afrikaneridentiteit, die verskillende interpretasies hiervan (deur onder meer historici en politici) asook die uitdagings waarmee die “Boervolk” te make gehad het. Dit is die verhaal van die Blanke Afrikaansprekende Suid Afrikaner van die 21ste eeu – die breër en meer inklusiewe identiteit maar in besonder die “Boer”- sy identiteit, die ontwikkeling van hierdie identiteit en die uitdagings waarvoor dit te staan gekom het (histories gesproke) maar veral tans tydens die 21ste eeu. Die bydrae fokus op die samestelling van die Afrikaner, onderskeibare identiteite wat in hierdie verband bestaan het; die historiese ontwikkeling van identiteite (Afrikaner/Boer); die onderskeibare eienskappe van die identiteite soos dit ontwikkel het tydens veral die 20ste en 21ste eeu; maar ook die uitdagings waarvoor die “Boerevolk” te staan gekom het asook moontlike oplossings in hierdie verband.

Uitgaande van 'n samehang van teoretiese vertrekpunte as grondslag word daar op 'n omvattende wyse na identiteit, Afrikaner-identiteit en Boere-identiteit gekyk. Die onderskeiding van die “Boere-identiteit” van 'n breër “Afrikaner-identiteit” lê in die sentrum van die navorsing en lei tot 'n stel eiesoortige en unieke gevolgtrekkings. Hoewel in opsigte polemies van aard lewer die werk 'n unieke verstaan ten opsigte van “Afrikaner-identiteit” in die breë en “Boere-identiteit” in besonder.

Die werk is 'n produk van omvattende navorsing, gedoen tydens moeilike en uitdagende omstandighede terwyl Dr Pretorius sy vonnis vir hoogverraad uitgedien het te Zonderwater buite Pretoria. Die werk is die produk van omvattende navorsing oor die onderwerp en 'n Meestersgraad is met lof hieroor aan die NWU verwerf. Die werk is 'n “moet lees” vir diegene wat belangstel in die verlede, hede en die toekoms van die Blanke Afrikaner op die Suidpunt van Afrika.



BEDANKINGS

Ek wil hiermee my dank uitspreek teenoor ons Hemelse Vader, wat my die geleentheid en inspirasie gebied het om hierdie taak aan te pak en te voltooi. Dan wil ek my dank uitspreek teenoor mense wat my geïnspireer het, bygestaan het, raad gegee het en nodige kritiek uitgespreek het. In die besonder my eggenote Minnie en my seuns Johan en Wilhelm. Ek en Johan het ure in die sel wat ons gedeel het, oor die inhoud van die boek en die toekoms van die Boervolk gedebatteer.


Baie dankie aan prof. Hermann Giliomee, wat my geïnspireer het en ook vir sy boeke en dokumente wat hy aan my geskenk het. Dankie aan adv. Lourens Joubert en dr. Jann Schlebusch, wat waardevolle ondersteuning en kritiek gelever het. Ook aan dr Mike du Toit vir sy waardevolle insette en taalversorging.

Baie dankie ook aan prof. Andre Duvenhage wat my met my MA verhandeling (wat die kern van die Boek vorm) geïnspireer en bygestaan het.

Ek vertrou dat hierdie bydrae lig sal werp op die verwarring, verskille, geskille en debatte oor die Boer-Afrikaner verskynsel en dat die argumente in die dokument, 'n bydrae kan maak om die Boervolk in Suid Afrika te vestig. My hoop is dat elke “Boere-Afrikaner”, wat nog oor sy of haar identiteit onseker is, die nodige keuse sal maak om deel van die Boervolk te word.

Boeregroete

Lets Pretorius



VOORWOORD

Die voorwoord vir hierdie boek word geskryf net na die afsterwe van die Britse monarg, koningin Lizzy die 2^{de}. Die vernietigende rol wat haar familie en die Britse imperiale ryk in die verloop van die Suider-Afrikaanse volke se bestaan gehad het en steeds in 'n mate uitoefen, kan nie oorbeklemtoon word nie. Die effek van koloniale onderdrukking in Afrika, maar in die besonder in Suid-Afrika, het tot vandag toe dramatiese gevolge. 'n Politieke wetenskaplike ontleding van hierdie effek en gevolge op die Afrikaanssprekende blanke bevolking in Suid-Afrika, met die totstandkoming van twee identifiseerbare blanke Afrikaanssprekende volke, het nog nooit die lig gesien nie.

Dokter Lets Pretorius is met sy agtergrond by uitstek die persoon om hierdie taak te volvoer, aangesien hy sy lewe lank betrokke was by volksake, wat soms ook party politiek ingesluit het. 'n Opsomming van sake waarby hy betrokke was kan nooit die tyd, moeite en onbaatsugtige opofferinge weergee, wat hy te midde van 'n besige algemene mediese praktyk ingepas het nie:

- As student het hy in die 1970's vir die HNP gestem.
- Hy was betrokke by Aksie Eie Toekoms, saam met wyle advokaat Chris de Jager en professor Alkmaar Swart.
- Stigterslid van die Konserwatiewe Party in Potgietersrus.
- Speel 'n adviserende rol in die AWB as lid van die Grootraad.
- Speel 'n aktiewe rol in die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk.
- Betrokke by die begin van Toekomsgesprek, die konserwatiewe teenvoeter vir die Broederbond.
- Deurlopende aktiewe rol by die plaaslike Geloftefees, asook die Groot Trek 150 herdenkingsjaar.

- Skep die idee van volkseie skolesport in die vorm van die Bokkieweek en organiseer die eerste Bokkieweek.
- Skep en bedryf Loeriemed, 'n volkseie primêre gesondheidsorgstelsel.
- Vanaf die begin van VEKOM betrokke, totdat dit in 'n partypolitieke geploeter ontaard het, nadat “beroepspolitici” dit gekoop het.
- Hy was ook die voorsitter en organiseerder van die eerste Gedigte kompitisie van die GHA.
- Dr. Lets was dan ook 'n beskuldigde in die Boeremagverhoor, een van die langste en grootste verhore in Suid-Afrika. Hy word skuldig bevind aan hoogverraad en tot twintig jaar tronkstraf gevonniss.
- Tydens en na sy aanhouding verwerf hy, *met lof*, 'n meestergraad in politieke wetenskap aan die universiteit van Potchefstroom.

Ek het die (twyfelagtige) voorreg gehad om vyf jaar 'n sel met my pa, dokter Lets, te deel. Tydens dié tyd het die konsep van die wetenskaplike begroting van die analise van die totstandkoming van twee aparte Afrikaanssprekende volke ontstaan, uit 'n boek rakende Bybelse argeologie van Ferdinand Deist.

Baie mense glo en stel dat hulle Boere is. Lang en bitter argumente vir en teen Boer en/of Afrikaner gaan onverpoos voort. Ter wille van geld en getalle word voorheen suiwer organisasies en instellings van die Boer oorgeneem en “ver-Afrikaneriseer”. En dan, soos my oupa dit gestel het is daar 'n klomp mense en “Hulle sê” hulle is Boere, of “Hulle sê” hulle is Afrikaners. Sy antwoord was: “Hulle eet skille!”

In hierdie boek word daar duidelik “gesê”. Met 'n groot verskil van “hulle”. Dokter Lets Pretorius gebruik akademies-aanvaarde navorsingsmetodiek en wetenskaplike terme, norme en waardes. Hy vestig die Boervolk as 'n politieke wetenskaplike werklikheid, wat die potensiaal het om 'n belangrike rol in die vind van 'n oplossing in die warboel van die Suid-Afrikaanse situasie, veral vir die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die een-en-twintigste eeu, te speel.

Boeregroete.

Dr. Johan Pretorius.

VLOEDIAGRAMME EN FOTO'S		
Fig	Beskriving	B.
I	Historiese fases waardeur Afrikaner-identiteit ontwikkel het.	3
II	Genetiese bande deur konsentriese sirkels voorgestel.	6
III	Die ontwikkeling van identiteit en ideologie.	7
1.1	Deon Maas (Beeld, 21 Oktober 2016:11).	26
1.2	Boerejeugby Majuba.	30
1.3	150 ^{te} bestaansjaar van die Vierkleur, 6 Januarie 2007.	30
3.1	Die Blanke Suid-Afrikaner van die 21 ^{ste} eeu (BASA21).	86
3.2	Die liberale kefferbrakkie.	93
3.3	16-jarige Petrus Coetzee ter dood veroordeel deur die Engelse.	96
3.4	Gideon Scheepers tereggestel.	97
4.1	Die ses fases waardeur BASA21 vanaf 1652 ontwikkel het.	110
4.2	Die trekroetes van die Trekboere tydens die Veeboer-beweging in die 18 ^{de} eeu.	117
4.3	Die Wieg van die Boerevolk.	118
4.4	Die ontwikkeling van die voorsate tydens die Kompanjies-bewind aan die Kaap.	121
5.1	Die Groot Trek verdiep die skeiding tussen Boer en Kolonialer.	129
5.2	Twee van die Trekkeier, Andries Hendrik Potgieter, se seuns.	142
5.3	Die manifestering van die Boerevolk as 'n volk.	149
6.1	Die ontstaan van die Kolonialer of Kaapse Afrikaner (Eerste postulaat).	158
7.1	Offisiere in die Unie se verdedigingsmagte Tempe.	180
7.2	Jopie Fourie.	181
7.3	Gert Engelsman (verraaiër) se huis se nok vertoon 'n balk.	190
7.4	Die Boer en die Kaapse Afrikaner word saamgevoeg om die Afrikaner te vorm.	200
8.1	Ds. HD van Broekhuizen.	210
8.2	Edwin Leemans en die Groot Vierkleur.	215
8.3	Barend Pienaar en die Groot Vierkleur.	215

Fig	Beskriving	B.
9.1	Politieke rywordingsfases binne 'n pioniersgroep.	227
9.2	Die skrywer by oom Marie Maritz.	247
9.3	Voorblad van die <i>Boeremagsage</i>	248
9.4	Een van die "Bloubriewe" in die Boeremagsaak	251
9.5	Die Majuba Deklarasie word aan die Speaker van die Parlement oorhandig.	255
9.6	Minnie Pretorius oorhandig die Majuba deklarasie aan gesant van Mbeki.	255
9.7	Stigtingsvergadering van BVS.	256
9.8	Die eerste Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR).	256
10.1	Die historiese inhoud ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, gebaseer op die uitgangspunte van Paradigmas A en B.	279
11.1	Politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese gedurende die 20 ^{ste} eeu.	280
13.1	Samevatting van die ontwikkeling van BASA21.	317
15.1	Fase 6 van Afrikaner-identiteitsontwikkeling 1994 tot 2021.	335
16.1	Die grafte van Westerse kultuur in Afrika.	336
16.2	Potgieter en Makwana tydens grondonderhandelinge vir die Republiek van Winburg in 1836.	343
16.3	Die gebied van die "Republiek van Winburg" wat die Boere deur onderhandeling met Makwana bekom het.	344
16.4	Boeregebied deur Retief na onder-handeling met Dingaan bekom.	345
16.5	Die Suid-Afrikaanse demografie - post-Mfecane (1838).	349
16.6	Rassisme in Birmingham, Alabama, in Amerika.	354
17.1	Die verspreiding van die Hottentotstamme met Van Riebeeck se aankoms.	398
18.1	Die "vryheidstemperatuur" by die Boer en die Afrikaner.	422

LYS VAN TABELLE

Tabel	Beskrywing	Bladsy
2.1	Vergelyking van die uitgangspunte van Paradigma A en Paradigma B.	49
2.2	Verspreiding of gebruik van die terme <i>Boer</i> en <i>Afrikaner</i> in verskillende bronne.	52
7.1	Simbole/monumente wat op die Afrikanernasie van toepassing gemaak is.	176
9.1	Vryheidsmomente in die geskiedenis van die Boerevolk.	242
9.2	Vryheidspogings van organisasies van die Boervolk na 1994.	258
9.3	Regse organisasies wat na 1994 bestaan.	259
10.1	Vergelyking van die kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner en die vestiging van Afrikanerkultuur.	264
10.2	Die siening of eienskappe van Paradigma A.	271
10.3	Eienskappe van Paradigma B vergelyk met die van Paradigma A.	275
11.1	Wyses waarop politieke geweld uitspeel op 'n groep.	283
11.2	Die rol van simbole by die skepping van die Afrikanernasie.	290
12.1	Buite-parlementêre organisasies wat hulle op die een of ander manier (voor die stigting van die RSA) vir 'n volkstaat beywer het.	306
16.1	Vergelyking van die reaksies en gesindhede van die Boer, die Boere-Afrikaner en die Afrikaner, ten opsigte van transformasie, instellings en gebeure in die 21 ^{ste} eeu.	369
17.1	'n Lys van lande met 'n klein bevolking en grondgebied	407

KRONOLOGIE

1652: Die VOC vestig 'n verversingstasie aan die suidpunt van Afrika.

1657: Jan van Riebeeck stel nege amptenare vry om vryburgers te word.

1688: 'n Geselskap van 180 Franse Hugenote kom in die Kaap aan.

1713, 1755 & 1767: Pokke wis baie van die Khoi-Khoi in die Wes-Kaap uit.

1745: Begin van die Trekboerbeweging (Veeboerbeweging).

1778-1786: Die Kaapse Patriot-beweging veg vir groter regte en vryhede.

1784: Stigting van *De Kongres van Volksrepresentanten*.

1795: 'Konsepsie' van die Boerevolk.

1795, 6 Februarie: Stigting van die Republiek Graaff-Reinet.

1795, 17-18 Junie: Stigting van die Republiek Swellendam.

1795-1802: Die eerste Britse bewind.

1799: Die Van Jaarsveld-rebellie.

1803-1806: Die Kaap deur amptenare van die Bataafse bewind bestuur.

1806: Brittanje herower die Kaap en die tweede Britse bewind begin.

1815: Slagtersnek rebellie.

1824: Die eerste sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

1830: *De Zuid-Afrikaan*, die eerste Hollandse koerant, verskyn.

1834: Slawerny in die Britse Ryk word beëindig.

1835: Die eerste fase van die Groot Trek.

1836: Geboorte van die Boerevolk.

1836, 2 Oktober: Slag van Vegkop.

1836, 2 Desember: Thaba Nchu – Eerste Boereregering gevorm.

1837, Januarie: Die eerste strafkommando teen Silkaats.

1837, 5 Junie: Winburg – Die tweede Boereregering gevorm.

1837, November: Slag van Mosega en Kapain (*Kopaneng*).

1838, 4 Februarie: Retief en geselskap deur Dingaan vermoor.

1838, 16-17 Februarie: Moorde by Bloukrans en Weenen.

1838, 6 April: Slag van Italei.

1838, 16 Desember: Slag van Bloedrivier.

1839: Boere stig die Republiek Natalia.

1841: Distrikte Winburg en Potchefstroom by Natalia ingelyf.

1843: Brittanje annekseer Natalia.

1844: Hendrik Potgieter stig 'n burgerraad vir die gebied van Potchefstroom-Winburg.

1852: Brittanje erken die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) (Transvaal).

1854: Brittanje erken die Republiek van die Oranje-Vrystaat.

1869: Diamante word ontdek en Kimberley kom tot stand.

1872: Verantwoordelike regering word in die Kaapkolonie ingestel.

1875: Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) word in die Paarl gestig.

1877: Brittanje annekseer die ZAR.

1878: *Zuid-Afrikaansche Boerenbeschermings-vereeniging* (ZABBV) in die Kaap Kolonie gestig.

1880: Die Afrikanerbond word gestig.

1881: Eerste Vryheidsoorlog eindig met die Slag van Majuba.

1883: Pro-koloniale Kolonialers neem die Afrikanerbond oor.

1886: Goud word aan die Witwatersrand ontdek.

1895-1896: Die Jameson-inval in die ZAR.

1899-1902: Die Tweede Engelse/Vryheidsoorlog.

1910: Stigting van die Unie van Suid-Afrika.

1912: *South African Native National Congress* gestig, later ANC genoem.

1914: JBM Hertzog stig die Nasionale Party.

1914: Boereopstand teen deelname aan Eerste Wêreldoorlog.

1918, 5 Junie: Die Afrikaner-Broederbond word in Johannesburg gestig.

1922: Generaal Smuts se slagting van stakende mynwerkers.

1925: Afrikaans word as ampstaal erken.

1929: Broederbond word 'n geheime organisasie.

1929: FAK gestig.

1934: Die Verenigde Party (VP) en gesuiwerde NP gevorm.

1938: Die eeufeesviering van die Groot Trek.

1939, 6 Februarie: Stigting van die Ossewabrandwag.

1939: Die Eerste Ekonomiese Volkskongres.

1939: Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog in Europa laat die VP-regering skeur; Smuts word eerste minister.

1948: Die Nasionale Party wen die verkiesing en gaan voort met die toepassing van die Britse ontwikkelde apartheidsstelsel.

1961: Suid-Afrika word 'n republiek.

1975-1989: Angola Grensoorlog.

1991: Beleg van Kerkstraat, Pretoria, deur BKA.

1991, 11-12 Mei: Polisie skiet op Boere by Bruidegomskraal/Goedgevonden.

1991, Junie: Polisie skiet op AWB by Ventersdorp.

1991-1993: Kodesa I, II en III.

1992-1994: Vekom en Afrikanervolksfront.

1993, 25 Junie: Onverteenwoordigde (by Kodesa) Boere bars in by Kodesa in die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark.

1993, 18 November: 'n Tussentydse grondwet word aangeneem.

1994: Volksaamtrek in die Skilpadsaal – kabinet aangewys – Constand Viljoen verwerp volk se eise.

1994, Maart: Georkestreerde Bophuthatswana gebeure knak Boere se moed.


1994, 27 April: Eerste NSA verkiesing. Einde van Afrikaner/Nasionale Party gesag en die apartheidsbeleid.

1996: Die finale grondwet word aangeneem en die NP onttrek hom aan die regering van nasionale eenheid (en kondig sy ontbinding as party in 2004

aan).

2000: Demokratiese Alliansie kom tot stand uit die DP en NP; twee derdes van die Afrikaners stem DA in 2004.

2002: Boeremag (verhoor duur tot 2013).



AKRONIEME

AB: Afrikaner-Broederbond.

ANC: *African National Congress.*

APK en AP Kerk: Afrikaanse Protestantse Kerk.

ATKV: Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging.

AVF: Afrikaner Volksfront.

AWB: Afrikaner Weerstand Beweging.

BASA: Blanke Afrikaanssprekende Afrikaners.

BASA19: Blanke Afrikaanssprekendes in Suider-Afrika tydens die 19^{de} eeu.

BASA20: Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van die 20^{ste} eeu.

BASA21: Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van die 21^{ste} eeu.

BCVO: Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys.

BEE: *Black Economic Empowerment* (Swart ekonomiese bemagtiging).

BJA: Boere Krisis Aksie.

BVR: Boerevolk Verteenwoordigende Raad.

BVS: Boerevolk Vryheidstigting.

CIA: *Central Intelligence Agency.*

COSATU: *Congress of South African Trade Unions.*

CVO: Christelik Volkseie Onderwys.

DA: Demokratiese Alliansie.

DRK: Demokratiese Republiek van die Kongo.

DWA: Duitswes-Afrika.

EFF: Ekonomiese Vryheidsvegters.

EK 25: Eenheidskomitee van 25.

FAK: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.

GRA: Genootskap van Regte Afrikaners.

HNP: Herstigte Nasionale Party.

IVP: Inkatha Vryheidsparty.

KFC: *Kentucky Fried Chicken.*

KODESA: Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika.

KP: Konserwatiewe Party.

LWO: Landbouwerkgewers organisasie.

MOBKOM: Mobilisasie-komitee.

MRK: Menseregtekommissie.

NG Kerk: Nederduits Gereformeerde Kerk.

NP: Nasionale Party (Nattes).

NSA: Nuwe Suid-Afrika.

NWU: Noordwes-Universiteit.

OB: Ossewabrandwag.

OBIA IIII: Opregte Boer in aanhouding. Die skuilnaam van die skrywer op sketse en skilderye tydens aanhouding gemaak.

OVS: Oranje Vrystaat.

Pretoria FM: Voorheen bekend as Radio Pretoria.

RSA: Republiek van Suid-Afrika.

RSG: Radio Sonder Grense.

SABC: *South African broadcasting corporation.*

SABR: Suid Afrikaanse Boere Republiek.

SANLAM: Suid-Afrikaanse Nasionale Lewens Assuransie Maatskappy.

SAP: Suid-Afrikaanse Party (Sappe).

SAP: *South African Police.*

SAUK: Suid-Afrikaanse Uitsaaï koöperasie.

SEB (BEE): Swart ekonomiese bemagtiging.

SS: *Schutzstaffel* (Duitse sekerheidseskader), 1933 - 1945.

SWA: Suidwes-Afrika.

TAR: Tussentydse Afrikaner Raad.

TG: Toekomsgesprek.

TLU: Transvaalse Landbou Unie.

TLU-SA: TLU Suid-Afrika.

UDF: *United Democratic Front.*

UNPO: Organisasie van Onverteenwoordigde Volkere.

VEKOM: Volkseenheidskomitee.

VF: Vryheidsfront.

VF+: Vryheidsfront Plus.

VN: Verenigde Nasies.

VOC: Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie.


VP: Verenigde Party.

VSA (USA): Verenigde State van Amerika.

VVK: Volksraad Verkiesingskommissie.

ZABBV: *Zuid-Afrikaansche Boeren Beschermingsvereniging.*

ZAR: *Zuid-Afrikaansche Republiek*



DEFINISIES

Afrikanerbond (Bond) was 'n politieke groepering, wat in die 1870's onder die Kaapse-Afrikaners ontstaan het en uiteindelik ontwikkel het in 'n politieke party, die Suid-Afrikaanse Party (Sappe).

Afrikaner-Broederbond het as 'n kultuurorganisasie op 5 Junie 1918 ontstaan en het later in die 20^{ste} eeu, as 'n geheime elitegroep, die gang van Suid-Afrika beplan en beïnvloed.

Afrikaners met Boeremaskers behels Afrikaners met 'n Kolonialergesindheid, wat met duistere en bedekte motiewe tussen die Boere infiltreer.

Albatros om die nek is 'n idioom, wat daarop dui dat iemand “skuld saamdra”.

Anachronisme behels die verskynsel waar iets ('n persoon, item, gebeurtenis of saak) binne 'n tydperk, waarin dit nie kon voorkom of bestaan het nie, geplaas word. (Vergelyk met sinchronisme en diachronisme).

Apartheid-Afrikaner het tot stand gekom nadat die Boer en die Kolonialer aan die proses van sosiale ingenieurswese, veral tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu, onderwerp is en verteenwoordig 'n persoon, wat suksesvol deur die sosiale ingenieurswese proses geïndoktrineer, georiënteer en gemotiveer is om as Afrikanernasie bekend te staan.

Balkanisering behels staatkundige verbrokkeling van 'n groter staat tot 'n situasie soos wat vroeër in die twintigste eeu op die Balkanskiereiland geheers het.

Bittereinders is die ongeveer 16 000 Boerekrygers, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog tot met die vredesluiting in 1902 aanhou veg het. (Die getal wissel van 13500-22000).

Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu (BASA21) kan gesien word as dié groepering wat tot stand gekom het nadat die Afrikanerelite en die Nasionale Party-Broederbond-regering in 1994 “geabdikeer” het.

Boer (moderne Boer) is dié gedeelte van BASA21 wat hulleself vandag met die term “Boer” vereenselwig en identifiseer. Hulle openbaar steeds die Boeregesindheid en deel die kulturele erfenis, soos wat dit in die 19^{de} eeuse republikeinse Boer gemanifesteer het met 'n besliste strewe na vryheid.

Boere-Afrikaners is as individue en as groep in wese deel van die Boerevolk, aangesien hulle identifiseer met die vryheidstrewe en die Boeregesindheid of republikeinse gees (onafhanklikheidsgesindheid), asook die kulturele nalatenskap van die Proto-Boer van die 1800's

deel, alhoewel hulle verkies, as gevolg van die invloed van sosiale ingenieurswese, om hulle met die term Afrikaner te assosieer.

Boeregesindheid verteenwoordig die gees van die Boer en manifesteer deur die kulturele erfenis, wat in die Boerevolk gevestig is met sy strewe na vryheid.

Boervolk en **Boerevolk** word beide as die korrekte benaming verklaar deur Kritzinger et al., (1956: sv Boervolk/Boerevolk). 'n Kort meningsopname in Augustus 2021 toon die gebruik 50:50. In hierdie studie, word merendeels na die *Boervolk* verwys. Soms klink *Boerevolk* meer korrek en word dan gebruik.

Demografie het betrekking op die verspreiding van mense en dui, onder andere, op die afstand tussen opstalle en die getalle van die vyandelike stamme, wat die graad van wedersydse ondersteuning tussen bure beïnvloed. Dit sluit ook bevolkingsgetalle, bevolkingsdigtheid, verspreiding en statistieke rakende geboortes, huwelike, siektes en sterftes in.

Diachronisme behels om, met bestudering van die verloop van die geskiedenis, die opeenvolgende tydvakke in ag te neem en gebeure en entiteite binne die konteks van die historiese agtergrond te interpreteer. (Vergelyk met sinchronisme en anachronisme).

Die Kaap verwys na die nedersetting rondom die Kaapse hawe, maar ook na die Kaap as 'n streek, provinsie of kolonie. Die konteks waarin dit gebruik word moet in gedagte gehou word.

Eerste Vryheidsoorlog (Eerste Engelse oorlog) verwys na die oorlog wat die Boerevolk van die ZAR teen Britse koloniale onderdrukkers tussen 1880 en 1881 geveg het.

Eierigting behels aksies, wat insluit vergelding, boikotte, diplomatieke optrede, arbitrasie en uiteindelik geweld. Die reg tot afdwinging is aangewese op die volk self en 'n volk moet sy reg van selfbeskikking realiseer deur middel van "eierigting."

Elite is 'n fenomeen in enige gegewe gemeenskap waar daar altyd leiers en volgelinge bestaan en die elite as die leiergroepering van die gemeenskap na vore tree.

Enklave, enklawe is eerstens 'n grondgebied, wat deur vreemde grondgebied ingesluit is. Tweedens kan dit 'n wyk in 'n stad wees, wat vir 'n bepaalde ras afgesonder is.

Federalisme bestaan wanneer daar twee unieke vlakke van regering is, wat oor dieselfde gebied en inwoners regeer. Lande met 'n federale politieke stelsel beskik oor 'n sentrale regering, sowel as regering gebaseer op kleiner eenhede, wat state, provinsies, kantons of gebiede genoem word.

Fenomeen is 'n feit, gebeurtenis of verskynsel, wat waargeneem en beskryf kan word.

Fragmentasie is 'n vorm van Kulturele Geweld, waar die dominante party in 'n samelewing die ondergeskikte party verhoed om 'n saamhorigheidsbewussyn te ontwikkel en geskied deur mense uitmekaar te hou.

Geldende mening (Received View) behels 'n fenomeen waar 'n paradigma binne 'n spesifieke veld in 'n bepaalde rigting of interpretasie "bestuur" word, met uitsluiting van idees buite hierdie bepaalde grense.

Geografie verwys na die fisiese natuur en omgewingsfaktore.

Groot Trek is 'n volksverhuising, wat ongeveer 1836 tot 1840 plaasgevind het toe Proto-Boere, hoofsaaklik uit die Wieg van die Boerevolk, na die binneland van Suid-Afrika en Natal getrek het.

Hegemonie verwys na 'n owerheidsvorm, wat nie demokraties waardes toepas nie, waar die meeste mense van die politieke lewe uitgesluit word, waar teenstanders onderdruk word en regeringsleiers nie deur enigiemand buite 'n klein leierskapskring uitgedaag kan word nie.

Hendsopper dui op 'n Boer, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog opsetlik aan die Engelse oorgegee het.

Here XVII het aan die hoof van die VOC gestaan.

Hovenier of landman behels die “burger”, wat die stad se ambisies vaarwel toeroep en 'n grondeienaar in die platteland word, maar sy kulturele geheue behou en dus sy “stadsmaniere en stadsgeleerdheid” saamneem plaas toe.

Ideële het betrekking op 'n denkbeeldige entiteit, wat in die gedagtes gevorm word, maar as realisties beleef kan word.

Identiteit bepaal die individu se keuse ten opsigte van sy/haar assosiasie en betrokkenheid al dan nie, by 'n bepaalde groep of samelewing en behels 'n unieke stel eienskappe wat 'n bepaalde persoon of groep mense identifiseer, onder andere, ras, taal, kultuur, voorkeure en geskiedenis.

Ideologie (i) Die wetenskap van idees, ideëleer. (ii) Die beginsels van een of ander idee stelsel. (iii) Die denkbeeldige spekulasie oor allerhande maatskaplike en staatkundige vraagstukke.

Institusioneel behels die skepping en ontwikkeling van 'n instelling, sodat dit 'n gevestigde gebruik of aanvaarde deel van die struktuur van 'n breër organisasie of samelewing vorm.

Joiner dui op 'n Boer/Afrikaner wat vir militêre diens opgeroep is tydens die Tweede Vryheidsoorlog en daarna na die Engelse oorgeloop het en/of inligting of hulp aan die vyand verskaf het.

Justum bellum beteken 'n geregverdigde oorlog.

Kaapse Patriotte was 'n demokraties gesinde, plaaslike revolusionêre en rebelse politieke beweging, wat hoofsaaklik uit middelslagboere in die Kaap, tussen 1778 en 1787, ontstaan het.

Kindergarten is deur Milner saamgestel uit 'n aantal jong Engelse, almal Oxford-gegradueerdes, wat Milner se imperialistiese ideale in Suid-Afrika moes help uitvoer.

Kaapse-Afrikaner het “amptelik” tot stand gekom nadat die Pro-Koloniale-Afrikaner die grondwet van die Afrikaner Bond (1883) aangepas het om die Afrikaner te definieer, waarna die Kolonialers vir die eerste keer die naam “Afrikaner” vir hulself toegeëien en op 'n groot skaal in die Kaap begin gebruik het.

Kolonialer verwys in die algemeen na 'n persoon wat in die Kaapkolonie woonagtig is, in teenstelling met Vrystater, Transvaler en Nataller, maar word ook as sinoniem met Kaapse-Afrikaner gebruik.

Kolonialergesindheid verteenwoordig die gees van die Kolonialer soos gemanifesteer in sy kulturele erfenis, wat gekenmerk word deur die afwesigheid van die strewe na vryheid.

Konfederalisme is 'n stelsel, wat bestaan uit 'n samevoeging van soewereine state waar elke staat die reg het om oor hul eie sake te besluit. Dit verskil van 'n federale stelsel daarin dat by 'n konfederasie individuele state onafhanklik van die sentrale regering is, terwyl by 'n federasie die sentrale regering steeds 'n beduidende invloed uitoefen.

Konformasie is 'n lewensrigting en ingesteldheid wat wesentlik verskillende verskynsels en waardes gelykstel, aanvaar en daarby aanpas.

Konseptuele blok ontstaan wanneer iemand se gedagtes vashaak by 'n sekere siening oor iets. Dis dan moeilik om anders daaroor te dink,

Konsosialisme is 'n vorm van magsdeling, waar groepe binne 'n groter geheel hul eie sake kan beskerm en uitleef.

Kontemporêre-Afrikaner of die hedendaagse **Afrikaner** behels diegene wat hulleself vandag, in die 21^{ste} eeu, Afrikaners noem.

Kosmopoliet is 'n universele Wêreldburger, wat geen unieke nasionalistiese ingesteldheid demonstreer nie.

Kubervolk of 'n virtuele gemeenskap ontstaan wanneer 'n groepering deur middel van elektronika op só 'n wyse organiseer dat alle fasette van volkwees, behalwe grondbesetting, tot stand gebring kan word.

Kulturele nalatenskap/erfenis/geheue kan gesien word as die kultuur, waardes, gewoontes en gebruike, uniek aan die groep waaraan iemand behoort, wat geskep en oorgedra is vanaf die voorgeslagte van die individu of groep. Dit vorm 'n patroon, wat elke individu, sowel as die groep, se optredes en gedrag beïnvloed en bepaal.

Mite ontstaan wanneer daar werklike/reële kulturele en historiese eienskappe en gebeurtenisse bestaan, wat aangewend kan word om 'n kunsmatige en fiktiewe entiteit of geestesinhoud te skep.

Mende is die gedagtes, idees, verstand, intellek, gees, gemoed, binneste, bewussyn, belewenisse, argumente en inspirasies, wat in die mens se brein ontstaan en in Engels met *mind* vertaal word.

Nasie is 'n samevoeging van verskillende kulture of volkere, rasse, of dele van volkere binne 'n bepaalde gesamentlike nasionale grondgebied.

Nasionalisme word geassosieer met liefde vir die eie nasie, vaderlandsliefde, gevoel van nasiebewustheid, 'n gevoel vir die eie land, volk, sedes en taal.

Neo-apartheid is die omgekeerde vorm van die wêreld-veroordeelde apartheid. Tydens apartheid is daar teen gekleurdes gediskrimineer op grond van ras en velkleur. By neo-apartheid word in die NSA teen blankes, veral Afrikaanssprekendes, op grond van hulle ras en velkleur gediskrimineer.

Neo-kolonialisme word beskryf as 'n situasie waar beleggers in die buiteland ekonomiese beheer uitoefen oor 'n land, wat as 'n voormalige kolonie onafhanklikheid verkry het. Dit word ook dollardiplomasie genoem.

Normatiewe benadering behels dat daar ten opsigte van 'n stelling, handeling of situasie wat beskryf word, 'n evaluasie of oordeel gevel word en waarde daaraan toegevoeg word.

Oligargie kan gesien word as die beheer van 'n instelling of staat deur 'n klein groepie mense.

Oranjesmanne was 'n Britsgesinde, antirewolusionêre, antidemokratiese gesinde groep mense in die 18^{de} eeuse Kaap, wat, in dieselfde tyd as die Patriotte, met die gebeure in Nederland geïdentifiseer het.

Pat is 'n posisie in 'n skaakspel waarby die koning geen skuif kan doen sonder om homself skaak te stel nie (in Engels *stalemate*).

Paradigma behels die model, of 'n bepaalde wetenskaplike siening of idee van die werklikheid, wat die basis vorm van 'n wetenskaplike metodologie of teorie of ten opsigte van 'n bepaalde siening of idee en wat gevorm word ten opsigte van 'n bepaalde aanname, of benadering tot iets.

Paradigmaskuif behels die radikale verandering in iemand se basiese aannames of benadering ten opsigte van iets.

Partisie behels dat die land opgedeel word in verskillende gebiede of state.

Patriotisme behels die psigologiese identifisering met die vaderland (of moederland), of daardie geografiese gebied of *patria*, wat 'n persoon as sy of haar tuisland beskou.

Penetrasie is 'n vorm van Kulturele Geweld, waar die dominante party in 'n samelewing sy kultuur op die ondergeskikte party afdwing.

Politieke dinamika vorm 'n onderafdeling of element van politiek en is ingestel op die gedrag of aksies en optredes van politieke rolspelers in die daaglikse lewe.

Politieke geweld is die aksies wat tot gevolg het dat iemand of 'n groep se oorlewing, welsyn, identiteit of vryheid bedreig word.

Postulaat beteken om 'n aanname te maak of voor te stel dat iets bestaan, of aan te neem dat 'n stelling of argument geldig is, sonder dat daar bewyse in plek is. 'n Postulaat kan bewys word en word dan as 'n teorie aanvaar.

Primordialisme dui op die oortuiging dat 'n bepaalde idee of konsep van die begin af bestaan het. So byvoorbeeld kan mense dink dat etnisiteit te alle tye van menslike geskiedenis bestaan het en enige ander menslike interaksie voorafgaan. Dit impliseer dat moderne etniese groepe histories tot in die verre verlede terugstrek.

Pro-Koloniale-Kolonialer is 'n benaming, wat aan die Proto-Afrikaner ná die Groot Trek toegeskryf word, omdat hulle hulleself teenoor die Pro-Republikeinse-Kolonialer geposisioneer het en ook om hulle van die Pro-Republikeinse-Kolonialer te onderskei.

Pro-Republikeinse-Kolonialer behels die agtergeblewenes in die Kaapkolonie tydens en na die Groot Trek, wat positief gesind teenoor die vryheidstrewes van die trekkende Boere was, maar nie sterk genoeg van oortuiging was om saam te trek nie.

Postmodernisme is gebaseer op filosofiese dekonstruksie (aftakeling) en gaan van die standpunt uit dat daar geen grondige standaard vir die beoordeling van feite bestaan nie. In wese word die basis van sistematiese kennis en die gronde vir die bestaande moderne wetenskap, godsdiens, waardes en die geskiedenis bevraagteken en onder verdenking geplaas.

Postuleer beteken om 'n postulaat te formuleer en te stel.

Proto-Afrikaner dui op 'n lid van 'n besondere groep mense van Europese afkoms (hoofsaaklik Hollands, Duits en Frans), wat hulself in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue hoofsaaklik as amptenare, maar ook as ambagsmanne, handelaars en plaasboere, in die Kaapkolonie gevestig het en later as Kolonialers of Kaapse Afrikaners bekend gestaan het.

Proto-Boer dui op 'n lid van 'n besondere groep mense van Europese afkoms (hoofsaaklik Hollands, Duits en Frans), wat hulself in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue as plaasboere, hoofsaaklik as veeboere, gevestig het en daarna gestrewe het om vry en onafhanklik van koloniale onderdrukking te bestaan. Hulle is die latere Boervolk se voorsate.

Ramaforie verwys na die tydelike gevoel van hoop wat ontstaan het nadat Cyril Ramaphosa by Jacob Zuma as president van Suid-Afrika oorgeneem het.

Reënboognasie is 'n fiktiewe en onhaalbare nasionale eenheid, wat volgens Mandela in die Nuwe Suid-Afrika moes ontwikkel.

Regses verwys in hierdie skrywe na die groeperings wat teenoor die NP tussen 1961 en 1994 geposisioneer is. Dit is grotendeels dié groepering wat die kulturele erfenis van die Boer uitleef.

Republikeinsgesind vir hierdie boek is 'n persoon wat onafhanklikheidsgesind, volksgesind, nasionalisties en patrioties is. Dit is die teenoorgestelde as iemand met 'n Kolonialer-gesindheid.

Selfbeskikking is die reg van 'n groep, staat of volk om oor hulle eie lot te besluit en dus oor die politieke mag te beskik om te besluit oor hul eie toekoms, besittings en kulturele waardes te besluit. Dit word dikwels as sinoniem vir selfstandigheid, onafhanklikheid of vryheid gebruik.

Sinchronisme geld wanneer 'n verskynsel bestudeer word op 'n bepaalde oomblik, sonder om rekening te hou met die chronologiese historiese verloop en verband van die situasie of onderwerp. Dit behels in praktyk die saamvoeging van entiteite of gebeure, wat nie chronologies saam hoort nie, asof dit dieselfde tyd plaasvind. (Vergelyk met diachronisme en anachronisme).

Sosiale ingenieurswese behels die doelgerigte, sistematiese en sistemiese georkestreerde proses van sosialisasie van 'n groep of groepe met die doel om 'n sekere resultaat te bereik. In hierdie boek word die term sosiale ingenieurswese in die konteks van politieke sosialisasie gebruik.

Sosialisasie (Politieke-) is die invloed en 'opvoedingsproses' waaraan 'n individu binne 'n bepaalde samelewing en gemeenskap onderwerp word om sy/haar kulturele oriëntasie, politieke oriëntasie, waardes, benaderings, gesindheid, opinies, optredes en identiteit te vorm en te bepaal.

Transformasie is die beleid, wat deur die regering van die NSA sedert 1994 toegepas word om die beweerde “verontregtings van die verlede reg te stel” en behels openlike diskriminasie teen mense op grond van hul velkleur.

Transformatisme behels die ideologie waartydens transformasie toegepas word.

Trekboere behels Proto-Boere, wat die bekende omgewing rondom die Kaap verruil het deur dieper die binneland in te trek op soek na beter en nuwer verblyf en boerdery omstandighede.

Tweede Vryheids- of Engelse oorlog verwys na die oorlog wat die Boerevolk (van die OVS en ZAR) teen Britse koloniale onderdrukkers tussen 1899 en 1902 geveg het. Sommige noem dit verkeerdelik die *Anglo-Boereoorlog*.

Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) was 'n Nederlandse federasie van stedelike handelskamers, wat betrokke was in die Asiatiese koophandel en waarin Amsterdam 'n oorheersende aandeel gehad het.

(Die) Vierkleur was die amptelike vlag van die ZAR of *Zuid-Afrikaansche Republiek*, wat 'n internasionaal erkende republiek van die Boerevolk was. Die vlag van die OVS is ook as 'n vierkleur bestempel.

Volk verwys na 'n groep mense of samelewing wat ontwikkel het en saamgebind is as 'n sosiale eenheid, voortspruitend uit gesamentlike blyplek, ras, gebondenheid aan 'n staat, oorerflikheid, taal, kultuur, godsdiens, gewoontes en tradisies, dikwels gekoppel aan volksisme, nasionalisme, patriotisme en 'n strewe na onafhanklikheid.


Volksisme is daardie sentiment van 'n groep mense, wat as 'n volk gedefinieer kan word, wat saamleef, dieselfde taal praat, 'n gedeelde godsdiens, gemeenskaplike instellings, tradisies, gewoontes en geskiedenis het, waar nasionale helde vereer word, terwyl die groep 'n gemeenskaplike wil vir sosiale samehörigheid koester. Hierdie term word ook as 'nasionanisme' gesien.

Voortrekker is 'n naam wat aan die Boere wat aan die Groot Trek deelgeneem het, gegee is.

Vryburgers is aanvanklik diegene wat as amptenare van die VOC in 1657 van normale "Kompanjiegeld" *vrygestel* en die geleentheid gebied is om te gaan boer.

Wieg van die Boervolk behels die gebied waaruit die oorgrote meerderheid deelnemers aan die Groot Trek afkomstig is. Dit behels hoofsaaklik die distrik van Graaff-Reinet, wat die volgende plekke insluit: Graaff-Reinet, Somerset-Oos, Cradock, Middelburg, Colesberg, Steynsburg, Tarka, Albert, Bathurst, Albany, Alexandrië, Uitenhage, Prins Albert, Willowmore, Jansenville, Aberdeen, Beaufort-Wes, Murraysburg, Richmond en Hanover.





INLEIDING en BEGRIPSBESPREKING

Die Afrikaner van die 21^{ste} eeu is 'n verdeelde en identiteit-verwarde groep mense.

Die verdeeldheid is tydens die Senekal hofsak^[1] op 16 Oktober 2020 duidelik gedemonstreer toe drie groepe “Afrikaners”, wat op die EFF se uitdaging gereageer het, geïdentifiseer kon word. Die een groep was bereid om die uitdagers in die oë by die hof in Senekal te kyk, die ander groep het buite op 'n plaas hul “mag” gedemonstreer, terwyl die meeste by die huis gebly het.^[2] Toegegee, baie kon om aanvaarbare redes nie Senekal toe gaan nie en daar is dalk goeie redes hoekom sekeres op die plaas byeengekom het, maar die drie groepe is 'n praktiese demonstrasie van die verdeeldheid en selfs die verwardheid ten opsigte van identiteit, visie en missie van die hedendaagse Afrikaner.

Die verwardheid oor identiteit weerklink in die ewige *Boer-Afrikaner debat*, wat soms klink soos 'n “*standerd-een: is-isnie*” gestry. Daar bestaan min wetenskaplike bronne om die *is-groep* of die *isnie-groep* te ondersteun of om die twee groepe sinvol te vergelyk. Hierdie boek gaan poog om die debat wetenskaplik te ontleed, sodat die leser self kan besluit of hy/sy 'n Boer of 'n Afrikaner is. Soms kan die ontleding baie akademies (en vervelig) klink, maar dit is ongelukkig nodig om die onderwerp 'n wetenskaplike basis te gee. Verwysings om stellings te staaf, word ook volgens 'n gewysigde Harvard metode, bygevoeg. Die inhoud is op my Magister verhandeling (dissertasie) oor die ontwikkeling van Afrikaneridentiteit gebaseer (Pretorius 2021).

Die verhaal van die Afrikaner en die Boer begin in Europa en word stapsgewys gevolg tot vandag. Om vandag se verdeeldheid en identiteitsgroepeerings te probeer verstaan, vra gerus vir jou buurman, of

buurvrou, *aan watter volk hulle behoort*. Verwag uiteenlopende antwoorde. Die moontlike antwoorde word in Hoofstuk 1 bespreek.


Om hierdie verwarring te ondervang maak ek, waar van toepassing, gebruik van die term: *Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu* en gebruik die afkorting *BASA21* daarvoor.

Om die Politieke Dinamika^[3] tussen die groepe wat by BASA21 betrokke is te verstaan, word die voorsate of die mense en groepe waaruit BASA21 ontstaan het eers gedefinieer. Die verskillende groepe se ontstaan, ontwikkeling, agtergrond, huidige eienskappe en interaksie word in besonderhede ontleed. Om die ontwikkeling prakties te verduidelik, word die ontwikkeling van identiteit in ses fases ingedeel. Die fases word in Figuur I uitgebeeld en volledig in Hoofstuk 4 bespreek.


As deel van die inleiding en om almal op dieselfde bladsy te bring, word sekere terme, soos volk, nasie, nasionalisme, identiteit en 'n paar meer akademiese terme, eers verduidelik.

Verder word die boek in vier dele ingedeel. Deel I ondervang die samestelling van BASA21. Deel II beskryf die historiese ontwikkeling van die voorsate en totstandkoming van die Afrikanernasie. In Deel III word die eienskappe van die Afrikanernasie van die 20^{ste} en die 21^{ste} eeu bespreek. Deel IV bied moontlike oplossings vir die uitdagings waarvoor BASA21 te staan kom aan.

Belangrike terme, wat in die boek gebruik sal word, word nou eers kortliks bespreek. Dis baie teoreties en kan oorgeslaan word, maar is tog nodig om die geheel in konteks te bring en te verstaan.



Figuur I: Die historiese fases waardeur Afrikaner-identiteit ontwikkel het (Pretorius 2022a:17).



BESPREKING VAN BEGRIPPE

Identiteit, volk, volksisme, nasie en nasionalisme

Aristoteles het gesê dat die mens in wese 'n 'politieke dier' is en nie volledig 'mens' is as hy nie aan 'n sosiale gemeenskap behoort nie (Gaarder 2007:115). Die keuse wat iemand in die verband uitoefen, bepaal in 'n groot mate sy of haar identiteit.

Identiteit speel 'n belangrike rol in elke individu se lewe. Yuval Noah Harari (2015:195-196) stel in sy boek, *Sapiens a brief history of humankind*:

Evolution has made Homo sapiens, like other social mammals, a xenophobic creature. Sapiens instinctively divide humanity into two parts, 'we' and 'they'. We are people like you and me, who share our language, religion and customs. We are all responsible for each other, but not responsible for them. We were always distinct from them, and owe them nothing. We don't want to see any of them in our territory, and we don't care an iota what happens in their territory.

Cleary (2019:6) konstrueer verhoudings of genetiese bande tussen mense as volg:

Genetic bonds can be visualized as a series of concentric circles. At the very center is immediate family. Moving outwards from the center we come to extended family, clan, tribe, ethnicity, and race (Figuur II).

Die mens se keuse ten opsigte van "ons" en "hulle" vorm die basis van die mens se identiteit en is 'n natuurlike uitvloeisel van die menslike natuur. Identiteit word gewoonlik deur 'n proses van politieke sosialisasie in elke individu se mende^[4] ingeprent.

Politieke sosialisasie kan gesien word as die invloed en opvoedingsproses waaraan 'n individu binne 'n bepaalde samelewing en


gemeenskap onderwerp word om sy/haar kulturele oriëntasie en identiteit te vorm en te bepaal.

Daar bestaan ook 'n genetiese komponent, wat waarskynlik 'n belangrike rol by die bepaling van iemand se identiteit speel. Dit word later onder die kulturele geheue meer volledig bespreek (p 53; Gladwell 2008:175). Identiteit bepaal die individu se keuse ten opsigte van sy/haar assosiasie en betrokkenheid al dan nie by 'n bepaalde groep of samelewing.

Diegene wat deel van die 'ons' vorm, neig tot kohesie, groeppvorming binne gemeenskappe en uiteindelik tot sosiale, kulturele en politieke bewuswording. Degenaar (1987:233) wys daarop dat sosiale, kulturele en politieke bewuswording onderskeidelik lei tot 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn. In die proses vestig identiteit, wat verder deur ideologie bevorder word (Figuur III). Volksidentiteit lei nie noodwendig tot nasionale identiteit nie en kan onafhanklik in volksnasionisme, soos binne die voormalige Boererepublieke, of in 'n nasie (nasionale identiteit) soos in die VSA ontwikkel.

Die bindingskrag van die verhoudings binne die 'ons-netwerk' is die sterkste in die sentrum en taan (byvoorbeeld ten opsigte van etnisiteit en ras) dienooreenkomstig na buite. Die verduideliking van 'n progressie van groeperings vind volgens Carneiro, soos daarna verwys in Haas (1990:10-11), veral plaas weens die mededinging om hulpbronne tussen groepe ('ons' en 'hulle'). Dit noep kleiner groepe om groter groepe (binne die geledere van 'ons') te vorm om sodoende 'n sterker mededingingsfaktor teen 'hulle' te kan wees. Die groepe word deur Carneiro, soortgelyk aan Cleary, hiërargies geklassifiseer as: "*The states, from the least to the most hierarchical social organization, are the band, the autonomous village, the tribe or confederacy, the chieftdom, and the state.*"


Identiteit kan gedefinieer word as die *sosiale, kulturele en politieke bewuswording* van mense gebaseer op *ooreenkomste*, wat lei tot die bevordering van *verhoudings* en *bondgenootskappe* (die totstandkoming van 'ons'). Dit kan uiteindelik lei tot 'n *groepsbewussyn* (byvoorbeeld godsdiensgroepe), *volksbewussyn* (byvoorbeeld die Boervolk) en *nasionale bewussyn* (byvoorbeeld die Afrikanernasie). Dit lei tot die bespreking van die terme *volk*, *volksnasionisme* en *nasie* (Pretorius 2021: Hoofstuk 2.4.2). Die totstandkoming van **identiteit** word skematies in Figuur III uitgebeeld.



Figuur II: Genetiese bande word volgens Cleary (2019:6) deur konsentriese sirkels voorgestel. Hoe nader aan die sentrum, hoe sterker die bande.

AKADEMICI BETROKKE by Politieke Wetenskap verskil oor die betekenis van die term *nasie* en gebruik dit dikwels as sinoniem wanneer daar na 'n *volk* verwys word. Die term '**volk**' is uniek tot die Dietse volkere en is 'n kulturele konsep, wat verwys na 'n groep mense of samelewing, wat ontwikkel het en saamgebond is as 'n sosiale, kulturele en politieke eenheid. Degenaar (1987:239) beskryf 'n volk as 'n "kulturele konsep [wat] verwys na 'n groep mense met 'n gemeenskaplike lewenstyl en 'n kontinuïteit van ervaring wat gegrond is op 'n gemeenskaplike land, afstamming, verlede, tradisie, gewoontes, taal, godsdiens, sosiale organisasies en politieke ideaal." By die ontwikkeling van die Boervolk, word die vryheidstrewer, onder andere, in die vorm van volksisme^[5] of republikenisme, voortdurend

vooropgestel en sal tydens die verskillende ontwikkelingsfases van Afrikaneridentiteit uitgelig word.



Figuur III: Die ontwikkeling van identiteit en ideologie gebaseer op Degenaar (1987:233).

’N **Volk** word gewoonlik gekoppel aan ’n gevoel van nasionalisme, ’n strewe na onafhanklikheid en patriotisme.^[6] In Engels word die term ‘*a people*’ asook ‘*nation*’ gebruik (Labuschagne *et al* 2001:108-111). Die Engelse term *nation* skep egter verwarring in Afrikaans, omdat *nasie* nie dieselfde betekenis as *volk* in Afrikaans het nie.

Degenaar (1987:239) onderskei, onder andere, tussen volk en nasie en stel dat:

Volk en nasie kan as kulturele en politieke konsepte onderskei word. As politieke konsep verwys ’n nasie na ’n volk as kultuurgemeenskap wat bewus geword het dat soewereiniteit in hulself geleë is en gevolglik daarna strewe om hulself in ’n (nasionale) staat te organiseer.

‘**Nasie**’ behels ’n wyer begrip as *volk* en het in twee rigtings ontwikkel, naamlik ’n territoriale konsep en ’n kulturele konsep (Breytenbach 1987:198). Die kulturele konsep word deur die term *volk* ondervang, terwyl die territoriale konsep meer dui op ’n breër politieke begrip en aan die begrip *nasie* gekoppel kan word. Hiervolgens kan ’n Suid-Afrikaanse nasie byvoorbeeld saamgestel word uit volkere van verskillende groepe, rasse en

etniese samestellings. Op dieselfde wyse kan geredeneer word dat die Afrikanernasie saamgestel is uit die Kaapse Afrikaner (Kolonialer) en die Boer.

‘**Volksnasionanisme**’ behels volgens Degenaar (1987:239) ’n “vorm van nasionalisme waarin die groep mense wat die hoogste politieke lojaliteit aan die nasie (nasionale staat) laat toekom, hulself sien as ’n volk met kulturele eienskappe wat eksklusief is ten opsigte van ander volke.” Dit behels dat in ’n homogene samelewing die volk, wat in die internasionale arena intree, se nasionale bewussyn gelyk is aan volksbewussyn. Die OVS en die ZAR kon aanvanklik kwalifiseer vir die term volksnasionanisme, maar is spoedig oorweldig deur volksvreemde elemente. In heterogene lande word die term ‘nasie’, soos in die VSA of soos tans in Suid-Afrika, gebruik om die konglomeraat te beskryf (Pretorius 2020).

Veral vanaf die dertigerjare (20^{ste} eeu) word Afrikanernasionalisme as ideologie vir die paradoksale Afrikanervolk gepropageer. Hier vind ’n mate van verwarring plaas aangesien die term nasionalisme (soos reeds gemeld) op ’n groter geheel of nasie kan dui.

Teenoor volk word ’n nasie dus gesien as ’n samevoeging van verskillende kulture of volkere, of dele van volkere binne ’n bepaalde gesamentlike grondgebied. Gerhard Smith (2017) maak die stelling dat *ras* ’n biologiese begrip, *volk* ’n kulturele begrip en *nasie* ’n politieke begrip is. Dit pas in by Degenaar se siening (Figuur III). Volgens advokaat Lourens Joubert (2017) word *nasie* en *volk* in die verlede dikwels in die skryftaal verkeerdelik aangewend en behoort die leser as gevolg van die versuim om konsekwent te onderskei in die verlede, elke situasie met versigtigheid te oorweeg om sodoende te bepaal wat die betrokke skrywers werklik in gedagte het.

Die term **nasionalisme** word deur Labuschagne (2001:107) beskryf as daardie sentiment van ’n groep mense wat saamleef, dieselfde taal praat en ’n gedeelde godsdiens, gemeenskaplike instellings, tradisies, gewoontes en geskiedenis het en waar nasionale helde vereer word, terwyl die groep ’n gemeenskaplike wil vir sosiale samehorigheid koester (*vertaal en verkort). Hierdie beskrywing reflekteer ook op ’n volk, maar verskil in die sin dat ’n volk nie uit verskillende rasse of etniese groeperings bestaan nie.

Die term nasionalisme is gevolglik van toepassing wanneer die samehorigheid van ’n volk beskryf word. Die term *volksisme* is egter meer

van toepassing by die Boer en is meestal van toepassing wanneer in hierdie boek na *nasionalisme* verwys word.

Volksisme is daardie sentiment van 'n groep mense, wat as 'n volk gedefinieer kan word, wat saamleef, dieselfde taal praat en 'n gedeelde godsdienst, gemeenskaplike instellings, tradisies, gewoontes en geskiedenis het en waar nasionale helde vereer word, terwyl die groep 'n gemeenskaplike wil vir sosiale samehorigheid koester.

In die akademiese literatuur heers ook verwarring oor die Boer en Afrikaner in terme van volk en nasie. Die Afrikaner en die Boer word soms as 'n volk voorgehou en soms as 'n nasie, terwyl baie akademici die twee benamings (dikwels) as sinonieme voorhou. Hierdie verwarring en onsekerheid ten opsigte van identiteit is dikwels onderliggend tot bittere twis en tweedrag, wat soos 'n goue (doring?) draad dwarsdeur die geskiedenis voorgekom het. Anna Barry het as jong dogter 'n dagboek tydens die Tweede Vryheidsoorlog[7] gehou. Sy verwoord die verskillende identiteite wat sy waarneem ná die oorlog deur op 13 Januarie 1903 te stel (Barry 2016:167):

[O]ns samelewing [sal] dus nog ingewikkelder gemaak word. Nou sal daar wees “Wilde Boere”, “mak Engelse”, “vlugteling”, “Khaki-boere”, “hensoppers”, “krygsgevangenes” en “Engelse Khaki's”.

Akademici kon nie daarin slaag om hierdie tweedrag en die verskillende kampe, wat steeds onder BASA21 bestaan, te definieer en te ontleed nie. Hierdie onsekere identiteit vorm die kern van 'n probleem waarvan die oorsake van die tweedrag onder die loep geneem moet word, alvorens daar enigsins na 'n oplossing vir die voortbestaan van BASA21 gekyk kan word.

As voorbeeld van die onsekerheid van akademici oor die aanwending van volk en nasie, asook die kunsmatige samevoeging van die twee entiteite, kan Floors van Jaarsveld (1980b:228) aangehaal word, wat die “Afrikanervolk” (verkeerdelik) as “inklusief” en as volg voorstel:

In die wortel was hulle een nasie wat nie deur die Oranjerivier van mekaar geskei kan word nie. Nie net 'n groter Afrikanervolk is ontdek nie, maar ook 'n gemeenskaplike vaderland en toekoms. Telkens is daar van ‘*Afrikanerdom*’ en van ‘*Afrikaanderisme*’ gewag gemaak [*my beklemtoning^[8]].

Van Jaarsveld, wat in die algemeen as akademikus hoog aangeslaan word, is duidelik self onseker in die aanwending van volk en nasie en maak hier geen onderskeid tussen die Boer en die Kolonialer nie. 'n **Kolonialer**

verwys in die algemeen na 'n persoon wat in die Kaapkolonie woonagtig is, teenoor 'n Vrystater, Transvaler en Nataller. Dit het egter 'n dieper betekenis aangesien dit gekoppel word aan die Kaapse Afrikaner en aan verskeie ander sinonieme en word later in meer besonderhede verduidelik.

Die ontstaan van identiteit

DAAR BESTAAN VERSKEIE teorieë wat die ontstaan van identiteit verklaar. Die volgende gedeelte is 'n samevatting van 'n gedeelte uit 'n MA-verhandeling deur die skrywer. Die volgende teorieë is belangrik en sal kortliks verduidelik word (Pretorius 2022a:60-66): Die totstandkoming van 'n *Verbeelde Gemeenskap*, die rol van die *Kulturele Entrepreneur*, die uitwerking wat *oorlog en konflik* op 'n groep mense het, die *Sosiale Fenomenologie-teorie* en die rol van die *Simboliese Interaksie-teorie*.

Verbeelde gemeenskap

'N NASIE OF VOLK WORD as 'n “verbeelde politieke gemeenskap” uitgebeeld “*because the members of even the smallest nation will never know most of their fellow-members, meet them, or even hear of them, yet in the minds of each lives the image of their communion*” (Anderson 2006:5-7; Harari 2015:362). Hoewel die teorie na 'n “verbeelde gemeenskap” verwys, verwys die verbeelde werklikheid nie na 'n leuen nie. Harari (2015:31) verwoord dit as: “*Unlike lying, an imagined reality is something that everyone believes in, and as long as this communal belief persists, the imagined reality exerts force in the world.*”

Binne die ontwikkelingsfases van Afrikaner-identiteit is die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap van toepassing op die Fase 3-ontwikkeling van die Boervolk gedurende die 19^{de} eeu, asook in die 20^{ste} eeu tydens Fases 4 en 5 met die ontstaan van die Afrikanernasie. Tydens die ontwikkeling van die Boere as 'n volk, glo of verbeel die trekkende Proto-Boere hulleself as 'n groep wat deur God uitgesonder is en beskerm word. Hierdie ingesteldheid word deur die sosiale ingenieurs aan die begin van die 20^{ste} eeu beklemtoon.

Deist (2002:73) argumenteer dat die eerste stap om die nuwe, “fiktiewe All-Afrikanerdom-eenheid” tot stand te bring, was om ideologieë, volkstradisies en die historiese gebeure wat in die geheues van die uiteenlopende groepe geleef het, met ander woorde die onderskeie kulturele

geheues van die Boer en die Kaapse Afrikaner, saam te voeg en te herinterpreteer. Sodoende kry dit “nasionale betekenis” sodat die Afrikaner in die verbeelding (mende) van die mense tot stand kon kom.

Die teorie van ’n Verbeelde Gemeenskap is dus van toepassing en van waarde om die vorming van die *Boervolk*, sowel as die groter *Afrikanerdom* en later op die *blankedom*, wat in die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, asook op die futiele pogings om ’n *reënboognasie* tot stand te bring, beter te verstaan.

Die rol van die Kulturele Entrepreneur

BY DIE TEORIE VAN DIE Kulturele Entrepreneur is die rol van die sosiale ingenieur baie belangrik. Sosiale ingenieurs, veral wanneer hulle ’n posisie van mag as deel van die owerheid beklee, oefen as kulturele entrepreneurs invloed uit op groter groeperings, soos etniese groepe en volkere. Die kulturele entrepreneurs kan ook deel van ’n groep se leierskorps vorm.

Om die teorie van die Kulturele Entrepreneur te verstaan, moet onderskei word tussen die kulturele nasionalis en die politieke nasionalis. Hierdie twee standpunte word beskou as die klassieke konfrontasie, wat dikwels in die geskiedenis van nasionale bewegings herhaal word. Die kulturele nasionalis poog om die nasionalisme van binne die groepsbewussyn op te bou, terwyl die politieke nasionalis die politieke weg volg en glo “*that only through the exercise of self-determination as citizens of an independent state could individuals find dignity*” (Hutchinson 1987:1-2). Die verwesenliking van selfbeskikking geskied dan, volgens die politieke nasionalis, deur die skep van ’n *gesentraliseerde politieke masjien*, wat die diverse samestelling van die nasie in ’n massabeweging mobiliseer.

Dink aan die NP. Dit is insiggewend om daarop te let dat die stryd om die verkryging van “nasieskap” in die moderne wêreld telkens deur die opkoms van kulturele nasionaliste voorafgegaan word (Hutchinson 1987:2). Die Boer, asook die konserwatiewe groep van die GRA het hier ’n belangrike rol gespeel en sal later in meer besonderhede bespreek word.

Alhoewel die einddoel van ’n onafhanklike staat kan ooreenstem, gebeur dit dikwels dat kulturele nasionaliste en politieke nasionaliste teen mekaar werk. Die kulturele nasionalis bied dikwels weerstand teen die strewe van die politieke nasionalis se pogings en beleid om ’n groter (politieke) nasie of

nasionale eenheid tot stand te bring (dink aan die Afrikaner), aangesien kulturele selfbeskikking en “volkseenheid” vir die kulturele nasionalis vooropgestel is (dink aan die Boer). Die kulturele nasionalis steun op ’n historiese geheue, eerder as (net) taal as sodanig (dikwels deur die politieke nasionalis) en steun op die oorvertel van mites, legendes en volksverhale (Hutchinson 1987:9).

Vergelyk as modelle, die Baske in Spanje en die Koerde in die Midde-Ooste, wat kulturele onafhanklikheid binne ’n groter politieke geheel nastreef. Die *Boervolk* in Suid-Afrika streef ook na kulturele onafhanklikheid en vryheid. Die Boere het wel politieke entiteite, naamlik republieke opgerig, maar het eers ’n etniese herlewing, ’n volksverhuising (die Groot Trek) teweeggebring (vergelyk Hutchinson 1987:3, 9). By die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit kan in die algemeen gestel word dat die Boer, wat eerstens *kulturele* bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit ontwikkel het, telkens as *kulturele nasionalis* na vore getree het, terwyl die Kaapse Afrikaner, wat meer geneig was tot *sosiale* bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, met betrokkenheid by ekonomiese en politieke groeperings, as *politieke nasionalis* gekenmerk kan word.

Tydens die finale samevoeging en vorming van die Afrikaner in die 20^{ste} eeu, is klem gelê op die mites, legendes en geskiedenis van die *Boervolk* en het die kulturele nasionalis, soos Hutchinson (1987:2) beweer, die politieke nasionalis voorafgegaan.

Konflik en oorlog bevorder groepsbewussyn

DIE KONFLIK EN OORLOG-teorie behels dat konflik, veral gepaardgaande met beide defensiewe en offensiewe aksies, aanleiding gee tot konsolidasie en groepvorming. Dit bevorder verhoudings en solidariteit tussen kleiner groepe en kan tot die vorming van groter groepe lei (Haas 1990:10, 173).

Keeley (1996) omskryf *oorlog* in sy boek *War before Civilization*. Hy stel dat gewapende konflik, voor of sonder die geskiedkundige dokumentering daarvan, *per se* as oorlog bestempel kan word – onafhanklik van die omvang daarvan. Strooptogte wat tussen stamme en bevolkingsgroepe in Afrika plaasvind, is dus per definisie oorlog. Keeley (1996:x) maak die volgende stelling ten opsigte van oorlog: “*Warfare – the*

armed conflict between societies – whether its scale is large or small ... leaves very enduring effects.”

Haas (1982:61) stel dat: *“In the face of external conflict, social groups voluntarily came together and submitted to a governing authority in order to gain the military and economic benefits of centralization.”* Die voortdurende konflik waaraan die Trekboere blootgestel was, het sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook sentralisasie en die totstandkoming van orde-reëlins onder die betrokkenes tot gevolg gehad. Dit het verder gelei tot die vorming van strukture soos die kommandostelsel en ander sosiale strukture, wat meegewerk het tot groepsbewussyn en identiteit.

Die bedreiging, konflik, of oorlog gee dan aanleiding tot saamhorigheid en groeppvorming, sentralisasie en orde-reëlins binne groepsverband. Hierdie saamhorigheid kan tussen verskillende “verbeelde gemeenskappe” plaasvind, maar kan ook bande en strukture binne ’n reeds bestaande “verbeelde gemeenskap” versterk.

Die konflik tussen die koloniale regering en die Trekboere, met die toepassing van kolonialisme aan die Oosgrens tydens Fases 2 en 3, het bygedra tot groeppvorming by die Boere, asook saamhorigheid en die vorming en ordening van groter groepe, wat daarna uit die Kolonie getrek het (Muller 1979:133; Van Jaarsveld 1959:17). Die Konflik en Oorlog-teorie verklaar hierdie verskynsel, wat tot die Groot Trek aanleiding gegee het. Die teorie verklaar ook hoe die bevordering van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit by die ervaring van konflik ontstaan. Konflik was voortdurend teenwoordig by die Proto-Boere en latere Boere en verset teen die geweld en bedreigings waaraan hulle in die 1830’s aan die oosgrens asook tydens die Groot Trek blootgestel is, was deel van hulle bestaan (Wiid 1968:20).

Die Konflik en Oorlog-teorie dra by tot die verstaan van hoe die Proto-Boer aan die Oosgrens, maar veral die trekkende Boere tydens die Groot Trek, weens die voortdurende bedreigings, gevare, konflik en oorloë, ’n vorm van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit ontwikkel het, terwyl die ontwikkeling van ’n groepsbewussyn en identiteit by die Kaapse Afrikaner ontbreek het (Van Jaarsveld 1959:23). Die aanhoudende gevaar/konflik/oorloë het tot saamhorigheid van/tussen “ons” in ’n groepsbewussyn ontwikkel, wat uiteindelik tot die ontwikkeling van ’n

volksbewussyn, nasionale bewussyn en staatsvorming gelei het (Van Jaarsveld 1980b:221-222).

Die Konflik en Oorlog-teorie verklaar ook die effek wat die Eerste Vryheidsoorlog en die Tweede Vryheidsoorlog en die toepassing van die beleid van imperialistiese kolonialisme deur die Britse regering tydens en na die oorlog, op die ontwikkeling van 'n groepsbewussyn by die Afrikanerdom gehad het.

Sosiale Fenomenologie-teorie

DIE SOSIALE FENOMENOLOGIE-teorie aanvaar dat die samelewing 'n menslike konstruksie of samestelling is. Die teorie behels die studie van formele strukture waaruit die samelewing bestaan (Blignaut 2019). Die teorie van Sosiale Fenomenologie kan verstaan word as die vorming van groter strukture deur sosiale interaksie en kommunikasie van individue en kleiner groepe wat met mekaar assosieer. Kleiner entiteite, soos die familie, groei om by groter groeperings in te skakel, om later binne groter eenhede en uiteindelik in staatsverband te manifesteer (Haas 1990:10). Die strukture en aksies, soos deur Carneiro (Haas 1990:10), Garfinkel en Schutz gedokumenteer, vind tydens die sosiale organisering en ontwikkeling van die Boer op pad na staatskap, net onder ander benamings plaas. Die groepe kan as huisgesinne, familie-groepe, laers, trek-groepe, 'n hooflaer en republiekvorming (staatsvorming) onderskei word.

Hierdie stappe vind nie by die Kaapse Afrikaner plaas nie en verklaar verder die onderskeid wat tussen die twee groepe getref kan word. Die sosiale ingenieurs rig wel aan die begin van die 20^{ste} eeu uiteenlopende strukture op om Afrikanernasionalisme en Afrikanereenheid te bevorder.

Die teorie van Sosiale Fenomenologie dra in hierdie studie by tot die verstaan van die oprigting van strukture wat bygedra het tot die ontwikkeling van groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn by die Afrikaner, met gevolglike ontwikkeling van groeps-, volks- en nasionale identiteit.

Die Boer het telkens Republieke, kommando's en ander plaaslike strukture opgerig en verteenwoordig volgens die teorie van Sosiale Fenomenologie die ontwikkeling van identiteit.

Simboliese Interaksie-teorie

DIE SIMBOLIESE INTERAKSIE-teorie is toegespits op die simboliese betekenis van die verhoudings wat tydens die proses van sosiale interaksie tussen rolspelers ontstaan. Die teorie verduidelik hoe individue deur simboliese interaksie en assosiasie deel van die groter groep of geheel (met identiteit) word.

Volgens die Simboliese Interaksie-teorie word belangrike gebeurtenisse, wat in die samelewings plaasvind, ontleed deur subjektief daarna te kyk. Die simboliese betekenis van objekte en gebeure word beklemtoon en gekoppel aan die mense se optrede ten opsigte van *wat hulle glo* en is nie noodwendig op die “objektiewe waarheid” gegrond nie (Blignaut 2019). Die teorie verduidelik hoe groepe individue die waarneming en ervaring van sekere objekte, gebeure en verskynsels as simbolies van toepassing op die groep, asook op elke individu binne die groep, ervaar en interpreteer. Simboliese interaksie en gemeenskaplike benadering ten opsigte van gebeure en objekte lei tot saamhorigheid, sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit tussen individue en groepe. Vergelyk die Slag van Bloedrivier wat simbolies as ’n kerngebeurtenis van die Boervolk beskou word. Tot vandag toe word die rol van die Geloofte en die Slag van Bloedrivier as simboliek in die totstandkoming van die *Boervolk* se identiteit gekoppel. Die vestiging van mites en die rol van rites by die vestiging van ’n groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn speel derhalwe ’n belangrike rol (Du Toit 2019b:75).

Gevolgtrekking en kommentaar

DIE TEORIEË WAT HIER bo bespreek is, vorm die kern van die analitiese raamwerk wat as grondslag vir die verduideliking van identiteitsvorming by ’n volk dien. By al die fases van die ontwikkeling van die Boervolk, het hierdie teorieë ’n rol gespeel, sodat met reg gestel kan word, dat die Boer as volk tot stand gekom het. Aan die ander kant het die Kaapse Afrikaner slegs tydens die GRA se bedrywighede aan ’n teoretiese basis om as groep te kwalifiseer, voldoen. Aan die begin van die 20^{ste} eeu, tydens die toepassing van sosiale ingenieurswese, het die Afrikanernasie aan verskeie van die teorieë voldoen en kan met reg gestel word dat die Afrikaner deur die samevoeging van die Kaapse Afrikaner en die Boer tot stand gekom het.

Weens die uiteenlopende kulturele geheues, het die samesmelting egter onvolledig plaasgevind en sit ons vandag met 'n verdeelde Afrikanernasie.

Keuses en paradigmas

IN DIE HUIDIGE SUID-Afrikaanse omstandighede, moet 'n lid van BASA21 besondere keuses maak. Elke persoon het drie opsies om te oorweeg. Dieselfde ontleding wat die Amerikaner, Will Robberts, in sy boek *The White Tribes: Flee, plea or be free*, ongeveer dertig jaar gelede uitgespel het, geld steeds. Hy het die drie opsies gestel, naamlik: om te emigreer (*flee*), om te konformeer (*plea*) of om vry te wees (*be free*).

In hierdie boek word na die laaste opsie gekyk, naamlik: 'om vry te wees.'

Drie keuses
• Om te emigreer (<i>Flee</i>) • Om te Konformeer (<i>Plea</i>) • Om Vry te wees (<i>Be free</i>)

Die bestaande paradigma^[9] oor die Afrikaner

DIT WORD “ALGEMEEN aanvaar” dat die Afrikaner 'n homogene groep is en ontstaan het as gevolg van en ná 'n “volksplanting” wat in 1652 plaasgevind het (Coetzee 1968:119). Verder word alle gebeure (geskiedenis) met die Blankes, wat deur die verloop van die afgelope 370 jaar in Suid-Afrika plaasgevind het, aangebied asof dit slegs op die Afrikaner van toepassing is. Die enigste tydvak waar die Boer in die geskiedenis genoem word, is die era van die Boererepublieke en veral die gebeure tydens die “Anglo-Boereoorlog”. Die term “Boer” word hier dikwels as sinoniem met “Afrikaner” gebruik. Vóór en ná hierdie era “verdwyn” die term Boer uit Afrikaner-geskrifte en word dit weens die heersende paradigma selde gebruik. Hierdie paradigma word as die geldende mening gehandhaaf en het 'n konseptuele blok^[10] gevorm (Deist 2002:78).

Hierdie benadering of paradigma word uitgedaag en 'n nuwe paradigma word gepostuleer.

Die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu is nie 'n
homogene groep of volk nie

DIE NUWE PARADIGMA (paradigma-skuif)^[11] postuleer^[12] dat die “Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu” (BASA21) nie 'n homogene groep of volk is nie. BASA21 het vanaf die tyd toe Jan van Riebeeck in 1652 in Suid-Afrika voet aan wal gesit het tot vandag toe deur verskillende fases ontwikkel, waartydens twee unieke groepe, naamlik die Koloniale en die Boer, ontstaan het. Die nuwe paradigma postuleer verder dat die twee groepe deur 'n proses van sosiale ingenieurswese^[13] kunsmatig saamgevoeg is om die Afrikaner tot stand te bring, maar dat hierdie proses onvolledig was. Dit het tot gevolg dat die twee groepe vandag (in die 21^{ste} eeu) steeds apart aangedui kan word.

Om die nuwe paradigma te verstaan en te vorm, moet die onderskeid tussen die twee groepe ontleed word en in die besonder gekyk word na die unieke rol wat die Boerevolk in die geskiedenis gespeel het. Daar bestaan tans geen akademiese werk wat die geskiedenis vanuit die uitgangspunt van die moderne Boer benader nie en daar word met hierdie boek gepoog om dié gaping te vul.

Die oplossing vir BASA21 se voortbestaan

WANNEER NA DIE OPLOSSING vir die voortbestaan van BASA21 verwys word, word terme soos die *oplossing*, *vryheidspad*, *vryheidstryd* en *vryheidstrewes* in die verband gebruik. Die staatkundige model word ondersoek en die verskillende “voertuie en roetes”, wat aangewend kan word om die oplossing te fasiliteer, word uitgespel.

Die staatkundige model

OM BY 'N OPLOSSING UIT te kom, word gekyk na 'n staatsvorm waarbinne BASA21 'n kans op oorlewing het. Daar bestaan nie tans 'n

ideale staatsbestel wat die komplekse samelewing van Suid-Afrika kan huisves nie. Verskillende voorstelle, wat deur, onder andere, internasionale politieke kenners tydens die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) op die tafel geplaas is, word ontleed en riglyne vir 'n moontlike oplossing word gepostuleer.

Voertuie en roetes

OM DIE DOELWIT EN OPLOSSING te bereik is dit noodsaaklik dat daar voertuie in plek moet wees om 'n rol te speel op die terreine van taal, kultuur, partypolitiek, burgerregte, vakbondwese, veiligheid, onderwys, regsaspekte en die volkswese. Bestaande organisasies mag geskik wees om 'n rol in die oplossing te speel en word in Hoofstuk 16 onder die loep geneem. Om 'n wesentlike rol op die vryheidsroete te kan speel, sal die bestuurders van geskikte bestaande voertuie bereid moet wees om die nuwe paradigma te aanvaar. Verder moet aanvaar word dat daar nie 'n enkel voertuig is wat ál die rolle kan vervul nie. Daar ontbreek tans 'n toegewyde volksgesentreerde voertuig en behoort dringend tot stand gebring te word.

'n Gesamentlike strategie


DIT IS MOEILIK EN 'N uitdaging om leiers op die verskillende terreine sover te kry om saam te werk aan 'n gesamentlike strategie ten opsigte van die toekoms van BASA21. Die oplossing vir BASA21 is egter daarin geleë dat effektiewe interaksie en onderlinge afhanklikheid tussen die voertuie en die insittendes van die onderskeie voertuie uitgebou word en dat daar 'n alliansie tussen die “konvooi voertuie” moet bestaan. Afsonderlike, maar ook gesamentlike strategie, moet beplan en gekoördineer word. Dit is belangrik dat elke rolspeler (voertuig) sy eie roete uitwerk volgens die reëls waarvolgens die besondere voertuig beweeg, sonder inmenging by mekaar se individuele strategie en taktiek, terwyl die oorhoofse doelwit nagestreef word.

Die pad waarop BASA21 op hierdie stadium voortbeweeg, lei na 'n afgrond waartydens die voortbestaan van die groep in die weegskaal geplaas word. Sonder radikale koersverandering, is die afgrond BASA21 se voorland.

Die wyse waarop die boek aangebied word, kan gesien word as 'n geheel, maar ook as die samevoeging van afsonderlike werkstukke (essays)

oor spesifieke onderwerpe. Dit het tot gevolg dat sekere gedeeltes, aanhalings en gedagtes soms herhaal word. Dit moet verdra word aangesien dit nodig is binne die konteks van die betrokke onderwerp.






DEEL I

SAMESTELLING VAN

BASA21

**(Die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners
van die 21ste eeu)**



HOOFSTUK 1

BASA21 IS VERDEELD

Die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu (BASA21) is 'n verdeelde groep mense, wat onseker is oor hulle identiteit en wat tans blyk nie in staat is om as 'n eenheid te funksioneer nie. Sommige beskou byvoorbeeld die praat van Afrikaans as die enigste en belangrikste faktor en as sinoniem met identiteit, terwyl ander 'n diepgewortelde republikeinse vryheidstrewe en 'n nasionalistiese ideologie openbaar.

Die onsekerheid en verwardheid oor identiteit kan gedemonstreer word deur lukraak aan individue uit BASA21 te vra aan watter volk hy of sy behoort. Die skrywer het hierdie vraag by verskeie geleenthede en op 'n informele en lukraak wyse, oor die afgelope twee dekades, aan verskillende persone gestel. Die volgende antwoorde is, onder andere, ontvang:

Ek is 'n:

• Boer	• Afrikaner
• Boere-Afrikaner	• Afrikaans
• Afrikaner-Boer	• Opregte Afrikaner
• Behoudende Afrikaner	• Blanke
• Republikeinse Afrikaner	• Blanke Afrikaner
• Konserwatiewe Afrikaner	• Blanke Suid-Afrikaner
• Suid-Afrikaner	• Afrikaanse

DAAR BESTAAN UITEENLOPENDE standpunte oor wat die regte benaming van die huidige BASA21 behoort te wees. 'n Media debat in *Beeld* (2017) oor Afrikaans, het nie werklik bygedra tot 'n duideliker begrip oor identiteit nie. Intendeel, het dit tot meer verwarring gelei.

Voorbeelde van verwarring

FLIP BUYS, VOORSITTER van die Solidariteit-beweging, skryf in *Rapport Weekliks* (27 Mei 2018:11) dat die grondslag waarop die beweging georganiseer is, voorsiening maak vir “veelvuldige entiteite, soos *Afrikane, Afrikaners, Suid-Afrikaners en Afrikaanssprekendes*.” Dit is onduidelik of die Boer as een van die “veelvuldige entiteite” doelbewus uitgelaat is. Hy sluit die artikel af deur nog 'n term in te bring deur te stel dat “*Patriotiese Afrikaners* en Suid-Afrikaners” moet saamstaan (*beklemtoning).

Johann Rupert stel in *Beeld* (5 Junie 2018:14) dat hy Russel Bothma, gewese Bruin rektor van Stellenbosch Universiteit, as 'n Afrikaner beskou, omdat hy Afrikaans praat. Hy stel verder dat hy (Rupert) baie nader aan Kaapse Bruinmense voel as aan [wit]mense met “hul kranksinnige regse gesindhede.”

Barnard Beukman skryf, as redakteur van *Beeld* (15 Mei 2018:6), in 'n artikel van die “*Afrikaanses*”. Hy definieer nie die groep nie en maak nie

duidelik of dit 'n taalgroep, etniese groepering, kultuurgroep, volksgroep of nasie is nie. Hy gaan nogtans voort om die Afrikaanses te klassifiseer. Dit is nie duidelik of hy Bruinmense by die Afrikaanses betrek en of hy net van BASA21 praat nie. Hy klassifiseer of onderverdeel die Afrikaanses nogtans in die *konserwatiewes* aan die een kant en *oorbeligtes* aan die ander kant. Volgens hom word die konserwatiewes deur verkrampes op sleeptou geneem. Hy definieer nie die verskil tussen verkrampes en konserwatiewes nie, maar stel dat hulle (gesamentlik) die een pool van 'n ideologiese hoefyster vorm. Die ander pool word gevorm deur die groep wat hy die *oorbeligtes* noem. Hy stel dat hierdie twee groepe (by die hoefyster se pole), nie bereid was om die Mandela-skikking te aanvaar nie en dat hulle in voortdurende “beledigende twiste verkeer”, waartydens “skuimbolle al hoe groter om die mond staan.” Dan stel hy dat daar 'n derde groep of die “oorgrote meerderheid *middelgroep*” bestaan, “wat duidelik sigbaar is, maar net soms in lesersdiskoerse na vore tree.” Hulle wil volgens hom 'n “hand bysit” om 'n “stabiele toekoms hier te maak” en steur hulle volgens hom nie aan “selfgesentreerde twitterati en selfaangestelde wysneuse” nie. Hy stel verder dat *Afrikaanses* “nou 'n ander stem vra.” Hy verduidelik nie wie die “wysneuse” of die “ander stem” is nie. Die indruk wat geskep word, is dat hy poog om BASA21 in drie kategorieë te klassifiseer, maar in effek demonstreer hy in die proses net die verwarring en verdeeldheid wat daar vandag oor identiteit bestaan.

Koos Kombuis verwoord sý verwardheid oor identiteit in *Beeld* (28 Julie 2018:19) as volg:

Só kan ons 'n geslag Afrikaners kweek wat hul roots (*sic*) omarm en terug wil hê. 'n Geslag wat wil sê: “Almal wat Afrikaans praat, is my volk. Dit maak nie saak wat jy dit noem, Afrikaners of Afrikaanses of Boere of Afro-goeters of whatever (*sic*) nie, ons is een volk.”


Om hierdie “een volk” tot stand te bring, verkondig hy “kulturele transformasie”, sodat dit “mense uiteindelik kleurblind gaan maak.” Hy verduidelik nie wie moet transformeer nie, maar uit die konteks blyk dit dat hy wil hê Afrikaners moet met (in die rigting van) die Kleurlinge “kultureel transformeer” om kleurblind-Afrikaanses te word.

Die verwarring word in die besonder geïllustreer deur Deon Maas,^[14] wat homself as 'n Afrikaner beskou, maar terselfdertyd ervaar dat “ander Afrikaners hom nié as 'n Afrikaner sien nie.” Hy maak in sy onderhoud met Murray La Vita (2016) met reg daarop aanspraak dat hy 'n Afrikaner is,

maar demonstreer die duidelike diversiteit wat bestaan ten opsigte van Afrikanerskap en Afrikaneridentiteit, asook die amper onoorkombare kloof, wat tussen groepe bestaan.

Hy lê klem op Afrikaans as hy stel: “Ek dink nie aan myself as iemand wat Afrikaans of Afrikaners háát soos wat party mense dink nie.” Hy sê: “Ek is ’n Afrikaner en is gatvol daarvoor dat ander mense, wat rassiste en dies meer is, “die woord” vir hulleself toeëien en voel dat ek nie op die woord geregtig is nie.” Hy beskou “mense wat soos Steve Hofmeyr dink” as die “*margins (sic)* en geneutraliseer.” Hy argumenteer dat mense, wat soos hý (Maas) dink die hoofstroom geword het en die besluite namens die Afrikaner kan neem.

Maas het volgens La Vita (2016) die woord “Afrikaner”, as demonstrasie van sy “identiteit”, op sy arm laat tatoeër en “nou’s die woord op my lyf en niemand kan dit ooit wegvat nie” (Figuur 1.1).



Figuur 1.1: Deon Maas is ’n Afrikaner (*Beeld* 21 Oktober 2016:11).

HEINDRICH WYNGAARD is verteenwoordigend van die Bruinmense en betrek almal wat Afrikaans praat wanneer hy verwys na ’n “Afrikaanse gemeenskap”. Hy haal Tim du Plessis aan wat volgens hom reeds in 2005

gedroom het van “een Afrikaanse gemeenskap en dié het geen kleur nie” (*Rapport Weekliks* 24 Junie 2018:6).

Koos Kombuis kry as ’n meningsvormer van die Afrikaner gereeld geleentheid in *Beeld* om sy liberale eensydige siening oor aangeleenthede weer te gee. Hy stel, onder andere, ook in *Beeld* (5 Mei 2018:19) dat hy sy herkoms verloën het, nadat ’n swart taxi bestuurder hom gevra het of hy ’n Afrikaner is. Hy skryf “skielik voel ek asof ek nie ’n Afrikaner wil wees nie” en stel dat die “naam Afrikaner weer ’n vloek” geword het. Hy erken dat hy soos ’n verraaier gevoel het en dat die haan drie keer vir hom behoort te gekraai het!

Hou in gedagte dat hy in die verlede al “bedank het as Afrikaner” en daarna weer “teruggekom of heraangesluit het” en nou weer, aldus sy artikel, nie seker is of hy ’n Afrikaner wil wees nie, deur te vra: “Waarom het ek my eie herkoms verloën?” Hy soek verder in die artikel na sy identiteit deur te verklaar dat hy daarvan hou om “Die Stem te sing, want ek hou van Langenhoven” en dat hy swart klere gedra het teen plaasaanvalle (asof bogenoemde aan hom identiteit verskaf).

Hy kom aan die einde van sy betoog tot die gevolgtrekking dat hy en Kallie Kriel “albei *Afrikaans*” is. Hy verduidelik nie of hy bedoel dat “Afrikaans” ’n deel van ’n taal-, kultuur- volksgroep, nasie of etniese groepering is nie. Die verwardheid oor identiteit, wat heers in die gemoed van *Beeld* se “Afrikaner-meningsvormer”, kom egter baie duidelik in die artikel na vore.

Dié voorbeelde, wat hierbo genoem is, demonstreer die verwardheid en onsekerheid ten opsigte van identiteit onder BASA21. Die onsekerheid gee aanleiding tot ernstige sosiale fragmentering en lei verder tot die politieke onvermoë van BASA21 om as groep saam te staan en by ’n oplossing vir die verwardheid uit te kom. Daar bestaan in BASA21 as groep geen gemeenskaplike volksgerigtheid (volksisme) nie.

Die teenpool

’N DEEL VAN BASA21 OPENBAAR volksisme en patriotisme en leef nasionalisme, onderandere, uit met die Vierkleur as simbool (Figuur 1.2) en om jaarliks by Majuba byeen te kom. Hier word God gedank en die oorwinning van die Boeremagte op 27 Februarie 1881 oor die Britse koloniale leër herdenk (Figuur 1.3). Hulle beskou hulleself as volksgroep,

wat die Boervolk bekend staan. In hierdie boek sal aangetoon word dat die Boervolk nie net as volk reeds vanaf sy vormingsjare onafhanklikheid nagestreef het en as onafhanklike republieke bestaan het nie, maar dat onafhanklikheid in die naam van die Boervolk die enigste oplossing vir oorlewing, ten minste vir 'n deel van BASA21 kan bied.

Gevolgtrekking

PROFESSOR JOHANNES Froneman, van Noordwes-Universiteit (NWU), se artikel in *Beeld* (4 Junie 2018a:6) bevestig die onsekerheid oor identiteit, wanneer hy rondtas tussen “Afrikaners, of dan wit Afrikaanssprekendes” of “bloot Suid-Afrikaners”. Sy belangrikste gevolgtrekking rakende die samestelling van BASA21 is dat: “*Afrikaners nooit homogeen was nie, maar daar is soms hard probeer om eenvormigheid af te dwing*” (*my beklemtoning).

Afrikaners was nooit homogeen nie,
maar daar is soms hard probeer om eenvormigheid af te dwing

Johannes Froneman

IRONIES IS DAT SELFS die Volkstaatraad, wat in die lewe geroep is en deur die regering van die dag befonds is om 'n in diepte ondersoek oor selfbeskikking te doen, oor identiteit verward was. Die vyfde verslag van die Volkstaatraad (Robbertze 1996) is deurspek van die verwarrende en lukraak gebruik van die terme Boer en Afrikaner, soos byvoorbeeld op bladsy 29 getoon word:

Die **Boere** was nou onderworpe aan 'n verengelsingsbeleid. Hulle kinders moes skole bywoon wat vreemd aan hulle lewensbeskouing was. Hiermee moes **Afrikanerkinders** van die ou republieke van die enge eksklusiewe nasionalisme gespeen word [*beklemtoning].

Die vraag ontstaan nou of Boer en Afrikaner bloot sinonieme is en dat die verskille bloot 'n semantiese debat uitlok. Hierdie vraag word volledig in dié boek ontleed.

Wat wel gestel kan word, is dat te midde van die verwardheid oor identiteit en die verdeeldheid van BASA21, duisende mense hulleself steeds

Boere noem en weier om as Afrikaners bekend te staan. Dit is steeds moontlik om die Boervolk duidelik uit te lig en te identifiseer.

Die identiteit van die Boervolk kan van kardinale belang vir die vryheidstryd wees, aangesien BASA21, weens die verwardheid en die onderliggende kloof, nie as groep by 'n oplossing kan uitkom nie. Aan die ander kant kan die Boer as volk, nadat die Boerevolk as entiteit geïnstitusioneel is, regens aanspraak maak op erkenning en onafhanklikheid. Daardeur kan 'n veilige hawe vir diegene in BASA21, wat sekerheid binne groepsverband soek, bereik en aangebied word.

Adv. Lourens Joubert (2017) beskou die huidige verwarring van identiteit asook die bedreiging binne die Nuwe Suid-Afrika (NSA) as 'n geleentheid. Hy spreek die hoop uit dat diegene, wat tot dusver weerstand teen die verandering (in die NSA) gebied het, moet raaksien dat die NSA 'n geleentheid bied waar die Boerevolk as volk kan identifiseer en as volk deel van 'n oplossing kan vorm. Dit kan geskied deur “bymekaar te bring wat bymekaar hoort.” Joubert (2017) stel verder dat diegene wat ongelukkig raak binne die nuwe bestel moet beseef dat hulle ongelukkigheid en weerstand teen die onreg spruit uit 'n diepe (en selfs miskende) gevoel van volkskap. Hulle moet beseef dat hulle in werklikheid deel van 'n volk is en hierdie volk se naam die Boerevolk is. Hy pleit dat hulle hierdie gevoel nie moet misken of onderdruk nie, maar daaraan uiting moet gee ter wille van hulle eie unieke voortbestaan binne groepsverband.

Hy sluit af deur te stel :

**Diesulkes – groter in getalle as wat hulleself mag beseef, is
Boere, wat tot die Boerevolk behoort en basta met die res.**

Lourens Joubert




Figuur 1.2: Boerejeug by Majuba tydens 'n viering van die Boere se oorwinning op 27 Maart 1881 oor die Britse magte.



Figuur 1.3: Boerekinders betrokke by die 150^{ste} bestaansjaar van die Vierkleur (die ZAR se amptelike vlag) op 6 Januarie 2007.





HOOFSTUK 2

BASA21 SE IDENTITEIT IS ONSEKER

Lede van BASA21 is vandag, amper dertig jaar na die 1994-verkiesing, nie seker van hulle identiteit nie. Hierdie onsekerheid of verwarde identiteit kan op vele wyses verklaar word. Faktore wat 'n invloed op die totstandkoming van vandag se verwardheid gehad het, sluit in die ontstaan van misplaaste identiteit, wat tydens verskeie fases en insidente in die geskiedenis ontstaan het. 'n Belangrike aspek wat tot die verwarring van identiteit bygedra het, is die uiteenlopende hoeke waarvandaan die geskiedenis van BASA21 deur verskillende geskiedskrywers, politici, akademici, joernaliste en die media in die algemeen, beskryf is. Dit is daarom nodig om, anders as by algemene publikasies, 'n literêre oorsig oor die verskillende en selfs kontroversiële benaderings of sienings van 20^{ste} eeuse skrywers en akademici weer te gee. Veral die wyse waarop die Boervolk in die verskillende bronne hanteer word, word onder die loep geneem. In die proses word ook na ander belangrike terme en begrippe, wat as teoretiese agtergrond dien, gekyk.

Die geldende mening

DIE GELDENDEN MENING van die elite in die vorige eeu het 'n belangrike rol in die vestiging van onsekerheid ten opsigte van identiteit by die latere BASA21 gespeel. Die **geldende mening** (*received view*) is 'n term of fenomeen^[15] waar 'n paradigma binne 'n spesifieke veld in 'n bepaalde rigting “bestuur” word en geld veral in die akademiese wêreld by die publikasie van dokumente en geskrifte. Die geldende mening dikteer 'n

navorser se onderwerp, die vraag wat tydens die navorsingsprojek gevra word, sowel as die antwoord of resultaat wat verkry word. Verder word die geldende mening volgens dié beskouings van die elite^[16] gedikteer. Indien 'n voornemende navorser of skrywer buite die geldende mening beweeg, word nagraadse navorsing nie goedgekeur, gefinansier, óf in die vakliteratuur gepubliseer nie (Malina 2006:283).

Malina (2006:283) stel dat rolspelers in leiersposisies volgens die *received view* (geldende mening) bepaal of 'n onderwerp die geldende mening handhaaf of teëstaan. Louis Bothma (2015) benader in *Rebelspoor* sekere aspekte van die geskiedenis rondom die 1914-Rebellie uit 'n ander hoek as dié van die geldende mening. Hy beskryf hoe die elite tydens die bloei van Afrikanernasionalisme enige persoon, wat nie binne die neergelegde grense (geldende mening) beweeg het nie, beskou het as *vyande van die staat*, wat vir volk en vaderland “uitgehaal moet word.” Bothma (2015:427) stel:

Wie dit durf waag om buite die parameters te dink wat die politici, hulle militêre handlangers, kerke en helaas ook historici vir hulle afgebaken het, is “verraaiers” wat “uitgehaal” moet word....

Bothma noem die 1914-Rebellie, **Die Boereopstand van 1914-15** (Bothma 2015:v). Die term Boereopstand van 1914-15 sal ook in hierdie boek gebruik word wanneer na die 1914-Rebellie verwys word.

Alhoewel die geldende mening binne die akademie en veral by die geesteswetenskappe 'n belangrike rol speel, is dit nie daartoe beperk nie en word dit ook as 'n magtige wapen by politieke sosialisasie aangewend. Dit geld ten opsigte van die plasing van artikels, briewe en ander blootstelling in die media. Dit is in die besonder teenwoordig by die bevordering van die paradigma van *absolute eenheid onder die Afrikaanssprekende Blankes van die 20^{ste} eeu* (BASA20), wat onder die term “Afrikanernasionalisme” verkondig is. Tydens die eksaminering van my meesters verhandeling, het een eksaminator^[17] 'n 41-bladsy lange kommentaar gelewer waarin hy die nuwe paradigma, wat ek in die verhandeling voorstel, aanval. Hy beweer dat ek die geldende mening weerspreek en wou my nie laat slaag nie, alvorens ek die verhandeling verander het sodat dit met sy (en die AB se) sieninge ooreenkom. Na 'n arbitrasieproses, is sy besware van die hand gewys.

Geen navorsing oor die ontstaan en verskille tussen die twee groepe (Boer en Kolonialer) is kragtens die geldende mening aangespoor of gedoen

nie en die uiteenlopende patrone van afsonderlike kulturele nalatenskap, wat by die twee groepe ontstaan het, word oor die hoof gesien.

Dit is baie belangrik om daarop te let dat die geldende mening, soos deur die elite vertolk, mettertyd deel van die Nasionale Party (NP) se beleid geword het. Die omgekeerde is ook waar, naamlik dat die beleid wat deur die party gevorm is, as geldende mening uitgedra is. Let daarop dat wanneer in hierdie boek van die geldende mening gepraat word, dit gesien kan word as 'n manifestasie van die kontemporêre regering se beleid.

Die geldende mening verander

Dit is belangrik om daarop te let dat die geldende mening van tyd tot tyd, na gelang die beleid van die regering verander het, ook aangepas is. Die geldende mening, wat in die 1950's deur die Afrikanerelite gevestig is, het gemanifesteer in die beleid van die NP, wat klandestien deur die Afrikaner-Broederbond (AB) uitgedra is. Die NP beleid voor 1961 was op Afrikanereenheid gefokus, maar het dit daarna verskuif na nasiebou en blanke-eenheid, waar die Engelsman ter wille van politieke eenheid ingesluit is. Hierdie benadering staan bekend as Blankisme (Bruwer 1986:45). Die geldende mening het daarby aangepas.

Die AB was nie die enigste faktor nie, maar het 'n deurslaggewende rol by die skepping van die geldende mening en die ontwikkeling van 'n Afrikanernasie gespeel. Tot 1929 was die AB nie 'n geheime organisasie nie. Die vereistes vir lidmaatskap was volgens Giliomee (2004:352): “Blanke, Afrikaanssprekende mans van Protestantse geloof, skoon van karakter en vas van beginsel, ook in die handhawing van hul Afrikanerskap, wat Suid-Afrika as hul enigste vaderland aanneem.” Teen 1928 was daar volgens Giliomee (2004:353) dertien takke met 263 lede, omtrent almal in Transvaal.

Die Post-1994 geldende mening

Ná 1994 het die NP en AB se invloed getaan. Die AB se mag is vandag feitlik gereduseer tot die van 'n sosiale klub, wat sy lede aanmoedig om te konformeer en deel van die “reënboognasie” te wees. Die huidige Afrikanerelite is verward en ongeorganiseerd, met die gevolg dat die geldende mening nie werklik volledig gedefinieer kan word nie. Indien daar na die benaderings van “meningsvormers” (diegene wat wel publisiteit kry) gekyk word, kom op die nuwe politieke korrekte benadering op die volgende neer: “Suid-Afrikaanse eenheid moet bevorder word”, terwyl BASA21, weens “apartheidskuld”, moet terugbetaal en konformeer. Verder moet

BASA21 bereid wees om beginsels, waardes, norme en erfenisse “ter wille van transformasie”^[18] prys te gee en die beginsels van die nuwe geldende mening weergee. Samevattend verteenwoordig die geldende mening ná 1994 op die oog af die bevordering van ’n “kleurlose” Suid-Afrikaanse reënboognasie.

Philip Spies, ’n toekomskundige (2019:4-5), haal Ajayi aan wat van “Effendi-politiek” praat wanneer politieke “uitverkorenes” ’n land regeer. Spies stel dat Effendi-politiek verwys na ’n “ontmensende stelsel”, waarin jy nie met ’n samelewing van mense te doen het nie, maar met ratte wat in ’n masjien ingebou moet word volgens ’n model wat voorgehou word as die ideaal. Suid-Afrika moet nie meer ’n “heterogene samelewing van volkere” wees nie, maar ’n *homogene reënboognasie*. Met dwang word “die reg van bestaan en voortbestaan van alle inheemse tale en kulture binne die grense van Suid-Afrika deur die regering geminag tot voordeel van ’n koloniale taal wat die Effendis goed te pas kom.” Hy noem dit “niks minder as kru samelewings-[sosiale] Ingenieurswese, vergelykbaar met dit wat onder die apartheidsbestel en in Nazi-Duitsland plaasgevind het.”

Wanneer in hierdie boek na die geldende mening verwys word, het dit, tensy anders gestel, betrekking op die geldende mening wat min of meer tussen 1930 en 1970 gegeld het en in wese die beleid van die NP vertolk het.

Die handhawing van die geldende mening en ’n *konseptuele blok* is skakel nou met mekaar.

’n Konseptuele blok

SOOS BY DIE UITOEFENING van die geldende mening, het die ontstaan van ’n konseptuele blok by die inwoners van Suid-Afrika ’n rol gespeel. ’n Koud-kliniese ontleding van die geskiedenis en die data op hande gee ’n duidelike onderskeid tussen die Boervolk en die Afrikaner, maar ná drie geslagte van sosiale ingenieurswese in die 20^{ste} eeu vind baie Republikeinsgesinde Afrikaners dit moeilik om afstand te doen van die term Afrikaner en om as Boer bekend te staan. Ferdinand Deist (2002:74) stel dat:

[I]t was only after at least two generations of religiously supported indoctrination that most Afrikaans-speaking people started to forget that such an ethnic entity as an “all-Afrikanerdom” had

never really existed, and that the elite (politicians and ministers of religion) could effectively start appealing to “Afrikaner identity”.

Deur middel van die sosiale ingenieurswese proses het die elite daarin geslaag om die paradigma van die geldende mening te handhaaf en die konseptuele blok te vestig. Deist (2002:78) haal Stephen Jay Gould aan wat stel dat: “*The greatest impediment to scientific innovation is usually a conceptual lock, not a factual lock.*” Anders gestel beteken dit dat, alhoewel die feite tot die teendeel vas staan, vorm ’n konseptuele (begrips-)blok (dat hulle Afrikaners is) by ’n sekere deel van BASA21 se benadering ten opsigte van hulle identiteit. Hierdie blok het gevorm weens ’n sentimentele ingesteldheid, sekondêr tot politieke sosialisasie. Die blok verhinder die aanvaarding van die konsep dat twee groepe in BASA21 bestaan. Verder het dit tot gevolg dat hierdie lede van BASA21 voel dat dit verkeerd, of amper verraad is, om negatief ten opsigte van die begrip Afrikaner te voel of te praat. Hulle kleef dus sentimenteel aan die term Afrikaner vas, terwyl hulle die kulturele erfenis^[19] van die Boer uitleef. Hierdie “vaskleef aan die term Afrikaner” word in hierdie boek die *konseptuele blok* genoem.

**The greatest impediment to scientific innovation is usually
a conceptual lock, not a factual lock**

Stephen Jay Gould

TIPIES KAN GEKYK WORD na die Oranjewerkers, Herstigte Nasionale Party (HNP), Konserwatiewe Party (KP) en in ’n groot mate die Afrikaner Weerstand Beweging (AWB), wat tot in die 1980’s geglo het dat hulle “ware Afrikaners” is, terwyl hulle eintlik in hulle harte met die Boer geïdentifiseer het. Lede van die Afrikaner Volkswag en diegene wat deelgeneem het aan die feesvieringe van Groot Trek 150 was oortuig van hulle “Afrikanerskap”. Dit was asof lede van die Oranjewerkers, HNP, KP, Afrikaner Volkswag en ander regses die retoriek van Afrikanerskap primordiaal, soos deur Giliomee (2016b) gestel: deur hulle moedersmelk ingekry het. Hulle is deur die Afrikanerelite van die apartheids-era as “Regses”^[20] geëtiketteer.

Die ironie is dat daar deur die Afrikanerelite in die NP en AB, wat hulle invloed kon laat geld, teen hierdie “Regses” gediskrimineer is, omdat hulle buite die geldende mening en konseptuele blok beweeg het. Die diskriminasie het plaasgevind op alle lewensterreine. Voorbeelde kan genoem word, soos diskriminasie by aanstellings, bevorderings, spreekbeurte by volksfeeste en die verkryging van tenders. Daar is ook, onder andere, teen hierdie “Regses” se kinders gediskrimineer tydens die kies van leerlingrade by skole en die toekenning van pryse en beurse.

Die konseptuele blok oor “Afrikanerskap” by sommige van die “Regses” was en is, nieteenstaande die diskriminasie, steeds moeilik om af te skud. Die konseptuele blok, of breinspoeling rakende die kunsmatig geskepte identiteit van Afrikanerskap, was so stewig gevestig dat hewige debatte daaroor ontstaan het tussen die “Regses”, wat onder invloed van sosiale ingenieurswese die identiteit van “Afrikaner” aanvaar het en diegene wat steeds as Boere bekend wil staan. Dit is ironies dat die “Regses” die hardste geveg het om die term Afrikaner te vestig onder die foutiewe indruk dat dit hulle republikeinse strewe verteenwoordig het en dat dit hulle patriotiese plig is om hulle “Afrikanerskap” te verdedig.

Die liberale Afrikaner is nie werklik by hierdie debat betrokke nie, aangesien hulle identiteit as Afrikaner vir hulle relatief min werd geword het en ook omdat hulle die Boer as ’n verregse, onbelangrike, radikale splintergroep of randeiers afmaak.

’n Verdere ironie is dat die felste debat binne die groepering, wat dieselfde kulturele erfenis deel, plaasvind. Dit is nie net ’n oorsaak van die verwarring ten opsigte van identiteit nie, maar gooi ook petrol op die vuur van verdeeldheid binne die kleiner republikeinse groep *wat bymekaar hoort*.

Joubert (2017) stel dat die idee, wat vasgevang is ten opsigte van BASA21, behels die beskouing dat alle blanke Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika aan een enkelvoudige groep behoort, wat as die Afrikaner bekend staan. Hy stel dat “die rede daarvoor is bepaald die vooropgestelde paradigma, wat gevestig is by wyse van die vormende proses van sosiale ingenieurswese.”

Die misplaaste identiteit van die kunsmatige groepering, die Afrikanernasie, wat in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, speel dus ’n prominente rol ten opsigte van die verwarring oor identiteit,

asook ten opsigte van die verdeeldheid, wat tans onder lede van BASA21 bestaan.

Hierdie sentimentele, konseptuele blok oor 'n fiktiewe Afrikanereenheid ter wille van oorlewing, moet oorkom word en die feitelike ontleed word, voordat 'n oplossing vir die groep gevind of selfs net voorgestel kan word.

Primêre en sekondêre bronne

BEHALWE DIE GELDENDE mening en die konseptuele blok, wat bygedra het tot die skep van identiteitsonsekerheid by BASA20 asook by die latere BASA21, skep sekere bronne, waarbinne die geskiedenis opgeteken is, duidelike onsekerheid oor die identiteit van BASA20 en by die latere BASA21.

Dit is belangrik om te onderskei tussen primêre en sekondêre literêre bronne, wanneer terme ter sprake is. Terme, wat in primêre bronne gevind word, word dikwels diachronisties^[21] benader en word meer korrek weergegee. Primêre bronne, wat voor die 1900's dateer, is verder vry van die invloed van die vroeë 20^{ste} eeuse geldende mening en konseptuele blok. Aan die ander kant kan terme wat in sekondêre bronne voorkom, onder die invloed van die geldende mening, subjektief, sinchronisties, primordialisties en anachronisties aangebied word.

Aangesien hierdie boek 'n nuwe paradigma postuleer, is dit belangrik om sover moontlik van primêre bronne as basis gebruik te maak. Van Jaarsveld (1980a:5, 263) se *100 Basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961* behels weergawes van honderd oorspronklike geskrifte wat belangrike insidente en inligting oor 'n wye era dek. Daar word ruimskoots van verwysings uit hierdie dokumente in die boek gebruik gemaak.

Wanneer die bronne krities ontleed word, is dit duidelik dat daar vanuit verskillende paradigmas na die geskiedenis van die Afrikaner gekyk word. Drie benaderings kan waargeneem word, waarvan twee as paradigmas gestel kan word.

Drie benaderings of paradigmas

DIE OUTEURS, WAT OOR die geskiedenis van BASA21 skryf, kan in drie denkskole, benaderingsgroepe of paradigmas ingedeel word na aanleiding

van die geldende mening en konseptuele blok wat die Afrikanerelite gehuldig het. Paradigma A is ingestel op Afrikanereenheid en stel dat die Afrikanernasie of -volk die enigste Afrikaanssprekende blanke groepering is, wat in Suid-Afrika tot stand gekom het. Die eerste denkskool of benadering handhaaf hierdie geldende mening. Boer en Afrikaner word dikwels as sinonieme gebruik. In die proses bevorder hulle die gedagte van Afrikanernasionalisme en negeer die onafhanklike bestaan van die Boervolk as volk.

Die tweede benadering of Paradigma B stel dat daar twee groeperings tot stand gekom het, naamlik die Kaapse Afrikaner en die Boer en stel dat die Boervolk in eie reg as volk ontwikkel het en steeds bestaan. Die derde groep vorm 'n mening tussen die twee denkrigtings – hulle beskryf twee groepe sonder om dit deur te trek na twee afsonderlike volke. Die laaste groep skep 'n hipotese^[22] en nie werklik 'n paradigma nie.



Paradigma A: Afrikanereenheid

DIE EERSTE GROEP AFRIKAANSE skrywers en akademici (Benadering A) se werk word gedikteer deur die geldende mening en sluit, onder andere, in: Coetzee (1968), Degenaar (1987), Esterhuyse *et al.* (1987), Gerdener (1925), Giliomee (2004; 2016a; 2016b; 2016c), Liebenberg en Spies (1993), Muller (1979), Pienaar (1968), Van den Heever (1968), Van Jaarsveld (1959; 1980a; 1980b), Van Niekerk (1987), Wiid (1968) en Wypkema (1968).

Hulle het ná die 1920's tot die kennispoel bygedra en hanteer die aanvanklik Hollandssprekende Blankes en later Afrikaanssprekende Blankes, deur die verloop van die geskiedenis heen, as 'n “eenheid” onder die term “Afrikaner”. As voorbeeld kan gesien word hoe Wiid (1968:17-18) anachronisties en sinchronisties stel dat:

Teen die einde van die agtiende eeu kon Suid-Afrika daarop aanspraak maak dat hy aan die wêreld 'n nuwe volk, die Afrikanervolk, gelewer het wat 'n uitgestrekte grondgebied bewoon het. Wat bevolkingsgetalle betref, was hierdie volkie maar baie klein – daar was slegs ongeveer 16,000 Afrikaners toe die Britte die Kaap in 1795 beset het – maar hy het reeds volkseienskappe aan die dag gelê wat 'n eie identiteit gekenmerk het.

Ons sal later sien dat die Afrikaner nie voor die 1870's as groep bestaan het nie (Bruwer 1988:87; Giliomee 1989:14; Hoofstuk 6). Die meeste outeurs maak wel melding van twee groeperings, maar die erkenning van die totstandkoming van die Boer as 'n onafhanklike volk word met omsigtigheid hanteer, geïgnoreer of selfs ontken. In die proses word die Koloniale se vyandskap teenoor die Boer, soos onder andere, gemanifesteer deur die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en deur die 25 000 **Kaapse Afrikaners**,^[23] wat in die Tweede Vryheidsoorlog saam met die Engelse teen die Boere geveg het (Bruwer 1988:363), totaal geïgnoreer. Hierdie getal sluit nie die **Boere-joiners**^[24] en **Boere-hendsoppers**^[25], wat tydens die oorlog na vore getree het, in nie. Outeurs binne hierdie tydvak vorm wetend of onwetend deel van 'n benadering wat deur aanhangers van Paradigma A ten opsigte van Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme gedikteer is.

Dié uitgangspunte van Paradigma A word gehandhaaf en kan verklaar word as gevolg van 'n sinchronistiese en dikwels anachronistiese benadering tot die Afrikaner en Afrikanernasionalisme. Deist (2002:36) stel dat dit krities belangrik is om te onderskei wanneer die geskiedenis sinchronisties, diachronisties of anachronisties aangebied word.

Sinchronisme geld wanneer 'n verskynsel bestudeer word op 'n bepaalde oomblik, sonder om rekening te hou met die chronologiese historiese verloop en verband van die situasie of onderwerp (Odendal 1994: *s v sinchronies*). In die praktyk behels dit die saamvoeging van entiteite of gebeure, wat nie chronologies saam hoort nie, *asof dit dieselfde tyd plaasvind*. As voorbeeld kan die bewering genoem word dat die soeke na vryheid, republikeinse strewe en onafhanklikheidsgesindheid, wat die Boer tydens die Groot Trek^[26] openbaar het, terselfdertyd ook deur die Koloniale in die Kaap gedeel is en daarom op die Afrikanernasie van toepassing gemaak kan word. Intussen blyk dit duidelik uit die geskiedenis dat die Koloniale geen aanduiding gegee het dat hulle onafhanklik wou wees nie.

Deist (2002:36) stel dat Bybelstudente dikwels foutiewelik gebeure sinchronisties interpreteer, naamlik: “... *to treat facts of different times as though they were simultaneous*.” Op dieselfde wyse fouteer navorsers van die sosiale wetenskappe, veral ten opsigte van historiese gebeure, deur dit sinchronisties in plaas van diachronisties te interpreteer. Van Jaarsveld (1980b:221) se sinchronistiese siening van die geskiedenis plaas die

Afrikaner verkeerdlik voor 1877 as “versprei van Tafelbaai tot aan die Limpopo in twee Britse kolonies, nl. die Kaapkolonie en Natal, en in twee republieke, Vrystaat en Transvaal...”

Diachronisme behels om, met bestudering van die verloop van die geskiedenis, die tydvakke wat op mekaar volg, in ag te neem en gebeure en entiteite binne die konteks van die historiese agtergrond te interpreteer (Odendal 1994: *s v* diachronies). Bruwer (1988:39) is diachronisties korrek om oor die aankoms van Jan van Riebeeck te beweer dat: “Daar was dus geen sprake van ’n 'volksplanting' nie – slegs van ’n 'volkswording’”, terwyl Coetzee (1968:119) aan die anderkant, soos baie ander outeurs wat deel van Paradigma A is, sinchronisties foutief is deur te stel dat “Van Riebeeck het nie net die eerste volksplanting aangelê nie, hy het ook die grondslag gelê van ’n nuwe volk.” Let daarop dat in die *Amptelike joernaal van die Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC)*^[27] het Jan Van Riebeeck nooit opgehou om na Nederland as die “Vaderland” te verwys nie. Die Kaap van Goeie Hoop was nooit vir hom iets anders as ’n projek en ’n verversingstasie, tot voordeel van die VOC en indirek tot voordeel van Nederland nie (Thom 1954: Vol. 1 tot 3).

Anachronisme behels die verskynsel waar iets (’n persoon, item, gebeurtenis of saak) binne ’n tydperk, waarin dit nie kon voorkom of bestaan het nie, geplaas word (Odendal 1994: *s v* anachronisme). As voorbeeld sou dit anachronisties wees om te beweer dat die Boere by Bloedrivier met semi-outomatiese gewere geskiet het of dat die Boere, met die R33, sestig kilometer oos van die N11 getrek het. Paradigma A se uitgangspunte is dus anachronisties deur voor te hou dat *Afrikaners* by *Bloedrivier* geveg het, aangesien die Afrikaner as entiteit nog nie op daardie stadium bestaan het nie.

Primordialisme dui op die oortuiging dat ’n bepaalde idee of konsep van die begin af bestaan het. So byvoorbeeld kan mense dink dat etnisiteit te alle tye van menslike geskiedenis bestaan het en enige ander menslike interaksie voorafgaan. Hierdie benadering is deur Afrikanernasionaliste vanaf die middel 1930’s tot die middel 1970’s gevolg (Giliomee 2016b). Giliomee stel dat geskiedskrywers soos: Thom, Van Schoor, Kotze en Van Jaarsveld voorbeelde van professionele (lees geldende meningsvormende) Afrikaner historici is, wat primordialisme as uitgangspunt gebruik het. Volgens Giliomee (2016b) het hulle geskryf “asof mense hulle nasionalisme amper met hul moedersmelk ingekry het.” Hy stel verder dat die

primordialiste se wesentlike fout was om “op ’n anachronistiese wyse nasionalisme as dryfveer te beklemtoon.”

Harari (2015:363) stel ten opsigte van primordialisme dat:

The nation does its best to hide its imagined character. Most nations argue that they are a natural and eternal entity, created in some primordial epoch by mixing the soil of the motherland with the blood of the people.

Die geldende mening word dus deur Paradigma A gehandhaaf deur die geskiedenis sinchronisties, primordialisties en anachronisties te benader. Paradigma A se outeurs erken nie die totstandkoming van die Boer as unieke volk nie en sien die Groot Trek slegs as ’n “besondere fase” in die *Afrikanernasie* se ontwikkelingsgeskiedenis. Die twee Vryheidsoorloë van die Boervolk word op dieselfde wyse hanteer. Dit is belangrik om daarop te let dat die term Boer ná 1902, ter wille van die strewe na Afrikanereenheid wat as vooropgestelde Paradigma (A) ontstaan het, uit hulle geskifte verdwyn het. Die fase ná 1902, waartydens die Boer op die agtergrond geplaas word, word in Hoofstuk 11 volledig beskryf.

Nieteenstaande die feit dat Paradigma A se outeurs die geskiedenis van BASA21 weergee asof dit op ’n *enkele volk*, naamlik die Afrikaner, betrekking het, is dit wel moontlik om in die meeste van hulle geskifte rakende die tydperk vóór 1900 die bestaan van twee groeperinge onder die Hollandssprekende/Afrikaans-sprekende blankes in Suid-Afrika waar te neem. Die uiteindelijke manifestering as twee afsonderlike groepe word egter nooit deur hierdie skrywers, as gevolg van hulle konseptuele blok, deurgetrek nie en hulle laat ook grootliks na om die afsonderlike groepe se verskille en konflik in besonderhede te beskryf.

’n Goeie voorbeeld is die ultimatum van oorlog, wat deur die Kaapkolonie se regering namens die Engelse in 1895, aan die ZAR gerig is. President Paul Kruger het persoonlik sy herinneringe aan HC Bredell en Piet Grobler gedikteer. In ’n vertaalde weergawe, *The Memoirs of Paul Kruger*, word gerapporteer dat, nadat die ZAR die treinspoor na Delagoabaai (Maputo) in Mosambiek voltooi het, ontstaan ’n tariefoorlog tussen die ZAR en die Kaapkolonie. Die Britse regering lewer ’n ultimatum deur Chamberlain aan die ZAR. Sy ultimatum en voorwaardes word deur die Kaapse regering, waarvan Afrikaners deel was, bekragtig. Dit lui as volg (Bredell & Grobler 1986:145):

He stipulated, however, that, if the ultimatum led to a war, Cape Colony should bear half the cost, raise a force of auxiliaries and lend her railway for the free carriage of troops. To the shame be it spoken of the Afrikaners who had seats in the Ministry, they agreed to this suggestion forthwith. The Republic received her ultimatum and was, of course, obliged to give way...

Behalwe vir Paul Kruger, in sy outobiografie, kon hierdie aspek rakende die vyandigheid van die Kaapse Afrikaner teenoor die Boere in die ZAR nie in ander bronne opgespoor word nie. Robbertze (1996:24) rapporteer in die vyfde verslag van die Volkstaatraad dat Paul Kruger: “Omdat hy agterdogtig teen die pro-Britse gevoelens van baie professionele Afrikaners in die Kaap was, het Kruger eerder Nederlanders in sleutelposisies aangestel.”

Daar word soms deur die skrywers van Paradigma A na die *noordelike* of die *binnelandse groep* teenoor die *suidelike* of *koloniale groep* verwys (Van Jaarsveld 1980b:225). Daar word egter selde na die *noordelike groep* as *Boere* verwys. Wanneer daar by uitsondering na Boer verwys word, word die term Afrikaner dikwels as sinoniem gebruik.

Vergelyk Van Jaarsveld (1959:16) se stelling: “Die wa, die os, die geweer, die perd was onskeibaar verbonde aan die Boer wat tot volk van *Boere* of *Afrikaanse Boere* sou word.” Van Jaarsveld (1959:168) stel ook dat die Hollandsprekendes die Engelse koerante “*Boerenhaters*” genoem het, wat hy anachronisties en volgens die geldende mening interpreteer as “... wat die *Afrikaners* nie die reg van bestaan gun nie.”

Verder is die skrywers van Paradigma A geneig om soms na die Boer te verwys, wanneer konfliktsituasies met buitestaanders, soos die Engelse, ter sprake is. Onder sulke omstandighede word die geldende mening nie gekompromitteer nie en kan die term *Boer* gebruik word, sodat dit (anachronisties) met Afrikaner, “op die rug van die Boer”, as sinoniem, vervang kan word. Die lyding en konflik word dan deur die Afrikaner toegeëien. Vergelyk die *Afrikaner* kinders en vroue wat (anachronisties) tydens die Anglo-*Boereoorlog* se volksmoord in die konsentrasiekampe gesterf het.

Tydens gevalle waar daar interaksie, vergelyking, interne konflik of meningsverskille tussen Boer en Koloniale plaasvinder, plaas die skrywers, ter wille van Paradigma A die Boer op die agtergrond. Verder word die term Boer nie gebruik nie, maar eerder terme soos Voortrekkers, Transvalers, Vrystaters of Republikeinse Afrikaners (Giliomee 2004:150,173,203,236; Muller 1979:157-158; Pienaar 1968:70; Wiid 1968:24-28).

Giliomee (2004:180) stel byvoorbeeld:

Die Afrikanernasionalisme is 'n kort rukkie gestimuleer deur die Transvalers se skouspelagtige oorwinning oor 'n Britse mag by Majuba op 27 Februarie 1881. Kaapse burgers het op baie plekke openlik solidariteit met die Transvaalse burgers betoon. Daar is gesê dat die Transvaalse opstand almal aanspreek wat 'n ware Afrikaanse gees [*Kolonialergesindheid] het .

Van Jaarsveld (1959:225) stel dat:

Ook die Afrikaners van die Kaapkolonie het met Transvaal meegelewe en simpatie betoon. Dit het hulle binne die gesigsveld gebring en in April 1879 is die Kaapse “**stamverwante**” gevra om die Transvalers behulpsaam te wees met die verkryging van hulle onafhanklikheid (*beklemtoning).

Die outeurs van Paradigma A laat in die proses na om die volgehoue patroon van kulturele geheue, wat afsonderlik by die twee groepe ontstaan het, te erken of te beskryf. Verder laat hulle na om te rapporteer oor die vyandelike rol wat die Koloniale in alliansie met die imperiale onderdrukkers (Engeland) gespeel het om die Boer aan kolonialisme te onderwerp. Die feit dat die Kaapse winkeliers in 1838 alreeds vir Napier aangemoedig het om Natal te annekseer, word nie, behalwe deur Gustav Preller, in geskifte gerapporteer nie (Preller 1937:78). Die ironie is dat hierdie aanmoediging daartoe gelei het dat Charters die Engelse vlag op dieselfde dag as die Slag van Bloedrivier in Port Natal gehys het (Preller 1937:79). Behalwe vir Preller (1937:259-264) word daar geensins enige besonderhede deur Paradigma A se skrywers gerapporteer oor die negatiewe optredes van “Afrikaners in diens van die Engelse” teenoor die Boere nie. As voorbeeld kan die rol van Cloete, 'n Afrikaner wat in bevel van die Engelse troepe in Natal was, genoem word. Volgens Preller (1937:260) het hy die volgende proklamasie in Julie 1842 uitgereik:

Alle *Kaffers (sic)* word versoek om, waar hulle dit ook mag vind, die perde en osse van die Boere te vang, en dit na my kamp te bring, waar hulle 'n ooreenstemmende vergoeding betaal sal word vir hierdie diens, wat hulle ook die beskerming van die Engelse wapens sal verseker.

Hierdie gebeure word slegs in Preller weergegee. Dit word ook nie deur die outeurs in Paradigma A gerapporteer dat Kolonialers saam met Smith tydens die Slag by Boomplaats teen die Boere geveg het nie (Preller 1937:358). Die feit dat 25 000 Kolonialers tydens die Tweede Vryheidsoorlog aan Engelse kant teen die Boere geveg het, word ook verswyg (Bruwer 1988:363).

Opponente van Paradigma A en die geldende mening

TYDENS DIE PROSES VAN sosiale ingenieurswese het die kontemporêre akademici en Afrikanerelite enige van die rolspelers, wat na regs of na links van hulle verskil het, gemarginaliseer deur hul sienings óf te ignoreer óf die skrywers in die openbaar te etiketteer, te stigmatiseer of selfs te kriminaliseer. Slagoffers weerskante van die spektrum is dikwels gestereotipeer met name soos “radikaal”, “kommunis”, “liberalis”, “verkramp” of “verregs”. Die hantering van Breyten Breytenbach, Beyers Naude, die internering van die lede van die Ossewabrandwag en latere hardhandige behandeling van die sogenoemde Regses, soos die AWB, is voorbeelde van hoe meedoënloos daar met slagoffers beide na links en na regs gewerk is.

Die AB was selfs bereid om hul eie leiers, soos, onder andere, Wickus du Plessis, wat nie met Paradigma A en die geldende mening saamgegaan het nie, te skors, te verguis en in eensaamheid te laat sterf (Wilkens & Strydom 1978:50). Leopold Scholtz (2016:137) bevestig dit en rapporteer:

Wickus du Plessis, wat in 'n groot kritikus van Verwoerd ontwikkel het – hy het Verwoerd in die *Sunday Times* (dalk takties onwys) van “*glaring political mistakes*” betig – is in 1959 onder druk van die eerste minister uit die Nasionale Party geskors. Kritiek van ander Potchefstroomers, veral die historikus D.W. Krüger en die volkekundige J.H. (Hennie) Coetzee, is ook ongenadig afgestraf (*sic*). Uiteindelik het Du Plessis selfs uit die AB bedank en by die Progressiewe Party aangesluit.

Tydens gesprekke tussen die skrywer en Herman Giliomee stem ons ooreen dat ons albei “onbevoeg vir toelating tot die AB” bevind is en dat daar op verskeie wyses teenoor ons gediskrimineer is. Giliomee waarskynlik aangesien hy “te links” en die skrywer “te regs” was. Tony Leon (2018:9), voormalige DA-leier, stel in *Rapport* (29 Julie 2018) dat “baie van my Afrikaanse kollegas in die parlement wat nie AB-lede was nie, het vir my gesê dat hulle in hul spore gestuit is as gevolg van nielidmaatskap.”

Die elite het Paradigma A beskerm, bevoordeel en hulle standpunte “suiwer” gehou deur genadeloos teenoor opponente van die geldende mening op te tree. Sodra iemand buite die “aanvaarbare neergelegde parameters” van die geldende mening van die elite (politici, kerkleiers, historici, militêre leiers en akademici) beweeg het, is hulle summier

gestigmatiseer, óf geïgnoreer, óf teenoor gediskrimineer, óf selfs uit die weg geruim (Bothma 2015:427).

Paradigma B erken twee groepe en die Boer as volk

DIE TWEDE BENADERINGSGROEP (Paradigma B) behels outeurs en deelnemers wat buite die geldende mening en Paradigma A opereer. Dit sluit in buitelandse historici, maar ook persone wat nie deur die geldende mening en konseptuele blok beïnvloed is nie. Hulle erken die ontwikkeling van twee groepe en beskryf, naas die ontwikkeling van die Kaapse Afrikaner, ook die vestiging van die Boerevolk.

Dit sluit in skrywers van die 20^{ste} eeu, soos Harry Booyens (2006), Arthur Kemp (2008), Robert van Tonder (1990) en Adriana Stuijt (2008), wat blootgestel is aan die geldende mening, maar nie daardeur geïndoktrineer of beïnvloed is nie. Hulle het buite die raamwerk van die geldende mening geredeneer en geskryf. Hulle tref duidelik onderskeid tussen twee groepe en beskou die Boer as 'n onderskeibare volk. Dit is opvallend dat hulle buite die hoofstroom media gerangeer is en dat daar min publisiteit aan hulle standpunte gegee is. Schalk Jacobsz en dr. Piet Cloete het hierdie onderskeid en uitgangspunte persoonlik aan my meegedeel. Jacobs en sy vrou, Elma Potgieter, het ook voorheen gepoog om identiteitskaarte vir die Boerevolk uit te reik.

Stromberg (1999:1), van die VSA, tref 'n duidelike onderskeid tussen die *Boer* en die *Kaapse groepering*. Hy onderskei verder ten opsigte van die Kaapse groepering tussen die "*Afrikaner nationalists*", wat in hierdie boek die Republikeinse Afrikaners genoem word, en die "*Cape Liberals*", wat in hierdie boek as die Koloniale Afrikaner voorgestel word (sien later). Hierdie Republikeinse Afrikaners sluit ook diegene in wat, alhoewel hulle met die Trekkers gesimpatiseer het, in die Wieg van die Boerevolk agter gebly het en nie die Groot Trek meegemaak het nie.

Die Wieg van die Boerevolk behels die gebied waaruit die oorgrote deelnemers aan die Groot Trek afkomstig was en sluit hoofsaaklik die distrik Graaff-Reinet in wat die volgende plekke insluit: Graaff-Reinet, Somerset-Oos, Cradock, Middelburg, Colesberg, Steynsburg, Tarka, Albert, Bathurst, Albany, Alexandrië, Uitenhage, Prins Albert, Willowmore, Jansenville, Aberdeen, Beaufort-Wes, Murraysburg, Richmond en Hanover (Figuur 4.3)

Stromberg (1999:2) onderskei ook verder tussen die twee Kaapse groepe se onderskeie gesindhede teenoor die Boer. Veral hierdie aspek word nie deur Benadering A beskryf nie en word later in meer besonderhede bespreek.

Hier bo is die eienskappe van Paradigma A kortliks genoem. In Tabel 2.1 word die verskille tussen die twee paradigmas voorlopig volledig weergegee, maar word later, tydens die verskillende fases, volledig bespreek en vergelyk.

Die Engelsman, Nixon (1885), die Amerikaners, Ridpath en Ellis (1899) en die Kanadees, Theal (1886) wat die geskiedenis reeds in die 19^{de} eeu opgeteken het, maak géén melding van die Afrikaner nie en praat nét van die Boer (Tabel 2.2). Dieselfde geld vir Methuen (1901), wat in 1901 duidelik onderskei tussen die Boer en die Kaapse groep, wat hy die *Cape-Dutch* of *Colonial Dutch* noem. Hulle dokumente en geskrifte het verskyn voordat die geldende mening van toepassing was.

Tabel 2.1: Vergelyking van die uitgangspunte van Paradigma A en Paradigma B (Pretorius 2022a:54-55):

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
1	'n Volksplanting het in 1652 plaasgevind. Die Afrikaner ontstaan en bestaan fundamenteel of oorspronklik vanaf die volksplanting.	Verversingsposis gestig – geen volksplanting Die Afrikaner ontstaan eers ná die tweede helfte van die 19 ^{de} eeu.
2	Die Afrikaner stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet. Slagtersnek-opstand is deur Afrikaners gelei.	Voorsate van die Boer (Proto-Boere) stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet. Die Afrikaner het toe nog nie bestaan nie.
3	Afrikaners was die betrokkenes/deelnemers aan die Groot Trek. Afrikaners het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg. Afrikaners het tydens die "Transvaalse opstand" teen die Engelse geveg en by die Slag van Majuba oorwin.	Proto-Boere en Boere was die betrokkenes of deelnemers aan die Groot Trek. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie. Die Boere het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie en die Geloofte is nie op die Afrikaner van toepassing nie. Boere het tydens die Eerste Vryheidsoorlog die oorwinning by die Slag van Majuba teen die Engelse behaal en daardeur die Eerste Vryheidsoorlog gewen.
	Die Eerste Taalbeweging en die GRA is Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) is Afrikaner geskiedenis. Dit was Afrikaners wat tydens die Anglo-Boereoorlog teen die Engelse geveg het. Dit was Afrikaner vroue en kinders wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het.	Die Eerste Taalbeweging en die GRA is Afrikaner geskiedenis. Die Boere was nie direk betrokke nie. Dit was Boere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog teen die Engelse geveg het. 25 000 Kaapse Afrikaners het aan die kant van die Engelse teen die Boere geveg. Dit was Boere kinders en -vroue wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het. Afrikaners (Hanskakies) het aan Britse kant geveg en die kinders en vroue help oppas.
4	Die 1914-rebellie is deur Afrikaners uitgevoer. Die Voortrekkermuseum, Vrouemonument en die Oorlogsmuseum huldig Afrikaner geskiedenis. Die Taalmonument is 'n Afrikaner monument. Die Ossewabrandwag was 'n Afrikaner beweging.	Die 1914 Boere-opstand is deur vryheidsgesinde Boere gelei, wat nie saam met hul eertydse vyand (Brittanje) wou veg nie. Die Voortrekkermuseum, Vrouemonument en die Oorlogsmuseum huldig die Boere se geskiedenis. Die Taalmonument is 'n Afrikaner monument. Die Ossewabrandwag was 'n Afrikaner beweging deur Boere gedryf.
5	Afrikaners en Engelse vorm saam Blanke Suid-Afrika.	Die Boer bestaan steeds en word (onwillig) opgeneem in 'n groter eenheid ingevoeg.
6	Alle lede van BASA 21 is Afrikaners	Daar bestaan vandag steeds baie lede van van BASA 21 wat hulleself as Boere (en nie Afrikaners nie) beskou.
1-6	Die term Boer en Afrikaner is sinoniem	Die Boer en Afrikaner is afsonderlike entiteite.

Benadering (hipotese) C: groep tussen A en B

DAAR BESTAAN OOK 'N derde groep outeurs, wat as Hipotese C gegroepeer kan word en wat duidelik onderskeid tussen die twee groepe tref, maar onduidelik is oor die erkenning van die bestaan en identiteit van die Boerevolk. Skrywers wat uit die 19^{de} eeu dateer, opereer buite die geldende mening, terwyl diegene wat (veral) ná 1920 betrokke is, toenemend onder die invloed van die geldende mening verkeer. Hulle gee die feite akkuraat weer, maar 'n konseptuele blok verhoed hulle om die finale logiese gevolgtrekking ten opsigte van die bestaan van twee unieke groepe te maak. In Tabel 2.2 word 'n uittreksel van die verskillende bronne en outeurs met mekaar vergelyk. Let daarop dat dit nie 'n ontleding van die paradigmas is nie. Dit is ook nie 'n vergelyking van bronne nie en dien nie as wetenskaplike bewys van enige stelling nie. Al wat hier weergegee word, is dat 'n paar bronne uit Paradigmas A en B, asook uit Hipotese C geneem is en die voorkoms van die gebruik Afrikaner en Boer getel is. Die bronne wat Paradigmas A en B, asook Hipotese C verteenwoordig, is lukraak gekies volgens die elektroniese beskikbaarheid daarvan en is volgens kleure gemerk.

Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) en Die Afrikaanse Patriot

DIE ROL VAN DIE GRA word weer onder die vestiging van die Afrikaner in Hoofstuk 6 onder die loep geneem. Dit is egter belangrik om te sien hoe die verskillende outeurs, uit die verskillende hoeke, na die GRA kyk.

Die stigters van die GRA, wat die redaksie van *Die Afrikaanse Patriot* gevorm het, was republikeinsgesinde Kolonialers. Die rol wat hulle gespeel het en die stigting van die GRA en die Afrikanerbond (Bond) word in Hoofstuk 5 in meer besonderhede bespreek. Wat hier van belang is, is die feit dat *Die Afrikaanse Patriot* vanuit 'n republikeinse hoek geskryf is. Verder is *Die Afrikaanse Patriot* wyd versprei, tot in die Vrystaat en die Transvaal (Van Jaarsveld 1959:127).

Tabel 2.2: Verspreiding van die terme *Boer* en *Afrikaner* in verskillende bronne

DATUM	OUTEUR	BLS	AFRIKANER	AFRIKANDER	BOER
1885	Nixon ¹	434	0	3	986
1886	Theal ²	116	0	0	16
1899	Ridpath & Ellis ³	712	0	48	903
1901	Methuen	304	0	7	368
1902	Paul Kruger ⁴	323	1	23	145
1902	Genl. De Wet ⁵	1554	0	7	149
1920-1938	Preller ⁶	3 514	240	0 ⁷	1 718
1959	Van Jaarsveld ⁸	200	133	0	51
1968	Pienaar ⁹	425	484	0	57
1979	Muller ¹⁰	567	141	0	63
1987	Esterhuyse ¹¹	342	254	0	2
1988	Bruwer ¹²	539	890	3	148
1999	Stromberg ¹³	26	30	0	135
2004	Giliomee ¹⁴	676	1887	3	34

¹ Nixon, J. 1885. *The Complete Story of the Transvaal*.

² Theal, G.M. 1886. *Boers and Bantu: A History of the Wanderings and Wars of the Emigrant Farmers from their leaving the Cape Colony to the overthrow of Dingan*.

³ Ridpath, J.C. & Ellis, E.S. 1899. *The Story of South Africa*.

⁴ Bredell, H.C. & Grobler, P. 1986. *The Memoirs of Paul Kruger* (Bredell & Grobler 1986).

⁵ De Wet, C.R. 1902. *Three Years War*

⁶ Gustav Preller, G.S.: 1920a, 1920b, GS. 1922, 1925a, 1925b, 1937, 1938a, 1938b & 1938c. - 1938. *Voortrekkermense Deel I tot VI*. Kaapstad: Nasionale Pers.

⁷ Preller gebruik nie die term *Afrikaner* nie, maar die term *Voortrekker* 400 keer.

⁸ Van Jaarsveld, F.A. 1959. *Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn*.

⁹ Pienaar, P. de V. (red). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*.

¹⁰ Muller, C.F.J. (red). 1979. *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*.

¹¹ Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.vd P. & Van Niekerk, A.A. (reds). 1987. *Moderne Politieke Ideologieë*.

¹² Bruwer, P.F. 1988. *Vir Volk en Vryheid*.

¹³ Stromberg, J.R. 1999. *Maatskappy, State, and Empire: A Pro-Boer Revision*.

¹⁴ Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*.

BOERE HET *Die Afrikaanse Patriot* gelees en het onder die invloed daarvan gekom. 'n Belangrike aspek is die feit dat *Die Afrikaanse Patriot* nie die term Afrikaner gebruik het nie, maar wel die term Afrikaander. Dit is duidelik dat die stigters van *Die Afrikaanse Patriot* 'n onderskeid tussen die Kolonialers onderling getref het, maar hulle noem nie eers die bestaan van

die Boervolk nie, alhoewel hulle as die teikengroep van die publikasie gereken word en as “Regte Afrikaanders” bestempel word. Daar word ooglopend in die ontwikkelings tydperk gesoek na die *regte terme* wat gebruik moet word. Dit blyk duidelik uit ’n aanhaling in die eerste *Die Afrikaanse Patriot*, wat op 15 Januarie 1876 verskyn het (Van Jaarsveld 1980:119):

Mar (*sic*) daar is daarom drie soorte van Afrikaanders. Dit moet ons in die oog hou. Daar is Afrikaanders met Engelse harte. En daar is Afrikaanders met Hollanse (*sic*) harte. En dan is daar Afrikaanders met Afrikaanse harte. Die laaste noem ons Regte Afrikaanders, en die veral roep ons op om an (*sic*) ons kant te kom staan (*beklemtoning).

Die invloed, wat *Die Afrikaanse Patriot* op die identiteit en terme rakende die Boer en Afrikaner gehad het, is tot dusver grootliks buite rekening gelaat deur ontleders en akademici. ’n Studie oor hierdie aspek sal baie interessant wees.

Paradigma A en die geldende mening se invloed op outeurs

PRELLER SE GESKRIFTE verskyn in die vroeë 1900’s. Hy kom dus geleidelik onder die invloed van diegene wat die paradigma van Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme wou vestig. Hy voer onderhoude met persone wat in die 1800’s geleef het en wat hoofsaaklik die term Boer gebruik het. Sy eie kommentaar rakende die gebruik van Voortrekker en Afrikaner word in die syfers in Tabel 2.2 weerspieël en dui daarop dat hy reeds onder die invloed van die geldende mening gekom het. Preller (1920-1938) se geskiedenis rakende die “Voortrekkers” maak ruimskoots gebruik van en haal direk aan uit veelvuldige geskrifte en onderhoude wat gevoer is met deelnemers en onmiddellike nasate aan die Groot Trek, wat as primêre bronne dien. Preller self kan beskou word as ’n “oorgangskrywer” of iemand wat die tussenbenadering handhaaf, aangesien die term *Boer*, wat in sy oorspronklike bronne voorkom, nét so gebruik word, maar in sy eie kommentaar gebruik hy dikwels die term *Voortrekker* of *Afrikaner*, in plaas van *Boer*.

Die “Regses”, veral na die 1960’s, onder andere, binne die AWB, Oranjerwerkers, Afrikaner Volkswag, HNP en KP, onderskei tussen die suidelike en noordelike groeperings wat ontstaan het, maar is tot so ’n mate deur die geldende mening en konseptuele blok beïnvloed, dat hulle steeds na die republikeinsgesinde noordelike groepering (Boere) as (regse)

Afrikaners verwys het. Hulle pas dus nie volkome in by Benadering A of Benadering B nie en word as tussengroep geklassifiseer.

JA Wiid (1968) kan ook onder Hipotese C geklassifiseer word. Hy skryf in Pienaar (1968) se boek, 'n *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, die tweede hoofstuk, *Die geskiedenis van die Afrikaner*, en stel:

Teen die einde van die agtiende eeu kon Suid-Afrika daarop aanspraak maak dat hy aan die wêreld 'n nuwe volk, die Afrikanervolk, gelewer het wat 'n uitgestrekte grondgebied bewoon het (Wiid 1968:17).

Dan stel hy op bladsy 19 dat die “Boerevolk het 'n blanke volk gebly” en praat in die res van die hoofstuk van die *Boerevolk* en die *Afrikanervolk*.

Dit is belangrik om Pieter Bruwer (1988) se benadering in sy boek, *Vir Volk en Vryheid*, onder die loep te neem, aangesien daar ruimskoots uit sy boek aangehaal word. Hy was deel van die Oranjewerkers en maak 'n baie duidelike onderskeid ten opsigte van die twee groepe wat in die 1800's ontstaan het. Hy onderskei die twee groepe deur te praat van die Kolonialer of *Cape-Dutch*, wanneer hy na die Kaapse Afrikaner verwys, en van die *Afrikaner*, wanneer hy na die *Boer* verwys. Wanneer hy aangehaal word, sal die terme, wanneer nodig met 'n [*] in konteks gebring word. In hierdie boek sal die term Kaapse Afrikaner en Kolonialer as sinonieme gebruik word.

Soos by Paradigma B se skrywers is dit opvallend dat van die skrywers van Benadering C, wat in die 20^{ste} eeu betrokke was, buite die hoofstroom media gerangeer is en dat min publisiteit aan hulle standpunte gegee is. Bruwer se skitterende boeke is wyd deur regse groeperings gelees, maar leidende akademici, soos Giliomee, dra nie eers kennis van sy bestaan nie. [28]

Samevoeging: Boer en Kolonialer

DIE ONSEKERHEID TEN opsigte van identiteit by BASA20 en die latere BASA21 kry verdere impetus nadat die Kaapse Afrikaner en die Boer, aan die begin van die 20^{ste} eeu, kunsmatig en onsuksesvol saamgevoeg is.

Na die Tweede Vryheidsoorlog se vredesluiting in 1902, was die Boervolk aan haglike omstandighede blootgestel. 'n Derde van die Boervolk se bevolking het omgekom, plase is vernietig, gesinne is ontwrig en die

toekoms vir die Boervolk was donker. Drakoniese wetgewing en beleid deur die Engelse onder veral Milner en Selbourne, het die lewe vir die Boervolk ondraaglik gemaak. Verstedeliking het op groot skaal plaasgevind, terwyl werkloosheid en die sogenaamde armblanke vraagstuk aan die orde van die dag was. Deist (2002:72) stel dat die omstandighede “... *created a golden opportunity for the elite ideologues ... to forge a new and powerful ethnic group* [*Afrikanernasie] *out of historically different groups* [*Boer en Kolonialer]” Die feit dat die twee groepe, wat saamgevoeg is, histories uiteenlopend was, het aanleiding gegee tot ’n onwerklike en kunsmatige eenheid. Beide groepe het die eenheid “ter wille van politieke oorlewing” aanvaar, maar daar is nie geslaag om ’n blywende en effektiewe eenheid, wat ’n volhoubare volksidentiteit openbaar, tot stand te bring nie.

Die totstandbringende van die Afrikanernasie as “*a new and powerful ethnic group*” is georkestreer deur die “*elite ideologues*” deur die toepassing van politieke sosialisasie en ’n goed georkestreerde proses van sosiale ingenieurswese (Deist 2002:72). Die proses van sosiale ingenieurswese het daarin geslaag om politieke eenheid vir ’n tydperk te vestig, maar kon, ten spyte van oorwinnings by die stembus, nie volledige en blywende resultate te opsigte van volkskap en identiteit vestig nie. Dit het tot gevolg gehad dat die lede van die nuutgevormde kunsmatige groep verdeeld was en steeds vandag verdeeld is. Trouens, indien teruggekyk word na hierdie tydperk, kan afgelei word dat hierdie fase van identiteitsontwikkeling by die Afrikaner bygedra het tot verwarring ten opsigte van wie BASA21 vandag is. Hierdie proses word later volledig bespreek.

Tydens die proses waartydens sosiale ingenieurswese toegepas is, word die Kolonialer se taal (Afrikaans) en kultuur (kookkuns) met die republikeinse ideologie, vryheidstewe, onafhanklikheidsgesindheid, geskiedenis en kultuur van die Boervolk kunsmatig verweef. Deist (2002:73) stel dat daar met groot sorg in die skole, kerke en universiteite, “vir ’n tydperk van 60 jaar,” die “fiksie van ’n *All-Afrikanerdom*” gevestig is. In hierdie boek word die neologisme, “apartheid-Afrikaner”,^[29] of die **Afrikanernasie**, as sinonieme vir Deist se “*All-Afrikanerdom*” gebruik.

Politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese

ONS IS STEEDS BESIG om te kyk na die oorsake waarom BASA21 verdeeld en onseker is oor identiteit. Om dit beter te verstaan, moet die begrip sosiale ingenieurswese verduidelik word.

Die toegewyde program van politieke sosialisasie, wat, volgens Deist (2002:72-73), heimlik deur sekere elite groepe toegepas is, sluit, onder andere, die Afrikanerbond (Bond),^[30] Kindergarten^[31] van Milner en Selbourne en die Afrikaner-Broederbond (AB) in.^[32] Hierdie entiteite sal later in meer detail bespreek word.

Politieke sosialisasie behels die prosesse waardeur mense as individue en as 'n groep se politieke oriëntasie, waardes, benaderings, gesindheid, opinies en optredes gevorm word. 'n Onderskeid word getref tussen die woorde socialiseer (*socialising*), wat die alledaagse gesellige verkeer tussen persone behels en sosialisasie (*socialisation*), wat die proses verteenwoordig waardeur mense en groepe se groepsidentiteit, politieke oriëntasie, waardes, benaderings, gesindheid, opinies en optredes op 'n doelgerigte georkestreerde wyse gevorm of verander word.

Dit is belangrik om daarop te let dat sosialisasie subtiel toegepas word en dat die persoon, wat aan die proses blootgestel is, nie (noodwendig) van die indoktrinasie en die vestiging van kulturele waardes in hom/haar bewus is nie.

Sosiale ingenieurswese behels die doelgerigte, sistematiese en sistemiese georkestreerde proses van sosialisasie van 'n groep of groepe met die doel om 'n sekere sosiale, kulturele en/of politieke resultaat te bereik. In hierdie boek word die term sosiale ingenieurswese in die konteks van politieke sosialisasie gebruik.

In Deist (2002) se publikasie oor die materiële kultuur van die Bybel bespreek hy, onder andere, die sosiopolitieke situasie tydens die skryf van die Bybelteks. Hier gebruik hy as analoë voorbeeld van Israel, die politieke sosialisasie wat deur die Koloniale-Afrikanerelite toegepas is om die Afrikanernasie in Suid-Afrika tot stand te bring. Hy gee 'n uitgebreide ontleding van die situasie en die prosesse van politieke sosialisasie en hoe dit besonder effektief in die Afrikanernasie se geval aangewend is. Daardeur is aan die neo-Afrikaner 'n enkele identiteit met 'n enkele geskiedenis toegeskryf en is die afsonderlike identiteite en geskiedenis van die Koloniale of Kaapse Afrikaner en die Boer eenvoudig saamgesmelt tot die identiteit en geskiedenis van die sogenoemde Afrikanernasie. Hierdie kunsmatige enkel identiteit kon slegs gedeeltelik slaag en daarom bestaan

daar vandag, weens die verskille in kulturele geheue en kulturele erfenis, steeds twee groepe.

Die bronne, wat beskryf hoe die sosiale ingenieurswese proses plaasgevind het, is min en word baie subtiel aangebied, aangesien dit nie openlik gepropageer is nie. Deist (2002:72-73) is een van die skrywers wat daaroor skryf en stel dat die Afrikanerelite daarin geslaag het om 'n “nuwe, fiktiewe en magtige etniese groep *uit histories uiteenlopende groepe* tot stand te bring.” Dit het volgens hom plaasgevind deur die “vorming van 'n geheime besluitnemende liggaam (die AB), sowel as 'n massiewe investering in 'n indoktrinasieproses.”

Volgens Schönteich en Boshoff (2002:15) was doktor Malan een van die hoof-argitekthe agter die sosiale ingenieurswese. Stromberg (1999:23) bevestig dié stelling en noem Malan “*a classic early-20th century intellectual, a utopian social engineer.*”

Johannes Degenaar (1987:238-248) is van mening dat die Afrikanerelite en die Nasionale Party die hoofrolspelers was in die proses, wat die Afrikaner in die dertiger- en veertigerjare, ter wille van Afrikanernasionalisme, gemobiliseer het.

Wilkens en Strydom (1978:2-32) beskryf in *The Super Afrikaner* volledig hoe die AB, vanaf 1920, gebeurde, ideologieë en die wese van die Afrikaanssprekende Blankes, asook die res van Suid-Afrika, op alle lewensterreine beheer het. Leon (2018:6) stel dat hy die AB sien as 'n “organisasie wat na eenheid onder Afrikaners gestreef het en was in die besonder as sodanig 'n voertuig wat gelei het tot eenheid en onderdanigheid om mense binne 'n sekere paradigma te hou.”

Terwyl ons van die AB praat, is dit baie belangrik om in gedagte te hou dat, alhoewel van die stigterslede van die AB as Boergesindes gesien kan word, die Koloniale Afrikaner die AB mettertyd oorgeneem en gedomineer het. Die indruk wat verder ontstaan het, is dat 'n liberaler ingesteldheid nodig was om lid te word en dat 'n behoudende ingesteldheid mens uit die AB gehou het. Later het die indruk ontstaan dat Vrystaatse Boere meer bereidwillig as Transvaalse Boere was om by die AB betrokke te raak.

Dit is verder interessant om te let hoeveel van die leiers uit die geledere van Stellenbosch Universiteit afkomstig was. Die liberalisering van die AB kan grootliks toegeskryf word aan die invloed van Afrikaners uit die Kaap. Predikante en akademici wat invloed en leierskap binne die AB laat geld het, het baie dikwels 'n “Stellenbosch-verbintenis” gehad. Dit word weer

beklemtoon dat die Kolonialer (met Stellenbosch as die latere kweekhuis) geen vryheidsideaal gedemonstreer het nie. Hulle het wel politieke eenheid en politieke beheer en oorlewing nagejaag.

Die AB het die totstandkoming van die kunsmatige apartheid-Afrikaner as entiteit help orkestreer. Wilkens en Strydom (1978) beskryf hoe die AB individue tot hoë hoogtes help vorder het en hoe hulle “teenstanders” totaal eenkant toe kon stoot en gebreek het, indien nodig. ’n Voormalige leier (Wickus du Plessis) in die AB is byvoorbeeld deur die AB verguis nadat hy met dr. Verwoerd swaarde gekruis het (Marx 2010).

Paradigma A as uitgangspunt van die Afrikanerelite, asook die geldende mening, soos deur die AB gedikteer, word net weer kortliks genoem. Dit behels dat die Afrikaner primordiaal ontstaan het ná die aankoms van Jan van Riebeeck, dat die gebeure by Graaff-Reinet en Swellendam, die gebeure in die Paarl met die GRA en die Bond, Slagtersnek en die Groot Trek, Bloedrivier, die stigting van die ZAR en die OVS, die ontwikkeling van Afrikaans as taal, die Slag van Majuba, die twee Vryheidsoorloë, die Boereopstand van 1914-15 en die gebeure rondom die Ossewabrandwag en die Voortrekkermonument – alles sinchronisties en anachronisties – agter die naam van die Afrikaner en sy direkte voorsate geplaas word (Van Jaarsveld 1980b:228).

Kulturele erfenis

TYDENS DIE PROSES VAN sosiale ingenieurswese is gepoog om die twee groepe (die Boer en die Kaapse Afrikaner) tot so ’n mate te verenig dat ’n nuwe, alhoewel volgens Deist (2002:72-73) ’n fiktiewe, *politieke, kulturele en ideologiese eenheid* tot stand gebring kon word. Die skrywer postuleer dat, ten spyte van hierdie proses van sosiale ingenieurswese en niuteenstaande die indoktrinasië-proses, ’n duidelik aantoonbare ideologiese verskil tussen die Kaapse Afrikaner en die Boer bly voortbestaan het. Hierdie postulaat sluit by Malcolm Gladwell (2008) se mening oor kulturele erfenis aan.

Die fenomeen van kulturele erfenis of kulturele nalatenskap, wat van geslag tot geslag vir etlike jare by individue en groepe bly voortleef, word beskryf deur Gladwell (2008:175), wat in sy boek, *Outliers: the story of success*, die volgende beweer:

... cultural legacies are powerful forces. They have deep roots and long lives. They persist, generation after generation, virtually intact, even as the economic and social demographic conditions that spawned them have vanished, and they play such a role in directing attitudes and behaviour that we cannot make sense of our world without them.

Kulturele Nalatenskap/Erfenis/Geheue kan gesien word as die kultuur uniek aan die groep waaraan iemand behoort, wat geskep en oorgedra is vanaf die individu en groep se voorgeslagte en vorm 'n patroon, wat elke individu sowel as die groep, se optredes en gedrag beïnvloed en bepaal. Gladwell (2008:19) beweer dan ook dat:

... the culture we belong to and the legacies passed down by our forebears shape the patterns of our achievement in ways we cannot begin to imagine.

Hy beskryf verder (2008:161-176) hoe die Amerikaanse noorde en suide vandag nog in gesindheid en houding verskil. Op dieselfde beginsels kan daar onderskeid getref word tussen twee groepe binne BASA21.

Hermann Giliomee onderskei tussen:
[Die] mense in die suide [*Afrikaners] wat weer lojale onderdane is,
nou net nie meer aan die koningin van Engeland en haar ryk nie,
maar aan die Nuwe Suid-Afrika (NSA) en
die noordelike Afrikaner [*Boer] wat weer burgers soos die
republikeine van ouds geword [het]

GILIOME (2016C:293), wat gesien kan word as die kontemporêre outoriteit oor die “Afrikaner”, onderskei tussen die twee groepe en stel dat “die Afrikaanse gemeenskappe [hy noem dit toevallig ook die suide en die noorde] het teruggekeer na dit wat hulle in die laaste dekades van die negentiende eeu was voor Afrikanernasionalisme ontwikkel het.” Hy argumenteer dat die mense in die suide weer lojale onderdane is, nou net nie meer aan die koningin van Engeland en haar ryk nie, maar aan die NSA. Aan die ander kant plaas hy die “noordelike Afrikaner...” wat weer “burgers soos die republikeine van ouds geword [het] wat vir bepaalde gemeenskappe intree.”

Volgens Gladwell (2008) se beskouing van kulturele geheue, kulturele erfenis of kulturele nalatenskap behoort die geskiedenis van die Boer en die Kolonialer oor die afgelope 300 jaar in ag geneem te word, wanneer die samestelling en eienskappe van BASA21 onder die loep geneem word. Die spektrum wissel tussen twee uitgesproke onversoenbare pole. Aan die een kant is die nasionalistiese ideologie en vryheidstrewe van die Boer of Boeregesindheid.^[33] Aan die ander kant is die Kolonialergesindheid^[34] en konformerende gees van die destydse Kolonialer (nou die kontemporêre of hedendaagse Afrikaner), met 'n liberale en ekonomiese ingesteldheid, sonder 'n vryheidstrewe. Eersgenoemde beskou oorlewing op sy eie grondgebied en onafhanklikheid as sentraal, terwyl die tweede groep slegs taal en ekonomiese welvaart sentraal plaas.

Wanneer daar na die kulturele erfenis en die gees van die Boer verwys word, sal die term “Boeregesindheid” gebruik word. Dienooreenkomstig sal die term “Kolonialergesindheid” gebruik word wanneer na die kulturele erfenis en gees van die Kolonialer verwys word.

Verwarrende terme

DIT KAN NIE OORBEKLEMTON word hoe maklik daar verwarring kan ontstaan oor die naam van 'n groep nie. Bydraes van geskiedskrywers, kommentators en akademici, wat wetend of onwetend (onder invloed van die geldende mening en die konseptuele blok) deel van die sosiale ingenieurswese proses was, het die situasie nog meer ingewikkeld gemaak deur dikwels ontoepaslike terme vir verskillende groepe te gebruik. In dié publikasie word daar volledig na die verskillende terme en groeperinge gekyk in 'n poging om die verwarring aan te spreek.

Terme soos Afrikaan, Afrikaner, Kaapse Afrikaner, Kolonialer, liberale Afrikaner, *Cape-Dutch*, Hollandse-Afrikaner, Afrikaanse-Afrikaner, Trekboer, Voortrekker en Boer word dikwels verkeerdelik sinchronisties, anachronisties, lukraak, uitruilbaar en dikwels foutiewelik as sinonieme gebruik. Dit is belangrik om die terme, wat in hierdie boek gebruik word, krities te evalueer en te definieer, sodat die leser presies sal weet na wie op watter stadium verwys word.

Twee groepe: steeds 'n ondertoon

TER WILLE VAN PARADIGMA A asook die geldende mening, word die ontstaan en bestaan van die twee groepe nie deur die akademici van die 20^{ste} eeu beklemtoon of ontleed nie en word veral die totstandkoming van die Boer as afsonderlike volk nie uitgelig nie. Trouens, die Boer word as sinoniem met die Afrikaner genoem. Nieteenstaande die geldende mening, word die teenwoordigheid van twee onderskeibare groeperings as 'n voortdurende ondertoon in die meeste historiese en akademiese publikasies duidelik waargeneem. Die Boervolk as een entiteit word egter selde eksplisiet uitgespel.

Soos reeds genoem sluit dit nie die benadering van die buitelandse skrywers soos Nixon (1885), Theal (1886), Ridpath en Ellis (1899) en Methuen (1901) in nie. Hulle gee 'n oorsig van die geskiedenis voor die aanvang van politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese, aan die begin van die 20^{ste} eeu in Suid-Afrika. As waarnemers, wat buite die gebeure of geskiedenis gestaan het, gee hulle deurgaans 'n objektiewe weergawe en gebruik die term *Boer* in hulle publikasies, sonder om die woord *Afrikaner* ooit te gebruik. Hou in gedagte dat in die stadium wat hulle geskifte verskyn het, die bevordering van Afrikanerskap 'n geringe of geen rol gespeel het nie en het die Afrikaner as verwysende na 'n homogene groep, nog nie bestaan nie.

Nasionale bewussyn, volksbewussyn en groepsbewussyn

WANNEER OUTEURS GROEPSITUASIES in die geskiedenis evalueer, word daar dikwels gefouteer deur die groep binne 'n verkeerde konteks te plaas. Volgens Degenaar (1987:233) is dit belangrik “om 'n onderskeid te maak tussen groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn ten einde die verskillende stadia van sosiale, kulturele en politieke bewuswording te identifiseer.”

Degenaar (1987:233) wys daarop dat sosiale, kulturele en politieke bewuswording onderskeidelik lei tot 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn. Die vorming van groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn lei tot die vestiging van identiteit, wat verder deur ideologie bevorder word (Figuur III). Volksidentiteit lei nie noodwendig tot nasionale identiteit nie en kan onafhanklik in volksnasionalisme, soos binne

die Boererepublieke, ontwikkel. Die aanhangers van Paradigma A aanvaar nietemin die ontwikkeling van groepsidentiteit tot volksidentiteit en tot nasionale identiteit as noodwendig om die paradoksale eenheid van 'n Afrikanernasie, wat deur die proses van sosiale ingenieurswese in die 20^{ste} eeu geskep is, te regverdig (Pretorius 2022a:37).

Dit is veral belangrik om op die ontwikkeling van die Boer te let. 'n Groepsbewussyn wat aanvanklik bestaan het, het mettertyd oorgegaan het na 'n volksbewussyn. Volgens Giliomee (1989:14) en Bruwer (1988:87) het die Afrikaner – ten minste tot 1876 – geen volksbewussyn gedemonstreer nie. Teen hierdie tyd het daar reeds 'n tydperk van ten minste veertig jaar verloop waartydens die Boer as volk bestaan het. Die jaar, 1876, as die ontstaansdatum van die Afrikaner is debatteerbaar en word later in besonderhede ontleed.

'n Nuwe paradigma (B) word gepostuleer naamlik dat die bestaan van die Afrikaner nie voor die laaste kwart van die 19^{de} eeu nie, maar eerder in die 20^{ste} eeu 'n werklikheid geword het. Dit kom kortliks daarop neer dat daar twee onafhanklike en duidelik identifiseerbare en unieke Afrikaanssprekende Blanke groeperinge in Suider-Afrika, naamlik die Boer en die Kolonialer tot stand gekom het. Hierdie twee groepe is dan in die 20^{ste} eeu aan politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese blootgestel om die fiktiewe Afrikanernasie tot stand te bring. Paradigma B daag die uitgangspunte van Paradigma A en die geldende mening, wat in die 20^{ste} eeu aan die orde was, uit.

Om reg aan die nuwe paradigma te laat geskied, moet die verloop van die geskiedenis baie krities en met 'n oop gemoed onder die loep geneem word. Die feite is daar, maar die konsep moet opgedateer word, aldus Gould (Deist 2002:78).




Gevolgtrekking

BASA21 IS 'N IDEOLOGIES verwarde groep mense. Hulle weet nie wie hulle is nie en is onseker oor hul identiteit. Die verwardheid ten opsigte van identiteit, asook die diepgewortelde onoorkombare verdeeldheid onder die geledere van BASA21, kan teruggevoer word tot by die haarwortels van die

ontstaan van die verskillende groepe in die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeu en word in die volgende hoofstuk verder bespreek.





HOOFSTUK 3

BASA21 SE VERDEELDHEID EN ONSEKERHEID ONTLEED

Om die verdeeldheid onder BASA21 te verstaan, moet na eksterne faktore asook na die interne aspekte, naamlik die mense waaruit BASA21 bestaan, gekyk word. Die eksterne faktore behels die huidige ingesteldheid en poging van ander rolspelers om BASA21 binne 'n groter, kosmopolitiese geheel te akkommodeer, terwyl die interne faktore die inherente samestelling en ontwikkeling van die groep behels.

Eksterne faktore

DIT MOET IN AG GENEEM word dat 'n deel van BASA21 nog nooit 'n onafhanklikheidstrewe openbaar het nie en altoos bereid was om te konformeer en in 'n groter geheel van multikulturalisme en diversiteit opgeneem te word. Die gees van 'n (sogenaamde) **reënboognasie** was vir baie lede van BASA21 aanvaarbaar en die fiktiewe nasionalisme van Suid-Afrikanerskap word deur hierdie lede voorop gehou. Hierdie ingesteldheid bots reëlreg met die onafhanklikheidstrewe en volksisme van die republikeinsgesinde groepering binne BASA21. Dit gee direk aanleiding tot verdeeldheid, verwarring en konflik oor identiteit.

'n Verdere probleem (deesdae 'uitdagings' genoem) wat tot die verwarring bydra, is die rol van die groep wat as Bruinmense, Kleurlinge of Koisan bekend staan. Alhoewel hulle volgens definisie nie deel van BASA21 is nie, word hulle op grond van die feit dat sommige van hulle Afrikaans praat by die debat betrek. Daar is selfs 'n sekere deel van

BASA21 wat wit en bruin Afrikaanssprekendes, onder die term “Afrikaanses”, as ’n eenheid beskou (Scholtz 2016:76, 172).

Dit moet in gedagte gehou word dat die oorgrote meerderheid Bruinmense, Kleurlinge of Koisan oënskynlik nie duidelik ’n behoefte openbaar om op ’n georganiseerde wyse ’n volk of ’n unieke groep te vorm nie. Dit is een van die uitdagings waarmee hulle van tyd tot tyd gekonfronteer word. RSG, wat as Afrikaanse (Afrikaner) radiostasie uit die voormalige SAUK se Afrikaanse diens ontstaan het, word tans grootliks deur hierdie groep gedomineer. Hou in gedagte dat hierdie groep geen bydrae gelewer het om die radiostasie te stig of uit te bou nie. Die indruk word by RSG geskep dat daar ernstig gepoog word om ’n fiktiewe “nasie van Afrikaanses”, wat oor kleurgrense heen strek, te bevorder. Die oogmerk is oënskynlik om die Boervolk en sy vryheidstrewes in die proses geleidelik of selfs minder geleidelik uit die prentjie te skuif. Dit slaag reeds, aangesien die Boervolk weens hulle kulturele erfenis en vryheidstrewes nie deel van hierdie kunsmatige groepering wil wees nie en daarom nie meer na RSG luister nie.

’n Verdere aspek, wat in ag geneem moet word, is die rol van postmodernisme.^[35] Volgens die raamwerk van **postmodernisme** steur sommige mense hulle (oënskynlik) nie aan identiteit nie (Kok 2016). Onder die invloed van postmodernisme is ’n deel van BASA21 bereid om as wêreldburgers in ’n grys identiteitlose samelewing verswelg te word.

Interne faktore

OM DIE MANIFESTERING van twee groepe binne BASA21 beter te verstaan en die verwarring en verdeeldheid wat ontstaan het te verduidelik, moet na die ontstaan en die ontwikkeling van die Koloniale en die Boer gekyk word. Die twee groepe se uiteenlopende ontwikkeling en omstandighede het gelei tot onderskeibare kulturele geheues. Verder het die interaksie tussen die twee groepe ’n sekere patroon aangeneem. Dit moet ook in ag geneem word by die verklaring van die onderlinge verwarring en verdeeldheid. Laastens het die gedeeltelik suksesvolle en kunsmatige samevoeging van die twee groepe, om die Afrikanernasie tot stand te bring, ’n beduidende rol gespeel.

Die Afrikanernasie, as kunsmatig saamgestelde fiktiewe politieke groepering, het ná 1994 en ná die beëindiging van die apartheids-era

grootliks gedisintegreer. Die staatsmasjinerie, wat effektief deur die Afrikanerelite aangewend is om die apartheid-Afrikaner met sosiale ingenieurswese en deur middel van propaganda in stand te hou, het ophou funksioneer. Trouens, dit het reeds vanaf 1961 (soos later verduidelik) geleidelik begin taan. Die disintegrasie van die propagandamasjinerie vorm 'n verdere deel van die oorsaak van die bestaande verdeeldheid.

Uiteenlopende groepe verdeel

DIÉ TWEE DUIDELIK ONDERSKEIBARE groeperings, wat ons vandag die moderne Boer en die kontemporêre Afrikaner noem, het in Suid-Afrika ontwikkel en word in hierdie boek breedvoerig beskryf. Daar het 'n duidelike derde groep na 1994 na vore getree. Die derde (tussen) groep sal later breedvoerig bespreek word. Eers word die onderskeid tussen die twee hoofstrome getref en in besonderhede bespreek. Die voorsate van die Boer, met 'n republikeinse strewe, het uit die Kaapkolonie getrek en die ongetemde binneland bewoonbaar gemaak, terwyl die voorsate van die Afrikaner hoofsaaklik in die Kaap agtergebly het.

Die term “**republikeinsgesindheid**” word gebruik, aangesien verskeie skrywers melding maak van 'n “republikeinsgesindheid”, wat onder 'n sekere faksie van die Blankes in Suid-Afrika bestaan het en steeds bestaan. Volgens die geldende mening, wat deur die meeste historici gehandhaaf is, word doelbewus nie van die Boer gepraat nie en word die term “Republikeinse-Afrikaner” eerder gebruik. Dit toon dat daar inderdaad 'n onderskeid met die Kaapse Afrikaner getref word. Muller (1979:157) kan as voorbeeld genoem word, wat onder andere, stel: “Alhoewel baie van die Kaapse en Natalse Afrikaners aan koningin Victoria lojaal sou bly en gaandeweg in taal, kultuur en gewoontes verengels, sou hulle tog oor die algemeen sensitief bly ten opsigte van die Britse optrede teenoor hulle *republikeinse broers* en susters [*Boere] in die binneland.”

Die term *republikeinsgesind* is egter meer omvattend en wanneer dit in hierdie boek aangewend word, verteenwoordig dit *onafhanklikheidsgesind*, *volksgesind*, *nasionalisties*, *patrioties* en dui dit op die teenwoordigheid van 'n *volksbewussyn*. Die term “volksisme” word sinoniem met “republikanisme” gebruik. Verder impliseer *volksisme* ook 'n afwesigheid van 'n bereidwilligheid tot konformasie en 'n opgaan in die geheel. Degenaar

(1987:236) haal Van Jaarsveld aan, wat stel dat “selfbeskikking”^[36] die kernbegrip vir die republikeine geword het.

Sommige voorsate van die Afrikaner (Kolonialers) het as “na-trekkers” eers later noord verhuis, nadat die binneland bewoonbaar gemaak is. Ten spyte van die verandering in “*economic and social demographic conditions*” (Gladwell 2008:175) het die verskil in inherente kulturele nalatenskap tussen die twee groepe bly voortbestaan. Die Boer het orde geskep deur die totstandkoming van owerhede binne eie republieke (Aanhangsel A), terwyl die Afrikaner voorsate tevrede was om onderdane binne ’n Britse kolonie te bly. Buitelanders uit verskeie lande het saam met die Boere teen die koloniale onderdrukker, Engeland, tydens die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë geveg, terwyl die meerderheid Afrikaners uit die Kaap nie saam met hierdie buitelanders teen die Engelse-koloniste geveg het nie. Intendeel, 25 000 Kaapse Afrikaners of Kolonialers het sáám met die Britse magte téén die Boere van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) en die Oranje Vrystaat (OVS) in die Tweede Vryheidsoorlog geveg en dus meegedoen aan die vestiging van kolonialisme deur die Engelse (Bruwer 1988:363). Bruwer stel dit as volg ten opsigte van die deelname van die Kolonialers: “Dit was die optrede van die Kolonialers wat dit vir die Engelse moontlik gemaak het om die Afrikaners [* Boere] van die Republieke “onder te ploeg.” Hy stel verder:

Gedurende die vredesamesprekings is beweer: “Die Engelse het sowat 50 000 Engelse en Hollandse Afrikaners onder die wapen.” (Kestell 1909, p63.) Indien die 25 000 Engelse waarna vroeër verwys is daarvan afgetrek word, beteken dit dat sowat 25 000 Kolonialers aktief teen die Afrikaners [*Boere] geveg het. Hierdie is ’n feit wat die Kolonialers vandag natuurlik hard probeer om te verbloem.^[37]

Hierdie feite word ter wille van Paradigma A en die vestiging van die geldende mening telkens deur historici geïgnoreer.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog het die Boere geweier om teen sy voormalige bondgenoot (Duitsland) te veg en het gevolglik teen die Afrikaner-regering, wat deelname aan die oorlog wou afdwing, gerebelleer. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het ’n soortgelyke situasie ontstaan en het die Boergesindes geweier om teen Duitsland te veg en in die proses die Ossewabrandwag tot stand gebring. In beide situasies was die regering en die Afrikaner groepering, wat bereid was om saam met Engeland teen die

Boere te veg, weereens bereid om saam met Engeland te gaan veg. Giliomee (2004:332) haal oudpresident Steyn aan, wat opgemerk het dat:

... die Suid-Afrikaanse magte nou gemobiliseer word vir 'n oorlog teen Duitsland, wat in die Anglo-Boereoorlog simpatie met die Boererepublieke betoon het. Hy het bygevoeg dat hy nooit kon dink dat 'n regering, veral 'n Afrikanerregering, die kinders van konsentrasiekampe [*Boere] teen die Duitse volk sou aanwend nie.

Infiltrasie en oorname lei tot verdeling

DAAR BESTAAN 'N GEVESTIGDE herhalende patroon waar Afrikanergesindes by 'n organisasie, wat deur die Boer tot stand gebring is, betrokke raak, die administrasie oorneem en die doelwitte van die organisasie aanpas en verskuif in 'n ander (meer liberale) rigting. In wese word die organisasie telkens deur die Afrikaner gekaap.

Dié Olifant praat Afrikaans

**Die Kolonialers het vorendag gekom met die
ondermyningswerkswyse – oorname van Boere-
organisasies – wat so kenmerkend van die 20^{ste} eeuse
Afrikaner-geskiedenis sou word, 'n werkswyse waarmee
hulle die Boer tot vandag aan die neus rondswaai.**

Pieter Bruwer

DEUR DIE VERLOOP VAN die geskiedenis het die Kolonialer en later die Afrikaner telkens die instellings en organisasies, wat deur die republikeinsgesindes en later deur Boere of Boergesindes tot stand gebring is, geïnfiltreer en oorgeneem. Selfs vanaf die 1880's vind die situasie plaas waar een of twee Boere met 'n visie of idee binne die republikeinse plan na vore tree en die plan dan gekaap word. Weens die Boer se kulturele nalatenskap asook die gebrek of agterstand aan strukturele en administratiewe vermoë en/of die dringendheid om by sy boerdery en dag tot dag bestaan betrokke te wees, laat hy die bestuur van die idee aan die Afrikaner oor.

Hou in gedagte dat die Boer gewoonlik idealisties by 'n volksaksie betrokke raak en sy dryfveer gebaseer is op 'n “hoër roeping” om die instelling te vestig. Dis vir die Boer belangrik DAT iets moet plaasvind, maar is ongelukkig nie altyd bekommerd HOE dit plaasvind nie (Pretorius W: 2021). Op dié wyse vind ons, onder andere, dat dit só belangrik vir die Boer is om 'n predikant by hulle betrokke te kry, dat hulle uiteindelik met 'n span liberale predikers opgeskeep sit.

Na die vestiging van 'n instelling, is die Boer bereid om na sy eie beroep terug te keer en die verdere bedryf van die gevestigde instelling aan administrateurs oor te laat. Die Afrikaner is gereed om by die administrasie van enige saak betrokke te raak en maak daarvan 'n *beroep*, nie 'n *roeping* nie. Die Afrikaner word gekies of aangestel weens sy bestuursvermoë en nie weens sy ideologiese ingesteldheid nie. Die Afrikaner neem dan die visie van die plan of organisasie geleidelik oor en verander die visie en beleid geleidelik sodat die nasionalistiese doelwit van die organisasie later, ter wille van die Afrikaner se monetêre oorwegings (om sy beroep te beskerm), verwater of verdwyn. Dikwels weeg ekonomiese oorwegings dan swaarder as beginsels. Vergelyk die AB, Toekomsgesprek (TG)^[38] ATKV, Volkskas, SAUK, FAK, NP, KP, HNP, selfs die APK, Mynwerkersunie en Radio Pretoria, wat almal dieselfde pad geloop het. AfriForum en selfs die CVO skole, staan voor dieselfde kruispad. Die Boere se geskiedkundige terreine, soos Bloedrivier en die Voortrekkermonument, is ook volgens hierdie patroon oorgeneem. Selfs die reëlins van die jaarlikse feesviering by Majuba word dikwels deur Kolonialergesindes uitgedaag.

Bruwer (1988:286) beskryf hierdie proses as volg:

Deur hierdie insypeling en kapingsproses het die Kolonialers hulself in 'n gemaklike posisie ingedwing waaruit hulle vandag nog nie ontsetel is nie. Onder die skyn van “Afrikanerskap” [*Boerskap] infiltrer hulle alle Afrikaner-instellinge [*Boere-instellinge] net om dit van binne af te ondermyn en te vernietig.

Hierdie optrede neem 'n patroon aan wat ook genoem kan word: “ *'n Proses van infiltrasie en oorname deur Afrikaners met Boeremaskers aan.*”

Piet Boer^[39] (2007:5-6) lewer as volg kommentaar:

Die wit Afrikaners met Boeremaskers.^[40]

Na die Groot Trek en die vestiging van die Boere in die Transvaal en Vrystaat het die wit Afrikaners hulle uit die Kaap kom vestig. Hulle het soos parasiete kom teer op die sweet en bloed van die Boere.

Sedert 1903 het die “Hensoppers” en die “Joiners”, wat die wit Afrikaners insluit, begin organiseer vir ’n toekoms saam met die Britse Koloniale Regering. Dit het gelei tot Uniewording. Die Boerevolk sou nooit weer daardie soewereine vryheid van hulle terugwen nie.

As ons na die politieke ontwikkeling kyk tot en met Republiekwording, en die rolspelers, dan is dit duidelik dat die Boere-maskerdraers oral ingesypel het. Wie kon later onderskei wie is wie?

Bruwer (1988:285-286) beskryf hierdie patroon as volg:

Die Vrystaatse koerant, De Express, sou die situasie reeds in 1887 as volg raak beskryf : “In Indië vang hulle wilde olifante deur ’n makke tussen sy wilde broers in te jaag. Die mak olifant bring sy wilde broers binne die bereik van die jagters. So-iets gebeur ook tans in Suid-Afrika. Die tam koloniale olifant word gebruik om die republikeinse olifant binne die bereik van die jagters te bring. Maar wie kry die buit – die tande – die kosbare ivoor” (Express 27-12-1887).

Radio Pretoria is in sy stigtingsjare deur Boergesindes gestig en onderhou. In die begin is daar konstant nét van Boer deur, onder andere, Johannes van der Walt en Anita Armand gepraat. Die liberalisering en konformerings van Pretoria FM (die nuwe naam) en die feit dat die Boer as entiteit totaal geïgnoreer word, is een van die mees onlangse en ontstellende voorbeelde van oornaming van die Boer se instellings deur die Kolonialergesinde Afrikaner, of *Afrikaners met Boeremaskers*. Die patroon vestig die gedagte dat die Afrikaner die Boer as stemvee gebruik om sy eie doelwitte te bereik en ook om “pro-republikeinse en vryheidsgerigte organisasies”, wat deur die Boer tot stand gebring is, te infiltreer en oor te neem, die organisasie se doelwitte te liberaliseer en in ’n “konformerende rigting” te bestuur.

**Die Kolonialer/Afrikaner (Afrikaners met Boeremaskers)
infiltreer Boere-organisasies, liberaliseer en konformeer
die doelwitte en neem dit uiteindelik oor**

HIERDIE FENOMEEN VAN infiltreer en oornaming vind steeds onverpoosd plaas. Louis Meintjies en Bennie van Zyl^[41] beskryf die radiostasie se wegbeweeg van die Boeregesindheid in die program *Hartland*, oor Pretoria FM, op 23 Julie 2018. Hulle spreek hulle misnoeë in geen onduidelike taal nie daaroor uit, terwyl Van Zyl bevestig dat die Boere die stasie in die

beginjare letterlik met hulle lywe beskerm het. Chris Conradie, die eerste bestuurder van Radio Pretoria, bevestig dit tydens sy onderhoud met Martin Jansen, oor Pretoria FM, op 26 Julie 2018. Van Zyl stel dat die *Hartland*-program, waarin die TLU die saak van die Boeregesindes vir 'n geruime tyd oorgedra het in Augustus 2018 van die lug afgeneem, sonder om dit eers met hulle te bespreek.^[42] Dit blyk dat selfs die ingeligte leiers van die TLU, weens Gould se konseptuele blok (Deist 2002:78), die “mak olifant” in die trop misgekyk het.

Bennie van Zyl stel verder in die program dat die Afrikaner nie kan saamstaan nie – dat hulle in die begin saamwerk en dan uitmekaar spat. Die werklike feite is dat die Boer bereid is om saam te werk binne 'n nuutgestigte instelling, maar gebreke daaraan gaan om die “olifant in die trop” of die Afrikaners met Boeremaskers, te identifiseer. Wanneer die Kolonialergesinde Afrikaner (mak olifant) die instelling liberaliseer, is die Boeregesindes nie bereid om betrokke te bly nie en onttrek hulle van die instelling. Hierdie is 'n baie belangrike fenomeen wat deur die Boere-elite in die toekoms aangespreek moet word.

Na die stigting van die KP is “die regte kandidate” na kiesafdelings “ingevoer”. As voorbeeld kan dr. Treurnicht genoem word. Alhoewel hy 'n persoon van integriteit en 'n besondere leier was, was hy 'n produk van Stellenbosch Universiteit, voorsitter van die AB en was hy nooit 'n *Boer* nie.^[43]

Dieselfde fenomeen vind, onder andere, plaas by Toekomsgesprek (TG). Nadat die meeste republikeinsgesindes (onafhanklikheidsgesindes of Boere) uit TG bedank het, omdat hulle nie wou deelneem aan die 1994-verkiesing nie, is TG deur Afrikaners oorheers, die naam na Volksbond verander en is daar 'n nuwe (meer liberale) rigting ingeslaan.

Die resultate van hierdie infiltrasie en oornam deur Afrikaners met Boeremaskers is dat die aanvanklike republikeinsgesinde tradisie van die instelling deur die Kolonialer/Afrikaner geliberaliseer word en op só 'n wyse bestuur word dat die organisasie uiteindelik óf *ophou bestaan* óf *teen* die Boer geposisioneer word. Verskeie voorbeelde waar hierdie fenomeen in die geskiedenis na vore getree het, word in dié boek uitgewys.

'n Laaste voorbeeld van “oornam deur die Afrikaner” is die Bokkieweek, wat aanvanklik as Aksie Volkseie Skolesport^[44] teenoor die Cravenweek tot stand gebring is en reeds deur Afrikaner-politici met Boeremaskers (uit die ou KP) oorgeneem is. Die naam is verander na

Afrikaner Volkseie Skolesport. Dit het plaasgevind onder leiding van (oorlede) KP LV. Daan Nolte. Die moontlikheid dat die Kolonialergesindheid met kompromieë en konformasie mettertyd hier kan insluip, is 'n wesentlike bedreiging.

'n Belangrike aspek van hierdie fenomeen is dat die lede van die Boervolk in die toekoms baie versigtig moet wees vir “Afrikaners met Boeremaskers” of “mak olifante wat Afrikaans praat.” Tydens die vryheidsproses moet die rolspelers bedag wees op overte (openlike) én kovert (geheime en agterbakse) planne teen die Boervolk se vryheidsplan. Dit is maklik om die Croukampe, Max du Preez's, Theo Venters, Tim du Plessis en die Malema's uit te ken, maar die “mak olifante”, of Afrikaners met Boeremaskers, wat insluip, is dikwels die gevaarlikste vyand. Menige Christelike Volkseie Onderwys (CVO) skool en AP Kerk het hierdie les op 'n duur manier geleer. Pretoria FM behoort fyn dopgehou te word.

Afrikaner antagonisme

DWARSDEUR DIE GESKIEDENIS word gevind dat die Kolonialergesinde Afrikaner 'n vyandigheid en antagonisme teenoor die Boergesinde Afrikaner openbaar. Alles wat met Boer geassosieer word of wat regs en behoudend is, word deur die Kolonialergesinde Afrikaner afgekraak, gehoon en geminag. Veral liberale politici, ekonome en joernaliste (lees redakteurs) neem met entoesiasme aan hierdie verskynsel deel. Dit begin by “Onze Jan”, wat eerder met Engelse as met Afrikaners (*Boergesinde Afrikaners) geassosieer wil word (Scholtz 1977:291). Johann Rupert praat van mense met “hul kranksinnige regse gesindhede” (*Beeld* 5 Junie 2018:14). Maas praat neerhalend “van ander mense, wat rassiste en dies meer is” (La Vita 2016). Willem de Klerk stereotipeer in Oktober 1967 almal wat behoudend is as: “Verkrampes: eng en na binne gekeer, wat aan die verlede kleef en heksejagte uitvoer teen enigiets wat nie tradisioneel is nie” (Giliomee 2004:500). Hierdie stereotipering bly voortleef in die aanslag van Afrikaners soos Max Du Preez, Piet Croukamp, Tim du Plessis, Deon Maas en Koos Kombuis.

Bruwer (1986:240) stel dit in sy boek, *Die derde vryheidsoorlog woed, as volg*:

Enige Afrikaner-nasionalis [*Boergesinde] wat nie saamgegaan het met regeringsbeleid nie, het die etiket “verkramp” om sy nek gekry. Die Opposisie-pers het die woordpaar onvertaald gebruik, maar

dit laat aansluit by die reeds bestaande begrippe van “extremist” en “fanatics” vir diegene onder die Afrikaners [*Boergesinde] wat in die verlede by hul volksbeginsels gestaan het en hul identiteit wou bewaar – hulle is nou die “verkrampes” genoem, ’n term waaraan ’n lelike betekenis verleen is.

Bruwer (1986:242) haal verder vir Van Jaarsveld aan, wat stel:

Met die skeuring in die NP het die Afrikanerkoerante na 1969 die houding ingeneem dat die basis van die NP van konserwatief na liberaal verskuif het, en het beroepsafrikaners by die hek op soortgelyke wyse mense uitgeruik en na die buitenste duisternis van die verkrampes ... afgewys. Politieke heksejagtery en aftakeling van persoonlikhede is nie onbekend in die geskiedenis van die Afrikaner en sy pers nie.

Die verdeling duur voort

DIE GOUE DRAAD VAN diepgewortelde ideologiese skeiding, gegrond op uiteenlopende kulturele nalatenskap in die Afrikaanssprekende bevolking, kan gevolg word vanaf die 1600’s, dwarsdeur die verloop van die geskiedenis, tot vandag. Hierdie fenomeen word later in meer besonderhede bespreek, maar ’n paar voorbeelde word kortliks hier genoem.

Johann Rupert, bekende liberale ekonoom, erken die verskil as hy in *Beeld* (5 Junie 2018:14) stel: “Maar jy moet verstaan dat daar ’n geweldige verskil is tussen die Transvaalse Afrikaner ... en die Kaapse Afrikaner.”

Die geweldige verskil het nie eensklaps ontstaan nie, maar kom reeds van die 1600’s af. Die twee kampe of groepe manifesteer reeds tydens die tydperk toe die eerste Vryburgers^[45] in die Kaap gevestig is. Daarna tydens die Trekboerbeweging^[46] versus die amptenary; die Van Jaarsveld-rebellie (1799); die Slagtersnekrebellie (1815); Groot Trek; die twee Vryheidsoorloë; die Boereopstand van 1914-15 tydens die Eerste Wêreldoorlog; die Ossewabrandwag gedurende die Tweede Wêreldoorlog; die referendum (1960) oor republiekwording; die HNP-KP teenoor die NP en die Ja/Nee verspreiding tydens die referendum van 17 Maart 1992. Die kloof, wat dieper as net ’n politieke verdeling is, bestaan in 2022 steeds tussen die Afrikaner en die Boer en sal later volledig uitgewys word.

Dit word, onder andere, duidelik gedemonstreer deur die twee feeste wat tydens die 150-jarige herdenking van die Groot Trek in 1988 plaasgevind het. Die Voortrekkermonument^[47] is die Boerevolk se gedenkteken en is opgerig ter herinnering aan die gebeure wat met die voorsate van die Boerevolk tydens die Groot Trek plaasgevind het. Die ironie is dat die Afrikaner op die Monument beslag gelê het en dit

propageer asof dit 'n Afrikanersimbool is. Die Afrikaners beset die Voortrekkermonument tydens die herdenkingsfees in 1988, terwyl die Boere in die reën op 'n klipkoppie by Donkerhoek moes vergader.^[48]

Twee landbou organisasies het ontstaan: Agri SA, wat deur die AB tot stand gebring is en bereid is om te konformeer, teenoor TLU-Suid-Afrika, wat ingestel is op die oorlewing van sy lede. 'n Derde organisasie het intussen ontstaan en word later bespreek.

Twee geheime organisasies het langs mekaar vanaf 1983 bestaan, naamlik die AB, wat sy konserwatiewe lede afgestaan het aan TG. TG is in 1983 as teëvoeter vir die AB gestig en word later meer volledig bespreek. Die stigters van TG was republikeinsgesind of onafhanklikheidsgesind, terwyl die AB in die rigting van konformasie en 'n eenheidstaat beweeg het.

Radio Pretoria is op 18 September 1993 deur lede van die Boerevolk in reaksie op RSG se liberale rigting gestig. 'n Paar kleiner radiostasies het mettertyd ook die lig gesien. Radio Pretoria se naam is intussen na Pretoria FM verander en lê tans meer klem op Afrikanerskap en die gebruik van Afrikaans as om erkenning aan die Boer te gee, trouens, die woord *Boer* word feitlik nie meer (behalwe in liedjies) gehoor nie. Dit het tot gevolg dat Boergesindes vervreemd word en nie meer na Pretoria FM luister nie. Sommige gebruik vir Pretoria FM selfs die term 'RSG-Lite'.

Die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NG Kerk) het, bo en behalwe 'n liberale en konformerende gesindheid, hoofsaaklik 'n opponerende en vyandelike gesindheid jeens die Boer se behoeftes en sy vryheidstrewes geopenbaar. Giliomee (2004:165) beskryf die reaksie van die NGK op die Groot Trek as volg:

Onder die predikante was daar amper 'n instinktiewe neiging om lojaal te wees teenoor die regering, wat hulle as deel van 'n Godgegewe maatskaplike orde beskou het. 'n Meerderheid het by die NG Kerk se sinode van 1837 om hierdie rede hul afkeuring van die Groot Trek uitgespreek.

Drie nuwe kerke het in reaksie op die NGK se ingesteldheid oor die jare tot stand gekom. Dit sluit in die Nederduits Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk en later die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK). Die vyandige rol wat die NG Kerk teenoor die Boer openbaar het, asook die rol wat die NG Kerk ten opsigte van die vestiging van 'n kloof tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner gespeel het, sal later in meer besonderhede bespreek word. Volgehoue lidmaatskap van die NG Kerk in die 21^{ste} eeu kategorieer dikwels die lid. Daar kan amper aanvaar word dat 'n persoon

wat vandag steeds deel van die NG Kerk is, die Kolonialergesindheid of die konformerende gees en die kulturele geheue van die Koloniale openbaar en waarskynlik verkies om die term *Afrikaner* vir homself/haarself toe te eien en nie *Boer* nie.

Verdeling bevorder

SOOS REEDS GESIEN HET die Koloniale en latere Afrikaner dikwels, as Afrikaners met Boeremaskers, tot nadeel van die Boer 'n organisasie, wat deur die Boer tot stand gebring is, volgens die verhaal van die olifant, geïnfiltreer, die bestuur daarvan oorgeneem en die organisasie geliberaliseer. Die gevolg is dat die republikeinse siel van die organisasie vir daardie organisasie verlore gegaan het en die Boer se invloed binne BASA21 verskraal is. Verskeie verdere voorbeelde word in ons geskiedenis aangetref.

Die totstandkoming van die Afrikaner Volksfront (AVF) is 'n goeie voorbeeld van die *modus operandi* van die Afrikanergesinde en veral van die Afrikaner-politici om hul saak te bevorder. Die gebeure kan as volg saamgevat word (Pretorius 2012:37):

- 'n Viermankomitee kom op versoek van republikeinsgesinde (onafhanklikheidsgesinde) volksgenote aan die einde van 1991 bymekaar. Volgens my geheue het die lede bestaan uit dokter Wally Grant, Jan Groenewald, generaal Tienie Groenewald en professor Alkmaar Swart. Hulle opdrag was om die volk (volksgesindes/republiekgesindes), buite party-politieke verband, bymekaar te maak.
- 'n Eenheidskomitee van 25 (EK 25) kom tot stand op 22 Februarie 1992.
- Daarna kom die Volkseenheidskomitee (VEKOM), wat uit 70 volksorganisasies en partye bestaan, met 'n suiwer volksgerigte plan na vore met die hoofopdrag om 'n volkstaat tot stand te bring.^[49] Op hierdie stadium distansieer die KP (die Afrikaner-politici) hom nog van VEKOM. As kompromie word die volk, wat ter sprake is, ter wille van die bestaande paradigma van “eenheid-is-nodig-vir-oorlewing,” voorlopig die “Boere-Afrikaner” genoem.

- Die grondgebied wat die KP as beleidsdoelwit gepropageer het, het volgens verskeie sprekers, onder andere, die leier, doktor Andries Treurnicht, die gebied “van die Limpopo tot by Tafelberg” ingesluit.^[50] Om in pas te kom met die beleid wat VEKOM propageer, verander die KP hulle beleid en propageer nou ook ’n “volkstaat”.
- Om nie agter te raak by ’n vinnig ontwikkelende VEKOM en in die proses politieke momentum te verloor nie, stig die KP ’n organisasie wat hulle die Mobilisasie-komitee (MOBKOM) noem.
- Uiteindelik vind ’n samesmelting van MOBKOM en VEKOM plaas en die Afrikaner Volksfront (AVF), wat as magtige volksorganisasie moes dien, kom tot stand. Landwyd word die volk se verbeelding aangegryp. Die invoeg van “Afrikaner” in die naam dui reeds op infiltrasie van die Kolonialergesinde Maskerdraers. Die KP orkestreer en manipuleer die verkiesing van alle ampsdraers in uitvoerende posisies volgens ’n tipies politieke agenda en beheer uiteindelik VEKOM.^[51] Die KP se leier(s) (beroepspolitici) word die AVF se leier(s) en die spreekwoordelike dood is in die pot vir die AVF. Uit vrees dat hulle dalk politieke steun onder Afrikaner stemgeregtigde kiesers mag verloor, weier die politici, wat in die binnekringe van die aanvanklike volksgerigte organisasie sit, om van die term Afrikaner afstand te doen of om van Boer te praat.
- Dié volksgerigte organisasie word, as gevolg van die “kaping” deur die eenheidsoekende Afrikaner-politici, verander na ’n politieke organisasie en die AVF misluk uiteindelik as volksbeweging en as draer van die Republikeinse strewe.
- Die finale slag word gelewer toe Constand Viljoen in die Skilpadsaal, op 29 Januarie 1994, tydens ’n massa-volksvergadering by die Pretoriase Skouterrein voorgestel het dat die Afrikaner Volksfront aan die verkiesing van April 1994 moet deelneem. Genl. Viljoen is toe deur die mense as ’n verraaier uitgekryt (Pretorius 2000:63). Hy kondig later in die NGK sinodesaal aan dat hy ’n politieke party gestig het en “stembus toe gaan”.
- Van die bestaande KP-politici neem onder leiding van Viljoen, aan die verkiesing van 27 April 1994 deel. Die oorblywende politici binne die KP sluit later (omdat hulle nie wil agterbly nie) by die Vryheidsfront (VF) aan. Die naam verander na Vryheidsfront Plus (VF+) en die KP verdwyn in die niet. Die implikasie van hierdie handeling is dat die Afrikanerpolitici die nuwe bedeling ter wille van “poste” ondersteun

en bereid is om op te gaan in die groter samelewing van die NSA, terwyl die republikeinsgesinde Boer geen erkenning kry en geen plek het nie. Let wel, die Boer was nie by die onderhandelingsstafel betrokke nie. Die Afrikaner politici was waarskynlik onder die indruk dat hulle namens die Boer praat. Dit het egter nooit tydens die onderhandelinge na vore gekom nie.

Die naam van die nuwe politieke party is ook baie subtiel gekies, naamlik die Afrikaner Vryheidsfront, met dieselfde akroniem “AVF” as die Afrikaner Volksfront! Tydens onderhandelinge deur die leiers word ’n sogenaamde “Accord” in die naam van die “AVF” (na watter organisasie word verwys?) opgestel. Volgens Schönteich en Boshoff (2002:30) is die “*Accord*” nie wyd aanvaar nie en stel hulle:

The CP rejected the accord as useless and the AWB described it as a “pathetic little sham masquerading as an historic agreement.”

Die beweegrede agter die aksies van die politici was waarskynlik gebaseer op die paradigma dat eenheid onder Afrikaanssprekendes noodsaaklik is vir oorlewing. Duidelik het hierdie benadering om ’n kragtige volksbeweging om te skakel na ’n politieke party op ’n mislukking uitgeloop. Jann Schlebusch (2018) stel die omstandighede as volg:

Met die 1994-oorgawe en die wegbreek van die Constand Viljoen-groep, wat aan die nuwe politieke proses wou deelneem, het dit ons (en by name die BKA^[52]) heeltemal gedemoraliseer. Dit is wat my betref die belangrikste faktor wat verantwoordelik was vir die mislukking.

In plaas daarvan om ’n volksbeweging, wat namens die volk kan praat en as drukgroep kon optree, te vestig, word ’n minderheidspolitieke party, wat onderhewig is aan die reëls van die parlement, met bitter min impak, gestig. Hier lei die paradigma van “eenheid” tot ondergang, in plaas van sukses of oorwinning. Die uiteinde: Die Afrikaner Volksfront is geneutraliseer deur die Afrikaner politici.

Indien die AVF as ’n *volksorganisasie* aangebly het, kon dit vandag ’n magtige en invloedryke wapen in die hande van die republikeinsgesinde, volksgesinde lede van BASA21 gewees het en kon die geskiedenis moontlik anders verloop het.

Verdeling: ’n patroon

INHERENTE VERDEELDHEID onder die blanke Afrikaanssprekende bevolking manifesteer dwarsdeur die geskiedenis en vorm 'n gevestigde patroon. 'n Unieke onderskeibare kulturele nalatenskap of kulturele geheue is by elkeen van die twee groepe gevestig. Aan die een kant dien kan 'n gesindheid van konformasie as kulturele erfenis gevind word. Aan die ander kant 'n republikeinse strewe na vryheid. Hierdie fenomeen, ten spyte van moontlike konfrontasie, kan as instrument by projeksies oor die toekoms, waar die twee groepe betrokke is, aangewend word (Sien Hoofstukke 7, 8 en 9).

Die Volkstaatraad beweer in die vyfde verslag (Robbertze 1996:33,34) dat drie verskillende denkstrominge onder Afrikanergeledere na Uniewording ontstaan het:

Die tydperk ná unifikasie word gekenmerk deur verskillende denkstrominge in Afrikanergeledere.

- **Eerstens**, diegene wat tevrede was om onder Britse bewind 'n mate van selfbestuur te hê. Die gevolg van hierdie gedagterigting was om saam met die Engelsprekendes tot een Suid-Afrikaanse (Engelse) nasie te versmelt.
- **Tweedens**, diegene wat hulle beywer het vir volkome losmaking van Brittanje. Dié denkrigting het nie noodwendig selfbeskikking vir die Afrikaner in 'n eie gebied geïmpliseer nie. Dit het eerder gegaan om die losmaking van Suid-Afrika as geheel van Britse gesag.
- **Derdens**, diegene wat steeds daadwerklik en doelgerig selfbeskikking vir die Afrikaner [*Boere] nagestreef het.

Na die losmaking van Engelse gesag in 1961 het die tweede denkrigting verval.

Die gevormde konseptuele blok oor “een nasie” en Afrikanereenheid het tot gevolg gehad dat, ten spyte daarvan dat almal van twee groepe praat, dring almal aan op eenheid, wat nie realiseerbaar is nie.

Hierdie verdeling is tydens 'n voorlegging deur professor Neels Roelofse van die Universiteit van Venda beklemtoon. Hy het opgetree by 'n beraad wat in Kemptonpark tussen Boere- en Afrikanerleiers, op uitnodiging van voormalige president Zuma, met die regering in 2009 gevoer is. Hy stel tydens sy voorlegging aan Zuma dat daar twee groepe Afrikaners ontstaan het vanaf die tyd dat hulle die Kaap verlaat het tot vandag:

1. Die groep wat 'n suiwer ekonomiese uitkyk openbaar en tevrede was om onder die Britse vlag, asook vandag onder die ANC, te dien.
2. Die tweede groep het die Gariep [*Oranjerivier] oorgesteek, op soek na vryheid onder 'n Godvresende regering en wil vandag steeds daardie vryheid hê.

Roelofse konstateer onomwonde die feit dat die twee groepe “vandag nog bestaan” en dat die “tweede groep nie hulle ideaal van vryheid binne hul eie gebied sal prysgee nie.”

Verdeelde groeperings vandag


DIE TWEE GROEPE WAT uiteindelik vandag bestaan, word gesamentlik beskryf as die **Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu (BASA21)** en kan gesien word as dié groepering wat tot stand gekom het nadat die Afrikanerelite en die Nasionale Party-Broederbond-regering in 1994 “geabdikeer” het en word in Figuur 3.1 skematies voorgestel.

BASA21 is grootliks identiteitloos, leierloos, eliteloos, rigtingloos, land-/grondloos^[53] en word gevorm deur ’n groep mense met uiteenlopende en dikwels botsende ideologieë, beginsels, waardes, norme en prioriteite. Vanweë post-1994 propaganda het baie lede van dié groep geswig onder skuldgevoelens van ’n vaag-gedefinieerde “sonde van apartheid.”

Die lede van BASA21 gaan gebuk onder voortdurende beskuldigings en word voortdurend daaraan herinner dat hulle ’n skuldgevoel ten opsigte van hulle verlede en ten opsigte van apartheid behoort te openbaar. Volgens die beskuldigings behoort hulle daarom boete te doen, hulle eie identiteit prys te gee en te transformeer om in effek as groep boedel oor te gee en te verdwyn. In die proses behoort hulle, volgens hulle beskuldigers, te konformeer deur opgeneem te word binne ’n kosmopolitiese fiktiewe “reënboognasie”.

Johanna van Eeden (*Beeld* 7 Julie 2018:19) voer ’n onderhoud met dokter Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, wat stel:

Baie Afrikaners het in 1994 weggestap – ’n breek gemaak met die Afrikaner kultuur, eintlik maar bedank as Afrikaners.



Figuur 3.1: Die Blanke Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu (BASA21).

IN WERKLIKHEID IS DAAR, behalwe vir Afrikaans as taal, baie min elemente *vis-à-vis* volksvorming by 'n groot deel van BASA21 teenwoordig. As gevolg van die inherente diversiteit en onverenigbaarheid van die verdelings in BASA21, beskik die groepering, behalwe vir die taalkwessie, oor geen oorhoofse, samebindende politieke voertuig of spreekbuis, wat namens hulle kan optree of beding nie. BASA21 word saamgestel uit die liberale-Afrikaner en die moderne Boer, met 'n oorvleuelende tussengroep. Anders gestel, bestaan BASA21 uit die “meer suidelike groep” wat kompromitteer en konformeer, die “republikeinse groep” (onafhanklikheidsgesindes) wat “laer trek” en 'n tussengroep wat elemente van beide pole verteenwoordig en as Boere-Afrikaner gedefinieer kan word.

Die Kontemporêre (hedendaagse) Afrikaner

DIE KONTEMPORÊRE-AFRIKANER of die hedendaagse **Afrikaner** behels “*diegene wat hulleself vandag Afrikaners noem.*” Dit kan ook gestel

word dat dit BASA21 sonder die Boer is. Dié groep het ontstaan ná die disintegrasie van die elite en die regering van die apartheid-Afrikaner in 1994 en bestaan uit die meer liberale Afrikaner, wat die Kolonialergesindheid of liberale “Gees van die Kolonialer” besit en openbaar, gekombineer met die Boere-Afrikaner. Hierdie twee groepe verskil ideologies en lei daartoe dat die Kontemporêre-Afrikaner in homself verdeeld is en nie oor ’n eie ideologie beskik nie. Volgens Joubert (2016) is die Kontemporêre-Afrikaner verder nog kenmerkend en toenemend besig om alle besluite *ad hoc*, op ’n pragmatiese en arbitrêre grondslag te neem. Kapitalisme en selfverryking word as gevolg daarvan voorop gestel. Hy stel dat hulle redenasie eenvoudig is: “om in die nuwe Suid-Afrika te oorleef, moet ek baie geld hê om my privaatheid en eie veiligheid te kan koop” en “om dit te kan doen moet ek polities korrek optree.” Giliomee (2016c:293) skryf dat hulle nou “lojale onderdane van die Anglo-Amerikaanse ekonomiese en kulturele *empire* geword het.”

Die Kontemporêre-Afrikaner is, soos BASA21, as ’n bevolkingsgroep: grootliks identiteitloos, leierloos, eliteloos, rigtingloos en land-/grondloos. ’n Organisasie wat ’n leidende rol namens die Kontemporêre-Afrikaner óf van BASA21 speel, is moeilik definieerbaar.

Watter organisasies kan byvoorbeeld as verteenwoordiging van die Afrikaner genoem word? Is dit die AB, wat nou die Afrikanerbond geword het, of die Volksbond (ou TG)? Is dit die ATKV, FAK, AfriForum, Solidariteit, die FW de Klerk-stigting of die Volksraad Verkiesingskommissie (VVK)? Verder kan gevra word of redakteurs, joernaliste of kommentators namens die Afrikaner kan standpunt inneem? Wedersydse wantroue bestaan en die vraag kan met reg gevra word of die leiers van AfriForum sal aanvaar as die AB namens die Afrikaner leiding neem en of die FW de Klerk-stigting tevrede sal wees indien die Volksbond of die FAK leiding neem? Dan is die VF+ nie eers genoem nie. Die antwoorde op die vrae is uit die aard van die saak nie maklik nie en is weereens aanduidend van die verskillende en uiteenlopende kulturele erfenisse van die groepe binne BASA21.

Liberale kommentators bevraagteken die gronde waarop AfriForum en Solidariteit (ongespesifiseerde) aanspraak maak op verteenwoordiging van en leiding in Afrikaner aangeleenthede. Verder bevraagteken hulle die legitimiteit van AfriForum se aksies, erken nie hulle bevoegdheid en mandaat om namens die Afrikaner stellings te maak nie en beskou hulle as

regs, verregs, radikaal, rassisties en verkramp (Bienedell 2003:7). Aan die ander kant doen die Solidariteitsgroep self mee aan die skep van die verwarring, aangesien hulle moeite doen om die beeld uit te straal dat hulle 'n nie-rassige, multikulturele burgerregtelike diens lewer, deur op te tree namens bruin bewaarders en 'n swart vrou wat deur 'n ander swart vrou aangerand is.

Op 3 April 2022 kondig AfriForum aan dat hulle die voortou neem om 'n organisasie vir Bruin mense onder leiding van Heindrich Wyngaardt te stig. ^[54]

In *Beeld* (20 Oktober 2018:19) skryf Flip Buys in 'n artikel oor Afrikaans dat dit oor meer as 'n taal gaan, dit gaan oor 'n kultuurgemeenskap. Hy stel dat die Afrikaanse gemeenskap 'n belangrike groep in die Suid-Afrikaanse samelewing vorm en stel: “Daarom is die groot taak om die vrye en demokraties kulturele ruimtes te skep waarin *Afrikaanse mense* nog so tuis, vry en veilig voel en wees ... “ (*beklemtoon)

Hy eindig sy artikel deur te stel dat: “Die Afrikaanse gemeenskap het nog altyd die kulturele energie gehad om bo uit te kom, ongeag die omstandighede.” Die vraag word gevra: “Sluit die Afrikaanse gemeenskap van die Solidariteitsgroep die Bruinmense in?” Die skep van eenheid binne die mite van 'n Afrikaanse gemeenskap word bevraagteken in die lig van die mislukking van eenheid onder die Afrikanernasie, wat net uit Blankes bestaan het. Om nou te beweer dat die Afrikaanse gemeenskap in die verlede oor kulturele energie beskik het, mag dalk te wyd gestel wees.

Die optrede van die Solidariteitsgroep word dus bevraagteken aangesien hulle poog om op die terrein van 'n *volksbeweging* te opereer, sonder om die groep (of die volk?) duidelik te omskryf.

Die bevraagtekening geskied nie sonder meriete nie, aangesien 'n burgerregte organisasie en 'n vakbond gespesialiseerde organisasies is. So 'n organisasie is nie veronderstel, of gerat, om as “voertuig” te dien, vir 'n volk of bevolkingsgroep se vryheidstrewe en -stryd nie. Daar is egter niks fout daarmee dat die lede van die “volk” onafhanklik ook lede van die burgerregte organisasie is nie.

Ten opsigte van radiostasies kan met reg gevra word na watter radiostasie Afrikaners luister. Is dit RSG, Pretoria FM, Groot FM of Jakaranda FM? Wie verteenwoordig of ondervang BASA21 se behoeftes?

Die grootste gros hedendaagse **liberale Afrikaners**, in die breë sin, was as lede van die NP tydens die laaste fase van die NP-Afrikaner beheerde

regering instrumenteel deel van die ideologie van die vorige bewind. Hulle handhaaf tans hoofsaaklik 'n liberale lewens- en wêreldbeskouing en is steeds bereid tot konformasie en integrasie. Hier moet toegegee word dat 'n groep “liberales” in die vorige bedeling openlik teen apartheid gekant was. Vandag vind ons steeds 'n klein groepie van hierdie liberales of vêr-linkses, wat baie vrygewig met hulle kommentaar is en terselfdertyd venynig krities is oor alles wat behoudend, konserwatief of volgens hulle regsgesind is. Een van hulle wesentlike foutiewe aannames en uitgangspunte is om enige saak, wat met “Boer” te make het, as radikaal regs en rassities te bestempel en af te maak. Daar moet onthou word dat die Boer 'n volk is en nie “regs” is nie.

Soos die “regse” stereotipering word die rassisme-kaart dikwels gebruik. Die rassisme-kaart is 'n geykte liberalistiese mantra, wat telkens gespeel word by 'n tekort aan 'n logiese en sinvolle argument. Stephen Fry het tydens 'n episode van die program *QI*,^[55] *Godwin's Rule of Nazi analogues*^[56] aangehaal, wat die volgende oor aanlyn besprekings stel:

As an ongoing discussion grows longer, the probability of a comparison involving Nazis or Hitler approaches one.

Dié ongeskrewe reël stel dat die oomblik wanneer die gehalte van 'n debat tot so 'n mate ontaard het dat iemand die vergelyking met 'n Nazi of Hitler as deel van die argument gebruik, het hy/sy die argument verloor en het sinvolle debat 'n einde bereik. Binne die Suid-Afrikaanse konteks kan dieselfde beginsel deurgetrek word na die misplaaste gebruik van die terme “rassisme” en “apartheid”. Francois Rabie^[57] (2018:5) haal een van sy voorgraadse dosente aan, wat *Godwin's Rule* in effek bevestig het en op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak het deur te stel: “Die oomblik wat jy iemand 'n rassis noem, het jy die gesprek beëindig. Vanaf daardie punt aan is dialoog nie meer moontlik nie. En is dit nie beter om aan te hou praat nie?”

Terme soos *regs*, *verkramp* en *radikaal* word ook dikwels deur liberaliste op soortgelyke wyse misbruik. Verder word persone, wat argumente opper wat enigsins 'n behoudende of regse kleur het, verkeerdelik en baie gou daarvan beskuldig dat hulle na die verlede en na apartheid terugverlang.

Professor Adam Habib^[58] het reageer op diegene wat tydens die debakel waar Ashwin Willemsen en verskeie ander politieke figure vir Naas Botha en

Nick Mallet ongekwalfiseerd van rassisme beskuldig het. Habib is van die opinie dat rassisme as etiket in politieke debatte uitgedien is en stel (Sportredaksie, *Beeld* 22 Junie 2018:3): “Dit is onwaarskynlik dat dit die spul nie-denkers (en trolle) vir wie rassisme ’n etiket is om politieke geskille mee te besleg, tevrede sal stel.” In dieselfde koerant reageer Beukman, die redakteur van *Beeld* (22 Junie 2018:6), met:

Om apartheid egter toenemend op te haal as verskoning vir die mislukkinge in transformasie is ewe onaanvaarbaar. Of om die rassekaart te speel as die onverdedigbare nie meer verdedig kan word nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Boervolk nie ’n regse politieke groepering is nie, maar as ’n *volk* kwalifiseer. In wese is hulle nasionalisties en streef na onafhanklikheid. Polities word nasionalisme as regs op die spektrum geplaas, maar dit is onaanvaarbaar dat die etiket van radikaal, regs en verregs deur veral regressiewe liberaliste aan die Boervolk toegedig word.

Op die webwerf, boerevryheid.co.za, is telkens die standpunt ingeneem dat Die Boer is nie REGS nie - die Boer is REG!!

DIE LIBERALE AFRIKANER openbaar geen groepsbewussyn of nasionalisme (volksisme) nie. Hulle beskou (en verdoem) dié lede van BASA21 wat ’n groepsbewussyn of gees van volksgesindheid of nasionalisme demonstreer met die tipiese retoriek en wanvoorstelling as synde *regs, ekstremisties en radikaal*. Tipies kan gedink word aan kommentators soos Max du Preez, Koos Kombuis, Piet Croukamp, Adriaan Basson, Tim du Plessis, Jan-Jan Joubert, Christi van der Westhuizen, Johan van der Westhuizen en Deon Maas.

Volgens Lourens Joubert (2017) presenteer hierdie liberale groepering:

... steeds vandag in ongeorganiseerde vorm en spreek dikwels hulself krities uit teenoor die behoudende Afrikaners [*Boere] sonder dat eers gepoog word om sinvolle oplossings aan die hand te doen. Dit kom voor asof hierdie groepering geen probleem daarmee het dat die Afrikaner [BASA21] in die massa verdwyn en totaal integreer nie. Die vraag dien gevra te word of sodaniges nou verteenwoordigend van die Afrikanerelite is?


Die liberale Afrikaner, soos die Kolonialer (Pro-Koloniale-Kolonialer) van ouds, is bereid tot kompromieë, bereid om opgeneem te word in die mite of eerder die sprokie van 'n kosmopolitiese reënboognasie, daarom konformeer hulle en verdedig hulle die ideologie van Transformasie of Transformatisme in al sy fasette (sien later).

Mites kan gesien word as 'n “storie oor die gode, wat vertel word met die doel om te verklaar waarom die lewe is hoe dit is” (Gaarder 2007:23-29). 'n Mite ontstaan wanneer daar werklike/reële kulturele en historiese eienskappe en gebeurtenisse bestaan, wat aangewend kan word om 'n kunsmatige en fiktiewe entiteit te skep (Deist 2002:72). Geeneen van hierdie eienskappe bestaan vir die skep van 'n “reënboognasie” om volgens definisie as mite te kwalifiseer nie. Die begrip “reënboognasie” bly in werklikheid 'n sprokie of 'n illusie, wat soos 'n werklike reënboog net 'n illusie is, wat binne oomblikke in die niet kan verdwyn.

Liberaliste

Tipiese liberaliste is altyd bereid om te kritiseer, maar bied selde 'n oplossing vir 'n probleem aan.

Dit is nodig om die volgende opmerking oor liberaliste en liberalisme maak. My seun Johan (2018)^[59] het 'n liberalis as volg opgesom: 'n liberalis is soos 'n kefferbrakkie, wat vir alles om hom blaf; vir die bus, vir die maan, vir sy eie skaduwee en vir die geitjie teen die muur. Daarna maak hy 'n bolletjie op die gras, skop-skop met stywe agterpootjies die gras op sy eie bollie en trippel dan soos 'n skouperd, met sy stert en sy neus in die lug, al in die rondte om die houpie – baie trots op sy “prestasie”.



FIGUUR 3.2: Die liberale keffer-brakkie “kef-kef”, maak ’n hople, krap-krap en trippel dan tevrede rond (Skets: Stoffel)^[60].

Die republikeinsgesinde (onafhanklikheidsgesinde) groep

TER WILLE VAN DUIDELIKHEID word die historiese Boer en die moderne Boer apart bespreek, aangesien die identifisering met die Boer vir ’n tydperk kunsmatig met die term Afrikaner vervang is.

Die “historiese” Boer: Die term *Boer* of *Boere* word plaaslik en internasionaal gebruik wanneer daar verwys word na die blanke inheemse Suid-Afrikaanse volk wat uit die Proto-Boere^[61] ontwikkel het, verskeie republieke (Aanhangsel A) tot stand gebring het en hulle land en eiendom tydens internasionaal-erkende oorloë, as Boervolk, verdedig het.^[62] Die Boere het binne hierdie republieke eie grondwette saamgestel, wettige en demokratiese regerings verkies, amptelike vlae en embleme ontwerp, nasionale volksliedere getoonset en verdrae en ooreenkomste internasionaal en met omliggende volke en stamme gesluit. Die Boere het die volksmoord onder swart stamme in Suider-Afrika, wat bekend staan as die Mfecane, finaal beëindig.


**Wanneer iemand die besluit geneem het om as 'n
Boer bekend te staan, twyfel hy/sy nie verder oor
sy of haar identiteit nie**

ALHOEWEL DIE HISTORIESE Boer opgevoed, godsdienstig en opreg in sy lewenswandel was, is die Boer as gevolg van bedreigings en uitdagings gedwing om sy bestaan en ingesteldheid te fokus op die “oorlewing op sy grond” en het boekgeleerdheid dikwels in die proses, soos by vele pioniers-gemeenskappe, agterweë gebly. Dit het daartoe bygedra dat die Boer in die algemeen deur die verloop van die geskiedenis nie, soos die Koloniale in die Kaap, so goed administratief onderlê was nie en dat die Boereregerings en instellings dikwels van “eksterne bronne” vir administratiewe aangeleenthede gebruik moes maak. As voorbeeld kan genoem word die Hollanders wat as onderwysers, predikante en staatsamptenare deur Paul Kruger “ingevoer” is (Muller 1979:262). Let daarop dat Kruger dit gedoen het omdat hy nie die Kaapse Afrikaners vertrou het nie. Daar is wel dikwels van Kolonialers, wat op die dorpe gesetel was, deur die Boere-gemeenskappe gebruik gemaak, omdat hulle “geleerd” was. Hulle is dan as voorsitter, sekretaris, penningmeester en in ander uitvoerende ampte van kerkrade en ander sosiale- organisasies en instellings verkies en vertrou. My vader kan as voorbeeld dien van die verskynsel, alhoewel hy in wese 'n “geleerde” Boere-Afrikaner was. Hy het in 1953 as jong skoolhoof op 'n klein gemeenskap, Letsitele, aangekom. Hy het van boerdery absoluut niks geweet nie, maar is as sekretaris van die Boerevereniging gekies, omdat hy “geleerd” was. Politieke posisies en betrokkenheid/werwing by die AB is dikwels op dieselfde lees geskoei.

Dit is verder baie belangrik om daarop te let dat die Boer histories selde in uitvoerende posisies aangestel is. Daar is openlik teen die Boer gediskrimineer by bevordering en by die aanstelling in poste: eers deur die Engelse, daarna deur die AB-gedrewe Afrikanerelite en vandag deur die ANC-regering.


Ná die Tweede Vryheidsoorlog het verarmde Boere na die stede verhuis en veral by die myne in diens getree. Engelse base het skaamteloos teen Boere gediskrimineer en die kans om 'n mynkaptein te word of in senior poste aangestel te word (sonder om 'n Vrymesselaar te word) was feitlik nul. Poste is telkens deur Engelse en “Victoria se Afrikaners” gevul.

In die Kaap is op dieselfde wyse teen Pro-Republikeinse-Kolonialers, wat saam met die Boeremagte geveg het en deur die Engelse as “rebelle” afgemaak is, gediskrimineer. Volgens Bothma (2015:90) moes hulle “hul wapens neerlê en 'n dokument voor 'n magistraat onderteken waarin hulle erken hulle is aan hoogverraad skuldig. Daarna sal hulle lewenslank nie mag stem nie.” Dit het geïmpliseer dat hulle in geen regeringsposte aangestel sou word nie. Volgens Giliomee (2004:214) het:



Figuur 3.3: Die 16-jarige Petrus Coetze (met die hoed op tussen die twee bewaarders in die middel) hoor sy doodsvonnis aan op die kerkplein van Cradock op 24 Julie 1910 (Jooste & Oosthuizen 2000: 45).

Militêre howe 360 (Kaapse) rebelle ter dood veroordeel en aan meer as duisend is tronkstraf opgelê. [63] Baie ander is hul stemreg tydelik ontnem. Vier-en-dertig is tereggestel. Die familieledes is verplig om die teregstellings by te woon, wat die trauma verdiep het.



Figuur 3.4: Teregstelling van Gideon Scheepers op 18 Januarie 1902. Die foto is wederregtelik deur 'n Britse soldaat geneem (Jooste & Oosthuizen 2000: 172).

TYDENS EN NÁ DIE BOEREOPSTAND van 1914-15 is daar weereens teen Boere (in Transvaal, Vrystaat en in die Noord-Kaap), wat aan die opstand deelgeneem het en teen simpatieke ondersteuners van die Boereopstand van 1914-15 gediskrimineer. Piet Boer (2007:6) stel: “Die wit Maskerdraers het jag gemaak op die Boere-rebelle.” Behalwe dat baie rebelle in die tronk gegooi is, is hulle enorme boetes opgelê.

Behalwe dat 'n groot aantal Boere tydens die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer is, omdat hulle lede van die OB was, het Smuts verder teen hulle gediskrimineer deur 'n aantal oorlogsregulasies af te kondig, onder andere, dat geen soldaat, onderwyser of staatsamptenaar 'n lid van die Ossewabrandwag mag wees nie (Bothma 2015:415).

Die moderne Boer behels dié gedeelte van BASA21 wat hulleself vandag met die term “Boer” vereenselwig en identifiseer. Hulle openbaar steeds die Boeregesindheid, soos wat dit in die 19^{de} eeuse republikeinse Boer gemanifesteer het (Giliomee 2016c:293) en is daarom in die eerste plek steeds ingestel op die verkryging van 'n grondgebied waar selfbeskikking gehandhaaf kan word (Roelofse 2009). Hierdie vryheid en selfbeskikking behels dat die Boer sy eie skole, kerke en instellings van versorging daar wil stel en ontwikkel. Hierdie strewe na sy eie moet nie met die Apartheidsbeleid (wat later in diepte bespreek sal word) van die 20^{ste} eeu, wat volgens Giliomee (2004:54) “sy diepste wortels in die

Kompanjiestyd gehad het en met 'n geprivilegieerde burgerstatus as die kern van die bestel bevorder [is]", verwar word nie.

Ten spyte daarvan dat die Boer dwarsdeur die geskiedenis eksterne bedreigings ervaar het, gaan dit nie om uitsluiting van ander of die stryd teen die bedreigings nie. Dit gaan eerder om die bevordering van die eie en selfbehoud ter wille van vryheid as 'n oorlewingspoging. Roelofse (2009) stel dit duidelik dat die republikeinsgesindes (onafhanklikheidsgesindes) "die Gariep [Oranjerivier] oorgesteek het op soek na vryheid onder 'n Godvresende regering en wil vandag steeds daardie vryheid hê."

In die tweede plek is die moderne Boer, soos die res van BASA21, tans grootliks leierloos, eliteloos, rigtingloos en land-/grondloos. Giliomee (2016b) beskou die 20^{ste}-eeuse Boer, met 'n hoofletter "B", as in die algemeen bekend vir 'n "beginselvaste, konserwatiewe en republikeinsgesinde (*onafhanklikheids-gesinde) wit Afrikaan."

Al is dit nie empiries getoets nie, kan met redelike sekerheid gestel word dat die Boere ná 1970 nie meer vir die NP gestem het nie. Die skrywer was sedert 1964 stemgeregtig en het nooit een keer in my lewe vir die NP gestem nie. Daar word verder gepostuleer dat persone wat hulleself as Boere bestempel, oorwegend ná 1994 weerstand gebied het teen die erkenning van die ANC regime deur nie deel te neem aan nasionale of plaaslike verkiesings, sensusopnames en meningsopnames nie. Hierdie optrede onderstreep weereens die gevestigde patroon van kulturele nalatenskap. Die Boer het eerder deelgeneem aan kulturele bedrywighede, soos betrokkenheid by die viering van die Slag van Majuba en deelname aan Geloftefeeste. In die onlangse verlede het sommige Boere wel, ter wille van dienslewering, by plaaslike verkiesings betrokke geraak.

Die "Tussengroep"

TEORETIES KAN DIE KLOOF tussen die Boer en die Afrikaner duidelik gedefinieer word, maar op grondvlak bestaan daar 'n grys gebied aangesien daar 'n "tussengroep" bestaan. Hulle noem hulleself wel Afrikaners of alternatiewelik Boere-Afrikaners, maar kan in werklikheid nie as Afrikaner volgens definisie gekwalifiseer word nie.

Die tussengroep is tweeledig gevorm. In die eerste plek is Boere-Afrikaners ontnugterde liberale Afrikaners. Transformasie skep 'n gemeenskaplike vyand vir die Afrikaner aangesien alle witmense en veral

Afrikaanssprekendes, ongeag hulle politieke siening, slagoffers van regstellende aksie, werksverlies, diskriminasie by keuring en kontrakte asook misdaad is. Dié negatiewe uitwerking van transformasie op alle Afrikaners en die skep van 'n gesamentlike vyand, dryf baie liberale Afrikaners na die middelgroep. 'n Groot meerderheid is egter steeds bereid om as regressiewe liberale apologete te konformeer.

Aan die ander kant is Boere-Afrikaners die resultaat van Boergesindes, wat onder invloed van sosiale ingenieurswese en weens die konseptuele blok steeds aan die naam *Afrikaner*, ten spyte van hulle Boeregesindheid, vasklou. As individue en as groep is hulle in wese deel van die Boervolk aangesien hulle identifiseer met die vryheidstrewende en die Boeregesindheid, volksisme of republikeinse gees (onafhanklikheidsgeesindheid) asook deel aan die kulturele nalatenskap van die Proto-Boer van die 1800's (Giliomee 2016c:293; Gladwell 2008:175).

Weens hierdie uiteenlopende en selfs botsende ingesteldhede, is die Kontemporêre-Afrikaner nie in staat om 'n gemeenskaplike en eensgesinde ideologie of standpunt te formuleer nie en vorm dit 'n bron vir verdeeldheid en verwarde identiteit.

Hulle vorm uiteindelik deel van die Kontemporêre-Afrikaner aangesien hulle gebreinspoel is om hulleself as Afrikaners, in plaas van Boere te beskou. Hulle gebruik soms die woord Boer, wanneer daar na hulleself verwys word, veral indien hulle hulleself identifiseer met die vryheidsoorloë en die lyding en dood van meer as 31 000 kinders en vroue in die Britse koloniale konsentrasiekampe (Wessels 2011:13).^[64] Die terme *Boer* en *Afrikaner* word derhalwe deur hulle beskou as sinonieme. Hulle demonstreer egter steeds die sosiale reaksie as gevolg van 'n kulturele geheue van die republikeinsgesinde (onafhanklikheidsgeesinde) Boer. Hulle openbaar steeds 'n inherente strewe na vryheid, wat hulle van die liberale Afrikaner onderskei. Hulle identifiseer hulle ook nie met die onderdanige Kolonialergesindheid of “gees van konformering” van die res van die Afrikanernasie nie. Hierdie fenomeen is aanduidend van 'n diep gewortelde patroon van kulturele nalatenskap of kulturele erfenis.

Alhoewel die volgende stelling nie op wetenskaplike navorsing gegrond is nie, het die skrywer genoeg kontak met lede van hierdie groep om waar te neem en te beweer dat baie lede van die Boere-Afrikaners nie aan verkiesings deelgeneem het nie, nie sensusvorme en meningsopnames invul nie, dikwels nie meer TV (veral SABC) kyk nie en nie meer in

(getransformeerde) rugby belang stel nie. Die leë rugbypawiljoene in die laaste tyd mag aanduidend van die gesindheid, sekondêr tot die kollektiewe kulturele erfenis van hierdie groep, wees. Dit word ook waargeneem dat baie die hoofstroom kerke verlaat en huisgemeentes vorm of by meer charismatiese kerke betrokke raak. Die middelgroep, wat in wese met die vryheidstrewa van die Boer vereenselwig, het ook verskeie organisasies en instellings, gerig op selfstandigheid vir die middelgroep tot stand gebring.

In wese verbloem die Boere-Afrikaner 'n groot deel van potensiële lede van die Boervolk. Ná 'n eeu van meedoënlose sosiale ingenieurswese is dit moeilik om die groep, wat die Boeregesindheid of gees van die Boer as kulturele erfenis ontvang het, geredelik fisies te identifiseer. Dit beteken egter nie dat die Boer nie bestaan nie, intendeel, die Boer verteenwoordig steeds 'n beduidende deel van BASA21. Hierdie aspek word dikwels deur buitestaanders, waarnemers en kommentators onderskat, misgekyk of selfs bloot geïgnoreer.

Dit is moontlik om 'n verteenwoordigende gedeelte van die groep op 'n wyse “bymekaar te maak” en op 'n volksregister of ledelys van die Boerevolk te registreer of te verenig. Dit kan as die werklike uitdaging beskou word om by 'n oplossing vir BASA21 uit te kom en word in Deel IV bespreek.

In wese is die enigste verskil tussen 'n Boer en 'n beduidende deel van die Boere-Afrikaner die feit dat diene wat hulleself Boere-Afrikaners of Afrikaners noem (as produk van die sosiale ingenieurswese proses), (nog) nie die besluit geneem het om as *Boer* bekend te staan nie. Verder verskil hulle nie. Om 'n keuse te maak, is egter vandag krities belangrik en vorm deel van die moontlike oplossing vir oorlewing vir BASA21 in die NSA.

Die enigste verskil tussen 'n BOER en 'n beduidende deel van die BOERE-AFRIKANERS is die feit dat diene wat hulleself Boere-Afrikaners noem nog nie die besluit geneem het (keuse gemaak het) om as BOER bekend te staan nie.

TER VERSAGTING KAN genoem word dat die term *Boer* deur die media van die Afrikaner-sosialiseerders of sosiale ingenieurs tot só 'n mate gestigmatiseer en gestereotipeer is dat sommige mense skaam (of selfs bang) is om Boer genoem te word. Hierdie fenomeen is tans besig om op 'n drastiese wyse reggestel te word en te verander. Al meer mense is bereid om die keuse te maak en die besluit te neem om openlik as Boer na vore te tree en met die Boervolk se volksidentiteit te assosieer.

Gevolgtrekking

HISTORIES HET TWEE groepe of pole, naamlik - die Boer en die liberale Afrikaner binne die geledere van BASA21 ontwikkel. Weens die sosiale ingenieurswese van Afrikanereenheid (in die 20^{ste} eeu) aan die een kant en transformasie onder die ANC regime aan die ander kant, het 'n tussengroep, die Boere-Afrikaner, tot stand gekom. Die inherente verdeeldheid binne Boere-Afrikaner geledere lei tot verwarring ten opsigte van visie en missie rakende die toekoms van die Afrikaner.

Die liberale Afrikaner is bereid tot konformasie en onderdanigheid aan die politieke regime. Hulle neem deel aan die verkiesings en aanvaar drakoniese diskriminasie maatreëls gelate.

Aan die ander kant is die Boer se kulturele erfenis deur die verloop van die geskiedenis gevorm om weerstand teen ongeregtigheid en onderdrukking te bied. Die Proto-Boer se stem het min waarde ten opsigte van hulle eie belange in die Koloniale Kaap van die 1800's gehad. Dit het tot die Groot Trek aanleiding gegee, wat verder tot die totstandkoming van die Boererepublieke gelei het. Die moderne Boer het steeds nie sy republikeinse doelwit bereik nie en is steeds besig om die ideaal van vryheid, volksisme en onafhanklikheid na te jaag. Die politieke betrokkenheid by die NSA se hegemonie^[65] is duidelik nie die aangewese roete om by die ideaal uit te kom nie.

Die moderne Boer het nog nooit tuis gevoel in die NSA nie. Die Boer is ook nie geken of betrek by KODESA nie en het geen verteenwoordiging op enige formele en/of amptelike platform in die NSA nie.

Terwyl die Afrikaner bereid is om 'n gedeelte van sy grond weg te gee ter wille van transformasie, voel die Boer dat hy *nét* so deel van Suid-Afrika is as sy swart buurman en ook *nét* so geregtig is op grond, wat sy voorgeslag op wettige wyse en deur opoffering bekom het. Hy is nie bereid

om sy duurgekoopte grond weg te gee nie. Die Boer het nie die onderdrukkende koloniale regering van Engeland aanvaar nie en bied tans weerstand teen die onderdrukkende en rassistiese regering van die ANC. Die Boer is verplig om die wette van die land te gehoorsaam, maar ervaar min lojaliteit teenoor 'n regering wat hom (die Boer) as 'n tweederangse burger degradeer, wat op rassistiese wyse teen hom/haar diskrimineer, wat hom/haar as groep/volk marginaliseer en wat voortdurend politieke geweld op die Boervolk toepas. Onder hierdie omstandighede is dit 'n natuurlike reaksie om ontevrede te wees ten opsigte van die *status quo* in die NSA en is dit 'n natuurlike en logiese uitvloeïing dat die Boervolk (steeds) na sy eie onafhanklike gebied sal hunker.


Die middelgroep of Boere-Afrikaner, wat in wese met die vryheidstrewa van die Boer vereenselwig, noem hulleself egter steeds *Afrikaners* en sommige neig om, gebaseer op “gemeenskaplike taal”, die Kleurlinge of Bruinmense ook as deel van die oplossing te beskou. Dit gee aanleiding tot die ontstaan van die begrip “Afrikaanses”. Die Boere-Afrikaners of middelgroep se weerstandsaksies veroorsaak antagonisme vanuit die liberale Afrikaner, wat bereid is tot konformasie. Die Boervolk assosieer moeilik met Afrikaners en gee daarom selektiewe steun aan die middelgroep (wat hulle steeds as Afrikaner ag) se inisiatiewe.^[66] Uiteindelik is die resultaat 'n middelgroep wat in homself verdeeld is aangesien van sy “lede” assosieer met die uiteenlopende pole en dus geen eenheid vorm nie. Hierdie onsekerheid ten opsigte van “wie is ek” en “wie is ons” is duidelik oorsaaklik tot die uitspeel van verwarring ten opsigte van die middelgroep se identiteit. Dit impakteer verder op alle fasette en lewensterreine van BASA21. Hierdie onsekerheid oor identiteit en in die besonder ten opsigte van Afrikaneridentiteit, verklaar in 'n groot mate die verdeeldheid wat tans by BASA21 waargeneem kan word. Die lede van die Boervolk weet hulle is Boere en die liberale Afrikaners weet hulle is Afrikaners. Die verwarring oor identiteit vind in die middelgroep plaas.

Die lede van die Boervolk weet hulle is BOERE

Die liberale Afrikaners weet hulle is AFRIKANERS

Die verwarring oor identiteit vind in die middelgroep, onder die BOERE-
AFRIKANERS plaas






DEEL II

HISTORIESE ONTWIKKELING VAN BASA21

Die Afrikaanssprekende bevolking in Suider-Afrika het van vroeg af in twee afsonderlik onderskeibare volke ontwikkel. Daar word dus wegbeweeg van die rigiede siening

(Paradigma A) van historici van die 20ste eeu dat daar slegs een Afrikaanssprekende blanke volk, naamlik die Afrikaner, in Suid-Afrika ontwikkel het. Die stelling van Gould is weer ter sprake, wat beweer dat die ontwikkeling van 'n nuwe gedagte of rigting dikwels deur 'n rigiede konseptuele blok of begripsverstarring belemmer word (Deist 2002:78). Hierdie haakplek of konseptuele blok behels die idee dat die Afrikaner een homogene groep is met een homogene geskiedenis. In die volgende hoofstukke sal aangetoon word dat dit alles behalwe die waarheid is, trouens, daar sal aangetoon word dat sekere elemente binne BASA21 selfs vyandig teenoor mekaar staan.



HOOFSTUK 4

DIE FASES VAN ONTWIKKELING

Die ontwikkelingsgeskiedenis van BASA21 kan arbitrêr in ses fases ingedeel word. Die fases volg rofweg die verloop deur die afgelope vyf eeue en die laaste fase begin in die 20^{ste} eeu en volg deur tot in die 21^{ste} eeu. Daar word eers net kortliks gekyk na die Europese oorsprong van die verskillende groepe.

Verskillende volke verenig

DIT IS BELANGRIK OM te verstaan hoe die omstandighede in Europa, waaruit die latere Boer, Afrikaner en BASA21 ontwikkel het, gelyk het. Let daarop dat, alhoewel die persone wat in Suid-Afrika kom vestig het 'n Europese oorsprong en afkoms het, die situasie in Suid-Afrika nie 'n duplisering van die situasie in Europa was nie en dat die omstandighede grootliks met dié in Europa verskil het. Verskillende tipes mense uit alle klasse en uit verskillende nasionaliteite (hoofsaaklik Duitsers, Nederlanders en Franse) het op verskillende plekke en omstandighede verskillend ontwikkel. Dit het wel tot gevolg gehad dat daar uiteindelik ook klasverskille hier in Afrika ontstaan het, parallel aan, maar nie presies soos in Nederland en die res van Europa nie. Nuwe klasse en groepe het onder nuwe benamings in Suid-Afrika tot stand gekom (Van der Heever 1968:266).

Europese oorsprong

DIE VERENIGDE PROVINSIES van die Nederlande in die 17^{de} eeu word gesien as inleidend tot die moderne era, wat begrippe soos kapitalisme, nasiestaat,^[67] die informasie-samelewing en patriotisme insluit (Harari 2015:318-322; Ufer 2010:1).

Ufer beskryf die beskawingsproses wat die moderne era in Europa ingelei het en analiseer veral hoe tydgenote die samesmelting van 'n steeds ontwikkelende en groeiende beskawingsproses ervaar het. Hy lê klem op die dinamika van 'n steeds groeiende kloof wat tussen dorpenaars en plaasmense tydens die vinnig groeiende verstedeliking in die 1600's in Europa en veral Nederland ontstaan het (Ufer 2010:2).

Ufer (2010:7) verdeel die Nederlandse samelewing in vier klasse, naamlik die *burger*, *boer*, *pronckert* en *hovenier* (*landman*). Die **burger** word gestereotipeer as diegene wat in die stad bly, waar die geleenthede van moderne stadslewe tot die belofte van 'n voortreflike en beskaafde lewe lei. Die burger word as die ideale voorbeeld van “beskaafdheid” aangewys, teenoor die **boer**, wat as die toonbeeld van “gebrek aan beskaafdheid” gestereotipeer is.

Die burger het op die boer neergesien as “behorende tot 'n veragterde stadium van beskaafdheid, wat in die afgeleë platteland gedegradeer het tot 'n ongesofistikeerde en agterlike wese” (Ufer 2010:7-8; *vertaling). Die sogenoemde *pronckert* speel sy rol in die stad en dorp en is nie van enige belang vir die onderwerp nie. Die *hovenier* of *landman* behels die “burger”, wat die stad se ambisies vaarwel toeroep en 'n grondeienaar in die platteland word, maar sy kulturele geheue behou en dus sy “stadsmaniere en stadsgeleerdheid” saamneem plaas toe. Sy kulturele erfenis verskil dus van die *boer*.

Die Europeër het met hierdie “klas-bagasje” in die Kaap aangekom. Die plaaslike omstandighede in die Kaap het egter ten opsigte van verskeie aspekte met die Europese omstandighede verskil. Die unieke dinamika in die Kaap het ander groeperinge tot stand gebring en identiese Europese klasverskille het nie in Suid-Afrika voortbestaan nie. Tipies het veral die Engelse later die klasse steeds met 'n Europese bril beoordeel. Die Vryburgers, veral as gevolg van, veranderde omstandighede ten opsigte van grondbesit, asook die positiewe invloed van die Franse Hugenote, het nie identies aan die Europese boereklas gebly nie.

Vyf eeue – ses fases

DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS van BASA21 kan binne die vyf eeue, vanaf die 1600's, skematies (Figuur 4.1) in ses fases ingedeel word:

- **Fase 1:** Gedurende die 17^{de} eeu (1600's) was daar 'n gemeenskaplike voorfase.
- **Fase 2:** Gedurende die 18^{de} eeu (1700's) ontwikkel twee onderskeibare groepe onafhanklik van mekaar as Proto-Afrikaner en Proto-Boer.^[68]
- **Fase 3:** Gedurende die 19^{de} eeu (1800's) ontwikkel die Proto-Afrikaner verder om die Kolonialer (Kaapse Afrikaner) te word, *sonder* dat *volkswording* ter sprake is, terwyl die Boer as *Boervolk* uit die Proto-Boer ontwikkel.

Gedurende die 20^{ste} (1900's) eeu vind drie fases (**Fases 4, 5 en 6**) van ontwikkeling plaas, waartydens die twee groepe aan sosiale ingenieurswese blootgestel word:

- **Fase 4:** Tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu word die Kolonialer en die Boer aan doelbewuste en georkestreerde politieke sosialisasie blootgestel en deur middel van sosiale ingenieurswese gemanipuleer, geïndoktrineer en georiënteer om die Afrikanernasie tot stand te bring. Tydens hierdie fase het die apartheidsera tot stand gekom en word dié groepering in hierdie werk die *apartheid-Afrikaner* genoem.
- **Fase 5:** Gedurende die laaste helfte van die 20^{ste} eeu is gepoog om die apartheid-Afrikaner saam met ander blankes (veral Engelse) in Suid-Afrika te sosialiseer om, ter wille van politieke oorlewing en beheer, as *Blanke Suid-Afrikaners* bekend te staan.
- **Fase 6:** Vanaf 1994 deurlopend tot vandag in die 21^{ste} eeu is die politieke sosialisasie uitgebrei en tydens dié fase word gepoog om 'n fiktiewe (sprokie) “reënboognasie” tot stand te bring. BASA21 bevind hulleself vandag binne hierdie kunsmatige en fiktiewe groepering (Figuur 4.1) en word blootgestel aan transformasie.


Tydens die bespreking sal die verloop van die ses fases nie pertinent chronologies gevolg word nie, maar die leser sal die outomatiese en logiese

ontplooiing van die groeperings, soos in Figuur 4.1 voorgestel, binne die verloop van die tydperke kan waarneem.

Die ontluiking van twee groepe (Fases 1 tot 3)

Ontwikkeling tydens Kompanjiesbewind (Fases 1 en 2)

SAAM MET JAN VAN RIEBEECK het 90 amptenare van die Verenigde Nederlandse Geoktrooieerde Oos-Indiese Kompanjie (die Kompanjie), op 6 April 1652, in die Kaap aan wal gestap (Muller 1979:15). 'n Aantal amptenare is in 1657 van normale “Kompanjie-pligte” *vrygestel* en is die geleentheid gebied om onafhanklik te gaan boer en is daarom *Vryburgers* genoem. Dié amptenare was volgens Bruwer (1988:27-28, 34) nie uit die Europese boereklass nie en het klaarblyklik gesukkel met handarbeid en word daarom deur Jan van Riebeeck, ten opsigte van handvaardigheid, gesien as “swakke onkundige mense” (Giliomee 2004:1; Muller 1979:20). Die boerdery onder die aanvoering van die amptenare was dan aanvanklik ook minder suksesvol en word daar op versoek van Van Riebeeck in Nederland werwing gedoen om gesinne te vind “wat die landbou kan behartig”, met ander woorde afkomstig uit die Nederlandse boereklass (Muller 1979:25).



Figuur 4.1: Die ses fases waardeur BASA21 vanaf 1652 ontwikkel het.

STRENG VOORWAARDES in die kontrak het volgens (Bruwer 1988:35) baie voornemende Vryburgers afgeskrik. Om die getalle, wat die boerdery kon behartig aan te vul, is werwing later uitgebrei en is Duitsers en Franse ook betrek. Giliomee (2004:40) haal JA Heese aan, wat bereken het dat teen 1807 die samestelling van die burgergemeenskap in die Kaap bestaan het uit: "... 36% Nederlands, 35% Duits, 15% Frans en 7% nie-Europeërs."

Bruwer (1988:35) haal uit die Kaapse Argief^[69] aan dat persone wat onder die beheer van Van Riebeeck as Vryburgers na die Kaap gekom het, kontraktueel verbind is om 'n minimum tydperk van *10 jaar* in die land te bly, terwyl hulle kinders vir 'n minimum tydperk van *20 jaar* in die land moes bly. Van Riebeeck se invoeging van hierdie klousules was gegrond op suiwer korttermyn ekonomiese redes, omdat hy wou verhoed dat die Vryburgers, as ervare landbou produsente, die land te gou verlaat. Die effek van hierdie reëling het egter dieper geslaan en het op die langtermyn tot gevolg gehad dat die meeste Vryburgers verinheems het. Dit het die grondslag gelê vir die vorming van 'n (inheemse) volk.

Twee groepe ontstaan: Amptenare en Vryburgers (Fase2)

NA DIE VRYSTELLING van die eerste Vryburgers het 'n duidelike kloof tussen die amptenare en die Vryburgers, wat as plaasboere geleidelik dieper die binneland ingetrek het, ontstaan. Die kloof het dieper geword namate meer Vryburgers in die Kaap aangekom het (Bruwer 1988:37, 110, 111). Dit het gelei tot die ontstaan van twee groeperings, wat duidelike genoeg onderskeibaar was. Toe die Engelse in 1795 aan bewind kom, het hulle die twee groepe met Britse meerderwaardigheid, voortspruitend uit die bestaande Europese agtergrond as verwysingsraamwerk en volgens die Europese klasverskille, onderskei (Ufer 2010:7). Die “*Cape-Dutch*” was volgens die Engelse die meer geletterde en volgens hulle “meer beskaafde” groepering in die Wes-Kaap en nabye binnelandse dorpe, teenoor die plattelandse “Boer”, wat volgens hulle “*ignorant, illiterate and almost beyond the pale*”^[70] was (Giliomee 1989:6, 14).

Soos reeds gemeld was die omstandighede in Suid-Afrika anders as die in Europa en het die twee groepe wesentlik verskil van die Europese klasse, groepe of volke. Die omstandighede in Suid-Afrika het daartoe bygedra dat die koring van die kaf geskei is ten opsigte van waagmoed, ondernemingsgees en vasberadenheid. 'n Uitskietersgees het by die groep, wat deur die Engelse as “Boere” geklassifiseer is, ontwikkel (vergelyk Gladwell 2008). Dié uitskietersgees het daartoe bygedra dat die “*almost beyond the pale*”-Boere in later jare hulle eie republieke gestig en die magtige Britse koloniale leer by Majuba verpletter het. Dieselfde Boere het tydens die Tweede Vryheidsoorlog, ten spyte van 'n een teen tien meerderheid van Britse troepe, tot so 'n mate weerstand gebied dat die Britte uit desperaatheid om die oorlog te “wen”, oorgegaan het tot, wat vandag as oorlogsmisdade beskou word, met 'n aanslag teen die Boere se kinders en vroue en 'n verskroeiende-aarde beleid.

Die Vryburgers

ALHOEWEL DIE VRYBURGERS aanvanklik gewerf is om voedsel en landbouprodukte vir die halfwegstasie te lewer, het almal nie begin boer nie. Onder die Vryburgers, wat wel geboer het, kon daar teen die middel 1700's twee herkenbare groepe geïdentifiseer word, naamlik diegene wat hoofsaaklik gewasse geproduseer het (akkerbouers) en diegene wat hoofsaaklik met vee geboer het (veeboere). Laasgenoemde het bygedra tot

die totstandkoming van die Veeboerbeweging, wat oor die “Limiete” of koloniale grense getrek het, op soek na beter weiding, as wat die fynbos rondom die Kaap kon bied. Hulle het (en wou) terselfdertyd in die proses die juk van die beperkende regulasies en beheer van die koloniale owerheid afskud (Bruwer 1988:68-73). Dié tendens het aanleiding gegee tot die vestiging van ’n vryheidstrewer onder die veeboere wat verder ontwikkel het en vandag nog bestaan (Roelofse 2009).

Lombard (1968:128) onderskei op hierdie stadium drie groepe, naamlik die Kaapse stedeling, die wyn- en koringboere en derdens die trekboere (Figuur 4.4). Ten spyte daarvan dat hy drie uiteenlopende groepe onderskei, interpreteer hy dit, om by die heersende paradigma en geldende mening te pas, foutiewelik sinchronisties en beweer dat hulle ’n eenheid gebly het. Hierdie sinchronistiese benadering ten opsigte van die geskiedenis word deurgaans deur die bedrywers van die sosiale ingenieurswese nagevolg en aggressief gepropageer om die “*All-Afrikanerdom*-eenheid” kunsmatig as die *Afrikanernasie* saam te voeg (Deist 2002:73).

Die Proto-Boer

PROTO-BOER IS ’N NEOLOGISME, wat dui op ’n lid van ’n unieke groep mense van Europese afkoms (hoofsaaklik Hollands, Duits en Frans), wat hulself in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue as plaasboere, hoofsaaklik as veeboere, gevestig het en daarna gestrewe het om vry en onafhanklik van koloniale onderdrukking te bestaan. Reeds vroeg het hulle as deel van die Veeboerbeweging die koloniale grense oorgesteek op soek na weiding vir hulle vee en in die proses onder die invloedseer van die koloniale regering uitbeweeg.

Die Proto-Boer openbaar ’n (republikeinse) strewe na onafhanklikheid, wil vry van koloniale oorheersing wees en is patrioties ingestel op “grond”. Boerdery in Europa was meestal gesetel in ’n gebied en ’n omgewing waar daar vir eeue reeds geboer is en waar die natuurlike bedreigings waaronder hulle geleef het bekend en relatief getem was. Hierteenoor het die Proto-Boer in Afrika as nuwe plaasboere ’n braakland betree waar nie voorheen geboer is nie en waar die uitdagings en bedreigings onbekend en aansienlik meer omvangryk as dié in Europa was. Anders as by die Proto-Afrikaners, wat met gewasse naby die Kaap geboer het, is die verlies wanneer ’n hele kudde gesteel word, soos wat dikwels aan die Limiete plaasgevind het, nie

vergelykbaar met die diefstal van druiwetrosse of 'n paar mud koring nie. Die uitdagings was vir die Proto-Boer van so 'n aard dat net die sterkstes kon oorleef. Die gesegde van “Afrika is nie vir sissies nie,” was werklik op hulle van toepassing. Hierdie “Darwinistiese omstandighede”,^[71] wat op die lede van die veeboerbeweging ingewerk het, het as 'n filter of natuurlike seleksie gedien, waar die uitskieters geselekteer is, terwyl die swakkeling moes terugval dorpe toe (Gladwell 2008:166-168). Malcolm Gladwell (2008) beskryf 'n “*outlier*” (wat in Afrikaans as 'n uitskieter vertaal word) as diégene wat om verskillende redes beter presteer as hulle eweknieë. Hierdie persone het dikwels meer waagmoed, ondernemingsgees en deursettingsvermoë as die res van die groep. Hulle presteer en floreer onder unieke omstandighede, terwyl ander misluk.

Die besondere omstandighede waaronder die Proto-Boer moes oorleef, het bygedra tot die ontwikkeling van 'n besondere groepsgees, neergelê as kulturele erfenis/geheue, wat aan hulle nageslag oorgedra is. Hierdie besondere kulturele nalatenskap verskil uiteraard van dié van die Proto-Afrikaners, wat aan 'n ander stel omstandighede blootgestel is. Die eienskappe of gees wat hier beskryf word, het voortgeduur en verder ontwikkel in die “Boergesinde” of “Republiekgesinde” persoon, wat in dié boek as die “gees van die Boer” of Boeregesindheid beskryf word.

Goewerneur Benjamin D'Urban het die Proto-Boere as volg beskryf: “Hulle behoort tot die oudste en fatsoenlikste inwoners van die betrokke distrikte – onverskrokke, geduldig, arbeidsaam, ordeliewend en godsdienstig, die bebouers van die grond, die verdedigers en belastingbetalers van die land” (Preller 1938:196).

Geskiedskrywers koppel verskeie benamings aan hierdie groep, wat hier as die Proto-Boere bestempel word. Tydens hulle ontwikkelingsfases is, onder andere, die volgende benamings gebruik: Vryburgers, *Immigranten-Boeren*, Trekboere, Grensboere of Limietbewoners, *Emigranten-Boeren*, Afrikaanse-Afrikaners, Pro-Republikeinse-Kolonialers, Burgers en selfs die Ware-Afrikaners van die GRA. Dit skemer weereens deur dat daar in die soeke na 'n geskikte benaming twee groepe bestaan, terwyl die onderskeid volgens die geldende mening nie herken of erken word deur 'n duidelike onderskeid tussen die twee groepe te tref nie. Die rede daarvoor is dat die konseptuele blok verhoed dat die onderskeid deurgetrek word (Deist 2002:78).

Advokaat PJJ Viljoen (1976:39) beskryf die Trekboer as volg:

Uit die aard van sy beroep beweeg die Afrikaner-trekboer [*Proto-Boer] in 'n uitsluitlike agrariese gemeenskapsbestel, bevorderlik vir sy individualistiese, selfstandige, konserwatiewe en godsdienstige lewensaard. Daarin skep hy die beeld van die volle mens: gelyktydig boer, predikant, ambagsman, krygsman, filosoof, wetenskaplike, medikus, veearts en regter, 'n ongeëwenaarde eienskap in die geskiedenis van sy tyd. Sy universiteit is die vlakte, sy handboeke die plantegroei en diereryk van die veld, met die Woord van God en predikasiebundels van geestelikes as apparate in die laboratorium van sy lewenservaring. Hy koester geen politieke ambisies en kry ook geen seggenskap in die bepaling van sy lot nie. In ooreenstemming met sy Calvinistiese geloofsoortuigings onderwerp hy hom gestand aan die gesag oor hom gestel. Op grond van sy bloedverwantskap met die Europeër op die Vasteland sou hy in alle waarskynlikheid eerder die onderdaan van die Hollander as die van die Brit wou wees maar die oordeel van die geskiedenis vrywaar hom van 'n moontlike selfverwyting.

'n Eienskap wat die Boer dwarsdeur sy geskiedenis openbaar en deel van sy kulturele erfenis is, is die onwrikbare wil om te oorleef. Hierdie oorlewingswil manifesteer te midde van uiterste eksterne bedreigings, konflik en gevaar. Hierdie wil om te oorleef is nou gekoppel aan 'n diepgewortelde geloof in God.

Ontwikkeling en verspreiding van die Trekboere

BRUWER (1988:70, 72) argumenteer dat die *Veeboerbeweging* uit die Vryburgers ontstaan het en dat die oorsprong van die *Trekboerbeweging* na ongeveer 1745 teruggevoer kan word. Soos reeds gemeld was die Kaapse plantegroei nie baie geskik vir veeboerdery nie en het dit die veeboere genoop om beter weiding vir hulle diere te vind. Die uitbreiding na die binneland het drie hoofrigtings gevolg. Die eerste was tussen die see en die eerste bergreeks in 'n noordwestelike rigting oor die Bergrivier, oor die Piekenierskloof, langs die Olifantsrivier op en daarna in die rigting van die Hantam (Calvinia). 'n Tweede hoofrigting was deur die Tulbaghkom langs die Breërivier af. Die derde hoofrigting het oor die Hottentots-Hollandberge (Sir Lowryspas), langs die Riviersonderend af oor die huidige Swellendam gegaan (Wiid 1968:17; Figuur 4.2).

Die reënval in die weste en in die sentrale dele (huidige Namakwaland en Karoo) was baie laag en die habitat nie baie geskik vir die aanhou van beeste nie, terwyl die klimaat en natuur in die oostelike distrikte meer geskik was (Wiid 1968:17). Die westelike groep se plase was, weens die ekologiese omstandighede, ver verwyder van mekaar. Omstandighede was ook minder van 'n bedreiging in vergelyking met die van die mense aan die

Oosgrens. Die gevolg was dat groepsvorming in die westelike en sentrale dele minder na vore getree het.

Die grootste groep het om hierdie rede in 'n oostelike rigting, tussen die kus en die bergreekse en valleie, wat parallel tot die kuslyn loop, al verder van die Kaap migreer (Bruwer 1988:68-73). Afstande tussen plase was aansienlik kleiner as by die veeboere in die weste. Weens intense gemeenskaplike eksterne bedreigings, wat wedersydse onderlinge ondersteuning en bystand genoodsaak het, ontwikkel hulle geleidelik 'n groepsbewussyn aan die Limiete (Haas 1982:61). Hierdie groep word gesien as Proto-Boere.

Bruwer (1988:73) noem die grensboere “geharde *Afrikaner*-baanbrekers” [*Boer of liever *Proto-Boer] en meld dat die ontstaan van die *Afrikaner* waarskynlik tydens die Patriotbeweging, ongeveer in die 1780's, ontstaan het. In die proses gebruik hy die term *Afrikaner* deurgaans sinoniem met die term *Boer*, of in dié geval, soos aangedui, in plaas van *Proto-Boer*. Dit is 'n voorbeeld van onnoukeurige of lukraak gebruik van verskillende terme en demonstreer die verwarring wat geskep word deur terme sinchronisties en anachronisties te gebruik.


Die Westelike groep Trekboere

DIE TREKBOERE WAT NA die noorde langs die Weskus opgetrek het en grondgebied in die binneland in die Karoo beset het, kan nie as Proto-Boere of voorlopers van Boere geklassifiseer word nie, aangesien hulle nie aan die Groot Trek deelgeneem het of deel van die Boererepublieke geword het nie.

Tydens die Tweede Vryheids-oorlog en tydens die Boereopstand van 1914-15 het verskeie republikeinsgesindes uit hierdie gebiede wél by Boeremagte aangesluit en hulle pro-republikeinse gesindheid en solidariteit met die Boere daardeur getoon. Weens hulle omstandighede het hulle anders as die Kaapse *Afrikaner* ontwikkel, maar hulle omstandighede was nie dieselfde as by die Oosgrens nie, aangesien daar nie 'n bedreiging van swart stamme was nie.

Hulle het ook weens geografiese en demografiese faktore nie as 'n volk ontwikkel nie. Hulle besit wel die kulturele geheue van die uitskieter van die veeboer, sowel as 'n gedeeltelike strewe na vryheid en onafhanklikheid by die oorgrote meerderheid, met die gevolg dat hulle kwalifiseer om as Pro-Republikeinse-Kolonialer bekend te staan.


Die intensiteit van aanvalle deur die Boesmans en rondloper Hottentotte kan nie met die aanvalle deur die Xhosas aan die Oosgrens vergelyk word nie. Verder was die plase in die noord-weste en in die Karoo baie afgeleë van mekaar. Minder mense, minder bedreigings en minder persoonlike kontak weens groter afstande tussen die plase het tot gevolg gehad dat die groei na volkskap nie so prominent soos in die oostelike Limiete na vore getree het nie. Hierdie omstandighede speel 'n belangrike rol by die ontwikkeling van volkskap en word later verder bespreek.



Figuur 4.2: Die trekroetes van die Trekboere tydens die ontstaan van die Veeboerbeweging in die 18^{de} eeu.

DIE OOSTELIKE GROEP (Die Wieg van die Boervolk)

Tydens die Veeboerbeweging het die Proto-Boere veral in die omgewing van die huidige Oos-Kaap saamgetrek. Sommige skrywers noem hulle Grensboere (Gerdener 1925:128; Muller 1979:67, 139) en ander Trekboere (Lombard 1968:128). Hulle vorm die kern van die Proto-Boer.



Figuur 4.3: Die Wieg van die Boervolk.

DIE ONDERSTEUNINGSBRON en deelnemers aan die Groot Trek was hoofsaaklik afkomstig uit die distrik Graaff-Reinet. Die volgende plekke word ingesluit: Graaff-Reinet, Somerset-Oos, Cradock, Middelburg, Colesberg, Steynsburg, Tarka, Albert, Bathurst, Albany, Alexandrië, Uitenhage, Prins Albert, Willowmore, Jansenville, Aberdeen, Beaufort-Wes, Murraysburg, Richmond en Hanover. Die gebied, wat in Figuur 4.3 weergegee word, kan met reg as die *Wieg van die Boerevolk* bestempel word (Bruwer 1988:280).

Die Proto-Afrikaner

NIE ALLE VRYBURGERS het geboer nie en van hulle het ander beroepe beoefen, onder andere: houtkappers, jagters, bouers, meulenaars, bakkers, steenmakers, kleremakers, bierbrouers, herbergiers en kroegmanne (Bruwer 1988:36). Die omstandighede in die nabyheid van die Kaap was van so 'n

aard dat dit akkerbou bevoordeel het. Dit het tot gevolg gehad dat dié Vryburgers, wat naby die Kaap geboer het, hoofsaaklik met vrugte, druiwe en koring geboer het. Die groepering, wat bestaan uit akkerbouers, vakmanne en ambagslui onder die Vryburgers, tesame met die Kompanjie-amptenary, wat die soldate insluit, het die kern van die Proto-Afrikaner gevorm (Figuur 4.4).


Kolonialer: is 'n term wat dui op 'n lid van 'n bepaalde groep mense van Europese afkoms (aanvanklik Hollands, Duits en Frans en later ook Engelse), wat hulle in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de}, en 19^{de} eeue gevestig het. Hulle het hoofsaaklik as amptenare, maar ook as ambagsmanne, handelaars en plaasboere gevestig. Die plaasboere was hoofsaaklik akkerbouers en het veral wingerde en koring, relatief naby aan die Kaap, verbou. Hulle het in die proses onder die invloedseer van die Kaapse regering gebly. Hulle het grotendeels na ekonomiese welvaart gestreef, sonder om enigsins 'n nasionalistiese of republikeinse onafhanklikheidstrewa te openbaar, aangesien hulle nie aan demografiese en geografiese omstandighede blootgestel is wat volkskap bevorder het nie. Hulle was gewillig om ondergeskik aan die Hollandse regering en later aan die Britse kroon te bly. Hulle het selfs die Britse gesag as “lojale koloniale onderdane” bevorder (Bruwer 1988:111; Van Jaarsveld 1959:168).

Weens ekonomiese welvaart, gevestigde boerdery eenhede en beperktheid van beskikbare grond, is die inwoners in die Wes-Kaap (Kolonialer) se kinders, in vergelyking met die Proto-Boere in die Oos-Kaap, baie meer blootgestel aan sekondêre en tersiêre onderrig en die volg van beroepe buite die boerdery sfeer. Die kinders van die Proto-Boer moes daagliks, weens omstandighede aan die Limiete, deelneem aan die boerdery aktiwiteite. Daar was min tyd vir skool en geen tyd vir tersiêre opleiding en administrasie nie.

Hierdie situasie het die Kolonialers in 'n posisie geplaas waar hulle onderrig is in akademiese, ekonomiese en administratiewe vaardighede en het daardeur op hierdie gebied 'n voorsprong bo die Proto-Boere geniet. Hierdie verskil word ook onderskeibaar in die kulturele nalatenskap van die twee groepe bevestig. Bruwer (1988:66) stel dat die Kolonialers “nooit in terme van 'n eie volkskap verinheems het nie en nooit aan hulself as 'n selfstandige volk gedink het nie en dat die woord ‘volk’ ook nooit in hul woordeskat gefunksioneer het nie.” Die eienskappe of “gees”, wat hier beskryf word, manifesteer regdeur die geskiedenis by “Afrikanergesinde”

persone, wat in dié boek as die “gees van die Kolonialer” of Kolonialergesindheid beskryf word. Die Kolonialergesindheid vorm dwarsdeur die geskiedenis ’n patroon, wat in die kulturele geheue van die Afrikaner ingebed is en steeds vandag manifesteer en identifiseerbaar is.

Verskillende terme word deur skrywers arbitrêr aan die Kolonialer van die vroeë 1800’s toegedig, onder andere: *Cape-Dutch* (Ridpath & Ellis 1899: 381), Kaapse-Hollanders, Anglo-manne (Bruwer 1988:112), Koningin-Victoria-se-Afrikaners (Giliomee 2004:154), Proto-Afrikaner, Kaapse Afrikaners (Muller 1979:262), Hollandse-Afrikaners (Giliomee 2004, 2016) en Kolonialers (Bruwer 1988). Hierdie verskeidenheid van terme kan verklaar word as ’n poging deur outeurs om die teenwoordigheid van ’n deurlopende ondertoon oor die bestaan van twee groepe op ’n wyse te ondervang, sonder om standpunt teen die geldende mening oor die ontstaan van die Boer in te neem. Die ontwikkeling van die Kolonialer word grafies in Figure 4.4 en 6.1 uitgebeeld.



Figuur 4.4: Die ontwikkeling van die voorsate van die Boer en die Afrikaner tydens die Kompanjiesbewind aan die Kaap.

Oorgang tussen Kompanjiesbewind en Britse die bewind (Fase 2)

DIE VRYBURGERS WAS van die begin af in konflik met die amptenary van die VOC. Die drakoniese reëls van die amptenare het gelei tot optredes deur ongelukkige Vryburgers. Dit het die arrestasie van Adam Tas in 1706 tot gevolg gehad (Bruwer 1988:66). Verskeie versoeke en skrywes en afvaardigings het gevolg. In die 1780's het die omstandighede tot so 'n mate verander dat die Vryburgers al minder ingestel was op die hulp van die Here 17. Die politieke klimaat en die konflik gedurende die laaste deel van die 18^{de} eeu in Europa en veral in Nederland tussen die pro-Britse Oranjemanne (ondersteuners van die Prins van Oranje) en die pro-Demokratiese Patriotte, het in die Kaap weerklank gevind. Dit het aanleiding gegee tot die totstandkoming van die Kaapse Patriotte. Hulle stig *De Kongres van Volks-representanten* in November 1784 (Bruwer 1988:83, 100, 102).

Kaapse Patriotte was 'n demokraties gesinde, plaaslike revolusionêre en rebelse politieke beweging (Muller 1979:71) wat hoofsaaklik uit middelslagboere in die Kaap (Giliomee 2004:29), tussen 1778 en 1787, ontstaan het. Die stryd in die Kaap is geïnspireer deur die Patriotbeweging, wat gedurende dieselfde tyd in Nederland ontstaan het (Giliomee 2004:42). In die Kaap is gefokus op plaaslike aangeleenthede en is die stryd gerig op die herstel van die geskende regte van die “boerende-burgers” en ook gemik teen die amptenary, wat hulleself tydens handelsaktiwiteite “onregmatiglik bevoordeel het” (Giliomee 2004:43). Alhoewel die Patriotbeweging in die westelike dele van die Kaapkolonie (Kolonie) ontstaan het, het die invloed oorgespoel en na die oostelike dele, waar dit verder ontwikkel het (Muller 1979:78). Dit het uiteindelik in die uitroep van die twee republieke, Swellendam en Graaff-Reinet gemanifesteer (Bruwer 1988:102).

Volgens Degenaar (1987:235) het die Patriotbeweging (ongeveer 1779 tot 1786) die ideale van burgerlike vryhede en vrye verkiesings verkondig. Hy stel dat terme met 'n “nasionalistiese inslag, soos ‘volkstaat’, ‘vryheid’, ‘volkstem’, ‘vaderland’ en ‘land en volk,’ om uitdrukking aan die Patriotte se aandrang op seggenskap in die regering te gee, gebruik is.” Hierdie terme kan histories teruggespoor word as *retoriek van die Boer*, maar het nooit by die Koloniale weerklank gevind nie. Dié retoriek het deel van die Boer se kulturele nalatenskap geword, wat tot vandag in Boeregesindheid uitdrukking vind. Alhoewel die Patriotte die term “volk” gebruik, kan hierdie groeperinge nog nie werklik op hierdie stadium as 'n groep met 'n volksbewussyn gereken word nie (Degenaar 1987:233). Van Jaarsveld (1959:16) vertolk die gebeure as volg:

Hier word bedoel die “Patriotte-beweging” van 1779 en 1782 waarvan die sentrale idee was dat die volk seggenskap in die landsregering moes kry. Die gedagte van burgerlike vryheid en vrye verkiesings d.m.v. die “volkstem” is ook gelug. In die woordeskat uit die tyd kom die woorde “vryheid” en “vaderland” ook voor. Sterker groei die politieke bewustheid met die Patriotte-opstande in die grensdistrikte Graaff-Reinet en Swellendam in 1795. ’n Mate van saamhorigheid en volksbewustheid word selfs aan die dag gelê.

Bruwer (1988:83, 102) beskou hierdie gebeure as die “geboorte van die Afrikaner” (*Boer). Dalk word dit met hierdie stelling te ver gevoer, omdat die ander elemente van volksvorming, soos ’n werklike “volksbewussyn”, nog nie gevestig is nie, maar dit kan ten minste as die **“konsepsie van die Boervolk”** bestempel word. Dit openbaar reeds die Boeregesindheid of “gees van die Boervolk”, soos wat hierbo beskryf is.

Bruwer (1988:83, 102), Degenaar (1987:235) en Van Jaarsveld (1959:16) stel dat die twee grensdistrikte van Graaff-Reinet (6 Februarie 1795) en Swellendam (17-18 Junie 1795) hulleself onafhanklik verklaar het en dat plaaslike owerhede, wat as *“representante van de volkstem”* beskryf is, aangestel is.


Oranjemanne was ’n groep mense in die Kaap wat, in dieselfde tyd as die Patriotte, met die gebeure in Nederland geïdentifiseer het. Anders as die Patriotte, het hulle (soos in Nederland) ’n Britsgesinde (monargistiese) groep tot stand gebring, wat hulleself die *Oranjemannen* genoem het (Bruwer 1988:100). Hulle was antirevolusionêr met ’n antidemokratiese gesindheid (Giliomee 2004:53). In teenstelling met die gesindheid en optrede van die Patriotte, was die Kompanjiesamptenare almal Oranjemanne, antirevolusionêr en pro-Brits (Giliomee 2004:53, 78; Figuur 4.4). Die kulturele geheue wat in die Koloniale gevestig is, manifesteer hier reeds duidelik.

Die verskil tussen die Patriotte en die Oranjemanne het die onversoenbaarheid van die karakter van die kulturele nalatenskap van die twee groepe vir hulle nageslagte verseël. Die Boeregesindheid en vryheidstewe van die Graaff-Reinetteers en die Swellendammers, teenoor die Kolonialergesindheid en konformerende gees van die Oranjemanne, is onuitwisbaar gevestig in die kulturele erfenis van die twee groepe. Hierdie kloof, wat tussen die twee groepe ontstaan het, het tot vandag toe dwarsdeur die geskiedenis bly voortbestaan, soos vergestalt, onder andere, in die vroeëre voorbeeld met Deon Maas aan die een kant en Steve Hofmeyr aan die ander kant.

Gevolgtrekking

DIE VERSKIL IN DIE kulturele geheue van die akkerbouer en veeboer, soos deur Gladwell (2008:166) beskryf, word reeds rondom die geskiedkundige gebeure rakende die Patriotte en Oranjemanne bevestig. Dit manifesteer verder tussen die Proto-Afrikaner, as akkerbouer aan die een kant, en die Trekboer, as Proto-Boer en veeboer, aan die ander kant. Die Trekboere diversifiseer verder in 'n *westelike groep*, wat minder aan eksterne bedreigings blootgestel is en 'n *oostelike groep*, wat konstant aan eksterne bedreigings blootgestel is. Uiteindelik vorm die uitskieters aan die oostelike Limiete die kern van die Groot Trek, wat aan baie groter uitdagings en bedreigings as die wat in die Wieg agterbly het, blootgestel is. Die eksterne bedreigings dra by tot die progressiewe moderne staatsvorming van die Boervolk deur verskillende fases soos deur Haas (1982:61, 83) beskryf.





HOOFSTUK 5

DIE BOER MANIFESTEER AS VOLK

Die Proto-Afrikaner het nie enige tekens van Nasionalisme (Volksisme), 'n republikeinse strewe of behoefte om as volk te ontwikkel, gedemonstreer nie en openbaar 'n Kolonialergesindheid. Die Trekboere, wat na die binneland en na die noord-weste getrek het, het ook nie enige aanduidings getoon dat hulle besig is om in 'n volk te ontwikkel nie. Eweneens het 'n groot gedeelte van die oostelike groep grensboere nie in 'n volk ontwikkel nie. Die enigste groep wat wel deur die ontwikkelingsfases van volkskap beweeg het, is diegene wat aan die Groot Trek deelgeneem het, later verskeie republieke gestig het en as die Boerevolk bekend staan. Die aparte ontwikkeling van die Boer en die Afrikaner (Hoofstuk 6) vorm deel van Fase 3.

Ontwikkeling na volkskap

DAAR KAN MET REG GEVRA word hoekom die Proto-Afrikaner nie as 'n volk ontwikkel het nie? Hoekom het die westelike Trekboere nie as volk ontwikkel nie? Hoekom het 'n deel van die Trekboere aan die oostelike Limiete wel as 'n volk ontwikkel?

Die antwoord kan gevind word by 'n verduideliking wat deur Malcolm Gladwell (2008) en Jonathan Haas (1982; 1990) gegee word. Gladwell (2008:166-167) beweer dat:

... the kind of culture that grows up around being a herdsman [veeboere] is very different from the culture that grows up around growing crops [akkerbouers]

Farmers [akkerbouers] also don't have to worry that their livelihood will be stolen in the night, because crops can't easily be stolen unless, of course, a thief wants to go to the trouble of harvesting an entire field on his own. But a herdsman does have to worry. He's under constant threat of ruin through the loss of his animals. So he has to be aggressive: he has to make it clear, through his words and deeds, that he is not weak. He has to be willing to fight in response to even the slightest challenge

Die verskil tussen die wingerd- en koringboere aan die een kant en die veeboere aan die ander kant, word hierdeur duidelik gedemonstreer.

Die graad van bedreiging tussen die westelike en oostelike veeboere of Trekboere was die verder bepalende faktor in die verskil van hoe hulle as groepe verskillend ontwikkel het.

Lawrence Keeley (1996) beskryf oorlog in sy boek *War before civilization*. Hy stel dat gewapende konflik vóór of sonder die geskiedkundige dokumentering daarvan *per se* as oorlog bestempel kan word – onafhanklik van die skaal. Strooptogte wat tussen stamme plaasvind, is dus *per definisie*: oorlog. Keeley (1996:x) maak die volgende stelling ten opsigte van oorlog: “*Warfare – the armed conflict between societies – whether its scale is large or small ... leaves very enduring effects.*”

Die aanvanklike strooptogte deur die Boesmans en Hottentotte aan die Kaap en in die westelike gebiede rondom die Kaap het teen 1771, toe die Trekboere vir die eerste keer met die Xhosas in konflik gekom het, reeds baie minder geword of in sekere gebiede heeltemal opgehou. Die Kapenaars het in 120 jaar daarin geslaag om vyandighede grootliks onder beheer te bring. Die westelike groep was wel blootgestel aan sporadiese insidente, wat eerder gesien kan word as 'n vorm van misdaad.

Aan die ander kant is die westelike Trekboere deur die Xhosas gekonfronteer. Die Xhosas was daaraan gewoond (deel van hul kultuur) om onder mekaar te veg en strooptogte op naburige stamme uit te voer, waartydens hulle beeste wat as rykdom en status gesien is, geroof het. Hulle het nie gekroom om buurstamme te vermoor en die vroue en kinders gevange te neem nie. Die Trekboere aan die Limiete se vee is gevolglik as teikens gesien. Die veeboere aan die oostelike Limiete is derhalwe op 'n baie groter skaal as die groep aan die westelike gebiede voortdurend aan eksterne konflik deur die Xhosas blootgestel. Hierdie aanvalle kan volgens Keeley se definisie as 'n vorm van oorlog geklassifiseer word.

Wanneer eksterne konflik 'n rol speel, is Haas (1982:61) se stelling van toepassing. Hy stel dat eksterne konflik mense aangewese op mekaar maak, sodat hulle die bedreigings gesamentlik die hoof kan bied.

Haas (1982:61) argumenteer dat: *“In the face of external conflict, social groups voluntarily came together and submitted to a governing authority in order to gain the military and economic benefits of centralization.”*

Dit verklaar verder hoekom die Kaapse Proto-Afrikaner of Kolonialer, wat nie aan dieselfde graad van bedreiging en konflik blootgestel is nie, in 'n minder mate op mekaar aangewese was as die lede van die Veeboerbeweging of die Trekboere. Dit verduidelik voorts waarom die westelike groep Trekboere se ontwikkeling verskil het van die oostelike groep, aangesien die bedreiging, konflik en geografiese omstandighede tussen die weste en die ooste verskil het.

'n Verdere verskil kan uitgewys word tussen die Boere wat aan die Groot Trek deelgeneem het en diegene wat in die Wieg van die Boerevolk agtergebly het. Die bedreigings en konflik en geografiese omstandighede, wat deur die Boere op die Groot Trek ervaar is, was aansienlik meer as die van diegene wat in die Wieg agtergebly het. Haas (1982:83) stel dat: *“... in all examples of early governmental development, the societies were circumscribed either geographically or socially by the presence of external enemies.”*

Die verskil in ontwikkeling ten opsigte van staatskap tussen die twee groepe kan verder verklaar word op grond van Haas (1982:61, 83; 1990:10, 16-17) se verduideliking dat volkskap ontwikkel as gevolg van eksterne bedreigings en konflik. Die voortdurende bedreiging van die Engelse as die Boerevolk se *eksterne vyand* was 'n bepalende faktor in die staatvorming van die Boer. Daarteenoor het die Pro-Republikeinse-Afrikaners aan die Oosgrens vir Engeland as koloniale heerser aanvaar (word later verduidelik).

Die Boervolk – inheems

**Of all the peoples in South Africa, only the Boer Nation can
claim to be a child of South Africa**

J.B. Floyd

TYDENS 'N AANSOEK OM lidmaatskap, wat deur die Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR) in Junie 2008 namens die Boervolk by die Organisasie van Onverteenwoordigde Volkere (UNPO) ingedien is, word TB Floyd aangehaal, waar hy argumenteer dat die Boervolk die enigste (Blanke) groep mense of volk in Suid-Afrika is wat die reg het om aanspraak te maak dat hulle *inheems in Suid-Afrika as volk tot stand gekom het* (Floyd 1977:54; *beklemtoon). Schlebusch (2018) stel ten opsigte van die Kolonialer se inheemsheid, aan die ander kant: “Dit lyk my eerder die getuienis dui daarop dat die Kolonialer nou nog nie tot volksvorming oorgegaan het nie.”


Swartes het geen groter aanspraak op inheemsheid as BASA21 in die algemeen en die Boervolk in die besonder nie. BASA21 het sy eie inheemse taal hier gevestig en beskik nie oor Europese rugsteun waarheen teruggetrek kan word nie. Die wêreld/vyande van BASA21 moet kennis neem dat BASA21 deel is van Afrika en hier is om te bly. Max du Preez (van alle mense) stel in *Beeld* (12 Junie 2018:6) dat: “Die “kolonialiste” wat uit Europa hier aangekom het, het nie soos hul eweknieë elders in Afrika ná Uhuru teruggetrek Europa toe nie. Hulle het inheems geword.”

Giliomee (2004:445) haal NC Havenga, minister van finansies in die 1948-kabinet aan, wat gesê het die Afrikanernasie is trou net aan Suid-Afrika en kan net in Suid-Afrika as volk oorleef en dat hulle geen ander tuiste het waarheen hulle kan vlug nie.

Professor Johannes Froneman (2018b:6) stel dat: “Afrikaners, wit Afrikaners wat oorspronklik van Europa gekom net, het immers met bloed en sweet part en deel van dié land geword.”

Die Groot Trek – skeiding verdiep

DIE TOTSTANDKOMING van die Boer as volk kom veral prominent tydens die Groot Trek na vore, terwyl die bestaande verskil tussen die Proto-Afrikaner en Proto-Boer baie meer prominent manifesteer.



FIGUUR 5.1: Die Groot Trek verdiep die skeiding tussen Boer en Kolonialer tydens die Britse bewind aan die Kaap.

Dit word as Fase 3 van die ontwikkelingsgeskiedenis van BASA21 beskryf. Tydens hierdie fase manifesteer die Boer as volk, terwyl die Kolonialer homself slegs as politieke groepering definieer (Figuur 5.1). Die ontwikkeling van die Boer word in hierdie hoofstuk bespreek, terwyl die ontwikkeling van die Afrikaner in Hoofstuk 6 bespreek word.

Volgens Bruwer (1988:110-111) het die bestaande kloof tussen die Proto-Boer en die Proto-Afrikaner of Kolonialer tydens die Britse bewind al dieper geword. Hy noem die een groep Kolonialers (*Proto-Afrikaner) en die ander groep Afrikaners (*Proto-Boer) en stel dat “onder die bewind van die VOC is die groeiende verskil tussen die Afrikaners (*Proto-Boer) en die Kolonialers (*Proto-Afrikaner) egter bedek deur die feit dat die hele gemeenskap nog Nederlandssprekendes was.”

Volgens Bruwer (1988:110-111), wat in effek Gladwell se akkerbouer/veeboer-fenomeen met Haas se definisie van staatsvorming integreer, het die Kolonialer in die Kaap en Boland (onmiddellike omgewing van die Kaap) met hul “gesigte na die see geleef”, was ekonomies ingestel, kosmopolities en het nooit werklik stryd geken of verinheems nie. Aan die ander kant, stel hy dat die Afrikaner (*Proto-Boer) in die binneland byna geen kontak met die buitewêreld gehad het nie, geslyp is deur ’n voortdurende stryd teen die natuur en vyandelike Boesmans en Xhosas en in die proses verinheems het.

Giliomee (2004:197) verwys na Jan Hofmeyr, wat die bestaan van 'n noordelike en suidelike Afrikaner erken. Verder, in 'n artikel in *Rapport* (12 Augustus 2017) verwys Giliomee na 'n kortverhaal van Hennie Aucamp waarin Aucamp verwys na die verdeeldheid van die Afrikaner. Hy (Aucamp) stel: “Die binnelandse Boer en die Bolander is *twee verskillende spesies* (*beklemtoning).” Giliomee argumenteer dat hierdie fenomeen die verklaring is vir die verskillende optredes van die “noordelike Afrikaner” (*Boer) teenoor die “Kaapse Afrikaner” (*Afrikaner). In *Beeld* (22 Augustus 2017) bevestig dokter Pieter Mulder, voormalige leier van die Vryheidsfront Plus, in 'n antwoord op Giliomee se artikel in *Rapport* die verdeeldheid tussen noord en suid. Dit is nogal insiggewend dat 'n gerespekteerde historikus, sowel as 'n bekende kontemporêre politikus, wat by uitstek “eenheid ter wille van getalle” by die stembus nagestreef het, bereid is om te erken dat daar twee groepe tot stand gekom het en dat die twee groepe vandag steeds manifesteer.

Giliomee en Mulder bevestig deur hierdie standpunt in te neem dat, ten spyte van drie geslagte van meedoënlose politieke sosialisasie, die inherente verdeeldheid steeds nie oorkom kon word nie. Tog kon hulle, ten spyte van die feite, weens die bestaande konseptuele blok, nie die onderskeid deurtrek deur die Boer as volk te identifiseer nie.

Pro-Republikeinse-Kolonialer en Pro-Koloniale-Kolonialer

DIE TERME PRO-REPUBLIKEINSE-Kolonialer en Pro-Koloniale-Kolonialer word gebruik om onderskeid tussen die twee groepe te tref en om duidelikheid oor die manifestering van twee groepe te verskaf (Figure 4.4 & 5.1). Hierdie verdeling of onderskeid het in die Kaapkolonie ontstaan gedurende die tydperk naastenby van 1836 tot die 1880's, wat geplaas kan word tussen die begin van die Groot Trek en die totstandkoming van 'n groepsbewussyn onder die Proto-Afrikaner of die Kaapse Afrikaner. Hou in gedagte dat die Afrikaner eers ná die 1880's as groep begin manifesteer het. Hierdie aspek word later volledig bespreek.

Pro-Republikeinse-Kolonialer

VOLGENS GILIOME (2004:120) het die eerste emigrasie-golf van die Groot Trek uit die Kolonie na die binneland tussen 1834 en 1840 plaasgevind. Hy stel dat daar ongeveer 6 000 mense (20% van die wit mense in die oostelike distrikte en 10% van die Kolonie se totale wit bevolking) teen 1840 getrek het. Teen 1845 het altesame 2 038 families, of 15 000 burgers en familieledes die Kolonie verlaat (Giliome 2004:120). Wanneer die persentasies van die bevolking bereken word, moet in gedagte gehou word dat, volgens Giliome (2004:155), Brittanje in 1820 ongeveer 4 000 Britse setlaars na die Kaap gestuur het. Volgens hom het die meeste die gebied binne tien jaar verlaat en na dorpe en stede getrek en daarom is die invloed van die setlaars se getalle op die berekening van die persentasies nie wesentlik nie.

Die getalle is anders as die beeld wat deur historici voorgehou word, naamlik dat die “Afrikaner” *en masse* aan die Groot Trek deelgeneem het. Ongeveer 80% van die Proto-Boere aan die Oosgrens, oftewel 90% van die blankes in Suider-Afrika, het *nie* aan die Trek deelgeneem nie en het in die Kolonie agtergebly. ’n Deel van die agtergeblewenes het egter steeds ’n nasionalistiese en pro-republikeinse/onafhanklikheidsgesinde vryheidstrewe openbaar en word die **Pro-Republikeinse-Kolonialer** genoem (Figuur 5.1). Hierdie groep was positief gesind teenoor die vryheidstrewe van die trekkende Boere, maar was nie sterk genoeg van oortuiging om saam te trek nie. In vergelyking met die Pro-Koloniale-Kolonialer, was hulle steeds die minderheid, wat later die taalbeweging gedryf het, maar deur historici voorgehou word as die totale “Afrikanerpopulasie”.

Daar kan geredeneer word dat slegs die uitskieters (volgens Gladwell) bereid was om te trek. Ná die uittog van die Groot Trek, kan die “agtergeblewenes”, volgens definisie, nie meer as Proto-Boere gereken word nie, aangesien hulle nie deel van die manifesteringsproses van die Boer in Natal, die Vrystaat en Transvaal was nie. Gaandeweg is hulle aan die term Afrikaner, wat in die Kaap ontstaan het, onderwerp. Aangesien baie van die “agtergeblewe Proto-Boere” steeds die republikeinse onafhanklikheids-gesinde vryheidstrewe van die Trekkers gedeel het, word hulle nou Pro-Republikeinse-Kolonialers genoem om hulle van die “Proto-Boere wat getrek het” te onderskei (Figuur 5.1). Verder word hulle onderskei van die meerderheid Pro-Koloniale-Kolonialer, wat saam met hulle in die Kaapkolonie gewoon het, maar geen vryheidstrewe openbaar het nie.

Alhoewel 'n Boeregesindheid by die Pro-Republikeinse-Kolonialer teenwoordig was, het selfbeskikking nooit weer ná die totstandkoming van die Republieke van Swellendam en Graaff-Reinet by die Pro-Republikeinse-Kolonialer ter sprake gekom nie. Die rede daarvoor was dat die meerderheid Pro-Koloniale-Kolonialer, met die “Gees van die Kolonialer”, die politiek in die Kolonie gedomineer het. Nog 'n faktor was dat die meeste uitskieters getrek het. Die Pro-Republikeinse-Kolonialer het wel hul solidariteit met die Boer getoon deur sommige se deelname aan die Tweede Vryheidsoorlog en later aan die Boereopstand van 1914-15. Die Boeregesindheid het tot só 'n mate by hierdie groep gevestig dat van hierdie groep se nasate, wat steeds in die Kolonie woonagtig was, bereid was om saam met die Boere teen die Britse koloniale besetters in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) te veg (Shearing 2004:iv). Van die wat aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het, is honderde na krygsgevangenekampe gestuur, 44 is gefusilleer en uiteindelik het 3 442, na Mei 1902, die wapen neergelê (Shearing 2004:iv). [72]

'n Groot deel van die Pro-Republikeinse-Kolonialers was in die Wieg van die Boervolk gesetel, maar baie van die inwoners van die noordelike en sentrale dele van die Kaapkolonie word ook by hierdie klassifikasie as Pro-Republikeinse-Kolonialers ingereken.

Pro-Koloniale-Kolonialer

PRO-KOLONIALE-KOLONIALER is 'n benaming wat aan 'n deel van die Proto-Afrikaner ná die Groot Trek toegeskryf word, om hulle van die Pro-Republikeinse-Kolonialer te onderskei (Bruwer 1988:284; Figuur 5.1). Hulle was antagonisties of neutraal teenoor die Boere wat getrek het en het ook geen vryheidstrewes openbaar nie.

Dit is belangrik om na die statistieke rondom die tyd van die Groot Trek te kyk, aangesien moderne skrywers in effek *90% van die blanke bevolking*, wat nie by die Groot Trek betrokke was nie, buite rekening laat met hulle benadering. Hulle beskryf die doen en late van die Trekkers, wat slegs 10% van die bevolking verteenwoordig, sinchronisties en anachronisties asof dit op almal (100%) van toepassing is. Die feit is: *Negentig persent van die bevolking het nie getrek nie!* Doelbewus word die Kolonialers, veral die Pro-Koloniale-Kolonialers, se doen en late vir die tydperk van ongeveer 1820 tot 1870 geïgnoreer en word slegs gefokus op die Groot Trek. Hierdie mite word dan voorgehou asof dit op die “Afrikaner” van toepassing is. Die

negatiewe en selfs vyandige gesindheid van die Pro-Koloniale-Kolonialer teenoor die Boere, soos gemanifesteer deur die Kaapse NG Kerk en die feit dat handelaars in die Kaap, ter wille van ekonomiese oorwegings, Napier versterk het in sy voorneme om die republiek Natalia te annekseer, word doelbewus verswyg (Preller 1937:78). Dit word verder verswyg dat Cloete, 'n Afrikaner wat Engelse troepe in Natal aangevoer het, die Zoeloes aangemoedig het om die Boere se beeste te steel (Preller 1937:260).

Geskiedskrywers wat op die Groot Trek-era fokus
laat 90% van die Kaapse blanke bevolking
se geskiedenis buite rekening

Die Boer manifesteer as 'n volk

ARTHUR KEMP (1995; 2017) plaas klem daarop dat die Boere as volk ontstaan het en dat die *Cape-Dutch Settlers* se gesindheid jeens die Boer antagonisties was (Kemp 1995:5). Hy meld dat die Boer hom verset het teen die koloniseringsproses van Engeland en 'n strewe *om vry te* wees openbaar het. Hierdie vryheidstrewe word bevestig in die brief, wat die Republiek van Natalia se Volksraad op 21 Februarie 1842 aan George Napier gestuur het, waarin hulle as “Zuid-Afrikaansche Boeren” en “Emigranten uit die Kolonie” verklaar dat hulle na die uittoeg onafhanklikheid verklaar het (Van Jaarsveld 1980a:79). Kemp (1995:6) stel tereg dat daar geen Afrikaner op die Trek teenwoordig was nie, maar slegs Boere. Tydens die gesprekke wat Preller (1920; 1922; 1937; 1938) met tientalle persone voer, wat familie in die trek gehad het of self as kinders betrokke was, word die term *Boer* deurgaans gebruik.

Degenaar (1987:231-233) lys 'n verskeidenheid historiese aspekte, wat 'n rol speel in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme. Alhoewel hy dit aan die *Afrikaner* toedig, is baie van die aspekte, wanneer dit diachronisties ontleed word, in werklikheid slegs op die Boer van toepassing en glad nie op die Afrikaner nie. Hy verwys, onder andere, na die Groot Trek se rol as *simbool* van die Afrikaner se soeke na en verkryging van politieke

selfbeskikking – “as ’n daad van nasieskap.” Hierdie “nasieskap”, wat deur die Boere gedemonstreer is, het geen betrekking op die Afrikaner nie, aangesien daar tydens die Groot Trek nog nie eers ’n groepsbewussyn by die Afrikaner bestaan het nie en verseker nog geen moontlikheid van nasieskap by die Afrikaner ter sprake was nie. By die Boer is dit nié slegs ’n *simbool*, soos Degenaar dit stel nie, maar inderdaad ’n *werklike soeke* na en manifestasie van politieke selfbeskikking.

Die omstandighede aan die Oosgrens het daartoe bygedra dat die Proto-Boer verinheems het. Die omstandighede tydens die Groot Trek was van so ’n aard dat daaglikse oorlewing teen aanslae van wilde diere, kragte van die natuur en eksterne vyande saambinding en verinheemsing baie meer prominent en intens gemaak het. In die proses het sosiale en kulturele ontwikkeling natuurlikerwys onder die trekkergemeenskap plaasgevind en het die proses van “opbou” na volks- en staatswording versnel (Haas 1982:61; 1990:10).

Voornemens om ’n vrye volk te word

GESKREWE DOKUMENTE deur verskeie leiers van die Groot Trek demonstreer die voornemens om ’n onafhanklike *volk* tot stand te bring. Retief stel in sy manifestasie dat hulle (die Trekkers) van plan is om *selfregering*, sonder Britse inmenging, tot stand te bring (Van Jaarsveld 1980a:54). Piet Uys stel dat hulle (die Trekkers) beplan om hulle *volk* op dieselfde beginsels van vryheid, as die Verenigde State van Amerika, te vestig (Muller 1979:217). Potgieter skryf aan die Kaapse Goewerneur, op 3 Desember 1838, dat hulle (die *Emigranten*) hulleself as *vrye burgers* beskou en dat hulle soos alle *vry nasies*, sonder om afbreuk aan andere te veroorsaak, kan gaan (trek) waarheen hulle wil (Bruwer 1988:163). Andries Pretorius het gesê dat indien die Trek volgens die wil van God is en Hom behaag, dat hulle (die Trekkers) ’n *volk* sal word en dat hulle (die volk) volgens Sy wil sal leef (Bruwer 1988:163). Volgens Preller (1920: 280-281) het Retief en Maritz aan Goewerneur D’Urban geskryf dat hulle (die *Emigranten-Boeren*) as ’n *vry en onafhanklike volk* erken wil word. Dit is veral Maritz wat ’n *volksvisie* gehad het. Volgens Giliomee (2004:123) het Maritz die trek beskou as:

... ’n gemeenskaplike onderneming – ’n verenigde “maatskappy” of ’n volk – en het daarop aangedring dat die leiers hulle aan ’n gekose raad se besluite moet onderwerp.

In die vyfde verslag van die Volkstaatraad (Robbertze 1996:17) word die bedoelinge van die Boere tydens die Groot Trek as volg opgesom:

Afrikanerboere [*Proto-Boere] wat aan die Groot Trek deelgeneem het se bedoeling was om nooit terug te keer nie; om Britse gesag finaal af te skud en iewers in die binneland op vrye grond, buite Britse gesag, 'n nuwe staat te stig. Hulle wou vry en onafhanklik met 'n eie bestuur wees. Met ander woorde, hulle wou eksterne selfbeskikking hê.

Stappe van staatsvorming

DIE GROOT TREK HET bestaan uit familiegroepe, wat saam met ander familiegroepe, trekgruppe gevorm het. Elke trek het gewoonlik 'n leier aangewys en die trek is dan na die leier vernoem. Haas (1990:10) beskryf die model en stappe, volgens Carneiro, waardeur 'n groep mense moet ontwikkel om by die totstandkoming van 'n staat uit te kom as volg: *“The states, from the least to the most hierarchical social organization, are the band, the autonomous village, the tribe or confederacy, the chieftdom, and the state.”*

Die stappe, soos deur Haas (1990:10) beskryf, vind tydens die ontwikkeling van die Boer op pad na staatskap, net onder ander name plaas, naamlik familiegroepe, laers, trekgruppe en hooflaer. In werklikheid sien ons hier die rudimentêre stappe by die Boervolk op pad na volledige staatskap.

Die eerste regering en grondwet van die Boere

TREKKE HET SAAMGESMELT in 'n Hooflaer en op 2 Desember 1836, by Thaba Nchu, word 'n demokraties verkose leierskap aangewys en 'n interim regering tot stand gebring. Die regering het bestaan uit sewe lede, wat die drie bene van 'n demokratiese regering verteenwoordig het, naamlik die wetgewende, uitvoerende en juridiese bene, terwyl die kommando as 'n militêre been die handhawer van die gesag sou verteenwoordig (Van Jaarsveld 1980a:55).

Nadat verskeie nuwe Trekke by die Hooflaer aangesluit het, is daar tydens 'n opvolg volksbyeenkoms by die Vetrivier naby Winburg, op 5 Junie 1837 besluit om 'n nuwe regering te kies. 'n Grondwet met nege resolusies, wat eenvoudig of basies was, maar tog sy tyd vooruitgehoop het, is deur die volksvergadering aanvaar. Preller (1937:444) stel dat: *“... die allereerste wetgewing in Suid-Afrika, wat uitgegaan het van 'n vryverkose, demokratiese liggaam, dié is van die Winburgse Boere volksraad.”* Die anachronistiese fout moet nie gemaak word deur vandag se standarde toe te

pas in die beoordeling van hierdie eerste baanbrekers demokratiese wetgewing in Suider-Afrika nie.

Teoreties kan hierdie gebeure as die amptelike **geboorte van die Boervolk** gesien word, alhoewel hulle nog nie op hierdie stadium na hulleself as Boere verwys het nie, maar die term *Maatschappy van vereenigen Laagen* in die nuutgevormde Grondwet vir die Republiek van Winburg gebruik het (Van Jaarsveld 1980a:56). Hulle het wel hul onafhanklikheid openbaar deur hulleself as die sogenaamde “Vrye Provinsie Nuwe Holland in Suidoos-Afrika” te beskou (Giliomee 2004:123).

Ridpath en Ellis (1899) – Amerikaners, Theal (1886) – ’n Kanadese sendeling en Nixon (1885) en Methuen (1901) – twee Engelse, gebruik slegs die term *Boer*, wanneer hierdie gebeure beskryf word, sonder om die term Afrikaner een keer te gebruik (Tabel 2.2).

Op 23 Oktober 1838 is Pietermaritzburg as dorpsplaas aangelê, wat as hoofstad van die Republiek Natalia sou dien. Hier word Andries Pretorius op 28 November 1883 as kommandant-generaal ingesweer (Gerdener 1925:64). Hierna volg die gebeure rondom Bloedrivier (16 Desember 1838), wat ’n baie belangrike keerpunt in die ontwikkeling van die Boervolk word. Stromberg (1999:10) stel dat die Trekkers die **Slag van Bloedrivier** beskou het as ’n Ou Testamentiese wonderwerk, wat die besondere verbond van God met die Boervolk gedemonstreer het. Bloedrivier en die vestiging van die Geloofte kan dalk simbolies vergelyk word met die Ou Testamentiese Israeliete se deurtrek deur die Jordaanrivier om as volk in hul eie land te vestig.

Volgens Muller (1979:146) is daarmee nie alleen ’n oorweldigende militêre oorwinning behaal nie, nie slegs ’n stewige grondslag vir die kortstondige Republiek Natalia gelê nie, maar is daar met Geloftedag ’n nuwe, blywende, “Afrikaner-tradisie” (*sic*) geskep wat baie lank na die vroeë negentiende eeu sou bly voortleef. Hier vind ons weer ’n sinchronistiese, sowel as ’n anachronistiese benadering, aangesien die Afrikaner nie by Bloedrivier teenwoordig was nie. Trouens, die Afrikaner het nog nie bestaan nie en is as politieke groep en nie ’n volk nie eers ongeveer 50 jaar later (1883) gevorm. Die aanhaling moet dus “Boeretradisie” lees.

Die Geloofte wat by Wasbank ontstaan het, staan later as die Geloofte van Bloedrivier (Die Geloofte) bekend. Die Geloofte word jaarliks tydens Gelooftefeeste op 16 Desember landswyd deur feesgangers, wat hulle met die Boervolk vereenselwig, afgelê. Kolonialergesinde Afrikaners vereenselwig

hulle nie met die Gelofte nie en neem nie aan Geloftefeeste deel nie. Daar was wel 'n tyd toe die Afrikanerelite Geloftefeeste as 'n geleentheid gesien het om Afrikanernasionalisme te bevorder. Die Geloftefeeste is dan as deel van die sosiale ingenieurswese proses aangewend om die boodskap van Paradigma A te verkondig. Die Slag van Bloedrivier en die Gelofte is as deel van die mite, naamlik dat dit deel van die Afrikaner se geskiedenis is, gevestig. Broederbonders het gesorg dat hulle die “regte mense” op die feeskomitees kry sodat die “regte persone” as sprekers tydens die Geloftefeeste kon optree. Hierdie fenomeen is met die koms van TG voortgesit, die kriteria vir die sprekers het net verander en Boergesinde sprekers is gereël.

Volgens Wiid (1968:21) het die Boere na die Slag van Bloedrivier, op grond van volkeregtelike erkende prosedures van verdrag en verowering, in besit van 'n **eie land** gekom en kon hulle daartoe oorgaan om eie burgerlike bestuursvorme in die lewe te roep. Die staatsvorm van die Boere in Natal, sowel as later in Transvaal en in die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR), was sonder uitsondering geskoei op 'n demokratiese republikeinse model. Volksoewereiniteit is beklemtoon en die verkose volksraad as die mondstuk van die soewereine volk was die belangrikste liggaam in die staatkundige organisasie van die Boer (Preller 1937:129). Preller gaan voort en verduidelik dat die staatsbestel gegrond is op direkte demokrasie, waar die raadslede hulle kon vergewis van die volk se begeertes en behoeftes op gereelde drie-maandelikse volksvergaderings en na gelang van behoeftes.

Die “Afrikanervolk” word dikwels deur die groep outeurs binne Paradigma A en die geldende mening beskryf as – amper parallel met Israel – 'n “deur God uitverkore volk”, wat in Afrika geplaas is om die Evangelie uit te dra (Bierman 1968:378; Gerdener 1925:92p; van Jaarsveld 1980a :117; Wypkema 1968:39). Abel Coetzee (1968:119) skryf:

Dit het nie lank geduur nie, toe ontdek die vryburgers die parallel tussen hulle en die Ou Testamentiese Israel. Toe word hulle die Tweede Israel, en die opdrag van die Here aan die ou Israel, aanvaar die vryburgers as opdragte aan die nuwe. So ver as wat dit menslik moontlik was het hulle die opdragte probeer nakom: moenie jou dogters tot vrouens gee aan die seuns van die omringende heidene nie, moenie hulle dogters vir jou seuns tot vrou neem nie. En die omringende heidene, was hulle nie anderstalig, anderskleurig en andersharig nie? Was hulle nie Boesman en Hottentot en Bantoe en Oosterse slaaf nie?

Giliomee (2004:136) haal *De Zuid-Afrikaan* aan, wat ten opsigte van die Trekkers stel dat hulle: “... het nou die trek beskou as soortgelyk aan die uittog van die Israeliete uit Egipte en as 'n middel om die evangelie en

‘beskawing’ aan die wilde stamme in die binneland van Suid-Afrika te bring.”

Hierdie mite is gevestig en word vandag steeds deur sommige lede van die Boervolk as ’n belangrike uitgangspunt beskou.^[73] Die erkenning van die Slag van Bloedrivier as ’n Goddelike ingryping en die vereenselwiging met die gepaardgaande Gelofte is egter onontbeerlik deel van identifikasie met die Boervolk.

Eerste moderne demokrasie in Suider-Afrika

BY WINBURG IS VOORSIENING gemaak vir al drie bene van ’n moderne demokrasie, naamlik ’n wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag. Daarbenewens is ook tekens van ’n moderne staat op welsynsvlak openbaar deur ’n weesheer aan te stel (Preller 1937:310). Alhoewel hulle politieke organisatoriese vermoë, soos by alle jong gemeenskappe, baie kenmerke van onrypheid getoon het, is dit duidelik dat die Boere van die begin af daarop uit was om as ’n volk, op ’n gestruktureerde wyse, wet en orde in die binneland te handhaaf.

**Die allereerste wetgewing in Suid-Afrika, wat uitgegaan het
van ’n vryverkose, demokratiese liggaam, is dié van die
Winburgse Boere volksraad**

Gustav Preller

DIE BOERE HET NOU EINDELIK ’n eie vaderland buite die grense van die Kaapkolonie tot stand gebring. Vergelyk die situasie op daardie stadium ten opsigte van Swaziland en Lesotho, wat op die kapteinsvlak (*chiefdom*) van staatkundige ontwikkeling was, volgens Carneiro se ontwikkelingsmodel en nie naastenby op ’n vergelykbare vlak met die Boereregering in Natal nie (Haas 1990:10). Die ironie is dat beide koninkryke blywende onafhanklikheid van die Engelse ontvang het, terwyl die Engelse die Boer se onafhanklikheid telkens op onwettige wyse afgeneem het en nooit gehuiwer het om sy gesag met geweld af te forseer nie. Vandag is beide Lesotho en Swaziland onafhanklike soewereine state, terwyl die Boere daarvan ontnem is.

Dit is verder ironies dat beide lande hierbo genoem se voortbestaan totaal afhanklik was van die pre-ANC-regerings en tans nog steeds is van die post-1994 bedeling. Die ekonomiese samewerking tussen die state en Suid-Afrika is 'n voorbeeld van 'n wyse van samewerking van state op 'n federale en konfederale wyse. Dit is ironies dat, ten spyte van die feit dat beide Lesotho en Swaziland onafhanklike state is, daar waarskynlik meer van hulle ekonomies-aktiewe burgers in die Republiek van Suid-Afrika (RSA) as in hulle eie lande woon.

Nadat die Trekkers die Republiek van Natalia tot stand gebring het, is 'n nuwe grondwet met 16 klousules deur die "*Raads der Representanten van het Volk*" onderteken. Daar is ook 'n "*President van Politie ofte de Volks-Raad*" aangewys. Op hierdie stadium verwys hulle na hulleself in 'n skrywe aan Napier as "*het Volk*" en as "*Zuidafrikaansche Boeren*" (Van Jaarsveld 1980a:69-70, 77-78). Hierdie ontwikkeling was die volgende stap van die ontwikkelende progressie op die pad na volwaardige volkstatus en na staatskap. Teen 1847 bestaan daar nie meer twyfel oor die aanspreekvorm van die Boere nie, soos weergegee in die skrywe van Andries Pretorius aan Pottinger, waar hy "*namens de Emigranten Boeren*" en namens die "*Boeren*" skryf (Preller 1937:317-323). Pretorius verwys ook soms na die "*Hollands-Afrikaanse Boeren*" (Preller 1937:328). Hendrik Potgieter se seuns praat net van die Boere in hulle weergawe van die geskiedenis en gebruik nie die term Voortrekker of Afrikaner nie.

In Preller se onderhoud met Potgieter se oudste seun, Hermanus Jacobus, sê Preller (1922:35), onder andere: "Onder kommande van Andries Hendrik Potgieter trok 'n groot aantal **Boeren** in 1836 uit de Kaapkolonie. De meeste dezer **Boeren** waren uit Cradock afkomstig ..." (*beklemtoning).

Proses van staatsvorming – voltooi

TERUGSKOUEND KAN GESTEL word dat die **konsepsie** van die Boervolk in **1795 tydens die Patriotbeweging** en die stigting van die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet plaasgevind het. Tydens dié fase het 'n duidelike onderskeid en 'n onversoenbare verdeling tussen die twee groepe (Patriotte en Oranjemanne) ten opsigte van hulle onderskeie kulturele geheues tot stand gekom. Die eerste tree na volkskap het by die Patriotte ontstaan.



FIGUUR 5.2: Twee van die Trekleier Andries Hendrik Potgieter se seuns met wie Gustav Preller in 1918, op hulle plaas naby Louis Trichardt, onderhoude gevoer het (Preller 1922:22a).

Die volk is in **1836 met die eerste Boereregering gebore** en betree as jong volwasse volk die internasionale terrein ná die stigting van die internasionaal erkende republieke van die ZAR in 1852 en die Oranje Vrystaat (OVS) in 1854 (Giliomee 2004:x). Preller (1937:129) stel dat daar volgens hom in die pioniersgeskiedenis van die ganse wêreld, geen vestiging van 'n staat sneller ontwikkel het nie. Preller (1937:128) vergelyk verder die Afrikaner (*Kolonialer), wat vir die eerste keer verantwoordelike bestuur (*onder gesag* van die Britse regering) in die Kaap in **1872** ontvang het, met die Boere, wat daarteenoor reeds ononderbroke (*onafhanklike*) wetgewende gesag vanaf 2 Desember **1837** tot met 31 Mei 1902 gehandhaaf het. Die Boervolk was die eerste inheemse volk in sub-Sahara Afrika wat volwaardige moderne staatskap bereik het.

'n Samevatting van die stappe waardeur die ontluikende Boervolk ontwikkel het, word grafies in Figuur 5.3 weergegee.

Die Vryheidsoorloë vestig volksbewussyn

DIE TWEE VRYHEIDSOORLOË, wat die Boervolk teen die koloniale magte van Brittanje geveg het, het as eksterne bedreiging en konflik die

volksbewussyn by die burgers van die twee republieke prominent gevestig en die republieke is internasionaal geïnstitusioneel (Haas 1982:61; 1990:10). As voorbeeld van internasionale steun kan die aansluiting van prins Nikolai Georgiievich Bagration-Mukhransky (ook bekend as Niko die Boer) by die Boeremagte tydens die Tweede Vryheidsoorlog genoem word. Hy was waarskynlik die eerste Russiese vrywilliger wat in Suid-Afrika aangekom het en die redes waarom hy vir die Boere kom veg het, is as volg deur Nordbruch (2000:22) opgeteken:

Hy het in Alexandrië van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog^[74] gehoor en dadelik besluit om na die Transvaal te vertrek. Want Niko het instinkief geglo dat hy die gevoelens en emosies van die Boere kon verstaan. Hulle was 'n volk verlore in 'n vyandige omgewing, net soos die Georgiërs, sy eie mense, in 'n see van Moslems gestrand was. "Ek het nooit iets van die Boere geweet of gehoor nie," het hy geskryf "Waar was hulle? Wie was hulle? Maar dit het nogtans besonder baie soos my eie moederland gevoel en ek het gevoel ek moes dit beskerm."

Die reaksie wat die Boer (in die noorde) se Vryheidsoorloë by die Koloniale (in die suide) uitgelok het en die gevoel van nasionalisme (*Volksisme) waarvan skrywers soos Van Jaarsveld (1980b:225, 229) en Wiid (1968:27) melding maak, mag wel 'n gevoel van simpatie wees wat by die Pro-Republikeinse-Koloniale ontstaan het. Volgens die gevestigde patroon het 'n werklike volksbewussyn egter slegs by die vryheidsoekende en onafhanklikheid-soekende Republikeine in die noorde gemanifesteer. Ons vind dat die 20^{ste} eeuse akademië en historici die republikeinse strewe asof dit dwarsoor Suid-Afrika voorgekom het en sinchronisties oorbeklemtoon om 'n basis te lê vir die 20^{ste} eeuse republikeinse strewe binne die fiktiewe "All-Afrikanerdom-eenheid" van die Afrikanernasie (Deist 2002:73).

Die simpatie het wél gemanifesteer by die rebelle wat uit die geledere van die Pro-Republikeinse-Koloniale uit die Kaap by die Boere tydens die Tweede Vryheidsoorlog, sowel as tydens die Rebelle van 1914, aangesluit het. Aan die ander kant het die Pro-Koloniale-Koloniale, wat die meerderheid Koloniale was, onder leiding van die Koloniale politici in die Kaapse owerheid 'n amptelike standpunt gehandhaaf, wat neerkom op 'n oorlogsverklaring teen die Boererepublieke. Hulle het besluit om oorlog te voer saam met Brittanje (Bredell & Grobler 1986:145). Oud- Boerepresident Paul Kruger stel dat die Koloniale bereid was om Chamberlain te ondersteun en het die ZAR, oor spoorwegtariewe, reeds direk na die Delagoabaai spoorlyn in 1895 geopen is met oorlog gedreig (Bredell &

Grobler 1986:144). Hierdie aspekte word doelbewus deur die 20^{ste} eeuse akademici en historici verswyg.

Muller (1979:239) stel dat die Boere in die aanloop tot die Eerste Vryheidsoorlog^[75] al meer saamgestaan het. Op die byeenkoms van 2 000 tot 3 000 burgers te Wonderfontein, waar die deputasie op 10 Januarie 1879 verslag gedoen het, het die Boere in groter getalle op gesamentlike optrede en 'n gewapende stryd teen die koloniale besetting deur Brittanje aangedring.

Na die episode met Bezuidenhout se wa in November 1880 is 'n groot volksvergadering op 8 Desember 1880 by Paardekraal gehou (Bredell & Grobler 1986:89; Pienaar 1968:26). Hierdie optredes, asook die betrokkenheid van die Vrystaatse burgers, het die solidariteit en volksbewussyn van die Boervolk bevestig en verder uitgebou. Dit dui op die “uitskieterskwaliteit” van die mens wat deel van die Boervolk en die Boererepublieke was (Gladwell 2008).

Die vertoning van solidariteit tydens die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog is 'n duidelike voorbeeld van die fenomeen van volkswording na volwaardige staatskap by die teenwoordigheid van eksterne bedreigings en konflik (Haas 1990:10).

Volksbewussyn van die Boervolk verdoesel

VOLGENS DIE PATROON van Paradigma A en die geldende mening is die erkenning van 'n volksbewussyn, wat by die Boervolk bestaan het, doelbewus afgeskaal en met verskeie terme verdoesel. Van Jaarsveld (1980b:221) haal *De Express* aan wat stel: “*Voor de oprichting van de Aftikanerbond (1879) bestond er in Zuid-Afrika heel weinig of geen nationaal gevoel ...*”

Hy beweer dat die “Afrikaner voor 1879” in groepe verdeeld was en nie 'n politieke eenheid was nie. Hy stel verder dat “hulle” deur staatkundige grense van mekaar geskei is: “... terwyl die grootste deel onder Britse bewind verkeer het, het die res onafhanklikheid in eie state geniet wat in 1852 en 1854 deur Brittanje erken is.” Weereens word die “grootste gedeelte”, wat Britse bewind verkies en geen vryheidstrewe openbaar het nie, anachronisties aan die onafhanklike Boervolk, wat binne sy “eie state” (republieke) bestaan het, gekoppel. Ten spyte daarvan dat Van Jaarsveld die feit rakende totaal uiteenlopende groepe, waarvan een 'n *de facto* (op grond van feite en gebeure), asook 'n *de jure* (volgens die wet of wettiglik) volk is, raaksien en baie duidelik stel, word hy deur die geldende mening se

oogklappe beheer en plaas hy nie die onafhanklikheid van die Boer as volk op die tafel nie.

Van Jaarsveld (1959:46) stel dat die Vaalrivier 'n onnatuurlike skeidslyn tussen “Emigrant en Emigrant” (*Boere) was en dat hulle geneig het om weer te verenig, soos wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebelle van 1914 inderdaad plaasgevind het. Let daarop dat Van Jaarsveld nie die term *Boer* wil gebruik nie en ook nie 'n onderskeid tussen Boer en Kolonialer tref nie. Hy stel dit asof hulle 'n eenheid is.

Van Jaarsveld (1980b:221-222) stel verder dat “die gemeenskaplike ervaaringe met die Groot Trek 'n groepsbesef en volksbewussyn by die *republikeinse Afrikaners* [*Boere] in die lewe geroep het” (*beklemtoon). Dié stelling bevestig die stappe tot staatsvorming, volgens Carneiro, wat deur die Boere gevolg is (Haas 1990:10). Van Jaarsveld (1980b:221-222) stel in dieselfde asem dat die gevoel (van groepsbesef en volksbewussyn) vervaag het “na die verdwyning van die Britse druk met die twee konvensies van 1852-54.” Hy stel verder dat “sowel in die Vrystaat as Transvaal individualisme en middelpuntvliedende kragte die botoon gevoer het, wat staatsvorming en volkseenheid bemoeilik het.” Duidelik beklemtoon hy die onderlinge verskille en middelpuntvliedende kragte, terwyl die volksvormende middelpunt-soekende kragte, ter wille van die uitoefening van die geldende mening, doelbewus geïgnoreer word.

Dit is opvallend dat die verskille by die groeperings en faksies wat onderling tussen die Boere bestaan het deur Van Jaarsveld en andere 20^{ste} eeuse historici dikwels oorbeklemtoon word, ter wille van die feit dat hulle die volkskap van die Boervolk daardeur wil minimaliseer en afbreek. Dit doen hulle ter wille van Paradigma A en die handhawing van die geldende mening ten opsigte van Afrikanereenheid. Dit is ironies dat dit 'n Engelsman, Sir Arthur Conan Doyle (1902:1) is, wat die patriotisme van die Boervolk as volg beskryf: “*Then, finally, put a finer temper upon their military qualities by a dour fatalistic Old Testament religion and an ardent and **consuming patriotism***”.

Daar word nie deur die kritici in gedagte gehou nie dat terwyl die Boervolk besig was om die ZAR en OVS, as jong demokratiese republieke met natuurlike groeipyne te vestig, die VSA, wat as dié model van 'n liberale demokrasie aan die wêreld voorgehou word, besig was met 'n bloedige burgeroorlog (1861 tot 1865).

Die volks- en vryheidsgevoel, wat sterk genoeg onder die Boere ontwikkel was om aan die twee Vryheidsoorloë deel te neem, kan as aanduidend van 'n volksbewussyn genoem word. Dit het hierdie “uitskieterburgers” gemotiveer om die wapen op te neem tydens die twee Vryheidsoorloë en die Boereopstand van 1914-15. Van Jaarsveld (1980b:139) haal self *De Volkstem*^[76] aan, wat op 14 September 1881, die volgende oor die Slag van Majuba publiseer: “[D]it het, de nationale zin van den Boer ... ontwikkel”, wat hierdie stelling onderskryf. Dit is belangrik om daarop te let dat die “nasionale sin” glad nie op die Koloniale van toepassing gemaak kan word nie, aangesien hulle op geen stadium ooit daarop aanspraak gemaak het dat hulle Boere is nie.


Die vyfde verslag van die Volkstaatraad (Robbertze 1996:23) stel dat: “Ofskoon Hofmeyr en die Kaapse Afrikaners die Transvaalse oorwinning oor die Britte van 1880-81 verwelkom het, het 'n pan-Afrikaner-nasionalisme nie ontwikkel nie”. Intendeel, die Koloniale het terstond Chamberlain gesteun in 'n oorlog teen die Boere – vir ekonomiese redes. 'n Belangrike opmerking, wat by hierdie onderwerp hoort, is die feit dat die Koloniale, as deel van die Kaapse regering, ingestem het tot Chamberlain se eis (Bredell & Grobler 1986:145): “*He [Chamberlain] stipulated, however, that, if the ultimatum led to a war, Cape Colony should bear half the cost, raise a force of auxiliaries and lend her railway for the free carriage of troops*”. Paul Kruger maak oor hierdie oorlogsdreigement die volgende opmerking (Bredell & Grobler 1986:145): “*To the shame be it spoken of the Afrikaners who had seats in the Ministry, they agreed to this suggestion forthwith.*”

Die Kaapkolonie het inderdaad aan hierdie vereistes voldoen deur 50 000 troepe, waarvan die helfte Kaapse Afrikaners was, by die Britse magte te laat aansluit (Bruwer 1988:363; Kestell 1909:63). Verder is die spoorlyne en treine beskikbaar gestel en voer en proviand is aan die vyand van die Boervolk (die Britse magte) gelewer.


Die logistieke ondersteuning en beskikbaarstelling van mannekrag (troepe) aan die Engelse is 'n direkte daad van oorlog deur die Koloniale-Afrikaner teen die Boer. Hierdie feite word meedoënloos deur 20^{ste} eeuse akademici, skrywers en media onder die mat ingevee.

Gevolgtrekking

VERSKEIE UNIEKE FAKTORE het daartoe bygedra dat die Boervolk as volk ontwikkel het. Die inherente uitdagings wat gepaard gaan met veeboerdery het 'n basis vir die kulturele nalatenskap van die Boer gevestig. Eksterne vyande en voortdurende konflik aan die Oosgrens het 'n samehorigheid en 'n groepsgevoel onder die Proto-Boer laat ontstaan. Die eskalering van die eksterne bedreigings en konflik, veral die voortdurende vyandelik Engelse bedreiging teenoor diegene wat aan die Groot Trek deelgeneem het, het daartoe gelei dat daardie groep 'n volk geword het. In die moderne geskiedenis het die Boervolk die vinnigste tot volwasse staatskap beweeg en is ook die eerste inheemse volk in sub-Sahara-Afrika wat daardie mylpaal bereik (Preller 1937:129).



FIGUUR 5.3: Die manifestering van die Boervolk as 'n volk.



HOOFSTUK 6

DIE KOLONIALER OF KAAPSE AFRIKANER ONTWIKKEL GROEPVORMING

Inleiding

In Hoofstuk 5 is die ontwikkeling van die Boer as deel van Fase 3 uiteengesit. Fase 3 bestaan uit die ontwikkeling van die Boervolk in die eerste helfte van die 19^{de} eeu sowel as die groepsvorming van die Afrikaner in die tweede helfte van die 19^{de} eeu. In hierdie hoofstuk (6) word die ontwikkeling van die Kaapse Afrikaner volledig bekyk.

Die term Afrikaner

VOORDAT DAAR NA DIE ontwikkeling van die Afrikanernasie as groep gekyk word, moet die term Afrikaner eers onder die loep geneem word. Die term *Afrikaner* is oor jare op verskillende wyses en met verskillende betekenisse gebruik. Die term *Africander* of *Afrikander* word ook *Africaander* en *Afrikaander* gespel. Bruwer (1988:86) en baie ander skrywers verwys dikwels na Hendrik Bibault (Bibouw) en Etienne Barbier, wat die eerste keer in die geskiedenis die term *Afrikander*, in die vroeë 1700's, gebruik het. Giliomee (2016b) is van mening dat dit niks meer as “van Afrika” kan beteken nie. Die skrywer stem saam met Giliomee aangesien daar van 'n volksbewussyn nog geen sprake was nie. *De Zuid-Afrikaan*^[77] definieer die term *Afrikaner* in 1830 inklusief as “[D]iegene,

hetsy Engels of Hollands, wat die land bewoon en deur plig en belang [teenoor die land] gebonde is om die welsyn van die land te bevorder” (Giliomee 1989:5). Giliomee (1989:6) beweer dat die term *Afrikander* ook dikwels in ’n ander sin gebruik is. Hy haal E van Heyninge aan wat stel dat “*Africans*” mense van gemengde bloed was en die leidende groep op die lys van prostitute in Kaapstad in 1886 uitgemaak het (Giliomee 1989:6-7). Die term *Afrikaner* tree eers ná die vorming van die GRA in 1875 werklik na vore.

Die Afrikaner se ontstaan

VOLGENS VAN JAARVELD (180b:221) bestaan daar oor die ontstaansdatum van die Afrikaner en Afrikanernasionalisme heelwat verskil van mening onder historici en politieke wetenskaplikes. Hy beweer dat “sommige het dit aan die begin van die 18^{de} eeu geplaas, ander aan sy einde en party gedurende die Groot Trek.” Die groepsvorming, wat in die 19^{de} eeu plaasvind, is deel van Fase 3 en geskied onafhanklik van en parallel met die ontwikkeling van die Boer (Hoofstuk 5).

Van Jaarsveld (1959: voorwoord) probeer onsuksesvol om die ontstaan van ’n fiktiewe eenheid en die sameflansing van die Afrikanernasie te verduidelik deur die volgende onsamehangende, anachronistiese, geskiedkundige hutspot op die tafel te plaas:

Die Vrystaters, Transvalers, Kapenaars en Natallers was almal lede van die Afrikanervolk maar nie ’n staatsvolk binne ’n nasiestaat nie. ’n Mens kan in wyere sin van hulle as kultuurnasie praat. Hulle het teen 1881 daarna gestreef om in ’n verenigde Suid-Afrika tot staatsvolk of nasiestaat te word. Na 1881 kon die Republikeine hulle nasieskap uit lewe, maar na 1902 verdwyn die Afrikanernasie en maak plek vir ’n Suid-Afrikaanse nasie, waarbinne die Afrikanervolk as kultuurgroep voortbestaan.

Giliomee (2016b) argumenteer dat sommige 20^{ste} eeuse outeurs, soos Thom, Van Schoor, Kotze en Van Jaarsveld, die ontwikkeling van die Afrikaner primordialisties beskou deur verkeerdelik te beweer dat die Afrikaner amper reeds by die “volksplanting” met die aankoms van Jan van Riebeeck ontstaan het. As voorbeeld kan gekyk word na Van Jaarsveld (1959:16), wat primordialisties beweer dat:

Teen die einde van die agtiende eeu het die koloniste wat Afrikaans gepraat het reeds al die eienskappe gehad wat hulle tot aparte volk sou maak. Hulle het egter verspreid gewoon, elkeen koning op sy terrein. Die belange van veeboer, landbouer en wynboer het verskil en was

uiteenlopend^[78] sodat soliderende invloede swak was en 'n volksbewussyn moeilik kon deurbreek – al was hulle in werklikheid al volk.

Van die ander skrywers beweer dat die Afrikaner aan die einde van die 19^{de} eeu tot stand gekom het. Giliomee (1989:3) beweer dat die Afrikaner stadig en wisselvallig ontwikkel het en dat die identiteit vóór 1850 onduidelik en onseker was en stel dat die Kaapse koloniste, wat Hollands óf Afrikaans gepraat het, teen die 1870's die term Afrikaner as hul identiteit aanvaar het (Giliomee 2016).

Dit is duidelik dat daar nie 'n pertinente “begindatum” aan die totstandkoming van die Afrikaner gekoppel kan word nie. Die datum hang in die lug, terwyl daar deur die aanhangers van Paradigma A gepoog word om die totstandkoming van die Boervolk en die ontwikkeling van die Koloniale as politieke groep, primordiaal en sinchronisties met mekaar te versoen, sodat die begindatum van die fiktiewe Afrikanernasie en Afrikanereenheid nie gekompromitteer word nie.

Geen Afrikanereenheid voor 1850

DAAR KAN MET SEKERHEID gestel word dat daar geen eenheid of eensgesindheid onder die Kaapse Afrikaner (Kolonialers) in die eerste helfte van die 19^{de} eeu bestaan het nie. Giliomee (1989:14) bevestig dit deur te beweer dat daar teen 1850 geen etniese eenheid onder die Hollandse Afrikaner sigbaar was nie. Dit is ook Bruwer (1988:87) se siening en hy stel dat daar tussen 1776 tot 1876 tevergeefs gesoek word vir enige teken dat diegene tussen die berge en die see hulleself as 'n volk beskou het of hulself Afrikaners genoem het. Van Jaarsveld (1959:95) beaam dit deur te beweer dat daar by die “Kaapse Afrikaanssprekendes ... *voor die jare [agtien]sewentig* geen innerlike noodsaak was om hulle met die verlede te bemoei nie: hulle het sonder geskiedenis gelewe en geen behoefte daaraan gehad nie (*beklemtoon).” By implikasie was daar by hulle geen gemeenskaplike behoefte om 'n volk te wees nie.

Aan die ander kant het die Boer reeds in 1836 sy eerste regering gevorm. Verder is die pad na volledige staatskap tot só 'n mate voltooi dat hulle teen 1854, as die Boervolk, tussen ander moderne demokratiese state, in die vorm van onafhanklike republieke gevestig was (Haas 1982:61, 83).

Die ontstaan van die Afrikaner: vier postulate

DAAR KAN VIER POSTULATE (onverklaarde voorstelle) gemaak word om die totstandkoming van die Afrikaner te verklaar. Die eerste siening draai om die stigting van die Afrikanerbond. Met die tweede postulaat plaas Van Jaarsveld die oorwinning by Majuba as die baken. Die derde postulaat konstateer dat die Afrikaner se bestaan bevorder is gedurende en ná die Tweede Vryheidsoorlog, terwyl die vierde postulaat behels dat die Afrikaner eers ná die aanvang van die sosiale ingenieurswese in die 20^{ste} eeu 'n nasionale bewussyn ontwikkel het.

i) Eerste postulaat: GRA, ZABBV^[79] en Bond^[80]

MULLER (1979:184-185) beweer dat daar 'n reaksie onder die “konserwatiewe plattelandse Afrikaner” (*Pro-Republikeinse-Kolonialer) ten opsigte van die miskenning en die “verwaarlosing van Hollands” was. Dit het volgens hom daartoe gelei dat daar:

... onder leiding van A. Pannevis, C. P. Hoogenhout, ds. S. J. du Toit e.a. 'n taalvereniging – “Die Genootskap van Regte Afrikaners” – en die Patriot-beweging ontstaan het, wat 'n volksbeweging geword het vir die verkryging van taal- en politieke regte. Publikasies in *De Zuid-Afrikaan*, *Het Volksblad* en *Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* het 'n volksgevoel by duisende Afrikaners gekweek en 'n belangrike rol gespeel in die verheffing van Afrikaans as skryftaal en Hollands as amptelike taal.

SJ du Toit het, volgens Giliomee (2004:178), die term Afrikaner as 'n erenaam behorende tot 'n unieke groep gebruik. Dit is belangrik om na die definisie van *Afrikaner*, wat deur Du Toit gebruik is, te kyk. Hy het volgens Giliomee drie kategorieë van Afrikaners onderskei, naamlik *Afrikaners met Engelse harte*, *Afrikaners met Hollandse harte* en *Afrikaners met Afrikaanse harte*, wat hy die “regte Afrikaners” genoem het.

Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)

Die GRA se doelwit was om die Hollands- en Afrikaanssprekende witmense te oorrede dat Afrikaans 'n belangrike rol in hul nasionale bewussyn kan speel en om hulle self te beskou as 'n besondere gemeenskap met die naam *Afrikaner* (Giliomee 2004:178)

DU TOIT EN SY VRIENDE het dit as hulle roeping beskou om die groepsbewussyn onder die “Afrikaners met Afrikaanse harte” (*Pro-Republikeinse-Kolonialers) uit te bou. Dit gee aanleiding gegee tot die stigting van die GRA op 14 Augustus 1875 en kort daarna inisieer hulle die verskyning van die koerantjie, *Die Afrikaanse Patriot*, in die Paarl (Bruwer 1988:281).

Giliomee (2004:178) stel dat “die GRA se doelwit was om die Hollands- en Afrikaanssprekende witmense te oorrede dat Afrikaans 'n belangrike rol in hul nasionale bewussyn kan speel en om hulle self te beskou as 'n besondere gemeenskap met die naam *Afrikaner*”.

Antagonisme deur Pro-Koloniale-Kolonialers

BAIE GOU WAS DAAR OPENLIKE antagonisme van die kant van die Pro-Koloniale-Kolonialers (Bruwer 1988:281-282). Dit het inderdaad so erg gegaan dat hulle van skuilname gebruik moes maak “omdat daar algou gepraat is van teer en veer, van sambok en bedorwe eiers, pap tamaties en dies meer – nee, selfs van doodskiet” (Von Wielligh 1925:15).

Von Wielligh (1925:21-22) beskryf verder die volgende stappe wat deur die Pro-Koloniale-Kolonialers teen die Pro-Republikeinse-Kolonialers geloods is:

Die Kaapse sinode [*NG Kerk] besluit om duisende klein boekies te laat druk om die gemeentes te waarsku teen Die Afrikaanse Patriot. Die boekies was deur al die predikante saam huis toe geneem om deur die kerkrade onder die gemeentelede te versprei. Individue is verneder en vervolg. Persone met Die Afrikaanse Patriot in die sak was versoek deur die eienaar om die huis te verlaat omdat hy nie die “vuil blad in die hande van sy kinders wil laat kom nie.” Kosgangers is gestraf omdat hulle Die Afrikaanse Patriot in die koshuis ingebring het. Kosgangers wat lede van die Genootskap geword het, was gedwing om as lede te bedank, of is uit die inrigting geskors. Studente, wat geldelike ondersteuning van private persone geniet het, was gedreig om as intekenare van Die Afrikaanse Patriot te bedank of die geldelike ondersteuning sal afgesluit word. Onderwysers wat die Patriot

gelees en ondersteun het, moes van toe af met minder salaris tevrede wees, of was afgedank en kon moeilik weer 'n aanstelling kry.

Dit is insiggewend dat die minderheid se siening aangebied, beklemtoon en bespreek word, terwyl die antagonistiese optrede van die meerderheid teenoor die minderheid, doelbewus verswyg word en geen verdere ontleding of bespreking oor die meerderheid plaasvind nie. Hierdie antagonisme, wat die lede van die Pro-Koloniale-Kolonialers of Kaapse Afrikaners openbaar het, word doelbewus deur die meeste geskiedskrywers en akademici verswyg, omdat dit nie inpas by die geldende mening van die fiktiewe geskiedenis van die *All-Afrikanerdom-eenheid* nie. Hierdie stukkie geskiedenis hierbo het “deurgeglim”, nie omdat die meerderheid antirepublikeinse sentimente weergegee wou word nie, maar om die minderheid, wat pro-republikeins is, se stryd uit te lig. Weereens word hierdie manifestasie van twee duidelik herkenbare rigtings in die kulturele geheue eensydig weergegee.

Die ZABBV en die Afrikanerbond

LEDE VAN DIE GRA HET 'n wesentlike rol gespeel in die totstandkoming van 'n “pro-nasionale beweging” deur die stigting van die Afrikanerbond. Die Bond is gestig in 1880 in die Paarl en moet nie met die Afrikaner-Broederbond, wat in 1918 gestig is, verwar word nie (Wilkens & Strydom 1978). Die ondersteuningsbron en deelnemers, wat die eerste algemene vergadering van die Bond bygewoon het, was Pro-Republikeinse-Kolonialers, afkomstig uit die Wieg van die Boervolk, veral uit die distrik van Graaff-Reinet (Bruwer 1988:283; Figuur 4.3). Die Bond was aanvanklik daarop ingestel om nasionalistiese doelwitte na te streef.

Ná die stigting van die GRA in 1875 stig tweehonderd Pro-Koloniale-Kolonialers, onder die leierskap van JH Hofmeyr, 'n landbou-belangegroep *De Zuid-Afrikaansche Boerenbeschermings-vereeniging* (ZABBV) in Oktober 1878 (Giliomee 2004:175). Dié vereniging is gestig met die doel om as 'n landbou-ekonomies-politieke belangegroep op te tree (Bruwer 1988:283). Die ZABBV het ook as teenpool vir die Pro-Republikeinse-Kolonialer se GRA gedien. Volgens Bruwer (1988:284-287) het die Kolonialers (*Pro-Koloniale-Kolonialers) van die ZABBV besluit om die Bond te kaap. Deur slinks te werk te gaan, onder leiding van Jan Hofmeyr

en met die “konfidensiële” samewerking van die Engelse redakteur van die *Cape Argus* koerant, is ’n samesmelting van die ZABBV en die Bond georkestreer (Bruwer 1988:284).

Die ZABBV het beheer oor die Bond verkry en in 1883 die grondwet verander om by hulle Pro-Koloniale uitgangspunte aan te pas. Artikel 1 en 2 van die Bond se veranderde grondwet volg hier in die oorspronklike Nederlands:

Art. 1. De Bond kent geen nationaliteit hoegenaamd, dan alleen die der Afrikaners, en beschouwt als daartoe behorend een ieder, van welke afkomst ook, die de welvaart van Zuid-Afrika beoogt.

Art. 2. Het doel van de Afrikanerbond is: het vormen van een Zuidafrikaanse nationaliteit door de aankweking van een ware vaderlandsliefde als voorbereiding der eindbestemming: Een Verenigd Zuid-Afrika (Van Jaarsveld 1980:137).

Die Bond se uitgangspunt was ten gunste van die totstandkoming van ’n verenigde Suid-Afrika *met die oogmerk om as kolonie onder Brits-imperiale bewind te ressorteer*. Hierdie strewende verskil drasties van die aanvanklike nasionalistiese doelwitte wat tydens die stigting gegeld het. Hierdie is ’n duidelike voorbeeld van die *mak olifant* wat vroeër beskryf is. Bruwer (1988:284) haal professor JC Steyn aan wat dit as volg beskryf: “Dit was, in vandag se politieke jargon, ’n geslaagde kapingspoging.”

Bruwer (1988:284) reageer op Steyn se opmerking deur te stel dat die styl is van die Pro-Koloniale-Kolonialer en latere Afrikaner om organisasies en aksies, wat deur die Pro-Republikeinse-Kolonialer of latere Boere tot stand gebring is, te kaap en oor te neem volgens die gevestigde patroon van infiltrasie en oornames deur Afrikaners met Boeremaskers. Die Afrikaner-AB is in die 20^{ste} eeu op dieselfde wyse as die Bond oorgeneem deur die Afrikaner en as hoofrolspeler aangewend om die politieke sosialisasie van die Boer en Kolonialer te orkestreer.

Die Pro-Koloniale-Afrikaners het deur middel van die Afrikanerbond verder vir Cecil John Rhodes, wat ’n uitgesproke vyand van die Boererepublieke was (Bruwer 1988:287; Giliomee 2004:200), in 1890 gehelp om eerste minister van die Kaap te word (Giliomee 2004:199) en hom “met elke tree wat hy gegee het om die Republieke [ZAR en OVS] onder te ploeg, ondersteun” (Bruwer 1988:287).


Volgens Bruwer (1988:284) was die oornames van die Bond se direkte gevolg “dat die Kolonialers vir die eerste keer die naam ‘Afrikaner’ vir hulself toegeëien het en op ’n groot skaal begin gebruik het.” By hierdie

gebeurtenis het die Pro-Koloniale-Kolonialer die Afrikaner gedefinieer as “*een ieder, van welke afkomst ook*” (Van Jaarsveld 1980:137).

Die ironie is dat die Afrikaner-Broederbond (AB) die sirkel voltooi het deur aan die einde van die 20^{ste} eeu hulle grondwet aan te pas en te verander om lidmaatskap metafores oop te stel vir “*een ieder, van welke afkomst ook*” en hulle naam te verander na die Afrikanerbond! Giliomee (2004:625) rapporteer dit as volg:

Die Broederbond het sy grense herdefinieer. Aangespoor deur lid nommer 8507 (F.W. de Klerk), wat die uitvoerende raad van die Broederbond in 1992 toegespreek het, het die organisasie sy naam tot die Afrikanerbond verander, sy streng geheimhouding laat vaar en vroue en mense wat gekleur is as lede verwelkom.

Om terug te kom by die eertydse Afrikanerbond. Die Bond is mettertyd as ’n politieke party uitgebou en aangewend om tot ná Uniewording nog ’n rol te speel in die baadjie van die Suid-Afrikaanse-Party (Sappe). Dit is alom bekend dat die Sappe die Boere nie goedgesind was nie en ’n imperiale stelsel vir Suid-Afrika ten doel gehad het (Giliomee 2004:223).



FIGUUR 6.1: Die ontstaan van die Kolonialer of Kaapse Afrikaner (Eerste postulaat).

Daar kan op hierdie stadium geensins gepraat word van ’n Afrikanernasie, wat nog te sê Afrikanervolk wat tot stand gekom het nie, aangesien die Bond as politieke party met sy hoofkwartier in die Kaap, op sy beste ’n groepsbewussyn onder die Kaapse Afrikaner verteenwoordig het. Selfs hierdie stelling hou nie heeltemal water nie, aangesien die Bond se

lidmaatskap oop was vir alle nasionaliteite (Van Jaarsveld 1980:137). Jan Hofmeyr het by geleentheid gesê: “Met die oog op die komende algemene verkiesing is dit gevaarlik om die Bond te beperk tot die blanke bevolking ...” (Bruwer 1988:286). Hofmeyr het neergesien op “Afrikaners” en het volgens Scholtz (1977:291) verklaar dat hy “liewer 5 Engelse as lede van die Bond sou wou inskryf as 100 Afrikaners [*Boergesindes].” ’n Mens kan met reg wonder wie die “onze” van “Onze Jan” ingesluit het. Verder laat hierdie opmerking mens dink aan Johann Rupert se opmerking in *Beeld* (5 Junie 2018:14) waar hy stel dat hy baie nader aan Kaapse Bruinmense voel as aan [wit]mense met “hul kranksinnige regse gesindhede”. Dit is insiggewend dat Rhodes vir Hofmeyr as die knapste politikus beskou het en dat hulle idees “verstrengel” was (Giliomee 2015:175, 198).

ii) Tweede postulaat: Post-Majuba oorsprong

VAN JAARSVELD (1980B:230) haal GD Scholtz aan, wat beweer dat die militêre oorwinnings van die Transvalers nie op die Transvalers alleen ’n uitwerking gehad het nie, maar ook op die res van die “Afrikaanse volk.” Scholtz stel: “In stede van dat daar alleen ’n Transvaalse nasionalisme ontstaan het, het dit ’n omvattende Afrikaanse nasionalisme van Kapenaar, Nataller, Vrystater en Transvaler geword.” Giliomee (2004:180) beweer dat Afrikanernasionalisme vir ’n kort rukkie gestimuleer is “deur die Transvalers se skouspelagtige oorwinning oor ’n Britse mag by Majuba op 27 Februarie 1881” en dat die Kaapse burgers op baie plekke openlik solidariteit met die Transvaalse burgers betoon het. Giliomee (2004:180, 182) stel dat daar gesê is dat “die Transvaalse opstand [*sic*] almal aanspreek wat ’n ware Afrikaanse gees het”. Hy rapporteer verder dat JH Hofmeyr (*Onze Jan*) die “Kaapse Afrikaner” in gedagte gehad toe hy die volgende gesê het:

De Anneksatie van de Transvaal ... heeft haar goede zijde gehad. Zij heeft het Zuidafrikaansche Volk geleerd, dat bloed dikker is dan water. Zij heeft de anders te zeer aan het materiële slijk verkleefde Afrikaners vervuld met een nationale gloed van sympathie voor de broeder over de Vaal ... ”

Hierdie emosies wat deur die “nasionale gloed van simpatie” ontstaan het, het waarskynlik hoofsaaklik onder die Pro-Republikeinse-Kolonialer posgevat en is deur die liberale Kaapse Afrikaner politieke aangewend en gekanaliseer. Dit het gelei tot die omvorming van die Bond tot die eerste

politieke party in Suid-Afrika (Giliomee 2004:180). Wat verder oor die hoof gesien word in enige histories-politieke kommentaar, ontleding of bespreking, is die gedeelte van die sin, “*de anders te zeer aan het materiële slijk verkleefde Afrikaners*”. “Onze Jan” gee hier ’n baie goeie beskrywing van die (ekonomiese) fundamente van die kulturele nalatenskap van die Afrikaner – tot vandag toe.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Kolonialers of Kaapse Afrikaners hulleself ná die oorwinning by Majuba as steeds die “loyaalste [*sic*] onderdane van die Koningin” beskou het en dat hulle gegrief gevoel het omdat hulle beskuldig is van dislojaliteit net omdat hulle gesimpatiseer het met die Transvaal (Van Jaarsveld 1959:168).

Dit is ironies om te sien dat dieselfde politieke party wat uit die “nasionale gloed van simpatie” ontstaan het later deel was van die Kaapse owerheid wat besluit het om betrokke te raak in ’n handelsoorlog teen die ZAR in 1895 en ’n dreigement van oorlog te uiter oor die spoorwegtariewe wat die ZAR gehef het. Hulle het verder oorgegaan tot uitvoering van die dreigement deur die Kaapse spoorweë oop te stel vir gratis gebruik deur die Engelse tydens die Tweede Vryheidsoorlog en het ook Afrikaners in die Kaapkolonie opgekommandeer om saam met die Engelse teen die Boere te veg (Bredell & Grobler 1986:145; Bruwer 1988:363).

Giliomee argumenteer dat die “Transvaalse opstand [*sic* * Eerste Vryheidsoorlog] in 1880 en vroeg in 1881” vir ’n kort rukkie Hofmeyr se politieke ewewig versteur het. Die vernederende nederlaag by Majuba het die Engelse gemeenskap baie ontstel en SJ du Toit verheug. Du Toit het inderdaad geglo dat die “Afrikanernasie by Majuba gebore is.” Van Jaarsveld (1980b:221) stel dat SJ du Toit geargumenteer het dat die Bond op Majuba “wortel gevat het.” Hy haal ook GD Scholtz aan, wat anachronisties hierop uitbrei deur te beweer dat “Afrikanernasionalisme op Majuba wortel geskiet het.”

Let daarop dat die geveg by Majuba teoreties moontlik as ’n opstand gesien kan word, soos Giliomee (2004:182) beweer, aangesien Engeland op daardie stadium reeds die Transvaal geannekseer en beheer het. Engeland se anneksasie was egter ’n daad van oorlog teen ’n bestaande (reeds vir amper 30 jaar) internasionaal erkende republiek en daarom was die Slag van Majuba in werklikheid die oorwinning van ’n oorlog, wat uit die onwettige anneksasie voortgespruit het. Ek verskil dus van Giliomee, wat Majuba as die Transvaalse opstand beskryf. Ek beskou die Slag van Majuba as die

deurslaggewende veldslag tydens die Boere se Eerste Vryheidsoorlog en nie as 'n "opstand" nie.

Nixon (1885:45, 49) gebruik die term "Boer wat die Engelse verslaan het" in sy publikasie, *The Complete story of the Transvaal*, vier jaar na die Slag van Majuba. In dié publikasie verwys hy nie een keer na die Afrikaner nie. Ridpath en Ellis se publikasie, *The Story of South Africa*, verskyn in 1899 en stel ook dat dit Boere was wat die Engelse verslaan het (Ridpath & Ellis 1899:223). Hy maak geen melding van die Afrikaner nie (Tabel 2.2).

Die gedagte dat die oorwinning by Majuba Afrikaners in die Kaap geïnspireer en 'n tydelike gevoel van simpatie met die Boere van die ZAR tot gevolg gehad het, kan aanvaar word, maar dat dit werklik by al die Kolonialers aanleiding gegee het tot 'n volksbewussyn word betwyfel. Dit was waarskynlik slegs die Pro-Republikeinse-Kolonialer wat werklik geïnspireer is. Dit het in elk geval nie verhoed dat die Kolonialers minder as 20 jaar later logistieke hulp aan die Britse magte in hul stryd teen die Boere verleen het nie en ook nie verhoed dat 25 000 Kolonialers (plus 25 000 Engelse setlaars) saam met die Britse magte teen die Boere van die ZAR en die OVS in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het nie (Bruwer 1988:363). In hierdie geval kan aanvaar word dat dit Pro-Koloniale-Kolonialers was wat by die Britse magte aangesluit het, terwyl die Pro-Republikeinse-Kolonialers by die Boeremagte aangesluit het.

Giliomee (2016a) ondersteun beide die eerste en die tweede postulate ten opsigte van die ontstaan van die Afrikaner as moontlike bydraende elemente en stel dat:

These three developments – the founding of the GRA and the so-called First Afrikaans Language Movement, the establishment of the [ZA]BBV and Bond, and the Transvaal revolt [Eerste Vryheidsoorlog] – are often considered by historians as constituting the 'awakening' of Afrikaner nationalism, and there is indeed some evidence to support this view.

Opsomming

Die Slag van Majuba (27 Februarie 1881) in die noorde en die mense betrokke by die GRA (1875) en die Bond in die suide het geen direkte verband met mekaar gehad nie. Die Slag van Majuba het egter 'n simboliese en emosionele impak op 'n deel van die Kolonialers gehad. Die situasie rondom die Slag van Majuba word deur 20^{ste} eeuse akademici en historici op só 'n wyse sinchronisties gestel dat dit die indruk skep dat die gevoel van nasionalisme by "een groep" ontstaan het, so asof die twee gebeure met

dieselfde groep mense gebeur het en dat dit ter wille van die *All-Afrikanerdom-eenheid* in dieselfde asem genoem moet word (Giliomee 2004:180).

Daar is egter nie gronde om te beweer dat die slag van Majuba die begin of ontstaan van die Afrikaner was nie.

iii) Derde postulaat: die Tweede Vryheidsoorlog

GILIOME (2017) REKEN dat die reaksie op die “Anglo-Boereoorlog” (*Tweede Vryheidsoorlog) moontlik aanleiding tot ’n volksgevoel kon gegee het. Hy reken dat dit veel belangriker is as die ander twee oorsake, maar ook nie deurslaggewend is nie. Die Boer se volksbewussyn is sterker bevestig deur die deelname aan die Tweede Vryheidsoorlog, maar dieselfde argument wat by die Majuba-postulaat gebruik is, naamlik dat dit waarskynlik slegs ’n simboliese en emosionele impak op die Pro-Republikeinse-Kolonialer in die suide gehad het, is ook hier van toepassing. Op die Pro-Koloniale-Kolonialer het dit onwaarskynlik enige positiewe reaksie tot gevolg gehad. Die feit dat ’n groot kontingent van Kolonialers saam met die Engelse geveg het, kompliseer onomwonde hierdie postulaat.

Van Jaarsveld (1959) konsentreer op die Slag van Majuba (Eerste Vryheidsoorlog) as oorsaak vir die totstandkoming van die Afrikaner en beskou die Tweede Vryheidsoorlog nie in dieselfde mate van belang by die ontstaan en oorsaak vir die totstandkoming van die Afrikaner as volk nie (Van Jaarsveld 1959, 1980b).

iv) Vierde postulaat: sosiale ingenieurswese

DIE VIERDE SIENING word deur die skrywer gepostuleer, naamlik dat die Afrikanernasie in werklikheid eers ná die Vrede van Vereeniging en tydens die aanvang van die sosiale ingenieurswese om ’n *politieke magsblok* te vorm, tot stand gekom het. Geeneen van die groeperings van die Kolonialers, wat die 20^{ste} eeu voorafgegaan het, voldoen aan die definisie om as volk erken te word nie en demonstreer ook nie ’n volksbewussyn nie. In die 20^{ste} eeu word daar vir die eerste keer op Afrikanernasionalisme aanspraak gemaak, as gevolg van politieke sosialisasie, wat op die Boer en die Kolonialer, ter bevordering van die totstandkoming van ’n *All-Afrikanerdom-eenheid*, toegepas is (Deist 2002:73). Daar kan wel geredeneer word dat ’n skyn nasiegevoel geskep is deur die beklemtoning

van nasionale feeste, simbole en volksliedere. Dit kan egter nie gestel word dat die Afrikaner ooit in die geskiedenis as 'n volk 'n eenheid gevorm het nie. Marginale uitslae van kardinale en rigtingbepalende referendums en verkiesings dwarsdeur die 20^{ste} eeu, die totstandkoming van die Boereopstand in 1914 en die ontstaan van die Ossewabrandwag (OB) ná die Groot Trek Eeufees bevestig hierdie stelling.

Giliomee (2017) stel dat hy al meer tot die oortuiging gekom het dat die eintlike faktore vir die totstandkoming van die Afrikaner nog nie geïdentifiseer is nie. Die skrywer stem met hom saam en postuleer dat die era waartydens hierdie faktore na vore getree en 'n rol gespeel het ná 1902 plaasgevind het.

Die argument vir dié stelling is die feit dat die Koloniale vir die eerste keer, nadat hulle kunsmatig met die Boervolk saamgevoeg is, kan praat van 'n volksbewussyn, al is dit kunsmatig aangewakker. Verder word gestel dat die Afrikaner eers van 'n nasionale bewussyn kon praat: nadat Afrikaans amptelik as taal in 1925 (Van Jaarsveld 1980a:212) ingestel is, nadat Malan 'n nuwe nasionale vlag geïdentifiseer het (Van Jaarsveld 1980a:215) en nadat 'n eie volkslied (Van Jaarsveld 1980a:238) vir die fiktiewe Afrikanernasie of apartheid-Afrikaner in plek gestel is. Hou in gedagte dat tydens die referendum in 1960 oor die verkryging van 'n republiek, daar 1 790 000 Afrikaanssprekende stemgeregtigde kiesers was. Uit die 1 790 000 Afrikaners (*BASA20) het 850 458 ten gunste van 'n republiek gestem (Du Toit 2009:83-84). Dit gee 'n persentasie van 47.5% van die Afrikaners wat ten gunste van 'n republiek was.. Daar moet in gedagte gehou word dat die getal 850 458 waarskynlik 'n paar Engelse ook ingesluit het.

Die rede vir die verdeeldheid van die Afrikanernasie kan dus ook gevind word in die feit dat die samevoeging nie 'n natuurlike proses was nie, maar 'n kunsmatige sameflansing van gedeeltes van 'n volk en 'n politieke groep se geskiedenis om die mite van die *All-Afrikanerdom-eenheid* of Afrikanernasie te skep (Deist 2002:72-73).

Die ontstaan van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK)

IN 1929 WORD DIE FAK gestig. Dit word as 'n baie belangrike gebeurtenis in die totstandkoming van die Afrikanernasie beskou. Giliomee (2004:353) stel dit as volg:

Die Broederbond neem die inisiatief om 'n konferensie in Bloemfontein te hou wat deur byna 400 afgevaardigdes van kulturele verenigings van oor die hele land bygewoon is. Hier is besluit om 'n federale organisasie, die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) te stig. Die doel was om Afrikaans op gekoördineerde wyse te bevorder. Omtrent alle Afrikaner-kultuurorganisasies het op die ou end by die FAK geaffilieer. 'n Nuwe soort Afrikaner is gebore: die “*organisasie-Afrikaner*”, wat bereid was om die taalstryd op 'n georganiseerde en soms geheime grondslag te voer (*beklemtoon).

Let daarop dat die “taal” vooropgestel is en as kern vir die vorming van die nasie beskou is. Die AB het van hierdie datum af as 'n geheime organisasie voortbestaan. Die fenomeen van “*organisasie-Afrikaner*” het inslag op vele terreine gevind en kan as belangrike basis vir die totstandkoming van die *apartheid-Afrikaner* of die *Afrikanernasie* gesien word. Dit vestig die gedagte dat die Afrikaner “*organisasie-gedrewe*” is, terwyl die Boer meer ideologies-ingestel is en die organisering en organisasie aan ‘ander persone’ oorlaat.

Die term *Afrikaner* het egter steeds kontroversieel gebly en boonop nie op eenheid gedui nie. Generaal JBM Hertzog se beroemde Smithfieldtoespraak in 1935 (Wilkens & Strydom 1978:52-70), waar hy verwys na *Afrikaanse-Afrikaners* en *Engelse-Afrikaners*, is 'n sprekende voorbeeld van die dubbelslagtige begrip wat rondom die term Afrikaner bestaan het. Giliomee (2004:371) beweer dat DF Malan tot ongeveer die middeldertigerjare die term *Afrikaner* sowel inklusief as eksklusief gebruik het.

Gevolgtrekking

AKADEMICI EN GESKIEDSKRYWERS is nie eenstemmig oor wanneer die Afrikaner amptelik tot stand gekom het nie. Die rede vir hierdie onsekerheid kan gevind word in die feit dat die geskiedenis foutiewelik sinchronisties en anachronisties, as gevolg van die uitgangspunte van Paradigma A hanteer is, om sodoende 'n fiktiewe Afrikanernasie en Afrikanereenheid te bewerkstellig (Deist 2002:74).

Die akademici en geskiedskrywers is met die situasie gekonfronteer dat die Boer teen die 1880's reeds vir meer as 35 jaar as volk bestaan het, terwyl die Afrikaner op daardie stadium nog nie kon aanspraak maak dat hulle as volk bestaan nie. Wanneer na die relatiewe gebrek aan bedreigings en konflik binne die geskiedenis van die Afrikaner gekyk word, kan dit die


traagheid om volledige volkskap te ontwikkel, soos deur Haas (1982:61, 83; 1990:10, 16-17) beskryf, verklaar.

Die Kolonialers het rustig met hulle (ekonomiese gerigte) lewe aangegaan, terwyl die Boere voortdurend aan uiteenlopende bedreigings en konflik blootgestel is. Van Jaarsveld (1959:95) stel dat: “Daar is gesien dat die Afrikaanssprekendes van die Kolonie toeskouers was van die drama oorkant die Oranje- en Vaalriviere.” Verder het die Afrikaner se geskiedenis geen strewe na onafhanklikheid getoon nie, intendeel, hulle strewe was om ‘lojale Britse onderdane’ te wees (Bruwer 1988:111; Van Jaarsveld 1959:168). Afrikaans as taal het wel ondersteuning in die Kaap gekry en is deur die Pro-Republikeinse-Koloniale ná die ontstaan van die GRA bevorder.

Die “oplossing” vir die akademici en geskiedskrywers tydens die proses van sosiale ingenieurswese was daarin geleë dat die term *Afrikaner* aangewend moes word om die Boer se volkskap oor te neem sodat ’n nuwe nasie, die *Afrikanernasie*, tot stand kon kom. Soos Harari (2015:118) beskryf, is baie geld en middele aangewend om hierdie proses te laat slaag. In die proses is die term *Boer* grootliks uit die geskiedenis uitgeskryf en word die Boer se geskiedenis, saam met Afrikaans as taal, op só ’n wyse voorgehou asof dit op die nuutgevormde Afrikanernasie betrekking het. Hierdie nuutgevormde ‘fiktiewe nasie’, wat primordiaal vanaf die tyd van Jan van Riebeeck se “volksplanting” “reeds bestaan het”, word nou sinchronisties en anachronisties geplaas by gebeure soos die Patriotbeweging, Slagtersnek, Vegkop, Bloedrivier en Majuba. Dit volg dan dat ’n logiese “stigtingsdatum” vir die Afrikanernasie binne die aangepaste geskiedenis moeilik bepaalbaar is.

Alhoewel die totstandkoming van ’n volk of nasie oor ’n tydperk ontwikkel en nie gewoonlik aan ’n datum gekoppel kan word nie, is die Konferensie wat volgens Giliomee (2004:353) deur die AB in 1929 in Bloemfontein gereël is en waartydens die FAK gestig is, ’n datum wat uitstaan in die totstandkoming van die Afrikaner. Die vierde postulaat wat stel dat die Afrikaner eers gedurende die eerste drie dekades van die 20^{ste} eeu as deel van die Afrikanernasie, tot stand gekom het, is waarskynlik die mees aanvaarbare siening en word in die volgende hoofstuk bespreek.






DEEL III

DIE AFRIKANERNASIE ONTSTAAN DEUR SOSIALE INGENIEURSWESE

Ons het in die vorige hoofstukke gesien dat die Kolonialer en die Boer van die begin af en veral tydens fase 3 onafhanklik van mekaar ontwikkel het. Tydens Fase 4 word die twee groepe deur middel van politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese saamgevoeg om een groep, die Afrikanernasie, te vorm en Afrikanereenheid te bewerkstellig.



HOOFSTUK 7

AFRIKANEREENHEID AS IDEOLOGIE

Inleiding

In hierdie hoofstuk word die samevoeging van die Kaapse Afrikaner en Boer, as deel van Fase 4 en deur middel van sosiale ingenieurswese, onder die loep geneem. Hierdie samevoeging begin geleidelik ná die einde van die Tweede Vryheidsoorlog en duur tot ongeveer 1961 met republiekwording.

Gedurende die 19^{de} eeu (1800's) leef die Boer en die Kolonialer in twee aparte wêrelde en openbaar uiteenlopende kulturele erfenisse. Die kloof tussen die twee groepe het tydens die Tweede Vryheidsoorlog nog dieper geword, veral omdat ('n beduidende groep) van hulle ná die oorlog, *as vyande*, die wapen aan verskillende kante neergelê het. Die Afrikaner-politici en Afrikanerelite van die vroeë 20^{ste} eeu moes ter wille van politieke eenheid hierdie kloof verklein en stel sekere maatreëls in plek om die gaping, veral ten opsigte van die kulturele erfenisse, te oorbrug.

Deist (2002:72-73) beskryf die proses as volg:

*... circumstances created a golden opportunity for the [*Afrikaner] elite ideologues, aspiring to self-government and eventual liberation from British colonialism, to forge a new and powerful ethnic group out of **historically different groups** (*beklemtoning).*

As magtige etniese groep sou Afrikaanssprekende Blankes tot 'n gekonsolideerde politieke eenheid gevorm word. Politieke sosialisasie sou as vormingsproses geskied en Afrikanereenheid sou deur middel van sosiale ingenieurswese bevorder word.

Wilkens en Strydom (1978:2-32) beskryf in detail hoe die AB, vanaf 1920, gebeurde, ideologieë en die wese van die Afrikaanssprekende Blankes op alle lewenssterreine beheer het. Hulle beskryf hoe die leierselemente in die media, kerke, skole en tersiêre instellings doelbewus met lede van die AB gevul is om sodoende hul invloed daar te laat geld. Deur maksimale politieke sosialisasie toe te pas is die stempel van “een Afrikanerdom en Afrikanernasionalisme” afgedruk.

Hierdie doelwit is volgens die Afrikaner politici met die Republiekwording in 1961 bereik. Teen 1970 het die NP sy politieke kruin bereik. Daarna was Afrikanernasionalisme nie meer die hooftema op die politieke sosialisasie program nie. Die politici het nou, om die politieke mag te behou, die hand uitgesteek na die Engelse en later ook na die Bruin stem (Scholtz 2016:61-76). Hierdie invalshoek het tot gevolg gehad dat ’n klemverskuiwing onder die apartheidsregering van die NP ná die republiekwording plaasgevind het. Die fokus is verskuif vanaf ’n *Afrikanernasie* na *Blanke Suid-Afrikaners*. Hierdie verskuiwing van benadering vind in Fase 5 plaas en lei tot ’n ideologie wat as Blankisme bekend staan (Bruwer 1988:45). Fase 5 word later in meer besonderhede bespreek.

Voordat Fase 4 bespreek word, moet eers ’n paar begrippe, wat tydens hierdie fase ter sprake kom, verduidelik word. Dit sluit, onder andere, in die terme *sosialisasie*, *sosiale ingenieurswese*, *mites* en *rites*. Daarna word die stappe van sosiale ingenieurswese wat deur die sosiale ingenieurs gevolg is, bespreek.

Politieke sosialisasie en politieke kultuur

POLITIEKE SOSIALISASIE behels die prosesse waardeur mense as individue en as ’n groep se waardes ontwikkel (Labuschagne 2001:89). Die faktore wat, onder andere, ter sprake is, behels politieke oriëntasie, waardes, benaderings, gesindheid, opinies en optredes wat gevorm word. Joleen Kotze (2015:249-250) stel dat: “*Political socialisation and political culture are the foundation upon which we build our political ideas. Political culture is learnt through the processes of political socialisation.*”

Sy haal Heywood aan wat stel dat: “... *much of politics takes place in our heads, that is, it is shaped by our ideas, values, and assumptions about how society should be organised, and our expectations, hopes and fears*

about government. He further notes that perceptions may not only be more important than reality; in practical terms, perceptions may be reality."

Kotze (2015:251) identifiseer die agente van politieke sosialisasie as instellings soos die familie, kerk, skool, vriendekringe, media, eweknie- en portuur-druk-groepe. Sy stel verder dat politieke sosialisasie persone se gesindheid (voel en glo) ten opsigte van die regering, ander groepe en verskillende klasse in die samelewing beïnvloed of vorm.

Vereistes om 'n mite tot stand te bring

ULLRICH ECKER, 'N KOGNITIEWE sielkundige, stel dat die brein nie 'n uitvee knoppie (*delete*) het nie en dat 'n mite, wat gestoor is, nie weer maklik uitgevee en met nuwe inligting vervang kan word nie. Hy stel dat die mens lui is om te dink en nie altyd lus is, belang stel of gemotiveer is om gegewe (veral nuwe) feite krities te ontleed nie. Verder is dit vir die mens dikwels gerieflik om in iets te glo, wat 'n sekere funksie vervul en van belang is en inpas by die mens se oortuigings en identiteit. Daarna wil die mens nie die teendeel hoor of daarvan oortuig word nie, maar verkies om aan die bestaande mite vas te klou. Verder is die mens geneig om by die bekende te bly en weerstand teen nuwe idees te bied. Ecker het gevind dat pogings om 'n bestaande mite by iemand te "verwyder" dikwels die teenoorgestelde uitwerking het deur die mite te versterk. Hy het verder bevind dat die mens se brein eerder vals inligting sal stoor as om 'n "gaping" in die mite/geheue te laat.

Pretorius (2022:40-41) stel dat verduidelikings oor religie van generasie tot generasie in die vorm van mites oorgedra word. Hy verwys na Gaarder (2007:23-29) wat stel dat mites beskou kan word as 'n storie oor die gode wat vertel word met die doel om te verklaar waarom die lewe is soos dit is. Hy haal verder Pretorius (2020). aan wat stel dat: "Die mens het 'n inherente psigologiese hunkering na sterk mitiese figure, hetsy in godsdiens, soos Moses, Josua, Dawid, Zeus en Apollo, of in volksmites, soos Piet Retief, Andries Pretorius, Koos de la Rey, Christiaan de Wet en Paul Kruger." 'n Wêreld sonder mites is nie 'n menslike wêreld nie.

Rites word beoefen om mites in stand te hou en sluit handelinge soos offerandes en religieuse seremonies in. Rites, in die vorm van, onder andere, byeenkomste en seremonies, het gewoonlik op bepaalde plekke plaasgevind wat aanleiding gegee het tot die oprigting van heilige plekke of

tempels. Die priesters wat die rites uitoefen, word deur die lede van die groep as *geleerdes* beskou, wat die elite vorm (die slim mense wat “weet”), wat die waarheid “mag” oordra en dus geglo “moet” word (Pretorius 2022b).

Soos mites religie verklaar, kan verskynsels in die alledaagse lewe (hoe of wat die lewe is) ook deur die vestiging van mites verklaar word. ’n Voorbeeld van die vestiging van ’n mite in die alledaagse lewe is die mite van Koning Arthur en die Ridders van die Ronde Tafel wat ’n demokratiese bestel binne ’n koninkryk, gebaseer op regverdigheid, geregtigheid en moraliteit, gevestig het (Lacy, 2008: s.v. Arthur).

Mites word ook gebruik om groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn te bevorder. Die vestiging van die Afrikaner as nasie is ’n sprekende voorbeeld (Deist 2002: 72-73). Tydens die vestiging van die Afrikanernasie in die 20^{ste} eeu is die mite van ’n Afrikanernasie geskep deur die vestiging van die mite dat die Afrikaner met die “volkstigting” op 6 April 1652 ontstaan en in ’n volk ontwikkel het. Hierdie mite is deur rites bevestig soos die viering van Stigtingsdag op 6 April elke jaar. Verder is die mite van die Afrikanernasie versterk deur die skepping van, onder andere, Volkspaleis-laers en die Voortrekker-jeugbeweging en is die mite tydens seremonies (rites), soos Geloftefeeste verkondig, wat deur die “priesters” of *geleerde elite* (predikante, politici, kultuurleiers en akademici) gelei is. Hierdie rites het by “tempels” soos die Voortrekkermonument, Taalmonument, Bloedrivierterrein, Vrouemonument en Geloftefeesterreine plaasgevind (Pretorius 2020).

Van Jaarsveld (1980b:223) verwoord die verskynsel van ’n mite by die Afrikaner soos volg:

In die geskiedenis het hulle [die Afrikaner] tot geestelike eenheid geword en is ’n nasionale mite gevind wat die groep gebind het. Deur ’n Israel-vergelyking het die Groot Trek sin en betekenis gekry; ook is hul geskiedbeeld aan die godsdiens verbind. Hul het hulself as ’n geroepe en uitverkore volk met ’n opdrag gesien.

Die sosialisasieproses en die wyse van vestiging van mites deur die uitvoering van rites word in die toepassing van sosiale ingenieurswese weerspieël. Volgens Deist (2002:74) kan ’n nuwe paradigma of mite geskep word (’n “All-Afrikanerdom of Afrikanernasie”) deur aan sekere kriteria te voldoen. Hy stel dat die nuwe perspektief in die skole, van die preekstoel, by volksbyeenkomste en in die media gepropageer moet word. Volgens

hom is die georkestreerde proses, wat die fiktiewe “Afrikanernasie” tot stand gebring het, vir 60 jaar volgehou. Hy stel dat om ’n fiktiewe identiteit tot stand te bring moet daar deur middel van sosiale ingenieurswese aan die volgende vereistes voldoen moet word:

- Die betrokke partye, wat in ’n nuwe identiteit saamgevoeg word, moet ’n wye *gemeenskaplike kulturele agtergrond* met mekaar deel.
- Die tersaaklike *historiese gebeure* (wat in ’n mite omskep word) *moes reeds plaasgevind* het en deel van die tradisie van ten minste een van die partye wees.
- Die tersaaklike *historiese gebeure* (wat in ’n mite omskep word) *moet herinterpreteer* (“verdraai”) word om op al die groepe van toepassing gemaak te word.
- *Nuwe simbole en rituele* moet uitgedink en ontwikkel word om die verdraaide geskiedenis te ondersteun en te regverdig.
- Die *elite* (polities, ekonomies, akademies en godsdienstig) moet hulleself *organiseer* en bereid wees om enorme investering te maak om die gewone mens op straat ook te organiseer en te oortuig.

Die proses van sosiale ingenieurswese, wat op die Boer en die Koloniale toegepas is om die *All-Afrikanerdom-eenheid* te bewerkstelling, voldoen aan al bogenoemde kriteria wat deur Deist neergepen is en word vervolgens kortliks bespreek.

’n Wyd gedeelde kulturele agtergrond

DIE TWEE GROEPE DEEL die Kaapse geskiedenis van die tweede helfte van die 1600’s na Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het en die situasie in méér as ’n handelspos ontwikkel het. Die gesamentlike Europese agtergrond en die ontwikkeling uit Duitsers, Hollanders en Franse word as gesamentlike voorgeskiedenis gedeel. Albei deel die ontwikkeling van kleredrag, taal en ’n godsdienstige basis waarop kulturele waardes en norme gevestig is.

Gevestigde historiese gebeure moet op ten minste een van die groepe van toepassing wees

DIE HISTORIESE GEBEURE, wat reeds plaasgevind het, sluit die volgende hoogtepunte in: Jan van Riebeeck se aankoms in die Kaap, die stigting van die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet, Slagtersnek, die Groot Trek (met al die gebeure soos Vegkop en Bloedrivier), die stigting van die GRA, die twee Vryheidsoorloë, wat Majuba en die konsentrasiekampe insluit, die Boere opstand van 1914 en die stigting van die Ossewabrandwag. Hierdie gebeure het óf met albei groepe óf met een van die groepe plaasgevind.

Die herinterpretasie van tersaaklike historiese gebeure

DIE GESKIEDKUNDIGE gebeure is herinterpreteer om by Paradigma A in te skakel. Daar is dus besluit en die geldende mening het bepaal dat die *Afrikaner* deur middel van 'n volksplanting in 1652 gestig is, dat die Afrikaner die twee republieke (Swellendam en Graaff-Reinet) gestig het en dat lede van die Afrikaner by Slagtersnek deur die Engelse op onregverdig wyse tereggestel is. Die Groot Trek is deur Afrikaners uitgevoer en daarom is die Slag van Vegkop en Bloedrivier deel van Afrikaner geskiedenis. Die gebeure rondom die stigting van die GRA in die Paarl sluit die Boere, in die ZAR en OVS in. Die Vryheidsoorloë is deur die Afrikaner geveg en Afrikanervroue en kinders het in die Engelse konsentrasiekampe gesterf. Die Slag van Majuba is deur Transvaalse rebelle (Afrikaners) geveg en die oorwinning het juis (volgens die meningsvormers) Afrikanereenheid gevestig. Die Boere-opstand in 1914 was volgens hulle 'n Afrikaner rebellie. Hierdie (her)geïnterpreteerde geskiedenis, is in die skoolsillabus ingewerk en is tydens Volksbyeenkomste en Geloftefeeste oor en oor verkondig.

Die volgende drie hoof geskiedkundige gebeure is egter van kardinale belang en vorm die drie historiese pilare waarop die proses van sosiale ingenieurswese van die Afrikanermite gebou is (Deist 2002:73-74):

- Die **Eerste Taalbeweging** is die Kolonialer se bydrae tot die proses. Dit behels die stigting van die GRA en die Bond asook die uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot*, wat as die eerste Afrikaanse koerant beskou kan word. Die Eerste Taalbeweging is deur Pro-Republikeinse-Kolonialers in die Kaap begin. In dié tyd was die Boere besig met vestiging van die nuwe Republieke en het niks met die taalstryd te doen gehad nie. Dit is egter herinterpreteer om op die Afrikanernasie van toepassing te wees en is dit daarom ook deur die sosiale ingenieurs

op die Boere in die ZAR en OVS van toepassing gemaak. Die Taalmonument is ter herdenking aan hierdie gebeurtenis opgerig.

- **Die Groot Trek** is 'n historiese gebeurtenis wat die trek met die ossewa, Vegkop, die moorde by Bloukransrivier en Weenen insluit en gekulmineer het in die Gelofte en die Slag van Bloedrivier. Hierdie historiese gebeurtenisse het slegs met die Boervolk gebeur, maar is herinterpreteer om die Koloniale in te sluit en dat dit “met die Afrikaner gebeur” het. In die proses word die Boere hernoem na Voortrekkers en hierdie Voortrekkers word as deel van die Afrikanernasie se helde beskryf. Die Voortrekkermonument is ter herdenking van die Groot Trek opgerig.
- **Die Konsentrasiekampe** tydens die Tweede Vryheidsoorlog, waartydens 31 000 kinders en vrouens dood is, het uitsluitlik met die Boerevolk se families gebeur en nie met die Afrikaners/Kolonialers in die Kaap nie. Ook nie met Afrikaner-joiners wie se huise met 'n balk in die nok gemerk is en nie afgebrand is nie. Fransjohan Pretorius (2019:25) stel dat tydens die tydperk Julie 1901 tot Februarie 1902 was die sterftesyfer vir Boere-burgelikes in die konsentrasiekampe gemiddeld 247 per 1000 mense per jaar. Hy vergelyk dit met Glasgow se syfer van 21 sterftes per 1000 per jaar vir dieselfde tydperk en stel : “As ek moedswillig wil wees, kan ek ook die slegste voorbeeld kies – die Brandfort-kamp, wat in Oktober 1901 'n hoogtepunt in sterftes bereik het toe meer as 10% van die inwoners dood is. Dit het gelei tot 'n gemiddelde sterftesyfer van 1 256 per 1 000 per jaar.”

Die gebeure in die kampe is herinterpreteer om op die Afrikanernasie van toepassing gemaak te word. Die oorlog is ook herinterpreteer, maar daar was soveel verraaiers en Afrikaner-hanskakies, dat dit 'n verleentheid vir die Afrikaner was. Die Afrikaner se betrokkenheid by die oorlog, dié wat aan Engelse kant geveg het en die rol van Afrikaner-Hanskakies wat as kampbewaarders opgetree het, gespeel het, het veroorsaak dat hierdie feite, ter wille van die behoud van Afrikanereenheid soos deur die geldende mening bepaal, grootliks uit geskifte gelaat is. Daar was selfs 'n wetlike verbod op die bekendstelling en die publikasie van die verraaiers se name geplaas (Jansen 2016:193). Die Oorlogsmuseum en Vrouemonument is in Bloemfontein, ter wille van hierdie gebeure opgerig.

Selektiewe herinterpretasie word ook ten opsigte van die Tweede Vryheidsoorlog se statistieke gedoen deur 'n groot gewag te maak van die sterftes in die kampe, asook oor die 16 000 Bittereinders^[81] te maak, terwyl die 50 000 Kolonialers (waarvan 25 000 Kaapse Afrikaners was) wat saam met die Engelse geveg het, verswyg word.



Nuwe simbole en rituele moet geskep word

NUWE SIMBOLE IS GESKEP om Afrikanernasionalisme en Afrikanereenheid te bevorder. Die drie pilare waarop die fiktiewe geskiedenis van die mite van die *All-Afrikanerdom-eenheid* berus, is deur die oprigting van die volgende drie monumente bekragtig: die Taalmonument (in die Paarl), wat die taal verteenwoordig, die Voortrekkermonument (in Pretoria), wat die Groot Trek herdenk en die Vrouemonument (in Bloemfontein), wat die lyding van kinders en vroue in die Konsentrasiekampe tydens die Tweede Vryheidsoorlog herdenk (Deist 2002:73).

Tabel 7.1: Simbole/monumente wat op die Afrikanernasie van toepassing gemaak is

Monument	Waar	Rede
Voortrekkermonument	Pretoria	Gedenk die Groot Trek
Oorlogsmuseum	Bloemfontein	Gedenk oorlog teen Brittanje
Vrouemonument	Bloemfontein	Gedenk lyding van kinders en vroue in konsentrasiekampe
Taalmonument	Paarl	Gedenk Afrikaans as taal



Boeregeskiedenis;



Afrikaner/Kolonialergeskiedenis

DIE RITUELE SLUIT VOLGENS Deist (2002:73-74), onder andere, die jaarlikse viering van sekere feeste soos Stigtingsdag, Hieldedag en Geloftedag in. Tydens hierdie geleenthede word die lede van die “nuwe volk” verder gesosialiseer deur Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaneridentiteit te predik. 'n Besondere geleentheid of bonus het hom in daardie tyd voorgedoen deurdat die Eeufees vieringe van die begin van die

Groot Trek in 1938 saamgeloop het met die bou en inwyding van die Voortrekkermonument.

Die elite organiseer hulleself en is bereid tot enorme investering

DEIST, (2002:73-74) stel dat die elite hulleself op die gebied van die politieke, ekonomiese, akademiese en godsdienstige terreine moes organiseer en bereid moes wees om enorme investering te maak om die gewone mens op straat ook te organiseer en te oortuig. Dié stelling word bevestig deur Harari (2015:118) wat stel dat die proses van sosiale ingenieurswese duur is en gevolglik groot investering en besondere organisasie kos.

Die sosiale ingenieurs van die 20^{ste} eeu het hulself georganiseer deur die AB te stig en deur middel van die NP die planne om die Afrikanernasie, Afrikanernasionalisme en Afrikanereenheid te vestig, uit te voer.

Pretorius (2022:165-166) stel in die verband dat :

....die mite van Afrikanereenheid gesosialiseer moes word deur die boodskap van eenheid, wat by die fiktiewe volksplanting ontstaan het en steeds voortduur, te vestig. Dit is bewerkstellig deur te sorg dat die literati, wat sleutelposisies beklee, die boodskap van Paradigma A deel en propageer. Die elite het deur middel van die NP en die AB aanstellings in leiersposisies gemanipuleer en gedikteer. Die AB het diep en op feitlik alle terreine van die samelewing “ingesuurdeeg” (Wilkens & Strydom, 1978:46, 59). Op dié wyse is, onder andere, beheer verkry oor die belangrikste opleidingsinstellings se beleide, en daar is deur middel van die geldende mening gedikteer en geselekteer, wát as kurrikulum aangebied word en wát as navorsing aanvaarbaar is. Hierdie geldende mening het uiteindelik aanleiding gegee tot ’n gevestigde persepsie oor Afrikaner-identiteit. Die “regte leiersmateriaal” is verder as onderwysers by onderwyskolleges geproduseer. Die “regte onderwysers” het departementshoofde, adjunkhoofde en hoofde by skole geword. Die “regte geskiedenisleerplanne” is vir skole voorgeskryf. Teologiese skole van die drie “susterskerke” het “reggeskoolde predikante” gelewer, wat die “regte boodskap” van kansels af verkondig het. Toekennings en pryse is alleen vir kunstenaars en skrywers toegeken indien die “regte boodskap” deur hul werke beklemtoon is. Die “regte” redakteurs en senior joernaliste is by koerante en radiostasies aangestel. Die “regte sprekers” is genooi om by Geloftefeeste en ander Volksbyeenkomste redes te lewer (Ferreira, 2018:75, 402). Leerlinge en studente is subtiel geïndoktrineer en gesosialiseer, sodat Paradigma A se uitgangspunte deel van die All-Afrikanerdom geword het (Deist 2002:73-74). Leiers is van jongs af geïdentifiseer en by die Ruiterswag^[82] betrek, waar hulle “opgelei” en dopgehou is om later by die AB ingelyf te word (Ferreira, 2018:397-398). Die AB het die “regte mense” in die gemeenskap

ekonomies gehelp en bevorder, onder andere, met bevoordeling by kontrakte. Die res moes op hul eie stry om oorlewing, met die gevolg dat die “regte mense” in die gemeenskap ’n vlak van ekonomiese welvaart kon bereik en daarna voldoende finansiële en leiersposisies kon bereik waaruit verdere projekte geloods kon word. Diegene in leiersposisies kon byvoorbeeld in die nie-ekonomiese velde leiding gee en voortgaan om byvoorbeeld by die politiek, kultuurorganisasies, media en ander meningsvormende instansies, as verkondigers van die “regte boodskap” betrokke te raak (Ferreira, 2018:402).

Wat die ekonomiese investering betref, het lede van die AB (soos hierbo genoem) dikwels die voordeel van kontrakte en vooraf kennis van potensiële projekte gekry. Verder was die NP aan bewind en is die nodige bronne vir die “regte projekte” en geleenthede bewerkstellig. Die inhoud van die leerplanne en studie riglyne by skole en hoër-onderwysinrigtings is deur wetgewing en regeringsbeleid bepaal.

Politieke sosialisasie: eerste helfte van die 20ste eeu

DIE POLITIEKE SOSIALISASIE ten opsigte van die Boer en die Koloniale het hoofsaaklik in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu plaasgevind. Die Engelse, in die besonder Milner, het die Boere gehaat en wou hulle uit die weg ruim. Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is die vier provinsies saamgevoeg en is die Boer, die Kaapse Afrikaner en die Engelsman in die proses saam in ’n situasie van direkte politieke konfrontasie (politieke bokskryt) geplaas.

Die Boer was nie gewoond aan die dag-tot-dag partypolitiek nie en die Westminsterstelsel van partypolitiek was ’n totaal vreemde konsep vir die Boer. Advokaat Ewald Esselen het in 1893 gepoog om ’n politieke party in die ZAR te stig, maar kry dit nie van die grond af gekry nie (Preller 1925a:191). Slegs ’n paar van die generaals het aanvanklik by die nuwe politieke spel betrokke geraak. Van die Boeregeneraals is in die weermag aangestel (Figuur 7.1) waar hulle politieke effektief geneutraliseer is. Volgens die Westminster stelsel – vir hulle ’n totaal volksvreemde stelsel – is hulle as offisiere direk onderwerp aan die staatsgesag en politieke beheer van die regering (Bothma 2015:130).

Terwyl Kemp, Beyers en Maritz as offisiere bedank het voordat hulle aan die Boere opstand van 1914-1915 deelgeneem het, het Japie Fourie (Figuur 7.2) nie bedank nie. Dit het daartoe gelei dat hy deur ’n “krygsraad”

ter dood veroordeel is. Om as 'n voorbeeld te dien, is hy gefusilleer om hierdie les hard en duidelik oor te dra.

Die Boere, wat ná die Tweede Vryheidsoorlog na die stede getrek het sowel as sekere van die Kaapse Afrikaners, het die Engelse bewind sowel as die armblankevraagstuk as 'n gemeenskaplike uitdaging beskou. Dit het 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die AB. Die sosiale omstandighede was ryp vir ingryping en die AB het die geleentheid benut om Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme, ter wille van politieke mag in die Unie as geheel, teweeg te bring en te bevorder. Deist (2002:72) stel dat die sosiale omstandighede 'n goue geleentheid' vir die elite gebied het om die nuutskepping van die All-Afrikanerdom-eenheid teweeg te bring.

Doelwit van die sosiale ingenieurswese

OP 16 JANUARIE 1934 het die Uitvoerende Komitee van die AB 'n omsendskrywe die lig laat sien wat stel dat die hoogste toets vir broederskap en Afrikanerskap nie in 'n politieke rigting geleë is nie, maar wel binne die aspirasie en soeke na 'n nimmereindigende bestaan van 'n aparte Afrikaanse nasie met sy eie kultuur (Wilkens & Strydom 1978:59).


Die doel van sosiale ingenieurswese was om die kunsmatige sintese van die Boer en die Kolonialer in 'n fiktiewe Afrikanernasie te omvorm. Hierdie nuwe entiteit sou as die Afrikanernasie bekend staan. Om die sintese volledig tot stand te bring, moes die Boer en die Kolonialer gesosialiseer word op die vlak van die huisgesin, skool, kerk, universiteit, op die sportveld en deur die media. 'n "Nuwe geskiedenis" wat albei groepe akkommodeer, moes geskryf word. Die Boer moes as volk uit die geskiedenis gehaal word, terwyl die Boer se geskiedenis aan die Afrikaner voorgehou word asof dit sy eie geskiedenis is. Die ware geskiedenis van die Afrikaner/Kolonialer, wat antagonisme teenoor die Boer behels en in die besonder die Kolonialer se aandeel in die Tweede Vryheidsoorlog, as *vyand* van die Boer, is totaal uit die geskiedenisboeke geskryf. Verraaiers, 'n tema wat apart staan van die Kolonialers se amptelike deelname aan die Britte se kant tydens die Tweede Vryheidsoorlog, is op dieselfde wyse hanteer sodat dit nie die eenheidsgedagte benadeel nie. Hierdie benadering is as geldende mening, as deel van Paradigma A, gedikteer en afgedwing.

Geskiedenisboeke, veral die wat aan skole as handboeke voorgehou word, val in by die sosialisasieproses volgens die geldende mening. Die

gebeure by Vegkop, Bloukransrivier, Weenen, Dingaanskraal en Bloedrivier word aangebied asof dit met die “Afrikanernasie” gebeur het. Die Afrikanernasie word ook nou as die ‘Afrikanervolk’ aangebied. Verder plaas die meeste sekondêre bronne die “Afrikanernasie/-volk” anachronisties by Bloedrivier en beweer dat die “Afrikanernasie/-volk” die Gelofte van Bloedrivier afgelê het, terwyl dit ’n totale wanvoorstelling is. Hierdie historiese leuen word steeds jaarliks op die 16^{de} Desember aan BASA21 as ’n “Afrikaner-gebeurtenis”, asof die Afrikaner by Bloedrivier teenwoordig was, voorgedhou. Dit is egter duidelik in Hoofstuk 6 uitgewys dat die Afrikaner nog nie in 1838 bestaan het nie.



Figuur 7.1: Offisiere in die Unie se verdedigingsmag te Tempe. Voor: Jan Kemp, Christiaan Beyers en George Brand. Agter: HCW Grothaus, Manie Maritz, Frikkie van Manen, Ben Bouwer en Jacques Pienaar (Foto: Bothma 2015:328f).



Figuur 7.2: Japie Fourie is deur die Afrikanerregering gefusilleer weens sy deelname aan die Boereopstand van 1914-15 (Skets: OBIA IIII).

Boeregeskiedenis word Afrikanergeskiedenis

DIE TREKGESKIEDENIS van die Boer word deur Paradigma A aangebied asof die Afrikanernasie *as geheel* getrek het.

Oloff Bergh was 'n Afrikaner wat met sy swart kommando saam met die Engelse teen die Boere opgetree het. Die wrede werklikheid tydens sy optredes, word meesal verswyg. Bothma (2015:3) rapporteer hieroor as volg:

Oloff Bergh was nie sommer net nog 'n joiner nie. Hy was die leier van 'n groep joiners wat onder bevel van 'n Britse offisier, kolonel J.S. Barker, gestaan het. Bergh en sy joiners (Vrystaatse burgers wat teen betaling saam met die Britse magte teen die Boere geveg het) het vanuit Winburg met 'n groep van tussen 400 en 500 swartes geopereer. Die korps - wat in die volksmond as die 'Winburgse kafferkommando' bekend was - het Boerekommando's aangeval, plase afgebrand en volgens getuies weerlose vroue en kinders gemolesteer en ook gemoor.

Jan Hofmeyr, Kaapse Afrikaner, was baie negatief ten opsigte van die Republikeinsgesinde Kolonialers, maar word nogtans in skoolgeskiedenis aangebied as “Onze Jan”, wat met die GRA en die Patriot geassosieer word (Bruwer 1988:286). Selfs ten opsigte van die Boere-opstand van 1914-1915 word die Unie-magte se bevelvoerders “versigtig” genoem. Met ander woorde die Afrikaner se (negatiewe) geskiedenis word verswyg ter wille van Afrikanereenheid.

Alhoewel die Engelse ook die Boer wou laat “verdwyn” uit die geskiedenis het hulle ’n ander doel as die AB gehad. Die Engelse wou die Boer as entiteit laat ophou bestaan en het politieke geweld op alle terreine teenoor die Boer toegepas. Die Afrikanerelite en die AB, aan die ander kant, se doel was om politieke mag te bekom om daardeur ekonomiese mag te verkry om sodoende die Afrikaanssprekendes van die politieke geweld en politieke sosialisasie, wat deur die Engelse toegepas is, te bevry. Om mag te verkry, is die Boer en Kolonialer deur middel van politieke sosialisasie onder een naam, naamlik die Afrikanernasie, saamgevoeg.

Van Rooy was in 1934 die voorsitter van die AB. Hy stel in ’n voordrag aan die lede van die AB dat elke lid deel moet word van die “verafrikaansing” van elke aspek van die Suid-Afrikaanse samelewing (Wilkens & Strydom 1978:59).

Ter wille van hierdie eenheid moes die term *Boer* uit die geskiedenisverhaal geskryf word, sodat dit plek kan maak vir die term *Afrikaner* en die gonswoord *Afrikanernasionalisme* word vooropgestel.

Die term Boer word uitfaseer

DIE BOER WORD NIE DEUR die aanhangers van Paradigma A as volk erken nie en die term “Voortrekker” word in die plek van Boer gebruik. As voorbeeld kan genoem word hoe Van Jaarsveld (1980:55-56, 69, 84) in sy publikasie, *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, die opskrifte van die dokumente, wat as primêre bronne aangebied word, aangepas het om by die geldende mening in te pas. Hy gebruik, onder andere, die term “Voortrekker” as opskrif, terwyl hierdie term in geen van die primêre dokumente voorkom nie. GBA Gerdener (1925:14-18, 30, 156) doen dieselfde in sy biografie oor *Sarel Cilliers, die Vader van Dingaansdag*.

Die Voortrekkermonument verteenwoordig die geskiedenis
van die Boer en nie van die Afrikaner nie.

DIE VOORTREKKERMONUMENT word nie as die Boer se monument voorgestel, maar word anachronisties aan die Afrikaner gekoppel. Selfs die naam “Voortrekker” is in effek ’n miskiening van die Boervolk. Die term *Voortrekker* word gebruik om die term *Boer* te vervang by woorde soos Voortrekkerdrag, Voortrekker-oorloë, Voortrekkerwaens, Voortrekkers, Voortrekkervroue, Voortrekkermonument, Voortrekkergeskiedenis, Voortrekkergrawe, Voortrekkerkinderen, Voortrekkerhoogte, Voortrekkerstraat en Voortrekkerbeweging. Die meeste mense het so gewoon geraak aan die term “Voortrekker” dat hulle nie die subtiel vervanging of verplasing van die woord “Boer” agterkom het nie.

Die AB het nie gehuiwer om Boere terme, soos byvoorbeeld *Ruiterwag* en *Rapportryers*, wat keuringsorganisasies van die AB was, vir hulleself toe te eien. Hulle kon egter nie verhoed dat in die *Pharos* woordeboek (2005) 91 woordkombinasies met “Boer” opgeteken is nie, terwyl Afrikaner slegs tien verwysings het – waarvan ses te doen het met ’n bees, ’n blom of ’n skaap. Terme soos boerewors, boeremusiek, boerbeskuit, boereraat, boeresport, boerenooi en boeretroos klink vreemd op die oor as *boer* met *afrikaner* vervang sou word.

Stappe van politieke sosialisasie volgens Deist

DEIST (2002:73) ARGUMENTEER dat die eerste stap om die nuwe, fiktiewe *All-Afrikanerdom-eenheid* tot stand te bring, was om ideologieë, volktradisies en die historiese gebeure wat in die geheues van die uiteenlopende groepe geleef het te herinterpreteer sodat dit “nasionale betekenis” kon verkry. Jan van Riebeeck se aankoms word byvoorbeeld as ’n “Volksplanting” voorgestel, almal se voorsate “was betrokke” by die Oosgrens-Xhosa-oorloë, die Groot Trek, Bloedrivier, Majuba en alle Afrikaanssprekendes het tydens die Tweede Vryheidsoorlog aan die kant van die Boere geveg.

Die Tweede Vryheidsoorlog

DIE TERM “ANGLO-BOEREOORLOG” word vry algemeen aanvaar en gebruik. Dié term is egter ’n beskrywing soos gesien vanuit die oogpunt van ’n buitestander, wat die stryd tussen die Boere en die Engelse beskryf. Die algemene aanvaarde wyses waarop ’n oorlog beskryf word behels die koppeling aan, onder andere, die plek waar dit plaasgevind het, die tydperk wat dit geduur het, die tydperk wanneer dit plaasgevind het, die doel van die oorlog of die naam van die vyand wat betrokke was by die oorlog. Om dit die Boereoorlog te noem, beskryf die Boer as die vyand vanuit die hoek van die Engelsman. Vanuit die Boer se hoek behoort die oorlog die *Engelse oorlog* of meer korrek die *Anglo-Afrikaneroorlog* genoem te word, aangesien 25 000 Afrikaners in die oorlog, saam met die Engelse, die vyand van die Boer was.

Wanneer die term Anglo-Boereoorlog gebruik word, word daar afstand geskep tussen die persoon wat die geskiedenis lees en die Boer as volk. Selfs persone wat ’n Boeregesindheid openbaar en solidariteit met die Boerevolk behoort te ervaar, word deur die afstand wat geskep is, as leser, subtiel in die posisie geplaas om nie solidariteit met die Boer te ervaar en met die Boerevolk te identifiseer nie.

Die term *Afrikaner* word volgens Paradigma A, soos gehandhaaf deur die geldende mening, nie aan die Tweede Vryheidsoorlog gekoppel nie, aangesien die geldgierige vyandige bydrae van die Afrikaner by die oorlog Afrikanernasionalisme en Afrikanereenheid benadeel.

Degenaar (1987:238) stel dat in Afrikaans verwys word na die oorlog as die *Tweede Vryheidsoorlog* en hy argumenteer dat dit aanduidend is van die Boere se besef dat hulle by ’n “stryd om selfbeskikking” betrokke was. Ek stem saam met Degenaar en verkies om van die (Boere se) *Tweede Vryheidsoorlog* as die korrekte term te praat.

Volgens voorafgaande benadering was daar streng gesproke vyf Engelse oorloë:

1. Die slag van Congella in 1842.
2. Die slag van Boomplaats in 1848.
3. Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881.
4. Die Jameson inval in 1891.
5. Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902.

Dit kan ook as Vryheidsoorloë gesien word aangesien die uitkoms daarvan op die vryheid van die Boerevolk geïmpakteer het. Strafekspedisies soos tydens Bloedrivier en die nege dae oorlog van Mosega en Kapain, het ook op die Boerevolk se vryheid geïmpakteer en kan streng gesproke ook as Vryheidsoorloë geklassifiseer word. Die meeste van hierdie Vryheidsoorloë het daartoe gelei dat vredesverdrae gesluit is en diplomatieke betrekkinge daarna deur ambassadeurs van beide partye gehandhaaf is. Tydens die proses van sosiale ingenieurswese is hierdie aspekte doelbewus afgewater tot strafkommando's en "veldslaggies" sodat die Boerevolk se vryheidstrewes en vryheidstryd (sonder Afrikaners) en internasionaal erkende volkereg tot oorlogvoering nie erken hoef te word nie. Indien dit wel korrek weergegee sou word, sou dit die gedagte van 'n onafhanklike Boerevolk erken en die totstandkoming van 'n Afrikanernasie en Afrikanereenheid benadeel.

Terreine waarbinne die sosialisasieprosesse geskied het

DEIST (2002:73) BEKLEMTTOON dat leiers op die gebied van besigheid, politiek, godsdiens en opvoeding hulleself georganiseer het in 'n eksklusiewe "Bond van Broeders" wat in staat was om die kulturele lewens van die "wit Afrikaanssprekende mense" volledig te beplan, te rig en te manipuleer. Slegs 'n paar terreine word uitgelig, aangesien die aanslag baie wyer was en die beheer baie meer gesofistikeerd was as wat in die beperkte beskikbare ruimte aangedui kan word. Giliomee (2018b) argumenteer dat die AB volgens hom nie werklik 'n wesentlike invloed in die suide van die land uitgeoefen het nie. Wat wel waar is, is dat die invloed van die "suide" in die gedaante van regsgeleerdes, predikante, akademici en politici 'n wesentlike invloed op die denkrigting van die AB uitgeoefen het. Hierdie invloed het deur die hele land gesuurdeeg.

Geskiedenis

DIE "NASIONALE PERSPEKTIEF" ten opsigte van besondere historiese gebeure is simbolies beklemtoon deur die koppeling aan openbare vakansiedae, die oprig van monumente en die hou van spesiale "volksgeleenthede" by hierdie monumente (Deist 2002).

Helde

DIE HELDE VAN DIE BOERE, wat tydens die Groot Trek en tydens die verskillende oorloë

(wat deur die Boer geveg is) na vore getree het, word sinchronisties én anachronisties Afrikanerhelde gemaak, terwyl die helde nie *Afrikaners* was nie. Trouens, tydens die Groot Trek het die Afrikaner nog nie bestaan nie en tydens die Tweede Vryheidsoorlog het Kaapse Afrikaners téén hierdie helde aan Boerekant, wat nou as “Afrikanerhelde” aangebied word, geveg. Verder word selfs volksvreemde karakters, soos Dick King, ontoepaslik as ’n held aangebied (Muller 1979:150).

Taal (Afrikaans)

DEIST (2002:73) BEKLEMTTOON dat taal ’n belangrike aspek was en ’n prominente rol vervul het tydens die sosiale ingenieurswese. Taalwetenskaplikes aanvaar allerweë dat daar drie variante of dialekte van Afrikaans ontstaan het. Dit sluit volgens Bruwer (1988:90) die volgende in:

- a. **Kaapse Afrikaans** – soos gepraat deur die Kolonialers en kleurlinge in die Westelike Provinsie.
- b. **Oranjerivier-Afrikaans** – soos gepraat deur die gedekulturaliseerde Hottentot-stamme soos die Griekwas, Koranas, Namas en Rehoboth-basters.
- c. **Oosgrens-Afrikaans** – soos gepraat deur die ontluikende Afrikanervolk [*Proto-Boere] aan die Oosgrens. Deur die Groot Trek is hierdie vorm na die Transvaal en Vrystaat uitgedra waar dit tot standaard Afrikaans uitgroeï het.

Die Boere het tydens die Groot Trek oorwegend Oosgrens-Afrikaans gepraat, wat baie nader aan Hollands was, maar hulle was by geen taalstryd betrokke nie. Selfs tydens die tydperk van die twee Boererepublieke was die taalstryd nie ’n faktor vir die Boere nie. Hulle het wel die *Patriot* gelees en het aanklank gevind by die patriotiese en republikeinse aanslag van die publikasies. Die het inderdaad die volksisme in die Boerevolk verder gestimuleer. Aan die ander kant was die Kolonialers vanaf 1875 aktief betrokke om Kaapse-Afrikaans as taal, ná die Eerste Taalbeweging, te vestig en uit te bou. Dit (die taal) vorm uiteindelik die kern waaromheen die Kolonialer/Kaapse Afrikaner en vandag se Afrikaner, wat die Kolonialergesindheid openbaar, sy identiteit vestig.

Gemeenskaplike bedreiging skep eenheid

MILNER HET ONMIDDELLIK na die Vrede van Vereeniging in 1902 Engels as amptelike taal ingestel (Bruwer 1988:484). Die stryd téén Engels het 'n gemeenskaplike front vir die Boer en die Kaapse Afrikaner/Kolonialer daargestel, waartydens beide groepe betrokke geraak het en uiteindelik daarin geslaag het om Afrikaans as amptelike taal in 1925 erken te kry (Degenaar 1987:232).

Die sosialisasieproses was daarop ingestel om die Eerste Taalbeweging, wat van 1875 tot 1890 gestrek het en deur Pro-Republikeinse-Kolonialers in die Kaap (Paarl) begin is, sinchronisties aan te bied asof die Boere deel daarvan was. Dit word dan deurgetrek deur die Tweede Taalbeweging op so 'n wyse aan te bied dat dit vir die Boer en die Kolonialer 'n gesamentlike doelwit geword het, naamlik om vir die behoud van Afrikaans te stry. In die proses is gepoog om die kloof te verklein, maar dit het slegs gedeeltelik geslaag.

Die Eerste en Tweede Taalbewegings was 'n spontane reaksie wat later retrospektief aan die twee tydperke toegedig is. Dit is egter deur die Afrikanerelite op so 'n wyse aangebied dat die GRA met Du Toit, Pannevis en “Oom Lokomotief” as taalstryders en helde van die Afrikanernasie voorgehou is. Hierdie taalhelde word nou sinchronisties en anachronisties vir die Boer, wat nou as deel van die Afrikanernasie voorgehou word, op dieselfde vlak gelyk gestel aan Boerehelde soos Retief, Maritz, Pretorius, De Wet en De la Rey. Ek onthou die kurrikulum wat hy in die laerskool geleer is baie goed en selfs dat “Onze” Jan (Hofmeyr), wat 'n uitgesproke vyand van die Boere was, is as held aan skoliere voorgehou. Die taalbewegings is dus aangewend in 'n poging om samehorigheid tussen die twee groepe te bewerkstellig en het moontlik op die taalgebied daarin geslaag.

Keyter (1968:229) stel ten opsigte van die Tweede Taalbeweging in 1903 dat “voor hierdie tyd is wel gepraat van die bedreiging van die volksbestaan deur die miskenning van Hollands, maar nou kom soortgelyke uitlatings soos 'n angskreet uit die siel van die volksbewuste Afrikanerdom” (Muller 1979: 326-327)

Keyter haal dominee (dokter) Kestell aan wat op die Taalkongres (1909) die volgende stel: “Ons taal is vir my, na die godsdiens, die ernstigste saak

wat die Afrikaner kan besig hou. Dit is – laat my toe om my so uit te druk – ’n saak van lewe en dood!”

Indien daar in 2017 en 2018 gepoog was om ’n “derde taalbeweging” te orkestreer, het dit nie geslag nie omdat die taal nie meer dieselfde impak en belang het om ’n samebindende faktor te wees nie.

Die stryd was aanvanklik om gelyke regte vir Hollands naas Engels te bekom. Dié stryd het geleidelik verskuif na die erkenning van Afrikaans en die feit dat Afrikaans in 1925 as amptelike taal erken is, het ’n gevoel van oorwinning en skynbare solidariteit tussen die twee groepe laat ontstaan. Die kloof was egter steeds teenwoordig, soos die twee kampe tydens die Eerste Wêreldoorlog met die 1914 Boereopstand en tydens die Tweede Wêreldoorlog met die ontstaan van die OB, duidelik demonstreer.

Die verkleining van die bestaande kloof tussen die twee groepe was vir die “sosiale ingenieurs”, soos dr. DF Malan, ’n belangrike punt.

Hy stel in sy toespraak voor die Verenigde Sitting van albei Huise van die Parlement, op 8 Mei 1925, as volg:

Daar is vir die Hollandssprekende in Suid-Afrika eintlik maar een taal wat in die volste sin van die woord hul eie is, en dit is die Afrikaanse taal. Dit is met die Hollandssprekende Afrikanerdom gebore en daarmee gegroei en toon dieselfde lewenskrag as wat die volk hier in die land vertoon. Dit beteken ’n voldoening aan die diepste gevoelens en hoogste aspirasies van daardie deel van die Suid-Afrikaanse volk. Dit is die simbool van die volk, van sy bestaan (Van Jaarsveld 1959:212).

Ekonomie

VOLGENS GILIOMEE (2004:310) het Afrikanerkiesers die landbou asook die politiek in die regering en parlement ná 1910 oorheers, maar die wit Engelssprekendes het die ekonomie gedomineer. Giliomee stel verder dat die meeste Afrikaanssprekendes, waarvan die Boere waarskynlik die grootste persentasie uitgemaak het, ongeskool of halfgeskool was, terwyl die vernietiging van hulle eiendom tydens die oorlog, droogtes en die ekonomiese depressie gelei het tot die armblankevraagstuk. Hou in gedagte dat, behalwe vir Kaapse rebelle wie se eiendom moontlik vernietig is, die Koloniale geen verliese tydens die Tweede Vryheidsoorlog gelei het nie. Joiners se plase is met ’n houtbalk in die nok van die huis gemerk en dan nie afgebrand nie. Gert Engelsman se huis staan vandag nog naby Villiers met die houtbalk in die nok (Figuur 7.3).^[83]



Figuur 7.3: Gert Engelsman se huis staan vandag nog naby Villiers met die houtbalk in die nok. Hierdie balk het samewerking (verraad) met die Engelse getoon en voorkom dat die huis afgebrand word (foto J Pretorius jnr.)

VAN DIE KAAPSE AFRIKANERS, soos sir David Graaff (vader van die latere De Villiers Graaff), het goeie besigheid deur *Imperial Cold Storage* (voorloper van *Tiger Brands*) gedoen deur die Boere se beeste, wat op die plase agtergelaat is, te slag en vleis aan die Britse soldate te lewer. Dit is insiggewend dat *Imperial Cold Storage* aan die begin van die Tweede Vryheidsoorlog gestig is. David de V Graaff is met 'n "sirskap" beloon en was lid van die eerste Uniekabinet (Muller 1979:340). Ander Kaapse Afrikaners het voer en ander proviand aan die vyand van die Boere gelewer en in die proses hulleself verryk. Desnieteenstaande is die geleentheid benut om arm Boere én arm Kolonialers, as deel van die "armblanke vraagstuk", ekonomies op te hef en is die proses van opheffing aangewend as 'n poging tot samebinding.

Volgens Lombard (1968:130) is 'n ekonomiese volkskongres in Oktober 1939 te Bloemfontein gehou, met die tema: "Afrikaner, red jouself!" Die ekonomiese opheffing moes bydra om Afrikanernasionalisme te bevorder. Die volgende organisasies is vir hierdie doel onder leiding van die AB gestig: Volkskas (1934), Uniewinkels (1935), FAK (1939), die Reddingsdaadfonds, die bekende Federale Volksbeleggingsgroep asook die Afrikaanse Handelsinstituut. Die Helpmekaarstudiefonds en verskeie ander instansies, soos Yskor en Sasol, is ook gestig (Lombard 1968:130; Wilkens & Strydom 1978:64).

Godsdiens

DIE BOERE IS DWARSDEUR die geskiedenis bekend as 'n baie godsdienstige groep mense (Bruwer 1988:162; Doyle 1902:1). Dit was dus vir die sosiale ingenieurs belangrik om die psige van die mense deur godsdiens te beheer. Die meeste predikante van die drie susterskerke is by die AB betrek (Wilkens & Strydom 1978).

Veral by die teologiese skole is Paradigma A se uitgangspunte bevorder en is die bestaande geldende mening gehandhaaf. Hierdie benadering en gees is oorgedra na alle akademiese instellings. Alhoewel baie Boere betrokke was by die stigting van die APK, het dieselfde gees wat in die AB en in die drie gereformeerde kerke en hulle teologiese skole geheers het, oorgespoel na die Akademie van die teologiese skool van die APK. Die opleiding van die nuwe geslag predikante in die APK se akademie is aan hierdie gees blootgestel. TG het hier 'n belangrike rol gespeel en die verskuiwing na Volksbond, wat binne TG plaasgevind het, het ook 'n invloed gehad op die predikante wat in die APK opgelei is, asook op die invloed wat uiteindelik deur hulle in die APK gemeentes uitgedra is.

Saam met die ontwikkeling van die APK se teologiese skool het die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (BCVO) se akademie van die grond af gekom. Weens interpersoonlike verskille het daar nie sinvolle samewerking tussen die BCVO en die APK akademie plaasgevind nie. Verskille tussen individue het tot gevolg gehad dat, volgens die bestaande patroon wat reeds beskryf is, die invloed van die Kolonialergesindheid al meer in die beleid asook in die geldende mening van die APK na vore getree het. Dit het tot gevolg gehad dat baie Boere en Boeregesindes die

APK verlaat het en by huiskerke en verskillende groeperinge, onder andere, die Israel-groeperings, betrokke geraak het.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die Afrikaner heel gemaklik die nuwere vertalings van die Bybel aanvaar, terwyl die Boer geneig is om met die gebruik van die 1933-vertaling te volhard.

Onderwys

GENERAAL JBM HERTZOG maak tydens sy Smithfield toespraak op 7 November 1935 (Wilkens en Strydom 1978:55) ernstig beswaar oor die AB se “onaanvaarbare” politieke sosialisasie op skoolvlak. Wilkens en Strydom (1978:10) rapporteer daar was in 1978: “2 424 *Broeder teachers who in turn ‘spread the gospel’ in the classrooms.*” Tot en met die 1980’s, toe TG ’n rol begin speel het, is die meeste seniorposte in skole en in die onderwys departement met Broederbonders gevul. Hulle is dan in ’n posisie geplaas om die “regte boodskap” onder die kinders te propageer.

Ander aksies

AKSIES IS UITGEVOER om ideologieë, volktradisies en die historiese gebeure, wat in die geheues van die uiteenlopende groepe geleef het, te herinterpreteer, sodat dit “nasionale betekenis” kon verkry (Deist 2002:73).

Daar is verder **simboliese organisasies** en instansies tot stand gebring om die *eenheid* verder uit te bou, soos die Voortrekkerbeweging, Volksspeelaars en die FAK-sangbundel.

Spesiale **vakansiedae** is geskep, soos 6 April (Stigtingsdag), 10 Oktober (Heldedag op Paul Kruger se verjaardag) en 16 Desember (Geloftedag).

Geleenthede is gevier en uitgebuit om die gevoel van nasionalisme uit te bou, soos die *Eeufeesviering* (herdenking van die Groot Trek) in 1938. Die emosies het soos ’n vloed oor die land getrek en die Ossewabrandwag het onder die Boergesindes tot stand gekom. Alhoewel die Afrikaner-politici die Ossewabrandwag onderdruk het, het hulle die emosionele stuwings en momentum wat die Eeufeesviering en die Ossewatrek in 1938 tot gevolg gehad het, aangewend om dit op die Afrikanernasie van toepassing te maak en is gevolglik ’n oorwinning deur die NP in 1948 by die stembus verkry. Muller (1979:293) stel: “ ’n Golf van patriotisme het onstuitbaar deur die land gespoel. Voortrekkerklere is gedra, mans het baarde gekweek, kinders

is in die skaduwee van die ossewaens gedoop, volksliedere is gesing en allerlei emosionele tonele het hulle afgespeel”.

Geloftefeeste is veral aangewend om die Boergesinde en die Kolonialergesinde Afrikaner te verenig deur jaarliks die Slag van Bloedrivier oor die hele land te herdenk en die gebeurtenis te herinterpreteer om dit op die Afrikanernasie van toepassing te maak.

Die **Unievlag** het baie kontroversie tot gevolg gehad. Doktor Malan pleit in 1925 vir ’n “skoon vlag” en stel: “’n Skoon vlag ... dit wil sê sonder die Britse Union Jack of enige ander herinnering aan ’n pynlike verlede. Die vlag, het hy gesê, moet die nasie se bestaan as ’n aparte entiteit uitdruk.” Die invoeging van die Union Jack het dwars in die krop van die Boergesindes gestek. By volksgeleenthede, wat deur die Boer gereël word, word die Vierkleur van die ZAR en die Vrystaatse vlag eerder vertoon en het die Boer hom tot vandag toe nooit werklik met die Oranje-Blanje-Blou vereenselwig nie. Die Koloniale het egter geen probleem met die vlag gehad nie en hulle dadelik daarmee vereenselwig. Dieselfde onderskeid het plaasgevind met die aanvaarding van die NSA se vlag.

Organisasie en investering deur die elite

DEIST HET GESÊ DAT om ’n mite te vestig of te verander die betrokke partye wat in ’n nuwe identiteit saamgevoeg word aan sekere kriteria moet voldoen. Ons het gesien dat die Boer en Koloniale ’n wye gemeenskaplike kulturele agtergrond met mekaar deel. Verder het die tersaaklike historiese gebeure (wat in ’n mite omskep word) reeds plaasgevind. Die tersaaklike historiese gebeure (wat in ’n mite omskep word) is duidelik en effektief deur die sosiale ingenieurs herinterpreteer (“verdraai”), sodat dit op al die groepe van toepassing gemaak is. Nuwe simbole en rituele is uitgedink en ontwikkel om die verdraaide geskiedenis te ondersteun en te regverdig. Deist (2002:74) se vyfde vereiste is dat die elite (polities, ekonomies, akademies en godsdienstig) hulleself moet organiseer en bereid moet wees om enorme investering te maak om die gewone mens op straat ook te organiseer en te oortuig. Harari (2015:118) bevestig dat ’n groot investering en organisasie nodig is om ’n bestaande paradigma te verander. Die AB het met oorgawe georganiseer en het fondse, wat deur die regering beheer is, mildelik aangewend om die ideologie van Afrikanereenheid te vestig. Hierdie paradigma is deur die geldende mening gehandhaaf. Die simbole en

monumente is grootliks as “nasionale aangeleenthede” op regeringskoste opgerig.

Die uitkoms van die sosiale ingenieurswese

DEIST (2002:74) STEL dat eers ná twee generasies van meedoënlose indoktrinasie die meeste Afrikaanssprekendes begin vergeet het dat so ’n etniese entiteit as die Afrikanernasie nooit werklik bestaan het nie en kon die elite aanspraak maak op die bestaan van ’n “Afrikaner identiteit”. Hy stel verder: “*After a concerted effort of about 60 years the fiction of an ‘all-Afrikanerdom’ became an (ideological) reality that then ‘stuck’ for about half a century.*”

Hierdie stelling moet gesien word teen die agtergrond en aard van Deist se publikasie waar hy die kultuur van Israel tydens die skryf van die Bybel met die situasie in Suid-Afrika vergelyk. In sy stelling hierbo laat hy buite rekening dat, ten spyte van die indoktrinasieprosesse, die bestaande verskille steeds voortgeleef het by die groepe in Suid-Afrika. Hy het nagelaat om die huidige situasie in terme van die fragmentering te verklaar en deur te trek, aangesien dit buite sy bestek geval het.

Retrospektief gesien word dat daar in 1938 een landswyse Eeufees terwyl die 150-jarige herdenkingsfees in 1988 twee afsonderlike feeste opgelewer het. Dit dui duidelik aan dat twee uiteenlopende strominge in 1988 bestaan het. Tydens 1938 is daar met ’n grootskaalse propaganda veldtog oor die radio en in die media Afrikanereenheid en die bestaan van ’n Afrikanernasie gepropageer en het daar ’n relatiewe gees van emosionele eensgesindheid geheers. In 1988 het die kloof tussen die NP se apartheidsregering en die Boergesinde Afrikaners prominent na vore getree en word duidelik deur die twee feeste gedemonstreer.

Die regering het die Boere en Boergesinde Afrikaners in die 1980’s en 1990’s soos vyande van die staat hanteer. Die SAP en veral die Veiligheidspolisie het die “regses” (Boergesindes) as die nuwe vyand geteiken. Die gesindheid van die NP-regering kan waargeneem word in die optredes deur die polisie tydens AWB vergaderings in die Jack Botes saal in Pietersburg in 1986, Potgietersrus (1989), Goedgevonden (ongeveer 1990), die Kerkstraat optog (1991), Ventersdorp (1993), die *World Trade Centre* in Kemptonpark (1993) en die gesindheid ten opsigte van Radio Pretoria.^[84]

Die redes waarom die verdeeldheid voortgeleef het, kan verklaar word weens die AB se doelverskuiwing. Met die bereiking van die republiek in 1961, is die doelwit van Afrikanernasionalisme bereik en is oorlewing van die party, sowel as die blanke, bo nasionalisme en Afrikanereenheid gestel. Die dryf agter die sosiale ingenieurswese is gestaak, aangesien die AB verskuif het van 'n aanvanklike volksgesinde Boere organisasie na 'n veelvolkige, vaag omlynde, “polities korrekte” groepie met relatief min invloed na die oorgawe van 1994. Die NP het 'n soortgelyke dood gesterf.

Beheer oor prosesse

DIE AB EN NP, AS SOSIALE ingenieurs of hoofrolspelers van die sosiale ingenieurswese proses, het die meeste terreine in die burokrasie en aspekte van die sosiale samelewing beheer (Wilkens & Strydom 1978). Om te verhoed dat die publiek blootgestel word aan inligting, wat negatief sal inwerk op die beeld van een-Afrikanerdom en Afrikanernasionalisme, is maatreëls in plek gestel om die media, kunste, sekulêre en veral akademiese publikasies te sensureer en te beheer. Die elite het die beleid geformuleer en Paradigma A se uitgangspunte is deur middel van die geldende mening rigied toegepas in die media, tydens toesprake, by skole, vanaf preekstoele en in publikasies. Verder geld Bothma (2015:427) se stelling, naamlik dat sekere ideologiese paradigmas gegeld het en sodra iemand buite die “aanvaarbare parameters” beweeg het, is hulle summier gestigmatiseer, óf geïgnoreer, óf teenoor gediskrimineer, óf uit die weg geruim. Hierdie boek, in die besonder die standpunt wat deur die skrywer ingeneem word, sou waarskynlik met soortgelyke reaksie in die vorige bedeling begroet gewees het.

Die skrywer het 'n MA verhandeling by NWU in 2021 oor hierdie onderwerp ingedien. Twee van die eksaminatore was besonder beïndruk met die dissertasie terwyl 'n afgetrede professor, wat as derde eksaminator opgetree het en baie duidelik as 'n apologet van Paradigma A na vore getree het, aangedring het om die inhoud aan te pas voordat hy dit sou goedkeur. Hy het duidelik die rol wat lede van die AB in die vorige bedeling gespeel het, nagevolg. Nadat die aangeleentheid na 'n arbiter verwys is, is die derde eksaminator se negatiewe gesindheid van die hand gewys.

Ter wille van Afrikanereenheid is die name van die Boere-verraaiers, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog saam met die Engelse teen die Boere geveg het, deur wetgewing verbied om gepubliseer te word. Dié verbod is eers in 1999 opgehef. Die eerste uitgawe van AM Grundlingh se publikasie *Die Hendsoppers en Joiners* (1979) is gesensor deurdat die verraaiers se name, naamlyste van mense wat vanaf die Vrystaat na Basoetolandgevlug het (onder andere, die familie van Jim Fouché 'n voormalige staatspresident) uit die boek gelaat moes word. Eers met die tweede uitgawe deur Protea Boekhuis in 1999 is die name bygevoeg en vir die eerste keer kon lesers die meer-as-32-bladsy-lange lysste name nagaan (Jansen 2016:193).

Die eenheidsparadigma veroorsaak 'n konseptuele blok

'n Persoon wat 'n konseptuele blok het, is nie bereid om te aanvaar dat die Afrikanernasie 'n mite is en dat die Boerevolk 'n aparte volk is nie.

DIE EENHEIDSPARADIGMA, wat by Afrikanerhistorici en –akademici gegeld het en wat deel van die sosiale scenario ná 1920 uitgemaak het, is deur middel van die geldende mening-fenomeen wat deur die elite voorgeskryf is, gevorm. Dit het ontwikkel tot 'n konseptuele blok rakende die idee van die Afrikanernasie as eenheid. 'n Persoon wat 'n konseptuele blok het, is nie bereid om te aanvaar dat die Afrikanernasie 'n mite is en dat die Boerevolk 'n aparte volk is nie. Vergelyk Ecker (s a) se siening dat die mens dikwels te lui is om te dink en eerder bereid is om gapings in 'n mite met leuens in te vul, eerder as om vrae te vra of om gapings in die mite te laat.

Samevatting

AFRIKANEREENHEID IS aan die begin van die 20^{ste} eeu op die Boer en die Kaapse Afrikaner toegepas deur die sosiale ingenieurs. Die hoofrolspelers in die proses het bestaan uit lede van die AB en NP.

Afrikanereenheid is bevorder om deur middel van politieke eenheid en politieke beheer die toekoms van die Afrikanernasie te midde van die “swart gevaar” te verseker. In die proses is sekere maatreëls, soos deur Deist (2002:74) uiteengesit, ingestel om politieke sosialisasie op die twee groepe toe te pas. Dit sluit, onder andere, in die skepping van Paradigma A en die vestiging van die geldende mening.

Outeurs en navorsers het wetend of onwetend deel geword van die sosiale ingenieurswese-proses wat die politieke sosialisasie op die Boer en Koloniale toegepas het. Die hooftema behels dat die term *Afrikaner*, ter wille van Afrikanernasionalisme en Afrikanereenheid, gebruik word asof die Afrikaner as entiteit primordiaal tydens Jan van Riebeeck se “Volksplanting” reeds tot stand gekom het en regdeur die geskiedenis as die hoofelement ’n rol gespeel het (Giliomee 2016b). In dié verband stel Bruwer (1988:82) dat die fout gemaak word deur van ’n staatkundige veronderstelling uit te gaan en aan te neem dat “die begin van die staatkundige bedeling aan die Kaap in 1652 *ipso facto* beteken dat dit ook die begin van die Afrikanervolk was.”

Afleiding

NA ’N EEU VAN POLITIEKE sosialisasie en intensiewe sosiale ingenieurswese is dit nie moontlik om deur middel van geslagsregisters, genealogiese statistieke en demografiese inligting die Afrikanernasie noukeurig en wetenskaplik in ’n Boervolk en Afrikanergroep in te deel nie. Boere en Afrikaners het onderling met mekaar getrou en gesinne het heen en weer oor die hele land getrek. Nieteenstaande die feit dat daar vandag steeds ’n onderskeid tussen die noorde en suide bestaan, het die rondtrekkery tot gevolg gehad dat die aanvanklike onderskeid en die grense tussen die noordelike en suidelike Afrikaners vervaag het.

Uiterlik, veral na die 1938 Eeufees, kom dit voor asof die Afrikanernasie ’n eenheid is, maar daar bestaan duidelike bewyse dat dit nie die geval is nie. Daar kan vandag steeds ’n onderskeid, op grond van afsonderlike en uiteenlopende kulturele erfenisse, tussen Boer en Koloniale (Afrikaner) onderskei word. Die uiteindelijke onderskeid tussen Boere en Afrikaners kan alleen getref word op grond van ’n individuele persepsie en wilsbesluit van elkeen wat bereid is om ’n keuse oor sy of haar identiteit te


maak. Hierdie keuse kan aan die een kant spontaan aan die een kant, of aan die ander kant, 'n "ingeligte" wilsbesluit wees.

Die meeste individue wat in 'n gesin opgroei het waar die Boerekultuur en die Boervolk se kulturele erfenis uitgeleef word, sal spontaan na hulleself as Boere verwys. Dit geld ook ten opsigte van die Afrikaner. Aan die ander kant kan iemand op grond van kennis 'n ingeligte keuse oor sy of haar identiteit maak.

Die skrywer het as Afrikaner grootgeword en was trots daarop totdat (oorlede) dr. Piet Cloete wat op Naboomspruit gepraktiseer het, my in 1983 oor "die Boervolk" gekonfronteer het. Dit het aanleiding gegee tot 'n lang reis van navorsing om kennis te bekom met hierdie boek as resultaat.


**Elke persoon behoort op grond van kennis 'n ingeligte
keuse oor sy of haar identiteit te maak.**

OM DIE NODIGE KENNIS beskikbaar te stel, is dit van belang dat die eienskappe van die twee groepe (Boer en Kolonialer-Afrikaner) onder die loep geneem word. Dit is algemeen bekend dat die Boer as entiteit geen of baie min dekking in die kontemporêre media geniet, behalwe wanneer daar na die Tweede Vryheidsoorlog verwys word. Dit is daarom nodig om kennis oor die kulturele erfenisse van die twee groepe aan te bied en te vergelyk, sodat mense 'n ingeligte keuse kan maak. Die Kolonialer se kulturele erfenis word in Hoofstuk 8 geëvalueer, waarna die Boer se kulturele erfenis en pogings om uit die kunsmatige verbintenis te breek, in Hoofstuk 9 geanaliseer word.



Figuur 7.4: Die Boer en die Kaapse Afrikaner word saamgevoeg om die Afrikaner te vorm.





HOOFSTUK 8

DIE KOLONIALER SE KULTURELE ERFENIS

Inleiding

Die vraag kan met reg gevra word wie vandag deel van die Afrikanernasie is? Sluit die Afrikanernasie die Boer en die Kleurling of Koi-San in? Wil die Boer en die Kleurling deel van die Afrikanernasie wees? Wie is die “leiers” wat dink dat hulle die Afrikanernasie verteenwoordig of namens die Afrikaner kan praat? Word hierdie verteenwoordigers deur die partye binne die Afrikanernasie erken? Om by antwoorde vir hierdie vrae uit te kom, moet na die kulturele erfenis van die Afrikaner gekyk word.

Onderskeid tussen Kolonialer en Boer

DAAR MOET AANVAAR WORD dat die onderskeid tussen Boer en Afrikaner nie altyd dogmaties gestel kan word nie. Daar kan verder aanvaar word dat daar dikwels huwelike plaasgevind het waar Boer en Afrikaner met mekaar getrou het en waar die kinders nie noodwendig ’n keuse oor identiteit gemaak het nie. Binne families en selfs gesinne word ook dikwels polarisasie gevind waar een kind as ’n Boer na vore tree en ’n ander as ’n Afrikaner bekend wil staan. Hierdie fenomeen vorm die kern van die dilemma waarin die Afrikanernasie homself in die 20^{ste} eeu bevind het en beskryf ook die situasie waarin BASA21 vandag verkeer.

Die kriterium wat aanvaar moet word, is dat mense telkens die keuse kan en behoort te maak oor identiteit. Dit behels die identiteit waar hy/sy besluit om as ’n Boer geïdentifiseer wil word. Diegene wat nie hierdie keuse

doelbewus maak nie, resorteeron der die Afrikanergroep. Hierdie keuse vind plaas op grond van die kulturele erfenis en die “gees” of gesindheid wat in die betrokke persoon voortleef. Dit kan vergelyk word met die proses wat voor die Groot Trek plaasgevind het. Niemand het met ’n stempel rondgeloop en ’n hoofletter “T vir Trekker” op die 10% van die bevolking in die Kaapkolonie, naamlik op die wat sou trek, se voorkoppe aangebring nie. Niemand het geloop en aangedring op ’n bewys van steun nie. Die wat *gekies* het om te trek, het getrek – en die Boervolk het as gevolg van hierdie keuse(s) tot stand gekom! Vandag gaan die toekoms van die Boervolk weereens bepaal word deur die “10% van BASA21”, wat kies om die keuse te maak om aan ’n “Nuwe Groot Trek” deel te neem. (Bruwer 1988:83) stel dat: “Elke persoon in elke geslag bewustelik ’n keuse [moet] uitoefen oor sy [of haar] volkskap”.

Die vestiging van ’n kulturele erfenis

VERSKEIE FAKTORE HET ’n rol gespeel om ’n besondere kulturele erfenis by die Koloniale te vestig. Die Koloniale het ontstaan uit amptenare, besigheidsmense, soldate, professionele mense en ’n groep landbouers, wat hoofsaaklik akkerbou toegepas het. Die Koloniale het nie as deel van die Veeboerbeweging die Kaap verlaat en na die binneland getrek nie en het in die relatiewe nabyheid van die Kaap gevestig. Hulle was meer direk aan die owerhede van die Kaap blootgestel as hulle landgenote in die binneland en aan die Limiete en het in ’n baie veiliger omgewing hulle bestaan gevoer. Toerusting en lewensmiddele was verder meer geredelik beskikbaar as vir die inwoners in die binneland.

Politieke deelname en vryheidstrewa

DIE KOLONIALERS IS nie tot so ’n mate aan eksterne bedreigings en konflik blootgestel dat hulle, op grond van Haas (1982:61, 83; 1990:10, 16-17) se verduideliking van volksvorming, ’n samehorigheidsgevoel ontwikkel het nie. Haas (1982:61) stel dat: “*In the face of external conflict, social groups voluntarily came together and submitted to a governing authority in order to gain the military and economic benefits of centralization.*” Die voortdurende konflik waaraan die Trekboere blootgestel was, het sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit asook sentralisasie en die totstandkoming van orde-reëlins

onder die betrokkenes tot gevolg gehad. Dit het verder gelei tot die vorming van strukture soos die kommandostelsel.

Die Kolonialers openbaar ook geen vryheidstrewer nie (Bruwer 1988:110-111). Van Jaarsveld (1980b:222) stel dat hulle, selfs nadat hulle in 1854 verteenwoordiging in die bestuur van die Kaap en in 1872 verantwoordelike bestuur gekry het, “apaties en onverskillig teenoor die politiek en landsbestuur” gebly het.

Robbertze (1996:19) stel in die vyfde verslag van die Volkstaatraad:

Veral by Kaapse Afrikaners, wat voor die stigting van die Afrikanerbond in 1880 oor geen sterk gemeenskaplike vereniging beskik het nie, was daar nie sprake van ’n vryheids- en selfbeskikkingsgedagte nie.

Die Kolonialer is van die begin af ekonomies ingestel, kosmopolities georiënteer en daarom bereid om te konformeer, akkommodeer, integreer en te assimileer ter wille van die bevordering van welvaart (Bruwer 1988:110-111). Giliomee (2004:163) stel dat in die Kolonie die: “vernaamste stryd was oor die aandrang van die oostelike distrikte op self-administrasie, ’n saak van weinig belang vir die Kaapse Afrikaners.” Die mense wat “self-administrasie in die oostelike distrikte” nagejaag het, was die republikeinsgesinde Trekboere of Proto-Boere.

Onze Jan het beweer dat die Kolonialers aanvanklik traag was om aan die politiek deel te neem aangesien hulle nie Engels vlot kon praat nie (Giliomee 2004:163). Die politieke strewe het gemanifesteer ná die stigting van die ZABBV en die Bond. Van Jaarsveld (1959:170) stel dat die ZABBV se stigting “het uit ekonomiese motiewe gespruit maar heel gou ’n politieke wending geneem.” Nadat die Bond in 1883 oorgeneem is, het die Kolonialer al meer aktief by die politiek binne die imperiale en koloniale politieke stelsel met Britse oppergesag betrokke geraak. Die kolonialer het dus ’n half-eeu langer (as die Boer) blootstelling aan die Westminster politieke stelsel, ’n stelsel waaraan hulle uit eie wil deellgeneem het. Na 1902 is die stelsel in 1910 op die Boer afgedwing.

Die Bond se politieke siening en stem is deur die latere Sappe voortgesit (Hoofstuk 6). Met die oornome van die AB het die kolonialergesinde Afrikaner ook uiteindelik daarin geslaag om die NP oor te neem. Veral in die 20^{ste} eeu het die Afrikaner baie aktief aan die politiek deelgeneem en die verloop van die geskiedenis daardeur bepaal.

Die Kaapse Afrikaner neem hedendaags met redelike entoesiasme deel aan verkiesings en elke aangeleenthede wat deur die NSA regering georkestreer word. Kaapse Afrikaners word verspreid oor die politieke spektrum, as lede van die ANC en veral van die DA en meer onlangs die VF+, gevind. Die indruk bestaan dat baie lede van die VF+, wat hulleself *Afrikaners* noem, as Boere-Afrikaners beskou kan word.

Die Kolonialergesindheid veroorsaak dat die Kolonialer bereid is om betrokke te wees by die sprokie van 'n reënboognasie in die NSA. Die Kaapse Afrikaner “kry hoendervleis as die Springbokke *Nkosi Sikelel 'i Afrika* sing” en verf met oorgawe die NSA se vlag op sy/haar gesig by sportgeleenthede.

Die media

DIE KAAPSE AFRIKANER beheer prakties die media en is daarop ingestel dat die liberale siening, wat deur die kulturele erfenis van die Kaapse Afrikaner bepaal word, voorrang geniet. Die eensydige uitgangspunte van Paradigma A, soos gehandhaaf deur die geldende mening ten opsigte van die Kolonialer, word in die media bevorder, terwyl die saak van die Boer altyd in 'n slegte lig gestel word.

Liberale kommentators, soos Max du Preez, Maas, Croukamp, Tim du Plessis, Christie van der Westhuizen, Johann van der Westhuizen en Koos Kombuis, se menings word geplaas asof hulle verteenwoordigend van alle Afrikaners is. Ruim geleentheid word aan hierdie liberale kommentators gebied om “namens alle Afrikaners” hulle liberale standpunte te verkondig, asof hulle die enigste en korrekte standpunt verteenwoordig. Die standpunt in die media is dat slegs “liberale kefferbrakkies” op hiërdie grasperk toegelaat sal word! Daar word nie geleentheid geskep of gebied om die kant van die Boer te stel nie.^[85]

Verder word Kleurling skrywers (sommige wil nie graag as Kleurlinge geëtiketteer word nie) soos, onder andere, Christo van der Rheede, Heindrich Wyngaardt, (voorheen) Danny Titus, Jacob Rooi en Ivor Price gereeld geleentheid gegee om menings in die koerante “namens die Afrikaner” te lig.

Die Afrikaner-media poog om 'n breë, omvattende nasiestaat te bevorder en verkies byvoorbeeld ooglopend om meer foto's van gekleurde rugbyspelers te plaas, nieteenstaande die feit dat hulle die minderheid in 'n

span verteenwoordig. Gekleurde kommentators se opinies in geselsprogramme, artikels en kommentare word as verteenwoordigend van die Afrikaner voorgehou.

RSG het in die laaste tyd van wit omroepers ontslae geraak en hulle met Kleurling persone vervang.

Die Kolonialer: Kosmopoliet wat Konformeer^[86]

DIE KOLONIALER IS VAN die beginjare af ingestel op konformasie en vorm deel van 'n relatief identiteitlose en ongedefinieerde, inklusiewe groepering. Hulle is altoos ingestel om “polities korrek” op te tree. Hulle was en is steeds ekonomies ingestel, soos “Onze Jan” in 1883 hulle fundamente beskryf het en integreer veral ekonomies saam met die Kaapse kosmopolitiese^[87] samelewing (Giliomee 2004:180). Van hulle was bereid om heeltemal te verengels en Giliomee (2004:157) stel dat:

... [V]an die Kaapse elite en in die besonder sekere families, soos die Cloetes en Van der Byls, het doelbewus besluit om te verengels. Hulle het bekend geword as die “Cape-Dutch” of “Anglomen”.

Baie Afrikaners is ook vandag bereid om te integreer in 'n oorkoepelende samelewing. Hulle was altyd bereid om die bestaande regering (Hollanders en later Britte) onderdanig te wees. Giliomee (2004:157) stel verder dat met die Engelse oorname:

As mense wat baie ingestel was op die handel, was die Kaapse Afrikaners geneig om die taal as instrument eerder as die simbool van hul identiteit te beskou. Dit was daarby vir baie Afrikaners voordelig om die nuwe heersers ter wille te wees. Baie van die ou amptenare van die Kompanjie het hul regeringsposte behou en hul lewenspeil het verbeter.

Andries Stockenstrom het gesê dat hy hom bekommer het oor die Afrikaners (*Kolonialers) se “apatiese instemming” met alles wat die regering doen. Dit het die indruk gelaat dat daar “met die Kaapse koloniste enigiets gedoen kan word omdat hulle in alles berus” (Giliomee 2004:158). Giliomee (2004:158) stel verder:

Dit was in hierdie gees dat Fairbairn se South African Commercial Advertiser 'n pleidooi gelewer het vir ‘an end to the national distinctions and loyalties’ en vir die ‘cordial and complete amalgamation of the Dutch and English colonists which is so ... essential to the future interests and well-being of both.’

Van Jaarsveld (1959:168) stel dat die Kaapse Afrikaners, wat simpatie met die Boere in die noorde openbaar het op 'n vergadering te Stellenbosch, waar die Transvaalse deputasie in 1880 ontvang is, gestel het dat diegene wat nie die oë kon sluit “*voor die daden van onrecht en geweld*” nie, hulleself nog steeds as die “*loyaalste*” onderdane van die Koningin beskou het.

Die Proto-Boer en die Boer, aan die ander kant, is minder aan hierdie invloede blootgestel en was eerder bereid om weerstand te bied, soos tydens die stigting van Swellendam en Graaf-Reinet as twee onafhanklike republieke. Giliomee (2004:157) stel dat: “Op die boerebevolking het Britse imperialisme 'n heelwat swakker uitwerking gehad.”

Weereens kan die voorbeeld genoem word van Agri SA, wat oorwegend die Afrikaner in die landbou verteenwoordig, wat “ter wille van ekonomiese oorlewing” sal konformeer, terwyl TLU-SA, wat oorwegend Boere as lede het, bereid is om te konfronteer en weerstand te bied, ter wille van hulle oorlewing. Dit kan amper kategorieë gestel word dat die Kolonialergesinde Afrikaner “nee” gestem het vir republiekwording in 1960 en “ja” gestem het vir konformasie tydens die referendum in 1992. Die Boergesindes het aan die anderkant “ja” gestem in 1960 en “nee” in 1992.

Tydens die politieke proses van sosiale ingenieurswese in die begin van die 20^{ste} eeu was die Kolonialer bereid om opgeneem te word binne die nuwe Afrikanernasie-identiteit. Ná die totstandkoming van die RSA in 1961, was die Afrikaner weereens bereid om saam met die Engelsman in die Suid-Afrikaanse blankedom opgeneem te word en ná 1994 is die Afrikaner weereens bereid om deel van 'n nuwe entiteit, die NSA se wankelende reënboognasie, te word.

Alhoewel die Kolonialer nie direk deel van die Boervolk se geskiedenis is nie, was hulle wel bereid om, onder die invloed van die sosialisasieproses, met die Boervolk se geskiedenis te vereenselwig. Baie Afrikaners het egter nie met die Gelofte saamgestem of hulle daarmee vereenselwig nie en daarom Geloftefeeste vermy. Sommige Afrikaners het met bybedoelings wel aan Geloftefeeste deelgeneem en het dikwels die bestuur daarvan oorgeneem en die geleentheid vir eie politieke gewin aangewend. Daar was 'n tyd dat die meeste Feeskomitees deur die AB oorheers is en daarom beheer kon uitoefen deur die “regte predikante en sprekers” te laat optree tydens feesgeleenthede.

Tot met republiekwording in 1961 het die Boer die NP ondersteun ter wille van materiële oorlewing en op grond van die verwagting dat 'n eie republiek tot stand sou kom. Ná republiekwording in 1961 was die Afrikaner bereid om met die Engelsman te integreer, terwyl die Boer hom van die NP onttrek het, omdat die Republiek nie aan die Boer se verwagting voldoen het nie. Mettertyd het die meeste Boergesindes die NP verlaat en het die Afrikaner met sy Kolonialergesindheid alleen in die NP agtergebly, totdat dit ná 1994 verdwyn het.

Leiers en elite

DIE AB HET VANAF DIE dertigerjare leiding onder die Afrikaanssprekendes geneem en kon as die “elite van die Afrikanernasie” gesien word. Hulle het post-1994 'n naamsverandering ondergaan en staan nou as die Afrikanerbond bekend. Lidmaatskap is oopgestel vir mense van alle bevolkingsgroepe. In effek het die nuwe AB sy rol as Afrikanerelite prysgegee en bestaan daar dus nie meer 'n Afrikanerelite nie. Aangesien die Afrikaner bereid is om te konformeer, reik hulle 'n hand uit na die Kleurlinge en betrek Kleurlingleiers op baie terreine. Hulle is bereid om inklusief te wees en met die Kleurling saam te smelt om in die proses “Afrikaanses” te word. Die enigste gronde vir “eenheid” sentreer rondom *die taal* (Afrikaans). RSG is 'n sprekende voorbeeld hiervan, waar al hoe meer Kleurlinge die stasie oorheers. Ander nuwer radiostasies begin RSG se voorbeeld te volg.

Ekonomiese ingesteldheid

DIE AFRIKANER WAS DEUR die verloop van die geskiedenis ekonomies ingestel en het min of geen tekens van 'n onafhanklikheidstrewende openbaar nie. Bruwer (1988:110-111) stel dat hulle ekonomies ingestel was en handel met skepe voorop gestel het. Anton Rupert het reeds in 1956 by 'n Bondsraad[88] gesê dat sukses op ekonomiese terrein gegrond moet word en nie op sentiment nie (Giliomee 2004:442; 2018:5). Hierdie ingesteldheid geld vandag steeds by die Afrikaner.

Die Afrikaner en sy Kerk

DIE AFRIKANER IS VAN vroeg af gekoppel aan die NG Kerk. Deur middel van die NG Kerk het die Afrikaner beheer oor die denke van sy lidmate uitgeoefen. Vanaf die beginjare was die NG Kerk liberaal ingestel. Die Boer met sy onafhanklikheidsgesindheid was as skeibrekers gesien en is met 'n vyandige gesindheid hanteer. Predikante van die NG Kerk het selfs geweier om lede van die Slagtersnek-Rebellie te begrawe. Dominee Boshoff van Winburg wou selfs nie die rebelle, wat tydens die Slag van Doringberg gesneuwel het, begrawe nie (Bothma 2015:15).

Die optrede van die Afrikaner en die NG Kerk het 'n patroon deur die geskiedenis gevorm. Aanvanklik was die predikante van die NG Kerk deur die regering besoldig (Giliomee 2004:35) en is Engelse dienste naas Hollandse eredienste in die Groote Kerk in Kaapstad gehou omdat die kerk finansiël daarby gebaat het (Giliomee 2004:184).

Die NG Kerk was en is dus die regering van die dag ter wille en bereid om te gekonformeer en te kompromitteer. Die tema van Romeine 13, waar die onderdanigheid aan die staat bepleit word, was deurentyd die ingesteldheid van die kerk en word weerspieël in die min predikante wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog ter velde betrokke was. Tydens die Unieregering en die Boereopstand van 1914-15 het Louis Botha die predikante in die NG Kerk aangemoedig om uit Romeine 13 te preek.

Geen rekord kon gevind word van enige NG Kerk predikant wat tydens die Boereopstand van 1914-15 ter velde betrokke was nie (Bienedell s a:10). Dominee Van Broekhuizen van die Hervormde Kerk was die uitsondering, wat wel in die veld was (Bothma 2015:245).





Figuur 8.1: Ds. HD van Broekhuizen (Bothma 2015:328g).

NÁ DIE TOTSTANDKOMING van die AB is baie predikante uit die NG Kerk as lede van die AB betrek. Volgens Wilkens en Strydom (1978:307) was op 'n stadium ongeveer 40% van Afrikaanse predikante deel van die AB. Die NG Kerk was weereens bereid om te konformeer en die regering van die dag ter wille te wees deur apartheid uit die Skrif te regverdig. JD du Toit (Totius) van die Gereformeerde Kerk lewer 'n “wetenskaplike dokument” as referaat tydens die tweede Volkskongres in 1947, waarin hy apartheid as skrifgefundeerd bevind. Hierdie referaat word opgeneem in 'n bundel, *Regverdige rasse-apartheid*, met professor E.P. Groenewald van die NG Kerk as redakteur (Van der Linde 2017:14-15). Die NG Kerk ondersteun dus die regering se beleid van apartheid.

Met die nuwe benadering van die NP ná die 1970's draai die NG Kerk weer sy seile na die “nuwe winde van verandering van die regering” en publiseer *Kerk en Samelewing* en aanvaar dit as beleidstuk in 1986 (Du Toit 2009:264). 'n Nuwe uitgawe verskyn in 1990 (Du Toit 2009:324). Nou behels die NG Kerk se amptelike beleid dat “apartheid sonde is”.

Die NG Kerk, wat by uitstek die “kerk van die Afrikaner” verteenwoordig, se nuutste liberale “draai van die seile” is gerig op die wêreldsiening en eggo die liberale Suid-Afrikaanse grondwet, wat weer

gegrond is op menseregte. Die (papier)-beleid van die ANC-regering van “geen diskriminasie nie”, vind weerklank in die NG Kerk se standpunte en beleid. Verder word die aanvaarding van huwelike van dieselfde geslag en die aanvaarding van homoseksuele persone as predikante van die NG Kerk, as prioriteite gehandhaaf. In die proses word menseregte hoër as Bybelse beginsels aangeslaan. Trouens, die ideologie van postmodernisme word wyd gepropageer. Vergelyk Dawie de Wet van die Strand wat op 26 Mei 2021 in die Burger vra: “Het Jesus dié Postmodernisme voorsien?”^[89]

Die Afrikaner en die NGK het die Nuwe Vertaling van die Bybel met ope arms ontvang en aanvaar, terwyl die meeste Boergesindes die Ou Vertaling verkies.

Afrikaans

DIE AFRIKANER HET AFRIKAANS as taal ontwikkel en veral deur middel van die Patriot uitgebou. Deesdae word gevind dat Afrikaans amper die enigste baken is waaraan Afrikaners kan vasklou en wat ’n mate van sekuriteit bied. Dikwels identifiseer die Afrikaner tot so ’n mate met die taal dat hy/sy verklaar: “Ek is Afrikaans” asof *Afrikaans* ’n entiteit is. Dit stel die deur wyd oop om met ander Afrikaanssprekendes, soos die Kleurlinge of Bruinmense, te assosieer. Die aanval deur die ANC op die Taalmonument het sommige Afrikaners op hul agterpote laat staan.^[90]

Onderwys

SOOS WAT DIE AFRIKANER bereid was om die Boer se geskiedenis as deel van sy eie te beskou, aanvaar hy nou die NSA se liberale “nuwe geskiedenis”, wat aan die kinders op skool voorgehou word, as deel van sy eie. By tersiêre inrigtings is Afrikaners bereid om met min weerstand Engels as amptelike onderrigtaal, ten koste van Afrikaans, te aanvaar. Afrikaners is ook heel gewillig om Afrikaanse skole te laat omskakel na dubbelmediumskole, nieteenstaande die feit dat so ’n skool in die meeste gevalle uiteindelik (binne ’n paar jaar) in ’n Engelse skool verander.

Sport

WEENS POLITIEKE KORREKTHEID word die ware toedrag van sake verswyg, naamlik die swak prestasie van spanne weens gedwonge kwotas,

waar meriete nie die finale kriterium by spankeuses is nie. Berigte deur sportkommentators in die media word deur Afrikaner verslaggewers polities korrek aangebied. Daar word 'n onreg teen belowende wit spelers gepleeg, waar hulle, ten spyte van meriete en prestasie, weens kleur nie vir spanne gekies word nie. Daarteenoor word swakker spelers op grond van kleur gekies. Dit word nie deur polities korrekte Afrikaners aan die kaak gestel nie. Die Afrikaner konformeer weereens in hierdie proses en konfronteer nie die onreg deur dit by die naam te noem nie. Om alles te kroon word die NSA vlag met groot fanfare by sportgeleenthede gewaai en op gesigte geverf. Onder hierdie omstandighede is die Boer geneig om te onttrek.

Houding teenoor naamsveranderings

NAAMSVERANDERING VAN dorpe het hoofsaaklik plaasgevind by die tradisioneel regse gebiede waar die “nee-stem” oorwegend was. Dorpe met name wat duidelik na die Engelse koloniale oorheersing verwys, soos byvoorbeeld George, Rhodes, Adelaide, Victoria-Wes en Ladysmith, word onveranderd gelaat. Name wat verander is, soos Warmbad, Nylstroom en Naboomspruit, verwys nie eers na enige geskiedkundige figuur, persoon of gebeurtenis nie, maar is nogtans geteiken en verander. Die vraag word gevra hoekom die verskillende benaderings? Dit dui waarskynlik daarop dat daar 'n politieke motief verskuil is, wat twee groepe in BASA21 geïdentifiseer het. Die eerste groep bevind hom veral in die ou Noord-Transvaal waar die “nee-stem” tydens die referendum van 1992 oorwegend was. Hierdie groep is waarskynlik gesien as 'n moontlike bron van weerstand in die NSA en is geteiken om “besig gehou te word met naamsveranderings”. Aan die ander kant word die tweede groep, wat veral in die suide gesentreerd is, nie as 'n potensiële bron van weerstand geïdentifiseer nie en was dit nie nodig om hulle met naamsveranderings besig te hou nie.

In die praktyk bied die Boer natuurlikerwys weerstand om die nuwe name te gebruik, terwyl die Afrikaner onmiddellik konformeer deur die nuwe name met oorgawe te gebruik. Volgens Mike du Toit (2022)^[91] word die dorpe se naam verander om die geheue van ons mense uit te wis. 'n Boere-naam beteken die Boere het die dorp opgebou. Daardie erfenis word nou uitgevee. 'n Swart naam “impliseer” die swartes het die dorp opgebou en dit is aan swartes te danke dat die dorp is wat hy is.

RSG, wat as die Afrikaner se radiostasie gesien kan word, gebruik slegs die nuwe name, terwyl Radio Pretoria net die ou name gebruik het. Sommige Boergesinde omroepers by die “nuwe Pretoria FM” gebruik die ou name tesame met die nuwe name, terwyl die “nuwe geslag” Afrikanergesinde omroepers slegs die nuwe name gebruik.

Kultuur-historiese erfenis

DIE AFRIKANER HET, volgens die gevestigde patroon, beheer verkry oor die bestuur van die Boer se kulturele erfenisterreine, soos die van die Voortrekkermonument en Bloedrivier. Die Boer is deur die Afrikaner beheerde besture ’n koue skouer gegee, wanneer hulle van die terreine wou gebruik maak.

Só was dit met die Groot Trek-150 byeenkoms, waar die Boere nie die Monument terrein kon gebruik nie en van alternatiewe terreine gebruik moes maak. Kolonel Rooi-Gert Opperman^[92] het die Boere, wat die reuse Vierkleur tydens ’n rekord poging vir die *Guinness Book of Records* teen die koppie langs die Voortrekkermonument wou uitrol, weggewys, omdat hy bang was vir die ANC-regering se reaksie indien hy die Boere op die terrein toelaat. Die vlag is later, onder andere, teen die Magaliesberg, by Majuba, by Middelburg en by die Willem Prinsloo terrein oopgerol.

Gevolgtrekking

DIE AFRIKANER SE KULTURELE erfenis behels ’n ingesteldheid op ekonomiese welvaart en openbaar geen vryheidstrewa nie. Die Afrikaner se uitgangspunt is liberaal en hy is bereid tot konformasie, kompromieë en ’n inklusiewe identiteit. Die Afrikaner is ingestel op administrasie en organisasie en was bereid om ’n administratiewe rol te speel – ondergeskik aan die bewindhebbers – ongeag of dit nou Holland, Engeland, die apartheid-Afrikaner of die ANC is. Hulle huiwer nie om die ideale van die Boervolk op ’n sypoor te plaas nie en huiwer ook nie om Boere-instellings as Afrikaners met Boeremaskers te infiltrer en oor te neem nie. Die Afrikaner is regdeur die geskiedenis antagonisties en dikwels openlik vyandiggesind teenoor die Boer.






Figuur 8.2: Edwin Leemans, met die Groot Vlag as agtergrond teen die Magaliesberg by Silkaatsnek



Figuur 8.3: Barend Pienaar, wat saam met Leemans die argitekte van die Groot Vlag was, op pad na Majuba se kruin, met die groot Vierkleur in die agtergrond.





HOOFSTUK 9

DIE BOER SE KULTURELE ERFENIS

Inleiding

In die vorige hoofstuk, as deel van die onderskeid tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner, is die *Kaapse Afrikaner* se kulturele erfenis bekyk. In hierdie hoofstuk analiseer ons die kulturele erfenis van die *Boervolk* en plaas dit in perspektief ten opsigte van gebeure en optredes in die 20^{ste} en 21^{ste} eeue.

Verskeie faktore het 'n rol gespeel om 'n besondere kulturele erfenis by die Boer te vestig. Die Boer is vir dekades aan bedreigings blootgestel, onder andere, aan wilde diere soos leeus, luiperds en hiënas, wat hulle vee bedreig het. Swart stamme het hulle lewens bedreig, hulle vee gesteel en eiendom verwoes. Voortdurende bedreiging, vyandigheid en konflik, wat deur die Engelse veroorsaak is, was 'n verdere en bepalende faktor in groepsvorming en die vestiging van Boervolk as 'n volk.

Die Boer was verder geforseer om sonder die nodige middele, wat nie geredelik te koop en beskikbaar was nie, klaar te kom en moes 'n bestaansboerdery bedryf. Lewensmiddele, soos seep, kerse, meubels, klere en skoene, is self geprakseer. Hulle het hul eie geboue opgerig, onder andere, huise, store en krale. Hulle het paaie gemaak, damme en brûe gemaak en selfs sekere werktuie self gemaak. Hulle moes sorg vir eie proviand deur tuine en landerye aan te lê, te sorg vir biltong, gedroogde vrugte en beskuit en ander mondproviand. Die voortdurende stryd om voldoende wapens en ammunisie te bekom, was 'n verdere bekommernis, aangesien die Engelse die beheer oor die verkope uitgeoefen het en die Boere doelbewus in hulle aankope beperk het.

Die vyandelike aktiwiteite van swartes en later die Engelse, het veroorsaak dat die Boer telkens alles van voor af moes opbou, nadat dit vernietig, verloor, gesteel of agtergelaat is. Vergelyk Andries Pretorius, wat in briewe aan Pottinger, West, Stockenstrom en Harry Smith beskryf hoe hy verskeie kere van heel voor af moes begin (Preller 1938).

Telkens wou die vyande van die Boer sy swaar verdiende besittings en prestasies “oorneem” sonder teeprestasie. Dit was egter nooit die Boer se uitgangspunt om, soos deesdae deur politici propagandisties gelieg word, “iets by ’n ander te vat” nie. Die Boer was gewoonlik bereid om weg van die konflik af te trek en oor te begin. ’n Groot groep het in die middel 1800’s verhuis na die gebied wat na 1884 as Duitswes-Afrika (DWA), in 1920 as Suidwes-Afrika (SWA) en tans as Namibië bekend is. Die Duitse verteenwoordiger in DWA, Kurd Schwabe, was hoogs beïndruk deur die gehalte van die Boere-nedersetters, wat hulle in DWA gevestig het. Hy beskryf hulle as volg: “Hulle was geen armlastiges nie, maar het groot troppe vee die land ingebring, en hulle het hulle aan die landswette onderwerp; daarbenewens het hulle die owerheid daadwerklik ondersteun om opstandigheid onder die bevolking te onderdruk”. Ernst Stals (*s a*:45-46) beskryf hulle as volg:

Leutwein het na afloop van sy elf jaar as landhoof in SWA [DWA] soos volg oor die Boer geskryf: Oor die algemeen beskou, verteenwoordig die Boer die regte nederduitse boer met al sy voortreflikhede en nadele. Hy is eerlik, gasvry, ’n voortreflike gesinsvader, daarby konserwatief tot oormaat en hou dus hartnekkig aan die ou dinge vas. By die Boer wat lank afgesonder in sy binneland van Afrika geleef het, het hierdie laasgenoemde eienskap so sterk ontwikkel dat dit vir hom ten slotte weer tot nadeel geword het. Hy het in sy hele huishouding agtergebly en volg presies die ekonomiese weë van sy voorvaders. Desnieteenstaande is die Boer in Afrika die inkomende Europeër in vele opsigte voor, sodat hy aan die begin die meerdere is en laasgenoemde van hom kan leer. Die Boer is onafhankliker van die genietinge van Europa, sy persoonlike behoeftes is derhalwe minder en hy weet beter hoe om die hulpmiddels van Afrika te benut.

Leutwein stel verder:

Andersins verstaan die Boere in Afrika egter om hulle in moeilike lewensomstandighede self te help, in die besonder is hulle in die behandeling van die inboorlinge bekwaam as die res van die immigrante. Dit het my nie opgeval dat hulle oor die algemeen meer tot wetsoortreding geneig is as ander nasies nie. Hulle het slegs ’n ongemaklike element geword deur ’n bepaalde skuheid vir gevestigdheid. Hulle trek graag met ossewaens, veetroppe en hulle meestal talryke gesinne van waterplek na waterplek en ontkom op hierdie wyse behendig die pryse vir grondaankope, en ook moontlike ander verpligtinge teenoor die staat. Hierdie tipiese neiging van die Boere tot ’n sigeuneragtige rondtrekkery moet verklaar word uit hulle rykdom aan kinders sowel as die feit dat hulle weinig lus toon om ’n ander beroep as veeboer te volg (Stals *s a*:46).

Die bekende aanhaling deur sir Arthur Conan Doyle (1902:1) oor die Boer bevat verskeie waarhede wat op die Boer se kulturele erfenis van toepassing is:

Take a community of Dutchmen of the type of those who defended themselves for fifty years against all the power of Spain at a time when Spain was the greatest power in the world. Intermix with them a strain of those inflexible French Huguenots who gave up home and fortune and left their country for ever at the time of the revocation of the Edict of Nantes. The product must obviously be one of the most rugged, virile, unconquerable races ever seen upon earth. Take this formidable people and train them for seven generations in constant warfare against savage men and ferocious beasts, in circumstances under which no weakling could survive, place them so that they acquire exceptional skill with weapons and in horsemanship, give them a country which is eminently suited to the tactics of the huntsman, the marksman, and the rider. Then, finally, put a finer temper upon their military qualities by a dour fatalistic Old Testament religion and an ardent and consuming patriotism. Combine all these qualities and all these impulses in one individual, and you have the modern Boer – the most formidable antagonist who ever crossed the path of Imperial Britain. Our military history has largely consisted in our conflicts with France, but Napoleon and all his veterans have never treated us so roughly as these hard-bitten farmers with their ancient theology and their inconveniently modern rifles.

Conan Doyle som reeds in 1902 die ontwikkeling van 'n volk op, soos wat later deur Keeley (1996:x) en Haas (1982:61,83) geformuleer is. Hy beklemtoon die uitwerking van bedreiging en konflik en die rol wat die uitskieter in 'n samelewing speel, soos deur Gladwell (2008) uiteengesit is. Conan Doyle se aanhaling is 'n opsomming van die Boer se kulturele erfenis en 'n uitstekende beskrywing van die eienskappe van die Boer. Anders as twintig-eeuse Afrikaner historici, wat patriotisme by die wordende Boere-republieke afmaak of as minderwaardig probeer voorstel, huldig Conan Doyle die siening dat die Boer “*an ardent and consuming patriotism*” besit.

Die Boer vandag

AS GEVOLG VAN DIE EFFEK van politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese, bestaan daar verwarring oor wie met die term Boer geassosieer kan word. Sekere “Afrikaners”, wat hulleself *Ware-Afrikaners*, *Opregte-Afrikaners*, *konserwatiewe-Afrikaners* of *Boere-Afrikaners* noem, is in wese *Boere*. Ter wille van duidelikheid word die praktiese voorbeelde van die Boer se kulturele erfenis, in vergelyking met die van die Koloniale/Afrikaner, soos wat dit in die 20^{ste} en 21^{ste} eeue op verskeie lewensterreine manifesteer, uitgespel.

Soos gesien, het die Boer se kulturele erfenis gevorm weens 'n verskeidenheid faktore. Van die historiese eienskappe vind steeds neerslag in vandag se Boer, maar sekere beperkende eienskappe, soos 'n relatiewe agterstand ten opsigte van akademiese kwalifikasies, is besig om 'n kleinerwordende invloed uit te oefen.

Ottrek van Politieke Deelname

DIE BOER NEEM HOOFSAAKLIK deel aan handelinge wat wetlik noodsaaklik of afgedwing kan word, soos om lisensies en belasting te betaal, om te kan oorleef en om nie met die gereg te bots nie. Die Westminster stelsel, wat die Engelse in die 1800's in die land ingebring het, was vir die Boervolk vreemd. Verder het die Boer ná 1994 totaal onttrek van die dinamika van party-politiek, aangesien die Boer hom nie tuis voel in die NSA nie en weier om, deur aan verkiesings deel te neem, die NSA by implikasie te legitimeer. Die meeste Boere neem veral nie deel aan algemene en plaaslike verkiesings nie, alhoewel die patroon in die laaste tyd ten opsigte van plaaslike verkiesings geleidelik begin verander het. Die neiging is dat Boere ook nie aan sensusopnames deelneem nie en skepties teenoor meningsopnames staan. Die meeste Boere het nie by 'n politieke party aangesluit nie, aangesien die Boer deur sy kulturele geheue probleme ervaar om 'n politikus te vertrou. Die Boer het lankal reeds sy vertroue in 'n politieke party as 'n vryheidsvoertuig verloor, soos verwoord in die Vyfde verslag van die Volkstaatraad (Robbertze 1996:37):

... [B]aie Afrikaners [*Boere] [het] ontnugter geraak met die partywese as instrument om beslag aan hulle vryheids- en selfbeskikkingstrewes te gee. NGS van der Merwe verklaar onomwonde: "In 1935-36 *I permanently lost all faith in party politics ... since then I started to exert myself for the establishment of a volksbeweging (movement of the people).*"

Die Boer vereenselwig hom/haar vandag steeds met hierdie gedagte.

Die media

Daar bestaan vandag baie meer Boere -
as wat die liberale media voorhou.

DIE BOER STAAN VANDAG uiters skepties teenoor die media, aangesien die media van die vorige bedeling die Boer altyd in 'n slegte lig gestel het en die opinie van die Boer geïgnoreer of verdraai het. Voorvalle waar rassisme *moontlik* ter sprake is en die witman in 'n slegte lig gestel kan word, word op die voorblaaië geplaas en dikwels aan “regses” gekoppel, terwyl plaasmoorde op “blad sy 17” verskyn. Dit is 'n belangrike rede waarom Boere selde aan (of in) koerante skryf. Indien hulle wel skryf, word hulle sieninge gewoonlik deur die redaksie geïgnoreer en word die indruk geskep dat daar nie werklik 'n wesentlike groep, wat as Boere of Boervolk bekend is, bestaan nie.

Die Boer kry nie blootstelling as hy namens die Boer in die media standpunt wil inneem nie, terwyl die LKB of “Liberale Kefferbrakkie Bende” (Figuur 3.2) ruim geleentheid gebied word om namens die Afrikaner hulle liberale standpunte te verkondig, asof hulle verteenwoordigend is van almal wat Afrikaans praat. Mens dink, onder andere, aan mense soos Max du Preez, Maas, Croukamp, Jan-Jan Joubert en Koos Kombuis. In werklikheid verteenwoordig hulle wel in 'n mate die Afrikaner, maar kan verseker nie namens die Boer standpunt inneem nie. Hulle sê dit ook gewoonlik self. Terloops kan gemeld word dat Joubert minder venynig teenoor AfriForum is vandat hy 'n gereelde verslaggewer by Pretoria FM geword het.^[93] Die verhaal van die olifant en die Afrikaners met Boeremaskers, speel onwillekeurig in mens se gedagtes af. Dit impliseer nie dat hy die enigste Afrikaner met 'n Boeremasker by Pretoria FM is nie. Die bekommernis by baie Boergesinde Afrikaners is dat Pretoria FM alreeds as “*RSG-lite*” bestempel kan word. Onlangse advertensies in Kaapse Afrikaans, vorm deel van 'n geleidelike indoktrinasieproses.

Al word die Boer nie amptelik weens die media se negatiewe ingesteldheid geredelik getel of gereken nie, verteenwoordig die Boer baie groter getalle as wat algemeen deur die liberale media voorgehou word. Dit wil verder voorkom asof die besture van instellings soos die VF plus,

Pretoria FM, TLU-SA, Orania, Kleinfontein, AfriForum en Solidariteit, wie se ondersteuningsbasis grootliks uit die meer konserwatiewe deel van BASA21 bestaan, hierdie aspek dikwels miskyk, of doelbewus buite rekening laat. Die moontlike verduideliking is dat dit (weereens) meer Kolonialergesindes is, wat die besture (as beroep?), by hierdie instellings verteenwoordig.

Boere trek weer Laer

ALHOEWEL DIE HUIDIGE demografie anders lyk, word omstandighede, soos wat gegeld het aan die Oosgrens in die 19^{de} eeu en in Natal tydens die Groot Trek, weer vandag ervaar en is oorlewing binne 'n vyandige wêreld weer die norm. Die Boer is vandag weer genoop om “laer te trek” en op mekaar en op verdediging ingestel te wees. Die gevolg is dat die Boer onttrek van politieke aktiwiteite om sy huis of plaas, waarbinne sy gesin en eiendom is, ter wille van oorlewing te beveilig en te beskerm en dus in 'n fort te omskep. Laertrek as fenomeen word as deel van 'n oplossing in Deel III onder die loep geneem.

TLU-SA word byvoorbeeld deur sy lede aangewend om weerstand te bied om te oorleef, ten spyte van drakoniese wetgewing, terwyl lede van Agri SA “ter wille van ekonomiese oorlewing” eerder bereid is om te konformeer.

Die Boer trek maklik

BEREIDHEID OM TE TREK is deel van die Boer se kulturele erfenis. Die Boer het uit die Kaap getrek na die Oosgrens, langs die Weskus op, tydens die Groot Trek, as Dorslandtrekker na Angola, Noord- en Suid-Rhodesië, Kenia, SWA en selfs na Patagonië in Argentinië. Daarom is dit vir die Boer vandag maklik om te trek. Ten einde konflik te vermy, trek hy oorsee, emigreer na die buiteland en begin daar van voor af. Die enigste werklike beperking is die finansiële implikasies van so 'n trek.

Die Boer sal bereid wees om na 'n gebied, waar hulle eksklusief kan bestaan, te trek. Orania en Kleinfontein is moontlik sulke gebiede, maar hulle tender nie vir die Boer nie en klou verkramp vas aan die term *Afrikaner*.

Leiers en elite

DAAR BESTAAN GEEN GEORGANISEERDE Boere-elite nie. Dit is 'n baie ernstige leemte. Die Boer is 'n natuurlike leier op sy plaas en skroom nie om sy opinie te gee nie, maar is sku om ander leiersposisies in te neem en 'n "beroep" daarvan te maak. Die Boer se gebrek aan 'n gevestigde elite kan toegeskryf word aan, onder andere, 'n agterstand in akademiese opleiding en administratiewe agtergrond in die 18^{de} en 19^{de} eeu. Die beheer wat die geldende mening oor akademië, predikante en meningsvormers uitgeoefen het, sowel as die negatiewe beeld wat die media aan die term Boer toegedig het, is ook belangrike bydraende faktore, wat aanleiding gegee het dat daar nie 'n wesentlike elite tot stand kon kom nie. Hierdie eienskappe is ongelukkig neergelê in die kulturele geheue van die Boervolk. Daar bestaan byvoorbeeld min boeke op die mark wat bereid is om kaalkop onderskeid tussen die Boer en die Afrikaner te tref. Giliomee (2004:25) stel:

Die meeste boere kon slegs met moeite lees en skryf. By gebrek aan skole het die burgers hul kinders laat onderrig deur rondreisende knegte, wat self soms skaars geletterd was. Dikwels is hierdie onderwysers minder betaal as die plaasknegte. Ouers wou slegs die mees basiese onderwys vir hul kinders hê. Hulle moes kon lees en skryf en die basiese Heidelbergse Kategismus ken sodat hulle as lidmate van die kerk aangeneem kon word. Geletterdheid is egter nie streng vereis nie."

Verder behels die kulturele erfenis van die Boer dat hy as die bewerker van die grond so betrokke by sy plaas en grond is, dat daar nie tyd vir ander sake is nie. Al die kinders in die gesinne het ter wille van oorlewing gedeel in die verantwoordelikheid op die plaas, wat die oprigting en onderhoud van infrastruktuur ingesluit het. Dit het tot gevolg gehad dat daar nie tyd vir voltydse akademiese onderrig was nie asook uiters beperkte geleentheid vir tersiêre onderrig.

'n Ander faktor is die eienskap dat die Boer, ten spyte van die leiersposisie wat hy op sy plaas uitleef, geneig is om terug te staan wanneer leierskap ter sprake is. Hy sal eerder as lojale volgeling agter 'n sterk leier aanstap as om te aspireer vir 'n leiersposisie.

Verder het die Boer se lewe gewoonlik om "die kerk" gesentreer, waar die predikant dikwels uit 'n liberale Kolonialergesinde agtergrond gekom het. Tipies het weinig predikante by die Groot Trek of die Tweede Vryheidsoorlog betrokke geraak. Later, tydens die Boereopstand van 1914-15, het Louis Botha predikante aangemoedig om uit Romeine 13 te preek, waar opstand teen die regering verbied is (Benedell s a:10).

Die Koloniale het aan die ander kant grootgeword op 'n gevestigde boerdery-eenheid, waar die kinders nie almal op die plaas, weens 'n tekort

aan ruimte en hulpbronne, kon oorleef nie. Die ouers was dikwels finansieel in staat om die kinders van vroeg af te laat onderrig en is die kinders ook gereedlik blootgestel aan tersiêre onderrig, administratiewe vaardighede en aan die kommersiële wêreld van die sakeman.

Die administratiewe en akademiese voordele, wat die Kolonialer se kinders bo die Boer se kinders geniet het, het gemaak dat die Kolonialer dikwels meer toegerus vir uitvoerende en leiersposisies was. Die Boer het dikwels 'n gevoel van minderwaardigheid weens hierdie agterstand teenoor “geleerdes” en “leierfigure” openbaar.

Finansiële agterstand

DIE BOER SE BATES EN infrastruktuur is dikwels tydens konflik totaal vernietig, soos telkens die geval aan die Oosgrens en in Natal was. Die runderpes het in die 1890's meer as die helfte van die kuddes vernietig (Giliomee 2004:269-270). Giliomee stel verder dat die Engelse alles op die plase tydens die Tweede Vryheidsoorlog vernietig het. Die meeste Boere in die Vrystaat en in Transvaal is met niks gelaat nie. Ná die Boereopstand van 1914-15 moes baie Boere boetes betaal en het weereens met net die klere aan hulle lywe van vooraf begin. Baie was finansieel totaal geruïneer (Giliomee 2004:337). “Boere-plakkerskampe” in Fordsburg, Vrededorp (die Fietas),^[94] Velschoendorp en Braamfontein het ontstaan. Daar het van die kinders nakend geloop en het die mense van derms geleeft wat by die slagpale weggegooi is. Die agterlike toestand het egter nie voortgeduur nie en teen 1940 was die armblankevraagstuk redelik onder beheer (Giliomee 2004:270, 276).

Boere wat hulle plase ná die oorlog en Boereopstand van 1914-15 opgebou het, is blootgestel aan die droogtes van 1902 tot 1903 en 1932 tot 1933 (Du Toit 2009:10, 39). Die Groot Depressie het in 1929 begin en tydens die vroeë 1930's wêreldwyd sy tol geëis (Giliomee 2004:295).

Hierdie aspekte het daartoe bygedra dat die Boer relatief weerloos en volgens Deist (2002:72-73) kwesbaar vir indoktrinasie was en daarom “gereed” vir die toepassing van politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese:

These circumstances created a golden opportunity for the elite ideologues, aspiring to self-government and eventual liberation from British colonialism, to forge a new and powerful ethnic group out of historically different groups.

Die Tweede Vryheidsoorlog in perspektief

Die effek wat die Tweede Vryheidsoorlog op die Boerevolk gehad het, kan nie werklik bereken word nie. Behalwe dat ongeveer 'n derde van die bevolking in die doodskampe en op die slagveld uitgewis is, is feitlik alle materiële besittings van die Boer deur die Engelse vernietig. Giliomee (2004:270) stel die volgende:

Ongeveer 90% van die plaaswonings en infrastruktuur in die Vrystaat is verwoes of beskadig en in Transvaal was die skade ook erg. Die oeste is afgebrand en die plaasgereedskap vernietig. Die meeste van die kuddes is erg uitgedun. In Transvaal is 80% van die beeste, 75% van die perde en 73% van die skape uitgewis; in die Vrystaat het dieselfde gebeur met 59% van die beeste en 55% van die skape. Ongeveer 15 000 van die burgers wat geveg het, kon nie weer hul boerdery hervat nie. Hulle het by die ongeskoolde arbeidsmag in die dorpe en stede aangesluit.

As arbeiders is daar voortdurend op grond van hulle taal en volkskap deur die Engelse en Anglofiliese Afrikaners op hulle neergesien en teen hulle gediskrimineer.


Gladwell (2008:152-153) het 'n fenomeen onder die Jode in New York beskryf en 'n skema opgestel waarvolgens die Jode tydens opvolgende generasies vanaf kleremakers progressief na fabriekeienaars ontwikkel het en in die derde geslag professionele beroepe beoefen het. Dus van leerlooier na ontwerpers en vervaardigers van leersakke en in die derde geslag dokters en regsgeleerdes. Eers na vier generasies het hulle in die politiek begin belanggestel. By die Boer in die 20^{ste} eeu het dieselfde patroon plaasgevind – waar kinders van plaasboere onderwysers geword het en in die volgende geslag vir dokters en ander professionele beroepe gekwalifiseer het.^[95]

Gladwell spel dit nie presies so uit nie, maar daar kan afgelei word dat die eerste geslag professionele mense eers hulle beroepe gevestig het en dat die volgende geslag(te) eers daarna ryp vir 'n politieke loopbaan geword het. Die fenomeen kan in fases ingedeel word, wat eerstens begin by dag tot dag ekonomiese oorlewing, tweedens ekonomiese sukses, derdens professionele sukses en dan eers openbare deelname soos die politiek van die dag, wat eindig by betrokkenheid by die regering.

Gladwell (2008:148) stel dat die Italianers en Iere, wat in die laat 1800's in New York gevestig het, werkers was wat weens hulle kulturele erfenis nie in staat was om hulself ekonomies en sosiaal tot só 'n mate (soos die Jode) te kon opwerk, sodat hulle invloed kon uitoefen nie. Die Boere was in 'n soortgelyke situasie as die Italianers en die Iere in die stede geposisioneer.

Daarteenoor kon die Afrikaners hulleself, soos die Jode, posisioneer. Die Afrikaner, was die Boer ver voor in hierdie proses.

Die Boere was gewoon om handewerk op die plase te doen en het met 'n agterstand, weens hulle kulturele erfenis, in 'n vreemde milieu in die stad beland. Die Afrikaner is bo die Boer bevoordeel, omdat sy kulturele erfenis hom meer geskik in die omstandighede gemaak het. Verder is die Afrikaner bevoordeel aangesien hy deel was van die vyandelike magte wat die Boer oorwin het. Let daarop dat Afrikaners wat die Engelse goedgesind was se plase is nie afgebrand nie terwyl, volgens Piet Pretorius (2019:25), 30 000 Boerewonings deur die Engelse afgebrand is.



Figuur 9.1: Politieke ryppwordings-fases binne 'n pioniers-groep (Gladwell 2008:148).

Die Boer en sy Kerk

DIE BOER WAS ALTYD godsdienstig behoudend en kan as konserwatief geklassifiseer word. Godsdienst en 'n vaste geloof en vertroue was sentraal ten opsigte van die Boer se daaglikse lewe.

Schönteich en Boshoff (2002:45) stel:

*Until quite recently most Afrikaners [*Boere] – with their rural roots and largely isolated history – were, and many have remained, a deeply religious people. They traditionally have been attached to, and deferential towards, the ministers of their churches and the doctrines these ministers broadcast.*

Dit was vir die Boer belangrik dat sy kinders gedoop en gekatkiseer moes word voordat hulle kon trou. Die “kerk” het die Boer egter voortdurend versak en was altyd die regering van die dag ter wille gewees.

Daar moet in gedagte gehou word dat die Boer en die Kolonialer uit ’n Europese kerklike tradisie kom, waar die kerk beheer oor sy gemeentes en lidmate oor landsgrense uitgeoefen het. Die Boer was bereid om van hierdie tradisie te breek omdat hulle nie onder die liberale beheer van die Kaapse Sinode wou ressorteer nie. Die Kolonialer het aan die ander kant voortgegaan om onder die NG Kerk se kerklike beheer te bly. Hierdie uiteenlopende standpunte beklemtoon die feit, in teenstelling met wat die 20^{ste} eeuse historici beweer, dat twee uiteenlopende groepe gemanifesteer het en dat daar geen sprake van ’n eenheidsgevoel onder Afrikaanssprekendes in die 1800’s was nie.

Die Kaapse NG Kerk het die Groot Trek verdoem en die deelnemers tot só ’n mate verkwalik dat geen predikant die Trekkers vergesel het nie. Inteendeel, die Trekkers is onder sensuur geplaas. Die Boere was gevolglik tot 1849 sonder ’n predikant (Giliomee 2004:121). Later is gepoog om die Boere onder die jurisdiksie van die Kaapse Sinode te plaas. Dit is nie simpatiek deur die Boere ontvang nie en het daartoe aanleiding gegee dat die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk (aanvanklik) as volkskerke gestig is (Muller 1979:227-228).

Sommige Boere het tydens die laat 1900’s uit die hoofstroom gereformeerde kerke onttrek, aangesien hulle ten opsigte van baie sake ontnugter is. Die NG Kerk is van die beginjare af vyandelik geposisioneer teenoor die Boer (Gerdener 1925:24,25,99,100; Preller 1937:103, 459). Die NG Kerk het egter in feitlik al die gevestigde dorpie binne die Boererepublieke kerke gevestig. Deur middel van die oorwegend liberale predikante, met ’n oorwegende Kolonialergesindheid, is die Boere betrek en subtiel deur die prediking geïndoktrineer (Gerdener 1925:99-100).

Mettertyd het Boereseuns ook predikante in die kerke geword, alhoewel hulle in die minderheid was. Die feit dat die NG Kerk telkens sy seile na die politieke heersers van die dag gedraai het, het baie Boere dwars in die krop gesteek. Dit het uiteindelik tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) gelei. Daar is egter predikante uit die bestaande drie susterskerke geworf en die invloed van die AB en die kolonialergesindheid het nie uitgebrei nie. Verallyn in die kweekskool het hierdie gees in gesuurdeeg. Die het tot gevolg gehad dat baie Boere selfs hier nie ’n finale tuiste gevind

nie. Hulle word baie tans by huisgemeentes en ander kerke gevind, terwyl baie APK gemeentes in getalle kwyn.

Die Britse Israel-siening het ook hier in Suid-Afrika wortel geskiet en het heelwat byval by sommige lede van die Boervolk gevind. Lede van die Israel-gemeentes beskou hulleself feitlik sonder uitsondering as Boere. Dit is belangrik om, aan die ander kant, daarop te let dat die oorgrote meerderheid Boere nie lede van die Israel groeperings is nie. Daar bestaan uiteenlopende dogmatiese verskille tussen verskillende Israel-gemeentes en die vestiging van eenheid onder die “Israeliete”, soortgelyk as by die Gereformeerde Kerke, is op die oog af moeilik haalbaar.

Kerk, geloof, dogma en pseudo-dogma was/is telkens die oorsaak van bittere verdeeldheid onder families, vriende en volksgenote. Hierdie fenomeen gaan nie bespreek word nie, maar dit moet in gedagte gehou word dat daar uiteenlopende godsdienstige sieninge onder die Boerevolk bestaan – ’n normale fenomeen onder enige volk. Dit is van kardinale belang dat die diversiteit in godsdienstige sieninge geakkommodeer moet word, mits dit Bybel-gefundeerd is. Om egter ’n (Boere-)volks instansie te begin deur ’n dogma-gebasseerde godsdiens aanhef te probeer formuleer, vorm ’n resep om die stigting van die organisasie te laat misluk. Menige vryheidspogings is aan die begin stadium gekelder weens verskille in godsdiens dogma en onder andere, aanspreekvorms van God. Die aanhef van die Bloedriviergelofte behoort voldoende en vir almal aanvaarbaar te wees.

Onderwys

BAIE BOERGESINDES WORD in CVO skole gevind. Baie Boere se kinders ontvang tans tuisonderrig. Ongelukkig, weens finansiële redes, kan baie Boergesindes nie privaatonderrig bekostig nie en is genoodsaak om hulle kinders steeds by Model-C staatskole te registreer. Hier vind subtiele indoktrinasie plaas en word kinders veral aan veranderde en aangepaste geskiedenis blootgestel. Baie kinders weet nie van Bloedrivier en die Gelofte nie.

Die rol wat die CVO skole, voortspruitend uit die BCVO, in die alledaagse lewe gespeel het, is van kardinale belang. Die behoudende ingesteldheid en volksgerigtheid van hierdie skole het daarvoor gesorg dat diegene, wat die Boergesindheid koester, hulle kinders by hierdie skole

ingeskryf het. Die hoofredes waarom dit soms nie gebeur het nie, is wanneer die ouers dit nie kon bekostig nie of weens logistiese redes. In die beginjare van die CVO skole is persone, wat nie lede van die drie susterskerke of in die APK was nie, uitgesluit. Dit het weer (ongelukkig) baie Boerekinders, wat nie meer by die “aanvaarbare vier kerke” betrokke was nie, in die “wildernis” gelaat.

Sport

DIE MEESTE BOERE VERWERP die Cravenweek as gevolg van die feit dat transformasie, kwotas en die onregverdige wyse van spankeuses toegepas word. Kinders word nie op grond van meriete gekies nie, maar kleur speel ’n oorwegende rol by die kies van spanne. Baie Boere verkies dat hulle kinders by die Bokkieweek betrokke raak.

Gedwonge transformasie in sport en veral die kwotastelsel (neo-apartheid^[96]) het die belangstelling in rugby tot so ’n mate laat taan dat baie Boere nie meer rugby kyk nie – nie eers meer na wedstryde wat oor die televisie uitgesaai word nie. Daar word gesukkel om die paviljoene gevul te kry. Op 13 Mei 2017 was daar byvoorbeeld slegs vyfduisend toeskouers by ’n wedstryd tussen die Blou Bulle en ’n oorsese span op Loftus Versveld. Dit is interessant dat John Mitchell (afrigter van die Blou Bul span 2018-2019), ’n buiteland, sy ongelukkigheid oor politieke voorskriftelikheid, ten opsigte van die kies van spanne in die Beeld uitspreek (*Beeld* 17 Julie 2018).

Daardeur word nie geïmpliseer dat ondersteuners van die Blou Bulle Boere is nie. Die feit dat die Blou Bulle in 2017 en 2018 ’n verloorspan was, speel sekerlik ook ’n rol by die leë pawiljoene, maar die swak vertonings word in die algemeen aan kwotas toegeskryf. Die feit is dat daar in 2017 ongeveer 300 van Suid-Afrika se top rugbyspelers vir oorsese spanne gespeel het, grootliks weens finansiële redes, maar ook weens die feit dat spelers nie volgens meriete in Suid-Afrika gekies word nie. Dit beteken dat van die beter spelers uit die span gelaat word en met minder goeie (gekleurde) spelers vervang word. Die gevolg is dat die eer om ’n Springbok te word, nie meer swaarder weeg as ’n goeie verdienste in ’n oorsese span nie – 65 spelers, wat al die Springboktrui gedra het, het in 2018 in die buiteland gespeel. Die vertonings van die Springbokke het ook gelyklopend met die toevoeging van al meer kwotaspelers, baie gewissel.

Afrikaans

BRUWER (1988:90) STEL dat daar drie variasies van Afrikaans bestaan het, naamlik:

- a. **Kaapse Afrikaans-** soos gepraat deur die Kolonialers en Kleurlinge in die Westelike Provinsie.
- b. **Oranjerivier-Afrikaans-** soos gepraat deur die gedekulturaliseerde Hottentot-stamme soos die Griekwas, Koranas, Namas en Rehoboth-Basters.
- c. **Oosgrens-Afrikaans-** soos gepraat deur die ontluikende Afrikanervolk [*Boere] aan die Oosgrens. Deur die Groot Trek is hierdie vorm na die Transvaal en Vrystaat uitgedra waar dit tot standaard Afrikaans uitgegroe het.

Die Boer het Oosgrens-Afrikaans gepraat, maar het aangesluit by Afrikaans soos deur die Patriot uitgebou is. Die Boer beskou nie Afrikaans as sy enigste kulturele baken nie en het 'n baie breër kulturele erfenis as basis (Bruwer 1988:82). In teenstelling met die Afrikaner wat verklaar: “Ek is Afrikaans” asof Afrikaans 'n entiteit is, is die Boer se uitgangspunt: “Ek is 'n Boer, wat Afrikaans praat.”

Houding teenoor nuwe name

DIE BOERGESINDES IS trots op hulle kulturele erfenis en geskiedenis en praat daarom steeds van Potgietersrus, Warmbad en Pietersburg, eerder as van Mokopane, Bela-Bela en Polokwane. Afrikanergesindes is onmiddellik bereid om te “Modimolle” en te “Limpôpô” en verander die name van hulle besighede maklik om aan te pas en te konformeer.

Houding teenoor anderskleuriges

DIE BOER HET IN AFRIKA ontstaan en ken en verstaan die psige van die nie-blanke mede-inwoners van Afrika sekerlik beter as enige ander Europeër. Daar bestaan selfs 'n duidelik verskil in hierdie verband tussen die Boer en die Afrikaner ten opsigte van die onderlinge verhoudinge van werkers op plase. Ongelukkig het politieke agendas hierdie verhouding die afgelope dekades ernstig versuur en beïnvloed faktore van buite af die verhoudinge negatief.

Volgens Stals (*s a:46*) stel Leutwein: “in die besonder is hulle in die behandeling van die inboorlinge bekwamer as die res van die immigrante.” Voorbeelde uit die geskiedenis bevestig hierdie stelling. Potgieter en

Silkaats (Mzilikazi) het, onder andere, later 'n vriendskapverdrag gesluit en Potgieter is dikwels betrek met onderlinge geskille tussen swart stamme (Preller 1922:9). In 1846 het die Zoeloekoning, Panda, en die Swazikoning, Mswaas, afgevaardigdes na Potgieter gestuur om as bemiddelaar tussen hulle op te tree (Potgieter & Theunissen 1938:135). Die hoofindoeëna van die Zoeloes het uit Natal na Andries Pretorius, op sy plaas, Grootplaats, naby Pretoria gekom en toestemming gevra om die Engelse aan te val. Pretorius het geweier om toesemming te gee dat die Zoeloes die Engelse aanval (Preller 1937:476-478). 'n Afvaardiging Zoeloes het 'n tyd na die Slag van Bloedrivier by Sarel Cilliers aangekom om die kop van Dingaan "vir die *Inkoos omkoelu* (die groot baas)" of Andries Pretorius af te lewer (Gerdener 1925:80).

Tydens 'n ontmoeting tussen Jacob Zuma en Boere- en Afrikanerleiers in April 2009 het die skrywer (Aanhangsel B) as verteenwoordiging van die Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR) die volgende aan Zuma gestel:

It is a historical mistake, and again I quote Mr Zuma, "that the Boers did not assist the Zulus in their struggle against the British, and the Zulus did not fight with the Boers in the war for freedom against the British."

In sy manifest (voor die aanvang van die Groot Trek) het Retief die volgende verhoudings in hooftrekke in die vooruitsig gestel (Wiid 1968:21):

Ons sal geen volk molesteer nie ... en aan niemand die geringste eiendom ontnem nie ... Maar as ons aangeval word, sal ons ons persoon en eiendom tot die uiterste verdedig teen enige vyand.

Die Boer het by hierdie voorneme gebly.

Klasseverskil onder mense is dwarsdeur die geskiedenis 'n gevestigde fenomeen, onafhanklik van kleur of ras. Só was dit, onder andere, in Rusland, Engeland, Frankryk, die Romeinse Ryk, Indië, Ruanda en onder die Zoeloes. Vanaf die vestiging van die verversingstasie in die Kaap was daar in Suid-Afrika ook klasseverskille (Giliomee 2004:65,74). Giliomee (2004:65) stel dat: "Progressiewe mense het [in die vroeë 1800's] ... 'n klasse onderskeid as die enigste geregverdigde vorm van differensiasie aanvaar."

Dit kan verder aanvaar word dat 'n soortgelyke klasseverskil tussen die blanke werkgewer en die blanke (bywoner) asook met die nie-blanke werknemer ontstaan en gevestig is. Behalwe vir enkele uitsonderings, soos

wat in enige samelewing/volk voorkom, het die Boer as werkgewer (landbou of andersins) altyd goed vir sy werkers gesorg. Hierdie enkele uitsonderings, wat 'n negatiewe beeld van die Boer weergee en die verhouding tussen die Boer en sy werkers benadeel, word dikwels deur politici uitgebuit en deur die media wanvoorgestel en oorbeklemtoon asof dit die norm is.

Weens politieke druk en drakoniese werkgewer-werknemer wetgewing is die boere/Boere al meer geforseerd om te meganiseer en van bestaande werkers ontslae te raak. Die verhoudinge word ook grootliks daardeur aangetas.

Die Boer en die Gelofte

DIE GELOFTE HET TOT stand gekom in omstandighede tydens die vormingsjare van die Boervolk toe hulle op 'n absolute laagtepunt in hulle bestaan was. 1838 word met reg die Swart Jaar in die geskiedenis van die Voortrekkers genoem (Gerdener 1925:51). Piet Retief en 66 man is op 6 Februarie 1838 deur Dingaan by sy stad vermoor (Gerdener 1925:54). Tydens die Bloukransmoorde direk daarna, is 40 mans, 56 vroue en 185 kinders vermoor (Bruwer 1988:179). In April vind die nederlaag by Italeni plaas, waar Potgieter as sondebok uitgesonder word. In sy eer gekrenk trek hy terug Transvaal toe (Bruwer 1988:180). Die winter was fel en die Boere se voorrade uitgeput. Hulle leef gedurig in vrees op volgende aanvalle deur die Zoeloes. Maritz, wat as leier optree, is siek aan malaria en sterf in September 1838 (Muller 1979:145). Die Boere is leierloos, moedeloos en uiters kwesbaar. Teen hierdie haglike omstandighede as agtergrond word die Gelofte afgelê.

Daar bestaan 'n dispuut oor die status van die Boervolk ten opsigte van “geroepenheid, uitverkorenheid” en of hulle spesiaal deur God uitgesonder word. Van Jaarsveld (1959:24) stel dat:

Die Gelofte van Bloedrivier getuig ook van die verbondenheid met hul geskiedenis en dui op die Ou Testamentiese beeld wat hul van hulself tussen die inboorlinge ontwikkel het. Die gevoel van 'n verbondsvolk te wees wat uitverkore is, het sterk in die jare posgevat. Daardeur het hul geskiedenis vir hul tot 'n soort heilsgeskiedenis geword. Geen wonder dat 'n besef van geroepenheid op die voorgrond begin kom het nie.

Hierdie “geroepenheid” word aangewend om die mite van 'n Afrikanernasie te promoveer. Volgens Van Jaarsveld (1959:177) was daar:

... in die Afrikaanse nasionalisme 'n gevoel van geroepenheid en uitverkorenheid, wat 'n element van godsdienst daarin gebring het. Daar is geglo aan 'n soort bowenatuurlike of mistieke skepping van die Afrikaanse nasie. Volgens Ds. S. J. du Toit het God die lede van verskillende nasionaliteite hier “saamgebring” en aan hulle 'n taal “gegee”. Die “vrome” Hugenote is spesiaal hierheen “gestuur” om die ruwe elemente van verderf te bewaar.

Van Jaarsveld (1959:177) neem self deel aan die “mistieke skepping van die Afrikaanse nasie” deur verder te stel dat:

... hulle is “soos” Israel uit Egipte “geroep”, het in die woestyn verblyf gehou en gaan die land Kanaän binne. Die Afrikaanse volk het 'n “taak”, “missie” of “geroepenheid”. Dis voorgestel as die oopstelling van die binnelande vir beskawing en Christendom en die verkondiging van die Evangelie aan die heidene.

Nienaber (Pienaar 1968:279, 282) bevestig die gedagte van die “geroepenheid van die Afrikaner”. Die gedagte van “geroepenheid” word deur sommige skrywers as 'n mite beskou. Hou in gedagte dat 'n gevestigde mite dikwels vaster staan as die werklike gebeurtenis (Ecker *s a*). Die gedagte is nogtans voortdurend deur predikante en politici by Geloftefeeste verkondig om die Afrikanereenheidsgedagte te bevorder.

Giliomee (2004:125) stel dat dit “geen klein akademiese twis” was nie. Sommige redeneer dat Paul Kruger die opvatting van 'n “uitverkore volk” in die 1880's die eerste keer begin propageer het. Ander verklaar dat 'n groep intellektuele van Potchefstroom eers ná die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) die onontwikkelde idee van 'n uitverkore volk in 'n ideologie omgeskep het.

Schönteich en Boshoff (2002:45) stel dat:

Although the majority of early Afrikaners probably did not literally see themselves as God's chosen people, they interpreted the creation of the Afrikaners as a distinct racial and ethnic group as part of God's plan.

Giliomee (2004:126) stel dat:

Teen 1841 begin die Natalse trekkers tekens van 'n geroepenheidsbesef toon. In hierdie jaar het die Natalse Volksraad aan die goewerneur in Kaapstad geskryf dat hulle hulle as 'n instrument in God se hand beskou om die Christelike beskawing te bevorder en swart mense te verhinder om mekaar uit te moor, te roof en geweld te pleeg.

Die Boere het in effek die volksmoorde van die Zoeloes en die Matabeles, bekend as die Mfecane, tot 'n einde gebring. As verdere voorbeeld kan genoem word dat Mpande, jonger broer van Shaka en

Dingaan, by Pretorius en die Volksraad van die Boere beskerming gesoek het toe hy deur Dingaan gedreig is (Preller 1937:97). Dit het uiteindelik daartoe gelei dat Mpande deur die Volksraad as “Prins van die Zoeloes” aangestel is (Preller 1937:101).

**Die Boer, NIE die Afrikaner nie,
het ’n Geloofte voor God afgelê.**

SONDER OM BY ’N AKADEMIESE twis betrokke te raak, kan sonder teësprak gestel word dat die Boervolk in 1838 ’n versoek in die vorm van ’n Geloofte voor God afgelê het. God het aan dié “versoek”, wat in die Geloofte vervat is, voldoen en aan die Boere ’n oorwinning oor die Zoeloes gegee. Oud-akteur Schalk Jacobsz stel tydens ’n Gelooftefeesboodskap op 16 Desember 2010 te Diamanté dat, omdat God aan die “versoek” voldoen het, word die Geloofte ’n *Verbond* tussen Hom en die Boerevolk en hulle nasate. Hierdie verbond het ontstaan tussen God en die Boervolk.

Wat verder onomwonde gestel kan word is dat diegene, wat hulle as gebonde aan die Geloofte beskou, inderdaad met die Boer en die Boervolk se Verbond met God identifiseer.

Let daarop dat die Afrikaner eers ongeveer vyftig jaar ná Bloedrivier as ’n politieke groepering na vore begin tree het. Dus, die aanspraak dat die Afrikaner by die Geloofte betrek kan word, is net so anachronisties en histories foutief as om te beweer dat die Boere die Zoeloes met R4 aanvalsgewere by Bloedrivier geskiet het.

Vyande van die Boerevolk

DIE BOER MOES DWARSDEUR sy geskiedkundige ontwikkeling en ook vandag bedag wees op vyandskap en antagonisme. Die antagonisme kom veral vanaf die swart en bruin mense, wat hulle hier teëgekom het, die Engelse en Joodse nyweraars, die liberale Afrikaner en die finansiers in die besigheidswêreld.

Die huidige omstandighede van die Boer (2022) is baie soortgelyk aan die toestand waarvandaan die Boere van die Oosgrens af weggetrek het in 1838. Die Boer se historiese erfenis is, onder andere, as limietbewoners, gevorm, waar hulle geleer het om konstante bedreigings en vyandskap deur 'n "aanvoeling" te antisipeer. Toe De Klerk voor die ja-nee -debat verkondig het dat daar altyd "eie skole" sal wees, het die Boervolk deur 'n aanvoeling weens hulle kulturele geheue geweet dat dit nie waar is nie en hom dus nie geglo nie. Die huidige aanslag teen Afrikaanse skole bevestig dat die Boere se aanvoeling reg was en dat De Klerk die kiesers mislei het. Die Afrikaners (weens hul kulturele erfenis) het hom egter geglo.

Dit is belangrik om te besef dat die Boerevolk dwarsdeur die geskiedenis as die swartskaap bestempel is en steeds vyande het wat sal wil voorkom dat die Boer onafhanklikheid verkry. Die vryheidspad sal dus nie sonder stryd gepaard gaan nie en antagonisme, veral vanuit die geleedere van die Afrikaner, moet geantisipeer word. Vreemd genoeg bestaan daar ook vandag Boere wat "moeg gestry" is en bereid is om boedel oor te gee. Hulle vorm ook eintlik vandag deel van die "vyande van die Boer".

Dwarsdeur die verloop van die geskiedenis van die Boervolk en sy voorsate, word vyandigheid waargeneem. Hierdie aspek word kortliks onder die loep geneem.

Die wortels van die Boerevolk word, onder andere, gevind in die godsdienstige vervolging van die Protestantse voorouers in Europa (Bruwer 1988:24-30, 52). Die Amptenary was duidelik vyandig gesind teenoor die Vryburgers, wat deel van die Proto-Boere was (Bruwer 1988:113). Die sendelinge aan die Oosgrens was nie net vyandig gesind teenoor die Proto-Boere nie, maar hulle het ook valse gerugte oor hulle versprei (Bruwer 1988:169). Die Engelse het in die algemeen neergesien op die Proto-Boere en die latere Boere. Later was daar openlike haat by die Engelse teenoor die Boer teenwoordig (Bruwer 1988:334).

Giliomee (2004:172) beskryf die fenomeen as volg:

Die Engels-Suid-Afrikaanse skrywer Olive Schreiner, wat in die 1870's as goewernante en onderwyseres by Afrikanerboere in die Karoo gewerk het, vertel dat sy, toe sy nog jonk was, gedink het dat dit nie heeltemal regverdig van God was "to make us so much better than all the other nations". Dit sou vir haar onmoontlik gewees het om suiker te eet waaraan 'n Afrikanerkind [*Boerekind] geraak het, of tussen lakens te slaap wat tevore deur 'n "Dutchman" gebruik is.

Die Koloniale Afrikaners het ook op die Boere neergesien. Van hulle het, nadat die Vrystaat en Transvaal bewoonbaar gemaak is, hulleself

hoofsaaklik in die dorpe as handelaars en professionele mense, soos die Jode en Engelse, gevestig. Hulle houding ten opsigte van Afrikaans as taal weerspieël hulle gesindheid teenoor die Boer en word deur Giliomee (2004:310) as volg beskryf:

Maar die grootste vyande van Afrikaans was die statusbewuste koloniale Afrikaners in dorpe en stede wat gretig was om sosiaal aanvaar te word deur toonaangewende Engelssprekendes. Vir hulle was Afrikaans 'n verleentheid, dit was 'n veelrassige taal wat die verkeerde sein gegee het in 'n samelewing wat al hoe meer 'n obsessie met klasse- en rasseonderskeidings ontwikkel het.

In Suid-Afrika het die Kolonialer dikwels (veral in die Vrystaat) as besigheidsman op die dorp gevestig en soms, as “*hovenier*”, grond (’n plaas) in die omgewing aangekoop.^[97]

Kolonialers het dikwels as die (“meer geleerde”) leiers van die gemeenskap na vore getree. Bruwer (1988:284) beskryf dat die Kolonialers, in die tyd van die stigting van die Bond (die 1880’s), ’n rat voor die oë van die Proto-Boere gedraai het en hulle onder die indruk gebring dat hulle een volk is. Bruwer stel dat die waarheid duidelik toon dat dit nie die geval is nie. Hy stel dat die Kolonialers instellings infiltreer net om dit van binne af te ondermyn en te vernietig (Bruwer 1988:286).

Die Afrikaner regering van 1914 het die Boereopstand met regeringstroepe onderdruk en Japie Fourie tereggestel. Verder was die Afrikaner se apartheidsregering ook vyandig teenoor die Boervolk, soos gesien met die internering van die OB lede. Verder was die aanslag van die Afrikaners teen die “konserwatiewes” (lees Boere) ook tydens PW Botha en veral tydens De Klerk se regeertydperke prominent. Die vyandigheid van die AB teenoor die konserwatiewes tree veral vanaf die sewentiger jare prominent na vore.

Die huidige omstandighede van die Boer, amper 30 jaar na die koms van ’n volksvreemde (swart) regering in 1994, is baie soortgelyk aan die toestand waarvandaan die Boere van die Oosgrens af weggetrek het in 1838. Die Groot Trek het ongeveer 30 jaar na die koms van ’n volksvreemde (Engelse) regering in 1806 plaasgevind.

Die Boer moes dwarsdeur sy geskiedkundige ontwikkeling en ook vandag bedag wees op vyandskap en antagonisme van die Engelse, Joodse en Afrikaner nyweraars en finansiers in die besigheidswêreld. Giliomee (2004:195-195) beskryf Johannesburg na die ontdekking van goud en steenkool as volg:

Groot buitelandse beleggings het van 1886 na die ZAR begin instroom, veral vanuit Engeland. Binne twee jaar was 44 myne in bedryf met 'n produksie ter waarde van £1,3 miljoen en meer as 100 000 mense in diens.

Die Boere het op hierdie stadium (1886) hoofsaaklik op hulle plase gebly en nie gedeel in hierdie voorspoed nie. Daar is teen diegene wat stede toe getrek het gediskrimineer en hulle het volgens Giliomee (2004:194-195) hoofsaaklik baksteenmakers, taxibestuurders en transportryers geword. President Paul Kruger het volgens Giliomee: “Vrededorp vir hierdie onderlaag van arm Afrikaners opsy gesit.” Hy stel verder dat:

Groot buitelandse maatskappye het die goud- en die steenkoolbedryf oorheers. Die rol van buitelandse kapitaal was nie tot die myne beperk nie. Ook buite die Witwatersrand het vreemde kapitaal die ekonomiese bestel grootliks getransformeer. Tussen 'n derde en die helfte van die landbougrond het in die besit van maatskappye onder die beheer van vreemdelinge gekom. Hulle het verkies om swartes eerder as blankes op die plase te hê, waarop hulle selde self geboer het.

Dit was, onder andere, van die uitdagings wat die Afrikaner-regering moes hanteer. Verskillende maatreels is in plek gestel, onder andere deur die vestiging van Afrikaner instellings aan te moedig. Ongelukkig het die wiel gedraai en “volkseie instellings”, soos Volkskas, AVBOB en SANLAM, wat deur die Boere se “pennies” help ontwikkel is, vorm vandag deel van die “vyand van die Boervolk”. Wingard (2009:37) stel dit as volg:

Vir groot sakeorganisasies soos SANLAM en sy telge, asook die Anglo American groep, is dit dus kritiek belangrik dat Afrikaners deur 'n proses van de-etnifikasie moet gaan sodat daar in die toekoms van 'n Afrikaanstalige gemeenskap en nie meer van Afrikaners gepraat sal word nie.

Vandag is die “Vrededorpe” van die verarmde lede van die Boerevolk, wat hulle werk verloor het of wat weens neo-apartheid se transformasie nie werk kan kry nie, in plakkerskampe oor die land versprei. Volgens Jaap Kelder^[98] is daar tans net in en om Pretoria ongeveer 65 wit plakkerskampe.

Die Boervolk se vryheidstrewe

DIE BOER IDENTIFISEER hom nie met die sprokie van 'n reënboognasie nie. As deel van die manifestasie van 'n patroon voel die Boer nie deel van die NSA nie, aangesien sy strewe van dag een af die verwesenliking van 'n eie vaderland is. Soos reeds gemeld kry die Boer nie hoendervleis as die

Springbokke *Nkosi Sikelel' iAfrika* sing nie en verf nie die NSA vlag op sy/haar gesig nie. Die Boer kry wel hoendervleis as hy met sy hand op sy hart staan en sing: “De la Rey, De la Rey, *sal jy die Boere* kom lei, De la Rey?” Let daarop dat hierdie lied sy trefkrag gehad het omdat De la Rey die *Boere*, nié die *Afrikaners* nie, moet kom lei! Om te sing: “Kom skiet my deur my Afrikanerhart” wek geen emosie by ’n Boer nie.

Piet Boer (2007:9) verwoord dit as volg:

Dr. Boesak sit die pot heeltemal mis. Hy het nie mooi geluister na die liedjie van De la Rey nie. Bok van Blerk sing De la Rey moet die BOERE kom lei, nie die Afrikaners nie. Hy en dr. Van Zyl Slabbert, Jerome Topley, Kobus Bester en Niekie van den Berg van RSG, niemand hoef bang te wees dat hulle as Afrikaners uitgesluit is nie. Wees gerus, julle is Afrikaners! Julle moet dit net vir juisself uitmaak aan watter Afrikanergroep julle behoort.

Die liedjie ‘De la Rey’ het weer ’n nuwe gees onder die Boerevolk na vore gebring. Is dít waaroor julle so bekommerd is; is die haat teen die Boerevolk so groot? Ondersoek self en vra waarom! Die liedjie tref selfs klein kindertjies. My kleinkinders is 2, 4, 9 en 13 jaar oud. Sonder dat ek die liedjie in my huis gehad het, sing hulle dit al. Die 2-jarige wat nou maar begin praat, sing die liedjie want sy het dit by die kleuterskool gehoor. Nou vra ek myself waarom sal hierdie liedjie hulle tussen al die ander kinderliedjies so aangryp? Is dit gene wat sterk deurkom? Die 4-jarige vra uit oor ‘Boere’ en ‘Kakies’. Die twee groot seuns kuier hier en neem boeke uit oor die Boereoorlog. Hulle kén die geskiedenis. Weereens, is dit die gene wat deurskemer?

’n Verdere aspek van die Boer se kulturele erfenis is dat die Boer se vryheidstrewes in effek belemmer is om by die politiek van die dag betrokke te raak. Hy neem deel aan aksies om sy vryheid te verkry, soos die Groot Trek, Vryheidsoorloë, Boereopstand van 1914-15 en die OB. In die proses word hy finansiëel uitgeput en word daarvan weerhou om by administrasie en politiek betrokke te raak. Finansiële selfstandigheid, vermoëns, onafhanklikheid en betrokkenheid by politiek is nou aanmekaar gekoppel. Die Boer is deur die geskiedenis dikwels onder finansiële druk geplaas weens die vestiging en instandhouding van sy plaas asook weens sy betrokkenheid by vryheidsaksies. Die Boer het telkens en voortdurend gepoog om sy vryheid te herstel. Hierdie aspek van die Boervolk word nou kortliks bespreek.

Die Boer trek weg uit die Kaap en vestig aan die Limiete waar die opbou van plase die belangrikste optrede is. Daar is dus nie tyd of geleentheid om aan administrasie en politiek deel te neem nie. Hier probeer die Proto-Boere om republieke te stig. Hierna trek die Boer die binneland in en moet oorleef en weereens op nuwe plase gaan vestig. Langs die pad stig die Boervolk verskeie republieke (Aanhangsel A). Na die Tweede

Vryheidsoorlog is die Boer verarm en moet nogmaals 'n stryd tot oorlewing veg. Dieselfde gebeur ná die Boereopstand van 1914-15, die mynstakings in 1922 en met die gebeure rondom die OB in die 1940's (Tabel 9.1). Die NP bied 'n mate van hoop aangesien 'n republiek beloof word. Ongelukkig verskil die eienskappe van die republiek van die politici van die van die Boervolk. In Tabel 9.1 word 'n lys van die belangrikste vryheidsmomente in die geskiedenis van die Boervolk geboekstaaf.

Die Boerevolk wil vryheid herstel

NÁ DIE VERLIES VAN die Boererepublieke se onafhanklikheid, as gevolg van die Tweede Vryheidsoorlog en die vredesproses van 1902, het die Engelse die Boere met doelgerigte maatreëls aan politieke geweld^[99] onderwerp om die Boer as entiteit te laat verdwyn (Bruwer 1988:502). Nieteenstaande die feit dat die gebruik van die term *Boer* tydens hierdie politieke geweld uitgefaseer is, was daar verskeie geleenthede waartydens die Boer pogings aangewend het om die Boererepublieke weer te herstel.

Tabel 9.1: Vryheidsmomente in die geskiedenis van die Boerevolk.

DATUM	GEBEURTENIS	BETEKENIS
Ongeveer 1745	Die Veeboerbeweging	Trek na die Limiete
1779 - 1786	Patriotbeweging	Vryheidsbeweging
Februarie 1795	Graaff-Reinet	Onafhanklike republiek (misluk)
Junie 1795	Swellendam	Onafhanklike republiek (misluk)
1815	Slagtersnek	Opstand teen Britse regering (misluk)
1836 - 1840	Groot Trek	Trek na vryheid
2 Oktober 1836	Vegkop	Oorlewingsgeveg gewen (Matabeles)
1837 (Jan & Nov)	Mosega en Kapain	Oorwin en verdryf Matabeles
1837 en 1838	Traktaat met Dingaan	Beding grond in Natal - ooreenkoms
13 Junie 1838	Gebied Winburg	Ooreenkoms met Mokwana (Bataung)
16 Des 1838	Bloedrivier	Oorlewingsgeveg gewen (Zoeloes)
1842	Congella	Geveg om vryheid verloor (Brittanje)
1848	Boomplaats	Geveg om vryheid verloor
1852	Sandrivier konvensie	ZAR onafhanklik
1854	Bloemfontein-konvensie	OVS onafhanklik
1881	Majuba	Geveg om vryheid oorwin
1899 - 1902	2 ^{de} Vryheidsoorlog	Verloor Republieke ZAR en OVS
1914 - 15	Boereopstand	Tydens Eerste Wêreldoorlog (misluk)
6 Februarie 1939	Ossewabrandwag	Tydens Tweede Wêreldoorlog (misluk)
1992	Vekom en AVF	Vryheidsbeweging (misluk)
2002	Boeremag	Poging tot staatsgreep (misluk)
2006	BVS en BVR	Verenig Boerevolk (deels geslaag)

TYDENS DIE VOLGENDE gebeurlikhede manifesteer die twee groepe volgens elkeen se kulturele erfenis en openbaar 'n Boeregesindheid teenoor 'n Kolonialergesindheid. Hierdie verskil in gesindhede manifesteer tydens die Boereopstand van 1914-15, die Eerste Wêreldoorlog, die Tweede Wêreldoorlog, die totstandkoming van die OB, die referendum oor republiekwording in 1961, asook tydens die 1992 se ja-nee-referendum en manifesteer vandag nog steeds in die NSA.

Boereopstand van 1914-15 (1914-Rebellie)

DIE EERSTE GELEENTHEID waartydens die Boervolk gepoog het om sy verlore vryheid te herstel, was tydens die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog toe die Boere in 1914 teen die Unieregering gerebelleer het, omdat daar van hulle verwag was om aan die kant van hulle voormalige vyand (Brittanje) te veg (Bothma 2015). Boonop het honderde Duitsers, teen wie hulle nou moes veg, aan die Boere se kant tydens die Tweede Vryheidsoorlog teen die Engelse geveg (Nordbruch 2000:30-33). Die sekondêre doel van die Boereopstand van 1914-15 was om die Boererepublieke terug te kry en te hervestig (Robbertze 1996:34). Dit word ook weergegee in generaal Manie Maritz se woorde: “Jan, dis ons kans daardie. Die eerste die beste kans.” Generaal Jan Kemp rapporteer dat hy “baie goed begryp dat Maritz bedoel dis hul kans om Brits-Suid-Afrika om te keer en die Boere se republikeinse vryheid te herstel” (Bothma 2015:130, 212).

Versailles in 1919

DIE TWEDE GELEENTHEID waartydens die Boervolk gepoog het om hul verlore vryheid te herstel, vind plaas toe ’n afvaardiging van die Boere, onder leiding van generaal JBM Hertzog en dr. Malan, by die vredesamesprekings te Versailles in 1919, aangedring het op die herinstelling van die Boererepublieke (Muller 1979:361; Robbertze 1996:36).

Dit is interessant om daarop te let dat daar drie afvaardigings uit Suid-Afrika by Versailles teenwoordig was. Botha en Smuts was namens die Suid-Afrikaanse imperiale regering die amptelike afvaardiging (Muller 1979:361).

Die tweede afvaardiging, namens die Boerevolk, het onder die leiding van Hertzog gestaan en het namens die Boere vir die herstel van die onafhanklikheid van die eertydse twee Boererepublieke gepleit. Dit is ironies dat Hertzog (as politikus) later ’n voorstaander was dat die Boer en die Engelsman moet verenig (Wilkins & Strydom 1978:52-70). Die Britse eerste minister, Lloyd George, wat hulle hoflik aangehoor het, het gesê dat hulle versoek impliseer die ontbinding van die Unie en dat “dit ’n onmoontlike is” (Muller 1979:361).

Die verdere ironie is dat die ander afvaardiging uit verteenwoordigers van die ANC bestaan het. Hulle het na Versailles gegaan om aan te dring op 'n wysiging van Suid-Afrika se Naturellebeleid. George het hulle versoek summier van die hand gewys en hulle meegedeel dat hy nie in Suid-Afrika se huishoudelike sake kon inmeng nie.

By hierdie geleentheid het Robert Lansing, Staatssekretaris (Minister van Buitelandse Sake) van president Woodrow Wilson, die president van die VSA (1913-1921), sy kommer oor die reg tot selfbeskikking aan sekere groeperinge as volg uitgespreek:

*The more I think about the President's [Wilson] declaration as to the right of "selfdetermination", the more convinced I am of the danger of putting such ideas into the minds of certain races. It is bound to be the basis of impossible demands on the Peace Congress and create trouble in many lands. What effect will it have on the Irish, the Indians, the Egyptians, and the nationalists among the Boers? Will it not breed discontent, disorder, and rebellion? (Knop 2004:7-8; *beklemtoning).*

Dit is belangrik om daarop te let dat Lansing, in 1919, die afvaardiging van die Boere van die amptelike afvaardiging van die Afrikaner Imperiale regering onderskei, wanneer hy praat van die "*nationalists among the Boers*".

Die Ossewabrandwag (1939-1942)

DIE DERDE GELEENTHEID waar gepoog is om die Boervolk se vryheid te herstel, het plaasgevind tydens die opwelling van nasionalisme, wat tydens die Eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 plaasgevind het (Muller 1979:393). Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die Ossewabrandwag op 6 Februarie 1939, deur kolonel JC Laas. Die OB is onder die "Afrikaners" met 'n Boeregesindheid tot stand gebring en het uiteindelik 400 000 lede gehad (Pretorius 1996:94-95).

Aanvanklik het sommige van die Kaapse Afrikaners ook die opwelling van nasionalisme openbaar, maar het, soos na die Slag van Majuba, slegs 'n tydelike opflikkering op grond van sentiment gehad, waarna die vryheidsvlam weer geblus is. Dit het hulle gesindheid nie verander om teen die daarstelling van 'n republiek in 1960 of [Ja] *vir konformasie* in 1992 te stem nie.

Aanvanklik was die OB 'n kultuurorganisasie, maar het mettertyd oorgegaan en geneig tot 'n bevrydingsorganisasie. Lede van die Ossewabrandwag het geweier om aan die Tweede Wêreldoorlog deel te

neem, aangesien hulle nie teen Duitsland wou veg nie. Die Afrikaners met 'n Kolonialergesindheid, aan die ander kant, was bereid om aan die oorlog deel te neem en het rooi lussies gedra om hulle van die Ossewabrandwag te onderskei. Hulle het vergaderings van die Afrikaners met 'n Boeregesindheid opgebreek en met oorgawe *God save the Queen* gesing. Hulle was deel van die SAP, wat die Boeregesindes vervolg het en het belangrike staatsdiensposte, ten koste van diegene met 'n Boeregesindheid, beklee. Daar is openlik teen die lede van die OB gediskrimineer by aanstellings en bevorderings, veral in die staatsdiens.

Vir die lede van die Ossewabrandwag was die terugkry van hulle republieke aan die oorwinning van die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog gekoppel (Pretorius 1996:98). Giliomee (2004:393) stel dat Hans van Rensburg, as leier van die OB, 'n veldtog begin het ten gunste van 'n "vrye Afrikanerrepubliek (*Boererepubliek) gegrondves op nasionaal-sosialistiese fondamente."^[100]

Albert Blake (2018:8-9) stel in 'n uittreksel uit sy boek, *Wit terroriste – Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare*: "Die oorheersende dryfkrag was om die oorlogspoging teen te staan, die Britse juk eens en vir altyd af te skud en om weer 'n republiek te verkry."

Die Ossewabrandwaglede (Boeregesindes), wat gepoog het om onafhanklikheid terug te win, is deur die Afrikaner-regering, onder leiding van Jan Smuts, na interneringskampe toe gestuur en in die tronk gesit. Die OB is volgens Pretorius (1996:101) teen die einde van 1942 as 'n organisasie gebreek. Dit is insiggewend om daarop te let dat die lede van die Ossewabrandwag hulleself nie Boere genoem het nie. Die sosialisasieproses het teen daardie tyd reeds tot so 'n mate vrugte afgewerp dat sommige van dié wat 'n Boeregesindheid of die Gees van die Boer gehuisves het, bereid was om hulleself Afrikaners te noem. Daar is egter 'n dringende behoefte (soos tydens die stigting van die GRA) om hulle te onderskei van diegene wat 'n Kolonialergesindheid openbaar of die gees van die Koloniale gehuisves het. Daarom noem hulle hulself volgens Pienaar (*s a*) ware-Afrikaners, opregte-Afrikaners, nasionalistiese-Afrikaanse volk, patriotiese-Afrikaners, ware-nasionaliste en selfs Boere-Afrikaners, om onderskeid tussen hulle en die Koloniale-Afrikaner of Kolonialergesindes te maak.

Versoek aan doktor Verwoerd (1961)

DIE VERDERE GELEENTHEID en poging tot onafhanklikheid deur die Boere vind plaas toe 'n afvaardiging, wat hulleself as Boere bestempel het, onder leiding van Manie Maritz (Figuur 9.2), oudstoeier en seun van generaal Manie Maritz (een van die leiers tydens die Boere opstand van 1914), kort na republiek-wording in 1961 vir dr. Verwoerd gaan spreek het en 'n “Boerestan” (vergelyk Bantoestan) vir die Boere versoek het.^[101] Verwoerd het dit van die hand gewys. Hierna veral in die vroeë 1970's onder leiding van Robert van Tonder, het 'n herontwaking van die Boervolk plaasgevind.



Figuur 9.2: Die skrywer en Oom Manie Maritz op Oom Manie se plaas, Silkaatsnek, op 19 April 2008.

Die Boeremag (2001-2002...)

DIE BOEREMAGSAGE



FIGUUR 9 3: Voorblad van die publikasie: *Die Boeremagsage* (Pretorius 2004:voorblad).

Boonste ry: Dr. Mike du Toit, Andre du Toit, Koos du Plessis, Adriaan van Wyk, Herman Scheepers (oorlede), Deon van den Heever, kol. Giel Burger, maj. Jacques Olivier.

Middelste ry: Maj. Pieter van Deventer, Fritz Naude (oorlede), Tom Vorster, kol. Dirk Hanekom, Vis Visagie, Herman van Rooyen, Rudi Gouws.

Onderste ry: Dr. Lets Pretorius, dr. Johan Pretorius, Kobus Pretorius, dr. Wilhelm Pretorius, Frik Boltman (oorlede), Jacques Jordaan, Jurie Vermeulen.

Aanvanklik is 23 persone van hoogverraad aangekla. JC Smit was 'n geplante staatsagent en word die eerste getuie. Lourens du Plessis, wat op 'n stadium die leier was, word 'n 204-staatsgetuie. Die volgende sluit, onder andere, by hom aan om as 204-getuies verklarings af te lê: Deon Crous, Willem Grobler, Henk van Zyl, Braam van Leeuwen, Dawie Oosthuizen, Pieter Visagie (nooit getuig nie), Anton Smith, Collin Ankowitz, Gustav Morgan, Louis Pretorius, Marcus Pretorius (Durban), Ken Leviton, Koos Holtzhausen, Coen Fourie, André Wessels, Tom Fleetwood, Joggie van Oordt, Tracey Crous (nee Thomas), Lukas Janse van Rensburg, Nico Thiarth, Christo Gresse, Jan Breytenbach (kol.), Hartog Brink en JP (Kobus) de Meyer. Hulle getuig teen die aangeklaagdes en in ruil daarvoor word hulle nie aangekla nie. Frik Boltman, Herman Scheepers en Fritz Naude is oorlede voor die saak afgehandel is.

Die oorblywende negentien Boeremag-aangeklaagdes is op 28 Oktober 2013, na 'n maratonverhoor van tien jaar en vyf maande (Mei 2003 tot 29

Oktober 2013) skuldig bevind aan hoogverraad. Veertien van die aangeklaagdes het die hele tyd van die verhoor in die tronk, as verhoorafwagtendes, deurgebring. Sommige is vir 'n verdere 35 jaar gevonnissen en sit in 2018 steeds in die tronk.^[102] Vier van die aangehoudenenes het gunstig vir die staat getuig en daardeur gepoog om vrygespreek te word. Hulle het wel geringe afslag op hul vonnis gekry.

Die ultimatum, wat deur die Oorlogskabinet van die Suid-Afrikaanse Boere-Republiek (te velde) aan die regering van die RSA op 11 Julie 2002 gerig is, is onder andere, as bewysstuk (QA1) tydens die verhoor ingedien. Hierin word in effek sesessie gepleeg deur aan te kondig dat die gewese Boere-Republieke weer herstel word, naamlik:

- Die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR),
- Die Republiek van die Oranje Vrystaat,
- Die Republiek van Vryheid (en Utrecht),

... is deur die uitroep en herstel van die Suid-Afrikaanse Boere-Republiek, in 'n eenheid staat wat voortaan bekend sal staan as die Suid-Afrikaanse Boere-Republiek [SABR].

Persone wat by die Boeremag se optredes betrokke was, het hulleself gesien as soldate van die Boerevolk. Dit spruit duidelik uit die getuienis van dokter Johan Pretorius (CC91/03, Vol 962:45920):

Ek het ten alle tye myself subjektief as soldaat en as oorlogvoerende van die SABR in 'n oorlogsituasie bevind met die doel om 'n grondgebied vir selfbeskikking vir die SABR te beding wat bekend sou staan as die Suid Afrikaanse Boere Republiek en dat daar geen sprake van 'n staatsgreep was nie, maar wel, soos die Staat heel tereg beweer 'n gewapende konflik na 'n oorlogsverklaring.

Regter Eben Jordaan het bevind dat die Boerevolk nie bestaan nie. Hy stel onder andere, in sy uitspraak (CC91/03, Vol 962:45867):^[103]

Die groep wat om selfbeskikking veg, moet egter na my mening 'n identifiseerbare groep wees. Wat onderskei byvoorbeeld 'n Boer van 'n Afrikaner? Hulle praat dieselfde taal, deel dieselfde geskiedenis, het dieselfde kultuur, beskou hulle beide oor die algemeen as Christene en is burgers van dieselfde land.

Indien die regering sou besluit het om wel 'n deel van die Republiek se grondgebied aan die Boere af te staan, sou dit tog van belang wees om minstens hul getalsterkte te bepaal ten einde die grootte en ligging van die gebied te bepaal.

Ek meen dus nie dat die applikante peoples binne die bedoeling van artikel 1(4) van Protokol I was nie.

Hierdie opmerking van die regter is duidelik misplaas en spreek van 'n gebrek aan volkeregtelike insig. Vir dieselfde argument is die ANC ook nie “peoples” nie.

Was die Boeremag 'n mislukking?


IN RETROSPEKSIE KAN beweer word dat die aangeleentheid 'n futiele oefening was. Die media het, onder leiding van Misdaadintelligensie, daarin geslaag om die deelnemers aan die Boeremag as 'n klomp randeiers te stereotipeer en die aansprake as belaglik af te maak. Die vervolgingsgesag en die regter het volkome daaraan meegedoen en baie Afrikaners het vir die misleiding geval.

Aan die ander kant kan gekyk word na die effek wat die Van Jaarsveld-rebellie in 1799 en die Slagtersnek-rebellie in 1815, wat ook 'n mislukte opstande teen die onderdrukkende Engelse regering was, op die Proto-Boere gehad het.

Hierdie rebellies het nie wye ondersteuning gehad nie, maar het die basis gelê vir die mense in die Wieg van die Boerevolk om in hulle gedagtes 'n stap na vryheid te neem. Dit het die mense se verbeelding aangegryp en uiteindelik gelei tot die Groot Trek en die “geboorte van die Boerevolk” twintig jaar na die Slagtersnek-rebellie. In die vyfde verslag van die Volkstaatraad (Robbertze 1996:16) word dit as volg gestel:

Hoewel die rebellies van 1799 en 1801, asook die Slagtersnek-opstand van 1815 deur Afrikanerboere [*Proto-Boere] aangevoer is om hulle beheer oor grond te versterk, (Giliomee 1990:46) sou dit tog later in die geskiedenis op die Afrikaner se historiese bewussyn en vryheidstrewes inwerk – veral in die sin van nasionalistiese mites.

Tydens die Groot Trek was dit volgens Bothma (2015:40), 'n vyfde (tussen 12 000 en 14 000) van die wit bevolking aan die Oosgrens wat die Britse regering die rug gekeer en na 'n onbekende bestemming in die ongetemde binneland van Suid-Afrika weggetrek het. Hy stel dat dit hierdie keer nie 'n impulsiewe groepie opgesweepte opposituniste was nie, maar 'n bloedlose, geordende massa-opstand, wat sy eie verloop neem.



Figuur 9.4: Bewysstuk NN3 Proklamasie 1: Die uitroep en herstel van die Suid-Afrikaanse Boere Republiek, vorm deel van die sogenaamde “Blou Briewe”, wat in die Boeremagsaak as bewysstuk gedien het.

SCHOLTZ (2018:11) BERIG dat in April 1943 in die Poolse hoofstad, Warschau, kom duisende Jode, bewus van hulle lot, tydens die smeltkroes van die Holocaust in opstand teen hulle Duitse onderdrukkers. Dié opstand is “in bloed gesmoor” deur die SS.^[104] Hy stel verder dat die opstandelinge “n mite geskep het wat net vyf jaar later [1948] die doopvont vir die staat Israel sou wees.” Op dieselfde wyse wat die Joodse “futiele” opstand gelei het tot die “doopvont van Israel” lei die “futiele” Slagtersnekrebellie tot die Groot Trek en die “geboorte van die Boervolk”.

Op dieselfde wyse het die Boereopstand van 1914-15, wat ook onsuksesvol was, ’n vlag van sentiment onder die Boergesindes ontlok wat uiteindelik sou uitloop op ’n oorwinning by die stembus in 1924^[105] en veral in 1948 (Robbertze 1996:34).

Op dieselfde wyse kan die onsuksesvolle *Boeremagsage* moontlik *aanleiding gee tot ’n Nuwe Groot Trek en die hergeboorte van die Boervolk*.

Opstand is net so noodsaaklik in 'n volk as getrouheid.

Dit is nie eers gevaarlik as 'n rebellie misluk nie;

wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag

sonder protes sal verbygaan.

N.P. van Wyk Louw

Die Afrikaner Volksfront (1992-1994)

DIE VOLGENDE POGING is gemaak na die totstandkoming van die Afrikaner Volksfront (AVF) wat reeds hierbo uiteengesit is. Aanvanklik was Boergesindes by die stigting betrokke. Mettertyd het Afrikaners met 'n Kolonialergesindheid die organisasie oorgeneem. Volledige beplanning is deur die AVF gedoen met die oog op voorleggings vir die totstandkoming van 'n Volkstaat op grond van 'n konfederale staatsbestel.

Terselfdertyd is daar ook militêre beplanning gedoen en ongeveer 250 kommandante van verskillende kommando's regoor die land was gereed om deel te neem aan aksies in die verband. Die oorname van die AVF deur politici en "agente" binne die leierstruktuur van die AVF het egter hierdie beplanning in 'n ander rigting gestuur. Die mak olifante (maskerdraers) is weereens in die trop!

KODESA (1993)

Die Boerevolk is nie by KODESA betrek nie en het sy misnoë duidelik te kenne gegee tydens die "inval" van die handelsentrum in Kemptonpark, waar die onderhandelings van KODESA plaasgevind het, op 25 Junie 1993 (Kemp 1994:1).

Die Majuba Deklarasie

DIE MAJUBA DEKLARASIE verteenwoordig die Boerevolk se eis om onafhanklikheid. Dit word as volg opgesom (Pretorius 2005:23): Verteenwoordigers van die Boerevolk eis deur middel van die Majuba Deklarasie namens die Boerevolk sy onafhanklikheid op sterkte van afsonderlike en gesamentlike gronde:

- Godsdienstige redes.
- Historiese redes.
- Ernstige skending van menseregte (op verskillende terreine).
- Die Handves van die VN.
- Die internasionale volkereg.
- Die sogenaamde “*Accord on Afrikaner self-determination*.”
- Die verslag van die Volkstaatraad.
- Die tussentydse Grondwet.
- Die finale Grondwet.
- ’n Konstitusionele Hof uitspraak.
- Adwinging van selfbeskikking gegrond op eierigting.^[106]

Hierdie eis is nie deur ’n kundige opgestel nie, is nie volledig nie en openbaar heelwat gebreke, maar kan as basis aangewend word om ’n volledige eis te formuleer.

Op 8 Augustus 2005 word ’n brief, saam met die Majuba Deklarasie (Pretorius 2005) waarin die Boervolk onafhanklikheid eis aan ’n spesiale gesant van die VN, Rudolfo Stavenhagen, oorhandig.

Die brief sowel as die Majuba Deklarasie is ook oorhandig aan:

- Die volgende Ambassades: Griekeland, Italië, Argentinië, Israel, Duitsland, Finland, België, Ierland, Kanada, Frankryk, VSA, Switserland, Nederland, Hongarye, Australië, Denemarke, Brittanje en Noorweë
- Oud president Mandela.
- President Mbeki (op grond van sy posisie as president van Suid Afrika op daardie stadium) tydens die Vroueoptog (Figuur 9.6 & Aanhangsel C).
- Die speaker van die parlement, Baleka Mbete (Figuur 9.6).
- Die 185-Kommissie (vir taal, godsdiens en kultuur).
- *The Unrepresented Nations and Peoples Organization* (UNPO).
- Latere president Zuma (persoonlik deur die skrywer oorhandig).

Die Boerevolk Vryheidstigting (BVS)

IN MEI 2006 IS, ONDER die inisiatief van ’n aantal lede van die Boervolk, besluit om die Boerevolk Vryheidstigting (BVS) tot stand te bring. Die BVS

het die inisiatief geneem om 'n verkiesings kommissie tot stand te bring, wat die verkiesing van 'n verteenwoordigende raad van die Boervolk sou fasiliteer. Die eerste Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR) is te Willem Prinsloo Museum verkies, waar verteenwoordigers van die Kaap, Natal, Wes-Transvaal, Oos-Transvaal, Noord-Transvaal en die Vrystaat teenwoordig was (Figuur 9.8). Die BVR het opdrag van die vergadering ontvang om vryheid vir die Boervolk na te jaag deur die onafhanklikheidstrewe van die Boervolk op elke terrein en forum uit te dra en te bevorder.



FIGUUR 9.5 : Mnr. Riaan Smith, adv. Cetwayo, dr. Lets Pretorius en 'n onbekende klerk tydens die oorhandiging van die Majuba Deklarasie aan Baleka Mbete (speaker van die parlement).



Figuur 9.6: Oorhandiging van die Majuba Deklarasie aan 'n afgevaardigde van pres. Mbeki, deur Minnie Pretorius, tydens die optog van Boerevroue op 4 Maart 2006.



Figuur 9.7: Die stigtingsvergadering in Mei 2006, waartydens die Boerevolk Vryheidstigting (BVS) en die Verkiesingskommissie van die Boervolk tot stand gebring is.



Figuur 9.8: Die eerste Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR).

Agter vlnr: André Swart, Ludwig Rhode, Abie Prinsloo, Chrisjan Joubert, Pierre Wilsenach. **Voor vlnr:** Komdt. Gerhard Combrinck (ondervoorsitter) dr. Lets Pretorius (voorsitter), oom HS van Blerk.

DIE BVS HET BAIE POSITIEWE resultate opgelewer en die onafhanklikheid van die Boervolk is weer probeer bevorder. Verskeie faktore het ongelukkig daartoe bygedra dat die organisasie nie ten volle gevestig is nie. Een van die faktore was dat Afrikaners deur die sekerheidsdienste, onder andere, Misdaad Intelligensie en Militêre Intelligensie, in oorfloed die strukture van die organisasie infiltrer het en oral ontwigting van die doelwit tot gevolg gehad het.

Die twee onderwerpe wat hulle baie effektief aangewend het om verdeeldheid te saai, is die kwessies van die Israel groeperinge, asook die Boer-Afrikaner debat. Leiers is deurgaans verdag gemaak en wantroue is by betrokkenes oor die integriteit van leiersfigure geskep. 'n Tekort aan finansies en die effek van die Boeremagsaak op die ontwikkeling van die programme en op leierskap het daartoe bygedra dat die stigting uiteindelik doodgeloop het. Die Boerevolk Vryheidstigting (BVS) het in 2005 gepoog om 'n vryheidsvoertuig vir die Boervolk tot stand te bring. Die webwerf, www.boerevryheid.co.za, is as kommunikasie-middel gebruik.

Die Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR)

TYDENS 'N VOLKSVERGADERING by die Willem Prinsloo Museum, is die eerste Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR) deur die afgevaardigdes aangewys. Die BVR het, onder andere, die Majuba Deklarasie oorhandig aan die speaker, Mbete en was twee keer by samesprekings met Zuma teenwoordig (Aanh.B).

Eis van die Orde Boerevolk

OP 18 JANUARIE 2007 is 'n skrywe van die Orde Boerevolk, onder leiding van Piet Rudolf, by die Britse ambassade en verskeie ander ambassades afgelewer, asook aan die VN gestuur. In hierdie skrywe word die twee Boererepublieke, naamlik die Vrystaat en die Transvaal, namens die nasate van die krygers, wat teen Brittanje in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het, opgeëis (Aanhangsel D).

Verenigde Nasies (1995)

'N AFVAARDIGING VAN die AWB, soos verteenwoordig deur Fred Rundle (destydse AWB Hoofsekretaris) en Fritz Meyer (destydse voorsitter van die Boere-Republikeinse Verkiesingskommissie), het 'n dokument, wat deur Arthur Kemp voorberei is, voorgedra aan die *Subkomitee vir die Regte van Inheemse Volke van die Verenigde Nasies* by die Jaarvergadering in Geneva, Switserland, in Junie 1995. Tydens hierdie geleentheid is daar weereens aanspraak gemaak op onafhanklikheid vir die Boerevolk (Kemp 1995:5-6; 2017).

Die Boere-Afrikaner Raad van die VVK

DIE VERTEENWOORDIGENDE Verkiesingskommissie is in 2007 gestig. Hulle het 'n verkiesing van die Boere-Afrikaner Raad gefasiliteer. Hierdie verkose raad het 'n eis by die huidige regering in 2013 ingedien, wat neerkom op die aanspraak op onafhanklikheid namens die Boere-Afrikaner. Die liggaam wat hulle verkies het staan bekend as die Boere-Afrikaner Volksraad.

Vryheidspogings van die Boergesindes na 1994

Tabel 9.2: Vryheidspogings van organisasies van die Boervolk ná 1994

DATUM	ORGANISASIE	AKSIE/GEVOLG
1995	AWB	Dien vryheidseis by VN in (geliasseer)
2002	Boeremag	Poging om Boererepublieke te herstel (misluk)
2005	Majuba Deklasie	Die Boervolk se eis om onafhanklikheid
2006	Boerevolk Vryheidstigting	Fasiliteer die verkiesing van die BVR en stimuleer/bevorder Boere-identiteit dmv 'n Volksregister
2006	Boerevolk Verteenwoordigende Raad	Tree op as leiergroeping en vestig Boere-identiteit
2007	Orde Boerevolk	Eis Vrystaat en Transvaal op as Boeregrond

BOGENOEMDE ORGANISASIES en groeperings (as voorbeelde van verzet-aksies en pogings deur lede van die Boervolk) om sy vryheid en republieke te herstel, demonstreer duidelik 'n soeke na vryheid en 'n republikeinse onafhanklikheidstrewa. Dit bevestig ook dat die Boer se kulturele erfenis steeds gehandhaaf word en dat vryheid en onafhanklikheid nagestreef word. Die Boervolk sal, soos die Baske en Katalane, nooit ophou om hom daarvoor te beywer voordat onafhanklikheid verkry is nie (Roelofse, 2009).

Verdere “regse” organisasies kom tot stand

VERSKEIE ORGANISASIES wat hoofsaaklik vryheidsgesind en ook Boergesind is, kom (hoofsaaklik) na 1994 tot stand (Tabel 9.3). Die lys (van die AWB ontvang) word weergegee sonder om kommentaar te lewer. Baie organisasies se naam bestaan uit 'n akroniem en die werklike name is onbekend. Die indeling is debatteerbaar.

VRYHEIDSGESIND	VEILIGHEIDGERIG	ONSEKER/ONBEKEND	ONSEKER/ONBEKEND
Boere Weerstandsbeweging	Delta	Brandwag Christen Boervolk	Three Percenters 111%
Bittereinders	Boerevryheid Suid-Afrika	Boere Legioen	Boere Laager
Boerevolk Geloftevolk	Die Suidlanders	Dexter	VS – GOS
Boere Weerstandskommando	Natal Patriotic Front	BSS	USAF
Die Boere Republikeine	Delta Groep	Boere Reddingsaksie	BAT
Die Geloftevolk Republikeine	Kommando Oosrand	Honderd Man	Verenigde Volksalliansie
Federasie van Boererepublikeine	Kommandokorps	Die Vergeldingskommando	Vaderland Alliansie
Geloftevolk Koördineringskomitee	Boere Noodkanaal	Crusaders	TAU
Boere Vryheidsbeweging	Oorgrens Veiligheid	Eenheid vir ons Volk	Toe komsvolk
Boere Republikeine	TLU SA Veiligheid	Eendracht Maakt Macht	Boerespan Nasionaal
WBW	Vroueparaatheid	Vrouekrag	Vryheidsryers
Geloftevolk Republikeine	Veiligheidsalliansie	Indomitis	VVS
BOBAAS		Boerevolk Kultuurvereniging	Wit Brandwag
Boere Vryheidsinisiatief		WBA	BRA
POUTIEKGERIG	BOERE-AFRIKANERS	ONSEKER/ONBEKEND	ONSEKER/ONBEKEND
Nuwe Konserwatiewe Party	Sege	Stellaland Republikeine	Stormloop
Volkstaat Party	Orania beweging	BVN	Smeltkroes Stryders
Boere Krisis Aksie	Volksbond	Eenheid Boere Stabiteit	Terug na Vryheid
Boere Nasionaal Vryheid	Verkenner	Cape Exit	ULA
Boere Vryheid Nasionaal	Tabok	NCA	Verenigde Volk Stryders
Front Nasionaal	Oranjewerkers	Patriotte vir Minderhede	VHS Volkshuis Alliansie
HNP	VVK	Schaapkraal	GODSDIENSGERIG
Cape Party		Patriot	Boervolk Waarheid
Nas, Konserwatiewe Party		Swart Maandag	Verbondsvolk Gemeente
Vryheidsfront plus		Vrystaat staan saam	Volkskansel
		SAVS	Dogter van Zion

Tabel 9.3: Regse organisasies, wat na 1994 bestaan (Bron: Steyn Van Ronge, AWB leier)

Samevatting en gevolgtrekking

BOGENOEMDE POGINGS van die Boerevolk om sy republieke te herstel, demonstreer duidelik dat die republikeinse onafhanklikheidstrewes, as kulturele erfenis, steeds gehandhaaf word en dat vryheid en onafhanklikheid nagestreef word, soos die Baske en Katalane, en nooit sal ophou voordat onafhanklikheid verkry is nie (Roelofse 2009).


Die Boer het deur die geskiedenis 'n pad geloop waardeur hy as onafhanklike Boerevolk tot stand gekom het. Dit het begin by die eerste gevoel van 'n volksbewussyn met die stigting van die twee Kaapse republieke van Swellendam en Graaf-Reinet tot die stigting van die OVS en

die ZAR. Die onafhanklikheidstrewen en die Gees van die Boerevolk het deur die verloop van die geskiedenis bly voortleef en vind gestalte in diegene wat vandag die Boeregesindheid openbaar. Dit vind neerslag in die gedeelde kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner, wat die sosiale ingenieurs gepoog het om saam te voeg. Dit word in die volgende hoofstuk bespreek.

***The modern Boer – the most formidable antagonist who
ever crossed the path of Imperial Britain.***

Arthur Conan Doyle





HOOFSTUK 10

DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE AFRIKANERNASIE

Inleiding

Om die Afrikaner suksesvol tot stand te bring, was die nodig om die kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner saam te voeg en in “nasionale verband” te verenig (Deist 2002:73). Die sosiale ingenieurs het daarin geslaag om in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu ’n nuwe kultuur by die fiktiewe Afrikanernasie te vestig.

’n Nuwe kultuur word vir die Afrikaner geskep

DIE NUUTGEVORMDE AFRIKANERKULTUUR is op verskillende wyses gevorm deur:

- i) Die twee kulturele erfenisse (Boer en die Kaapse Afrikaner) te kombineer.
- ii) ’n Faset van een van die groepe se erfenis volledig op te neem in die nuwe kultuur.
- iii) Nuwe en kunsmatige instellings, kulturele “geleenthede” en kultuurgoedere te ontwikkel.
- iv) Sekere aspekte van die kulturele erfenisse van die oorspronklike twee groepe, wat deel van die fiktiewe Afrikaner vorm, afsonderlik te vestig.

i) 'n Kombinasie van die Boerekultuur en die Kaapse Afrikanerkultuur vestig Afrikanerkultuur

DIE AFRIKANERKULTUUR is, onder andere, gevestig deur die kultuur van die Kaapse Afrikaner met die van die Boer te kombineer. As voorbeeld word Afrikaans as taal en die handhawing daarvan 'n deel van die Afrikanerkultuur gepromoveer. Die vertaling van die Bybel in 1933 na Afrikaans het Afrikanerkultuur 'n hupstoot gegee. Verder word die verwerwing van akademiese kwalifikasies, wat vroeër by die Kaapse Afrikaner, maar wel ook by die Boer na vore getree het, by die nuwe Afrikanerkultuur as 'n belangrike eienskap beskou. Die bedryf van 'n besigheid en ekonomiese onafhanklikheid is van beide groepe af as Afrikanerkultuur gevestig.

Die belangrikste aanpassing, wat die sosiale ingenieurs moes maak, is om die vryheidstewe en volksgesindheid van die Boer op 'n wyse, ter wille van Afrikanereenheid en politieke steun by die stembus, te akkommodeer. Die stewe na vryheid deur middel van 'n republiek, as “vryheidsbaken”, word daarom in die sosiale ingenieurs (NP en AB) se planne ingebou. Dit loop uiteindelik uit in die totstandkoming van 'n republiek (die RSA) in 1961, wat later verder ontleed sal word.

ii) 'n Faset van een groep se kulturele erfenis word deel van die Afrikanerkultuur

DIE OSSEWA, DIE KRUIHTORING en geweer, perdry, braaivleis, potjiekos, jukskei, boerbeskuit, jag en biltong, wat deel van Boerekultuur was, is as Afrikanerkultuur gevestig. Aan die ander kant word die Kaapse argitektuur en kookkuns, wat in die Kaap gevestig is as deel van Afrikanerkultuur, veral deur die digter Louis Leipoldt, voorgehou en as Afrikanerkultuur gevestig (Le Roux, 1968:173).

iii) Nuwe en kunsmatige instellings word deel van die Afrikanerkultuur

NUWE INSTELLINGS, SOOS Die Voortrekkers (jeugbeweging), volkspele, die ontwikkeling van die Afrikaanse lied gepaardgaande met die publikasie van die FAK-sangbundel is deel van die Afrikanerkultuur. Boeremusiek, ten spyte van die naam, het eers ná die Tweede Wêreldoorlog

tot sy reg ontwikkel, maar vorm 'n belangrike deel van die Afrikanerkultuur (Bouws, 1969:372).

iv) Sekere aspekte van die kulturele erfenisse by die onderskeie groepe bly afsonderlik en kom onveranderd en ongeïntegreerd binne Afrikanergeledere na vore

DIE VERMENGING VAN die oorspronklike groepe se kulture speel 'n kernrol in die totstandkoming van diversiteit, verdeeldheid en verwarring, wat steeds by BASA21 teenwoordig is. Die konserwatiewe, vryheidsgesinde, volksgesinde, republikeins-gesinde (Boergesinde) Afrikaner is steeds ingestel op vryheid, onafhanklikheid en selfregering. Hulle is steeds bereid om met waagmoed as “uitskieters” offers te bring en “hul lyf op die spel te plaas” ter wille van 'n groepsaangeleentheid, veral vir 'n gemeenskaplike volksaak, soos die verkryging en verdediging van vryheid. Aan die ander kant is die meer liberale, nie-republikeinsgesindes bereid tot kompromieë, is onderdanig en versoeningsgesind, en plaas nie maklik hulle “lyf” op die spel nie. Onlangse verdeeldheid en vorming van uiteenlopende groeperings (16 Oktober 2020) by Senekal^[107] beklemtoon hierdie aspekte en verklaar (deels) die verdeeldheid onder BASA21 (Pretorius 2022a:162-164) .

Nuutgevormde en gemengde Afrikanerkultuur lei tot verdeeldheid

TABEL 10.1 TOON DUIDELIK dat uit die vier-en-twintig eienskappe, wat van die voorsate van die Afrikaner oorgeërf is, net ses nie tot 'n verdelende kultuur (die nie-gekleurde blokkies in die laaste kolom) by die Afrikaner lei nie. Dit dui daarop dat die sosiale ingenieurswese-proses, wat op die Boer en die Kaapse Afrikaner toegepas is, net gedeeltelik suksesvol was en dat die kultuur tot verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van identiteit en 'n gebrek aan samehorigheid by die Afrikaner gelei het.

Tabel 10.1: 'n Vergelyking van die kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner en die vestiging van Afrikanerkultuur (Gekleurde blokkies: (onder die Afrikanerkolom) vorm deel van die Afrikanerkultuur waar die gemengde (*saamgevoegde) eienskappe kan lei tot *verdeeldheid, konflik* en *identiteitsverwarring*.)

KULTURELE ERFENIS VAN DIE KAAPSE AFRIKANER, BOERVOLK EN AFRIKANER

TERREINE	KAAPSE AFRIKANER	DIE BOERVOLK	AFRIKANER- Ná 1948
Kolonialisme versus republikanisme	Hang Kolonialisme aan	Strewe na vryheid, volksisme deur middel van republikanisme	'n Mengsel van republikanisme en kolonialisme
Vryheidstrewe	Vryheidstrewe afwesig. Onderdanig aan regering	Strewe na vryheid en onafhanklikheid – belangrikste eienskap van die Boervolk	Mengsel van vryheids- gesindheid en onderdanigheid
Ekonomiese selfstandigheid	Ekonomiese selfstandigheid vroeg ontwikkel	Eers oorlewingstryd – ekonomiese selfstandigheid ontwikkel laat	Ekonomiese selfstandigheid vind neerslag in die Afrikaner
Betrokkenheid by besigheid	Raak vroeg in geskiedenis by besigheid betrokke	Fokus op plaas en boerdery. Nie ingestel op besigheid nie	Gemengde ingesteldheid
Die media	Beheer Afrikaanse media en gebruik dit deurentyd teen die Boer	Nie betrokke by media nie en word deur media getipeer as "verregs" en "verkramp"	Nie-republikeinsgesindes beheer media grootliks ná 1961
Nasionalisme	Bevorder politieke nasionalisme en partypolitieke eenheid	Bevorder kulturele nasionalisme.	Mengsel van eienskappe met klemverskuiwing vanaf kultuur na politiek.
Ingesteldheid ten opsigte van groepsbewus- syn	Handhaaf nasionale bewussyn en nasionale identiteit.	Handhaaf volksbewussyn en volksidentiteit	Gemengde ingesteldheid van volksideologie en nasionale ideologie
Identiteit	Afrikanerskap wentel om taal (Afrikaans) en strek wyer as rasidentiteit	Boerskap wentel om vryheid, kulturele bewuswording, volks-bewussyn en volksidentiteit	Mengsel van eienskappe en lei tot verdeeldheid

KULTURELE ERFENIS VAN DIE KAAPSE AFRIKANER, BOERVOLK EN AFRIKANER

TERREINE	KAAPSE AFRIKANER	DIE BOERVOLK	AFRIKANER- Ná 1948
Volksbewussyn	Kosmopolities gesind	Volksbewussyn sterk ontwikkel	Mengsel van eienskappe of verdeeld.
Ingesteldheid teenoor regime/owerheid	Koloniaalgesind en onderdanig	Vryheidsgesind en volksgesind	Mengsel van eienskappe en verdeeld.
Houding teenoor onderdrukking	Konformeer	Bied weerstand	Mengsel van eienskappe en verdeeld.
Ideologiese ingesteldheid	Liberaal en humanisties	Konserwatief, volksisme en republikanisme	Mengsel van eienskappe of verdeeld
Houding teenoor leiers en elite	Laat sake aan leiers oor ter wille van eie ekonomiese voorspoed	Baie lojaal en plaas hoë premie op verantwoordbare leierskap	Geleidelike afname in respek vir leiers by deel van Afrikaner
Ingesteldheid teenoor organisasies	Hou van organiseer en om beheer uit te oefen. Organisasie dikwels belangriker as saak	Individualisties en wantrouig teenoor organisasies. Laat Afrikaner dit dikwels oorneem. Saak belangriker as organisasie	Gemeng en verdeelde eienskappe
Interaksie met Kerk	Kaapse NGK vyandig teenoor die Boervolk	Stig eie kerke en verdra kerk ter wille van geloof	Verdeelde kerke met verdeelde lojaliteit
Partypolitiese ingesteldheid en deelname	Meer betrokke ter wille van "organiseer en beheer".	Minder betrokke en antagonisties teenoor partypolitiese Westminster stelsel vreemd	Gemengde ingesteldheid
Gesindheid teenoor taal (Afrikaans)	Sosiale bewuswording, groepsbewussyn en groepsidentiteit wentel om taal.	Afrikaans word een van die Boer se kultuurgoedere. Taal nie 'n kwessie as jy vry is nie	Afrikaner praat Afrikaans en is trots op sy taal

KULTURELE ERFENIS VAN DIE KAAPSE AFRIKANER, BOERVOLK EN AFRIKANER			
TERREINE	KAAPSE AFRIKANER	DIE BOERVOLK	AFRIKANER- Ná 1948
Rol van onderwys in die ontwikkeling van kulturele erfenis	Baie vroeg akademiese blootstelling. Tree na vore as "meer geleerd" as die Boer	Bloot basiese vaardighede, soos lees en skryf ontwikkel. Beklee agterstand teenoor die Koloniale Afrikaner	Liberale faksie beheer akademie, onderwys, kerk, en media. "Bestuur" onderrig en handhaaf geldende mening
Gesindheid oor verhuising	Vestig meer dikwels oor langer tyd op dieselfde plek	Trek maklik weg van konflik	Gemengde eienskappe en ingesteldheid
Ingesteldheid teenoor die nakom van die Bloedriviergelofte	Voel nie deel van Gelofte en nakoming van Gelofte nie	Bloedrivier Gelofte is kern-belydenis om as Boer te kwalifiseer	Gelofte word as deel van die Afrikaner se kultuur ingesluit. Nie almal onderhou dit nie
Waagmoed en uitskieterstatus	Geneig om versigtig en terughoudend te wees – wegblyer	Bereid om op te staan en selfs sy lewe op die spel te plaas vir 'n saak – uitskieters	Mengsel van waagmoed en vreesagtigheid
Argitektuur	Kaapse gewelboustyl		Selektiewe gebruik
Veldlewe		Kamplewe, jagter, ruiter, hoed, braaivleis, ossewa, kruithoring.	Selektiewe oordrag
Kultuur-historiese erfenis	Taalmonument	Voortrekkermonument, Vroue- monument, oorlogsmuseum, Bloedrivier- monument; konsentrasiekamp kerkhowe; Slagvelde van 2 ^{de} Vryheidsoorlog	Kombineer die monumente as Afrikanermonument

Gekleurde blokkies: (onder die Afrikanerkolom) vorm deel van die Afrikanerkultuur waar die gemengde (*saamgevoegde) eienskappe kan lei tot *verdeeldheid*, *konflik* en *identiteitsverwarring*.

Samevatting en gevolgtrekking

DAAR IS AANGETOON DAT die Boer en die Kaapse Afrikaner afsonderlike kulturele erfenisse ontwikkel het. Hierdie kulturele erfenisse is

min of meer tydens die 1930's tot 1950's saamgevoeg deur middel van sosiale ingenieurswese om by te dra tot die nuutskepping van 'n kultuur vir die fiktiewe Afrikaner. Hierdie samevoeging het op vier wyses plaasgevind, naamlik deur: eerstens die kulturele erfenisse te kombineer, tweedens deur sekere unieke eienskappe van die onderskeie groepe te beklemtoon en uit te bou, derdens deur nuwe kultuurgoedere tot stand te bring, en laastens deur lede, wat hulle met die onderskeie groepe se kulturele erfenis vereenselwig het, toe te laat om voort te gaan om hulle eie, dikwels botsende, kulturele erfenisse uit te leef.

Veral laasgenoemde verklaar deels die diversiteit, verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van die identiteit van die Afrikaner wat as eindresultaat van die sosiale ingenieurswese in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu tot stand gekom het. Daar word gestel dat die Afrikaner van die 20^{ste} eeu en BASA21 inherent verdeeld en onseker oor hul identiteit is, weens 'n onvolledige samesmeltingsproses van die kulturele erfenisse van die Boer en die Kaapse Afrikaner aan die begin van die 20^{ste} eeu.

Om die uiteenlopende kulturele erfenisse te versoen en te verenig, moes die sosiale ingenieurs 'n bepaalde paradigma, wat reeds as Paradigma A gedefinieer is, vestig en handhaaf. Daarteenoor kan 'n alternatiewe paradigma gestel word wat as Paradigma B gedefinieer word. Die verskillende paradigmas word nou met mekaar vergelyk.

Die vestiging van Paradigma A teenoor Paradigma B

Inleiding

DIE RESULTATE VAN DIE navorsing tot dusver het meestal aangedui dat die benadering van Paradigma B histories meer korrek is as dié van Paradigma A. Die rede vir hierdie afleiding is dat Paradigma A kunsmatig ontwikkel of gekonstrueer is om 'n sekere kulturele en politieke resultaat of doelwit te bereik. Die doelwit van Paradigma A was om mites te skep om Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme te bevorder deur 'n verbeelde gemeenskap te skep en simboliese interaksie te bevorder. Om dit reg te kry, moes die geskiedenis, volgens Deist (2002:73-74), herinterpreteer word. Aan die ander kant het Paradigma B tot stand gekom deur die geskiedenis

objektief (retrospektief) te ontleed. Teen hierdie agtergrond word die twee paradigmas, soos dit in Fase 4 uiteengesit is, in hierdie hoofstuk verder ontleed.

Met die uitloop en analise van Fase 4 sluit Paradigmas A en B deels by mekaar aan. Soos gemeld het Paradigma A tot stand gekom ter ondersteuning van die sosiale ingenieurs se bevordering van Afrikanereenheid. Om Afrikanereenheid te bevorder het die sosiale ingenieurs die paradigma geformuleer, wat die bestaan van net een Afrikaanssprekende volk erken. Hierdie paradigma ignoreer in werklikheid die bestaan van 'n Boervolk en hanteer die Boer en die Kaapse Afrikaner as sinonieme en asof hulle gedeeltes van dieselfde groep (Afrikaner) mense is. Die bestaan van twee Afrikaanssprekende groepe (soos deur Paradigma B gepostuleer) vind geen aansluiting by Paradigma A nie. Die bestaan van twee afsonderlike groepe is deur die voorstanders van Paradigma A óf geïgnoreer óf ontken, deurdat die term Boervolk met *Afrikanervolk* te vervang is en deurdat die gebeure in die geskiedenis van die Boervolk aan die Afrikaner gekoppel is. Om Paradigma A te vestig, is 'n intensiewe sosialisasieproses van stapel gestuur. Die sosiale ingenieurs het dus bewustelik of onbewustelik die integrasie van die Boer en die Kaapse Afrikaner deur middel van sosiale ingenieurswese teweeg gebring. Paradigma B erken die totstandkoming van die Afrikanernasie, maar postuleer die totstandkoming uit 'n ander hoek; trouens, die twee paradigmas kan as twee foto's, wat uit verskillende hoeke van dieselfde toneel geneem is, beskou word. Die foto's verskil, omdat Paradigma A proaktief idealisties geskep is en Paradigma B retrospektief en analities gevorm is. Die twee paradigmas word nou ontleed.

Paradigma A

Inleiding

IN DIE BESTAAN VAN die mens is een van die grootste dryfvere vir menslike aksies die verkryging van mag. In die laaste 200 jaar is politieke mag bo-aan die lys van magsoosisies. Die rede vir die skep van Afrikanereenheid het ontstaan agv die politieke noodsaaklikheid by die stembus in die Westminsterstelsel, na unie-wording in 1910, om die

politieke mag te bekom. As daar 'n “afsnypdatum” is vir die noodsaaklikheid van Afrikanereenheid is, is dit uniewording in 1910 (Pretorius 2022b).

Paradigma A en die uitoefening van sosiale ingenieurswese op die vorming van Afrikaner-identiteit herinner aan 'n “eier-en-hoender” situasie. Dit is moeilik om te bepaal watter aspek eerste was en daar kan afgelei word dat die proses waarskynlik van die begin af geïntegreerd en samelopend plaasgevind het. Om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit te vestig, was dit nodig om Paradigma A by die *Afrikaners* te vestig. Die mite van Afrikanereenheid moes gesosialiseer word deur die boodskap van eenheid, wat by 'n fiktiewe volksplanting ontstaan het en steeds voortduur, te vestig. Dit is bewerkstellig deur te sorg dat die *literati*, wat sleutelposisies beklee, die boodskap van Paradigma A deel en propageer. Die elite het deur middel van die NP en die AB aanstellings in leiersposisies gemanipuleer en gedikteer.

Die AB het diep en op feitlik alle terreine van die samelewing “ingesuurdeeg” (Wilkens & Strydom 1978:46, 59). Op dié wyse is, onder andere, beheer verkry oor die beleide en leerplanne van die belangrikste opleidingsinstellings. Daar is deur middel van die geldende mening gedikteer en geselekteer wát as kurrikulum aangebied moet word en wát as navorsing aanvaarbaar is. Hierdie geldende mening het uiteindelik aanleiding gegee tot 'n gevestigde persepsie oor Afrikaner-identiteit. Soos reeds gemeld is die “regte leiersmateriaal” verder as onderwysers by onderwyskolleges geproduseer. Verder het die “regte onderwysers” departementshoofde, adjunkhoofde en hoofde by skole geword. Die “regte geskiedenisleerplanne” is vir skole voorgeskryf. Teologiese skole van die drie “susterskerke” het “reggeskoolde predikante” gelewer, wat die “regte boodskap” van kansels af verkondig het. Toekennings en pryse is alleen aan kunstenaars en skrywers toegeken indien die “regte boodskap” deur hul werke beklemtoon is. Die “regte” redakteurs en senior joernaliste is by koerante en radiostasies aangestel. Die “regte sprekers” is genooi om by Geloftefeeste en ander volksbyeenkomste redes te lewer (Ferreira 2018:75, 402). Leerlinge en studente is subtiel geïndoktrineer en gesosialiseer sodat Paradigma A se uitgangspunte deel van die *All-Afrikanerdom* geword het (Deist 2002:73-74). Leiers is van jongs af geïdentifiseer en by die Ruiterswag^[108] betrek, waar hulle “opgelei” en dopgehou is om later by die AB ingelyf te word (Ferreira 2018:397-398).

Die AB het die “regte mense” in die gemeenskap ekonomies gehelp en bevorder, onder andere, met bevoordeling by kontrakte. Die res moes op hul eie stry om oorlewing. Die “regte mense” in die gemeenskap kon hierdeur ’n hoë vlak van ekonomiese welvaart bereik. Indien voldoende finansiële welvaart en leiersposisies bereik is, is projekte geloods. Diegene in leiersposisies kon byvoorbeeld in die nie-ekonomiese velde leiding gee en voortgaan om, byvoorbeeld by die politiek, kultuurorganisasie, media en ander meningsvormende instansies, as verkondigers van die “regte boodskap”, betrokke te raak (Ferreira 2018:402).

Die boodskap of uitgangspunte van Paradigma A

DIE BOODSKAP OF UITGANGSPUNTE van Paradigma A kan soos volg vereenvoudig word (Tabel 10.2): Die Afrikaner bestaan (primordialisties) reeds vanaf Jan van Riebeeck se aankoms in die Kaap, wat ’n volksplanting was. Hollanders, Duitsers en Franse het outomaties verenig om die Afrikaner te word. Afrikaans is volgens die primordialistiese uitgangspunt van vroeg af in die Kaap gepraat. Die Afrikaners het vroeg reeds, as gevolg van die vryheidstrewa (republikanisme), in opstand teen die VOC gekom en twee republieke, naamlik Swellendam en Graaff-Reinet, gestig. Hierdie uiting van republikanisme is volgens Paradigma A deel van die Afrikaner en het uiteindelik gelei tot die oprigting van die RSA in 1961. Die Slagtersnek-opstand was volgens Paradigma A ’n vryheidsmoment in die geskiedenis van die Afrikaner en is as mite van Afrikanerlyding en -onderdrukking oortel en beklemtoon.

Die Afrikaner se verset teen kolonialisme word volgens Paradigma A deur die Groot Trek weerspieël. Tydens die Groot Trek het die Afrikaner by Vegkop geveg, die Gelofte van Bloedrivier afgelê en Afrikanerhelde soos Retief, Pretorius, Potgieter, Dirkie Uys en Sarel Cilliers het na vore getree. Die werklike vryheidsmoment van die Afrikaner was gesetel in die weerstand en oorwinning oor Brittanje by die Slag van Majuba, waar Piet Joubert as “Afrikanerheld” na vore getree het. Tydens die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner heldhaftig teen die Engelse geveg en lewer Afrikanerhelde, soos De Wet, Gideon Scheepers, De la Rey en Danie Theron op.

Tabel 10.2: Die siening of eienskappe van Paradigma A

FASE	PARADIGMA A
1	'n Volksplanting het in 1652 plaasgevind.
	Die Afrikaner ontstaan en bestaan fundamenteel/oorspronklik vanaf die volksplanting.
2	Die Afrikaner stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet.
	Slagtersnek-opstand is deur Afrikaners gelei.
3	Afrikaners was die betrokkenes/deelnemers aan die Groot Trek.
	Afrikaners het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg.
	Afrikaners het tydens die "Transvaalse opstand" teen die Engelse geveg en by die Slag van Majuba oorwin.
	Die Eerste Taalbeweging en die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) is Afrikanergeskiedenis.
	Dit was Afrikaners wat tydens die Anglo-Boereoorlog teen die Engelse geveg het.
4	Afrikanervroue en kinders het in Britse konsentrasiekampe gely en gesterf.
	Die 1914-Rebellie is deur Afrikaner rebelle uitgevoer.
	Die Voortrekkermonument, Vrouemonument en die Oorlogsmuseum huldig Afrikanergeskiedenis.
	Die Taalmonument is 'n Afrikanermonument.
5	Die Ossewabrandwag was 'n Afrikanerbeweging
5	Afrikaners en Engelse saam vorm Blank Suid-Afrika.
6	Alle lede van BASA21 is Afrikaners.
1-6	Die term Boer en Afrikaner is sinoniem.

TYDENS DIE 1914 "Rebellie" het Afrikaners in opstand gekom en het Manie Maritz en Siener van Rensburg as "Afrikanerhelde" na vore getree. Die uitkoms van die Rebellie was die fusillering van die "Afrikanerheld" Jopie Fourie, wie se "Afrikaner-hart", ironies, deur 'n "Afrikaner-koeël" deurboor is (Bothma 2015:405; Figuur 7.2). Die aanhangers van Paradigma A verswyg doelbewus die konflik in die *All-Afrikanerdom*-benadering, naamlik dat hulle ander groot Afrikanerheld, generaal Jan Smuts, die argitek van Fourie se teregstelling was (Bothma 2015:17).

Daar kan duidelik waargeneem word dat Paradigma A gekonstrueer (gefabriseer) is om 'n sekere verhaal te vertel en om 'n einddoel, naamlik die skepping van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-

identiteit, te bereik. Daarteenoor het Paradigma B tot stand gekom deur die geskiedenis krities en terugskouend te ontleed.

Paradigma B

Inleiding

PARADIGMA B HET TOT stand gekom deur die geskiedenis krities te ontleed. Wanneer die geskiedenis buite die vooroordeel van Paradigma A ontleed word, blyk dit duidelik dat daar geen doelbewuste volksplanting plaasgevind het nie, maar dat die bedoeling bloot was om 'n verversingstasie op te rig. Die volksontwikkeling wat plaasgevind het, het meer as 'n eeu na Jan van Riebeeck, min of meer in die tyd van die totstandkoming van die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet, vir die eerste keer na vore getree. Verder is dit duidelik dat, alhoewel die meeste bronne die bestaan van twee groepe in die 1700's en 1800's rapporteer, die onderskeid nie werklik beklemtoon word nie. In ooreenstemming met Paradigma A en die geldende mening word die twee groepe ook nie uitgelig, benoem of na die hede toe uitgebrei of deurgetrek nie. Volgens Paradigma B kan die twee onderskeibare groepe as die Boer en die Koloniale onderskei en benoem word en dié twee groepe kan na vandag toe deurgetrek word. Verder behels die uitgangspunte van Paradigma B dat die meerderheid historiese gebeure, wat deur Paradigma A aan die Afrikaner toegedig word, histories met die Proto-Boer en ná 1838 met die Boer gebeur het en nie op die Afrikaner van toepassing is nie. Die enigste gebeure wat 'n invloed op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gehad het en aan 'n paar lede van die Proto-Afrikaner (Pro-Republikeinse Koloniale) toegeskryf kan word, is die gebeure rakende die Eerste Taalbeweging. Dit is daarom gepas dat die Taalmonument as 'n Afrikanermonument in die Kaap opgerig is, terwyl die Voortrekkermonument (Boeregeskiedkundige monument) en die Vrouemonument en die Oorlogsmuseum (wat die Boervolk se stryd gedenk) onderskeidelik in Transvaal en die Vrystaat opgerig is.

Die uitgangspunte van Paradigma B

SOOS REEDS GEMELD, stel Paradigma B dat daar in 1652 'n verversingspos aan die Kaap opgerig is en dat 'n doelbewuste volksplanting nie plaasgevind het nie. Proto-Boere was die hoofrolspelers by die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet en die inisieerders van die Groot Trek. Die *Boere* het by Vegkop, Weenen, Bloukrans, Italeini en Bloedrivier geveg en die Gelofte van Wasbank/Bloedrivier met God aangegaan. Die Proto-Boer en die latere Boervolk het vroeg reeds 'n vryheidstrewer en strewer na onafhanklikheid getoon, volksgesindheid of volksisme openbaar en uiting aan hierdie ingesteldheid gegee deur verskeie republieke te stig (Aanhangsel A). Hulle het ook reeds vroeg in die geskiedenis ter wille van vryheid teen die VOC in opstand gekom. Die stigting van die twee republieke Swellendam en Graaff-Reinet demonstreer hierdie ideologiese ingesteldheid. Die Slagtersnek-gebeure was volgens Paradigma B 'n spontane opstand teen die onbillike regsprosesse wat op die inwoners van die Oosgrens afgedwing is. Daar kon wel 'n mate van 'n soeke na vryheid by sommige deelnemers teenwoordig gewees het, maar Slagtersnek word nie deur Paradigma B as 'n belangrike mite uitgelig nie. Die Proto-Boer en die Boer se verset teen kolonialisme was 'n belangrike oorsaak van die Groot Trek en geen persoon wat as 'n Afrikaner bekend gestaan het, was volgens enige gesaghebbende bronne betrokke nie (Kemp 1995:6). Tydens die Groot Trek het Boerehelde soos Retief, Pretorius, Potgieter, Dirkie Uys en Sarel Cilliers na vore getree. Die werklike vryheidsmomente van die Boer was gesetel in die oorwinning oor Dingaan by Bloedrivier asook oor Brittanje by die Slag van Majuba, waar Andries Pretorius en Piet Joubert onderskeidelik as Boerehelde na vore getree het. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die Boer heldhaftig teen die Engelse geveg en het Boerehelde soos Christiaan De Wet, Gideon Scheepers, Koos de la Rey en Danie Theron opgelewer. Tydens die Boere Opstand van 1914 het Boere gerebelleer en het Manie Maritz en Siener van Rensburg as Boerehelde na vore getree. Japie Fourie was 'n Boereheld en simboliseer die Boer se strewe na vryheid (Figuur 7.2).

Tabel 10.3: Eienskappe van Paradigma B vergelyk met die van Paradigma A

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
1	'n Volksplanting het in 1652 plaasgevind.	Verversingspos is gestig – geen volksplanting.
	Die Afrikaner ontstaan en bestaan primordiaal (fundamenteel/oorspronklik) vanaf die volksplanting in die 17 ^{de} eeu.	Die Afrikaner ontstaan eers ná die tweede helfte van die 19 ^{de} eeu.
2	Die Afrikaner stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet.	Voorsate van die Boer (Proto-Boere) stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet.
	Slagtersnek-opstand is deur Afrikaners gelei.	Die Afrikaner het toe nog nie bestaan nie.
3	Afrikaners was die betrokkenes/deelnemers aan die Groot Trek.	Proto-Boere en Boere was die betrokkenes of deelnemers aan die Groot Trek. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie.
	Afrikaners het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg.	Die Boere het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie en die Geloofte is nie met die Afrikaner gesluit nie.
	Afrikaners het tydens die “Transvaalse opstand” teen die Engelse geveg en by die Slag van Majuba oorwin.	Boere het tydens die Eerste Vryheidsoorlog die oorwinning by die Slag van Majuba teen die Engelse behaal en daardeur die Eerste Vryheidsoorlog gewen.
	Die Eerste Taalbeweging en die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) is Afrikanergeskiedenis en die Boere was deel daarvan.	Stelling is waar, die Eerste Taalbeweging en die GRA is Afrikanergeskiedenis. Die Boere was egter nie betrokke nie.
	Dit was Afrikaners wat tydens die Anglo-Boereoorlog teen die Engelse geveg het.	Dit was Boere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog teen die Engelse geveg het. 25 000 Kaapse Afrikaners het aan die kant van die Engelse teen die Boere geveg.
	Dit was Afrikanervroue en kinders wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het.	Dit was Boerekinders en -vroue wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het. Afrikaners (Hanskakies) het aan Britse kant geveg en die kinders en vroue help oppas.

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
4	Die 1914-Rebellie is deur Afrikaners uitgevoer.	Die 1914 Boere-opstand is deur vryheidsgesinde Boere, wat nie saam met hul eertydse vyand (Brittanje) wou veg nie, gelei.
	Die Voortrekkermonument, Vrouemonument en die Oorlogsmuseum huldig Afrikanergeskiedenis.	Die Voortrekkermonument, Vrouemonument en die Oorlogsmuseum huldig die Boere se geskiedenis.
	Die Taalmonument is 'n Afrikanermonument.	Die Taalmonument is 'n Afrikanermonument.
	Die Ossewabrandwag was 'n Afrikanerbeweging.	Die Ossewabrandwag was 'n Afrikanerbeweging deur Boere gedryf.
5	Afrikaners en Engelse vorm saam Blank Suid-Afrika.	Die Boer bestaan steeds en word (onwillig) opgeneem en in 'n groter eenheid ingevoeg.
6	Alle lede van BASA21 is Afrikaners.	Daar bestaan in die 21 ^{ste} eeu steeds baie mense onder die gelede van BASA21 wat hulleself as Boere (en nie Afrikaners nie) beskou.
1-6	Die term Boer en Afrikaner is sinoniem.	Die Boer en Afrikaner is afsonderlike entiteite.

TYDENS DIE VESTIGING van die Ossewabrandwag (OB) het volksisme en 'n strewe na vryheid baie sterk na vore getree. Die OB was volgens Pienaar (2001:26),^[109] 'n "suiwer Boere-Afrikaner beweging" en was "sterk pro-Afrikaner nasionalisties" georiënteerd. Die effek van Paradigma A en die sosialisering van die Boeregesinde Pienaar kan hier duidelik waargeneem word, waar hy (Pienaar) in werklikheid die term *Boer* wil gebruik, maar weens die konseptuele blok of gevestigde persepsie die term *Afrikaner* gebruik. In 'n persoonlike onderhoud met Pienaar in 2006 is die verskynsel bevestig.

Die onafhanklikheidsgesindes of Boeregesindes binne die nuwe Afrikaner-entiteit, wat in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, het voortdurend druk op die NP uitgeoefen om die ideologie van vryheid en volksisme deur republikanisme te bevorder. Dit het uiteindelik gekulmineer in die vorming van 'n republiek in 1961. Dit is belangrik om daarop te let dat die Afrikaner-politici geen ander keuse gehad het as om die republikeinsgesindes binne die NP, ter wille van steun by die stembus, in te sluit nie.

Die oprigting van 'n Republiek het dus deel van die NP se ideologie (voor 1961) geword en is tydens 'n referendum in 1960 getoets. Ironies en omdat die Boergesindes en volksgesindes nie werklik suiwer

republikanisme as ideologie nagestreef het nie en omdat hulle in werklikheid 'n volksrepubliek wou hê, was die *Boer* nie tevrede met die nuwe republiek nie. Hierdie aspekte word in die volgende hoofstuk in meer besonderhede bespreek (Degenaar 1987:236). In Tabel 10.3 word die eienskappe van Paradigma B gedokumenteer, terwyl dit met die eienskappe van Paradigma A vergelyk word.

Gevolgtrekking


DIE SOSIALE INGENIEURS van die vroeë 1900's het daarin geslaag om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit te vestig. Die proses staan bekend as sosiale ingenieurswese. Tydens die vestigingsproses het Paradigma A tot stand gekom wat “die geskiedenis herinterpreteer” het om 'n sekere paradigma van verhale en mites, wat die “verbeelde gemeenskap” van die Afrikaner bevorder het, tot stand te bring (Deist 2002:73). Hierdie nuut geskepte paradigma en mites het onafskeibaar van die sosiale ingenieurswese-proses geword en is deur die elite of sosiale ingenieurs op kundige wyse deel van hul bouplanne in die sosiale ingenieurswese-proses gemaak. Die kern van hierdie mites was om die verbeelde gemeenskap, die simboliese interaksie en die lyding en konflik wat die Afrikaner te beurt sou geval het, te beklemtoon en as *deel van Afrikanergeskiedenis* te vestig. Hierdie mites het bygedra tot die totstandkoming van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit en het tot Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit gelei. Hierdie begrip van “ek is 'n Afrikaner” het as konseptuele blok by die Afrikaner van die 20^{ste} eeu vasgesteek. Die Afrikaner-identiteit wat tot stand sou kom, is egter onvolledig uit die twee kulturele erfenisse geïntegreer en sal verder ontleed word. Die totstandkoming van die Ossewabrandwag is 'n bewys hiervan. Die sosiale ingenieurs het nietemin daarin geslaag om, ten spyte van die onvolledige integrasie, 'n *de jure* ('n wettige) Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit tot stand te bring. Dit is tot so 'n mate tot stand gebring dat 'n gevestigde persepsie oor Afrikaner-identiteit by 'n groot deel van die Afrikaner van die 20^{ste} eeu (BASA20), asook by BASA21, gevorm is. Die begripsblok bevestig die bestaan van die *Afrikaner* volgens die patroon van Paradigma A, naamlik dat dit primordiaal (oorspronklik) by 'n

volksplanting in 1652 ontstaan het en dat alle geskiedenis wat daarna opgeteken is “op die Afrikaner van toepassing is”.

Daarteenoor beoordeel die aanhangers van Paradigma B die gebeure terugskouend en interpreteer die geskiedenis vanuit ’n objektiewe hoek en het gevolglik ’n histories meer korrekte siening ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit. Volgens Paradigma B het die Boervolk en die Kaapse Afrikaner afsonderlik ontwikkel en is die fiktiewe *Afrikaner*-entiteit die gevolg van ’n kunsmatige en onvolledige integrasie van die onderskeie oorspronklike entiteite se kulturele erfenisse. Volgens Paradigma B het die *Boer* en die Kaapse Afrikaner apart ontwikkel en het ’n *de facto* (op grond van feite en gebeure) *fiktiewe Afrikaner*-entiteit tot stand gekom, terwyl die Boervolk steeds *de jure* of wettiglik bestaan.


Die werklikheid is dat die *de facto* Afrikaner en *de jure* (Boere-) Afrikaner-identiteit deels in botsing met mekaar is. Dit het tot gevolg dat verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van die identiteit van die Afrikaner, asook by BASA21, waargeneem kan word. Ironies kan die waarnemer (asook deelnemer) dikwels die verdeeldheid en onsekerheid oor identiteit waarneem sonder om noodwendig die oorsaak van die verskynsel te verstaan.

Die verstaan en erkenning van die verskynsel en die historiese ontwikkeling, op grond van die twee paradigmas, soos skematies in Figuur 10.1 voorgestel is, kan benut word as die grondslag vir ’n remedie (oplossing) vir die verdeeldheid en verwarde identiteit wat tans by BASA21 aangetref word. Hierdie behoefte het die skryf van die boek gemotiveer.



Figuur 10.1: Die historiese inhoud ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, gebaseer op die uitgangspunte van Paradigmas A en B.






HOOFSTUK 11

DIE TOEPASSING VAN POLITIEKE SOSIALISASIE EN SOSIALE INGENIEURSWESE

Die politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese het in verskillende tydperke plaasgevind, naamlik: eerstens deur die Engelse (Britse-beheer) onder invloed van Milner en sy “*Kindergarten*” (Bruwer 1988:485, 493) en daarna die tydperk onder Afrikanerbeheer wat deur die Afrikanerelite (Deist 2002:72-73), veral onder leiding van die AB, georkestreer is (Degenaar 1987:238-248).



Figuur 11.1: Politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese gedurende die 20^{ste} eeu.

DIE AFRIKANERBEHEER duur vanaf ongeveer 1910 tot 1994 en kan rofweg weer onderverdeel word in drie tydperke. Die eerste twee tydperke vorm deel van Fase 4 en die derde tydperk korreleer met Fase 5 (Figuur 11.1).

- Die eerste tydperk is 'n oorlewingsfase waartydens die Boer en die Koloniale gesamentlik poog om die Engelse juk af te gooi en duur vanaf 1910 tot ongeveer 1948 met die oorwinning van die NP.
- Die tweede tydperk behels die tydperk van NP-bewind vanaf 1948 tot en met Republiekwording in 1961.
- Die derde tydperk begin met republiekwording en eindig in 1994, nadat FW de Klerk boedel oorgegee het en word gekenmerk deur Blankisme, waartydens die sosiale ingenieurs poog om die Blankes onder een koepel te verenig.

Britse-beheer

DIE BRITSE-FASE VAN politieke sosialisasie was suiwer op die Boer gemik en het onmiddellik ná die Vrede van Vereeniging, deur Milner en sy *Kindergarten*, 'n aanvang geneem (Bruwer 1988:485, 493). Volgens Giliomee (2004:222) het Milner, om blywende Britse dominasie te vestig, drie oogmerke gehad:

- hy moes die Engelssprekendes in die land verenig as 'n politieke blok;
- die Afrikaners verdeel deur lojaliste en nasionaliste, hendsoppers en bittereinders teen mekaar af te speel;
- en snelle ekonomiese groei bevorder.

Milner se optrede geskied tipies volgens die fenomeen soos deur Harari (2015:191, 197) beskryf, naamlik: “*Empires have played a decisive part in amalgamating many small cultures into fewer big cultures.*” Die mikpunt van Milner was om die Boer “heeltemal te verdelg, deur getalle, onderwys en einde ten laaste deur assimilasie ...” (Bruwer 1988:485, 493). Milner het gesê daar mag nie eers 'n fragment van die Boererepublieke oorbly nie, dit moet vernietig word (Bruwer 1988:450). Milner voel, volgens Bruwer (1988:485), oor die Boer soos Cato in die Romeinse senaat oor Kartago gevoel het en gebruik vervolgens die aanhaling van Cato: “[Die Boere moet] *delenda est!*”^[110]

Robbertze (1996:27) stel dit in die vyfde verslag van die Volkstaatraad as volg: “Milner en Chamberlain wou Suid-Afrika in alle opsigte só Brits maak dat daar van 'n Afrikaanse [*Boere] nasionalisme, identiteit of sentiment geen sprake sou wees nie.”

Milner pas *politieke geweld* op die Boervolk toe om sy doel te bereik. Volgens definisie bestaan daar drie tipes politieke geweld, naamlik: *Direkte Geweld*, *Kulturele Geweld* en *Strukturele Geweld* volgens (Kotzé 2009:16-18). Die Engelse het al drie die fasette van politieke geweld op die Boervolk toegepas.

Direkte politieke geweld

POLITIEKE GEWELD vind plaas wanneer iemand of 'n groep se oorlewing, welsyn, identiteit of vryheid bedreig word. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog, sowel as ná die vredesluiting van Vereeniging, is politieke geweld voortdurend en in alle fasette deur die Engelse op die Boervolk toegepas.

Direkte politieke geweld sluit in eksterminasie (uitwissing) en volksmoord, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog gemanifesteer het in die weerhouding van welsyn, soos klere, komberse, kos en medisyne aan die kinders en vrouens in die konsentrasiekampe. Dit manifesteer ook tydens die beleid van verskroeiende aarde van Kitchener, wat op die burgerlike bevolking gemik was (Bruwer 1988:450; Wiid 1968:31). Volgens Giliomee (2004:209) was die verskroeiende-aarde beleid deur die Engelse “meer genadeloos” as dié van generaal Sherman tydens die Amerikaanse burgeroorlog.

Kotzé (2009:17) tabuleer direkte geweld en strukturele geweld soos uiteengesit in Tabel 11.1.

Tabel 11.1: Wysies waarop politieke geweld op 'n groep uitspeel (Kotzé 2009:16-18).

	Survival needs	Well-being needs	Identity needs	Freedom needs
DIRECT VIOLENCE	Killing	Maiming, siege, sanctions, misery	Desocialisation, resocialisation, secondary citizen	Repression, detention, expulsion
STRUCTURAL VIOLENCE	Exploitation A [*gevolge: mense sterf]	Exploitation B [*gevolge: ondervoed en siek]	Penetration, segmentation	Marginalisation, fragmentation

TEN OPSIGTE VAN DIE beleid van verskroeiende aarde is dit belangrik om te let dat die Pro-Koloniale-Kolonialer se eiendom nie beskadig is nie. Daar was egter gemengde reaksie by die Kolonialer oor die oorlog teen die Boere (Giliomee 2004:310). Die Kolonialers in die breë se gesindheid word weerspieël deur verskeie identiteite en simpatieë te kombineer, soos deur Giliomee (2004:186) saamgevat is as:

... patriotisme teenoor die Kolonie; lojaliteit teenoor die monargie en ryk; solidariteit met hul republikeinse bure oorkant die Oranjerivier; en 'n vereenselwiging met hul eie kulturele uniekheid, soos uitgedruk in Hollands as kerk- en koeranttaal. Die koloniale Afrikaners se lojaliteit teenoor die Ryk en later die Britse Statebond sou lank duur.

Bruwer (1988:451) stel: “[D]aar kan dus min twyfel bestaan dat die Engelse dit ten doel gehad het om die Afrikanervolk [*Boerevolk] as geheel te vernietig en te laat verdwyn ... sodat die Engelse die meerderheid van die

blanke bevolking kon uitmaak.” Bruwer (1988:450) stel verder dat terwyl die Duitsers die Jode as ’n rassevraagstuk gesien het, het die Engelse die Afrikaners (*Boere) as ’n kulturele/demografiese vraagstuk beskou. Beide sou egter dieselfde oplossing sien, naamlik volksmoord. Die Duitsers het dit die “Final Solution” genoem en die Engelse die “Final Settlement.” Bruwer (1988:486) stel dat die Engelse die volksmoord beplan en laat manifesteer het deur die toepassing van geweld, dwang en assimilasië en verwoord dit verder as volg:

Asof dit nie erg genoeg is nie, het J Stanley Little net voor die uitbreek van die oorlog die volgende verklaar: ‘We must tolerate no silly sentimentality which stands in the way of a COMPLETE AND FINAL SETTLEMENT of the century old quarrel.’ (Little, 1903, p462.) Weer eens word ’n mens getref deur die ooreenkoms – Die Nazi’s met hul “Final Solution” en die Engelse met hul “Final Settlement”.

Dit is insiggewend om daarop te let dat die Engelse regering tot vandag toe geen spyt oor hul optrede uitgespreek het nie. Professor Amie van Wyk^[111] skryf in *Rapport Weekliks* (18 November 2018:5):

Dit val op dat daar ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) geen enkele Anglikaanse teoloog was wat ’n woord van spyt en jammer uitgespreek het oor die verwoesting, gruweldade en ontmensliking wat tydens hierdie oorlog, veral in die konsentrasiekampe, voorgekom het nie.

Behalwe die eensame stem van Emily Hobhouse.

Wie weet, indien daar ná hierdie vernietigende oorlog ook ’n WVK gehou was, is apartheid dalk nooit gebore nie.

Die gesindheid en lojaliteit van die Koloniale was bepalend ten opsigte van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog – hulle kon die oorlog voorkom het. Indien die Kaapse Afrikaners teen die oorlog gekant was, sou Brittanje nie betrokke geraak het nie, maar die Kapenaars was egter volgens Giliomee (2004:230) vasgevang in hulle veelvuldige lojaliteite en het hulle die gesindheid teenoor die Britse kroon as die belangrikste geag. Die rol van die Bond was waarskynlik deurslaggewend.

Dit is belangrik om daarop te let dat die misdade teen die mensdom en menseregteskendings, wat deur Brittanje teen die Boerevolk gepleeg is, deur bykans ’n derde van die Boerebevolking uit te roei in die nagenoeg 50 doodskampe, nog nooit deur die Engelse erken of bely is nie. Daar is ook nooit verskoning gevra of vergoeding betaal nie.

Kulturele en Strukturele Geweld

POLITIEKE GEWELD IS ook in die vorm van Kulturele en Strukturele geweld op die Boerevolk toegepas. Die Boer se identiteit word ná 1902 ontken deur die internasionalisering van die Boer se kultuur, deur sy taal (Afrikaans) te degradeer en deur Engels as enigste taal in die staatsdiens en in skole af te dwing. Die Boer is afgradeer na 'n tweedrangse burger wat nie kon werk kry nie. Ironies word dieselfde politieke geweld vandag, 'n honderd jaar later, onder die ANC-regering op BASA21 toegepas. Strukturele politieke geweld behels dat die stelsels en strukture op só 'n wyse aangewend word dat dit die gees en gedagtewêreld van die groep (in hierdie geval die Boer) tot só 'n mate beïnvloed, veral deur *penetrasie*,^[112] dat die Boer se kultuur, gebruike en regte ondergeskik gestel word aan die Engelse kultuur. Milner het ook gepoog om deur *fragmentasie*,^[113] deur die Boere te verarm, hulle van hulle plase af stede toe te verdryf en die plase met Engelse te beset (Bruwer 1988:486).

Giliomee (2004:340) stel dat:

Sowel die SAP [*Kolonialergesinde Afrikaners, wat lede van die Sappe is] as Engelssprekendes was oorvertegenwoordig in die staatsdiens, die beroepe en die bestuursposte van die ekonomie. Hulle het belang daarby gehad om te verhinder dat die Afrikanernasionaliste [*Boergesindes] Afrikaans as middel gebruik om die Afrikaners agter hulle te mobiliseer.

Wilkens en Strydom (1978:35) rapporteer hieroor as volg:

Under the British regime, Afrikaans became a despised language. Children were allowed to speak it only three hours a week at school, otherwise they had to carry a placard proclaiming, "I am a donkey, I spoke Dutch." O'Meara observes: "Within the imperialist colonial states, a clear cultural oppression operated against Afrikaans speakers."

Die skrywer se vader het hierdie hantering van kinders deur die Engelse tydens sy skooldae, bevestig.

Bruwer (1988:484) haal 'n besoeker aan die Transvaal in 1906 aan, wat stel:

Sodra 'n mens die Transvaalse gebied bereik is alles Engels waar alles vroeër Hollands was. Die spoorwegbeamptes en kondukteurs is vir die grootste deel Skotte ... Die voorstede is herdoop na Engelse voorstede en die strate van die stede is verengels. Kennisgewings, ook vir die ou bevolking, is net in Engels. Die taal van die gereghowe, die amptenare, die handel, die skole is Engels.

Afrikaner-beheer

TER WILLE VAN PERSPEKTIEF moet die situasie aan die begin van die 20^{ste} eeu diachronisties bekyk word. Die Unie van Suid-Afrika is in 1910 tot stand gebring. Robbertze (1996:28) haal die vyfde verslag van die Volkstaatraad JEH Grobler aan wat stel dat:

Plaaslike selfbeskikking – weliswaar onder Britse gesag – is dus in die twee voormalige Boererepublieke herstel. Botha, Smuts en talle Afrikaners was hiermee tevrede. Wat hulle betref, het die toekoms van die Afrikanervolk eerder binne die Britse Ryk as in onafhanklikheid gelê.

Dié stelling oor tevredenheid is korrek van toepassing op Botha, Smuts en sekere liberale Afrikaners, maar dit is verseker nie van toepassing op die Boervolk nie. Die openlike verwerping van Botha en Smuts, asook die Boereopstand vier jaar later (1914), wys duidelik dat die Boere nie tevrede was nie. Die Boere se ontevredenheid was gegrond op die feit dat Uniewording niks met onafhanklikheid te make het nie. Robbertze (1996:31) stel: “Met unifikasie in 1910 het selfbeskikking geen rol gespeel nie. Trouens, die beleid van Smuts en Botha was op konsiliasie ingestel.” Verder word gestel dat: “Die gedagte van een land, een staat, een ras, en een nasie het sterk op die voorgrond getree.”

Die spelreëls, wat in daardie tyd binne die Unie gegeld het, was die reëls soos uitgespel deur die Westminster stelsel en het bepaal dat die politieke party, wat die meeste stemme kan verenig (deur kiesafdelings te verower), regeer. Die heersende wêreldpolitiek het ook bepaal dat “manlike blanke persone” stemgeregtig was.^[114] Op daardie stadium was die betrokkenheid of insluiting van die Bruin-stem wel ’n faktor. Die Engelse het dit oorweeg om stemreg aan die swartes aan die Oosgrens te gee om met swart steun politieke mag te bekom en om dit teen die Kolonialer in die Kaap aan te wend. Die 1853 grondwet van die Kaapse parlement het vir stemreg vir Bruinmense voorsiening gemaak. Hierdie reg was regdeur die geskiedenis ’n twispunt en die inhoud van die wet is telkens verander (Giliomee 2004:137). Algemene stemreg vir swartes is eers in 1994 formeel toegeken.

Die politiek-bewuste Kolonialer het net verder binne die Westminster reëls, waarvolgens die grondwet van die Unie opgestel is, geopereer. Die Kolonialer was reeds net na die Engelse besetting van die Kaap betrokke by die Westminsterstelsel en het vanaf die 1880’s selfbestuur in die Kaap

gehad. Hulle was dus ingeburger in dié politieke stelsel teen die tyd dat die Unie in 1910 gestig is. Om die *Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 20^{ste} eeu* (BASA20) se toekoms in Afrika te probeer verseker, met die doel om politieke mag te bekom, was die doelwit van die politici om die totale BASA20 in 'n politieke magsblok te organiseer. Die mag sou aangewend word om die regering oor te neem en dan om beleid oor die verloop van die toekoms te kon bepaal.

Die eenheid, wat hulle beplan het, is geskoei op Afrikanernasionalisme. Om dit te bereik, moes die term Afrikaner bevorder word en moes die term Boer uit die geskiedenis geskryf word. Die plan was om die Boer se geskiedenis en kulturele erfenis met die Koloniale se kultuur en taal (Afrikaans) kunsmatig saam te smelt om sodoende die mite van 'n Afrikanernasie tot stand te bring. Die Engelsman is as die gemeenskaplike vyand van BASA20 op die tafel geplaas en is aanvanklik as dryfveer gebruik om Afrikanereenheid te bevorder.

Met hierdie ontleding word nie 'n normatiewe^[115] evaluasie of waardebeoordeling gemaak deur te besluit of die besluite reg of verkeerd was nie. Die optredes van die rolspelers moet diachronisties geëvalueer word, met ander woorde hulle omstandighede ten opsigte van hulle bedoelings moet in aanmerking geneem word. Hulle doelwit was “oorlewing van BASA20” met inagneming van alle volkere binne Suid-Afrika. Dit neem egter nie die feit weg dat die Boer daarvoor op die altaar geplaas is nie.

Drie tydperke tydens Afrikanerbeheer

DIE GEBRUIK VAN DIE term Afrikaner

Voordat daar na die verskillende tydperke gekyk word, moet die gebruik van die term Afrikaner eers onder die loep geneem word. Vanaf die Eerste Taalbeweging en veral na die oorname van die Bond deur die Pro-Koloniale-Kolonialers in die begin van die 1880's is die term *Afrikaner* vir die eerste keer deur die Kolonialers gebruik (Bruwer 1988:284). Ten spyte daarvan dat die Afrikaner nie as volk gemanifesteer het nie, is die term toenemend in publikasies en dokumente gebruik. Selfs die Boere, wat as *Boere* in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het, is geleidelik, veral met die verspreiding van die *Patriot*, aan die term *Afrikaner* blootgestel, waarop hulle dit algaande gewoond geraak het.

Met die doelbewuste uitskakeling van die term Boer ná 1902 word daar terselfdertyd toenemend van die Afrikaner gepraat. Sommige Boere begin weens die sosialisasieproses en waarskynlik veral weens die lees van die *Patriot* die term *Afrikaner* vir hulleself toeëien. Die term *Afrikaner* verteenwoordig in hierdie publikasie die groep wat 'n Kolonialergesindheid openbaar en sluit slegs die Boer in wanneer dit uitdruklik so gestel word. Let daarop dat die gebruik van die term *Kolonialer* in hierdie boek geleidelik oorgaan na die term *Afrikaner* en is van toepassing op die *Kolonialergesinde Afrikaner*.

Eerste tydperk van Afrikanerbeheer (1910 tot 1948)

NÁ 1902 IS DIE BOER in armoede gedompel, deur die Engelse verneder en onderdruk deur die toepassing van politieke geweld. Die Engelse word as die gemeenskaplike vyand van die Boer en ander Afrikaans- en Hollandssprekendes gesien. Die Boer is vatbaar vir “samewerking” teen die Engelse as die gemeenskaplike vyand, sonder om te besef dat die resultaat uiteindelik sal lei tot negering van die Boer as volk.

Tydens die eerste tydperk van Afrikanerregering bekom die Kolonialer geleidelik beheer oor die politieke toneel in Suid-Afrika. Die AB word deur Kaapse Afrikaners geïnfiltreer en leierskap word algaande deur die geleerdes, wat by die Victoria-kollege (latere Stellenbosch) gegradueer het, oorgeneem. Die AB funksioneer vanaf 1929 as 'n geheime organisasie (Giliomee 2004:352) en verkry beheer oor die meeste fasette van die sosiale lewe van BASA20 (Wilkens & Strydom 1978:59). Volgens Giliomee (2018b) het die AB nie so 'n groot impak op die Kaapse Afrikaner gehad nie. Dit is waarskynlik waar, maar die omgekeerde is ook waar, naamlik dat die Kaapse Afrikaner deur middel van meningsvormers, wat uit die Kaap afkomstig is en bygedra het tot die totstandkoming van die Afrikanerelite, 'n bepalende invloed op die rigting van die AB gehad het. Predikante, regsgeleerdes, politici en akademici wat in die suide opleiding ontvang het, het later leiersposisies in die samelewing in die Vrystaat en Transvaal en ook in die AB bekleed.

Dit word nie geïmpliseer dat die Kolonialer/Afrikaner die Boer kwaadwillig probeer vernietig het nie, maar die geskiedenis toon 'n gevestigde patroon van twee uiteenlopende en opponerende groepe wat naas mekaar ontwikkel het. Dit is ook 'n gevestigde patroon dat die

Kolonialer, 'n meer administratief georiënteerde groep, geneig is om die Boer se skepping te infiltrer en oor te neem of openlik en aggressief te opponer. Dit begin vanaf die tyd van die Kompanjiesamptenare en Vryburgers, die Oranjemanne en Patriotte, die antagonisme van die Kaapse Afrikaner en die NG Kerk tydens die Groot Trek, die ZABBV teenoor die GRA en die verloop van die oornam van die Bond, die steun wat die Kaapse Afrikaner aan die Engelse gegee het tydens die Tweede Vryheidsoorlog en uiteindelik die oornam van die AB deur die Afrikaners. Hierdie patroon manifesteer verder in die politiek as die Sappe, later die Verenigde Party (VP), teenoor die pro-republikeinse NP (van *circa* 1948) en selfs later met die “na links geskuifde” liberale NP teenoor die HNP, KP, AWB en AVF in die laaste fase van die NP-bewind.

Simbole vir die Afrikaner kom tot stand

Tydens die eerste tydperk van Afrikaner politieke sosialisasie word die twee groepe effektiief saamgevoeg, veral onder die leiding van doktor Malan. Hy lewer belangrike toesprake, waartydens simbole vir die “nuwe Afrikanernasie” tot stand gebring word om die mite, soos deur Deist (2002:72-73) beskryf, te vestig.

Die opwelling van nasionalisme tydens die Eeufeesviering van die Groot Trek het veral die Boeregesinde Afrikaners geïnspireer. 'n Emosionele opwelling het oor die land versprei en oral by feeste langs die pad van die simboliese Ossewatrek is kinders gedoop, mense getrou en is strate na Voortrekkers en die Eeufees vernoem. Dit lei uiteindelik tot die stigting van die Boeregesinde OB. Die politici van die tyd wend hierdie gevoel van nasionalisme aan om 'n politieke magsblok te vestig, wat in 1948, in die vorm van die NP, die regering oorneem.

Dit is interessant om daarop te let dat die Simboliese Trek by die standbeeld van Jan van Riebeeck begin het ten einde die fiktiewe volkstigting te simboliseer (Pretoria FM: 15 Augustus 2018). In Tabel 11.2 word datums en gebeure as mylpale op die pad van die ontwikkeling van die Afrikanernasie weergegee:

Tabel 11.2: Die rol van simbole by die skepping van die Afrikanernasie.

GEBEURE	DATUM
Afrikaans word as amptelike taal erken (Van Jaarsveld 1959:212)	8 Mei 1925
Unievlag word bekendgestel (Van Jaarsveld 1959:215)	25 Mei 1926
Die Volkslied (die Stem) word bekendgestel (Van Jaarsveld 1959:238)	26 Julie 1938
Simboliese Ossewatrek en Eeufeesviering	1938
Hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument (Muller 1979:393)	16 Desember 1938

Boer en Afrikaner
 Afrikaner
 Boervolk

Tweede tydperk (1948 tot 1961)

DIE LEIERS VAN DIE NP het geen ander keuse gehad nie as om die Boer se republikeinse vryheidstrewes, soos wat dit gemanifesteer het tydens die Boereopstand van 1914-15 en tydens die totstandkoming van die Ossewabrandwag, in ag te neem. Ter wille van steun deur die Boergesindes by die stembus, inkorporeer die NP gevolglik die totstandkoming van 'n republiek as deel van hulle beleid.

Tydens die tweede tydperk, met die NP aan bewind, word die armblanke-vraagstuk relatief effektief aangespreek en word die Engelse as “vyand” relatief polities geneutraliseer. Intussen word 'n swart meerderheid as 'n bedreiging vir oorlewing, as die nuwe gesamentlike vyand, geïdentifiseer. Die “oorlewingsfaktor” teenoor die “swart gevaar” word in dieselfde asem as die “kommunistiese rooi gevaar” genoem, veral ná die vrystelling van die *Freedom Charter* in 1955 (Giliomee 2004:461, 515). Die NP skep nou 'n ideologie wat manifesteer in die vorm van apartheid. Die fokus van die NP en die AB verskuif nou na die handhawing van politieke mag en gebruik dié ideologie om die Boer se steun te behou “ter wille van oorlewing teenoor die swart en die rooi gevaar.”

Let op dat die skeppers van apartheid hoofsaaklik Engelse en later Kolonialergesinde Afrikaners was. Neem as voorbeeld Rhodes, Milner, Smuts, Malan, Strijdom, Verwoerd, Vorster en Botha. Die rolspelers se invloed op die ontwikkeling van apartheid en op BASA21 word later ontleed.

Die Boer verdra, soos tydens die eerste fase, weereens die Afrikaner se planne en ondersteun die NP by die stembus “ter wille van oorlewing” en ter wille van die “belofte van ’n republiek” wat in sig is. Die Boer word egter slegs as stemvee gebruik en persone, wat buite die konsep van die geldende mening opereer, word effektief uit alle besture en veral uit die AB gehou.

Derde tydperk (1961 tot 1994)

DIE DERDE TYDPERK VAN politieke sosialisasie tydens die Afrikanerfase breek aan ná die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) in 1961. Die Republiek se burgers bestaan, volgens die Afrikaner se inklusiewe benadering, uit blankes (Afrikaans en Engels) met stemreg en nie-blanke burgers sonder stemreg – ’n resep vir konflik! Intussen was die Boergesindes ook nie tevrede met die Republiek nie, want van die begin af was die Boer ingestel op ’n afsonderlike Republiek waar hulle oor hulleself kan regeer. Waar die Afrikaner ingestel is op “eenheid-is-nodig-vir-oorlewing”, is die Boer bereid om as ’n minderheidsvolk op sy eie te oorleef. Waar die Afrikaner steeds bereid is om met die Engelsman as gelyke vennoot saam te werk om te kan oorleef, vertrou die Boer steeds nie die Engelsman nie en streef daarna om deur homself regeer te word.

Die Republiek wat die Afrikaner in gedagte het, verskil hemelsbreed met die Republiek wat die Boer nog altyd nastreef. Die Afrikaner se Republiek sluit die hele Suid-Afrika as eenheidstaat in, met al die inwoners as burgers, terwyl die Boer nog altyd bereid was om op ’n kleiner deel van die land aanspraak te maak, waar hy oor homself kan regeer.

**Waar die Afrikaner ingestel is op
“eenheid-is-nodig-vir-oorlewing”,
is die Boer bereid om as ’n minderheidsvolk op sy eie
te oorleef.**

TYDENS DIE DERDE TYDPERK word Boeregesinde Afrikaners uit die Broederbond gehou en in die praktyk verhoed om leiersposisies, veral in die

politiek, te beklee. Hierdie prentjie begin eers verander nadat die HNP, KP en veral later TG op die toneel verskyn het.

Die KP-politici breek weg van die NP en propageer aanvanklik die Afrikaner ideaal van die Blanke-eenheidstaat – Suid-Afrika van Messina tot by Tafelberg – maar verskuif weens toenemende druk deur die republiekgesinde Boere, hulle beleid om ’n “Volkstaat”, waarbinne die Boer geakkommodeer kan word, na te streef. Die gevestigde patroon van “infiltrasie en oorname” vind egter weereens hiër plaas en politici met ’n Kolonialergesindheid neem die KP oor. Dit lei soos dikwels in die geskiedenis, wanneer die patroon van infiltrasie en oorname deur “Afrikaners met Boeremaskers” plaasvind, tot vernietiging van die party. Hierdie is weer ’n voorbeeld waar die kunsmatige saamgooi van die Boer en die Kaapse Afrikaner vir sogenaamde “eenheid” noodwendig gelei het tot mislukking.

Tydens die derde tydperk word blankisme bevorder, waartydens die nuutgevormde Afrikaner met die res van Suid-Afrika se blankes saamgevoeg word. Die Engelsman het nog altyd op die Afrikaner, maar veral op die Boer as “sy mindere” neergesien. Om die kopskuif te maak om die Engelsman en voormalige aartsvyand nou as medestryder om oorlewing en as “nuutgevonde vriend” te akkommodeer, was nie maklik nie. Om die nuwe paradigma te vestig, het ’n nuwe politieke sosialisasie proses benodig. Gevolglik verander die politieke doelwit vanaf ’n Afrikanernasie en Afrikaner-Nasionalisme na ’n “blanke nasie” en blanke-eenheid – ter wille van oorlewing teen die “swart gevaar”. Dit word in die volgende hoofstuk, as Fase 5. bespreek.

Die proses van politieke sosialisasie

DIT IS BELANGRIK OM die omstandighede en tydsgewrig, waarbinne die politieke sosialisasie plaasgevind het, in ag te neem. Die ekonomiese omstandighede en die opleidingsfasiliteite, sowel as die invloed wat leidende figure in die politiek gespeel het, vorm deel van hierdie agtergrond.

Tydens die Afrikanerfases word die Boer en die Koloniale albei aan politieke sosialisasie onderwerp. Volgens Deist (2002:72-73) was die geleentheid en die tyd (ná die Tweede Vryheidsoorlog) ryp om sosiale ingenieurswese op die verarmde en ontwrigte Boere toe te pas.

Timothy Sisk (1993) het 'n doktoraal oor 'n politieke oplossing vir Suid-Afrika gedoen. Hy verwys (1993:99) na die hoeveelheid witmense, oorwegend Afrikaners, wat as uitermate arm bestempel word volgens die Carnegie-kommissie van 1933 en stel dat die getal vermeerder het vanaf 106 000 in 1921 tot 300 000 in 1933. Dit het ongeveer 'n kwart van BASA20 behels. Die oorblywende 75% van die Afrikaner populasie was volgens hom eintlik nie werklik beter af nie.

Die proses van politieke sosialisasie, wat die Britse Imperialiste begin het, word deur die AB voortgesit, alhoewel met 'n ander doel as die Engelse. Die uitgangspunt van die AB was sekerlik nie om die Boer doelbewus te vernietig nie. Die doel was om die ontwikkelde volksbewussyn en nasionalisme, wat reeds by die Boerevolk gemanifesteer het tydens die Groot Trek (Van Jaarsveld 1959:16, 18; 1980b:221), tydens die oprigting van die verskillende republieke (Van Jaarsveld 1980b:221; Aanhangel A) en die twee Vryheidsoorloë (Van Jaarsveld 1980b:230) sodanig aan te bied, te bevorder en uit te brei na die Koloniale, sodat 'n (nuwe) etniese en politieke magsblok gevestig kon word.

Die politieke sosialisasie proses of sosiale ingenieurswese moet gesien word teen die agtergrond dat die meeste leidende politieke rolspelers in die beginjare van die 20^{ste} eeu uit die dampkring van Stellenbosch (Victoria-kollege) gekom het. Op daardie stadium was dit die enigste nie-buitelandse tersiêre instelling waarheen Afrikaanssprekendes hulle kon wend. Victoria-kollege (die latere Stellenbosch Universiteit) het die reputasie dat 'n oorwegend liberale invloed op studente uitgeoefen word. Meer konserwatiewe tersiêre inrigtings, soos die Transvaalse Universiteitskollege (TUK), Bloemfontein en die universiteit op Potchefstroom (PUK), het eers later vir die Boere in die noorde beskikbaar geword. Daar moet verder in gedagte gehou word dat die geldende mening, wat deur die Victoria-kollege (latere Stellenbosch Universiteit) gevestig is, op die noordelike universiteite 'n beduidende invloed uitgeoefen het, aangesien die eerste lektore en professore, met hul gevestigde sieninge, noodwendig aanvanklik uit die suide deur die noordelike universiteite gewerf is.

Daar moet verder in gedagte gehou word dat die politieke bestel van 'n Unie met vier provinsies 'n gegewe was. Die Afrikaanssprekende elite het gereken dat oorlewering vir BASA20 slegs langs die weg van 'n politieke eenheid, wat as magsbasis kan dien, bereik kan word. Dit het die paradigma onder die elite gevestig dat eenheid noodsaaklik is vir oorlewing van die

Blanke in Suider-Afrika. Daar word later geargumenteer dat eenheid nie noodsaaklik is nie en dikwels juis *teen* oorlewing werk.

Die antagonisme jeens die Engelsman was nog tot so 'n mate vars in die geheue van die Boer dat dit ondenkbaar was om eenheid met en politieke samewerking tussen die Engelsman en die Boer te bewerkstellig. Daar is dus gepoog om eenheid te grond op Afrikanernasionalisme of 'n Afrikanernasie wat geskoei is op 'n fiktiewe *All-Afrikanerdom-eenheid*. Blankisme is eers ná die totstandkoming van die RSA na vore gebring. Let daarop dat die nasionale strewes, nasionale klanke en mikpunte, wat deur die AB en later deur die NP gepropageer is, politieke gewin en mag as enigste mikpunt in gedagte gehad het. Die NP moes die republikeinse vryheidstrewes van die Boer en die Pro-Republikeinse-Kolonialer, ter wille van politieke wins, akkommodeer en het geen ander keuse gehad as om uiteindelik 'n republiek (RSA) in 1961 tot stand te bring nie. Dit is belangrik om daarop te let dat grense binne die nuwe republiek arbitrêr getrek is sonder om die verspreiding van etniese konsentrasies in ag te neem. Dít was trouens een van die groot tekortkomings van die vasstelling van postkoloniale regimes dwarsdeur Afrika (Harari 2015:191) . Die rede en gevolg was dat getalle by die stembus en nie volksbelang nie, die bepalende faktor by die politiek van die dag was.

Die Boer het volgens die gevestigde patroon, meestal, behalwe vir enkele uitsonderings, teruggestaan wanneer dit by die bedryf van partypolitiek kom. Soos reeds gemeld, is die leiersposisies oorwegend deur “geleerde Afrikaners”, wat in die Kaap afgestudeer het, ingeneem. 'n Verdere faktor wat in gedagte gehou moet word, is die feit dat die Boer ná die Tweede Vryheidsoorlog en ná die Boereopstand van 1914-15 finansiële vernietig is. Droogte en runderpes het verder sy tol geëis en het daartoe bygedra dat die Boer moes oorleef. Hulle is dus nie in 'n posisie geplaas waar suksesvolle partypolitiek bedryf kon word nie. Baie Boere is in 1944 geïnterneer en in die tronk gegooi en het daardeur ook verdere finansiële skade opgedoen.

'n Belangrike rede hoekom die Boer nie by die regering van die dag betrokke geraak het nie, kan deur die politieke ryppwordingsprosesse, soos deur Gladwell uiteengesit, verklaar word (Figuur 9.1).

Hierdie situasie waar die Boer die leierskap vermy, het later geleidelik tot 'n mate verbeter en positief verander na gelang die Boer ekonomies meer gevestig geraak het en sy nasate ook die geleentheid gekry het om

akademies te presteer. Al meer onderwysers en ander beroepslui het deel van die Boer se samestelling geword. Selfs nadat Boere professionele posisies bekleed het, is hulle weens toewyding aan hulle beroep ook nie maklik oorgehaal om by partypolitiek betrokke te raak nie. Die betrokkenheid van Boere by partypolitiek het deurentyd traag gebly aangesien die Boer telkens weens die gevolge van sy vryheidstryd teruggeplaas is na die situasie van 'n dag-tot-dag oorlewingstryd (Figuur 9.1).

Politieke leiers se insette op die Boervolk

DIE AFRIKANER-POLITICI, soos Botha, Smuts, Hertzog, Malan, Verwoerd en Vorster is voorbeelde van politieke leiers wat 'n suiwer politieke agenda bedryf het met drie uitgangspunte, naamlik *ideologie*, *politieke mag* en *oorlewing* as kern van hulle benaderings. Die balans tussen dié drie faktore was dikwels in die weegskaal. Botha en Smuts het byvoorbeeld nie die republikeinse vryheidstewe of ideologie van die Boer gedeel nie en het oorlewing van die Blanke en politieke mag vooropgestel. Hulle was ten gunste van 'n eenheidstaat, waar die Afrikanernasie en die Engelsman 'n alliansie moes vorm ter wille van oorlewing te midde van potensiële (dreigende) swart oorheersing. Hulle het ook die basis vir apartheid, soos deur Rhodes en Milner gevestig, ter wille van oorlewing (van die Blanke) voortgesit, soos terloops die norm van die dag in die hele wêreld en in die besonder in die VSA was.

Generaal Louis Botha was 'n geliefde en suksesvolle Boeregeneraal. Hy het 'n charismatiese persoonlikheid gehad en was aanvanklik geliefd onder sy mense. Onder die invloed van Smuts en weens die feit dat hy pro-koloniaal en pro-Engelse gedraai het, is hy uiteindelik deur sy eie mense verwerp en as 'n "jingo" afgemaak. Hierdie verwerping het volgens sommige waarnemers tot sy dood (moontlike selfmoord) gelei. Botha het aan generaal De la Rey verklaar: "Ek het trou gesweer aan die Britse regering!" (Bienedell *s a*:9).

Hierdie veranderde houding van Botha word weerspieël in die feit dat hy tydens die debat voor die Vrede van Vereeniging in Mei 1902 verskeie generaals, wat die oorlog teen die Britte wou voortsit, oorgehaal het om die vredesooreenkoms te aanvaar deur aan hulle te sê:

“Die dag sal kom wanneer daar ’n Europese oorlog sal uitbreek; en wanneer daardie dag kom, sal ons wapens vir onafhanklikheid opneem.” Toe die dag in September 1914 wel aanbreek, toe laat Botha sy voormalige kamerade skiet en veg hy saam met die Britte (Benedell s a: Voorblad).

Generaal Jan Smuts was ’n omstrede figuur. Sy politieke geskiedenis lok uiteenlopende reaksie uit. Aan die een kant het hy as skitterende Boeregeneraal tydens die Tweede Vryheidsoorlog opgetree, maar aan die ander kant was hy baie duidelik pro-Brits en ’n prominente internasionale figuur. Hy was (waarskynlik) nie lid van die AB nie. Dan was hy ook verder ’n kontroversiële figuur as die navorolger van die Britse beleid van apartheid ter wille van Blanke oorlewing.

Daar kan gestel word dat hy in al sy optredes pragmaties opgetree het en telkens gepoog het om die situasie krities en objektief te ontleed. Hy was baie hardwerkend en het telkens omstandighede vooraf ontleed en op skrif gestel, met die gevolg dat hy ander mense voor vergaderings met ’n kritiese ontleding van die situasie voorgespring het en telkens die kalklig daardeur gesteel het. Dit het waarskynlik sy ego gestreel. So was dit, onder andere, met die Vrede van Vereeniging, met die vredespogings in Versailles en met die stigting van die Volkebond in 1919 (Giliomee 2004:346).

Alhoewel hy ’n generaal aan die Boere se kant in die Tweede Vryheidsoorlog was, het hy die Gees van die Koloniale of die Kolonialergesindheid in hom gehuisves of openbaar. Volgens Pretorius (2022b) was hy:

as “geleerde koloniale” ingevoer ZAR toe omdat hy ’n regsgeleerde was en Paul Kruger hom as staatssekretaris aangestel het. Hy het dus as volwassene, nadat hy studeer het eers ZAR toe getrek.

Hy het as politikus nooit die republikeinse strewe van die Boer geopenbaar nie, trouens sy vriendskap met Rhodes, wat ’n uitgesproke vyand van die Boer was, bevestig hierdie stelling.

Generaal JBM Hertzog, wat ook ’n produk van Victoria-kollege (Stellenbosch) was, het aanvanklik die ideologiese pad (van die Volk) bewandel en die republikeinse strewe gepropageer. Onder die invloed van Smuts, ná die amptelike erkenning van Afrikaans as taal in 1925 en nadat Suid-Afrika as staat by die Statebond in 1926 toegelaat is, het sy fokus verskuif na dieselfde magsbasis en oorlewingsiening wat Smuts en Botha gevolg het (Muller 1979:375). Hy het die republikeinse strewe na ’n Boererepubliek opsy geskuif nadat hy deur Lloyd George^[116] se houding by Versailles ontmoedig is (Robbertze 1996:36). Hy het homself hierna beywer

om die Engelsman en die Afrikaner te verenig. Die Boergesinde kiesers het dié gedagte en sy leierskap verwerp. As openlike teëstander van die AB is hy uit die samelewing geskuif en het in eensaamheid gesterf (Wilkens & Strydom 1978:52-70).

Doktor DF Malan is van dieselfde omgewing as Jan Smuts afkomstig, naamlik Riebeeck-Wes in die Kaap. Hy het teologie aan Victoria-kollege (Stellenbosch) afstudeer. Hy het ook aan Utrecht Universiteit in Nederland studeer. Ten spyte van die dampkring van die kulturele erfenis van die Kolonialer waarbinne hy grootgeword het, was hy ingestel op die samevoeging van die Afrikaner as eenheid “ter wille van oorlewing.” Hy was veral ingestel op die opheffing van die Afrikaner en die bevordering van die Afrikaanse taal (Giliomee 2004:317). Hy was ’n goeie politikus en het die atmosfeer telkens reg ge lees.

Giliomee (2004:371) stel dat: “Omdat hy [Malan] geweet het dat dit die Engelssprekendes sou ontstel, wou hy ’n republiek nie ’n prioriteit maak nie en het dit eers ná druk van die noordelike Nasionaliste in die partybeleid opgeneem.” Om die Pro-Republikeinse-Kolonialer en die Boergesindes politie te akkommodeer, word hy toe, ten spyte van ’n Kolonialer agtergrond, “pro-republikeinsgesind”. Hy was volgens Schönteich en Boshoff (2002:15) asook volgens Stromberg (1999:23) as lid en as leier van die AB een van die hoof-argitekte van die sosiale ingenieurswese, wat ten doel gehad het om die Kolonialer en die Boer in ’n eenheid saam te sosialiseer. Daar kan gestel word dat hy konserwatief in denke was, maar nie ’n Boeregesindheid geakkommodeer het nie. Hy het nooit van die Boer gepraat nie. Dit kan gestel word dat hy ’n konserwatiewe Afrikaner was, maar nie ’n Boer nie.

Hans Strijdom het Malan in 1954 opgevolg en was amper van die begin van sy termyn as Eerste Minister sieklik en sterf in 1958 (Giliomee 2004:466). Hy het nie werklik ’n prominente rol ten opsigte van die Boervolk gespeel nie, maar het as Transvaalse leier van die NP die beheer deur die Kolonialers oor die NP tydelik onderbreek. Die indruk was dat hy as prokureur in Nylstroom die gees van die Boeregesinde Afrikaner beleef en verstaan het, ten spyte daarvan dat hy in die Kolonie, in die Baviaanskloofberge, grootgeword en aan die Kaap studeer het.

Doktor HF Verwoerd was ’n Hollander wat aan Victoria-kollege (Stellenbosch) afstudeer het. Hy was ’n briljante student en is baie jonk reeds as professor aangestel. Hy was hoogs intelligent, ’n sterk leier en het

as leiersfiguur en lid van die AB deel aan die sosiale ingenieurswese proses gehad. Hy het nooit 'n Boeregesindheid openbaar of die Gees van die Boerevolk uitgestraal nie, trouens, hy was deel van die denkers wat die Afrikaner en die Engelsman in 'n politieke en sosiale eenheid (ter wille van oorlewing) wou verenig. Die Republiek (RSA), wat onder sy bewind in 1961 tot stand gekom het, was nie aanvaarbaar vir die Boer nie. Dit het nie die Boer se behoefte aan 'n eie grondgebied, waaroor hulleself kon regeer, bevredig nie. Verder het die RSA die tekortkoming gehad dat die swart burgers sonder stemreg gehuisves is binne 'n “gesamentlike grondgebied.”

Sy tuislandbeleid kon dalk geslaag het indien hy genoeg tyd gehad het om dit te implementeer, indien hy aan die Boervolk ook 'n tuisland bewillig het en indien hy die voorstelle vir 'n oplossing deur Sabra ernstig opgeneem het. Sabra wou swart arbeid uit die “wit gebiede” onttrek en na die tuislandgrense verskuif. Verwoerd het die versoek deur die Boere (Maritz 2008) asook die voorstelle deur Sabra van die tafel gegee. Hy het uiteindelik Sabra heeltemal “oorrompel” (Scholtz 2018:108,132).

Advokaat John Vorster is, uit die hoek van die Boer, die spreekwoordelike wolf in skaapklere. Volgens Giliomee (2004:501) was Vorster die “kandidaat van die verkrampes, veral in Transvaal, maar dit het gou geblyk dat hulle hul met hom misgis het.” Giliomee (2004:501) stel verder dat:

Hoewel hy 'n Transvaalse kiesafdeling verteenwoordig het, was hy in werklikheid 'n man van die Kaap. Hy het op Stellenbosch gestudeer, sy skoonvader was 'n direkteur van die Nasionale Pers en sy politieke leermeester was Paul Sauer, 'n tipiese Kaapse Nasionalis (*Kolonialergesinde Afrikaner).

Die feit dat hy 'n generaal in die Ossewabrandwag was, het die republikeinsgesindes onder die indruk gebring dat hy behoudend was. Hy het eers op 'n laat stadium van sy politieke loopbaan, ná 1958, lid van die AB geword (Pretorius 1996:141).

Advokaat Piet Pretorius skryf in *Volksverraad* (1996:103):

B.J. Vorster, wat self 'n Vrymesselaar was, was op daardie stadium hoofbestuurslid van die Afrikanerparty en gelyktydig ook 'n Ossewa-Brandwag-generaal.

Hy het volgens doktor Connie Mulder^[117] altyd almal – weerskante van die spektrum – in sy uitsprake probeer tevrede stel. Mulder het gesê dat hy as Vorster se perssekretaris telkens opdrag gekry het om 'n stelling dubbelsinnig te stel, sodat elke leser (of hoorder) die inhoud, wat hy/sy

graag daarin wou sien, as betekenis moes interpreteer. Hy het as leier reeds begin kapituleer voor die Amerikaanse politieke druk om die land oor te gee. Hy het nooit die saak van die Boer bevorder nie.

Oor **PW Botha** en **FW de Klerk** kan slegs gemeld word dat hulle dade daarvan spreek dat hulle die Boergesindes as vyande van die staat hanteer het. Hulle het nie gehuiwer om die polisie aan te wend om gewelddadig teenoor Boere en Boergesindes op te tree nie. Die volle mag van die veiligheidsdienste is teen die regse vleuel van die politieke spektrum aangewend. Dit sal verder in die geskiedenis opgeteken staan dat De Klerk die geleentheid om vir die Boergesinde Afrikaner 'n volkstaat te beding, by hom laat verbygaan het. Trouens, hy het toegelaat dat BASA21 as “bedremmelde verloorders van 'n oorlog”, uit 'n uiters swak gehanteerde “oorgawe” getree het.

Dit is van belang om te let dat, volgens Giliomee (2004:370), die Kolonialers vanaf die 1930's tot met 1954, toe Strijdom eerste minister geword het, die politieke toneel oorheers het. Die restant van die NP se termyn was die besluite eweneens gedomineer deur die gees van die Koloniale gesinde Afrikaners van die Kaap. Dit word aanvaar dat ten spyte van die beste bedoelinge van al bogenoemde groot manne en die verskillende “eenheidsorganisasies” wat hulle verteenwoordig het, dat nie een van daardie organisasies die wa deur die drif getrek het nie, want “yster en klei meng nie.”

Gevolgtrekking (Hoofstuk 10 en 11)

DIE SAMESTELLING EN ontwikkeling van die Afrikanernasie toon duidelik aan dat die Koloniale en die Boer die boustene van die Afrikanernasie was – elkeen met 'n unieke kulturele erfenis. Die Afrikanernasie is die produk van 'n politieke korttermyn krisisbestuur. Die leiers van die dag, wat die Afrikanernasie help skep het, het in goedertrou gepoog om die beste oplossing vir sy mense op daardie oomblik te beding. Ongelukkig geld die fenomeen van imperiale uitbreiding, soos deur Harari (2015:191,197) beskryf, dat “tydens ontwikkeling van groter kulture, die kleiner kulture in die groter groepering opgeneem word en verdwyn.” Die Boer sou waarskynlik as noodwendige gevolg binne die Afrikanernasie verdwyn het as die kulturele erfenis van die Boer nie so pertinent gevestig was nie.


Dit is 'n hersenskim om van die Boer te verwag om sy unieke kulturele erfenis prys te gee en dit met dié van die Kolonialergesinde Afrikaner te vervang. Dit is eweneens ondenkbaar dat die Kolonialergesinde Afrikaner die vryheidstrewa en behoudende kulturele erfenis van die Boer sy eie sal maak. Vergelyk hoe die Xhosas, Zoeloes, Sjangaans, Ndebeles en Matabeles, wat almal deel van die Nguni groepering is, as onafhanklike volkere hul eie kulturele erfenis uitleef en selfs bereid was om met mekaar oorlog te voer. Eweneens vorm die Boer en die Afrikaner twee aparte groeperings.

Die Kaapse Afrikaner het nie nodig nie of hoef nie deel te vorm van die Boer se onafhanklikheidstrewa nie, want dit is nie wie hy is nie. Deon Maas (La Vita 2016) is reg as hy sê: “ [Ek] is 'n Afrikaner en is gatvol daarvoor dat ander mense, ... die woord vir hulleself toeëien en voel dat ek nie op die woord geregtig is nie”. Aan die ander kant is advokaat Lourens Joubert ook reg, wanneer hy sê: “Diegene met 'n soeke na volkskap is Boere, wat tot die Boerevolk behoort en basta met die res.”

Indien Max du Preez, Tim du Plessis en Agri SA as Afrikaners bereid is tot konformasie en nie 'n vryheidsgesindheid openbaar nie, is dit deel van hulle Afrikaner kulturele erfenis en ook hulle goeie reg om dit te propageer. Die Boer moet insgelyks ruimte gebied word om sy kulturele erfenis uit te leef en behoort dieselfde geleentheid as die Kolonialergesinde Afrikaner in die media te kry, sodat hy sy vryheidsideaal kan propageer.

Die korttermyn sowel as die langtermyn oplossing van BASA21 is nie gesetel in die totstandkoming van die kunsmatig saamgeflanse Afrikanernasie nie, maar die oplossing sal by die groeperinge, wat aanvanklik die Afrikanernasie gevorm het, gesoek moet word. Die vryheid soekende kulturele erfenis van die Boerevolk sal uitgebou moet word en ter wille van oorlewing, tot voordeel van die groter eenheid, aangewend moet word. Dit bring ons nou by die ontleding van blankisme, wat tydens Fase 5 bevorder is.





HOOFSTUK 12

BLANKISME WORD BEVORDER (FASE 5)

Inleiding

Tot dusver is in hierdie studie vier van ses fases met betrekking tot Afrikaner-identiteitsontwikkeling ontleed. Tydens Fase 1 (1600 tot 1700) het die voorsate van die Afrikaner gesamentlik ontwikkel en het duidelike aanduidings van verwydering tussen die verskillende groepe ontstaan. Tydens Fase 2 (1700 tot 1800) het die kloof tussen die twee groepe (die proto-Boer en die proto-Afrikaner) duidelik na vore getree en tydens Fase 3 (1800 tot 1900) tot so 'n mate gevestig geraak dat daar na die Boervolk en die Kolonialer (of latere Kaapse Afrikaner) as afsonderlike groepe verwys kan word. In Hoofstukke 7, 10 en 11 is Fase 4 van Afrikaner-identiteitsontwikkeling tydens die periode 1900 tot 1961 beskryf. Gedurende Fase 4 vind die implementering van intensiewe sosiale ingenieurswese plaas, waartydens die Boervolk en die Kaapse Afrikaner saamgevoeg word om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit te bewerkstellig en die Afrikanernasie is tot stand gebring. Republiekwording in 1961 moes die kersie op die koek van Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme wees, maar dit het anders uitgewerk as wat verwag is. Die rede was dat die sosiale ingenieurs, wat die prosesse beheer het en die vryheidsgesindes in die volk, by mekaar verby geleef het. Ná republiekwording het die sosiale ingenieurs onder leiding van die AB en die NP (as deel van Fase 5), hul ideologie en strategie verskuif vanaf “volksnasionaisme” na “staatsnasionaisme”. Volgens hierdie beleid het die klem begin val op die *witman* se eenheid en nie meer op

Afrikanereenheid nie. Dit het Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit onder ernstige druk geplaas (Pretorius 2022a:182; Wingard 2009:164).

Die Republiek (RSA) kom in 1961 tot stand

Inleiding

DIE REPUBLIEK WAT IN 1961 tot stand gekom het, wat veronderstel was om 'n simbool van Afrikanervryheid en Afrikanereenheid te wees, word deur 'n beduidende deel van die nuutgevormde Afrikanernasie as onvolkome en onbevredigend ervaar (Muller 1979:456; Robbertze 1996:41). Die redes vir die ontevredenheid het gespruit uit die verwagting dat 'n “volksrepubliek” tot stand sou kom.

Hierdie verwagting was veral by die volksgesinde deel van die Afrikaner (Boergesindes) teenwoordig. Daar word kortliks in die geskiedenis gedelf om die verwagtinge van die ontevredenes voor republiekwording te beskryf.

Die volksgesindes wou 'n republiek in die vorm van 'n volkstaat oprig

WINGARD (2009:196) haal Van der Merwe (1969:188) met betrekking tot die strewe na selfbeskikking (voor 1961) in die verband aan. Van der Merwe stel dat dit belangrik is om daarop te wys dat wanneer van 'n republiek gepraat word, daar uitdruklik deur die betrokkenes na die begrip *volkstaat* verwys word: “*The party (NP) undoubtedly accepted the provision that the republic would be an Afrikanervolkstaat*”. Dit beklemtoon die feit dat die volksgesindes en vryheidsgesindes met die uitoefening van hulle vryheidstrewe hulle baie ernstig van voorneme was om 'n Afrikanervolkstaat [*Boerevolkstaat] op te rig.

Om die stelling van Wingard (2009:194-197) te beklemtoon, word die verskillende organisasies, wat as deel van die “Volkstaatsbeweging” gereken kan word, in Tabel 12.1 gedokumenteer. Let daarop dat Wingard se boek (*Reis na Vryheid*) as die kerngedagtes van die Volkstaatraad se bevindings gesien kan word.

Tabel 12.1: Buite-parlementêre organisasies wat hulle op die een of ander manier (voor die stigting van die RSA) vir 'n volkstaat beywer het (Robbertze 1996:39).

ORGANISASIE	LEIERS
Ossewabrandwag	Kmdt. Laás en later dr. Van Rensburg
Ossewagroep	Tienie Grobler
Boerenasie	Manie Maritz
Stryderskommando	Ontstaan in Vredendal 1938
SA Reddingsdaadbond	CK Smit
Boerekommando	JD Carter
Nasionale Raad van Trustees	Dr. Albert Hertzog
CR de Wet-beweging	
Christelik-Republikeinse Beweging	
Die Republikein	Dr. Steyn Vorster
Die Ware Volksvereniging	Prof. CJH de Wet
Handhawersbond	

DIE “VOLKSTAATBEWEGING” neem die vorm van ’n “volksbeweging” aan en ’n verskeidenheid standpunte ten opsigte van ’n volkstaat tree deur middel van die verskillende organisasies na vore (Wingard 2009:196-197). Alhoewel die Ossewa-brandwag (OB) die meeste invloed binne die Volkstaatbeweging uitgeoefen het, kon nie een van die organisasies in Tabel 12.1 die beweging monopoliseer nie. Die aanvanklike doel van die OB was om Afrikaners buite en bo die partypolitiek te verenig en om hulle met ’n kragtige begeerte, geskoei op Afrikaner-Calvinistiese tradisies, tot vryheid en onafhanklikheid te inspireer. Dit word ook afgelei dat die OB hoofsaaklik bestaan het uit vryheidsgesindes en Volksgesindes (Boergesindes).

Verder is dit belangrik om daarop te let dat baie Afrikaners, veral die vryheidsgesindes, reeds vóór republiekwording, ontnugter geraak het met die partypolitiek as instrument om uitvoering aan hulle vryheids- en selfbeskikkingstrewes te gee. Volgens die vyfde verslag van die Volkstaatraad verklaar NGS van der Merwe in 1935-36: “*I permanently lost all faith in party politics ... since then I started to exert myself for the establishment of a volksbeweging (movement of the people)*” (Robbertze 1996:37). Die ontnugtering van die kiesers lei daartoe dat die politici daarvan kennis geneem het. In April 1935 besluit die Transvaalse Kongres van die NP dat “die Party hom ten doel stel om die selfbeskikkingsreg van die Unie langs konstitusionele weg toe te pas totdat Suid-Afrika ’n

soewerein-onafhanklike republiek sal wees, afgeskei van die Britse Kroon en Gemenebes” (Van Schoor 1966:172-173). Dit lei uiteindelik daartoe dat ’n referendum in 1960 gehou is en dat die RSA tot stand gebring is op 31 Mei 1961 (Giliomee 2004:445, xii).

31 Mei is ’n swart dag in die Boervolk se geskiedenis

DIT IS NODIG OM ’N OOMBLIK stil te staan by die 31^{ste} Mei in die Boervolk se geskiedenis. Die 31^{ste} Mei 1961 is een van die min dae wat saam deur die Boervolk en die Afrikaner gevier word. Let daarop dat 31 Mei in werklikheid ’n swart dag in die Boervolk se geskiedenis is:

- Op **31 Mei 1902** word die Boer deur middel van ’n vernederende vredesooreenkoms aan ’n *Britse regime* onderwerp.
- op **31 Mei 1910** word die Boer in sy eie republieke aan ’n *Anglo-Afrikaner regime* onderwerp en
- op **31 Mei 1961** word die Boer saam met die Afrikaner aan ’n “*Blanke regime*” onderwerp (Pretorius 2012:18, 19; 2022:158-159).

Die uitslag van 1960 se referendum

VOORDAT DIE IMPAK VAN die Republiek op die inwoners van Suid-Afrika bespreek word, is dit nodig om die uitslag van die referendum oor die verkryging van ’n republiek in 1960 te ontleed. Daar was 1 790 000 Afrikaanssprekende stemgeregtigde kiesers. Die uitslag was 850 458 kiesers (52%) ten gunste van ’n republiek, terwyl 775 878 kiesers (48%) die monargale staatsvorm wou behou. Minder as die helfte van die Afrikaanssprekende Afrikaners het dus ten gunste van ’n republiek gestem (Du Toit 2009:83-84). Dit beklemtoon die rol en omvang van die kolonialergesindes, asook die inherente verdeeldheid binne BASA20.

Die republiek (RSA) van 1961 voldoen nie aan die volkstaat (gesindes) se verwagtings nie

DIE REPUBLIEK SE GRONDWET het merkwaardig min verskil van die Unie-grondwet van 1909. “Die doel van republiekwording was meer om ’n enkele politieke lojaliteit vir alle wit Suid-Afrikaners teweeg te bring” (Giliomee 2004:445). Die aanhangers van die volkstaatsbeweging was

uiteraard ontnugter en ongelukkig met die finale grondwet van die RSA. Daar is verwys na die nuutgestigte RSA as 'n "metropolitaanse gebied", wat aandui dat dit beslis nie aan die verwagtings van 'n volkstaat voldoen het nie (Wingard 2009:33).

Die NP het die klem in toenemende mate op Suid-Afrika as 'n *blanke staat* geplaas (Wingard 2009:199). Die party se beleid was veral sedert 1954 en veral onder die leiding van dr. HF Verwoerd in 1958, gemik op die identifisering van nasionale state (tuislande) waar swartmense selfregering en selfbeskikking kon verkry (Robbertze 1996:40). Daar is nie voorsiening gemaak vir 'n Afrikaner-tuisland, Boere-tuisland of selfs vir 'n blanke tuisland nie. Die uitgangspunt was dat veral Verwoerd bereid was om verdeling as praktiese politiek toe te pas. Sy beleid het daarop neergekom "dat daar in Suid-Afrika een blanke nasie en tien swart nasies is. Ná onafhanklikheid sou die swart state afskei, sodat die restant van Suid-Afrika 'n "blanke" staat sou wees (Robbertze 1996:40). Let daarop dat Verwoerd na 'n *nasie* verwys het en geensins na 'n *Afrikanervolk* nie, allermens na 'n *Boervolk*.

Kort na republiekwording het 'n afvaardiging, wat hulleself as *Boere* bestempel het, onder leiding van Manie Maritz, oudstoeier en seun van generaal Manie Maritz (een van die leiers tydens die Boereopstand van 1914), vir dr. Verwoerd gaan spreek en 'n "Boerestan" (vergelyk die term *Bantoestan*) vir die Boervolk versoek. Verwoerd het dit van die hand gewys (Figuur 9.2).^[118]

Republiekwording moet teen hierdie agtergrond beskou word. Die republiek was nie volgens die kontemporêre politici veronderstel om 'n volkstaat te wees nie (Wingard 2009:199). Trouens, Verwoerd het dit duidelik gestel dat hy nie die herstel van die ou republikeinse vorme, wat in die ZAR en OVS gegeld het, beoog nie. Die grondwetlike posisie met betrekking tot Afrikanerselfbeskikking het dus nie met republiekwording verander nie. Dit was bloot 'n voortsetting van die posisie wat sedert uniewording gegeld het. Die gevolge was, in die woorde van Albert Venter (2011:1): "... *the republic has become a historic artefact that has disappeared from the consciousness of the vast majority of ordinary white Afrikaners.*" Ten spyte hiervan het die gedagte van selfbeskikking steeds gewild gebly onder die Boergesindes binne die breër Afrikanerdom, soos uit die referendumuitslag van 1960 geblyk het (Robbertze 1996:41).

Afrikaner-identiteit is egter weens die totstandkoming van die RSA onder druk geplaas. Die wegbeweeg van die teleurstellende Grondwet van die RSA na die meer liberale en minder volksgerigte beleid van die Republiek se kontemporêre regimes, het toenemend druk op Afrikanereenheid geplaas en skeidslyne beklemtoon.

Gevolgtrekking

DIE SOSIALE INGENIEURS of bevorderaars van Afrikanereenheid, van Fase 4 (die NP en AB), het tydens die verloop van Fase 5 opgehou om Afrikanereenheid te bevorder. Trouens, die nuwe benadering van die maghebbers om weg te beweeg van Afrikanereenheid het Afrikaner-identiteit onder druk geplaas. Die totstandkoming van die RSA was, in plaas van 'n mylpaal in die geskiedenis van die republikeinsgesinde (volksgesinde) deel van die Afrikaner, die begin van die “einde van volksisme”. Veral die bevordering van blankisme het nie net weerstand nie, maar ook verdeeldheid onder Afrikanergeledere tot gevolg gehad (Bruwer 1988:46-47).

Blankisme beïnvloed Afrikaner-identiteit

SOOS REEDS UITGEWYS het die beleid van die Nasionale Party regime van die RSA (na 1961) die wegbeweeg vanaf Afrikanereenheid bevorder. In die proses is blankisme gevestig (Bruwer 1986:45; Wingard 2009:197). Dit het behels dat die Afrikaner en die ander blankes in Suid-Afrika as 'n “nuwe eenheid”, naamlik as “Blank Suid-Afrika”, gesamentlik moes funksioneer. Hierdie beleid het geïmpliseer dat die Engelse as medelede van die “nuwe nasie” omhels moes word. Weens sekere historiese verhoudings en gebeure het dit bepaalde uitdagings tot gevolg gehad (Bruwer 1988:46-47).

Die antagonisme jeens die “haatlike” Engelsman was nog tot so 'n mate vars in die kulturele geheue van die Boer gevestig dat dit byna ondenkbaar was om politieke samewerking tussen die Engelsman en die Boer te bewerkstellig. Die Kaapse Afrikaner het nietemin, soos oor die afgelope dekades heen, gemaklik met die Engelsman oor die weg gekom (Bothma 2015:v, 201-202). Hierdie ingesteldhede van die twee groepe moet in gedagte gehou word wanneer die vestiging van blankisme ter sprake kom.

Die Engelsman het nog altyd op die Afrikaner, maar veral op die Boer, as sy mindere neergesien (Opperman Lewis, 2018:143, 185, 205, 247). Die leed wat deur die Engelse vir die Boervolk veroorsaak is, bly steeds kleef en daarom het saamhorigheid tussen die Boer en die Engelsman moeilik plaasgevind (Opperman Lewis, 2018:36, 51, 82, 134, 139).

Dit het 'n dramatiese verskuiwing in denke by die lede van die Boergesindes vereis om die Engelsman en voormalige aartsvyand nou as medestryder om oorlewing en as nuutgevonde “vriend of kameraad” en medelid van die “blanke Suid-Afrikaanse nasie” te akkommodeer. Om die nuwe paradigma van 'n blanke nasie te vestig, was 'n politieke sosialisasieproses nodig. Die politieke doelwit het van die vestiging van 'n Afrikanernasie en Afrikanereenheid na die skepping van 'n Blanke nasie en Blanke-eenheid verander – dit ter wille van oorlewing teen die “swart gevaar” (Giliomee 2004:306, 461; Liebenberg & Spies 1993:300). Die gesamentlik grensdiens tydens die oorlog in Angola het in 'n mate versoening by 'n sekere deel van die bevolking gebring.

Verwoerd het ter wille van die uitvoering van hierdie beleid twee Engelse, naamlik menere Trollip en Waring, in sy kabinet opgeneem. Dit het daarop gedui dat die klem sterker gelê moes word op die versoening tussen Engelse en Afrikaanse volksgroepe en deur die Engelsman en Afrikaner te laat saamsmelt om 'n politieke magsblok te vorm. Dr. Verwoerd en sy opvolgers, mnre. Vorster en Botha, het vanaf 1961 tot 1984 nie minder nie as 500 000 nuwe Engelse die land ingebring om die Engelse se getalle te versterk. Dit het die nuutgevestigde Afrikanernasie en in besonder die Boergesinde of volkgesinde Afrikaner se posisie tot so 'n mate geknou dat hulle (volgens Bruwer) nie weer binne die RSA konteks sou kon herstel nie. Bruwer (1986:45) stel verder dat: “van die 500 000 immigrante het kwalik 20 000 verafrikaans, die orige 480 000 het almal die Britse kultuur in Suid-Afrika versterk.

Die liberale Afrikaner het heeltemal gemaklik met die Engelsman versoen en homself met blankisme vereenselwig. Hou in gedagte dat Brittanje teen die Boer en *nie* teen die Afrikaner nie, geveg het. Die NP se beleid is ook deur die Afrikaners by die stembus versterk, terwyl die Boergesindes ná 1961 'n nuwe politieke tuiste begin soek het en al meer weerstand teen die liberaalwordende NP begin bied het (Bruwer 1986:244). Hierdie gesindheidsverskil tussen die twee pole binne Afrikanergeledere is in Hoofstukke 8 en 9 bespreek.

Gevolgtrekking


DIE IDEOLOGIE VAN BLANKISME en die gevolglike beleidstoepassing (deur die NP- regime) ter bevordering daarvan het by 'n sekere deel van die Afrikaner weerstand tot gevolg gehad. Dit het gelei tot die versterking van die identiteit van die groep wat as “Boere” bekend wil staan. Dit het ook verdeeldheid en identiteitsverwarring by die Afrikaner as groep bevorder. Tesame met die ineenstorting van die AB en die NP, wat in die volgende hoofstuk bespreek sal word, het dit tot gevolg dat die nuutgevormde Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaneridentiteit onder ernstige druk geplaas is.

Die AB en NP stort in duie

DIE TOTSTANDKOMING van blankisme, as deel van Fase 5, was deel van die ideologie en planne van die sosiale ingenieurs van die laaste helfte van die 20^{ste} eeu. Terselfdertyd het die AB, onder die invloed van die Kaapse Afrikaner drasties na links beweeg. Dit het tot gevolg gehad dat, vanaf ongeveer 1970, 'n nuwe ontwaking van Boergesindheid ontwikkel het. Toekomsgesprek (TG) het in die begin van die 1980's ontstaan en het die AB op alle gebiede trompop beveg. Baie lede van die AB het na die nuutgestigte TG oorbeweeg of bloot uit die AB bedank.

Die verbokkeling van die AB en die NP het tot gevolg gehad dat die ondersteuningsbasis vir die handhawing van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaneridentiteit nie in stand gehou is nie. Die gevolge van Fase 5 is dat drie groepe binne Afrikaner geledere ontstaan het. Hierdie drie groepe het na 1994 sterker na vore getree en word onder die veranderinge tydens Fase 6 bespreek. Die verbokkeling van die Afrikaner word kortliks in die volgende hoofstuk bespreek.





HOOFTUK 13

DIE LAASTE DEEL VAN DIE 20^{STE} EEU:

DIE AFRIKANERNASIE SE SWANESANG

Nadat die Boer en die Kolonialer aan die begin van die 20^{ste} eeu aan 'n intensiewe proses van politieke sosialisasie en sosiale ingenieurswese onderwerp is, het die fiktiewe Afrikanernasie tot stand gekom (Deist 2002:73).^[119] Suid-Afrika is deur die Afrikanerelite deur middel van die partymasjinerie van die NP en die invloedryke netwerk van die AB, deur middel van beleid en wetgewing tot 'n Eerstewêreldland ontwikkel. Die Afrikanernasie is terselfdertyd ontwikkel en aangewend as die ratte wat die staatsdiens en semi-staatsinstellings moes dryf.

Alhoewel die Boerevolk ná 1902 in naam uitgefaseer is, het die Boere as lede van die Afrikaanssprekende groepering die geleentheid gekry om op te staan uit die as van armoede wat na die Tweede Vryheidsoorlog gevolg het. Die Kolonialer is vir die eerste keer betrek by 'n werklike groepsbewussyn, wat as gevolg van die sosiale ingenieurswese, by die Afrikanernasie kunsmatig ontwikkel is. Afrikaans is as taal uitgebou en Afrikaansgeoriënteerde instellings het 'n veilige hawe vir die Afrikaanssprekendes van die 20^{ste} eeu (BASA20) gevorm. Weens die intellektuele vermoëns van die lede van BASA20 ontwikkel Suid-Afrika tot 'n land wat op baie terreine internasionaal kon meeding en op sommige terreine selfs die voortou kon neem.

Daar was 'n ongelyke speelveld tussen die Boervolk en die Kolonialer ten opsigte van deelname aan politieke bedrywighede, reeds vanaf 1902. Daar is ook teen die Boer gediskrimineer ten opsigte van werk (Giliomee 2004:340). Die Boer was verarm en al die aandag moes gegee word aan oorlewing vir hom en sy familie. Robbertze (1996:19) stel in die vyfde verslag van die Volkstaatraad: “Hulle [*Boere] was op militêre gebied verslaan, op ekonomiese gebied platgeslaan en op politieke gebied magteloos.”

Aan die ander kant was die Afrikaner ekonomies baie beter daaraan toe en kon dus by die party-politiek betrokke raak.

Vóór die Tweede Wêreldoorlog was die internasionale wêreld op skeiding van rasse ingestel. Eers ná die Tweede Wêreldoorlog, van ongeveer die 1960's, het dekolonisasie 'n faktor in die wêreldpolitiek begin word. Hierdie aspekte word later in meer besonderhede bespreek. Suid-Afrika het sy eiesoortige probleme gehad, waar getalle 'n belangrike rol gespeel het. Die Afrikanerelite het 'n ontleding van die situasie gedoen en neem, ter wille van politieke oorlewing, sekere besluite, wat as riglyne vir die Afrikaner se apartheidsregering dien en die basis van apartheid vorm. Dit is duidelik dat die situasie verkeerd ontleed is en die gang van die wêreldpolitiek nie in ag geneem is by die ontleding nie. Die besluite het verreikende gevolge vir al die inwoners van die land gehad en lei uiteindelik tot die disintegrasie van die kunsmatige Afrikanernasie. Die proses van disintegrasie het reeds met republiekwording in aanvang geneem en daarna geleidelik plaasgevind.

Aanvanklik was die Afrikanerelite suksesvol met hulle beplanning en het die ideologie van Afrikanernasionalisme en Afrikanereenheid tot oorwinnings by die stembus, vanaf 1948, gelei. Die Boergesindes is ook op die oog af ideologies en polities geakkommodeer deur die totstandkoming van die RSA in 1961. Hou in gedagte dat die Afrikanerelite hoofsaaklik ekonomies ingestel was en dat die meeste politici beroepsgedrewe (beroepspolitici), in plaas van volksgedrewe, was. Besluite was gemik op die oorlewing van die party “by die volgende twee verkiesings” en nie ingestel op die oorlewing van “die volgende twee generasies van die volk” nie. Hierdie fenomeen manifesteer dwarsdeur die verloop van die geskiedenis.

Ná 1961 verander die politieke planne van die Afrikaner-regering en word Afrikanereenheid, ter wille van politieke oorlewing, met 'n ewe

kunsmatige Blanke-eenheid vervang, soos in die vorige hoofstuk bespreek is. Die Afrikanerelite poog om die Engelsman, die Boerevolk se voormalige vyand, as deel van Blanke-eenheid, by die kunsmatige Afrikanernasie te voeg. Die Boergesinde Afrikaner en diegene wat hulleself Boere noem, bied hierteen weerstand. Die republikeinse strewe, wat deel van die Boer se kulturele erfenis is, word ook nie met die republiek wat deur die Afrikaner-regering tot stand gebring is, vervul nie. Die Boer vertrou steeds nie sy voormalige vyand, die Engelsman, wat deur die Afrikaner by die nuwe alliansie betrek is nie. Die Boergesinde Afrikaner sien ook nie die republiek as 'n gebied waarbinne volkome selfbeskikking toegepas kan word nie. Aan die ander kant beskou die Engelsman die Blanke-eenheid ook nie as 'n samebindende eenheid nie, intendeel, die Engelsman beskou homself steeds verhewe bo die Afrikaanssprekendes. Die geskiedenis toon dat *Blank Suid-Afrika* nooit as 'n eenheid tot stand gekom het nie.

Die polarisasie binne die kunsmatige Blanke eenheid lei spoedig daartoe dat die magsbasis van die Afrikanerelite begin verkrummel. Die eens magtige NP verloor steun en die AB verwater tot 'n sosiale klub, wat sy aanvanklike doelwit om die Afrikaner se belange te behartig versaak deur sy geledere in 1993 oop te stel vir alle rasse, tale en geslagte.^[120] Die eens magtige propagandamasjinerie, wat Suid-Afrika se lotsbestemming deur die politieke sosialisasie georkestreer het, kom tot 'n stilstand. Die gevolg is die totstandkoming van 'n rigtinglose, leierlose BASA20 wat oorgaan in BASA21 en wat geen magsbasis of samebindende ideaal demonstreer nie.


By gebrek aan 'n ideaal voeg die liberale Afrikaner sy gewig aanvanklik agter die najaag van die totstandkoming van 'n fiktiewe reënboognasie. Die reënboog verdwyn egter, soos 'n reënboog maar maak, in die mis. Die NSA se reënboogregering verskuif die aanvanklike "Madibagesindheid" van akkommodasie van alle inwoners en die gees van versoening na 'n vyandiggesindheid teenoor alle blankes. Wetgewing, wat die witman degradeer tot 'n tweedeklasburger, word op alle terreine van die samelewing geïmplementeer.

Hierdie negatiewe gesindheid van die regering, amptenare en howe plaas BASA21 in 'n oorlewingstryd, wat oplossings langs nuwe riglyne vereis. Die belangrikste gevolge van die disintegrering van die AB en NP is dat Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaneridentiteit saam met die instellings versplinter. Die kloof tussen die Boergesinde Afrikaner en die Kolonialergesinde Afrikaner verdiep en uitdagings word verskillend

hanteer. Dit lei tot verdere onsekerheid en verwardheid oor identiteit. Dit is ironies dat kommentators aan weerskante van die kloof deur die konseptuele blok van “Afrikanereenheid” verblind is en nie die oorsprong óf bestaan van die kloof erken of raaksien nie.

Die finale resultaat van die swanesang van die Afrikanernasie is die uitkristallisering van twee herkenbare pole aan weerskante van ’n tussengroep wat voorlopig as die Boere-Afrikaner identifiseer word. Sisk (1993:97) stel dat die Afrikaner(nasie) se samebindende nasionalisme vanaf die sestigerjare verander het na twee groepe: een wat steeds aan Afrikanernasionalisme (*Boergesindes) vasklou en die tweede groep wat glo aan ’n inklusiewe, nie-rassige toekoms binne ’n eenheidstaat (Kolonialergesindes). Alhoewel hy nie die term Boer in sy skema ingebring het nie, tref hy ’n duidelike onderskeid. Alhoewel die groepe later in meer diepte ontleed sal word, kan nou reeds gestel word dat die onderskeid tussen die Boer, Afrikaner en die middelgroep nie ekstern bepaal kan word nie. Elke persoon moet self ’n besluit maak oor sy of haar identiteit. Verder kan nou reeds afgelei word dat die bestaan van verskillende groepe en die oorvleueling tussen die groepe ten opsigte van identiteit baie verwarring kan veroorsaak en tot ’n identiteitskrisis binne die BASA21 lei.

Die ligpunt is dat vanaf die 1970’s al meer mense na vore tree wat hulleself as Boere identifiseer. Johann Wingard (2009:5), wat voorsitter van die Volkstaatraad was, beweer dat “die begrip ‘Afrikanervolk’ (*Afrikanernasie) vanweë onderlinge verdeeldheid besig is om uit te sterf en dat die term ‘Boerevolk’ besig is om in die plek daarvan te herrys”. Die skrywer stem met hom saam. Hierdie “herrysenis” vorm die kern van oorlewing vir ten minste ’n deel van BASA21 en word later bespreek.




Figuur 13.1: Samevatting van die ontwikkeling van BASA21.

Samevatting van die ontwikkeling van Afrikaneridentiteit

VANAF 1652 HET DIE Proto-Afrikaner en die Proto-Boer onderskeidelik in die Kolonialer (Kaapse Afrikaner) en die Boerevolk ontwikkel. Ná 1930 en veral na 1948 pas die Afrikanerelite politieke sosialisasie en intensiewe sosiale ingenieurswese op die Kolonialer en die Boer toe sodat die kunsmatige Afrikanernasie gevorm word. Die Afrikanernasie sluit Kolonialers en Boere in, maar bestaan ook uit 'n nuwe groep, wat weens die invloed van sosiale ingenieurswese, hulleself Afrikaner noem, terwyl 'n groot deel van hulle in werklikheid 'n Boergesindheid openbaar. Nadat die NP en die AB gedisintegreer het, het die fiktiewe Afrikanernasie ook ophou bestaan. BASA21 is 'n oorblyfsel wat tans in Suid-Afrika en verspreid oor die wêreld gevind kan word en bestaan uit Boere en Afrikaners en 'n

tussengroep, wat voorlopig Boere-Afrikaners genoem en later volledig bespreek sal word.





HOOFSTUK 14

AFRIKANERIDENTITEIT WORD NÁ 1994 ONDERDRUK (FASE 6 ONTSTAAN)

Inleiding

In Hoofstukke 11 en 12 is aangetoon dat Afrikaner-identiteit vanaf 1961 tot 1994 (Fase 5) onder druk gekom het. In hierdie hoofstuk word dit 'n stap verder geneem en word aangetoon dat Afrikanerskap en Afrikaner-identiteit na 1994 (tydens Fase 6) doelbewus, doelgerig en sistematies deur die ANC regime onderdruk is.

Die ANC-regime onderdruk BASA21 deur middel van 'n beleid van transformasie. Hierdie beleid is geskoei op transformatisme en die sogenaamde Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR) (Duvenhage 2021; Netshitenze 1996:3-8; Jankielsohn 2016:2). Volgens Duvenhage (2021:7) beskryf die ANC se handboek vir politieke verandering, *Strategy and Tactics* (2007:21), die NDR as: “a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one that changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people.”

Die NDR kom 'n lang pad saam met die ANC en vorm die bloudruk waarvolgens hulle opereer. Ten opsigte van die implementering van die NDR redeneer Giliomee (2004:602) dat die ANC tydens die onderhandelingsfase oor die Grondwet 'n *klassieke strategiese oorlog* gevoer het “waarin elke toegewing wat verkry word die wegspringplek vir

die volgende eis word. Of in sporttaal: “die doelpale word steeds verskuif.” Die ANC was die hele tyd besig om ’n nasionale demokratiese rewolusie te loods waarin telkens nuwe eise gestel is. Die doelwit, volgens ’n stelling wat Thabo Mbeki in 1995 in ’n ANC-kongres gemaak het, is dat die onderhandelings oor die grondwet daarop gemik was om “wit dominasie te beëindig” en dat dit deel van ’n beplande “*transition*” was (Giliomee 2004:602).

Duvenhage (2021:7) onderskei drie fases van die rewolusie, naamlik:

- ’n *politieke oornam*e, waar beheer oor die regering en die groter regime verkry word;
- *ekonomiese transformasie*, waar staatsbeheer oor produksiefaktore en bronne soos grond, kapitaal, arbeid, minerale, water en ondernemerskap bekom word en laastens
- *sosiale transformasie*, met as uitkoms ’n samelewing waarin swart-bruin- geel- en witmense binne ’n sogenaamde reënboognasie almal gelyk is.

Ten opsigte van die *sosiale transformasie* vorm ’n *gelyke samelewing* die beleid en in die toepassing daarvan word vryheid selfs aan gelykheid ondergeskik gestel. Verder word gelykheid gekoppel aan demografie, met ander woorde bevolkingsgetalle. In die praktyk word “partylojaliste” (kaders) aangestel en gebruik om toe te sien dat beleid toegepas (afgedwing) word en oortreders vervolg word (Duvenhage 2021:9).

Die kritiek wat teen apartheid ingebring is, is dat daar teen mense op grond van hul (gekleurde) velkleur gediskrimineer is. By transformasie word op ’n soortgelyke wyse teen witmense op grond van hul blanke velkleur gediskrimineer.

Hierdie politieke, ekonomiese en sosiale impak weens transformasie het ’n direkte uitwerking op die Afrikaner se voortbestaan en eindig nie by “gelykheid” nie, maar eerder by radikale *ongelykheid* en *openlike diskriminasie* teen alle wit mense. Die diskriminasie is veral gemik op alle lewensterreine van die Afrikaner en het gevolglik ’n wesentlike uitwerking op Afrikaner-identiteit.

Tydens Fase 5 (die tydperk 1961 tot 1994) is aangetoon hoe drie groeperings binne Afrikanergeleedere na vore getree het (Hoofstukke 11 &

12). In hierdie hoofstuk word die verdere ontwikkeling van die groeperings, sekondêr (reaksionêr) tot transformasie, ontleed.

Die verskil in benadering tot of reaksie op transformasie by die drie groepe lei tot verskil in identiteit en word soos in die vorige hoofstukke met mekaar vergelyk.

Daar sal nou gekyk word na die inwerking van transformasie op Afrikaner-identiteit. Daarna sal die drie groepe binne BASA21 afsonderlik hanteer word, waarna 'n vergelyking van die groepe se benadering teenoor transformasie gedokumenteer sal word.

Transformasie werk in op Afrikaner-identiteit

Inleiding

IN AANLOOP TOT DIE ANC se oorname in 1994, verskyn 'n dokument “Basiese Staatskundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner (Afrikaner-Broederbond, 1986)” onder die vaandel van die AB in 1986. Hierdie dokument word vanaf Julie 1986 na lede gesirkuleer. Hieroor stel Bosman, voorheen sekretaris van die AB en tans sekretaris van die Afrikanerbond, in sy M.A.-navorsingsvoorstel:

Hiermee het die Afrikaner-Broederbond nie net die organisasie nie, maar ook die Afrikaner en dan veral deur direkte beïnvloeding die Nasionale Party en die regering op 'n weg geplaas van verbintenis tot 'n proses van hervorming deur onderhandeling ten einde 'n nuwe staatsbestel te vestig binne 'n grondwetlike demokrasie (Bosman:2021:2-3).

Hy argumenteer dat hierdie dokument as bloudruk of grondslag moes dien waarvolgens die NP-regering en die onderhandelaars by KODESA die Afrikaner se saak moes beding. Hy bevraagteken egter die wyse hoe die onderhandelings geskied het deur te stel (Bosman 2021:11):

Dit [die dokument] het ongetwyfeld die klimaat geskep vir die hervorminge wat op 2 Februarie 1990 aangekondig is. Hoe die voorstel uiteindelik deur die Nasionale Party-onderhandelaars verder geneem is, indien enigsins, is egter debatteerbaar.

Die NP se onderhandelaars het in werklikheid tydens KODESA 'n blanko politieke tjek aan die ANC gegee. Wingard (2009:37) stel dat die onderhandelaars se strategie: “... tot die 1994 magsoorgawe gelei het en nou volvoer word.” Die sogenaamde “wigte en teëwigte”, wat in die Grondwet

ingebou is, word na willekeur deur die ANC gemanipuleerde Grondwethof aangepas om by die beleid van die ANC aan te pas. Die konstitusionalisme en die sogenaamde *rule of law* is in werklikheid so afgetakel dat Koos Malan op 10 Oktober 2021 in Rapport stel dat die grondwetlike orde in Suid-Afrika “in ’n toestand van verdiepende erosie verkeer.” Malan sê:

Die hoogste howe is saam met die regerende party en formasies in sy dampkring ’n integrale deel van die regerende elite en heg verbind tot die verwesenliking van gemeenskaplike partydige ideologiese doelwitte. Hulle is die judisiële vertakking van die regerende elite, wat sy ideologie [hy noem dit *transformatisme*] in regsterme regverdig en verdedig.

Transformasie in praktyk

TRANSFORMASIE HET ’N teoretiese been wat op die oog af mooi klink en uiting gee aan die ideologie waar daar wegbeweeg word van rassekapitalisme, rassisme, armoede, ongelykheid en outokrasie. Ekonomiese, politieke en sosiale verhoudings moet getransformeer word deur middel van demokratisering, staatshervorming, uitgebreide sosiale dienslewering, werkskepping en armoedeverligting. Dit is in die praktyk toegepas deur “met die verlede van apartheid te breek en nuwe demokratiese en verantwoordbare instellings tot stand te bring” (Du Toit 2019c:219). Nuwe wette is ingestel om aan hierdie vereistes, volgens die bevolkingsverspreiding (demografie) te voldoen. Dan word teoreties voorkeur verleen aan diensbillikheid, regstellende optrede en swart ekonomiese bemagtiging (BEE). Die voorheen benadeelde persone soos swartmense, vrouens en gestremdes se posisie sou daardeur verbeter en ongelykhede wat deur apartheid veroorsaak is, sou reggestel word (Du Toit 2019c:219).

Transformasie het egter ook ’n ander faset, wat in die praktyk direk en negatief op BASA21 inwerk. Transformasie het in werklikheid reeds voor 1994 by die liberale Afrikaner en by die ou apartheidstrukture begin. Volgens Wingard (2009:37) het die grootgeld-magnate politieke stabiliteit vir ekonomiese groei belangriker geag as die moontlikheid van politieke spanning en onstabiliteit wat deur die opwelling van volksnasionisme teweeggebring kon word. Om hierdie rede het die Afrikaner-ekonome die gedagte van transformasie aanvaar en het “al die ou apartheidstrukture soos die AB, die FAK en die ATKV hulle tot transformasie en veelvolkige inklusiwiteit bekeer.” In die proses het die ekonomiese bakermat en kern van die Afrikaner se volkskapitalisme (volksgerigte ekonomie), naamlik die

Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), met swart sakekamers saamgesmelt. Dit het die deur oopgemaak vir magsoorgawe en die Afrikaners se “enjinkamer van ekonomiese magskonsentrasie” is finaal van hulle ontnem. Hulle het die strategie van “transformeer om te oorleef” deur middel van die media gepropageer en gestel dat dit die “enigste haalbare oorlewingsplan vir Afrikaners” is (Wingard 2009:37-38, 159).

Die ANC het die (stereotype) benadering van die “padda in die pot water op die vuur” strategie gevolg en verandering is geleidelik ingestel. In dr. Mario Oriani-Ambrosini se gedenkskrif verwys hy na president Cyril Ramaphosa (Oranio-Ambrosini 2017):

In his brutal honesty, Ramaphosa told me of the ANC's 25-year strategy to deal with the whites: it would be like boiling a frog alive, which is done by raising the temperature very slowly. Being cold-blooded, the frog does not notice the slow temperature increase, but if the temperature is raised suddenly, the frog will jump out of the water. He meant that the black majority would pass laws transferring wealth, land, and economic power from white to black slowly and incrementally, until the whites lost all they had gained in South Africa, but without taking too much from them at any given time to cause them to rebel or fight.

Die ANC huldig volgens Wingard (2009:70), die mening “dat die huidige maatreëls van regstellende aksie, transformasie, grondhervorming, rassekwotas en swart bemagtiging as ’n geregverdigde regstelling van die verlede beskou word.” Daardeur slaag hulle om die Afrikaner ekonomies te ontwapen en deur die Afrikaner as minderheidsgroep in die land van hulpbronne te weerhou (Wingard 2009:81).

Die ANC-regering se benadering tot transformasie word saamgevat deur Lindiwe Sisulu, voorsitter van die ANC se sosiale transformasiekomitee, tydens ’n mediakonferensie, waartydens sy gesê het: “Ons hoop Suid-Afrikaners sal teen 2030 almal Afrikane en Suid-Afrikaners wees, nie ‘wit of swart’ nie” (Van der Westhuizen 2017). Daardeur impliseer sy dat transformasie, onder andere, daarop gemik is dat “Afrikaner-identiteit moet verdwyn”.

Om transformasie beter te verstaan, moet die sogenaamde Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR) kortliks beskou word.

Die Nasionale Demokratiese Rewolusie en transformasie in Suid-Afrika

SOOS REEDS GEMELD VORM die NDR die ideologiese basis vir transformasie in Suid-Afrika (Jankielsohn 2016:2). Die gedagte van 'n NDR ontwikkel reeds sedert 1928 toe Moskou aan die leiersgroepering van die ANC opdrag gegee het dat die party in die rigting van 'n onafhanklike swart republiek moet werk en *“the first step towards a workers’ and farmers’ republic would be a ‘national democratic revolution’ and thereafter the social revolution would follow”* (Liebenberg & Spies 1993:171). Verdere vestiging van die NDR vind plaas toe die ANC sy *Second Consultative Conference* in Kabwe, Zambië, in 1985 hou. Daar word besluit om 'n *“people’s war”* te begin, wat sou kulmineer in 'n *“National Democratic Revolution”* (Sisk 1993:157). Die doelwit van hierdie NDR was duidelik, naamlik: *“to ‘defeat the enemy,’ and to provide the critical catalyst in a spontaneous revolution”* (Sisk 1993:159). Die strategies beplande aanslag teen apartheid was die primêre eerste stadium van 'n rewolusie, naamlik die NDR met die doelwit: *“[To] overthrow the colonial state and establish a united, democratic and non-racial South-Africa.”* Verder is uitgestippel dat dit die primêre doel van die rewolusie is om *wit minderheidsregering te beëindig en om vir swart mense in die algemeen stemreg te verkry* (Sisk 1993:283). Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) het verklaar dat hulle eers die NDR as voltooid sal beskou wanneer politieke en ekonomiese mag oorgedra is van die *“regerende wit elite na 'n swart meerderheid”* (Sisk 1993:284). Hierdie oordrag het reeds plaasgevind, maar die proses van sosiale en ekonomiese transformasie gaan steeds onverpoosd voort.

Ter opsomming kan gestel word dat dit die doelwit van die NDR (voor KODESA) was om óf direk na 'n oorwinning te beweeg óf om by die onderhandelings tafel stukrag aan die ANC te gee (Sisk 1993:275). Die geskiedenis toon aan dat laasgenoemde gegeld het en die gevolg daarvan, vanaf 1994, is die transformasie van alle aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing (Jankielsohn, 2016:2).

Die uitgangspunt van die ANC was dat hulle besig is met 'n oorlog. Die oorwinning by die onderhandelings tafel was vir hulle soos 'n militêre oorwinning en die Afrikaners is beskou en hanteer as die *“verloorders van die oorlog”* (Oosthuizen 2011:29).

Die benadering van die ANC na 1994 is dus nie veel anders as dié van Brittanje deur Milner na 1902 nie. Vergelyk Milner se gesindheid om die

Boer “heeltemal te verdelg, deur getalle, onderwys en einde ten laaste deur assimilasië” (Bruwer 1988:485, 493;).

Die aanslag van die ANC op die Afrikaner is dus nie net op ekonomiese gebied nie, maar is ’n totale aanslag, wat ook op sosiale en kulturele gebied en dus ook op Afrikaner-identiteit inwerk.

Transformasie onderdruk die Afrikaner se bestaan op alle lewens-terreine en werk direk en indirek in op Afrikaner-identiteit

OOSTHUIZEN (2011:28) haal LeBor aan, wat volksmoord soos volg definieer: “Dit is ’n gekoördineerde plan met verskillende aksies gemik op die verwoesting van essensiële fondasies van nasionale groepe, met die doelwit om die groep self uit te wis.”

Die doelwitte van so ’n plan sluit in die **disintegrasië van die groepe se:**

Politiese en sosiale instellings:	asook die verwoesting van:
• van kultuur • van taal • nasionale gevoelens • geloof • die ekonomiese bestaan van nasionale groepe	• persoonlike sekerheid • vryheid • gesondheid • waardigheid • die lewens van die individue wat aan sodanige groepe behoort

INDIEN DIE HUIDIGE omstandighede (in 2022) van BASA21 krities beskou word, is al bogenoemde elemente in die aanslag teen BASA21 teenwoordig. Klem word gelê op die vernietiging van Boeregeskiedenis, kultuur instellings en die uitsaaiwese asook op die afskaffing van taal instellings, die verengelsing van skole en universiteite en die beheer en vernietiging van museums en kultuurskatte van die Afrikaner (Oosthuizen 2011:15-52). Op grond hiervan word aanvaar dat daar na 1994 ’n omvattende aanslag op die meeste lewensterreine van BASA21 en ook op Afrikaner-identiteit waargeneem kan word.

Inklusiwiteit en transformasie op sportgebied, godsdiens-, akademiese-, sake- en kultuurgebiede is reeds geleidelik vanaf 1961 deur die Afrikaner-regime gepropageer, maar is vanaf 1994 deur die ANC toenemend deur beleid en wetgewing afgedwing (Du Toit 2019c:219). “Etnisiteit moet

uitsterf om plek te maak vir 'n nuwe heterogene kultuur wat die nuwe mites en nuwe amptelike geskiedenis van 'n nuwe nasie moet weerspieël” (Wingard 2009:164).

Afrikaans kom toenemend onder druk: in staatsdiensinstellings, universiteite, skole, howe, by besighede, op die TV en selfs oor radiostasies (Manyana 2016). Hierdie aanslag het 'n “toenemende bewuswording van die behoud van identiteit, kultuur en waardes by [’n sekere deel van] die Afrikaner *[BASA21] geskep. Daar het ook ‘nuwe generasie-Afrikaners’ ontwaak wat hul erfreg as Afrikaners weer wil opeis” (Bosman, 2019).


“toenemende bewuswording van die behoud van identiteit, kultuur en waardes by [’n sekere deel van] die Afrikaner geskep. Daar het ook ‘nuwe generasie-Afrikaners’ ontwaak wat hul erfreg as Afrikaners weer wil opeis”

Gevolgtrekking

DIE ANC HET AS VRYHEIDSBEWEGING reeds sedert 1928 hulle fokus op die vestiging van die NDR geplaas (Liebenberg & Spies 1993:171). Deur die jare het die SAKP hul invloed op die ANC uitgeoefen en sal eers – betreffende die NDR – tevrede wees dat die NDR afgehandel is, wanneer politieke en ekonomiese mag vanaf die “regerende wit elite na ’n swart meerderheid” oorgedra is (Sisk 1993:284). Die politieke mag is suksesvol in 1994 oorgedra, maar alles word tans in die stryd gewerp om die algehele ekonomiese mag uit die hande van wit mense (“wit monopolie-kapitaal”) te neem en dit in die hande van swart mense te plaas. Hierdie proses word *ekonomiese transformasie* genoem en is nie net op die politieke en ekonomiese terreine gerig nie, maar sluit ook sosiale transformasie in. Sosiale transformasie se afmetings is van so ’n aard dat dit na alle waarskynlikheid aan volksmoord grens (Oosthuizen 2011:28).

Die aanslag op BASA21 tydens Fase 6 (veral op die vryheidsgesinde Boer) lei tot groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit en die totstandkoming van ’n “nuwe generasie Afrikaners” (Bosman 2019). Die “nuwe generasie-Afrikaners”, of BASA21- groeppvorming, word as Fase 6, in die volgende hoofstuk bespreek.





HOOFSTUK 15

DIE BLANKE AFRIKAANSSPREKENDE SUID-AFRIKANER VAN DIE 21^{STE} EEU (BASA21)

VERDEEL IN GROEPE (FASE 6)

Inleiding

Die kunsmatige samevoeging van die Boer en Kaapse Afrikaner aan die begin van die 20^{ste} eeu (tydens Fase 4) om die Afrikanernasie tot stand te bring, kom in die laaste deel van die 20^{ste} eeu (tydens Fase 5) onder geweldige druk. Die redes behels, onder andere, die veranderde ingesteldheid van die sosiale ingenieurs (die AB en NP) wat instrumenteel was in die wegbeweeg van Afrikanereenheid, bevordering van blankisme en die skraping van apartheidswetgewing. Dit het gelei tot die inploffing van die AB en die NP. Die uiteindelijke uitkoms was die oorgawe van die regering aan 'n volksvreemde groepering. Die volksvreemde regime onderdruk die identiteit van BASA21 verder deur middel van die toepassing van die NDR en transformasie. Duvenhage (2021: 715) redeneer oor die term “transformasie as volg:

Weens die radikale aard van “transformasie”, soos tans toegepas in Suid-Afrika, is dit toepaslik om eerder soos Malan (2012, 2014, 2019) van “transformatisme” te praat.” Albei hierdie terme word afwisselend gebruik.”

In die vorige hoofstukke is aangetoon dat die Afrikaner tydens Fases 1 tot 4 (1600-1961) tussen twee pole, naamlik die liberale (Kaapse) *Afrikaner* aan die een kant en die *Boer* aan die ander kant, tot stand gekom het. Reeds tydens Fase 5 het die Afrikaner weer begin om te verdeel in die aanvanklike twee elemente, asook in 'n tussengroep wat as die *Afrikaner-Boer* of die *Boere-Afrikaner* gedefinieer kan word.

Dit is belangrik om die volgende uittreksel uit die Rapport op hierdie stadium hier te herhaal. In 'n artikel in *Rapport* (12 Augustus 2017) verwys Giliomee na 'n kortverhaal van Hennie Aucamp, waarin Aucamp verwys na die verdeeldheid van die Afrikaner. Hy stel: “Die binnelandse Boer en die Bolander is *twee verskillende spesies*.” Giliomee argumenteer dat hierdie verskynsel die verklaring is vir die verskillende optredes van die “noordelike Afrikaner” (**Boer*) teenoor die “Kaapse Afrikaner” (**Afrikaner*). In *Beeld* (22 Augustus 2017) bevestig dr. Pieter Mulder, voormalige leier van die Vryheidsfront Plus, in 'n antwoord op Giliomee se artikel in *Rapport* die verdeeldheid tussen noord en suid.

Giliomee en Mulder bevestig deur hierdie standpunt dat, ten spyte van drie geslagte van meedoënlose sosiale ingenieurswese en politieke sosialisasie die inherente verdeeldheid steeds nie oorkom kon word nie. Tog kon hulle, ten spyte van die feite, weens die bestaande gevestigde persepsie, nie die onderskeid deurtrek deur die *Boer* as volk te identifiseer nie.

Hierdie verdeling word deur Roelofse (2009) beklemtoon. Hy het gestel dat daar twee groepe Afrikaners ontstaan het sedert die tyd dat hulle [*die proto-Boere] die Kaap verlaat het tot vandag toe:

1. Die groep wat 'n suiwer ekonomiese uitkyk openbaar en tevrede was om onder die Britse vlag, asook vandag onder die ANC, te dien.
2. Die tweede groep het die Gariep [Oranjerivier] oorgesteek, op soek na vryheid onder 'n Godvresende regering en wil vandag steeds daardie vryheid hê.

Roelofse konstateer onomwonde die feit dat die twee groepe “vandag nog bestaan” en dat die “tweede groep nie hulle ideaal van, of strewe na vryheid binne hul eie gebied sal prysgee nie.”

Tydens Fase 6 (ná 1994) vorm die liberale *Afrikaner* en die *Boer* steeds die kleiner pole, terwyl die tussen-groepering, wat steeds as die *Afrikaner* bekend staan, die groter groepering uitmaak. Hierdie verskynsel en die identifisering van elke groep word nou kortliks ontleed.

Die (Liberale) Afrikaner van die 21^{ste} eeu

DIE AFRIKANER HET SEDERT republiekwording onder invloed van die NP, die AB en die liberale Afrikaanse media toenemend 'n meer liberale ingesteldheid openbaar (Bruwer 1986:282; Marais 2003: 62). 'n Hoogtepunt in die liberale gesindheid kon tydens die Ja/Nee-referendum van 1992 waargeneem word. Na 1994 en onder invloed van die transformasie-aksies soos hierbo bespreek, het baie Afrikaners begin “stil raak” en selfs “skaamkwaad” erken dat hulle in die aanloop tot 1994 (en daarna) mislei is (Max du Preez 2021). Alhoewel die liberale gees steeds onder 'n groot deel van die Afrikaner bestaan, het 'n beduidende groep polities en kultureel na die “middelgrond” migreer. Hulle het 'n meer gematigde houding ingeneem deur aanspraak op hulle “eie kultuur” te maak (Labuschagne 2020). 'n Beduidende groep Afrikaners in die liberale kamp het vir die DA gestem. Hulle openbaar 'n ekonomiese oorlewingsingesteldheid en stel nie belang in kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit nie. Die tradisionele meer liberale Afrikaner-kerke is besig om dood te loop en die enigste kultuurorganisasie wat nog bestaan is die ATKV, alhoewel dit 'n gespartel is (Eybers, 2019:5). Hulle bevorder egter nie meer Afrikanernasionalisme nie, maar maak voorsiening vir “Afrikaanses”. Die FAK, wat 'n belangrike openbare been van die AB was, is deur die middelgroep oorgeneem, terwyl die AB nie meer 'n wesentlike impak op die samelewing uitoefen nie. Organisasies wat die liberale Afrikaner se standpunte teenoor transformasie handhaaf, sluit in RSG, die FW de Klerk Stigting en Agri SA. Transformasie en misdaad is beide 'n vyand vir BASA21. Alle witmense en veral Afrikaanssprekendes, ongeag hulle politieke siening, is slagoffers van regstellende aksie, werksverlies, diskriminasie by keuring en kontrakte en word deur misdaad geteiken. Dié negatiewe uitwerking van transformasie en misdaad op alle Afrikaners en die skep van 'n gesamentlike vyand dryf baie liberale Afrikaners na die middelgroep. 'n Groot meerderheid is egter steeds bereid om as liberale apologete te konformeer.

Die Boer van die 21^{ste} eeu

TEN SPYTE VAN INTENSIEWE sosiale ingenieurswese in die vorige eeu (tydens Fase 4), waartydens die Boer se geskiedenis en kulturele erfenis by

die skepping van die Afrikaner as konseptuele blok ingebou is en die lede van die Boervolk geïndoktrineer is om as Afrikaners te identifiseer, het daar vanaf die 1970's 'n herontwaking van die *Boer* se identiteit plaasgevind. Hierdie herontdekking van Boere-identiteit is veral ná 2005 uitgebou en al meer mense noem hulleself vandag *Boere* en beskou hulleself as deel van die Boervolk/Boerevolk. Dit pas in by 'n moderne tendens van “die herontwaking van identiteitspolitiek, nasionalisme en etnisiteit ná 1994” (Beeld, 2020:8; Willemse, 2020:10). Hierdie ontwaking van Boere-identiteit het gepaard gegaan met die “aanspraak maak” op en “terugneem” van Boeregeskiedenis en Boerekultuur, wat kunsmatig tydens Fase 4 aan die Afrikanernasie gekoppel is. Die psigodinamika van hierdie proses word kortliks bespreek.

Boere-identiteit beskryf “gekose eer” en “gekose trauma”

OPPERMAN LEWIS (2018:306) haal 'n psigiater en psigo-historikus, professor Vamik Volkan, aan wat verduidelik dat wanneer groot groepe mense se bestaansreg of identiteit:

...regress, which happens when they go through periods of crisis or “new danger or threat of disintegratio”, the group goes back and “inflames certain shared image” of its history. These images represent either chosen traumas or chosen glories.

Hierdie “gedeelde beelde”, wat uit die geskiedenis opgeroep en uitgelig word, kan as *gekose eer* en/of *gekose trauma* onderskei word. **Gekose eer** sluit historiese gebeurtenisse in waarop die groep met trots kan terugkyk en vereenselwig. Omdat dit positiewe herinneringe binne die groepsgeheue verteenwoordig en selfs mitiese afmetings kan aanneem, verskaf die keuse om dit uit te lig en daarmee te vereenselwig hoop en verhoog dit die selfbeeld van die groep (Opperman Lewis, 2018:306). By die Boervolk word die veldslae van Vegkop, Mosega en Kapain, Bloedrivier, Spioenkop, Majuba en Magersfontein byvoorbeeld geselekteer en uitgelig as *gekose eer*. Simbole, soos die Vierkleur (van die ZAR), word uitgelig en verteenwoordig eweneens die simbool van gekose eer by die Boervolk. Let daarop dat geen Kaapse Afrikaners by enige van die gekose eer-geleenthede betrokke was nie, behalwe moontlik as deel van die vyand – aan Britse kant by Magersfontein (Bruwer 1988:363).

Gekose trauma verteenwoordig die teenoorgestelde van *gekose eer*. Die verskynsel van gekose trauma berus daarop dat (veral van toepassing op die vyand) geregtigheid moet geskied deurdat vergelding, versoening en herstel (van toepassing op die trauma) moet plaasvind (Opperman Lewis, 2018:306). Die veel besproke *Holocaust* van die Jode is 'n tipiese voorbeeld van gekose trauma. Die sosiale ingenieurs betrokke by die skepping van Afrikaner-identiteit in die 20^{ste} eeu het as gekose trauma vir die Afrikaner die Slagtersnek-opstand, die moorde op die Retiefgroep, die moorde by Weenen en Bloukrans, die “Anglo-Boereoorlog” (Tweede Vryheidsoorlog), veral die lyding van kinders en vroue in die konsentrasiekampe en die afbrand van Boereplase as die Afrikaner se “gedeelde beelde” gekies. Let daarop dat die Kaapse Afrikaner net by Slagtersnek potensieel 'n rol kon speel en dat al die ander gebeurtenisse alleen betrekking het op die groep wat hulleself *Boere* noem. Afrikaners, wat die Engelse tydens die Tweede Vryheidsoorlog bygestaan het (Joiners en Hanskakies) se huise en plase is nie afgebrand nie (Giliomee 2004:207). Diegene wat hulle tans met 'n Boere-identiteit vereenselwig, het die moorde op die Retiefgroep, die moorde by Weenen en Bloukrans, die lyding van kinders en vroue in die konsentrasiekampe en die afbrand van Boereplase tydens die Tweede Vryheidsoorlog teruggeëis as behorende tot die *Boervolk* (nie die Afrikaner nie) en as deel van hulle gekose trauma. Engeland moet nog verantwoordelikheid erken en verantwoording doen vir sy deel aan die gekose trauma van die Boervolk.

Organisasies en instellings asook pogings van die Boervolk om sy vryheid terug te kry, word later meer volledig bespreek,

Die Middelgroep van BASA21

DIE GROEP, WAT TUSSEN die Boervolk en die Afrikaner gegroepeer is, ontstaan vanuit die liberale Afrikaner sowel as vanuit die Boer en openbaar dus 'n mengsel van beide groepe se eienskappe. Onder die invloed van die konseptuele blok, wat in die vorige eeu ontstaan het, noem hierdie middelgroep hulleself meesal ook *Afrikaners*, niteenstaande die feit dat die meeste van hulle afstand probeer skep tussen hulle en die liberale Afrikaner, ook niteenstaande die feit dat 'n aansienlike deel van die middelgroep 'n vryheidstrewer het en in werklikheid Boergesind is. Terwyl liberale Afrikaners weet hulle is Afrikaners en Boere weet hulle is Boere, ervaar die


middelgroep 'n onsekerheid en is verward oor hul identiteit. Verskeie benamings het onder hierdie groep vir hulleself ontstaan, soos, onder andere, Boere-Afrikaner, Afrikaner-Boer, konserwatiewe Afrikaner, behoudende Afrikaner, regse-Afrikaner, Afrikaans en Afrikaanses.

Verskillende instellings het namens die middelgroep na vore getree. Die VVK het namens die middelgroep in 2007 gepoog om 'n verteenwoordigende raad vir die Boere-Afrikaner tot stand te bring (Volkraadskoerant 2013:1). Die Volksbond (voorheen Toekomsgesprek of TG) tree (steeds) as geheime organisasie namens die Boere-Afrikaner op. Die VF+ poog om as politieke party op te tree, die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) poog om as kultuurliggaam op te tree, terwyl Solidariteit as vakbond en AfriForum as burgerregte-organisasie vir Afrikaanssprekendes optree (Toerien 2013). Pretoria FM propageer oor die laaste paar jaar die uitgangspunte van die middelgroep, nadat die SoliForumgroep die bestuur van Radio Pretoria oorgeneem het en die naam na Pretoria FM verander het.

Gevolgtrekking


BOGENOEMDE ORGANISASIES beklee hoofsaaklik die middelgrond tussen die Boervolk en die liberale Afrikaner binne BASA21. Te danke aan die aanvanklike finansiële hulp van die Mynwerkersunie en latere vakbond Solidariteit het AfriForum tot stand gekom. Daarna is verskeie organisasies onder die vaandel van SoliForum gestig, wat die middelgrond of die Boere-Afrikaner se bestaan en identiteit onder die naam Afrikaner bevorder. Hierdie groep staan as Afrikaners bekend, alhoewel 'n groot deel van hierdie groep hulle met die vryheidstrewende en Boeregesindheid van die Boervolk vereenselwig. Indien hulle oor hul identiteit gekonfronteer word, reageer hulle op een van twee maniere. Eerstens vereenselwig hulle openlik met die Boervolk en is bereid om die keuse te maak Tweedens redeneer hulle dat *hulle* die ware vryheidsoekende Afrikaners is, dat die liberales onbelangrik is, dat die Boergesindes randeiers is en die eintlike oorsaak van die verdeeldheid onder die Afrikaner is. Ten opsigte van Afrikaner-identiteit gee die onsekerheid van die middelgroep se identiteit aanleiding tot onsekerheid en verwarring oor die visie, missie en identiteit van BASA21 en belemmer beplanning vir toekomsontwikkeling. In Deel IV van die Boek, word 'n

moontlike oplossing vir die toekoms van ten minste 'n gedeelte van BASA21 se ongebore nageslag hanteer.



Figuur 15.1: Fase 6 van Afrikaner-identiteitsontwikkeling 1994 tot 2021~ (Pretorius 2022a:2012)





DEEL IV

'n ANTWOORD VIR BASA21 SE OORLEWING

Inleiding

Afrika se kulturele erfenis en die Westerse kulturele erfenis bots. Die botsing tussen die kultuur van BASA21 en die kultuur van swart medelandgenote manifesteer steeds twintig jaar na die kapitulasie van die Afrikaner se apartheidsregering. Professor Samuel P Huntington (1993:18, 148), bekende politieke kenner en raadgewer aan die Amerikaanse presidensie oor buitelandse beleid, het gesê:


In the new world the most pervasive, important, and dangerous conflicts will not be between social classes, rich and poor, or other economically defined groups, but between peoples belonging to different cultural entities.

... the end of the Cold War did not facilitate peace and cooperation within the international system, but simply provided an opportunity for an age old conflict between civilisations to resurface.



FIGUUR 16.1: Die grafte van Westerse kultuur in Afrika (Bruwer 1986: Buiteblad).

Hierdie woorde vind weerklank in die duisende grafte van doodgemaakte Westerlinge wat in Afrika gegrawe is. Figuur 16.1 weerspieël die “grafte” van sommige lande waar Westerse kolonies voorheen bestaan het en deur die Afrika-kultuur verswelg is. Albert Schweitzer, Nobelpryswenner vir vrede in 1952, het sy lewe in Afrika (Gaboen) as mediese dokter geslyt en waarsku, kort voor sy dood in 1975, dat kulturele verskille kan lei tot ernstige gevolge (Van Vuuren 2003:22). Ten spyte van mooi beloftes deur politici is dit duidelik dat Suid-Afrika tans in ’n smeltkroes is. Die graf is reeds deur die vyande van BASA21 gegrawe, maar dit beteken nie dat BASA21 reeds dood is nie. Die Boervolk was meer as een keer in die smeltkroes en het telkens daardeur gekom, sonder om vernietig te word. Hierdie oorlewingsgesindheid moet aangewend word om BASA21 lewend en buite die graf te hou. In Deel IV word na die belangrike faktore, wat ’n rol by die ontsnapping uit die smeltkroes kan speel, gekyk.



HOOFSTUK 16

BASA21 BINNE SUID- AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

Die oorlewing van BASA21 in die NSA moet op die tafel geplaas word. Riglyne en beginsels moet as opsies neergelê word, sonder om voorskrifte en reëls as oplossing aan te bied. Om die plan in perspektief te plaas, word sekere knelpunte, soos grondbesit, apartheid en transformasie, eers onder die loep geneem.

Die Boerevolk se onafhanklikheidstrewe geskied nie in isolasie nie en moet teen 'n sekere politieke agtergrond geëvalueer word. Veral die aspekte van grondbesit, apartheid, transformasie en die manifestasie van “woede” is belangrike aspekte wat bestudeer moet word.

Grondbesit

Die gronddebat moet tot 'n politieke skikking oor
selfbeskikking lei,
in ruil vir 'n nuwe eiendomsverdeling.

Prof Carel Boshoff

WILLIE SPIES (2018:16) verwys na professor Carel Boshoff wat voorspel het dat grondbesit die groot strydpunt in Suid-Afrika gaan bly. Volgens Spies het Boshoff 'n pleidooi gelewer dat: “Die onversoembare gronddebat

tot 'n politieke skikking oor selfbeskikking in ruil vir 'n nuwe eiendomsverdeling moet lei”.

Dirk Hermann (2018:7), bestuurshoof van Solidariteit, haal Opperman Lewis aan, wat stel dat Suid-Afrikaanse grond, as gevolg van bloed en offers, simbolies deel van Afrikaners (*Boere) se groepsidentiteit is. Sy stel “al bly hulle in die stad is daar 'n hunkering na die platteland en in meeste Afrikaners [*Boere] is daar trouens 'n stuk plaas.”

Hermann (2018:7) stel: “Grond is meer as die fisieke plek, dit is 'n emosionele uitdrukking van gebondenheid en identiteit.” Die skrywer het dikwels skertsend gestel dat die Boer gebore word met 'n X-chromosoom, 'n Y-chromosoom, 'n rugby-chromosoom en 'n grond-chromosoom. Deesdae het die Boer sy rugby-chromosoom weens politieke inmenging grootliks verloor, maar die hunkering na grond bly deel van die Boervolk se samestelling.

Die ANC en die EFF hamer daarop dat die grond in Suid-Afrika deur wittes van die swartes gesteel is. Dit gee aan die swartes van Suid-Afrika die “reg” om die grond “terug te vat”. Solidariteit-navorsingsinstituut het volgens Hermann (2018:7) 'n kwaliteit data-ontleding van die parlementêre debat van 27 Februarie 2018 gedoen. Hiervolgens was die temas besonder emosioneel en word, onder andere, gesê dat swart mense grond as deel van hulle kulturele erfenis beskou en dat hulle 'n geestelike verbintenis met die grond het, wat ook hul identiteit en waardigheid bepaal. Verder is wit mense die skuldiges, die tyd van versoening is verby en daar moet geregtigheid (vergelding) wees.

Die feit dat die Boer ook “geestelik met die grond verbind is”, word doelbewus geïgnoreer. Daar word ook nie in aanmerking geneem dat die Boervolk inheems is en reeds 370 jaar Afrika bewoon en bewerk nie. Dit word sekerlik nie van die *Afro-Amerikaners* in Amerika verwag om as ongewenste inwoners van Amerika terug te trek na Nigerië, Gaboen en Senegal nie. So vroeg as 1821, toe die grond vir die huidige Liberië deur die *American Colonization Society* aangekoop is, sodat bevryde slawe terug kan trek Afrika toe, was dié “uitheemse” (swart) Amerikaners nie geneë om te trek nie (Abeodu & Svend 2012: *s v Liberia*). Die VSA was hulle tuiste. Daar word nie van die “Engelse nasate” van die stigters van Australië verwag om terug te trek na Engeland toe en die land na meer as 300 jaar van ontwikkeling aan die Aborigenes terug te gee nie. Eweneens kan daar nie van die Boervolk verwag word om na 370 jaar terug te trek na

Duitsland, Holland en Frankryk nie. Hou in gedagte dat die Boervolk *nie*, soos die Amerikaners en Australiërs, die ander inheemse volkere met die wapen vernietig en “uitgewis” het nie. Inteendeel, die Boerevolk was bereid om, nadat die Boere ’n end aan die Mfecane gebring het, honger vlugtelinge van die swart volksmoord as arbeiders op hulle plase te akkommodeer en van lewensmiddele te voorsien *sodat hulle kan oorleef*. Suid-Afrika is ontwikkel tot ’n Eerstewêreldland waarbinne die ander inheemse volke die vrugte van vooruitgang vandag steeds pluk.

Lewis stel volgens Hermann (2018:7) verder oor Afrikaners (*Boere): “Die gedagte dat grond net weggevat kan word, word onderliggend beleef as ’n aanval op hul identiteit en roep onbewustelik ’n historiese oorlewingsang op.” Hierdie fenomeen wat Lewis beskryf, is deel van die kulturele erfenis van die Boer, wat sy net nie pertinent as sulks beskryf nie.

Hermann (2018:7) eindig sy betoog met die stelling dat: “Indien die onderliggende emosies nie hanteer word nie, sal die ekonomiese en rasionele argumente geen impak maak nie.”

“Gronddiefstal”

DIE STELLING DAT DIE grond in Suid-Afrika deur witmense gesteel is, is gebaseer op leuens. ’n Uitnodiging behoort aan swart leiers gerig te word om die aanklag van diefstal te bewys. ’n Wetenskaplike studie oor die wyse waarop grond in dié land verkry is, sal duidelik aantoon dat die Boere grond telkens op internasionaal aanvaarbare wyses bekom het.

In die algemeen kan gestel word dat die Boesmans en Hottentotte nomadiese volkere was en nie vir lang tye aaneen dieselfde grondgebied beset het nie. Hulle was oor die hele Suider-Afrika versprei en was ook in Transvaal en Natal gevestig, waarvandaan hulle deur die swartes, wat besig was om uit Sentraal-Afrika te migreer, verdryf is. Die swart stamme het die vrugbare noordelike en oostelike dele van Suid-Afrika beset en die Hottentotte en Boesmans verdryf om in die droë sentrale en westelike dele van Suid-Afrika op te eindig. Die swart stamme beskou hierdie grond, wat hulle by die Boesman en Hottentot afgeneem het, ironies genoeg, vandag as hulle stamgebied. Die woord “diefstal” geld volgens hulle nie hier nie!

Grond het nooit aan individue in die swart gemeenskap behoort nie. Theo Vorster (2018:14), bekende ekonoom, stel:

... die vertrekpunt is dat miljoene mense wat al generasies lank op tradisionele stamgebied bly nooit enige welvaart kon bou nie; en in werklikheid steeds in 'n soort feodale stelsel sonder enige eiendomsreg vasgevang is sonder enige meganisme om welvaart op te bou.

Sonder om die onderwerp verder in diepte te beredeneer, word die volgende paar aspekte kortliks uitgelig.

Soos reeds gemeld het swart stamme, wat uit Sentraal- Afrika suidwaarts migreer het, al langs die ooskus van Afrika tot min of meer by die huidige Transkei getrek. Die Europeërs land in 1652 aan die Kaap en trek geleidelik die binneland in en word aanvanklik Trekboere genoem. Die Trekboere en die voorpunt van die migrerende swartes ontmoet mekaar vir die eerste keer by die Gamtoosrivier, naby die huidige Port Elizabeth, in 1771. Die geskiedenis leer dat die ontmoeting tussen wit en swart eers *120 jaar nadat Jan van Riebeeck aan wal gekom het en 600 kilometer van Kaapstad af* plaasgevind het (Bruwer 1988:73; Stuijt 2008: *s v* Mills). Daar bestaan geen bewyse van enige (“steelbare”) swart grondgebied aan die weste- en suidekant van hierdie ontmoetingspunt voor hierdie ontmoetingsdatum nie. Dit beklemtoon die ongegrondheid van die aansprake, dat wittes die grond van swartes voor 1771 kon “steel”.

Met die aankoms van Van Riebeeck was daar wel 'n groep Hottentotte, wat in die omgewing van Saldanhabaai gesetel was en wat handel gedryf het met die skepe, wat van tyd tot tyd in Tafelbaai anker gegooi het. Hulle het ook met die Hollanders kom handel dryf. Dit word aanvaar dat hulle dele van die Wes-Kaap en Suid-Kaap as nomade bewoon het, alhoewel verkenningstogte in die binneland toon dat groot dele, volgens die joernaal van Jan van Riebeeck, onbewoon was (Thom 1954:247).

Boere bekom grondgebied

Swart en wit ontmoet vir die eerste keer in 1771:
120 jaar na Jan van Riebeeck se aankoms
en 600 kilometer vanaf Kaapstad

PIET RETIEF VERKLAAR in sy beroemde manifes (Preller 1925a:50):

Ons sal g'n volk molesteer nie, en aan niemand die geringste eiendom ontnem nie, maar word ons aangeval, dan sal ons ons ten volle geregverdig beskou om ons persoon en eiendom te verdedig tot die uiterste toe, teen enige vyand.

Boere het grondgebied hoofsaaklik op vier wyses bekom:

- a) Onderhandeling.
- b) Besetting van onbewoonde grondgebied.
- c) Verowering deur oorlog.
- d) As skenking ontvang.

a) Onderhandeling

NET DRIE GEVALLE WORD hier bespreek, alhoewel verskeie ander onderhandelings tussen die Boer en swart stamme gedokumenteer is.

i) Onderhandeling met die Bataung

Volgens EJG Norval (2002:81) kom die Potgietertrek in Mei 1836 by hoofman Moroko se stat, Thaba Nchu, aan waar Potgieter “vriendskapstraktate met Sikonyella, Pieter Davids, Danster, Moroko, Adam Kok en Moshesh sluit.” Norval stel verder: “Die Voortrekkers [*Boere] was daarop gesteld om grond deur onderhandeling van die inboorlinge te bekom en nie deur geweld soos verskeie Britse sendelinge en imperialiste beweer het nie.” Om hierdie rede sluit Potgieter met Makwana, 'n Bataung stamhoof, 'n ooreenkoms om grond vir die Boere te bekom.




Figuur 16.2: Potgieter en Makwana tydens grondonderhandelinge vir die te stigte Republiek van Winburg in 1836 (Van Zyl & Rabe 2004:12).

POTGIETER EN THEUNISSEN (1938:26) verwoord die ooreenkoms met Makwana as volg:

Dat Kommandant Potgieter en sy mense in vervolg die besitters sou wees van die noordwestelike Vrystaat (voorheen deur die Bataong bewoon) behalwe 'n sekere voldoende en gespesifiseerde deel daarvan, wat as 'n woonplek vir Makwana en sy volk uitgehou is. In ruil hiervoor is 49 beeste deur Potgieter en sy mense gegee. Van hul kant het die Emigrante [*Boere] weer aan Makwana en sy volk beskerming teen die aanvalle van die Matabeli gewaarborg. Hierdie verbond met Makwana en die afstand van die betreffende stuk land is van belang, daar dit die Emigrante [*Boere] die beheer-reg gegee het oor die landstreke waar hulle hul toe bevind het.

Potgieter en Theunissen (1938:26) bevestig ook Norval se stelling hierbo deur te stel: “Veral van belang is dat geen duim van daardie grond deur onregverdige geweld of bedrog verkry is nie, soos selfs Joseph Chamberlain ook later bevestig het.”



Figuur 16.3: Die gebied van die “Republiek van Winburg”, wat die Boere deur onderhandeling met Makwana bekom het.

ALHOEWEL DIT NIE AS republiek uitgeroep is nie, verklaar Hendrik Potgieter die volgende (Botha 2001:35):

Ek het die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier van die natuurlekaptein Makwana vir die Voortrekkers [*Boere] geruil, die Oorvaalse streek van die natuurellegevaar gesuiwer en vir die Voortrekkers [*Boere] bewoonbaar gemaak.

ii) Onderhandeling met die Swazi's

Preller (1925a:29) teken aan dat die Boere in 1876 'n stuk grond van die Swazi opperhoof, Oembadien, geruil het. Hierdie grond het as afsonderlike republiek, die Klein Vrystaat, vir 'n tydperk bestaan en is in 1883 by die ZAR ingelyf.

iii) Onderhandeling met Dingaan

Piet Retief onderhandel met Dingaan vir die grond tussen die Umzimvubu- en die Tugelarivier. Die bewys van hierdie onderhandelinge word in Retief se traktaat vervat. Preller (1920:151) rapporteer as volg:

Dingaan zeide aan Retief dat deze grond kon krijgen aan de andere zijde van de Groot Toegela, van af de eerste grote spruit, welke van Drakensberg afkomt tot daar waar de Toegela in de zee uitloopt. Aan de andere zijde zou de Oemzimvoebo de grensscheiding der Boeren zijn.



Figuur 16.4: Boeregebied deur Retief na onder-handeling met Dingaan bekom.

GEVOLGTREKKING:

Daar bestaan voldoende bewys dat die Boerevolk grond deur onderhandeling bekom het. Streng gesproke kan die Boerevolk steeds aanspraak maak op die grondgebied wat onderhandel is. Argumente betreffende die monetêre en strategiese waarde van 'n gebied tydens die onderhandelinge, in vergelyke met vandag se waarde, is nie ter sake nie. Vergelyk die ooreenkomste wat die VSA met Rusland ten opsigte van Alaska en met Kuba ten opsigte van Guantánamobaai gemaak het en wat steeds geld. Alhoewel verskeie ander voorbeelde opgehaal kan word waar

onderhandelings tussen die Boere en swart stamme plaasgevind het, lewer die drie gevalle duidelik bewys dat die Boere wel vir grond onderhandel het.

b) Die besetting van onbewoonde grondgebied

I) BRUWER (1988:75) stel dat die Hottentotstamme in die Kaap, ná die drie pokke epidemies in 1713, 1755 en 1767, feitlik uitgewis is. Dit het volgens Bruwer (1988:75) tot gevolg gehad dat die oorlewendes hulle grondgebied verlaat het en by die Vryburgers aangesluit het, terwyl andere by sendingstasies vir hulp aangeklop het en sommige doelloos rondgeswerf het. Hierdie verlate grondgebied is deur die Trekboere beset en het binnelands deur die Karoo en Namakwaland en ooswaarts tot by die Visrivier gestrek (Muller 1997:53). Geen grond is deur die Trekboere gesteel nie en geen swartes was enigsins in sig om aanspraak op die grond te maak nie. Soos reeds genoem het die naaste swartes ongeveer 600 kilometer noordoos vanaf die Kaap gewoon.

ii) As nadraai van die Mfecane het die Zoeloes Natal beset en het die Matabeles, onder Silkaats, die westelik deel van Transvaal, in die opvanggebied van die Maricorivier, beset. Die inwoners van die sentrale deel van Transvaal, asook die noordelike deel van die Vrystaat, is óf uitgemoor óf het gevlug en die gebied totaal onbewoon gelaat. Die leiers van die Zoeloes en die Matabeles het die gebied as 'n onbewoonde buffersone tussen hulle gelaat.

Bruwer (1988:158-159) haal professor Omer-Cooper van die Universiteit van Zambië en kenner van die Mfecane aan, wat ten opsigte van die swart volksmoord stel dat:

Die kolossale ontploffing het gepaard gegaan met 'n slagting en verwoesting op 'n skrikwekkende skaal. Hele stamme is uitgemoor en nog meer het gesterf in die hongersnood en anargie wat gevolg het op die spoor van die vernietigende hordes. Nog groter getalle het hul voorvaderlike grond verlaat en 'n heenkome in moeilike bergagtige gebiede gesoek waar geografiese eienskappe hoop vir asiel gelaat het. Die patroon van bevolkingsverspreiding in Suid-Afrika is radikaal verander. In plaas van 'n gelykmatige verspreiding van stamme met 'n bevolkingsdigtheid wat wissel na gelang van die voordele van grond en water, het groot konglomerasies van volke te voorskyn gekom, dikwels op die mees ontoeganklike terrein en is hulle van ander geskei deur groot onbewoonde gebiede.

Toe die Boere die eerste keer in die onbewoonde buffersone aankom, het hulle net skelette en afgebrande statte gevind en die onbewoonde gebied

beset, aangesien niemand op die gebied aanspraak gemaak het nie. Volgens Gerdener (1925:28) rapporteer Sarel Cilliers in sy dagboek: “Die land was “woes en ledig,” wat mense betref; oral was die spore van moord en roof te bespeur, want die wrede hand van Moselikatse en sy bloeddorstige *iempies* (*sic*) het niemand gespaar nie.”

c) Die verowering van grond deur oorloë (justum bellum)^[121]

OORLOG IS SO OUD SOOS die mens self en is ’n erkende handeling tussen mense en groepe (Haas 1990:1-2; Keely 1996:3-4). Volgens professor Peter Delius^[122] (2018:7) was daar voortdurend oorlog tussen swart stamme in Suider-Afrika en grond is op ’n gereelde basis deur strooptogte en oorlog tussen verskillende stamme van mekaar afgeneem. Die Boere het verskeie erkende oorloë teen swart stamme geveg. Twee oorloë word hier uitgesonder, naamlik dié teen die Zoeloes en dié teen die Matabeles. In beide gevalle het die Boere die oorwinning behaal. In die geval van die Zoeloes is die verowerde gebied aan hulle teruggegee en het die Boere slegs aanspraak gemaak op die onderhandelde gebied (Figuur 16.4), sonder om die nuut verowerde gebied, wat kragtens *justum bellum* nou aan die Boere behoort het, by die reeds onderhandelde gebied in te lyf.

Preller (1937:17) beskryf dit as volg:

Pretorius het twee maal die Zulumag beoorlog, die tirannie van Dingaan geheel verbreek en sy broer Mpande onder meer bestaanbare voorwaardes tot die Zuluheerskappy verhef.

In die geval van die Matabeles het die Boere hulle tot so ’n mate verslaan dat Silkaats tot in die huidige Zimbabwe gevlug het. Preller (1922:7) verklaar dat Potgieter ’n proklamasie uitvaardig het en verklaar dat hy die grond, wat hy van Silkaats gebuit het, namens die Boere in besit neem. Sekere dele van die verowerde gebied is deur die Boere, sonder dat daar ’n morele of wettige verpligting teenoor hulle bestaan het, aan die voormalige inwoners, wat deur die Matabeles verdryf is, terugbesorg. Van hierdie gebiede, wat deur die Boere aan voormalige inwoners teruggegee is, bevat vandag die rykste platina reserwes in die wêreld.

Doktor Wilhelm Pretorius (2018:4) stel “die gebied, wat Potgieter deur oorlog gewin het van die Matabeles, het hy aan die oorspronklike stamme teruggegee, waar dit van hulle deur die Matabeles beroof was, soos die


Barolong tussen Taung en Mafikeng, die Bahoerotsi in Zeerust en die Bakgatle noord van Derdepoort en die Bakwena stam.”

c) Grond as skenking ontvang

VOLGENS PRELLER (1925:29) het Lucas Meyer die Zoeloes gehelp tydens 'n stamgeskil. Die “regerende Zoeloelvors het uit dankbaarheid vir die verleende hulp” 'n stuk land aan die Boere afgestaan, wat die Nuwe Republiek genoem is en later as die distrik Vryheid by die ZAR ingelyf is.

Swart grondbesit

VOLGENS DELIUS (2018:7), lei die herverdeling van grond tot 'n bedenkbare situasie aangesien die vraag ontstaan “watter swart groep die meeste aanspraak het op 'n spesifieke area – en watter groep nie.” Hy stel dat: “Een van die redes waarom die beleidmakers 1913 gekies het as die afsnypunt vir grondeise is die vrees dat vroeëre datums historiese debatte sou aanvuur oor watter swart groepe watter grond behoort te kry.” Hy gebruik as voorbeeld die feit dat die Pedi- en Zoeloekoninkryke groot dele van die land op verskillende tye beheer het en maak die stelling dat in baie gevalle meer as een groep eisers op dieselfde grond aanspraak kan maak (Delius 2018:7).



Figuur 16.5: Die Suid-Afrikaanse demografie - *post-Mfecane* (1838).

HY BEKLEMT OON DIE FEIT dat swartmense ook nie inheems aan Suid-Afrika is nie, aangesien hulle vanaf sentraal Afrika emigreer het. Hy verwys na 'n leier van die Khoi wat gesê het: “Die regering noem hulself Afrikane, hulle is nie... Hulle is uitlanders.”

Hy argumenteer verder dat “die manier waarop die grondeise-proses bedryf is, het gelei tot 'n ontkenning van die verlede” en het plek gemaak vir 'n kunsmatige saamgestelde grondgebied, wat gebaseer is op die verdeling van die grond tydens die apartheidsera se bantustan-gebiede (Delius 2018:7).

Die vraag kan met reg gevra word aan wie behoort die gebied in die omgewing van Krugersdorp-Rustenburg-Zeerust? Behoort dit aan Naledi^[123] se nasate, wat wit, swart en bruin insluit, of behoort dit aan die Boesman wat die oudste aanspraakmakers is, of aan die Hottentotte wat die gebied by hulle oorgeneem het, of aan die Boesman en Hottentotte se gesamentlik nasate wat as Khoisan bekend staan? Het die Tswanas, wat later die gebied beset het, 'n groter aanspraak of moet die Matabeles

terugkom uit Zimbabwe, aangesien hulle die Tswanas daar uitgemoor en verdryf het? Die Boerevolk het aanspraak aangesien Hendrik Potgieter die Matabeles uit die land gedryf het, nadat hulle tydens die Slag van Mosega en Kapain (Kopaneng) verslaan is en die gebied beset het. Paul Kruger het wel die land aan die Bafokeng teruggegee, maar die Engelse het dit na die Tweede Vryheidsoorlog in die naam van die Britse Kroon geannekseer. In 1910 het dit deel van die Unie geword, maar het steeds onder die gesag van Engeland gebly. Bophuthatswana verkry onafhanklik van die RSA in 1961. Dit sluit sekere dele van die gebied onder bespreking in. Ná 'n staatsgreep in 1994 word Bophuthatswana se gebied, ter wille van die skepping van NSA, weer by die RSA ingelyf.

Na hierdie Babelse-verwarrende feitelike relaas, kan met reg gevra word: “Wie is die regmatige aanspraakmakers as eienaars van grond?”

Gevolgtrekking

DAAR BESTAAN TWEE PERSEPSIES en uitgangspunte in Suid-Afrika oor grondbesit. Aan die een kant glo swart mense dat wittes hulle grond gesteel het. Aan die ander kant glo wittes dat hulle die grond wettig verkry het en dat diefstal nooit plaasgevind het nie. Beide standpunte staan vas en kan lei tot ernstige en grootskaalse konflik tussen die rolspelers, tensy die verskille deur daadwerklik en duidelike leierskap ontlont word.

Ramaphosa stel op 24 Mei 2018 voor die Nasionale Vergadering (parlement) “dit is waarom ons nie sal toegee in ons vasbeslotenheid om grondonteiening sonder vergoeding te gebruik as een van die meganismes om grondhervorming te bewerkstellig nie.” Die wyse waarop die leierskap in 2018 die grondkwessie hanteer, ontlont nie konflik nie, trouens dit kan 'n resep wees wat tot konflik gaan lei.

BASA21 moet weer na “Afrika se grafte” (Figuur 16.1) kyk en betyds by 'n antwoord of 'n oplossing uitkom.

Apartheid

SEGREGASIE OF DIE SKEIDING van rasse was 'n wêreldtendens in die era voor die Tweede Wêreldoorlog en is in Amerika, Engeland en in al die Westerse lande se kolonies toegepas. Ná die Tweede Wêreldoorlog het die “winde van verandering” begin waai en het die afskaffing van segregasie en

die toepassing van integrasie al meer na vore getree. Die Suid-Afrikaanse leiers het hierdie tendens misgekyk of verkeerd gelees. Terwyl die Westerse lande se gesindheid, beleid en wetgewing ten opsigte van die afskaffing van diskriminasie drasties verander het, is die apartheidsbeleid met groter intensiteit in Suid-Afrika toegepas. Die gevolg hiervan is dat apartheid uiteindelik 'n impak op die totale samelewing van Suid-Afrika gehad het en ook die lot van die Boervolk verseël het – naamlik 'n volk sonder vryheid.

Die rol van die Engelse

APARTHEID IS NIÉ SOOS algemeen aanvaar word deur die NP uitgedink nie, aangesien die Westerse lande, wat later so fel teen die Suid-Afrikaanse regering te velde getrek het, net so skuldig aan diskriminasie teenoor swartes was. Giliomee (2004:445-446) stel dat apartheid nie gebaseer was op die mislukte rasse-ideologie van Nazi-Duitsland nie, maar op die rassisme wat die Weste in die algemeen en Engeland in die besonder teenoor swart en Bruinmense aan die dag gelê is.

Die grondslag van apartheid is deur die Engelse koloniale regering gelê deur die term “segregasie” uit die VSA te ontleen en dit in Suid-Afrika te vestig. Onder die leiding van sir Arthur Lawley is sekere gebiede in Transvaal na 1903 as “reservate” vir swartes opsy gesit (Giliomee 2004:251-252). Shepstone se “reservate” vir die Zoeloes bevestig apartheid in sy volle glorie en is reeds in die 1800's deur die Engelse in Suid-Afrika toegepas (Giliomee 2004:251).

Die Engelse koloniale regering het goedkoop arbeid benodig en het segregasie ingestel as 'n kombinasie van 'n stelsel wat trekarbeid vir die diamant- en goudmyne beskikbaar stel en swart mededinging by die stembus uitsluit. Giliomee (2004:243) stel dat Shepstone se beleid in Natal as basis gebruik is waarop die beleid van apartheid deur die Afrikaner-regerings gevestig is. Ná die oorwinning van die NP by die stembus in 1948 is apartheid verder uitgebou en as ideologie “vervolmaak”.

Om die benadering van die Engelse teenoor swartes in hulle kolonies te illustreer, haal Giliomee (2004:446) Herbert Morrison, minister van buitelandse sake in die Britse Arbeidersregering aan, wat in 1951 bestempel het dat om onafhanklikheid aan Afrika-kolonies te gee, soortgelyk is aan *“giving a child of ten a latch-key, a bank account and a shotgun.”*

Volgens Giliomee (2004:237-238) het die Engelse in die Kaapkolonie duidelik gediskrimineer tussen “*citizens*” (Engelse) en “*subjects*” (nie-Engelse). Hy stel verder dat Theophilus Shepstone, wat vanaf 1848 tot 1875 sekretaris van naturellesake was, die hoofargitek van hierdie beleid in Natal was. Dit is dié beleid waaronder Gandhi op 7 Junie 1893 van die trein in Pietermaritzburg afgegooi is (Nanda 2012: *s v* Gandhi). Die mite word algemeen aanvaar dat Gandhi die slagoffer van die Afrikaner se apartheidsregering was. Volgens Nanda (2012: *s v* Gandhi) het die volgende gebeur:

... while travelling to Pretoria, he [Gandhi] was unceremoniously thrown out of a first-class railway compartment and left shivering and brooding at Pietermaritzburg Station; in the further course of the journey he was beaten up by the white driver of a stagecoach because he would not travel on the footboard to make room for a European passenger; and finally he was barred from hotels reserved “for Europeans only”.

Volgens Nanda (2012) het hierdie gebeurtenis in Natal plaasgevind toe Gandhi in sy twintigerjare was. Op daardie stadium was Natal ’n Britse kolonie en is Britse beleid toegepas. Die amptenare, wat hom van die trein afgegooi het, was in diens van die Britse koloniale regering en het niks met die ZAR te doen gehad nie. Die Unieregering het eers vyftien jaar later tot stand gekom. Die Afrikaner se apartheidsregering het eers meer as vyftig jaar na hierdie insident, in dieselfde jaar as wat Gandhi op tagtigjarige ouderdom in Delhi dood is, aan bewind gekom. Dit is dus van alle waarheid ontbloom dat daar deur die Afrikaners se apartheidsregering teen Gandhi gediskrimineer is, dit is die Engelse wat hom van die trein afgegooi het.

Die ironie is dat Gandhi ’n ambulanskorps van 1100 vrywilligers in die lewe geroep het, waarvan 300 Indiërs was, wat aan die kant van die Engelse teen die Boere in die Tweede Vryheidsoorlog diens gedoen het (Nanda 2012).

Apartheid in sy volle glorie is reeds in die 1800’s deur die Engelse toegepas.

Amerika se apartheid

DIE VSA, WAT 'N PROMINENTE kritikus van Suid-Afrika was, het rassiediskriminasie eers in 1964, met die promulgering van die *Civil Rights Act*, amptelik verwyder (Encarta 2009:s v *Civil rights*; Figuur 16.6).



Figuur 16.6: Rassisme in Suid-Afrika? Nee, dit is in Birmingham, Alabama, in Amerika, 3 Mei 1963 (Encarta 2009:s v *Civil rights*).

TOE DIE NP IN 1948 die verkiesing wen, was daar nog in talle state van die VSA wette wat vermenging tussen die rasse verbied het. In 1949, toe Eben Dönges, destydse minister van binnelandse sake, 'n wetsontwerp voorlê wat alle huwelike tussen wit en bruinmense onwettig maak (huwelike tussen wit en swart is reeds in 1928 verbied), het hy die wet probeer regverdig deur daarop te wys dat dit ook in die VSA die praktyk is. Dertig Amerikaanse state het sulke wette gehad en in vyftien was daar 'n amptenaar vir huweliksake wat hierdie wette moes toepas (Giliomee 2004:446).

Die Boer en apartheid

'N VOLLEDIGE ONTLEDING van die oorsake van apartheid is nie binne die *scopus* van hierdie studie nie. Hier word slegs 'n paar fasette van apartheid aangetoon, sonder om aanspraak te maak dat die volle prentjie weergegee is.

Die Afrikaner behou apartheid

GILIOME (2004:397) plaas die oorsprong van apartheid onder die geledere van die Afrikaner in die Wes-Kaap. Sonder dat hy dit self volledig deurtrek, plaas hy 'n duidelik afstand tussen die Boer en apartheid, wanneer hy stel dat:

'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat die Broederbond met die vroeë idees oor apartheid saamgestem en dit gesteun het, maar dat dit nie apartheid ontwikkel en geformuleer het nie. Anders as wat gewoonlik aanvaar word, is apartheid as ideologie en as plan hoofsaaklik in die Wes-Kaap ontwikkel deur mense wat nie lede van die Broederbond was nie. Dit was ook nie apartheid wat deurslaggewend was in die NP se oorwinning van 1948 nie, maar die omstrede oorlogsverklaring en die ontwrigting wat deur die oorlog meegebring is.

Volgens hierdie stelling is apartheid deur die Afrikaner in die Kaap by die Engelse oorgeneem en verder geformuleer en ontwikkel en nie deur die Boervolk in die noorde nie. Verder was die oorwinning by die stembus in 1948 nie gebaseer op apartheid nie, maar eerder in reaksie op Jan Smuts se besluit om die land, teen die wil van die Boergesinde Afrikaner, in 'n oorlog te dompel. Dan is daar nog van die Boer verwag om aan die kant van die koloniale onderdrukker, wat sy mense uitgemoor en sy plase vernietig het, te veg. Die Boer se strewe na onafhanklikheid het ook 'n belangrike rol gespeel en hy is deur beroepspolitici as stemvee gebruik, met die lokaas van 'n eie republiek, wat in die vooruitsig gestel is. Volgens Giliome (2004:371) wou Malan aanvanklik die idee van 'n republiek nie 'n prioriteit maak nie en is dit eers ná druk van die noordelike Nasionaliste in die partybeleid opgeneem.

Die aanvang en verloop van apartheid, soos wat dit deur die Afrikaner se apartheidsregering ontwikkel is, sowel as die impak wat dit op die Boervolk gehad het, word nou verder bespreek.

Die aanvanklike doel van apartheid was om BASA20, wat die Boergesinde Afrikaner en die Kolonialergesinde Afrikaner insluit, op te hef en teen diskriminasie deur Engelse en Joodse nyweraars te beskerm (Giliome 2004:369). Die Afrikaner is ook teen die dominerende van swart

arbeid, wat deur die mynbase van oral in Afrika ingevoer is, beskerm (Giliomee 2004:289). Klem is geplaas op die gedagte *om die eie te ontwikkel en trots daarop te wees* (Giliomee 2004:441).

Hou in gedagte dat die Engelse se inkomste *per capita* teen 1948 dubbel dié van BASA20 was, hulle vlak van onderwys was ook hoër en hulle het hulle vereenselwig met 'n Engelse kultuur (Giliomee 2004:443). Hierdie ongelykheid het BASA20 in 'n swakker posisie as die Engelsman geplaas. Die Afrikaner regering het die ongelykheid hanteer deur na homself te kyk en homself te probeer verbeter en op te hef. Dit is op 'n soortgelyke wyse waarskynlik ook die aanvanklike dryfveer agter transformasie.

Apartheid het dus aanvanklik 'n suiwer uitgangspunt van selfontwikkeling, selfopheffing, selfopoffering en selfversterking gehandhaaf. Die negatiewe en diskriminerende fasette, wat later deur die hele wêreld veroordeel is, was op daardie stadium nog geensins ter sprake nie en was beskou as 'n “normale” wêreldfenomeen.

Die opheffingsproses van BASA20 het stadig gevorder, veral weens die ingesteldheid van die Joodse en Engelse nyweraars en sakelui teenoor die Afrikaner/BASA20 (Giliomee 2004:369). Die AB besluit in 1956 dat daar 'n grondslag gevind moet word, “waarop Afrikaanse [*BASA20] besighede in 'n meerdere mate deur die toekenning van kwotas begunstig kan word.” Die doel was om die kwotastelsel aan te wend om aan jong en opkomende BASA20 besighede 'n vastrapplek in die handel en nywerheid te verseker (Giliomee 2004:441). Kwotas is dus nie 'n nuwe plan wat deur die ANC uitgedink is nie, maar is reeds deur die AB en die Afrikanerregering in die 1950's uitgedink. By die AB was dit egter nie soseer teen swart mense gerig nie, maar hoofsaaklik teen Engelse ekonomiese oorheersing.

Anders as die algemene opinie, dat apartheid ingestel is om te diskrimineer, was die wedersydse beskerming van alle groepe in die begin een van die belangrike uitgangspunte. In 1948 was daar, volgens Giliomee (2004:447), feitlik in elke stad 'n gemengde woonbuurt waar swart, wit, bruin en Indiër deurmekaar gewoon het. Dit het volgens hom dikwels tot rasse konflik gelei. Hy haal as voorbeeld die skokkende konflik tussen die Zoeloes en Indiërs, wat in Durban in 1949 plaasgevind het, aan. Hierdie rasgedrewe botsings in Durban het tot gevolg gehad dat 147 mense gesterf het, meer as 300 geboue verwoes is en nog 1 700 geboue beskadig is.

Verwoerd het gestel dat die gemengde woonbuurtes gevaarlik geword het en dat die regering moet optree (Giliomee 2004:447). Hy het verder

gestel dat in 'n “deurmekaar ontwikkeling” die blankes “minstens vir 'n lang tyd in die sterkere posisie [sal] staan en [dat] die Bantoe op elke gebied die onderspit-delwende party [in sulke gemengde woonbuurte] sal wees.”

Volgens Giliomee (2004:447) was Verwoerd se “oplossing as die enigste uitweg” afsonderlike ontwikkeling ten einde 'n onaangename en gevaarlike toekoms vir sowel wit as swart te voorkom. Skeiding moes ingevoer word waar dit prakties is, met die doel om wrywing te verwyder en waar elke gemeenskap, wit en swart “heerskappy (baasskap) in sy eie gebied” kan uitoefen.

Giliomee (2004:447) kom tot die gevolgtrekking dat:

... vir die NP-intelligentsia het die beleid nie gegaan oor ras op sigself nie, maar oor die sekuriteit van die Afrikaners en die groter wit gemeenskap. Nie wit minagting vir swart mense lê agter die apartheidswette nie, was hulle betoog, maar vrees vir 'n swart meerderheid. Sonder uitsondering het hulle apartheid verdedig op grond daarvan dat dit stryd sou verminder deur punte van kontak en mededinging tussen die rasse uit te skakel.

Die Boer bevoordeel?

ALHOEWEL DIE BOERGESINDE Afrikaner nie die inisieerders of die ontwikkelaars van apartheid is nie, was hulle deel van BASA20, wat die voordele daarvan gedeel het. Mbete stel ten opsigte van die Boervolk (Aanhangsel D): *“They were NOT involved in the institutionalization of apartheid even if they were the beneficiaries.”*

Nadat Afrikanerpolitici meer beheer op die politieke terrein bekom het, is die agterstand wat die Afrikaanssprekendes tydens die eerste drie dekades van die 20^{ste} eeu ervaar het geleidelik aangespreek. Die doel van apartheid en afsonderlike ontwikkeling was, volgens Sisk (1993:97-98) instrumente in die hand van Afrikaner-nasionaliste met 'n tweeledig doel. Dit moes die “volk” beskerm teen die bedreiging van die opkomende swart werkersklas asook die beskerming van die Afrikaans-sprekende witman teen die dominansie van Engelse kapitaal. Verder moes dit die arm onderdrukte Afrikaanssprekendes uit hulle agterstand ophef. Sisk (1993:98) stel dit as volg:

Conversely, a full range of state policies also sought to uplift Afrikaners as a predominantly poor, mostly rural, less-educated group of farmers and workers, and transform them into a solidly middle-class, urban, professional group of civil servants, managers, businessmen, and skilled labourers.

Aan die ander kant was die Boervolk, soos die Swartes, Kleurlinge en Indiërs, slagoffers van die NP-beleid. Dit is belangrik om hierdie stelling in perspektief te stel. Nadat die NP die politieke beheer in Suid-Afrika bekom het, is 'n sekere ideologie en beleidsrigting gevestig. Die beleidsrigting is deur middel van die geldende mening gehandhaaf en op die akademiese terrein en in die media uitgebou. Die AB het as 'n geheime "Mafia" agter die skerms gefunksioneer. Lede van die AB is telkens bevoordeel wanneer, onder andere, aanstellings, bevorderings en die verkryging van tenders ter sprake was. Veral ná 1961 het diegene, wat nie deel van die Broederbond-"Mafia" was nie, geen bevoordeling gehad nie.

Daar is openlik gediskrimineer teen almal wat hulle met die Boer se strewe na selfbeskikking vereenselwig het. Die diskriminasie teenoor Boere en Boergesinde Afrikaners het alle terreine ingesluit en is selfs deurgetrek na kinders op skool by, onder andere, die aanwysing van leerlingrade. Die nadele van diskriminasie, wat lede van die Boervolk ervaar het, was van so 'n aard dat die voordele van apartheid amper misgekyk kan word.

Die Boervolk was verder aan die ontvangkant van diskriminasie en slagoffers van die NP se Veiligheidspolisie en apartheidsboelie-taktiek, wat hulle teenoor opponente soos die ANC en die AWB uitgeoefen het. Lede van die Boervolk is met traangas gegooi en met haelgewere en R4-aanvalsgewere geskiet soos gebeur het by Pietersburg, Goedgevonden en Ventersdorp. Tydens byeenkomste waartydens PW Botha op Potgietersrus en FW de Klerk by Nylstroom kom praat het, is doringdraad rondom die terrein gespan en die lede van die Boervolk is met geweld deur die polisie uit die terrein gehou. Lede van die Boervolk is by Noeniput deur lede van die veiligheidspolisie vermoor, terwyl die amptelike bevinding dit as "selfmoord" bestempel het – met twee gebreekte arms. Vergelyk die situasie met die van die ANC-aktivis Timol wat in polisieaanhouding, ongeveer vyftig jaar gelede, "selfmoord gepleeg het". In 2018 het 'n hoër hof bevind dat dit nie selfmoord nie, maar wel moord was.

'n Belangrike aangeleentheid wat nie altyd op die voorgrond geplaas word nie, is die feit dat die Boervolk deur die NP daarvan weerhou is om hulle eie onafhanklike gebied, soos, onder andere, die Zoeloe, Venda, Pedi, Tswana, Sjangaan en Xhosa te verkry. Selfs toe die Boere daarvoor gevra het, is hulle met die hoed in die hand weggestuur (Maritz 2008).

Afrikanerakademici

DIT IS VAN BELANG OM daarop te let dat die aanstelling van Afrikanerakademici, wat die geldende mening gehandhaaf het (veral ná 1970), daartoe bygedra het dat die menings wat in die media verskyn het, gewoonlik teen die Boervolk se republikeinse strewe, die ideologiese siening van etnisiteit, nasionalisme en 'n Boerestaat gekant was. Hierdie fenomeen word duidelik bevestig deur die stellings wat professor Amanda Gouws (2018:6) maak. Sy propageer 'n petisie, wat beswaar maak teen kritiek wat Kriel en Roets van AfriForum (teen die geldende mening) “teen intellektuele en akademici” uitgespreek het. Sy doen dan die standaard “geldende mening reaksie” en stereotipeer hulle deur te beweer dat volgens AfriForum is “enige intellektueel wat nie met AfriForum se interpretasie saamstem nie, per definisie 'n rassis en 'n Afrikaner verraaier.”

Die konformerende kapitulasie van die hoofstroom akademici by tersiêre instellings ten opsigte van die behoud (verlies) van Afrikaans as onderrigtaal bevestig hierdie fenomeen verder.

Eie gebiede

DIE BENADERING OM “EIE gebiede” te vestig, kon gewerk het, indien Verwoerd na Manie Maritz en sy afvaardiging geluister het deur aan die Boervolk ook 'n tuisland te gee. Dit sou die republikeinse strewe van die Boervolk bevredig het en die tuislandbeleid gelegitimeer het. 'n Verdere voorwaarde, wat nodig was om die tuislandbeleid te laat werk, sou wees om die restant van Suid-Afrika, nadat alle tuislande uitgesny is, as 'n kosmopolitiese gebied te verklaar. Dit was plaaslik en internasionaal nie aanvaarbaar of regverdigbaar dat die restant uitsluitlik aan die Blankes toegewys is nie. Daar moes 'n stelsel uitgewerk word waar almal binne die kosmopolitiese gedeelte stemreg kon verkry, terwyl diegene wat binne die tuislande bly, in die tuisland sowel as nasionaal kon/kan stem.

Diskriminasie deur apartheid

DIE FEIT DAT DIE NORM in ander Westerse lande deel van rassistiese uitlatings en praktyke (onder die naam van segregasie) was, sowel as die aanvanklike “edele” doelwitte van apartheid, regverdig nie die diskriminerende aspekte wat deur die NP-regering toegepas is nie. Inteendeel, dit word as verkeerd en onmenslik verklaar. Giliomee (2004:449) stel dat apartheid op verskeie grondslae berus het:

... die beperking van alle politieke mag tot wit mense, gedwonge woonbuurtskeiding, aparte onderwys, die regulering van die arbeidsmark en instromingsbeheer wat die swart stroom na die stede beperk.

Hierdie aspekte kan gesien word as die puntjie van die ysberg, maar het tot wesentlike onreg en ongelukkigheid onder anderskleuriges gelei. Veral die sogenaamde “klein apartheid”, soos onder andere, aparte busse, treine, parke, bankies, restourante, openbare geriewe, om ’n paar te noem, is baie moeilik regverdigbaar.

Gielie Hoffman^[124] (*Beeld* 21 Junie 2018:21) stel dat: “Niemand kan die pyn ontken wat iemand pre-1994 beleef het nie” en stel:

Rasseklassifikasie en ongelyke toegang tot geleenthede [diskriminasie op grond van kleur] het die kern van die apartheidsbeleid gevorm. Dit het aanleiding gegee tot menseregtevergrype en die normalisering van wit oorheersing.

Giliomee (2004:452) onderskei tussen politieke apartheid en sosiale apartheid. Hy stel dat die kern van politieke apartheid daarin geleë was dat swart mense geen politieke mag en verteenwoordiging in die blanke gebied geniet het nie. Die kern van sosiale apartheid behels rasseklassifikasie en die diskriminasie op alle terreine op grond van ras.

Die Boervolk en sy bure

DIT IS BELANGRIK OM daarop te let dat die Proto-Boere die grense, wat by die Limiete van die Oosgrens tussen die witmense en die Xhosas gestel is, eerbiedig het. Selfs vandag nog is daar baie min witmense wat in die Transkei, Pondoland en Ciskei gevestig is. Die Boere het konfrontasie oor grensgebiede hanteer deur weg te trek. Aan die ander kant het die Engelse regering wél die swart gebiede aan die Oosgrens geokkupeer en geannekseer. Giliomee (2004:237) stel dat Brittanje gebiede, wat vandag as Transkei, Pondoland en Ciskei bekend staan, as Gcalekaland en Thembuland in 1885 en Pondoland in 1894 geannekseer het. Verwoerd het met sy tuislandbeleid gepoog om hierdie gebiede weer aan die Xhosas terug te besorg.

Die Boere het hulle grond deur besetting, onderhandeling en deur erkende oorloë bekom en telkens gepoog om in goeie buurmanskap met ander volkere en stamme te leef. Boere het wel arbeiders op hulle plase gehuisves en die nodige sorg en lewensmiddele aan hulle verskaf. Slawe is

in 1834 (terloops dertig jaar voor Amerika) in Suid-Afrika vrygestel en vorm dus nie werklik ná die totstandkoming van die Boervolk deel van hulle geskiedenis nie. Die Proto-Boere het wel slawe besit en het hulle meestal as deel van die familie en huisgesin beskou, alhoewel daar soos by die meeste ander volke en nasies, 'n klasseverskil tussen werker en eienaar was. Baie van hierdie slawe het vrywillig as deel van 'n Boere-huisgesin met die Groot Trek saamgetrek. Van die slawe is saam met die Boere as slagoffers van aanvalle deur die Zoeloes, Matabeles, Knopneuse en Sotho's vermoor.

Die Boer en die NP

TYDENS DIE KULTURELE opwelling van van die Afrikaner na 1938 tot en met 1961 en die verkryging van 'n republiek het die Boere en Boergesinde Afrikaners wel vir die NP gestem. Die republikeinse strewe van die Boer is baie effektief deur die Afrikaner-politici van die dag gekaap en gekanaliseer en deur middel van sosialisasie en sosiale ingenieurswese aangewend om die NP te laat groei en politieke beheer te behou.

Die Boere was nie tevrede met die RSA in 1961 nie. In die eerste plek het dit nie voldoen aan die Boervolk se strewe om oor homself binne sy eie gebied te regeer nie. Verder het die NP se kompromieë en voortdurende gevry na die Engelse stem en later na die Kleurlingstem die Boere ontnugter en tot die besef gebring dat die Boervolk se onafhanklikheidsideaal by die agterdeur uitgewaai het.

Ná republiekwording in 1961 het die Boervolk en aanhangers van die republikeinse strewe polities van die NP af wegbeweeg. Aanvanklik is die HNP en later die KP gestig. Apartheid, soos dit in die praktyk gemanifesteer het, was nooit die ideologie van die Boervolk nie, maar die Boer was eerder op soek na 'n afsonderlike gebied soos uitgedruk in die term "Volkstaat".

Gevolgtrekking

APARTHEID IS DEUR DIE Engelsman na Suid-Afrika gebring en is deur die Afrikaner verder uitgebou. Die Boer het wel voordele van die ideologie en stelsel van apartheid gedeel, maar was ook slagoffers teen wie deur die Afrikaner se NP-regering en die AB tydens die apartheidsera gediskrimineer is. Om die skuld van apartheid agter die naam van die Boer te plaas is feitelik verkeerd en onregverdig.

Transformasie

SOOS WAT APARTHEID die kern van die NP-regering se beleid gevorm het, het transformasie, of te wel transformatisme, die mantra of ideologie van die ANC-regering geword. In wese speel transformasie die rol van omgekeerde apartheid – neo-apartheid. Die ironie is dat daar by beide apartheid en transformatisme is daar wenners en verloorders is. Transformasie kan vanuit drie uitgangspunte geanaliseer word. Eerstens word die positiewe aspekte bekyk, dan die negatiewe eienskappe bespreek en laastens word die uitbuiting van transformasie deur swart elite onder die loep geneem.

i) Transformasie word positief aangewend

SOOS MET DIE AANVANKLIKE doel van apartheid, wat gemik was op die opheffing van arm wit mense, was/is transformasie ook gemik op die opheffing van die oorwegend arm swart, meesal minder geletterde werkersklas, sodat hulle ekonomies bemagtig kan word. Dit word gemotiveer en geregverdig uit die hoek dat daar teen swart mense in die apartheidsera gediskrimineer is en dat swart mense nie dieselfde geleenthede as witmense gehad het nie. Die einddoel is om 'n swart middelklas te bevorder of te vestig, wat bestaan uit stedelike, professionele groepe staatsdienswerkers, bestuurders, besigheidsmense en opgeleide arbeiders. Hierdie uitgangspunt is logies, word begryp en kan aangeprys word.

Dieselfde situasie, wat onder swart mense tydens die apartheidsregering geheers het, het in die vroeë 20^{ste} eeu (na 1902) onder BASA20 ook geheers. Dit sluit veral die Boere in wat ekonomies deur die Engelse tydens die Tweede Vryheidsoorlog vernietig is. Wit apartheid en diskriminasie is na 1902 deur die Engelse en pro-Engelse Afrikaners teenoor die Boere toegepas. Die Boere was deur die Engelse geminag en vertrap. Daar is blatant teen BASA20 gediskrimineer by die oorweging van aanstellings en bevorderings. Die ekonomie was uitsluitlik in Engelse hande en beleidsbesluite is dikwels in die Engelse klubs en losies geneem. Giliomee (2004:272) stel dat immigrante of wit Engelssprekendes, wat in Suid-Afrika gebore is, al die geskoolde en halfgeskoolde werk gedoen het en omtrent al die senior poste in die staatsdiens gevul het. Die Boere was dus in dieselfde

bootjie as wat die swartes tydens apartheid verkeer het, met dié verskil dat die Engelse nyweraars en mynbase verder teen BASA20 gediskrimineer het deur voorkeur aan “goedkoop swart arbeid” op die myne te gee.

Giliomee (2004:309) verwys na dr. DF Malan, Kaapse NP-leier, wat verklaar het:

Afrikaners [*BASA20] oral soos minderwaardiges behandel word – in die staatsdiens, die skool, op elke kennisgewingbord en in die hele toon van die openbare lewe. Die gevolg is dat die Afrikaners [*BASA20] hulle self ook as minderwaardig beskou.

Onder die naam apartheid het soortgelyke diskriminasie tydens die apartheidsjare ten opsigte van Swartes, Indiërs en Kleurlinge gegeld en geld vandag weereens as neo-apartheid teenoor die witman onder die naam: *Transformasie*.

Soos wat ANC-politici meer beheer op die politieke terrein oorgeneem het, is die agterstand wat gekleurde mense tydens die apartheidsjare in die 20^{ste} eeu ervaar het, geleidelik aangespreek. Die doel van transformasie was waarskynlik aanvanklik, soos by die aanvang van apartheid, om die gekleurde mense teen die dominansie van die Blankes te beskerm. Verder moes dit die arm onderdrukte gekleurdes uit hulle agterstand ophef. Sisk (1993:98) se stelling (hierbo) oor BASA20 (Afrikaners) kan as volg aangepas en op die apartheidsjare van toepassing gemaak word:

*Conversely, a full range of state policies also sought to uplift ~~Afrikaners~~ [*Coloured people] as a predominantly poor, mostly rural, less-educated group of farmers and workers, and transform them into a solidly middle-class, urban, professional group of civil servants, managers, businessmen, and skilled labourers (*verandering).*

Dit is dus verstaanbaar dat ’n swart regering beskermend ten opsigte van sy eie mense optree en beleid handhaaf wat dieselfde mikpunte het as wat die Afrikanerregerings van die 20^{ste} eeu oor hulle eie mense gehandhaaf het. Ongelukkig maak die ANC dieselfde foute as wat die apartheidsregerings van die Afrikaner gemaak het deur die “diskriminasie van apartheid” teenoor Swartes en Kleurlinge te vervang met die “diskriminasie van transformasie” teenoor witmense en Kleurlinge. Die rolle word in neo-apartheid net omgeruil, terwyl die euwel van diskriminasie op grond van kleur, herhaal word. Die beleid om gratis Sasol-aandele in die sogenaamde Khanyisa-aandele-skema aan wit werkers, wat jare by Sasol werk, op grond van hul velkleur te weier, terwyl swart

arbeiders wat drie maande in diens is vir aandeel kwalifiseer, is 'n goeie voorbeeld van blatante diskriminasie op grond van ras (Malherbe 2018:21).

Malherbe (2018:21) rapporteer verder dat Ramaphosa besig is om 'n projek genaamd *Youth Employment Service (YES)* te loods. Dit is 'n bemagtigingsprojek wat aan werklose jong mense tussen 18 en 34 jaar betalende werksgeleenthede bied. Aansoeke geskied aanlyn. Tydens registrasie word gespesifiseer dat slegs swart, bruin en Indiërs vir die projek kwalifiseer. Malherbe haal Paul Maritz, koördineerder van Solidariteit Jeug aan, wat stel dat “wit aansoekers word blatant ontmoedig” en “uitsluiting op grond van ras word die norm.”

Dit is belangrik om te let dat die toekenning van kontrakte of die toepassing van kwotas alleen nie 'n blywende oplossing bied nie. Giliomee (2018a:5) stel dat toe die AB tydens 'n Bondsraad in 1956 'n kwotastelsel vir die Afrikaners wou implementeer die planne deur twee belangrike sakeleiers, Anton Rupert en Andreas Wassenaar, gefnuik is. Hulle het geargumenteer dat blywende sukses op sakevernuf, entoesiasme, realisme en lojaliteit gebou moet word en nie op sentiment nie. Giliomee beskryf dat Mohathir Mohamad (president van Maleisië, 1981-2003) die probleem (uitdaging) ten opsigte van die oorheersing van die Maleisiese ekonomie deur die Chinese minderheid wou aanspreek deur die beleid van bemagtiging van Maleisiese burgers toe te pas. Hy het later erken dat die beleid van bemagtiging misluk het aangesien dit slegs as 'n kruk aan die Maleisiërs in die vorm van staatskontrakte en ander bevoordeling gedien het. Ná hierdie hulp kan hulle nie sonder die kruk klaarkom nie. Die ironie is dat die ANC hulle beleid van swart ekonomiese bemagtiging (SEB of *BEE*) op Mohammed se *mislukte* beleid van bemagtiging geskoei het. Dit is dus nie 'n verrassing dat die ANC se beleid van SEB in Suid-Afrika op dieselfde wyse as die van Maleisië besig is om te misluk nie.

Die Menseregtekommissie (MRK) rapporteer in 'n verslag dat regstellende aksie en SEB “nuwe vorme van ongelykheid” in Suid-Afrika skep. Die MRK stel verder dat dit in die doelwit, naamlik om swart mense toegang tot die ekonomie te gee, misluk het. Die MRK kritiseer regstellende aksie skerp deur te stel dat dit nie gelykheid bevorder nie. Die verslag stel verder dat die toepassing van regstellende aksie dikwels neerkom op rigiede kwotas wat 'n bepaalde groep verhoed om die arbeidsmark te betree, eerder as buigsame doelwitte wat maatskappye kan aanpas by hul omstandighede. Die stelling word ondersteun deur die ekonoom, Dawie Roodt, wat stel dat

regstellende aksie nie slaag nie, maar “dat dit net regkry om uitgesoekte individue te bevorder ten koste van die gemeenskap” en bepaalde individue met politieke mag te bevoordeel (Krige 2018:6).

ii) Negatiewe transformasie

HOFFMAN EN GILIOMEE beskou die kern van apartheid as *politieke en sosiale diskriminasie op grond van kleur*. Die harde werklikheid van neo-apartheid is dat post-1994-transformasie op niks anders gebaseer is as op *politieke en sosiale diskriminasie op grond van kleur* nie. Hoffman (Beeld 21 Junie 2018:21) stel dit as volg:

Nou, 'n generasie later, [verwysende na apartheid] moet ons egter vra of die rasbeleide van die ANC nie ook skade aanrig nie. Of dit die oorbehepthed met ras nie versterk het nie.

Transformatisme is gegrond op diskriminasie teen witmense, wanneer dit, onder andere, by aanstellings, bevorderings, die toekenning van tenders en kontrakte en die keuring van studente kom. Die witman en in die besonder BASA21 ervaar daagliks vernedering, diskriminasie en onderdrukking as gevolg van die toepassing van transformasie. Dit bring ons by 'n verskynsel, naamlik dat waar mense onderdruk word en in die proses verneder voel 'n wrok teenoor die onderdrukkers ontstaan. Dit het by die swart mense, wat onder apartheid gebuk gegaan het, plaasgevind. Dit het ook plaasgevind by Boere wat deur die Engelse verneder is. Alhoewel daar steeds geen liefde tussen Boer en Engelsman bestaan nie, het die Boer nadat hy deel van die politieke mag was, nie wraak op die Engelse uitgeoefen nie. Hierdie aspekte word as die fenomeen van *politieke woede* in meer besonderhede bespreek.

Aan die ander kant bestaan 'n persepsie dat transformasie aangewend word om die blankes “terug te betaal” en te straf vir die “sondes van apartheid”. Die persepsie bestaan onomwonde vandag dat dit “*payback time*” vir die Afrikaanssprekende is. Swartmense wat in 'n “magsposisie” geplaas is, hanteer weerlose, veral ouer witmense en vroue, dikwels met minagting in staatshospitale, by regeringskantore, in ouetehuse en deur die wetstoepassers. Die minagting en brutale wyse waarop wit slagoffers van plaasmoorde hanteer word, is deel van hierdie fenomeen.

Witmense wat post-apartheid gebore is, word eweneens onregverdig behandel. Die skrywer se kleindogter wat ná 1994 gebore is en nooit deel

gehad het aan apartheid nie, is 'n sprekende voorbeeld. Haar oupa en pa is albei mediese dokters en dit is haar lewensdroom om 'n dokter te word. Sy kon, weens die feit dat sy wit is, ten spyte van ses onderskeidings in matriek, nie keuring vir medies by enige universiteit in die RSA kry nie. Swart studente met baie swakker punte kry sonder probleme keuring. Sy studeer tans om te gradueer as noodhulppraktisyn in 'n poging om haar begeerte om 'n dokter te word te probeer bevredig.

Pieter Mulder stel na aanleiding van die verwydering van president Steyn se standbeeld by die Universiteit van die Vrystaat (UV) in *Beeld* (29 November 2018:25) dat Afrikaanse studente nie welkom by die UV is nie:

Die boodskap wat ek en baie Afrikaners [*en Boere] die laaste weke gekry het, is: “Ons wil julle bydrae en belasting hê, maar julle erfenis, helde en kultuur is nie aanvaarbaar nie.”

Die ANC en EFF se beleid van grondonteiening sonder vergoeding, word deur Frans Cronjé (*Rapport Weekliks*, 18 November 2018:6) as volg vertolk:

Erken dus wat die meeste regdenkende mense reeds weet, maar min durf om te sê, dat die dreigement van die “terugneem van die grond” 'n beleefde manier is om te sê: “Ons sal wit mense straf vir swart armoede.”

Hierdie aspek van transformasie/neo-apartheid is onaanvaarbaar en behoort met dieselfde weersin en weerstand as apartheid beskou, geklassifiseer en hanteer te word.

iii) Transformasie ter wille van verryking van die elite

LAASTENS WORD TRANSFORMASIE toegepas om kontrakte, tenders en poste vir politieke bevoorregtes en hulle kornuite en kaders te verseker. Dit het in wese nie met die opheffing van die gemiddelde en arm swart-man op die straat te doen nie en regstellende aksie, wat deel van transformasie is, word suiwer toegepas om lede van die tenderpreneur-elite te verryk. Hierdie situasie vier tans hoogty in Suid-Afrika en biljoene rand word uit die staatskas gekanaliseer na 'n klein groepie “bevoorregtes/agtergeblewenes”.

Professor Nico Koopman^[125] (*Beeld*, 3 Oktober 2018:21) beskryf transformasie as 'n “opwindende reis” van “verontmensliking tot menswaardigheid”, van “divers en apart tot divers en saam” en “van rassisme tot nierassigheid.” Hy besing transformasie se doelwitte en

bestempel dit as “edel”. Die rassistiese diskriminasie van neo-apartheid teen witmense op grond van hulle velkleur tydens die toepassing van transformasie word deur hom geïgnoreer. Hierdie benadering van Koopman herinner aan teoloë en akademici tydens die apartheidsjare, toe die beleid van apartheid deur die geldende mening uitgedra is en die konseptuele blok hulle oë verblind het vir die “misdaad teen die mensdom”.

Voordat die emosionele uitwerking van transformasie op BASA21 bespreek word, word eers gekyk na die verskille in reaksie en optrede wat by die Boergesindes, die liberale Afrikaner en die tussengroep (Boere-Afrikaner) in die 21^{ste} eeu waargeneem kan word.

Transformasie het ’n besliste emosionele uitwerking op BASA21 en word nou onder die loep geneem. Veral die skepping van ’n valse skuldgevoel en die ontwikkeling van woede word waargeneem.

Tabel 16.1: 'n Vergelyking van die reaksies en gesindhede van die Boer, die Boere-Afrikaner en die Afrikaner, ten opsigte van transformasie, instellings en gebeure in die 21^{ste} eeu.

GESINDHEID TEENoor TRANSFORMASIE	BOER	BOERE-AFRIKANER	AFRIKANER
Transformasie in die algemeen	Negatief	Negatief of neutraal	Positief en apologeties
Swart ekonomiese bemagtiging (BEE)	Gekant	Gekant of neutraal	Positief of neutraal
Kwotas	Gekant	Gekant of neutraal	Positief of neutraal
Houding teenoor beleid wat blankes onderdruk	Ervaar dit negatief en bied weerstand	Meestal gekant, sommige bied weerstand	Meeste aanvaar dit gelate
Entoesiasies oor rugby	Min stel deesdae belang	Positief of negatief	Meeste opgewonde oor rugby
SA Sport in die algemeen	Relatief negatief	Negatief tot positief	Baie positief ingestel
Naamsverandering	Gekant en gebruik ou name so lank moontlik	Negatief tot neutraal	Gebruik nuwe name dadelik
Nuwe vlag	Antagonisties	Negatief tot neutraal	Positief gesind
Verf nuwe vlag op gesig	Nooit	Soms	Baie graag
Nuwe volkslied	Antagonisties	Positief en neutraal	Baie positief
Kerkverband	APK, huiskerke, charismatiese groepe Israelgroepeerings en sonder kerkverband	APK, Israel groepe, Herv. en Geref. kerke	Hoofsaaklik NGK, asook Geref. Kerk, Herv. Kerk
Radiostasie	Pretoria FM of geen	Pretoria FM en RSG	RSG
Politiese verband	Stem glad nie of VF+ (Plaaslik)	Stem VF+ of DA	Stem DA of ANC
Geheime organisasies	Geen	Volksbond of geen	Broederbond en/of Vrymesselaars
Betrokkenheid by Senekal	Die groep in Senekal by die hof, was oorwegend Boere.	Was op die plaas buite die dorp	Het by die huis gebly.

Valse kollektiewe skuldgevoel

LEDE VAN BASA21 WORD vandag blootgestel aan indoktrinasie en aan 'n stortvloed van propaganda van: *“Jy is wit en jy praat Afrikaans en daarom dra jy deel aan 'n kollektiewe skuld van apartheid en daarom mag daar teen jou gediskrimineer word ter wille van transformasie en regstelling van die ongelykhede van die verlede.”* Selfs al is jy ná 1994 gebore, is jy steeds skuldig! Daar word van jou verwag om, ten spyte van

die diskriminasie teen jou wit vel, polities korrek te reageer. Jou gesindheid “behoort te wees” dat jy aanvaar om in ’n groter eenheidstaat as ’n tweederangse burger in jou geboorteland te woon. Jou regte en voorregte is opgeskort as deel van ’n kollektiewe skuldvereffeningsaksie. Die feit dat jy deel van ’n inheemse volk is wat in Afrika ontstaan het, word deur middel van valshede en leuens, wat deur politieke leiers versprei word, ongedaan gemaak en jou regmatige aanspraak op grond en ’n plek in Afrika word as diefstal bestempel.

Hierdie boek wil die kollektiewe skuldgevoel asook die
apatie en gees van konformasie by BASA21 ernstig
aanspreek en uitdaag.

HIERDIE BOEK WIL OOK BASA21 konfronteer met feite, wat die leser sal noop om introspeksie te doen en om ten minste ’n wilsbesluit te neem oor waar hy/sy individueel en in groepsverband inpas en identifiseer. So ’n keuse kan lotsbepalend wees ten opsigte van die oorlewing van BASA21 in Afrika.

Gebrek aan ’n kulturele hawe

DIE AFRIKANER IN DIE algemeen en die Boervolk in die besonder het nie meer ’n kulturele hawe waar bestek geneem kan word, kulturele bande versterk en volksgesinde aktiwiteite bevorder word nie.

In die verlede het gemeenskappe Geloftefeeste gevier, tydens Nuwejaarsfeeste boeresport gehou en gereelde volksbyeenkomste bygewoon. Rugbyspanne, veral die Springbokspan, het as “iets om op trots te wees” gedien. Hierdie fasette het in die NSA verdwyn. Kunstefeeste het aan die begin hierdie “bymekaarwees” gestimuleer, maar verloor geleidelik momentum weens “politieke korrektheid” en die toepas van transformasie en kwotas by die kunstefeeste.^[126]

Alida Kok skryf in ’n artikel in *Beeld* (6 Desember 2018:16) getiteld *AIG bied kans om te assosieer*, dat die Afrikaans is Groot-konserte (AIG)

het “mense wat smag om weer te ervaar hoe dit voel om deel van ’n gemeenskap te wees bymekaargebring.” Sy stel ook dat “hierdie konsert ’n redelik omstrede regse politieke identiteit onder mense het.” Sy bedoel waarskynlik dat dit mense ’n gevoel van nasionalisme laat ervaar. Kok beskryf verder dat daar oomblikke was “dat ooms in die gehoor sigbaar staan en huil het.” Sy sluit haar artikel af deur te stel:

... die konserte het wit Afrikaanse mense die geleentheid gebied om in mekaar se teenwoordigheid te rou oor die gemeenskap wat hulle verloor het sonder om skaam te wees daarvoor.

Politieke woede

DIE TERM “WOEDE” HET in die laaste tyd gereeld in die media verskyn. Dit word aangebied asof dit ’n natuurlike reaksie is op onreg, dat dit aanvaarbaar is en mense die reg gee om skole, busse, biblioteke, klinieke en polisiestasies af te brand “omdat hulle *woedend* is.”

Jo-Ansie van Wyk^[127] (2017:17) stel dat woede wêreldwyd aan die toeneem is. Sy haal Mishra^[128] aan, wat reken dat “tegnologie, hiperglobalisasie en turbokapitalisme die mensdom in die steek laat, talle agterlaat, vervreem en ’n teelaarde vir woede kweek en dat die hoogwatermerk van hierdie woede nog nie bereik is nie.” Sy argumenteer verder:

...woede ook normatiewe [waardebepalende] en kommunikatiewe [dra jou gevoel oor] elemente, wat waardevol kan wees, bevat. Individuele of diplomatieke woede-uitbarstings dui dikwels aan wat ’n mens of ’n staat as belangrik en moreel beskou en hoe mens daarvoor kan kommunikeer. Sy stel dat wêreldwye knegskap aan woede blyk voort te duur, maar die uitdaging is om die sin van woede te begryp. Die einde van woede in politiek is nie in sig nie en ook nie die politiek van woede nie.

Rian Malan (2017:8) skryf oor die siklus van vernedering en wraak as volg:

’n Kaapse sielkundige, Hélène Opperman Lewis, wat my onlangs geraadpleeg het oor haar boek, *Apartheid – Britains’ Bastard Child*. Lewis is ’n aanhanger van psigo-geskiedenis, ’n dissipline wat Freudiaanse analise toepas op die gedrag van nasies in die soeke na die antwoord op die groot raaisel: Waarom herhaal die geskiedenis homself? Die belangrikste faktore, volgens psigo-geskiedkundiges, is trauma en vernedering. Wanneer swak stamme of nasies verower en onderwerp word deur sterker mense, vreet die kollektiewe vernedering so aan hulle dat dit uiteindelik lei tot nuwe oorloë waarin die verloorders uit hul pyn tree deur wraak te neem op hul voormalige onderdrukkers.

Malan (2017:8) dokumenteer dat Lewis van mening is dat die Afrikaner (*Boere) se psige insgelyks vermink is deur sy vernederende ontmoeting met die Britse Ryk en stel:

Volgens haar navorsing het die Britte neergesien op die Boere van die dag dat hulle aan die Kaap gekom het. Die Boere is gespot oor hul onbeskofte maniere, vertraagde intellek en onpeilbare gebrek aan sofistikasie. Die bespotting bereik 'n crescendo in die aanloop tot die Anglo-Boereoorlog van 1899, toe Afrikaners [*Boere] gereeld uitgebeeld is as beswaarlik mense deur jingoïstiese koerante. Daarna volg die verskroeideaardebeleid, konsentrasie-kampe en verwoesting van die volk aan die hand van die grootste weermag wat nog ooit op die planeet gesien is.

Blake (2018:8) stel dat BASA20 'n “minderwaardigheidsgevoel teenoor die Engelssprekendes gehad het wat gevoed is deur 'n Engelse houding van meerderwaardigheid en grootskaalse Afrikanerarmoede.” Hy stel verder dat Suid-Afrika “in latere dekades 'n soortgelyke verskynsel ervaar met 'n wrokkige swart gemeenskap se gevoel van verontregting oor hul verlaagde status.”

Hy meld dat “sielkundiges meen dat die herinnering van 'n latere geslag aan 'n vorige geslag se trauma is 'n voortsetting daarvan.” Hier beskryf Blake die fenomeen, wat deur Gladwell as kulturele nalatenskap of kulturele erfenis beskryf is, se invloed op latere geslagte. Blake (2018:8) stel verder:

As ou wonde nie toegelaat word om op te hou sweer nie, veroorsaak dit 'n naakte aggressie wat simptome is van onverwerkte versoening en genesing.

Hy stel dat die Engelse onsensitief was ten opsigte van die dieper trauma, wat deur die Boere beleef is met die gruwels van die Tweede Vryheidsoorlog, soos die afbrand van huise, die hantering van vroue en kinders op oop trokke en volksmoord in die konsentrasiekampe. Hierdie wonde het “bly sweer”. Hy gaan verder:

Al het hulle dit nie self beleef nie, kon 'n jonger geslag ná vier dekades nie aanvaar wat hulle voorouers moes deurmaak nie. Die nuwer geslag was in 'n sekere sin radikaler as hul ouers en minder geneë om Engelse oorheersing te aanvaar. Dit is ook 'n tendens wat aan vandag se swart mense herinner – 'n jonger, radikaler geslag wat na vore tree met 'n nuwe en verhoogde vyandigheid teenoor die onderdrukker van ouds.

Tim du Plessis (2017:6) bevestig in *Dis die punt* dié verskynsel deur te stel:

Noudat die swart reënboogkinders tot hul verstand gekom het [’n paradoks opsigself] en geleer het van die verlede, is dit asof hulle selfs kwater as hul ouers is. En jy moet verstaan hoekom. Apartheid was mensonterend en bitter erg vir diegene aan die ontvangkant.

Ongelukkig word die Boer as die skuldige namens die NP-regering gebrandmerk al was die Boer in ’n sekere sin self ’n slagoffer van apartheid.

Du Plessis (2017:6) stel ook die ander kant van die saak:

Maar die wit reënboogkinders is nou ewe omgekrap en ook dit moet begryp word. Hul perspektief op vandag is dat hulle geleenthede ontsê word en gestraf word vir iets waaraan hulle geen skuld of aandeel had nie. Wat byvoorbeeld sê wit ouers van iewers tussen 40 en 50 vandag vir hul briljante matriekkind wat nie kan toegang kry tot ’n mediese skool of die SAL se vlieënierskollege nie, enkel en alleen op grond van velkleur?^[129] Dat hulle dit gedwee moet aanvaar as regstelling, eintlik maar straf, vir die verlede? Enigiemand wat dink jong volwassenes en hul ouers sal dit gelate aanvaar, is reddeloos naïef en verstaan niks van die menslike aard nie. Ewe naïef is die verwagting dat daar geen aktivisme rondom die kwessie sal wees nie.

Die Boervolk het rede om woedend te wees!

DIE BOERVOLK IS GEWOONLIK relatief geduldig en hulle woede manifesteer nie noodwendig onmiddellik en destruktief nie. Indien na die geskiedenis gekyk word, het die Boervolk egter meer as genoeg rede om woede te openbaar:

- Die Boervolk se voorvaders is op grond van hulle geloof wreedaardig en vernederend deur die Rooms-Katolieke kerk vervolg voordat hulle na Suid-Afrika verhuis het.
- Die VOC-regering plaas drakoniese reëls en regulasie op die Vryburgers en Proto-Boere toe. Dit het genoeg rede tot woede verskaf.
- Die Swarte Ommegang^[130] en die Slagtersnek gebeure is ’n voorbeeld waar die Engelse die grensboere verneder het en het tot woede aanleiding gegee.
- Die Proto-Boere word geteister deur Boesmans, Hottentotte en Xhosas – hulle steel die boere se vee, brand huise af, vernietig gesaaides,

verkrag die vroue en vermoor lede van die Trekboere. Ook dit het genoeg rede tot woede verskaf.

- Ten spyte van die oprigting van 18 republieke (Aanhangsel D) word die vryheidstrewa van die Boervolk telkens gefrustreer deur die Britse owerhede. Telkens word die Boervolk se republieke onteien en sy grond met geweld deur die Engelse afgeneem.
- In die besonder het die Boervolk rede om woedend te wees dat Dingaan hulle leier, Piet Retief, en 67 manne op verraderlike wyse vermoor het. Dingaan het voorgegee dat hy met hulle onderhandel, terwyl hy beplan het om hulle op die mees barbaarse wyse te vermoor. Sarel Cilliers (Gerdener 1925:125) beskryf die moordtoneel in sy joernaal as volg:

... hunne handen en voeten was met rouwe riemen nog vastgebonden en bijna alle lijken, was een pen van een arm dik bij hun fondamenten ingeslagen zoo dat de punten in hun borsten waren ...

- Die Boervolk het rede om woedend te wees omdat Boerekindertjies, -vroue en -mans in 1838 by Bloukrans en Weenen deur Zoeloes oorval is, nadat Retief vermoor is. Sarel Cilliers berig as volg in sy dagboek (Gerdener 1925:59):

Byna 300 blanke mans, vroue en kinders is om die lewe gebring, en omtrent 200 kleurlinge. En op die wreedste, mees brutale manier. Moeders met suigeling aan die bors met asgaaie deurstek; kindertjies met die hofies teen die wawiele verbrysel. Gryse moeders in die waens doodgemartel [*verkrag]. Selfs die borste van moeders afgesny en die liggame oopgeskeur [*liggame van swanger vroue] en op 'n onmenslike wyse vermink.

- Verskillende ander swart stamme, soos die Knopneuse, Matabeles, Sotho's, Hottentotte, Griekwas, Boesmans en Pedies, val die gevestigde Boervolk op verskillende geleenthede aan, roof, steel, verkrag en moor voortdurend. Die datum kon net sowel 2022 gewees het, want selfs vandag in die 21^{ste} eeu, het die situasie nie veel verander nie.
- Tydens die Tweede Vryheidsoorlog word die Boervolk se kinders en vroue slagoffers van 'n volksmoord weens die skep en handhawing van haglike omstandighede in konsentrasiekampe.
- Die Boere se eiendom word stelselmatig deur die Engelse, ter wille van die beheer oor die goud- en diamantvelde, vernietig.

- Die fassilering van die Boergesinde (sogenaamde) Kaapse rebelle deur die Engelse “om van hulle voorbeelde te maak” gee genoeg rede tot woede.
- Na die oorlog word ’n veldtog deur die Engelse (Milner) teen die Boer geloods, wat ingestel is op die vernedering en onderdrukking van die reeds verslane Boervolk.
- Die Boer se taal word geminag en sy erfenis ontken.
- Die verslane Boer kry nie werk nie en moet in totale armoede in wit plakkerskampe (blikkiesdorpe) leef. Engelse en anglofiliese-Afrikaners kry voorkeur by aanstellings.
- Die Afrikaner-regering vervolg die Boere tydens 1914 se Boereopstand. Hulle word gefusilleer, in die tronk gegooi, beboet en op elke moontlike manier onderdruk.
- Dieselfde toneel speel weereens tydens die era van die OB af. Blake (2018) stel dit duidelik dat die NP (*Kolonialergesinde Afrikaner) en die Boergesinde Afrikaner in die OB aartsvyande was en dat die onderlinge verbittering tussen die twee groepe met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog groter as tevore was.
- Die AB beskou die Boergesinde Afrikaner as sy vyand en diskrimineer op elke terrein moontlik teen die Boergesinde.
- Ná die 1970’s, onder die bewind van Vorster, Botha en De Klerk, word die veiligheidspolisie aangewend om Boergesinde Afrikaners te intimideer, te vervolg en selfs fisies aan te val.
- Die Boervolk word op ’n onregverdige wyse gebrandmerk as die argitekthe en uitvoerders van apartheid en moet die kollektiewe skuld daarvan dra.
- Ná 1994 is die Boervolk die teiken van swart diskriminasie. Kontrakte, aanstellings, bevordering, sportposisies, toelating tot universiteite en moedertaal onderrig word deur die ANC-regering van die Boervolk weerhou. Die openlike diskriminasie en vernedering, waaraan lede van die Boervolk blootgestel word, in staatsdienskantore, deur die polisie, regbank en personeel in staatshospitale, skep verdere gronde vir die ontstaan van woede.
- Die swartes word ooglopend deur die owerhede toegelaat om in naam van “geregtig op grond van hulle woede oor apartheid” grusame wandade teenoor blankes, veral Boere op plase, te pleeg.

- Die Boer word voortdurend deur die liberale media misken of gestigmatiseer as *verregs* of *radikaal*. Hierdie negatiewe behandeling gee genoeg rede tot woede.

Die omstandighede in 2022 is baie soortgelyk aan die omstandighede aan die Limiete net voor die Groot Trek, ongeveer 200 jaar gelede, soos deur Kestell (1926:23) beskryf:

Die Regering het die Boere nie toegelaat om hulself te beskerm nie, maar dan het die Regering dit ook nie gedoen nie. Die gevolg was wetteloosheid. Die Kaffers (*sic*) kon doen net wat hulle wou.

In die lig van die voorafgaande bestaan genoeg rede vir die Boervolk om woedend te wees. Huidige omstandighede (21^{ste} eeu) versterk die gevoel van woede by die Boervolk en by BASA21 daaglik. Die voortspruitende kulturele nalatenskap, wat by die nageslag sal manifesteer, is onseker en die psigodinamika kan, volgens Opperman Lewis (2018), in die volgende geslag nie voorspel word nie. Sekerlik gaan 'n stadium bereik word wanneer die Boervolk dit bedoel wanneer hy sê: “Genoeg is genoeg!”

Gevolgtrekking


GRONDBESIT, APARTHEID, transformasie en woede is bestaande politieke fenomene wat in vandag se konteks in Suid-Afrika ontleed is. Oor grondbesit moet verskeie aspekte in ag geneem word. Grond, wat in die onlangse verlede onregmatig van enige iemand afgeneem is, behoort reggestel te word. Aansprake moet op wetenskaplike en geskiedkundige feite geëvalueer word en nie op ongegronde emosionele politieke retoriek nie. Dit wil voorkom asof die huidige debat rondom grond op 'n onvermydelike dooiepunt en selfs op 'n bloedige konflik afstuur. Wanneer alle partye besef dat hulle 'n dooiepunt bereik het, kan die grondkwessie positief aangewend word deur terug te gaan tekenbord toe, waartydens 'n nuwe bedeling, soos byvoorbeeld 'n konfederale stelsel, op die tafel geplaas kan word.

Apartheid was verkeerd as gevolg van die negatiewe aspekte van diskriminasie teen mense op grond van kleur en is internasionaal as 'n misdaad teen die mensdom bestempel. Neo-apartheid se transformasie is insgelyks verkeerd as gevolg van die negatiewe aspekte van diskriminasie

teen mense op grond van kleur en behoort op dieselfde gronde as apartheid as 'n misdaad teen die mensdom gereken te word.

President Ramaphosa haal oudregter Albie Sachs aan wat stel dat regstellende aksie (sluit transformasie en die grondkwessie in) reg hanteer moet word: “Dan sal dit die nasie help en saambind en voordele vir almal inhou. Indien dit sleg bestuur word, sal dit bloot wrokkigheid [*woede] herversprei, die ekonomie skaad en maatskaplike vrede vernietig” (*Beeld*, 13 Junie 2018:13).





HOOFSTUK 17

TEORETIESE EN HISTORIESE BASIS VIR VRYHEID

Die Boervolk is 'n inheemse wit volk aan die suidpunt van Afrika. BASA21 in die algemeen en die Boervolk in die besonder se voortbestaan word tans, aan die begin van die 21^{ste} eeu, onder groot druk geplaas.

Die geskiedenis toon dat Europeërs, wat kolonies in Afrika gehad het, telkens 'n Europese tuiste gehad het waarheen hulle kon terugvlug tydens 'n vlaag van Uhuru. Dit sluit, onder andere, die Belge, Franse, Duitsers, Engelse, Italianers en Portugese in. BASA21 het wortels gedurende die laaste 300 jaar in Suider-Afrika gevestig. Die Boervolk is ewe inheems as die swart stamme, wat uit sentraal Afrika hierheen getrek het of die Kleurling deel van die Bruinmense, wat ná die Boesman (San) se voorsate, hier in Suid-Afrika gevestig het.

'n Teoretiese basis en historiese begronding vir die formulering van 'n oorlewingsplan vir BASA21 word nou op die tafel geplaas. Die teoretiese en akademiese inligting kan as gronde en basis dien om by 'n permanente oplossing vir die verkryging van selfbeskikking vir die Boervolk uit te kom. 'n Moontlike oplossing word nie in hierdie hoofstuk aangebied nie, maar slegs gronde, wat deel van 'n antwoord kan wees, word gestel.

Suid-Afrika het elf amptelike tale, is saamgestel uit veelvuldige etniese groepe, uiteenlopende godsdienstige benaderings en gepolariseerde rasgroeperings. Om 'n politieke oplossing binne hierdie diverse en plurale samelewing te verkry, is verseker nie 'n eenvoudige optelsom nie.

Tydens die onderhandelings by KODESA is verskeie modelle op die tafel geplaas. Timothy Sisk (1993) het in 1992 sy doktorsgraad by die George Washington Universiteit verkry oor die onderwerp: *A new South African social contract? Institutional choice in a divided society*. In die verhandeling kyk Sisk (1993:iii) na 'n demokratiese bestel binne 'n diverse samelewing. Hy vergelyk, onder andere, die sienings van Konsosialisme of 'n vorm van magsdeling (Lijphart 1977, 1985, 1990; Nonlinger 1972) en Sentripetalisme of 'n middelpuntsoekende oplossing (Horowitz 1985).

Volgens Sisk se “institusionele keuse” moet elke groep 'n keuse oor hulle voorkeur-institusionele samestelling van regeringsvorm, volgens individuele behoeftes, maak. Die uitgangspunte is gegrond op die getalle van die groep, die demografie en die invloed wat die groep kan uitoefen. Daarvolgens het die ANC 'n meerderheidsregeringsmodel verkies, terwyl die (republikeinsgesinde) Afrikaner partisie^[131] verkies het.

Die moontlikheid van partisie is nie 'n vreemde begrip nie en kan inpas by 'n federale^[132] of konfederale^[133] stelsel, binne 'n konsosialistiese regeringsvorm.^[134] Partisie is ook inderdaad as 'n opsie voorgehou en gedebatteer tydens die onderhandelinge.



Dokumentasie vir Selfbeskikking

ROBERT LANSING (KNOP 2004:7-8) bespreek die opsie van selfbeskikking tydens die vredespogings by Versailles in 1918 en vra die volgende vraag:

*What effect will it [*selfbeskikking] have on the Irish, the Indians, the Egyptians, and the nationalists among the Boers?*

Die geskiedenis toon dat die Iere, die Indiërs asook die Egiptenare hulle selfbeskikking gekry het. Net die “Nasionalistiese Boere” het dit (nog) nie gekry nie.

Die republikeinse (Nasionalistiese) deel van BASA21
- die Boervolk -
is geregtig op territoriale selfbeskikking.

GEDURENDE DIE TYDPERK toe die NP as regering onder leiding van FW de Klerk gekapituleer het, is verskeie onderhandelingsprosesse in plek geplaas. Die internasionale gemeenskap was maar te gretig om betrokke te raak om van die “euwel van apartheid” ontslae te raak. Hulle het in die proses, die onafhanklikheidstrewa van die Boer, wat oor meer as twee eeue ’n eie selfstandige kulturele geheue ontwikkel het, grootliks buite rekening gelaat. Daar is wel prosesse, soos die sogenaamde Akkoord en die Volkstaatraad, aan die gang gesit, maar dit het later geblyk bloot “suigstokkies” te wees, wat die betrokkenes besig gehou het terwyl in die teenoorgestelde rigting beplan is. Die uiteinde is dat daar vir BASA21 geen vastigheid as minderheidsgroep beding is nie. Die tydelike regering van magsdeling, wat aan die NP gebied is, was eweneens ’n “suigstokkie” en is baie gou uitgefaseer. BASA21 is volgens James Madison vandag aan die “tirannie van die [swart] meerderheid” uitgelewer^[135] (Schubert, Dye & Zeigler 2009:87).

Meningsopnames in 1979, 1984 en 1987 dui aan dat meer as vier vyftes van die Afrikaners (*Boere) geglo het dat daar onder ’n swart meerderheidsregering omgekeerde diskriminasie sou wees en dat die Afrikaanse taal en kultuur bedreig sou word. Daar was ook ander vrese. Meer as 80% het geglo dat wit mense se persoonlike veiligheid bedreig sou word, dat wit besittings nie veilig sou wees nie en dat wit vroue gemolesteer sou word. Minder as 10% het gedink dat die lewe soos vantevore sou voortgaan (Giliomee 2004:563). Die omstandighede in 2022 bewys, retrospektief, dat die sogenaamde “regses” reg was en dat die NP-onderhandelars die kiesers doelbewus mislei het. In hulle politieke verblindheid was die onderhandelars óf onkundig, óf naïef, óf moedswillig deur doelbewus tydens die onderhandelinge te kapituleer en die regering en die land aan die “vyand” op ’n skinkbord te oorhandig.

Die prosesse wat gevolg is met betrekking tot die vryheidstrewes van die Boer, word vervolgens kortliks onder die loep geneem.

Die Akkoord

DIE ONDERHANDELINGE wat gelei het tot die totstandkoming van die Akkoord het in twee stadia plaasgevind. Die eerste fase van onderhandeling was tussen generaal Viljoen en dokter Hartzenberg as verteenwoordigers van die AVF en Mandela as verteenwoordiger van die ANC. Hierdie onderhandelinge het plaasgevind in 1993 en is klaarblyklik nie afgehandel nie. Hartzenberg het onttrek en die onderhandelinge namens die AVF is blykbaar in Desember 1993 gestaak.

Die nuutgestigte politieke party, die Afrikaner Vryheidsfront, het die onderhandelinge voortgesit, verteenwoordig deur generaal Viljoen en andere aan die een kant en deur latere presidente Mandela en Mbeki namens die ANC aan die ander kant. Volgens die skrywer se kennis is die sogenaamde Akkoord nooit geteken nie en is slegs 'n ongetekende afskrif by die VF se kantore beskikbaar.

Op die stadium vóór hierdie onderhandelinge ter sprake was, het die Afrikaner Volksfront (AVF) 'n prominente rol in die politieke scenario van die dag gespeel. Die verloop van die proses kan opgesom word dat VEKOM begin het as 'n volksgerigte organisasie met onafhanklikheid vir die "volk" as doelwit. Kaarte van moontlike gebiede, die oorweging van moontlikhede soos sesessie en selfs geweld, is onder andere, bespreek. Hierdie volksgesentreerde organisasie is uiteindelik (volgens die patroon wat reeds beskryf is) deur Afrikaner-politici gekaap en gemanipuleer, sodat hierdie politici later as pionne op die betaalstaat van die ANC beland het. Baie mense beskou die optrede van generaal Constand Viljoen en sy mede-politici vandag steeds as verraad. Die eens magtige organisasie van die AVF, wat onafhanklikheid moes beding, is getransformeer na 'n afgewaterde politieke party, wat, volgens patroon, as werksplek vir beroepspolitici kon dien. Van die eens magtige volksorganisasie het niks oorgebly nie.

Die AVF was 'n samevoeging van meer as sewentig organisasies. Alhoewel die naam op die Afrikaner dui en verskeie Afrikaners in die organisasie betrokke was, kan aanvaar word dat dit 'n liggaam was waarin die Boervolk se magsbasis, republikeinse strewes en verteenwoordiging gesetel was. Die skrywer het per geleentheid in 'n algemene vergadering van

die AVF voorgestel dat die organisasie namens die Boer behoort te funksioneer, maar op daardie stadium het die Afrikaners reeds die septer binne die organisasie geswaai en is die argument afgemaak as synde “verdelend”. Die uitkoms, indien die vryheidstryd amptelik in die naam van die Boervolk geskied het, kon dalk heel anders verloop het.

Dit is van belang dat daar kennis geneem moet word dat op geen stadium ’n amptelike mandaat deur die AVF aan enige leiers gegee is om aan onderhandelings deel te neem nie. Die aanvanklike notules en besluite van die Akkoord, gedateer 21 Desember 1993, is nie geteken nie en bewys kon nie deur die VF gelewer word dat daar ’n mandaat vir die ooreenkoms bestaan nie.^[136] Daar word ook pertinent gemeld dat geen mandaat ontvang is nie. Verder blyk dit dat baie min lede van die Boervolk kennis dra van die inhoud of selfs die bestaan van die sogenaamde Akkoord (Pretorius 2005:40).

Wingard (2009:26-27) se weergawe stel dat op 21 Desember 1993, die AVF se leiers, wat hulleself aangebied het as leiers van beide die volksbeweging (AVF) asook van die nuutgevormde politieke party, die Afrikaner Vryheidsfront (VF), ’n akkoord met die ANC aangegaan het. Dit lui as volg:

In our considerations we have recognised various modes of self-determination. It may involve the negotiation of a territorial entity which may have various degrees of autonomy. This may be augmented by constitutional devices securing various degrees of autonomy over the specific affairs of that community at one or more levels of government ...

Hierdie besluit het die leiers gesus (“en Dingaen het aan Piet Retief gesê die land lê oop voor jou ...”^[137]). Die dokument is volgens sommige bronne nooit geteken nie en selfs al is dit geteken, is dit nooit deur die genoemde leiers aangewend om op ’n territoriale gebied aan te dring nie. Dit kan natuurlik verklaar word as gevolg van die feit dat die Afrikaner Volksfront uitmekaargespat het nadat Constand Viljoen aan die begin van 1994 aangekondig het dat hy en ’n groep “Afrikaner-beroepspolitici” besluit het om aan die verkiesingsproses deel te neem. Hierna het die Afrikaner-politici die speelveld oorgeneem en “namens die Afrikaner” verder onderhandel. Vanuit die onderhandelinge het die genoemde ongetekende Akkoord en later die daarstelling van die Volkstaatraad gespruit.

Dit het gebeur te spyte van die feit dat verskeie leiers die standpunt gehuldig het dat die AVF nie aan die verkiesing moet deelneem nie. Willie

Bienedell (2003:74) haal uit *Die Afrikaner* van 15 April 1994 die volgende leiers in dié verband aan:

Dr. Ferdi Hartzenberg, leier van die KP en die AVF sê: “Die eenparige besluit van die Oorgangsvolksraad om nie aan die 27 April verkiesing deel te neem nie en om die uitslag daarvan nie te erken nie, staan vas” (Patriot, 25 Februarie 1994).

Mnr. Eugene Terre’Blanche, leier van die AWB sê: “Toe genl. Viljoen die voorstel doen (van deelname aan die verkiesing en van 20 lede in ’n Volkstaatraad) het ek gedink dit kom van die ANC af, want dit sou meer logies vir hulle wees om dit voor te stel as die Volksfront. Dit sou ons op die betaalstaat van Mandela plaas” (Rapport, 6 Februarie 1994).

Adv. Jurg Prinsloo, LP en lid van die Afrikaner Volksfront se Dagbestuur sê: “Om aan die Kommunisties gereelde verkiesing deel te neem, is futiel, en kan hoogstens dien om enkele konserwatiewe politici van werk en ’n vaste inkomste te voorsien” (Mediaverklaring, 15 Maart 1994).

Mnr. Jan Groenewald van die Boere-Vryheidsbeweging en die Afrikaner Volksfront sê: “Deelname aan die verkiesing sal op hoogverraad neerkom” (Patriot, 18 Februarie 1994).

Verder was die “volk” gereed om die land militêr teen oorname te verdedig, soos blyk uit die stelling, wat Schönteich en Boshoff (2002:24-25) maak:

Until 1994 the backbone of the Commando system was formed by rural Afrikaner men – the traditional support base of the right wing. Towards the end of 1993 the AVF estimated that it enjoyed the support of about 100,000 (out of 140,000) Commando members. The white right was also believed to enjoy widespread support in the South African Police (SAP), especially within the lower ranks.

Volgens ’n betroubare bron^[138] was 250 kommandante van die verskillende kommando’s in die Oos-Vrystaat bymekaar, waar hulle verklaar het dat hulle gereed was vir aksie, indien nodig.

Die uitslag van die verkiesing was voor die tyd voorspelbaar en die republikeinsgesinde Afrikaners (*Boere) het gewaarsku dat hul republikeinse strewe in die proses by die deur uitgegee gaan word. Eugene Terre’Blanche het gestel dat indien die diere in die wildtuin ’n verkiesing sou hou, kon voorspel word dat die rooibokke sal wen. Afrikaner-beroepspolitici was egter bereid om, ter wille van politieke poste, deel van die “oorgawe” te wees. Onderhandelings is deur Afrikaners gedoen en nie deur verteenwoordigers van die Boervolk nie.

Die Tussentydse Grondwet

Wingard (2009:27) stel dat die Tussentydse Grondwet, Wet 200 van 1993, gewysig is deur Wet 2 van 1994, om voorsiening te maak vir politieke

ooreenkomste wat deur politieke partye gesluit is. Volgens hierdie wysiging was dit duidelik dat die bedoeling van die wetgewer was om die gedagte van 'n Afrikanervolkstaat territoriaal te akkommodeer.

Ongelukkig is dit duidelik dat die ANC hierdie bepalings nie ernstig opgeneem het nie en is van die instelling van regionaal selfbeskikking vir Afrikaners in die finale Grondwet, Wet 108 van 1996, niks te vinde nie. Wingard (2009:27-28) stel met reg dat “goeie trou in hierdie verband afwesig was.”

Dit is belangrik om daarop te let dat daar geensins melding van die Boer gemaak word nie. Die Boervolk word nie genoem of geken in enige van die samesprekings of by KODESA nie.

Die Grondwet van 1996

WINGARD (2009:34) STEL dat die Grondwet (108 van 1996) dit nog steeds vir “Afrikaners” (*Boere) moontlik maak om territoriale selfbeskikking te verkry. Wingard (2009:34-35) verwys na die saak in die Konstitusionele hof, *re Certification of the Constitution of the RSA* 1996, wat van die veronderstelling uitgegaan dat dit nog moontlik sal wees om selfbeskikking te verkry vanweë dié uitspraak:

Proponents of a Volkstaat are free to campaign for political and constitutional changes which would result in the forms of self-determination which they consider appropriate, being brought about and institutionalised.

Daar word dikwels na Artikel 235 van die Grondwet verwys as 'n basis waarvolgens selfbeskikking verkry kan word. Wingard (2009:35) stel dat Artikel 235 van die Grondwet verwys na die erkenning van selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek, wat deur wetgewing tot stand kan kom. Wingard (2009:35- 36) stel:

Hierdie artikel se regsrag is onseker, maar dit is twyfelagtig of dit enigiets beteken omdat die parlement in elk geval hierdie bevoegdheid het selfs al sou die bepaling nie bestaan het nie.

Dit is ook moontlik om die artikel te vertolk dat artikel 235 se oorheersende bepaling is in die sin dat dit die parlement die bevoegdheid gee om territoriale selfbeskikking in te stel ongeag die ander bepalings van die Grondwet en dat die parlement dus nie aan die grondwetwysigings-bepalings gebonde is nie. Dit is duidelik dat dit die gees was waarvolgens hierdie Artikel in die Grondwet geplaas is en 'n ander interpretasie daarvan is moeilik.

Hierdie stelling is baie belangrik en kan moontlik vorentoe as basis en ook in die hof gebruik word om, indien nodig, te bepaal dat 'n tweederdemeerderheid nie nodig is om 'n gebied aan die Boervolk te allokeer nie.

Die oorwoë mening van die Volkstaatraad was dat die Afrikanervolk (*Boervolk) ten volle geregtig is op territoriale selfbeskikking en dat sodanige eis suksesvol gehandhaaf kan word mits die nodige volkswil daartoe bestaan (Wingard 2009:36).

Die voorstel, wat die ANC en EFF in 2018 in die parlement aanvaar het, om die grondwet ten opsigte van die besit van grond te wysig, druis reëlreg in teen die gees van boonste artikels en bepalings. Die gees van neo-apartheid in die parlement is duidelik rassisties en die pad om bostaande artikels en bepalings deur middel van die parlement te laat realiseer, alhoewel teoreties moontlik, blyk 'n opdraande stryd te wees.

Konsosialisme

AREND LIJPHART WAS deel van die Buthelezi Kommissie, wat 'n vorm van konsosiasie vir Zoeloeland as oplossing aanbeveel het. Sy benadering word hier weergegee om as aanknopingspunt vir 'n nuwe benadering te dien. Dit hoef nie noodwendig onveranderd aanvaar te word nie, maar sekere aspekte daarvan kan as basis dien om 'n nuwe bedeling of oplossing vir Suid-Afrika uit te werk. Konsosialisme werk reeds by verskeie ander lande baie effektief, soos, onder andere, in Switserland, België en Oostenryk. Konsosialisme berus, volgens Lijphart (1998:145-146), op die volgende vier bene:

(i) Regering deur middel van 'n **Groot Koalisie** (*Grand Coalition*), wat teoreties in breë trekke al die belangegroepe verteenwoordig.

(ii) **Groeps-outonomie** by wyse van territoriale en/of nie-territoriale **federalisme** en desentralisasie.

(iii) **Proporsionaliteit** veral met betrekking tot politieke verteenwoordiging.

(iv) **Vetoreg** vir minderheidsgroepe.

Volgens Lijphart (1998:146) het die 1994 Grondwet van Suid-Afrika vir al vier dié aspekte voorsiening gemaak. Eerstens het die Grondwet voorsiening gemaak vir 'n Regering van Nasionale Eenheid. Die voorwaarde om deel te word van Nasionale Eenheid, vereis dat 'n party 'n minimum van 5% stemme in die verkiesing moet verwerf. Die tweede aspek ten opsigte van groeps-outonomie behels dat groepe gewaarborg is dat hulle onderwysinstellings gebaseer op gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens gevestig sal word. Derdens vorm proporsionaliteit die hoofbeginsel ten opsigte van verkiesings en verteenwoordiging. Proporsionele verteenwoordiging is voorskriftelik ten opsigte van nasionale, provinsiale en plaaslike verteenwoordiging. Die samestelling van die Regering van Nasionale Eenheid is ook op proporsionaliteit geskoei. Vierdens word die veto-element van minderheidsgroepe beskerm deurdat 'n tweederdemeerderheid in die parlement benodig word om die Grondwet te verander. Hierdie “waarborg” van Lijphart beskerm minderhede nie werklik nie, soos die besluit oor grondhervorming in 2018 duidelik illustreer. James Madison se “tirannie van die meerderheid” is steeds in staat om minderhede te onderdruk (Schubert, Dye & Zeigler 2009:87). Giliomee (2004:572) stel dat “die erkenning van 'n gewone meerderheidsregering in so 'n skerp verdeelde samelewing soos Suid-Afrika, maklik 'n liberale vernis kon word vir oorheersing deur die meerderheid.” Hy haal Elie Kedourie, 'n gesaghebbende oor nasionalisme, aan wat ná 'n besoek aan Suid-Afrika geskryf het dat die beginsel van meerderheidsregering slegs kan werk wanneer die meerderheidsparty nie 'n permanente meerderheid is nie, maar tydens verkiesings afgewissel word. Kedourie stel, volgens Giliomee (2004:572):

The worst effects of the tyranny of the majority are seen when the unalloyed Western model is introduced in countries divided by religion or language or race.

Volgens Lijphart (1998:146) is 'n tweederdemeerderheid nodig om sekere fundamentele regte te verander, soos proposionele verteenwoordiging en die kollektiewe regte van self-determinasie in die oprigting, aansluiting en die instandhouding van siviele instellings, wat taalgerigte, kulturele en godsdienstige aangeleenthede insluit. Die skrywer verskil van Lijphart in dié sin dat vetoreg, soos wat hy dit beskryf, 'n illusie is. Vetoreg kan slegs 'n werklikheid word indien 'n werklike Groot Koalisie tot stand kom, waar 'n minderheidsgroep vetoreg kan gebruik oor sake wat

die minderheid raak. 'n Tweederdemeerderheid in die parlement onderskryf geen vetoreg van 'n minderheidsgroep nie. 'n Vetoreg is slegs regverdig wanneer die uitoefening daarvan diskriminasie teenoor die belange van 'n minderheidsgroep voorkom.

Die verdere belangrike aspek, wat volgens Lijphart (1998:146) minderhede moet beskerm, is geleë in die grondwetlike bepaling dat die kiesstelsel op 'n parlementêre stelsel, eerder as 'n presidensiële stelsel, gebaseer moet wees. Die voordeel, wat 'n parlementêre stelsel volgens hom bo die presidensiële stelsel inhou, behels die feit dat die kabinet as 'n kollegiale besluitnemingsliggaam gebaseer is en op die patroon van 'n Groot Koalisie saamgestel kan word. Dit blyk ook 'n bluf te wees, soos gesien in die samestelling van die kabinet onder die laaste drie presidente. Marthinus van Schalkwyk is vir die skyn vir 'n tyd lank as lid van die kabinet geakkommodeer, maar is later van ontslae geraak. Pieter Mulder, wat hy as voorbeeld noem, is tydelik as adjunkminister geakkommodeer, maar dit het geen permanente wins vir BASA²¹ gebring of enigsins bygedra tot die onafhanklikheidstrewe van die Boer nie.^[139] 'n Groot Koalisie kan slegs effektief wees indien elke minderheidsgroep verteenwoordiging in die koalisie kan bekom – met vetoreg.

Lijphart (1998:146) beskou dit as baie belangrik dat die totale samestelling van etniese groepe, wat deel van die Groot Koalisie vorm, nie vooraf bepaal moet word nie. Sy aanbeveling bepaal dat etniese groepe self moet besluit of hulle deel van die Groot Koalisie wil wees en self moet aandui dat hulle aandrang op selfbeskikking. Dit kom daarop neer dat die Boervolk en onder andere, die Indiërs, Bruinmense en Afrikaners self moet aandrang op afsonderlikheid indien hulle so sou verkies. Dit is volgens hom so in die 1994 Grondwet ingeskryf.

Lijphart (1998:147) stel dit as volg:

Self-determination works much better than predetermination because it does not make any assumptions about the strength or weakness and the tenacity or fluidity of ethnic and other divisions. It is a method that is therefore both neutral and flexible.

Dit was een van die groot foute, wat gemaak is ten opsigte van die toepassing van die “tuislandbeleid.” Weens die toepassing van predeterminasie, is tuislande op groepe afforseer sonder dat hulle daartoe bereid was of enigsins daarvoor ryp was.

Lijphart (1998:147) beweer dat, ten spyte van die positiewe siening van die 1994 Grondwet, konsosialisme sedert 1996 terugwaarts beweeg het. Hy haal Theodor Hanf aan wat beweer dat die hoogtepunt van konsosialisme plaasgevind het tydens die vyf maande voor die [1994] verkiesing toe die Tradisionele Uitvoerende Raad die land vanaf Desember 1993 tot April 1994 regeer het. Lijphart (1998:147) beweer dat die Regering van Nasionale Eenheid, wat vanaf 1994 tot 1996 regeer het, reeds die terugwaartse beweging openbaar het.

Lijphart (1998:147) stel dat daar twee oorsaaklike redes vir die terugbeweging aangedui kan word: eerstens die feit dat die Grondwet van 1996 nie meer 'n Regering van Nasionale Eenheid voorgeskryf het nie en tweedens weens die feit dat die Nasionale Party die Kabinet van die Groot Koalisie verlaat het.

Gevolgtrekking

Die bene waarop Lijphart (1998:145-146) se konsosialisme steun, werk in sekere ander lande, maar word slegs hier as riglyn aangebied waarop 'n bedeling in Suid-Afrika uitgewerk kan word.

'n Gemeenskaplike “pynlike dooiepunt”

TYDENS ONDERHANDELINGE tussen twee of meer partye vind toegewings dikwels slegs plaas indien voordeel of nadeel ter sprake is. Die ANC, wat in 2018 aan bewind is, bevind hulle in 'n posisie van mag teenoor die Afrikaner en beskou die Boervolk nie eers as 'n faktor nie. Frans Cronjé stel na aanleiding van Agri SA se onderhandeling met die regering oor “grondgrype sonder vergoeding” in *Rapport Weekliks* (18 November 2018:6):

Diegene wat gedink het dat hulle met die ANC sou kon onderhandel, 'n gemeenskaplike terrein sou kon vind en 'n konstitusionele wysiging sou kon voorkom, was naïef. Die regering het hulle eenvoudig op 'n dwaalspoor gelei met versekerings, terwyl hulle teen hulle aan die saamsweer was. Vergelykings met Piet Retief se lot in 1838, waar hy en sy geselskap te midde van onderhandelings vir 'n grondgebiedsverdrag doodgeslaan is, is nie onvanpas nie.

Dit is duidelik dat onafhanklikheid vir die Boervolk nie sondermeer en sonder die nodige druk sal geskied nie. Die druk word nie hier in besonderhede bespreek nie, maar sal deur die elite onder die loep geneem

moet word. Radikale verandering van 'n politieke bestel vind gewoonlik slegs plaas nadat die nodige “oortuiging” uitgeoefen is.

Kotze (2009:55-56) stel dat om by 'n ooreenkoms uit te kom dit nodig is dat alle partye daaruit voordeel sal verkry. Dit geskied dikwels eers nadat 'n punt bereik is waar die deelnemende partye 'n universele dooiepunt of *wedersydse pynlike pat (mutual hurting stalemate)* tydens die onderhandelingsituasie bereik het. Hy haal William Zartman aan, wat die “regte oomblik” binne onderhandelings as volg beskryf:

He calls it a mutually hurting stalemate, meaning:

- *the conflict should be characterised by a stalemate in which none of the parties in the conflict can make any progress*
- *the conflict should hurt all the parties involved to the degree that they do not want to sacrifice anymore.*

'n Baie belangrike uitgangspunt met die oog op die verkryging van onafhanklikheid is dat die Boervolk (se elite), wanneer die regering van die dag by die punt van 'n pynlike pat (wat die redes ook al mag wees) sou uitkom, gereed moet wees om tot die debat toe te tree.

Nasiestaat versus etniese streeks-onafhanklikheid

BY KODESA MOES BESLUIT word of Suid-Afrika as 'n nasiestaat ontwikkel moet word of gebaseer moet word op die erkenning van streeksonafhanklikheid gegrond op etnisiteit.

Dit was ook die keuse wat regdeur Afrika by state, wat kunsmatig na *oehoeroe* ontstaan het, gemaak moes word. Die geskiedenis het geleer dat nasiestate in Afrika (waar etnisiteit sekondêr tot die nasie is) gewoonlik lei tot onstabiliteit, konflik, geweld, volksmoord en staatsgrepe. Dit is duidelik dat baie nasiestate oor die wêreld heen, veral in Afrika, nie suksesvol en sonder voortdurende konflik funksioneer nie. Die vraag word met reg gevra of Suid-Afrika as nasiestaat hierdie lot gaan vryspring.

Die geskiedenis leer dat nasiestate in Afrika
gewoonlik lei tot
konflik, geweld, volksmoord en staatsgrepe.

WINGARD (2009:21) STEL dat dit realisties sou wees om te erken dat etnisiteit en die handhawing van etnisiteit as 'n gegewe deel van Afrika aanvaar moet word. Ten spyte van koloniale grense bestaan Afrika uit erkende etniese gebiede en hierdie etniese gebiede steur hulle gewoonlik nie aan koloniale grense nie. Vergelyk Lesotho en Swaziland, wat onafhanklikheid verkry het, terwyl Zoeloeland en Transkei by die res van Suid-Afrika ingelyf is. Vergelyk ook Shonaland en Matebeleland, wat kunsmatig in 'n eenheidstaat, Rhodesië, geplaas is. Die volksmoord, wat daarna in die postkoloniale eenheidstaat Zimbabwe plaasgevind het, is alom bekend en bevestig die stelling oor nasiestate in Afrika. Wingard (2009:21) stel dat die gebiede wat deur bepaalde etniese groepe bewoon word hul selfbeskikking behoort te kry, sodat hulle sêlf hul eie plaaslike regeringsvorm tot stand kan bring.

Balkanisering van Suid-Afrika

WINGARD (2009:21) SE toekomsvisie vir Afrika is balkanisering. 'n Afrika "wat uit 'n paar honderd kleiner federale state bestaan, elkeen met seggenskap oor sy eie sake volgens sy eie vermoë, of met die vrywillige samewerking van naburige deelstate; die toekomsbeeld van 'n bevryde gefedereerde Afrika onder toesig van 'n sterk sentrale regering."^[140]

Die skrywer ondersteun Wingard in verband met balkanisering as oplossing vir Suid-Afrika. Ten spyte van verskeie provinsies word die tradisionele gebiede steeds vandag erken. Giliomee (2004:452) stel dat die gebiede as "n konstellasie van tuislande" bestaan het:

... Transkei, Ciskei, Venda, Gazankulu, Bophuthatswana, Kangwane, Lebowa, KwaZulu, Basotho-Quaqwa en KwaNdebele.

Sluit in Lesotho en Swaziland, wat in elk geval met bakhande na Suid-Afrika uitgestrek staan met 'n “permanente” bevolking in die NSA. Tradisionele leiers binne hierdie gebiede ontvang biljoene rand se toelaes en subsidies uit Suid-Afrikaanse belasting. In wese word 'n aangepaste Verwoerdiaanse tuislandbeleid deur die ANC toegepas, sonder dat hulle dit erken.

Doktor Aninka Claassens^[141] stel dat die Ramaphosa-bewind volgens alle aanduidings binnekort wetgewing deur die parlement gaan voer wat tradisionele leiers onbeperkte mag oor die grond gaan gee, waarop meer as 17 miljoen mense (een derde van die inwoners van Suid-Afrika) in die voormalige tuislande tans woon. Sy stel verder dat “dié wette hervestig die magstruktuur en geografie van die ou tuislandstelsel van die apartheidsjare.” Sy stel ook dat die tradisionele leiers wat met die apartheidsregering saamgewerk het dieselfde magte verkry as wat hulle onder die vorige regime gehad het (De Lange 2018:4).

Die voormalige tuislande het net baie meer effektief en meer regverdig gefunksioneer as wat tans aan die gang is. Tydens 'n onderhoud wat Hanlie Retief met Narend Singh, tesourier van die IVP gehad het, erken hy dat die Zoeloes R100 miljoen rand se huur jaarliks aan die Zoeloe-koning persoonlik oorbetaal vir grond wat hy veronderstel is om as die Zoeloes se tradisionele grond, of tuisland te bestuur (*Rapport Weekliks* 15 Julie 2018:3). Dit is bo-en-behalwe die miljoene rande wat die regering jaarliks uit belastinggeld aan hom as tradisionele leier oorbetaal.

Aan die ander kant bestaan daar etniese groepe wat tans op geen besondere gebied aanspraak kan maak nie en ook nie enige voorregte geniet nie. Dit sluit die Boer, Afrikaners, Indiërs en Kleurlinge of Bruinmense in.

Lijphart (1998:146) ag dit baie belangrik dat etniese groepe nie ekstern geëtiketteer moet word nie, maar eerder 'n selfbewuste aanspraak op identiteit moet maak. Dit impliseer dat elke groep self moet besluit of hulle 'n erkende volksgroep is. Verder moet hulle besluit of hulle as deel van 'n nasiestaat wil bestaan of alternatiewelik as selfbesturende groep binne 'n erkende grondgebied binne 'n federale/konfederale stelsel opgeneem wil word.

Die sug na selfbeskikking, wat steeds by die Boervolk bestaan, is reeds in die vorige hoofstukke beklemtoon. Wat die Afrikaner, Indiër en die Bruinmense aanbetref, moet hulle self namens hulle eie groepering, soos deur hulle bepaal, standpunt inneem en na vore tree. 'n Paar gedagtes oor

die verskillende groepe se oënskynlike benadering ten opsigte van hulleself word nou gestel.

Vryheidsgesingesteldheid van groepe

Die Afrikaner se vryheidstrewes

DIE AFRIKANER HET NOG nooit werklik 'n vryheidstrewes openbaar nie. Die naaste, wat 'n Afrikaner aan 'n vryheidsgevoel kom, is wanneer hy/sy die NSA-vlag op die gesig verf om die Springbokke op die rugbyveld te ondersteun. Die Afrikaner neig steeds om met die Bruinmense te assosieer en praat graag van hulleself as *Afrikaanses*. Die programme op RSG, veral die verhale, dramas, dokumentêre programme en godsdiensprogramme, asook nuwe aanstellings, projekteer hierdie benadering baie duidelik. Of dieselfde toegeneentheid van die Bruinmense ten opsigte van die Afrikaner bestaan bly 'n ope vraag. Die indruk bestaan dat Bruin meningsvormers tydens meningsprogramme, soos *Kommentaar*, dikwels venynige klappe na blankes uitdeel.

Die Indiër se vryheidstrewes

DIE INDIËR IN SUID-Afrika is bereid om, soos wat die Jood in vele lande gedoen het, ekonomiese enklaves^[142] rondom hulle geloof en families te vorm. Daardeur ontwikkel hulle invloed, vorm aparte Indiërwoonbuurte en stel skynbaar nie belang in onafhanklikheid nie.

Die Bruinmense se vryheidstrewes

DIT IS BELANGRIK OM vir 'n wyle by die benaming *Bruinmense* of *Kleurlinge* stil te staan. Hierdie groep is baie divers en het ontstaan as gevolg van rasvermenging tussen Boesmans, Hottentotte, Maleierslawe, Indiërs, Swartes en Blankes. Selfs die naam vir die groep skep verwarring. Word almal as Koisan beskou? Word hulle as Kleurlinge of Bruinmense beskou? Wie word ingesluit by die groepering wat as Bruinmense geklassifiseer word?

Die groot uitdaging vir die Bruinmense is om self hulle groep te definieer. Verder moet hulle oor 'n naam vir hierdie groep besluit.

Uiteenlopende standpunte word gehuldig, soos byvoorbeeld doktor Christo van der Rheede (*Beeld*, 11 April 2018:12), wat stel: “Die benaming ‘Kleurling’ is daarom vir my ewe aanstootlik, krenkend en selfs rassisties!” Dit is hoekom hy “klaar is met die term Kleurling.” Daarna word hy deur Raymond Willemse (*Beeld*, 21 April 2018:19) geantwoord, wat stel dat hy nie verstaan hoekom Van der Rheede dit sê nie, want hy (Willemse) is trots om ’n Kleurling te wees. Dokter Africa, ’n lid van die Rehoboth Baster gemeenskap, was met die oorgangsregering in SWA betrokke en het in 1971 aan my gemeld dat hy ’n trotse en “opregte Baster” is. Volgens Christie van der Westhuizen (By 29 September 2018) verkies Tony Ehrenreich, voormalige Wes-Kaapse Cosatu-leier, dat die term “*Coloureds*” met “*Camisa*”^[143] vervang moet word.

Tydens ’n onderhoud met Hanlie Retief in *Rapport* (21 Oktober 2018:11) stel Christo Davids, bruin skrywer en akteur, dat dit nou nodig is om stories oor bruin rolmodelle te vertel. Hy sê die stigma oor Bruinmense wat *gangsters* is in Mitchells Plain, moet afgebreek word. Hy sê: “Ek is nie swart nie, ek praat nie Xhosa of Zoeloe nie. Ek doen nie hul kultuurdinge nie, en net so is daar dinge wat *whiteys* doen wat ek óók nie doen nie.” Hy sê hy “kom van ’n *proud people*” en sê: “Dis die identiteit wat ek nou het as 35-jarige bruin man in Suid-Afrika.”

Die debat wat tans onder die Bruinmense gevoer word, dui daarop dat hulle besig is om na hulle identiteit te soek en dít is ’n goeie ding. Dit blyk egter dat daar sekere Bruinmense is wat by Blankes ingeskakel wil word, terwyl ander hulle eie etnisiteit wil bevorder. Die eerste groep herinner aan Kaapse Afrikaners, wat daarna gestreef het om “Engels” te word (Giliomee 2004:185).

Die akademiese identifisering van die groepe is nie die onderwerp van hierdie boek nie en is in elk geval ’n baie ingewikkelde saak. Jan Smuts het die regering se poging om kleurlinge te klassifiseer, bestempel “as ’n poging om die onklassifiseerbare te klassifiseer” (Giliomee 2004:452). Wanneer na bruinmense in hierdie boek verwys word, ondervang dit groeperinge en benamings soos Boesman, Hottentot, Koi, San, Koisan, Khoi-Khoi, Griekwa, Nama, Baster en Kleurling.

Die **Boesmans** word tans deur sommige mense as die San geïdentifiseer, alhoewel van hulle self verkies om steeds as Boesmans geïdentifiseer te word (Steyn 2016:22). Die Boesmans het “grootliks” gedisintegreer deur verbastering, veral met Hottentot-stamme en bestaan

vandag tradisioneel slegs op 'n paar plekke, soos naby Kimberley en in die Kalahari. Hierdie mense het egter, as gevolg van verbastering, nie meer die duidelike uiterlike kenmerke van die tradisionele Boesman nie en baie min kan nog die oorspronklike Boesmantaal praat. Boesman tradisies het grootliks by moderne Westerse gewoontes aangepas.

Hottentotte het waarskynlik ontwikkel uit die vermenging tussen Boesmans en ander swart stamme, alhoewel sommige skrywers suggereer dat hulle Hamitiese (Etiopiese) voorsate kan hê (Bruwer 1988:28). Du Toit (2022)^[144] beweer die oorsprong van die Hottentotte kan na alle waarskynlik na Asië teruggevoer word, daarna antieke Persië vanwaar hulle deur Oos-Afrika na Botswana getrek het. Hier het 'n skeiding tussen die Khoi-Khoi en San plaasgevind .

Hulle is gevorm uit verkillende families en familiegroepe en was nomadiese veeboere, wat hoofsaaklik aan die kusgebiede van die suidelike en westelike Kaap versprei was (Oakes 1988:21, Figuur 17.1). Baie Hottentotte is deur pokke uitgeroei, alhoewel van die noordelike stamme die epidemies vrygespring het (Bruwer 1988:77). Van die nasate wat die pokke epidemies oorleef het, het baie met ander volkere vermeng en daar kan beswaarlik vandag van 'n suiwer Hottentot-identiteit of Khoi-Khoi gepraat word. Vermenging het plaasgevind tussen Hottentotte, Swartes, Maleiers, Europeërs, Indiërs en Boesmans. Vandag word nasate van die Hottentot kunsmatig onder die naam Khoi-Khoi gegroepeer, terwyl die naam Khoisan, wat blykbaar die Boesman, sommige Kleurlinge en die Hottentot insluit, aanduidend is dat daar nie duidelike onderskeid getref kan word nie.



Figuur 17.1: Die verspreiding van die Hottentot-stamme toe Van Riebeeck by die Kaap aangekom het (Oakes 1988:21).

KLEURLINGE het ontstaan nadat van die Europeërs, wat in die Kaap aangekom het, aanvanklik weens die gebrek aan vrouens onder die koloniste, vroue uit die geledere van die Maleisiese slawe, Hottentotte en Boesmans as huwelikmaats geneem het. Die kinders, wat as afstammelinge van “gemengde bloed” ontstaan het, het as *Basters* of *Kleurlinge* bekend gestaan. Anders as in plekke soos Jamaika en Burma is hierdie gebruik deur die samelewing afgekeur en nie algemeen toegepas nie. Giliomee (2004:73) stel:

’n Aanvanklike wanbalans tussen mans en vroue in die Europese gemeenskap wat tot verskeie gemengde huwelike gelei het, het teen 1725 grootliks verdwyn. Die Europese mans wat ’n Europese vrou kon kry, het getrou en ’n groot gros van die ander mans het ’n swart of bruin houvrou gevat. Die kinders uit laasgenoemde verbintenis is as ’n reël nie in die Europese gemeenskap opgeneem nie.

’n Klein persentasie van hierdie nasate is wel in Blanke geledere opgeneem (diegene wat deur die blanke gemeenskap aanvaar is), maar die ander is as Kleurlinge geïdentifiseer en uit blanke geledere gestoot. Hierdie verskynsel is nie uniek in die wêreld nie. Gladwell (2008:270-285)^[145] beskryf in die besonder die situasie in Jamaika. Die gekleurdes op Jamaika word “Mulatto’s” (basters of halfnaatjies) genoem. Gladwell (2008:277) stel dat Engelse nyweraars dikwels gekleurde vroue as eggenote en bywywe geneem het. Hy stel verder:

Mulatto women were prized as mistresses, and their children, one shade lighter in turn, moved still further up the social and economic ladder.

Volgens Gladwell (2008:279-280), wat self van gemengde afkoms is, bestaan daar in Jamaika verskillende “graderings van Mulatto’s”, naamlik “*white and light, olive, light brown and dark brown.*” Diskriminasie het veral onder Mulatto’s teenoor mekaar ten opsigte van hulle velkleur plaasgevind. In Suid-Afrika heers soortgelyke omstandighede as in Jamaika. Die situasie is egter meer ingewikkeld aangesien gekleurde groepe soos die Koi, San, Maleier en Indiër ook vermeng het en die klassifikasie verder kompliseer.

Volgens Giliomee (2004:339) was daar teen 1930 ongeveer 682 000 Kleurlinge in Suid-Afrika, waarvan 80% in die Kaap woonagtig was. Sekere groeperinge van die Bruinmense tree van tyd tot tyd na vore om as groep geïdentifiseer te word, maar die indruk word geskep dat die Bruinmense in die algemeen nie belang stel in onafhanklikheid nie. Die groot probleem waarmee hulle te kampe het, is dat die Bruinmense se diversiteit veroorsaak dat hulle as groep moeilik op ’n eenheidsgevoel kan staatmaak. In ’n onlangse geval (2018) het twee persone, wat hulleself as lede van die Koisan beskou, om erkenning vir hulle groep te verkry, dwarsdeur die land geloop om ’n versoekskrif aan Cyril Ramaphosa by die Uniegebou te oorhandig (*Beeld*, 24 november 2017:3). Hoeveel mense hierdie optrede ondersteun en presies namens watter groep hulle praat, is nie bekend nie. Hulle kamp steeds by die Uniegebou.

Die skrywer wil egter nie in die slagat, soos deur Lijphart (1998:146) uitgewys, trap deur vooraf bepalings oor die entiteit van die Koi, San, Kleurling of Bruinmense te maak nie.

Daar bestaan sekere bruinmense wat graag by die wit groep wil inskakel en met die Afrikaner wil saamwerk. RSG en Kyknet poog om hierdie beeld uit te straal. Hierdie onsekerhede moet deur die gekleurde gemeenskap in Suid-Afrika onder hulleself uitsorteer word. Baie van die bruin leiers en joernaliste neig om ’n reënboognasie te propageer, waarskynlik omdat dit die maklikste oplossing vir die problematiek van diversiteit onder die bruinmense is. Hierdie fasette is egter nie deel van die boek se onderwerp nie en word nie verder bespreek nie.

Swartes se vryheidstrewa

DIE BENAMING “SWARTES” is ’n biologiese begrip en beskryf ’n ras, wat ’n diverse kulturele gemeenskap verteenwoordig. Hierdie gemeenskap kan beswaarlik saamgevoeg word in een etniese, sosiale of politiese eenheid. Daar kan nie werklik van ’n strewe na onafhanklikheid by die swart gemeenskap as geheel gepraat word nie, maar daar word wel ’n duidelike strewe na eie etnisiteit binne die groter geheel waargeneem.

Ten opsigte van ’n vryheidstrewe binne hierdie gemeenskap bestaan daar verskillende uitgangspunte en kan breedweg en oorvereenvoudig in drie kategorieë ingedeel word, alhoewel die kategorieë, sowel as individue binne die onderskeie kategorieë kan oorvleuel. Eerstens is daar ’n kategorie wat etnisiteit aan onafhanklikheid koppel. Dan is daar ’n kategorie wat mik om ’n politieke eenheid oor etniese grense heen te bewerkstellig en laastens is daar ’n kategorie wat “saamdryf” sonder om enigsins ’n voorkeur uit te spreek.

Dit is belangrik om daarop te let dat die meeste Swartes voel dat hulle die “oorlog teen apartheid” gewen het, die Wittes die verloorders is en dat hulle nou “baas” is. Hulle is dus reeds vry en het geen verdere vryheid of ’n vryheidstrewe nodig nie.

Tradisionele gebiede

DIT WORD BEREKEN DAT ongeveer 17 miljoen mense, rofweg een derde van Suid-Afrika se bevolking, in die voormalige tuislande of tradisionele gebiede bly (De Lange 2018:4). Hierdie mense is ingestel op die tradisionele samelewingsorde en is ondergeskik aan die verskillende tradisionele en stamowerhede. Vir hulle bly hulle in onderskeibare etniese verband, onder andere, Zoeloe, Venda, Pedi, Swazi of Sotho, wat in hulle tradisionele gebied bly. Hulle voer ’n tradisionele bestaan en vorm nie deel van die verstedelike kosmopolitiese geheel nie. Ekonomiese behoeftes dryf baie van hulle na die stede en die meeste het familie, wat tussen tradisionele gebied en die stede pendel. Selfs in die stede is daar steeds ’n sterk band met en ’n bewustheid van die etniese oorsprong van die meeste individue.

Party politiek

'N TWEEDE KATEGORIE is ingestel op politieke eenheid, wil nie in die etniese enklawes bly nie, maar wil binne 'n kosmopolitiese samelewing gegrond op Westerse beginsels funksioneer. Hierdie groep kan bande met die tradisionele gebiede behou, maar is meesal deel van die verstedelike gemeenskap en het ontwikkel sekondêr tot verstedeliking. Alhoewel hierdie kategorie hulle etnisiteit kan behou, stel hulle ras voorop om politieke mag te bekom. Diegene wat bande met die tradisionele gebiede behou, poog om die voorregte van beide scenario's te geniet.

Onbetrokkenheid van die swartes

DIE GROOTSTE GROS SWARTES is onbetrokke en neem nie werklik 'n standpunt ten opsigte van onafhanklikheid in nie. Trouens, dit gaan hulle in werklikheid nie aan nie. Terwyl die elite sorg dat hulle bankrekening gevul word, het die res wel 'n strewe na dienste en sal hulle solank hulle werk het, kos het om te eet en 'n plek om te bly tevrede wees en sal dit aan al hulle behoeftes voldoen. Ongelukkig slaag die regering nie daarin om die basiese behoeftes te voorsien nie en oortref die behoeftes meesal die beloftes en aanbod.

Bespreking

DIT IS BELANGRIK DAT etnisiteit nie met 'n strewe na vryheid verwar moet word nie. Ten midde van al drie kategorieë is die meeste swartes steeds bewus van hul etniese verbondenheid. Die meeste swartes wat in tuislande bly, sou tevrede wees om in stamverband voort te leef mits dit ekonomies haalbaar is. Stedelike Swartes openbaar nie 'n onafhanklikheidsstrewe nie, maar is ingestel op materiële welstand en wil moderniseer en hulle kinders volgens moderne (Westerse?) standarde opvoed.

Swartes ervaar na 1994 'n euforie van vryheid en onafhanklikheid soos wat die Boervolk vir 'n kort tydperk ná die republiekwording van 1961 ervaar het. Soos wat die Boervolk ontnugter is weens die rigting wat beroepspolitici volg, is die swartes in Suid-Afrika tans besig om tot die besef te kom dat die “onafhanklikheidsbus, wat deur die hond gevang is”, nie aan die aanvanklike verwagtinge (en beloftes) voldoen nie. Die

aanvanklike “oorwinning oor apartheid” het nie die verwagte onafhanklikheid gepaard met voorspoed opgelewer nie, intendeel hulle het eintlik in baie opsigte verloor.

Die Boervolk en selfbeskikking

DIE BOERVOLK IS DIE enigste groep wat deurgaans ingestel is om onafhanklikheid te verkry. Die Boervolk se strewe en stryd op pad na selfbeskikking word in die volgende hoofstuk bespreek.

Paradigmaskuiwe nodig vir ’n oplossing

AS UITGANGSPUNT VIR die verwesenliking van ’n oplossing vir BASA21 moet sekere paradigmaskuiwe gemaak word. BASA21 is geprogrammeer om volgens sekere kriteria te dink, te redeneer en te leef. Van hierdie paradigmas is uitgebou om politieke wins te behaal, omdat dit noodsaaklik was om politieke mag veral in die vorige bedeling, te kon behou. Politieke partye is gefokus op oorwinning by die stembus en die verkryging en behoud van politieke mag en is nie ingestel op volksideale nie. Om by die oplossing vir die probleme en bedreigings, wat tans deur BASA21 in Suid-Afrika ervaar word, uit te kom, is dit van kardinale belang dat sekere paradigmaskuiwe ten opsigte van bestaande en uitgediende ingesteldhede gemaak moet word.

’n Nuwe paradigma

DIE OU PARADIGMA HET gelui dat “*eenheid is teen alle koste, oor ideologiese grense heen, noodsaaklik vir oorlewing.*” ’n Nuwe uitgangspunt behoort te lui dat ’n voortgesette strewe na ’n kunsmatige eenheid tot mislukking en ondergang sal lei. Positief gestel: dit is krities belangrik om te besef dat *kulturele-politieke eenheid nie nodig is vir oorlewing nie.*

In die ou bedeling is dit telkens beklemtoon dat politieke eenheid onontbeerlik is en is die Afrikanernasie as “Afrikanereenheid” voortdurend vooropgehou en gepropageer. Na republiekwording is Blanke-eenheid as voorwaarde vir politieke oorwinning by die stembus en die behoud van politieke mag vooropgestel. Hierdie benadering geld nie meer in die NSA nie. Kortom, dit is nie nodig vir eenheid om te oorleef nie.

Metafories was rugbyreëls in die verlede van toepassing, terwyl daar nou sokker gespeel word. BASA21 kan nie onder uitgediende reëls aanhou speel en verwag om sukses te behaal nie.

POLITIEKE EENHEID IS NIE NOODSAAKLIK VIR
OORLEWING NIE.

*Kunsmatige eenheid lei tot mislukking en ondergang.

DIT IS NODIG OM VERSKILLENDEN aspekke, wat binne die nuwe paradigma gepostuleer word, in ag te neem.

Kopskuiwe (’n nuwe paradigma) oor die Boervolk

- Die fokus moet gerig word op eensgesindheid onder die *Boergesinde groep* en nie eenheid binne die *groter BASA21 groep* nie.
- ’n Verdere belangrike paradigmaskuif wat gemaak moet word, is om tot die besef te kom dat BASA21 nog nooit ’n eenheid was nie.
- Dit impliseer dat weens onoorbrugbare kulturele erfenisse en inherente ideologiese verskille binne BASA21, asook die teenwoordigheid van ’n langstaande en gevestigde patroon, ideologiese eenheid binne BASA21 nie haalbaar is nie.
- Die fokus moet dus gerig wees op die eenheid van ideologie in ’n kleiner groep, wat ingestel is op vryheid en selfbeskikking.
- Die fokus moet gerig wees op ’n kerngroep/elite wat tot stand moet kom en wat ingestel moet wees om die ideologie van vryheid en selfbeskikking vir die Boervolk uit te dra.
- Die kerngroep/elite moet die ideologie van toepassing maak binne volksverband en nie binne party-politieke verband nie.
- Meer is nie beter nie. Groot getalle is nie noodsaaklik nie en beginsels moet nooit ter wille van die uitbreiding van getalle of lede op die altaar geplaas word nie.
- Eenheid binne die kerngroep is wel nodig om doelwitte te bereik, maar onder voorwaarde dat die ideologiese basis nie verdeeld mag wees nie.

- Die Boervolk het as volk in Afrika tot stand gekom en is daarom 'n **inheemse volk** van Afrika.
- Die Boer was en is nog nooit 'n kolonis nie, trouens die Boer was 'n slagoffer van koloniale Engeland.
- 'n Derde van die Boerevolk – hoofsaaklik kinders en vrouens – is deur middel van volksmoord uitgewis tussen 1901 en 1902.
- Die beleid van verskroeiende aarde en die vernietiging van besittings is deur die Engelse op die Boervolk toegepas.
- Geen volk in Afrika se eiendom is op dieselfde onmenslike wyse vernietig soos in die geval van die Boere deur die Britse koloniale volksmoord tydens die Tweede Vryheidsoorlog nie.
- Die Boere was Vryheidsvegters teen koloniale oorheersing.
- Die Boervolk het nie apartheid, soos wat dit in die 20^{ste} eeu gevestig is, geïnstitusioneel nie intendeel, hulle was self slagoffers van die apartheidsregerings.
- Die Boervolk het dwarsdeur sy bestaan 'n vryheidstrewende openbaar.
- Dié gedeelte van BASA21 wat deur die Boergesindes verteenwoordig word en wat uiteindelik die vryheidstrewende sal voortsit, vertrou nie die Afrikaner nie. Boergesindes sal nooit Afrikaners soos Croukamp, Kombuis, Roelf Meyer, Max du Preez, Tim du Plessis, Theo Venter en Adriaan Basson om 'n tafel, waar daar saam oor die toekoms van die Boervolk besluit moet word, vertrou.

Kopskuiwe oor die Afrikaner

DIE LAASTE EN WAARSKYNLIK die belangrikste kopskuif is om die feit te aanvaar dat die Afrikaner nooit onafhanklikheid wou hê nie. Om namens die Afrikaner te probeer beding vir vryheid, het in wese 'n aantal ernstige haakplekke. Dit is van kardinale belang dat rolspelers dringend na die volgende haakplekke kyk om die nodige kopskuiwe te maak:

- Die Afrikaner is vanaf sy beginjare ingestel op konformasie en het nooit enige vryheidstrewende openbaar nie, trouens die Afrikaner het *aktief saam* met die Engelse koloniale magte *teen* die Boerevolk in die Tweede Vryheidsoorlog geveg (Bruwer 1988:363).
- 'n Verdere belangrike feit is dat die Afrikaner die albatros^[146] van apartheid om sy nek dra. Dit is van kritieke belang dat die Boervolk

ontslae moet raak van die koppeling met apartheid. Dit is reeds gepostuleer dat die Afrikaner die uitbouer van apartheid is en dat die Boervolk slegs sekere voordele daarvan ervaar het. Die onderskeid moet duidelik beklemtoon word.

Kopskuiwe oor die toekoms

i) Groot getalle is nie nodig nie

DIT IS 'N ALGEMENE UITGANGSPUNT dat getalle nodig is om sukses binne struktuurverband te behaal. Politieke partye poog heeltyd om hul getalle uit te brei. Instellings soos vakbonde en burgerregte organisasies, is voortdurend besig om werwing te doen sodat hulle inkomste en magsbasis uitgebrei kan word. Om as volk te bestaan, is getalle egter nie absoluut noodsaaklik nie. In Tabel 17.1 word gekyk na verskeie state waar getalle nie die deurslaggewende faktor is nie.

Getalle is gewoonlik in die verwysingsraamwerk van 'n politikus baie belangrik, aangesien meerderhede in politiek bepaal of 'n party mag bekom. Uit 'n party-politieke hoek klink die nuwe paradigma, naamlik dat getalle nie noodsaaklik is nie, moontlik onlogies en kan hierdie benadering bevraagteken word. In die geval van 'n volkstrewe gaan dit egter nie noodwendig oor getalle nie.

Tabel 17.1: 'n Lys van lande met 'n klein bevolking en grondgebied (Meyers 2006: *Various departments USA: CIA World fact book 2006*). [147]

NAAM	BEVOLKING	GROOTTE (Ha)	VERGELYKING met dorpsgebied
Pitcairn Eilande	45	4 700	Middelburg (Tvl.)
Cocos Eilande	600	1 400	Secunda
Vatikaan	932	44	Uniegeboue plus tuin
Christmas Eilande	1 500	12 500	Potchefstroom
St. Helena	7 500	41 300	Witbank
Nauru	13 000	2 100	Potgietersrus
Palau	20 000	45 800	Kaapse skiereiland
Cook Eilande	21 000	13 600	Kimberley
Britse Maagde Eilande	23 000	15 300	Richardsbaai
Gibraltar	28 000	650	Bronkhorstspuit
San Marino	29 000	6 120	Uppington
Monaco	33 000	195	Delmas
St. Kitts & Nevis	39 000	26 100	Pilaansberg reservaat
Cayman Eilande	45 000	26 200	Pilaansberg reservaat
Isle of Man	75 000	57 000	Kleiner as Pretoria

LET DAAROP DAT DAAR volkere bestaan met getalle van minder as 50 000. Verder is daar internasionaal erkende onafhanklike state, wat uit 'n populasie van 30 000 en selfs minder bestaan (Tabel 17.1). Selfs met min getalle kan 'n volk 'n beduidende invloed uitoefen en aanspraak op onafhanklikheid maak. Die “rugbyreël” van “maksimum getalle” is nie van toepassing in 'n oorlewingstryd nie. In Tabel 17.1 word die statistieke van 'n paar klein volke weergegee om aan te toon dat getalle, asook die grootte van grondgebied, nie 'n volk daarvan weerhou om onafhanklikheid te verkry nie.

ii) Opereer volgens eie reëls

Die skrywer se seun, dr. Johan Pretorius (2017), het per geleentheid aan die leier van AfriForum die volgende geskryf:

In die arena van nasionale en internasionale politiek is daar ‘reëls’. Hoe werk hierdie reëls? Wie bepaal, wie sê wie watter reëls moet volg en wie ‘pas dit toe’?

Uit die geskiedenis kry mens 'n paar interessante voorbeelde. Piet Retief het gedink 'n sekere stel reëls geld. Toe 'speel' hy die 'spel' volgens wat hy dink daardie reëls is – grond moet gekoop word, ooreenkomste moet gesluit word en dan word daarby gehou. Groot was sy ontugtering (met 'n stok in sy rektum) toe hy agterkom dat Dingaan nie dieselfde reëls volg wat hy onder die indruk was dat gevolg moet word nie. Sy berekeningsfout het, behalwe die manne by hom, 'n klomp mans, vrouens en kinders hulle lewens gekos.

Andries Pretorius het dieselfde fout gemaak, alhoewel nie met Dingaan nie. Hy het gedink dat jy 'n Engelsman kan vertrou in politiek. Hy het die reëls gevolg en onderhandel en die woord van Harry Smith vertrou/geglo. Tot hy voëlvry verklaar is en Natal aan die Engelse behoort het. Hy het verder gegaan en briewe geskryf aan die owerhede in die Kaap. In persoon afgereis Kaap toe om te onderhandel met die owerhede oor die situasie in Natal. Nog briewe geskryf en dit self in die toentertydse media laat publiseer. Dit het hom net mooi niks gehelp nie. Later is hy weereens ná Boomplaats voëlvry verklaar.

Paul Kruger het dieselfde 'reëls' gevolg en handtekeninge ingesamel, Kaap toe gegaan, deputasies na Engeland gestuur en/of self gegaan. Die uiteinde? Die ZAR het in 'n oorlog teen Engeland opgeëindig en die Boer het sy vryheid verloor.

Die een gemene faktor in hierdie voorbeelde is dat die een party reëls gevolg het wat hy veronderstel/geglo het dat die ander party van hom verlang. Met een probleem – die ander party het glad nie daardie reëls self gevolg wat hy gepredik het nie.

Wat het dit betrekking op vandag se situasie? AfriForum/Solidariteit en Pretoria FM speel in die nasionale/internasionale arena, alhoewel in verskillende areas. En die spelreëls word gedikteer – deur wie?

Let wel, dit gaan oor arbitrêre 'reëls', nie wette nie. Wette moet nagevolg word, dus die volgende ontleding gaan oor 'n gesindheid of benadering en is nie 'n bloudruk om wette te oortree nie.

Die organisasie bepaal sy eie reëls! Die organisasie bepaal sy eie gesindheid/benadering. Daar bestaan nie eksterne reëls nie. Solank jy binne die wet is bepaal jy jou eie reëls en kan jy vir 'hulle' sê wat 'hulle' reëls moet wees. Die 'hulle' is enige iemand wat nie deel is van 'ons' nie. Harari, in sy boek *Sapiens*, stel dit so: *'Evolution has made Homo sapiens, like other social mammals, a xenophobic creature. Sapiens instinctively divide humanity into two parts, 'we' and 'they'.'*

Voorbeeld: Jy [lees enige lid of leier van Solidariteit/AfriForum/Vryheidsfront Plus] kan tussen EFF's staan en selfs skree 'Kill the Boer' en Max du Preez, kopdoek Croukamp en die swart media in die algemeen sal jou nog steeds afmaak as 'n rassis, verregs en radikaal. Dieselfde geld bv. vir Steve Hofmeyr. M.a.w. dit maak nie saak wat jy sê nie, hulle luister nie na die inhoud nie, want hulle weet klaar wat jy bedoel. Wat jy ook al sê of doen, jy sal 'n 'hulle' bly vir die liberalis/swarte.

Daar is wel mense wat na jou luister en jou in jou kanon in sal stuur as jy tussen die EFF's gaan staan en skree 'Kill the Boer'. Dit is die 'ons' gedeelte van die samelewing. Hulle luister na die inhoud en oordeel die handelinge en fel 'n (baie keer kritiese) oordeel daaroor. En dit maak saak. Dit is belangrik – veral as mens met groepspesifieke organisasies te doen het soos AfriForum/Solidariteit/Pretoria FM. Die 'onse' se opinies is belangriker as die 'hulles' s'n. Hoekom? Want 'hulle' is klaar 'kwaad' vir jou en gaan nie hulle opinie verander nie, maar die 'onse', wat luister na WAT jy sê, kan besluit hy hou nie van wat jy sê nie en dan stuur hy jou in jou kanon in. Jy wil hom nie kwaad hê vir jou nie, want die 'onse' is die bron van jou bestaan en uitbreiding.

’n Voorbeeld waar Afriforum/Solidariteit dalk hulle benadering weer onder die loep kan neem is gevalle soos die doodskis en KFC aangeleenthede.^[148] ’n Skerp negatiewe reaksie met verdoeming van die voorval, veral oor Pretoria FM, maak geen verskil aan ‘hulle’ nie. Dit mag volgens die ‘reëls’ polities korrek wees, maar die netto effek op ‘hulle’ is NUL! Die selfde kan nie van die ‘onse’ gesê word nie. So ’n reaksie van so ’n tipe voorval, met die gevoel van dringendheid, asof Afriforum/Solidariteit nie gou genoeg die persone kon verdoem nie, maak ’n groot klomp ‘onse’ die moer in. Daar is nie ’n sagter manier om dit te stel nie. As ’n instansie soos die FW de Klerk-stigting dan kom en ’n beter verklaring maak, wat nie die betrokkenes summier verdoem nie, vermeerder dit net die bitter smaak van die ‘onse’ teenoor Afriforum/Solidariteit.

Nog so ’n voorbeeld, alhoewel ’n polities korrekte optrede, was die verdediging/verteenwoordiging van die Grace Mugabe slagoffer, Engels.^[149] Die ‘onse’ sien haar (net soos die liberale SABC-joernaliste en Gerrie Nel se eerste sake) as ’n ‘hulle’! Die vraag word dan onmiddellik gevra: ‘Hoekom moet ‘ons’ (Afriforum/Solidariteit) ’n ‘hulle’ help? As ‘ons’ dan ’n ‘hulle’ help, wil ek niks met hierdie ‘ons’ te doen hê nie.’ Die ‘hulles’ – Croukamp en kie^[150] en die algemene swarte op straat – steur hom nie hieraan nie, hulle ‘weet’ mos en het klaar besluit Afriforum/Solidariteit is en bly rassistiese, radikale verregse organisasies.

Netto effek: ’n Klomp ‘onse’ is die moer in vir jou!

Ek weet nie of jy Tom Clancy se boeke lees nie. Een van sy boeke, *Executive orders*, alhoewel fiksie, is die moeite werd om te lees. In die boek stel die Amerikaanse president voor dat Amerika se reaksie op ’n vyandige optrede voorspelbaar en onvoorspelbaar moet wees. Amerika moet die reëls self opstel en dikteer. ‘Hulle’ moet weet (voorspelbare deel) jy gaan reageer. Wat ‘hulle’ nie moet weet nie, is hoe seer ‘hulle’ gemaak gaan word (onvoorspelbare gedeelte). Die beginsel geld vir AfriForum/Solidariteit. Hoekom moet daar polities korrek opgetree word? Hoekom moet daar nie gesê word dat die doodskissaak diskriminasie teen die twee Boerseuns is nie. ‘Hulle’ opinie gaan nie verander nie, maar ‘ons’ gaan meer tevrede wees en Afriforum/Solidariteit se punte gaan styg.

Die Bybel het ook ’n beginsel riglyn hier, soos aan die gemeente van Laodicéa^[151] gesê: “*Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.*”

Die politieke lyne is klaar getrek, so bly aan ‘ons’ kant. Moenie jou steur aan die geraas van ‘hulle’ nie. ‘Hulle’ reëls tel nie vir ‘ons’ nie! Julius Malema steur hom nie aan die reëls wat hy skree Afriforum/Solidariteit moet nakom nie (bv. Swart-Maandag-optogte), so hoekom móét ‘ons’ dit nakom? Solank jou reëls binne die wet is, is die punte wat jy by ‘ons’ maak baie voordeliger as dit wat jy dink jy maak by ‘hulle’, wat jy in elke geval nie maak nie.

Stawing uit die pers

DIE STELLINGS, WAT hierbo gemaak word, kan uit verskillende bronne bevestig word. Die volgende word hier genoem: Francois Rabie (2018:4-5) stel dat, ten spyte van AfriForum se positiewe bydraes tot die gronddebat, Melanie Verwoerd^[152] “so ver gegaan het om te sê AfriForum hou ’n groter gevaar vir Suid-Afrika in as die EFF en die ANC.”^[153]

Om gevormde persepsie verder te illustreer kan na *Pollux se pruttelpraatjies* (*Rapport Weekliks*, 30 September 2018:3) gekyk word. Die gesprek handel oor, aan die eenkant, valse beskuldigings dat AfriForum gestel het dat daar 'n volksmoord teen blankes in Suid-Afrika plaasvind. Aan die ander kant ontken die presidensie dat Ramaphosa tydens sy besoek aan die VN, die laaste week in September 2018, in Amerika verklaar het dat daar geen Suid-Afrikaanse boere op plase vermoor word nie, terwyl dit baie duidelik op video en oor die radio bevestig word. Na aan leiding van hierdie twee aspekte verklaar Pollux in sy rubriek as volg:

'n Kaapse filosoof voel dit is “geheel en al belaglik om te dink dit is wat Ramaphosa bedoel het om te sê.” “Ons behoort dit tog te kan sien, en ons woede liever bewaar vir bewustelike leuens.” Pollux is verward. Terwyl Ramaforie^[154] klaarblyklik nie bedoel wat hy wel gesê het nie, het AfriForum mos wel bedoel wat hulle nooit gesê het nie, naamlik dat daar wit volksmoord is.

Helena Wasserman^[155] (2018:21) plaas die kersie op die koek deur Afriforum te stereotipeer as 'n “verregse organisasie wat ontken dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom was.” Sy stel dat AfriForum “duidelike politieke doelwitte” en “noue bande met die Amerikaanse President, Donald Trump” het. Sy stereotipeer AfriForum verder deur te stel dat hulle “is 'n randorganisasie wat op vrees teer” en “vrees en rassisme bevorder.”

Hierdie standpunte bevestig die stelling hierbo dat: “‘Hulle’ [*liberale kefferbrakkiebende] opinie gaan nie verander nie.”

Kopskuif is nodig


GEEN ORGANISASIE OF party van blanke Afrikaanssprekende Afrikaners kon daarin slaag om onafhanklikheid te bekom en te behou nie, ten spyte daarvan dat die organisasie 'n skuif/skuiwe na links gemaak het.

Die oplossing vir 'n organisasie, wat in soortgelyke omstandighede as AfriForum verkeer, is om 'n kopskuif te maak dat beginsels voortdurend voorkeur moet geniet en gehandhaaf moet word, sonder om kompromieë ter wille van “potensiële getalle” te maak. In die proses moet daarop gelet word dat “politieke korrekte optredes” 'n instelling nie sterker maak nie. Inteendeel, dit openbaar dikwels swakheid en maak die organisasie voorspelbaar. Hierdie aspekte kan deur die vyand meedoënloos uitgebuit word.

Gevolgtrekking

IN HIERDIE HOOFSTUK word verwys na verskeie dokumente, gebeure en aspekte wat as basis en riglyne aangewend kan word by die soeke na die antwoord en moontlike oplossings vir die bedreigings waaraan BASA21 tans onderwerp word. Die vryheidsingesteldheid van BASA21 word in die volgende hoofstuk bespreek





HOOFSTUK 18

BASA21 SE

VRYHEIDSINGESTELDHEI

D

Inleiding

Die Boervolk streef vanaf sy wordingsjare na 'n onafhanklike bestaan waar hy oor homself kan regeer. Hierdie bedede is reeds deur Retief, Maritz, Potgieter, Uys en Pretorius, die leiers van die Groot Trek, vanuit verskillende hoeke verwoord (Hoofstuk 5:138-139).

Hierdie strewe is gedemonstreer in die 16 Republieke wat deur die Boere in verskillende stadia en omstandighede van die geskiedenis tot stand gebring is (Aanhangsel A). In die vyfde verslag van die Volkstaatraad (Robbertze 1996:18) word die redes vir die groot aantal republieke as volg gestel:

Die rede waarom daar so baie republieke tot stand gekom het, kan enersyds gewyt word aan die Afrikaner [*Boere] se geneigdheid tot onderlinge twis en andersyds voortdurende inmenging deur Brittanje. Dit het dikwels gebeur dat die Britte die Boere gedwing het om hulle planne te laat vaar en hulle hul vryheid ontnem het.

'n Ander belangrike rede is die kulturele erfenis van 'n *strewe na vryheid* wat dwarsdeur die geskiedenis by die Proto-Boer en Boer teenwoordig was.

Hierdie vestiging van republieke was deel van die groeiproses en fases van volwaardige staatskap, wat uiteindelik gekulmineer het in twee internasionaal erkende state, naamlik die OVS en die ZAR (Haas 1982:61, 83). Die Boer was bereid om vir sy vryheid te veg, *inter alia* by Vegkop, Mosega en Kapain, Bloedrivier, Congella, Boomplaats, Majuba, tydens die

Tweede Vryheidsoorlog, tydens die Boereopstand van 1914-15 en tydens die bestaan van die Ossewabrandwag (Tabel 9.1).

Belangrike kopskuif

TYDENS 'N VOORLEGGING aan die Afrikanerbond (nuwe AB) op 8 Junie 2018 stel André Duvenhage (2018: 23) dat die leierskap en werk van Theodor Herzl^[156] (1860-1904) as voorbeeld vir 'n nuwe benadering toegepas kan word. Hy stel:

Herzl se bydrae is geleë in:

- Visionêre en selfs profetiese leierskap.
- Bestuur en hantering van historiese trauma (diaspora van die Jode).
- Mitologisering en ideologisering (Zionisme).
- 'n Boodskap van hoop en bevryding.
- Historiese legitimering.
- Deurlopende hersiening van strategieë en taktieke.
- Onderhandeling en 'n nie-gewelddadige benadering.
- Die suksesvolle organisasie en mobilisasie van steun.
- Verskaf 'n grondslag vir staatsbou en nasiebou.

Hierdie benadering kan vandag op die Boerevolk in die besonder op BASA21 in die algemeen toegepas word.

**Die belangrike kopskuif is die besef dat
'n kleiner gedeelte van BASA21,
naamlik die Boervolk,
(wat republikeinsgesind en vryheidsoekend is)
OP HULLE EIE, AS VOLK,
DIE VRYHEIDSPAD KAN EN MOET LOOP.**

DAAR BESTAAN TWEE UITGANGSPUNTE of benaderings waarvolgens BASA21 na oorlewing in Suid-Afrika kan kyk. Die twee benaderings is gebaseer op die twee groepe Afrikaners, wat duidelik binne die Afrikanernasie ontwikkel het, manifesteer en erken word deur kontemporêre historici soos Giliomee (2016c:293), besigheidsmense soos Rupert (*Beeld* 5 Junie 2018:14) en akademici soos Roelofse (2009). Hierdie

twee uitgangspunte is histories gevestig en kan na vandag toe deurgetrek word.

Die twee benaderings of twee groepe “Afrikaners” word deur Roelofse (2009) as volg beskryf:

Die groep wat ’n suiwer ekonomiese uitkyk openbaar en tevrede was om onder die Britse vlag, asook vandag onder die ANC, te dien [*soos Johann Rupert].

Die tweede groep het die Gariep [*Oranjerivier] oorgesteek, op soek na vryheid onder ’n Godvresende regering en wil vandag steeds daardie vryheid hê [*soos oorlede oom Manie Maritz].

Daar is reeds aangetoon dat dié deel van BASA21 wat hulleself as *Afrikaners* bestempel onder die eerste groep ressorteer en dat diegene wat hulleself as *Boere* bestempel of ’n Boeregesindheid uitleef die tweede groep vorm.

Die Afrikaner se oplossing is konformering binne ’n eenheidstaat of nasiestaat waar gepoog word om ’n “eenheidsnasie” of ’n sogenaamde reënboognasie tot stand te bring. Amerika, wat saamgestel is uit verskeie nasionaliteite, word as so ’n nasiestaat voorgehou. Konformering as onderwerp val buite die bestek van hierdie boek en gaan nie in besonderhede bespreek word nie. Die bespreking en propagering van die (twyfelagtige) sukses van ’n nasiestaat, veral in Afrika, word aan die Afrikaner oorgelaat.

Wat wel bespreek word is die Boer se republikeinse strewe. Die Boer se kulturele geheue bepaal dat hy nie sal rus voordat hy sy vryheid in sy eie gebied verkry het nie. Dit mag binne ’n jaar plaasvind, binne vyf jaar of selfs na ’n paar dekades, maar die vryheidstrewe by die Boer is diep gesetel en sal bly voortleef soos byvoorbeeld by die Baske, Kataloniërs, Koerde en Israëli’s, totdat vryheid verkry is. Die Boer was by vele geleenthede bereid om vir sy vryheid te veg en het, onder andere, die Griekwas, Xhosas, Zoeloes, Matabeles en Engelse by geleentheid, ter wille van vryheid, op die slagveld verslaan. Gesien teen die geskiedenis van Afrika rakende konflik, is die moontlikheid dat konflik in die vorm van ’n burgeroorlog in Suid-Afrika kan ontstaan, nie uitgesluit nie. Dié moontlikheid word nie verder bespreek nie. In hierdie skrywe word gepoog om by ’n nie-gewelddadige oplossing uit te kom.

Die oplossing is daarin geleë dat ’n totale aanslag, wat op alle lewensterreine deur BASA21 geloods word, moet geskied. Dit sluit in dat

lede op alle terreine gemobiliseer word en verskillende voertuie daarvoor aangewend word.

Die Boerevolk se vryheidstrewe

Identifiseer “Vryheidsvoertuie”

DIE BOEREVOLK SE VRYHEIDSTREWE is reeds ten dele bespreek, maar word hier uitgelig met die oog op die aanwending ter verkryging van selfbeskikking en onafhanklikheid.

Ten spyte van “beloftes” van die NP tydens die referendum in 1992 is die afneem van grond sonder vergoeding, 30 jaar later (in 2022), hoog op die agenda van die ANC-regering. Vir BASA21 om binne hierdie vyandige omgewing te oorleef, moet van verskillende “voertuie” of instellings gebruik gemaak word. Dit sluit politieke, burgerregte, vakbond, kulturele, ekonomiese en volksgerigte voertuie in. Hierdie voertuie moet op so ’n wyse aangewend word dat hulle afsonderlik funksioneer, maar ’n gesamentlik doel – die oorlewing van BASA21 – as eindpunt najaag.

**Die republikeinsgesinde, vryheidsoekende deel van
BASA21 strewe na ’n outonome grondgebied waar hulle
oor hulleself kan regeer.**

DIE VOERTUIE, WAT HIERDIE doelwit moet najaag, moet geïdentifiseer word. Die insittendes van hierdie onderskeie voertuie moet ’n paar belangrike kopskuiwe maak. Elke rolspeler moet aanvaar dat, soos wat ’n persoon lid van sy eie kerk is, sy eie voorkeur sportspan kan ondersteun én sy kind in sy voorkeur skool kan plaas, net so kan hulle ook saamstaan in “politieke” organisasies teen gemeenskaplike bedreigings. Dus is die oplossing daarin geleë dat iemand ongestoord en sonder konflik terselfdertyd deel van ’n politieke party, vakbond, burgerregte organisasie en ’n kultuurorganisasie kan wees, terwyl die volksgerigte voertuig waaraan hy behoort nie ’n bedreiging vir een van die genoemde voertuie inhou nie.

Boere wat byvoorbeeld nog nooit gestem het nie, moet aangemoedig word om by 'n politieke party, wat die Boer se belange bevorder, aan te sluit. Lede van 'n landbou organisasie moet byvoorbeeld aangemoedig word om betrokke te raak by burgerregte organisasies en vakbonde wat die Boer se saak goedgesind is. Lede van die verskillende organisasies en drukgroepe moet weer aangemoedig word om by 'n volksgesentreerde onafhanklikheidsbeweging aan te sluit. Aan die ander kant moet die leiers van die organisasies soos die politiek, burgerregte en vakbonde nie negatief staan oor kultuurorganisasies en ander voertuie, wat deel van die vloot is nie. Laastens moet daar in die strewe om die voertuie se getalle uit te brei, krities gewaak word teen *liberalisering ter wille van getalle*.

Daar moet in gedagte gehou word dat die verloop van regse bewegings waar getalle nagejaag word, altyd 'n verskuiwing na links meebring. Uit 'n politieke hoek mag hierdie benadering bevraagteken word, aangesien getalle telkens in die verwysingsraamwerk van 'n politikus belangrik is. In die benadering hierbo verduidelik gaan dit egter nie oor getalle nie, intendeel, by 'n politieke party beteken 'n totaal van 50 000 stemme in 'n algemene verkiesing nie noodwendig veel nie, terwyl 'n volk en 'n onafhanklike staat uit soveel as 30 000 en selfs minder kan bestaan (Tabel 17.1). Selfs met min getalle kan 'n volk 'n beduidende invloed uitoefen en aanspraak op onafhanklikheid maak.

Let daarop dat daar baie volkere bestaan met getalle van minder as 50 000, wat internasionaal as onafhanklike volke erken word (Tabel 17.1).



Sonder 'n albatros om die nek

DIE BOER DEEL NIE DIE skuld vir apartheid saam met die Afrikaner nie! Apartheid het 'n netto effek van benadeling op die Boer gehad, ten spyte van voordele wat tydens dié era deur die Boer ervaar is.

President Cyril Ramaphosa sê op 24 Mei 2018 in die Parlement dat “Die Stem” en die ou Suid-Afrikaanse vlag simbole van diskriminasie, verdrukking en ellende is en dat dit leef in die koppe van mense wat dink dat apartheid nie 'n misdaad teen die mensdom was nie (Essop 2018:2). Hierdie simbole, wat met die Afrikanernasie geassosieer word, dien as albatros om die Boervolk se nek en moet van ontslae geraak word.

Die Boer se geskiedenis toon wel konfrontasie met ander inheemse volke, maar dwarsdeur die geskiedenis was daar wedersydse respek en vertroue tussen die onderskeie groepe en die Boer teenwoordig. Die Boer was nie deel van die Afrikaner se apartheidsregering nie. Hierdie feit kan met die nodige regstellings en propaganda, aan die groot klok gehang word. Behalwe vir gemeenregtelike sake, soos moord en aggressiewe oorlogvoering met die uitwissing van vrouens en kinders, wat deur die Boereregerings belet is, het die Boereregerings die bestuur en regering van die verskillende swart volke, op hulle bestaande grondgebied, aan hulleself oorgelaat.

Blankes is divers

DIT IS BELANGRIK OM daarop te let dat Swartmense nie werklik onderskei tussen 'n Engelssprekende en 'n Afrikaanssprekende blanke in die NSA nie, wat nog te sê tussen Boer en Afrikaner. Dit is interessant dat in alle gevalle waar ek die verskille tussen 'n Boer en 'n Afrikaner aan 'n swart persoon verduidelik het, daar onmiddellike begrip vir die onderskeid was. Vergelyk die houding van Baleka Mbete, wat na aanleiding van 'n oorhandiging van die Majuba deklarasie namens die BVS, die volgende stellings op 22 Junie 2006 (sien Aanhangsel D) gemaak het:

- *There is a distinction between them (the Boerevolk) and the Afrikaners;*
- *They (the Boerevolk) are a section within (a people within) the Afrikaner community;*
- *What distinguishes them (the Boerevolk) from Afrikaners is culture. They have their own common culture and customs, which makes them a volk;*
- *They were NOT involved in the institutionalization of apartheid even if they were the beneficiaries;*
- *'They are different' from the Broederbond.*

'n Enkelorganisasie?

OM VRYHEID DEUR MIDDEL van een enkel organisasie tot stand te bring, wat die totale Blanke Afrikaanssprekende Afrikaners (BASA21) verteenwoordig of namens hulle kan praat of optree, is onmoontlik. Die geskiedenis het keer op keer bewys dat die *strewe na eenheid* onder die Blanke Afrikaanssprekende Afrikaners tot mislukking en of tot ondergang lei. Die afgelope honderd jaar is "Afrikanereenheid binne Afrikanernasionalisme" as mantra tevergeefs gepropageer. Dit was wel tydelik nodig, logies en rasideel om politieke teen Engelse koloniale

oorheersing aan die begin van die 20^{ste} eeu as 'n magsbasis saam te staan. Die situasie het egter totaal verander en sonder om oor die meriete van deelname al dan nie aan die NSA verkiesings te argumenteer, kan gestel word dat BASA21 se totale stemgetal, bloot getalsgewys, nie 'n meerderheid in die parlement kan vorm nie.

Maksimum deelname mag wel in koalisiepolitiek 'n faktor wees. Genoeg stemme gee mens ook toegang tot staatsfondse. Die Boer moet ook soos die Zoeloe en sy koningshuis aandrang op staatsgeld.



**Die apartheidsmantra: “eenheid ter wille van oorlewing” —
sal lei tot BASA21 se ondergang.**

DIE HERSENSKIM VAN die apartheids-era-mantra van “eenheid ter wille van oorlewing”, is nie 'n oplossing vir BASA21 nie. Hou in gedagte dat slegs 10% van die Kaap se Blankes in die laat 1830's getrek het, sonder om hulle te steur aan die lot van die 90% agtergeblewenes wat nie by die Trek wou aansluit nie. In dieselfde konteks moet 10% van BASA21 bereid wees om uitskieters te wees en die vryheidspad, sonder die 90%, in die 21^{ste} eeu aan te durf. Hierdie persone moet bereid wees om deel van die Nuwe Groot Trek te wees.

**10% van BASA21 moet bereid wees om 'n “uitskieter” te
wees en die Nuwe Groot Trek sonder die 90% aan te durf.**

LET DAAROP DAT DIE 90% “agtergeblewenes” van die 19^{de} eeu nie noodwendig verdoem was nie, hulle was net nie vry nie en hulle was skynbaar “tevrede” met hulle lot. Later het hulle op die rug van die 10%, as

“Natrekkers”, baat by die vryheid, wat deur die 10% bewerkstellig is, gevind. Die 90% van die 21^{ste} eeu kan uiteindelik ook, soos die 90% van die 19^{de} eeu, baat indien die 10% ná die Nuwe Groot Trek, vryheid bewerkstellig het.

Die Boervolk alleen?

ONDER DIE HUIDIGE OMSTANDIGHEDDE het die Boer nie die Afrikaner nodig om te oorleef nie, intendeel, die Afrikaner het die Boer nog altyd in die rug gesteek. Die geskiedenis vertel die verhaal wat begin het met die antagonisme van die Amptenary teenoor die Vryburgers. Tydens die stigting van die twee republieke, Swellendam en Graaff-Reinet, was die *Oranjemannen* gekant teen die Patriotte. Met die Groot Trek het die Proto-Afrikaner se kerk (NG Kerk) die Trekkers onder sensuur geplaas (Muller 1979:142). Ná die oprigting van die Republiek Natalia het die Proto-Afrikaner se besigheidsmanne die Britse owerhede aangemoedig en daarop aangedring om Natal te annekseer en by die Boere af te neem (Preller 1937:78). Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die Afrikaner *amptelik* aan die kant van die Engelse teen die Boer geveg (Bruwer 1988:363). Tydens die Boereopstand van 1914-15 het die Afrikaner-regering die Boere geskiet en in die tronk gegooi en vir Japie Fourie tereggestel (Bothma 2015). Tydens die era van die OB is die Boergesindes deur die Afrikaner-regering geïnterneer. Die NP het tydens die bewind van PW Botha die Boergesindes as vyande van die staat vervolg. Tydens die bewind van FW de Klerk is Boere vervolg en deur die polisie geskiet^[157] en is die republiek aan die einde van die Afrikaner-regime aan ’n meerderheidsregering oorhandig, sonder dat die Boervolk deel van die onderhandelinge by KODESA was.


Vandag neem die liberale Afrikaner se kefferbrakkiebende standpunt teen die Boer in oor die radio en in koerante met ’n tipiese liberale vry sê en maak die Boerevolk af as ekstremisties en radikaal. Die Afrikaner sal altyd, as vyand van die Boervolk, ’n stok in die “vryheidswiel” van die Boer probeer steek.

Die Boerevolk se “vryheidstemperatuur”

DIE GESKIEDENIS WYS duidelik dat die Boervolk voortdurend 'n vryheidstewe openbaar het en selfs wanneer die omstandighede baie negatief was en onder moeilike omstandighede het die soeke na onafhanklikheid voortgeduur. Die grafiek in Figuur 18.1 is nie empiries bepaal nie, maar is gebaseer op die skrywer se aannames en subjektiewe oordeel.

In Figuur 18.1 word 'n arbitrêre streep op die 50^{ste} persentiel getrek. Daar kan duidelik waargeneem word dat die Afrikaner net by uitsondering ingestel was op vryheid, terwyl die Boervolk se belewenis en ingesteldheid op vryheid, ten spyte van teëspoed, bokant die blou lyn bly.

VRYHEID VIR BASA21 KAN SLEGS IN DIE NAAM VAN DIE BOERVOLK VERKRY WORD.




Figuur 18.1: 'n Spekulatiewe vergelykende weergawe van die “vryheidstemperatuur” (ervaring van vryheid en gemotiveerdheid tot vryheid) by die Boer en die Afrikaner.

Gevolgtrekking

EEN VAN DIE HEEL BELANGRIKSTE kopskuiwe wat gemaak moet word, is dat rolspelers moet besef dat indien vryheid ter sprake is daar van die Boervolk gepraat moet word. Die doel van hierdie boek is om Boergesindes wat hulleself nog Afrikaners noem te laat besef dat hulle in werklikheid deel, of lede van die Boervolk is en dat hulle ons volk se vryheidstrewe moet uitleef. Die kopskuif moet verder gemaak word dat die Boervolk as 'n volk gepropageer moet word en dat **vryheid slegs in die naam van die Boervolk verkry kan word.**





HOOFTUK 19

VRYHEIDSVOERTUIE

Inleiding

Ná 1994 stuur die samelewing en die regering van die NSA vyandige seine uit na BASA21. Die vyandige politieke omgewing en die aanslae word teen alle lede van BASA21 geloods: fisiek, kultureel, polities, sosiaal en ekonomies. Die afneem van grond sonder vergoeding is sedert 2018 'n prioriteit vir die ANC en verskyn hoog op die agenda van die regering. Hierdie beleid het reeds onder die aandag van die internasionale gemeenskap gekom en die situasie moet verder uitgebuit word. Die oplossing is daarin geleë dat 'n vryheidsaksie in die naam van die Boervolk moet geskied. 'n Omvattende strategie moet ontwikkel word, wat op alle lewensterreine van die Boervolk geloods moet word. Dit impliseer dat lede gemobiliseer moet word en dat verskillende voertuie daarvoor aangewend moet word. Dit sluit voertuie in wat funksioneer op die terreine van die politiek, burgerregte, vakbonde, kultuur, ekonomie en volksbelange. Hierdie voertuie moet op so 'n wyse aangewend word dat hulle afsonderlik funksioneer, maar 'n gesamentlik doel – die oorlewing van die Boervolk – as eindpunt najaag.

Kopskuiwe deur rolspelers

DIE INSITTENDES VAN hierdie onderskeie voertuie moet 'n paar belangrike kopskuiwe maak, sodat die saak nie, soos dikwels in die verlede, langs die pad sneuwel nie.

Vennootskappe

EERSTENS MOET DIE ROLSPELERS mekaar as vennote en nie as opponente nie aanvaar. Cosatu, die SAKP en die ANC het 'n alliansie gevorm en kon daarin slaag om die eens “magtige” NP van die troon af te stoot, sonder om afsonderlike eienskappe en optredes in te boet. Die *United Democratic Front* (UDF) is volgens Giliomee (2004:568) in 1983 as 'n front vir die ANC gestig. Die UDF is saamgestel uit gemeenskapsorganisasies, vakbonde, kerklike liggame en studentebewegings en het as sambreelliggaam gedien, wat die saak van Swart Bewussyn uitgedra en fondse uit die buiteland genereer het.

Voortdurende konsultasie moet plaasvind en onderlinge vertroue moet gevestig word. Die rede vir antagonisme tussen die verskillende voertuie is hoofsaaklik ekonomies van aard, aangesien die verskillende voertuie meeding om 'n deel van dieselfde koek (lede en ledegeld). Hierdie antagonisme moet aangespreek word. Die oplossing is daarin geleë dat iemand ongestoord en sonder konflik, terselfdertyd deel van 'n politieke party, vakbond, burgerregte organisasie, ekonomiese struktuur en 'n kultuurorganisasie kan wees, sonder dat die volksgerigte voertuig waaraan hy behoort enige bedreiging vir een van die genoemde voertuie inhou.

Doelgerigte voertuie

'N VOERTUIG WORD AANGEWEND vir 'n spesifieke doel. 'n Trekker is gemaak om mee te ploeg en sal swak vaar op die renbaan, terwyl 'n Formule 1 motor nie 'n sleepwa of 'n ploeg sal kan trek nie. Albei is egter voertuie en op sy terrein doelgemaak en uiters effektief, met tekortkominge op ander terreine. Al is daar soms oorvleueling van funksies, kan 'n politieke party sy werk op die politieke terrein uitstekend doen, maar toon tekorte as 'n volksorganisasie. 'n Vakbond kan sy werkerslede se griewe en behoeftes hanteer, maar kom kort op die kulturele terrein. Op dieselfde wyse kan 'n kultuurorganisasie en 'n burgerregte organisasie soms oorvleuel, maar is nie gebou om mekaar se funksies oor te neem nie. Daar moet dus aanvaar word dat elke organisasie noodsaaklik is, vir sy terrein doelgemaak is en daarom (deur almal) ondersteun behoort te word. Dié beginsel lei tot die kopskuif dat 'n persoon by al die voertuie betrokke kan (en moet) wees, sonder om konflik oor loyaliteit te veroorsaak.

Lede van elke betrokke voertuig moet aktief aangemoedig word om by die ander organisasies, wat onder die sambreel ingesluit is, aan te sluit om 'n

magsbasis in die NSA te kan bewerkstellig. Die graad van aktiewe betrokkenheid mag verskil ten opsigte van die verskillende organisasies, maar mense moet nogtans by die verskillende organisasies aansluit. Boergesindes wat byvoorbeeld nog nooit gestem het nie, moet aangemoedig word om by 'n politieke party, wat die Boer se belange bevorder, aan te sluit. Lede van 'n landbou organisasie moet byvoorbeeld aangemoedig word om betrokke te raak by burgerregte organisasies en vakbonde *wat die Boerevolk se saak goedgesind is*. Lede van die verskillende organisasies en drukgroepe moet weer aangemoedig word om by 'n volksgesentreerde onafhanklikheidsbeweging aan te sluit. Outomatiese onderlinge affiliasie van die onderskeie organisasies kan oorweeg word. Dit kan getalle gewys 'n groter impak hê as om beleid na links te skuif om by die Afrikaner aanklank te vind – iets wat in elk geval nie werk nie.^[158]

Die belang van getalle

DIE BESPREKING VAN getalle het reeds getoon dat die kopskuif, wat deur alle rolspelers en veral die leiers of bestuurders van die onderskeie voertuie gemaak moet word, is dat die najaag van getalle nie die doel op sigself moet wees nie. Getalle of aantal lede is natuurlik belangrik en dit vorm die magsbasis en finansiële steun van elke organisasie of voertuig. Die gevaar bestaan egter dat bewegings wat hulle getalle met alle mag wil uitbrei kompromieë aangaan *onder die illusie* dat dit meer lede tot gevolg sal hê.

Waak teen 'n verskuiwing na links

DIE VERLOOP VAN REGSE bewegings, wat getalle gewys wil uitbrei, is noodwendig 'n verskuiwing na links. Die aanvanklike doelwit tydens oprigting of stigting van só 'n organisasie of instelling word dan mettertyd afgewater of versaak en die beweging loop óf dood óf beweeg oor na 'n instelling met nuwe en meer linkse doelwitte. Voorbeelde is die Broederbond/Afrikanerbond, TG/Volksbond; NP, KP/Vryheidsfront, VEKOM/AVF; Radio Suid-Afrika/RSG, Radio-Pretoria/Pretoria FM. Van die Afrikaanse susterskerke het dieselfde paadjie geloop en ondervind vandag ernstige degenerasie.

Die fenomeen dat republiekgesinde stigters in die proses van groei deur meer liberaalgesinde Afrikaners uitgeskuif word, is reeds volledig in vorige

hoofstukke bespreek. Die gevolg is altyd dat meer liberale waardes nagestreef en gevestig word, terwyl die aanvanklike doel afgewater word.

Die verskillende voertuie

DIE VERSKILLENDE VOERTUIE wat aangewend kan word om vryheid vir BASA21 te verkry, word hier genoem en hul eienskappe en rol word kortliks ontleed. Elke voertuig moet sy eie rol speel en sy eie heil uitwerk met die gesindheid dat die ander voertuie nie in hulle taak gekortwiek moet word nie, maar eerder ondersteun moet word. Wedersydse vertroue en ondersteuning moet as uitgangspunt gehandhaaf word.

Die gedagte is dat lede van die Boervolk al die toepaslike instellings wat as geskikte voertuie dien, sal ondersteun en dat die onderskeie instellings die belange van die Boervolk sal beskerm en handhaaf. Soos in Tabela 9.2 en 9.3 gemeld, kan verskeie organisasies hulle vir die verkryging van 'n volkstaat beywer. Die volgende instansies word gemeld.

Politieke partye

DAAR BESTAAN REEDS politieke partye, soos die Vryheidsfront plus (VF+), Front Nasionaal en die Nasionaal Konserwatiewe Party (NKP). Hulle lede bestaan hoofsaaklik uit Afrikaners, Boere-Afrikaners, 'n paar Boere, asook 'n paar Engelse. Tans neem 'n deel van BASA21 wel aan verkiesings (veral plaaslike verkiesings) deel, maar daar is steeds baie potensiële kiesers in die koue.

Sommige lede van BASA21 stem vir die DA, ten spyte daarvan dat die DA die Afrikaner en veral die Boer met relatiewe minagting hanteer. Die feit dat die meeste onderhoude van die DA, selfs op Pretoria FM, in Engels plaasvind, behoort diegene wat hulle ondersteun te laat vrae vra of die DA enigsins vir BASA21, wat nog te sê die Boer, iets (wil) beteken.

Die belangrikste deel van BASA21 wat politiek in die koue is, is diegene wat nie legitimiteit aan die oorgangsproses wou gee nie en dus nie aan enige verkiesing deelgeneem het nie. Die meeste van hulle beskou hulleself as Boere, ander as Boere-Afrikaners, terwyl 'n persentasie hulleself Afrikaners noem. Baie van hulle is steeds “daar buite” en huidige organisasies wat hulle vir die “Afrikaner” beywer, neem hierdie groep nie in ag nie. Hou in gedagte dat, volgens Giliomee (2004:606), ongeveer 'n

miljoen wit Afrikaners tydens die referendum in 1992 “Nee” gestem het. Alhoewel dit meer as twintig jaar gelede plaasgevind het, moet gevra word wat van daardie kiesers en hulle kinders geword het. Almal is beslis nie in Australië en Nieu-Zeeland nie.

Die Boer moet ’n politieke party ondersteun, bevorder en/of onderskryf, wat bereid is om die Boervolk se belange te bevorder. Indien Die VF+, as ’n voorbeeld, openlik verklaar dat hy bereid is om die verkryging van selfbeskikking vir die Boervolk te bevorder, kan hy daardeur die Boere se stemme trek.

Die ideaal is dat die party wat deur die Boere ondersteun word nie vir die versoeking val om ter wille van twyfelagtige steun uit liberale Afrikaanssprekende, Engelse en Kleurling geledere, die beginsels en die republikeinse strewe prys te gee nie. Die VF+ het op ’n stadium, sonder veel sukses, hierdie vryery na links probeer volg. Hulle sal baie meer sukses behaal deur openlik die saak van die Boer te verkondig.

Indien lede van die Boervolk ’n party daadwerklik steun, kan daar ’n beduidende getal kiesers agter so ’n party se naam geplaas word en sorg dat die party ’n wesentlike faktor word by die handhawing van die Boervolk se waardes en die vestiging van regeringsbeleid. Hou steeds in gedagte dat van Giliomee (2004:606) se “ongeveer ’n miljoen kiesers wat in 1992 “Nee” gestem het ongeveer 80% van hulle tans nie by die stembus uitkom nie. Volgens die indrukke van die skrywer vereenselwig ’n groot gedeelte van hierdie 80% hulle met of bestempel hulleself as Boere. Diegene, wat aangespreek is deur die lied oor De la Rey, wat die **Boere** moet kom lei, kan aanvaar dat hulle deel van die Boervolk is.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat alhoewel ’n politieke party sekere aspekte van ’n volk kan bevorder die party steeds onderworpe is aan die beperkings en reëls van ’n politieke party en dus nie as ’n volksorganisasie kan funksioneer nie. Dit is nogtans nodig vir ’n volksgerigte beweging om steun by ’n politieke party te kry, omdat die politieke party op die terrein van beleidvorming van die regering, ’n rol kan speel.

Burgerregte organisasies

AFRIFORUM HET IN 2005 onder die vleuels van Solidariteit ontstaan en het die laaste paar jaar met sukses as ’n burgerregte organisasie gevestig

geraak. Gesamentlik het die Solidariteit Beweging (word ook soms Soliforum genoem) tot stand gekom, wat gevorm word deur Solidariteit as vakbond en AfriForum as burgerregte organisasie. Die doel van die Solidariteit Beweging fokus sterk daarop om 'n Afrikaanse gemeenskap te vestig (Solidariteit 2015:11). Hulle doen dit deur organisasies op verskeie terreine in die gemeenskap tot stand te bring.

Maroela Media en Pretoria FM funksioneer op die terrein van propaganda en inligting. Helpende Hand fokus op sosiale hulp en fokus saam met Akademia en Sol-Tech op die terrein van onderwys en opleiding. Kraal uitgewers dien as publikasiehuus. Die FAK beweging word ook op die kulturele gebied gemobiliseer. Afrisake funksioneer op die ekonomiese terrein (Solidariteit 2015).

AfriForum funksioneer op juridiese terrein, bevorder Afrikaans as taal, hanteer die veiligheid van sy lede en tree by verskeie ander terreine, soos by tersiêre inrigtings en plaaslike owerhede op, veral wanneer sy lede se regte geskend word. Hulle tree dus op wanneer burgerlike onreg in die algemeen plaasvind.

Die Solidariteit Beweging tree skynbaar namens die Afrikaner op, maar ywer daarvoor om die beeld uit te straal dat hulle nie nêr namens Afrikaners optree nie. AfriForum, veral, is tans ernstig daarop ingestel om hulle getalle uit te brei en word oënskynlik ondersteun deur 'n wye spektrum uit die geledere van BASA21. Tydens 'n besprekingsprogram by Aardklop in Oktober 2018 stel Gert van der Westhuizen^[159] dat “sowat 85% van AfriForum-ondersteuners stem byvoorbeeld DA” (Bigalke 2018:9). Dit impliseer dat lede van die Boerevolk deel van die 15% uitmaak. Dit kan toegeskryf word daaraan dat die Boer nie tevrede en/of gemaklik is met AfriForum se voortdurende verteenwoordiging van “hulle” nie (Pretorius 2017).^[160] Verder blyk dit dat die Solidariteit Beweging in die algemeen en AfriForum in die besonder niks met die Boerevolk te doen wil hê nie. Hierdie fenomeen behoort aangespreek te word, want daar bestaan 'n groot deel van die Boerevolk wat nie lede van AfriForum is nie en betrek behoort te word. Verder kan AfriForum sekere belange van die Boerevolk op 'n *ad hoc* basis hanteer.

Dit sou vir 'n volksorganisasie, wat die Boerevolk se belange en vryheidstrewende verteenwoordig sinvol (noodsaaklik!) wees om sy lede aktief aan te moedig om by 'n burgerregte organisasie soos AfriForum aan te sluit. Die feit dat AfriForum as voertuig op só 'n wyse saamgestel is dat dit slegs

as burgerlike organisasie kan funksioneer en nie as volksorganisasie nie, beklemtoon die behoefte vir die skep van 'n volksgedrewe organisasie, wat uitsluitlik namens die Boervolk praat.

Wanneer na die geskiedenis gekyk word, kan voorspel word dat die felste antagonisme en weerstand teen AfriForum juis uit die geledere van die liberale Afrikaner, wat hy wil verteenwoordig, gaan kom. Professor Anton van Niekerk van Stellenbosch dien as voorbeeld, wanneer hy in *Beeld* (11 September 2018:6), na aanleiding van Ernst Roets se voorlegging tydens die gronddebat, die volgende stellings op die tipiese neerhalende-vry-sê-toon van die kefferbrakkiebende maak:

Dink Roets jou werklik dat enigiemand – selfs die VF Plus, wat hom in stilte, maar sonder enige aanduiding van steun, aangehoor het – deur sulke kaf beïndruk word?

Van Niekerk, tipies van die liberale Kaapse Afrikaner, soos Rupert (*Beeld* 5 Junie 2018:14), maak dit duidelik dat hy hom eerder assosieer met enige iemand anders, as iemand wat na Boergesindheid klink, deur te stel:

Wat my die meeste ontgogel, is dat hierdie soort snert aangebied word deur mense wat kamtig namens (merendeels wit) “Afrikaners” praat.

Hulle praat beslis nie namens my en die soort mense met wie ek assosieer nie – baie waarvan ook wit en Afrikaanssprekend is.

Van Niekerk sluit af met:

As Roets [*AfriForum] se stories saamval met die selfidentifikasie van “Afrikanerskap”, wil ek en talle ander niks met “Afrikanerskap” te doen hê nie.

Van Niekerk is as Afrikaner sekerlik geregtig om AfriForum se aanspraak om namens die Afrikaner op te tree te bevraagteken.^[161] Hierdie gegronde/regmatige bevraagtekening deur verstokte liberale lede van BASA21 ten opsigte van AfriForum se aanspraak om namens die Afrikaner te praat, verhinder AfriForum regtens om namens die Afrikaner op te tree. Indien daar met konsensus namens die Boervolk opgetree word, verval die geldigheid van die beswaar.

Die Solidariteit Beweging, en AfriForum in die besonder, is volledig gerat om 'n toegewyde volksbeweging te ondersteun. Hulle is egter as vakbond en burgerregte organisasie nie gerat om self as volksorganisasie op te tree nie. Dit moet weer beklemtoon word dat 'n vryheidstryd net sal slaag

indien dit in die naam van die Boervolk kan geskied. Die geskiedenis bewys dat dit nie sal slaag in die naam van die Afrikaner nie. Die ideaal sou dus wees dat die Solidariteit Beweging se leiers 'n kopskuif maak en die nuwe geldende mening, wat stel dat **vryheid in die naam van die Boerevolk** nagestreef word, aanhang.

Landbou organisasies

Die Transvaalse Landbou Unie (TLU)

DIE TLU, DEESDAE BEKEND as TLU-SA, is 'n organisasie wat in die 19^{de} eeu gestig is en tree reeds vir meer as 100 jaar namens boere (klein letter “b”) of georganiseerde landbou op. Tradisioneel was die TLU nog altyd behoudend en dus konserwatief in hul standpunte en optredes. Die rede kan sekerlik daarin gevind word dat die TLU se lede hoofsaaklik uit Transvaalse boere afkomstig is, wat tradisioneel oorwegend as Boere (hoofletter “B”) geklassifiseer kan word.

Die TLU assosieer hom tradisioneel met behoudende organisasies en tree op wanneer die belange van sy lede, wat hoofsaaklik by boerdery betrokke is, in gedrang kom. Wanneer na die TLU as “voertuig” op die vryheidspad gekyk word, sien ons dat die TLU slegs as lede-organisasie gerat is en kan (en wil TLU, soos AfriForum) nie bekend wees as 'n volksorganisasie van die Boervolk nie. Dieselfde argument geld vir ander streekslandbou-organisasies, soos Vrystaat Landbou.

Agri SA

AGRI SA IS AS LANDBOU lede-organisasie tradisioneel 'n Afrikanerorganisasie, wat baie sterk bande met die AB het. Agri SA het hom tydens die ANC-regering amper in 'n koöperatiewe politieke verhouding met die regering geposisioneer, waar 'n nie-geskrewe, wedersydse erkenning en ondersteuning geld. Dit word dan ook in die leierskap van Agri SA weerspieël. Onder die leierskap van Zuma as president, het hierdie koöperatiewe verhouding egter vertroebel en het Agri SA en TLU-SA nader aan mekaar, ten opsigte van kritiek teen die ANC-

regering, beweeg. Agri SA het nog nooit enige simpatie ten opsigte van die Boer as groep of as volk openbaar nie.

Kultuurorganisasies

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK)

DIE FAK IS IN 1929 deur die AB in die lewe geroep en het as openbare mondstuk van die AB opgetree (Giliomee 2004:353, 368). Die FAK is tans onder die vleuels van die Solidariteit Beweging ingeneem (Solidariteit 2015:9-11).

Die FAK het 'n belangrike rol gespeel om, as instrument van die AB, Afrikanernasionalisme deur middel van kultuur te vestig. Tydens die onderhoud wat Van Eeden (*Beeld* 7 Julie 2018:19) met Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, gevoer het, stel hy dat die FAK was: “die ‘begin van die aristokratiese ideaal van die Afrikaner” – om te bewys die Afrikaner se taal en kultuur staan nie 'n duit terug vir Milner nie en is nie minderwaardig teenoor Engels nie.” Hy erken egter dat “politieke suigkrag” verlamrend op Afrikanerkultuur ingewerk het en dat spanning hom tot vandag toe binne die FAK afspeel. Hy vra die vraag: “Wat bou jy en wat handhaaf jy?”

Alhoewel die huidige leierskap van die FAK positiewe geluide ten opsigte van die Afrikaner – nie die Boer nie – as volk maak, is die FAK 'n suiwer kultuurorganisasie, wat sinvolle bydraes namens die Boerevolk mag lewer, maar waarskynlik ook nie oor die wil of die samestelling beskik om as voertuig vir die bevordering van die Boer as volk te dien nie.

Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV)

DIE AFRIKAANSE TAAL- en Kultuurvereniging (ATKV) is in 1930 in Kaapstad gestig. Dit was in antwoord op die oproep van Afrikanerspoorwegwerkers om 'n eie organisasie, wat hulle belange kan behartig, te stig en het in 1936 reeds meer as 11 000 lede en 46 takke gehad (Giliomee 2004:354). Dit het veral Afrikaans as taal bevorder en het 'n baie belangrike rol gespeel in die organisering van die simboliese ossewatrek, wat deel gevorm het van die viering van die Groot Trek se Eeufees in 1938. Die

ATKV het, onder andere, ook vakansieoorde vir sy lede ontwikkel. Die ATKV was onder beheer van die AB en alhoewel sekere waardes van die Boerevolk deur die organisasie bevorder is, sentreer sy lidmaatskap tans rondom taal en sluit dus Kleurlinge, wat Afrikaans as huistaal het, in. Die voorsitter vir 2018 was 'n swart vrou. Die ATKV is nie geskik om as voertuig vir die verkryging van vryheid van die Boerevolk te funksioneer nie.

Die Verkenners

DIE VERKENNERS IS IN die 80'er jare deur Steve Strydom gestig. TG het 'n beskermde rol gespeel en die Verkenners ondersteun, terwyl dit as voedingsbron vir TG, op dieselfde wyse as wat die AB die Rapportryers aangewend het, gedien het.

Die Verkenners kan bydraes op kulturele gebied lewer, maar is geensins gerat om as volksorganisasie die vryheidstrewer na onafhanklikheid van die Boerevolk te dryf nie.

Afrisake

AFRISAKE IS DEEL VAN die Solidariteit Beweging en funksioneer as 'n drukgroep vir Afrikaanse sakelui (Solidariteit 2015:11, 20). Saam met Oranjekas, wat 'n poging is om 'n volksbank tot stand te bring, kan baie goeie bydraes in die vryheidstryd gelewer word. Die gevaar bestaan dat, soos reeds beskryf is, 'n verskuiwing na links kan plaasvind, soos wat plaasgevind het, onder andere, by Volkskas en Federale Volksbeleggings.

Die Suidlanders

DIE SUIDLANDERS HET in 2006 ontstaan en is gestig na aanleiding van Afrika se geskiedenis/patroon van geweld teen blankes. Daar word gesteun op sekere profesieë en 'n bloedbad is telkens in Suid-Afrika verwag en voorspel. Die Suidlanders se lede het dan nood-voorrade opgebou, sekere veilige plase geïdentifiseer en mense het hulle vlugplanne in plek gekry. Dit was tot dusver nog nie nodig om hierdie planne te implementeer nie. Die organisasie bestaan egter steeds en beywer hulle om die veiligheid en

belange van die Afrikaner te bevorder (Nilsson 2017). Hierdie organisasie kan effektief ingespan word om as voertuig te dien, wat die vryheidstrewes van die Boerevolk sal bevorder, mits dit namens die Boer en nie namens die Afrikaner nie, gedoen word. . Die probleem is dat die organisasie 'n kultusstaat bereik het rondom 'n leier se persoonlikheid. Of dit voorts 'n bruikbare voertuig vir die Boerevolk kan word sal maar gesien moet word.

Die Afrikaner Strategiese Komitee (ASK)

HIERDIE KOMITEE IS in 2011 gestig en het gepoog om verskeie Afrikaner organisasies soos die AB, VF+, TLU, Solidariteit en ongeveer 60 ander, onder leiding van Jaap Kelder bymekaar te bring. Die organisasie het aanvanklik goed gefunksioneer en het blykbaar ongeveer vanaf ongeveer 2019 geleidelik ophou funksioneer.



Vakbonde

Solidariteit

SOLIDARITEIT IS 'N WERKERSVAKBOND, wat uit die Blanke Mynwerkersunie ontstaan het, waar hulle aanvanklik die blanke mynwerkers verteenwoordig het. As Solidariteit het hulle mettertyd ook lede gewerf onder Kleurlinge, maar beskerm, as deel van die Solidariteit Beweging, skynbaar hoofsaaklik die belange en regte van blankes. As deel van die Solidariteitsbeweging (saam met AfriForum) het hulle verskeie opvoedingsinstansies, soos 'n tegnikon en Universiteit tot stand gebring. Hulle het ook die beheer oor die radiostasie Radio Pretoria, bekom en dit verander na- *Pretoria FM*.

As vakbond kan Solidariteit sekere belange van die Boerevolk, veral by die werkplek, hanteer, maar is nie gerat om as die voertuig vir die verkryging van selfbeskikking vir die Boerevolk op te tree nie. Hulle kan wel, soos Cosatu die ANC tydens die “Struggle” ondersteun het, deel van die “Boerevolk se vennootskap ter verkryging van vryheid” word.

Landbouwerkgewers organisasie (LWO)

DIE LWO DIEN AS VAKBOND vir werkgewers, veral op die landbouterrein, maar ook op ander terreine. As vakbond kan die organisasie sekere aspekte van die vryheidstrewa aanspreek, maar kan nie en is nie gerat om as die voertuig vir die verkryging van selfbeskikking vir die Boerevolk op te tree nie.

Arbeid ontwikkelaars

BOBAAS (BOEREVOLK OPLEIDING, Bemagtiging en Arbeidsagentskap) is 'n besigheidslyn wat val binne die strukture van Boervin. Dit het ten doel om volkseie-arbeid te ontwikkel en effektief daar te stel. Hulle het in Desember 2022 hulle eerste kamp op Kleinfontein gehou. Hulle stelsel is geskoei op behoorlike keuring en opleiding ten einde te voorsien aan hande-arbeid. Sonder selfwerkzaamheid en volkseie-arbeid, kan daar beswaarlik gestrewe word na selfbeskikking, aangesien arbeiders die grootste getalle van 'n volk verteenwoordig. Bobaas begrond sy program op drie aspekte: geestelik, psigies en tegnies. Terwyl Bobaas van velerlei opleidingsvennote vir die tegniese opleiding gebruik maak, verseker dit dat hulle volksgenote die geestelike inhoud ingee, wat deel is van ons volk se waarde- en geestesinhoud. Hulle stel behoorlike keuringsprosesse in plek, ten einde die potensiële arbeiders te keur sodat volkseie arbeid weer die kwaliteit waartoe ons volk in staat is kan lewer (www.bobaas.org).

Geheime organisasies

Broederbond

TYDENS DIE AB SE STIGTINGSJARE is die belange van die Boervolk deur die organisasie op die hart gedra. Nadat die AB 'n geheime organisasie in 1929 geword het, het die leierskap van die AB al meer die belange van die Afrikaner, ter wille van Afrikanereenheid ter wille van politiek mag, bevorder. In die proses is die Boer as erkende volk op die agtergrond geskuif. Ná die verkryging van die onafhanklike Republiek van Suid-Afrika in 1961 (RSA) het die AB 'n drastiese verandering ondergaan, vanweë die feit dat die Kaapse Afrikaner die oormag binne die AB verkry het.

Afrikanernasionalisme is op die agtergrond geskuif en solidariteit met die Engelsman, ter wille van Blanke oorheersing, is op die voorgrond geplaas. Die AB het die fenomeen van interne liberalisering (wat reeds beskryf is) ondergaan en stel sy lidmaatskap oop vir alle mense en kom tans in die openbaar na vore as die Afrikanerbond.

Volksbond (voorheen Toekomsgesprek)

TG IS AS TEËVOETER vir die AB en as geheime organisasie in 1983 in Pietersburg in Daan Booysen se huis gestig.^[162] Oud-Broederbonders was gekant teen die liberale rigting wat die AB na die sewentigerjare begin inneem het en het uit die AB bedank. Voormalige Broederbonders is op 'n redelike groot skaal deur hulle oudkollegas vir TG gewerf. Dit was van die begin af duidelik dat die styl en gebruike van die AB op TG afgedruk word. By die eerste algemene vergadering by Piet Niemand (oud LPR) se plaas naby Kuschke Landbouskool, Pietersburg, was groeivorming reeds sigbaar. Politici, en ook leiers binne die Hervormde Kerk, het duidelik vooraf gekoukus om die leierstruktuur te beïnvloed en sodoende die organisasie te probeer beheer. Aanvanklik het dié soort manipulasie tydens die ontwikkelingsjare nie 'n té groot rol gespeel nie en die suksesse van die organisasie het 'n positiewe uitwerking op die jong organisasie gehad. Die suksesse op plaaslike vlak was hoog ten opsigte van die verkiesing van leiers in sleutelposisies in die plaaslike gemeenskappe en het TG sterk laat groei, veral in Transvaal en Vrystaat.

Die stigters van TG was republikeinsgesind of onafhanklikheidsgesind, terwyl die AB in 'n rigting van konformasie beweeg het. Die volledige redes waarom Broeders (lede van die AB) bedank het, is nie algemeen bekend nie, maar baie oud-Broederbonders het by TG aangesluit. Verskeie politici uit KP-geledere het aangesluit en het daartoe bygedra dat die “Gees van die Kolonialergesinde Afrikaner” geleidelik binne TG ingedra en gevestig is.

Ongelukkig het die politieke leiers geleidelik oorgeneem en hulle wil op die organisasie, ten opsigte van deelname aan die algemene verkiesing in 1994, tot so 'n mate afgedruk, dat 'n groot aantal lede (hoofsaaklik uit Roelofse se tweede groep, met ander woorde Boere), wat nie bereid was om te gaan stem nie, uit TG bedank het. Nadat die meeste Boere bedank het, het die oorblywende lede hergroepeer en die naam verander na die *Volksbond*. Hier vind ons weereens 'n voorbeeld van die fenomeen van

liberalisering en “verafrikanisering” van ’n organisasie, wat op die sentimente van die Boervolk begin is.

Die Volksbond is toegerus om as (geheime) voertuig sekere belangrike aspekte van die volkswordingsproses te hanteer, maar dit word beklemtoon dat baie, indien nie die meeste nie, onafhanklikheidsgesinde Boere dié voertuig verlaat het.

Webwerwe

DAAR IS VERSKEIE WEBWERWE, soos byvoorbeeld Maroela Media en Praag, wat Afrikaans bevorder, maar daar bestaan min webwerwe, soos byvoorbeeld www.boervin.org, wat die saak uit die hoek van die Boervolk stel. Die webwerf www.boerevryheid.co.za was in hierdie opsig ’n voorloper, wat die sosiale media benut het en uitsluitlik die saak van die Boervolk gepropageer het (Pretorius 2012:29). Dit het in 2005 ontstaan en het op ’n stadium ontwikkel tot die grootste Afrikaanse webwerf wat by *SA-Topsite*^[163] geregistreer is en het die status bereik dat dit in 2012 die 20^{ste} grootste webwerf (algeheel) in Suid-Afrika was. Die verandering in die gebruik van die sosiale media met die ontwikkeling van, onder andere, *Facebook*, *WhatsApp*, *Instagram* en *Twitter*, het die gevolg gehad dat die tradisionele webwerwe nie meer dieselfde impak as in die verlede gehad het nie. Die webwerf www.boerevryheid.co.za het veral tussen 2006 tot 2013 ’n baie groot bydrae gelewer om die saak van die Boervolk weer op die kaart te plaas, maar is intussen gesluit. Daar word gepoog om die webwerf weer te aktiveer.

Die sosiale media was by uitstek instrumenteel in die verkiesing van Obama as eerste gekleurde (bruin) president van die VSA. Verder het die sosiale media ook bygedra tot die Arabiese Lente en die *#feesmustfall* veldtogte. Elektroniese media is van kardinale belang by die uitbou van ’n saak en moet daadwerklik aangewend word in die vryheidstryd van die Boervolk.

’n Volksgesentreerde voertuig

OM ENIGSINS DIE BOERVOLK se vryheidstrewa te bevorder, is dit van kardinale belang om ’n volksgesentreerde voertuig die lig te laat sien. Behalwe vir BVI bestaan só ’n voertuig nie tans nie en moet dringend bevorder word. So ’n voertuig moet verkieslik ’n kombinasie wees van die

eienskappe van SABRA, die Oranjewerkers, Orania, Boerestaatparty, Afrikaner Volkswag en die AWB. Dit sou ideaal wees indien die organisasie geskoei is op die wetenskaplike benadering van SABRA met die selfwerkzaamheid en groeipuntontwikkeling van die Oranjewerkers, Kleinfontein en Orania. Verder moet die benadering dat die Boervolk sentraal is, soos deur die Boerestaatparty van Robert van Tonder gepredik is, onderhewig aan die sentiment en historiese basis van die Afrikaner Volkswag, gehuldig word. Die byvoeging van so 'n tikkie venynige onverskrokkenheid en durf van die Stormjaers en die AWB sal die eienskappe van die voertuig volledig kan afrond.

Olivier Henning skryf in *Beeld* (30 Mei 2018:20):

'n Kultuurparty wat onbeskaamd op 'n verantwoordelike wyse na die belange van 'n bepaalde kultuurgroep (hoe klein ook al) omsien, beslis 'n belangrike plek in die politiek van hierdie multikulturele land het.

Hy stel verder dat koalisies van kultuurpartye baie makliker en baie doeltreffender 'n rol in die vooruitgang van Suid-Afrika kan speel.

Die Boerevolk Vryheidstigting (BVS) het in 2005 gepoog om so 'n voertuig tot stand te bring. Die webwerf www.boerevryheid.co.za is as kommunikasie-middel gebruik om die voertuig tot stand te bring. Die nodigheid daarvan om 'n effektiewe, suiwer, toegewyde organisasie, wat selfbeskikking vir die Boervolk nastreef, tot stand te bring, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Planne om dit te bewerkstellig word in die laaste hoofstuk op die tafel geplaas.

Boervin (Boerevolk Vryheidsinisiatief)

BVI is 'n organisasie wat in 2016 gestig is deur dr. Wilhelm Pretorius. Die doel van die maatskappy is om as oorkoepelende volksvoertuig te ontwikkel, waarbinne mens alle fasette van die volk in 'n verantwoordbare en openlike wyse kan benader. Boervin het groot naam gemaak in die veldtog tot bewusmaking van die Boerevolk se politieke gevangenes. Tans fokus dit op die oprigting van volkseie-arbeid en die beginsel van selfwerkzaamheid as sentrale bestanddeel tot selfbeskikking. Uit Boervin het nog twee maatskappye ontspring naamlik: Boeraan – die winsgewende maatskappy waarin Boerebelange gedien word deur middel van beleggings asook Boerehartigheid, wat dien vir skenkings en behartiging daarvan (www.boervin.org).

Hierdie organisasie is tans in sy kinderskoene. Vryheidsgesinde lede van die Boervolk behoort by die organisasie betrokke te raak en dit op vaste beginsels uit te bou tot 'n volksgesentreerde voertuig.

Gevolgtrekking

OM VRYHEID VIR DIE Boervolk te verkry, is dit nodig dat verskillende voertuie betrokke sal wees. Die enigste vraag wat gestel word by die keuse of aanvaarding van 'n voertuig, is of die voertuig voldoen aan die bevordering van die doelwit van 'n vrye Boervolk. Die ANC het meer as 90 organisasies wêreldwyd gehad, wat meegewerk het aan die afbreek van apartheid en die bevordering van die ANC se doelwitte. Dieselfde benadering moet gevolg word.

Daar bestaan reeds verskeie voertuie, wat geskik is om 'n belangrike rol in die vryheidstrewa te speel. Ná die nodige kopskuiwe deur die leier-elemente van die betrokke voertuie gemaak is, kan die nodige aanpassings in hulle benaderings gemaak word om 'n effektiewe rol in die vryheidstryd te vervul. Die enigste nuwe voertuig, wat geskep moet word, is die volksgesentreerde voertuig. Hierdie voertuig moet gerat wees om die "10% Trekkers" van BASA21 te vervoer.


**Ongeveer 10% van BASA21
is voldoende om vryheid te bekom.
Daar moet op hierdie 10% gefokus word.**

DIT KAN NIE OORBEKLEMTOON word nie, dat al word lede uit dieselfde poel versamel, daar nie wedywing om lidmaatskap tussen die verskillende organisasies mag wees nie. Die poel verteenwoordig nie die totale BASA21 nie, maar slegs dié groep wat 'n positiewe gesindheid teenoor die genoemde 10% openbaar. Klem moet geplaas word op **samewerking tussen organisasies, ter wille van vryheid vir die Boervolk**. Hierdie samewerking is nie 'n strewa na eenheid onder BASA21

nie, maar moet fokus op samewerking ter wille van vryheid. Die onhaalbaarheid van eenheid onder BASA21 word bevestig en beklemtoon deur die mislukking van AVF en die ASK.^[164]

Dit word weereens beklemtoon dat rolspelers bedag moet wees ten opsigte van ower (openlike), sowel as kover (geheime en agterbakse) planne teen die Boervolk se vryheidsplan. Die openlike vyande is dikwels minder gevaarlik as die Afrikaners met Boeremaskers, wat insluip en soos 'n kankersel tussen die normale selle kom vestig. Hierdie kankersel maak later die natuurlike weefsel dood en neem die organisme oor.





HOOFTUK 20

SELFBESKIKKING VIR DIE BOERVOLK

**Die Boervolk is ten volle geregtig op territoriale
selfbeskikking en sal
sodanige eis suksesvol kan deurvoer,
MITS die nodige volkswil daartoe bestaan.**

DIE VOLKSTAATRAAD HET 'n belangrike bevinding gemaak, wat deur die voorsitter, Johann Wingard (2009:36), as volg verwoord is: “Die oorwoë mening van die Volkstaatraad was dat die Afrikanervolk [*Boervolk] ten volle geregtig is op territoriale selfbeskikking en sal hy sodanige eis suksesvol kan handhaaf, mits die nodige volkswil daartoe bestaan.”

Max du Preez verwys in 'n artikel in *Beeld* (24 Julie 2018:7) na 'n toespraak deur Barack Obama, wat tydens die 16^{de} Nelson Mandela-gedenklesing vir Mandela aanhaal. Mandela stel, volgens Obama, dat die belangrikste beginsel is: Almal word deur 'n gemeenskaplike menslikheid saamgebind en dat elke mens inherente waarde en waardigheid het. Mandela, as volwaardige Afrikaan, stel verder dat: “Om ons gedeelde menswees te omhels beteken nie dat ons ons unieke etniese, kulturele en godsdienstige identiteite hoef te versak nie.” Max du Preez stel daarna dat hy vir Obama wou sê dat hierdie beginsel die basis is waarop nierassigheid verstaan moet word.

**Om ons gedeelde menswees te omhels beteken nie dat ons
ons unieke etniese, kulturele en godsdienstige identiteite
hoef te versaak nie.**

Nelson Mandela

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA sê tydens 'n toespraak by die 100-jarige feesviering van die bestaan van die Afrikanerbond (nuwe AB) in Junie 2018 (Beeld 13 Junie 2018:13) dat die:

Afrikaners is net soveel deel van die Suid-Afrikaanse nasie as enige ander gemeenskap. Hul taal, kultuur, behoeftes en aspirasies is nie minder belangrik – of meer belangrik – as enige van hul landgenote s'n nie.

Hierdie gesindheid is prysenswaardig, veral gesien in die lig van die Boervolk se behoeftes en aspirasies vir die afgelope twee eeue, wat saamgevat kan word in een sin: “*Hulle wil oor hulle self regeer binne hulle eie gebied.*” Dit is duidelik dat die Boervolk nie aanspraak maak op die hele Suid-Afrika nie, hulle het slegs behoefte aan 'n gedeelte van Suid-Afrika, soortgelyk aan die Zoeloes se Ngonyama Trust, wat beheer oor 'n gebied uitoefen. Hulle het behoefte aan 'n gedeelte van Suid-Afrika waaroor hulle kan sê: “Hier bly die Boervolk.”

Die Boervolk wil soos wat die leiers van die Groot Trek in hulle voornemens verklaar het *in vrede met hulle bure leef*. Hulle wil slegs aanspraak maak op 'n (eie) gebied, waar hulle, soos die Venda, Zoeloe, Xhosa, Swazi, Sotho en Tswana, hulle eie identiteit kan behou, hulle kultuur kan uiteleef en hulle kinders, volgens hulle besondere waardes en norme, kan grootmaak. Buite (en binne) hierdie gebied is hulle bereid om as mede-Suid-Afrikaners, hulle deel te bring om van die NSA 'n sukses te maak. In die proses is hulle bereid om te help met die opbouproses van diegene wat deur die toepassing van apartheid benadeel is.

Die Boervolk sal bereid wees om in die woorde van Steve Biko, soos deur Ramaphosa in *Beeld* (13 Junie 2018:13) aangehaal, aan te pas en om te draai, deur aan hom (Ramaphosa) te sê: “Gryp die hand van vriendskap wat

aan jou as Venda, swartman en regeerder van Suid-Afrika deur die Boer en witman aangebied word. Kom ons soek saam na vrede in hierdie verskeurde, tragiese, verdeelde Suid-Afrika.”

Carel Boshoff, president van die Orania Beweging, stel in *Rapport Weekliks* (8 Julie 2018:7) dat dit tyd is vir ’n “nuwe politieke beeld van Suid-Afrika.” Hierdie beeld moet volgens hom die selfstandigheid van mense en gemeenskappe respekteer en bevorder. In die oplossing moet ons “die beste ewewig vind tussen identiteitsgedrewe selfbeskikking en oorhoofse samehorigheid in ’n model wat nie die een se voorspoed op die ander se teëspoed bou nie, maar wat deur wedersydse erkenning die grondslag vir wedersydse voordelige samewerking daarstel.”

Daar bestaan reeds modelle in ander state waar hierdie beginsel toegepas word. Die mees aanvaarbare model word **konsosiasie** genoem. Dit behels ’n owerheidsvorm, wat toegepas word in lande, waar ’n groot diversiteit en verskille ten opsigte van etnisiteit, godsdiens en kulturele groepe bestaan. Voorbeelde is lande soos Oostenryk, België, Nederland en Maleisië, waar konsosiasie suksesvol toegepas word (Sisk 1993:17).

Die padkaart na vryheid

VOLGENS KAREN KNOP (2004:29-38) word daar by internasionale wetgewing rakende selfbeskikking ’n onderskeid getref tussen beginsels en reëls. ’n Beginsel staan vas, terwyl reëls arbitrêr kan wees en kan verander na gelang van omstandighede – om die beginsel te verwesentlik. Die gedagtes wat hier uitgespreek word, bevat sekere beginsels wat toegepas móét word, maar ook sekere reëls wat aanpasbaar is en gewysig kan word. Klem word geplaas op die slaggate wat vordering op die vryheidspad kan belemmer of selfs verhinder.

Die pogings, wat in die verlede aangewend is, het steeds nie blywende resultate opgelewer nie. Die Boer, wat die vryheidspad wil stap, sal dus anders as in die verlede te werk moet gaan.

Beginsels op die vryheidsroete

TYDENS DIE STRYD EN strewe om vryheid te verkry behoort die volgende beginsels toegepas te word:

- i) Vryheid in die naam van die Boervolk.
- ii) Vestiging van 'n elite vir die Boervolk.
- iii) Vestiging van 'n ideologie.
- iv) Institutionalisering van die Boervolk.
- v) Vestiging van organisatoriese strukture.
- vi) Identifisering en vestiging van grondgebied.

Hierdie beginsels staan vas en kan nie gewysig word nie. Die reëls oor die implementering van die beginsels, is egter aanpasbaar.

i) Vryheid in die naam van die Boervolk

VRYHEID IN DIE NAAM van die Boervolk is regtens die enigste opsie vir dié gedeelte van BASA21 wat 'n vryheidstewe het. Hierdie vryheid kan nie in die naam van die Afrikaner verkry word nie, aangesien die meeste Afrikaners nie stewe na vryheid nie. Binne die “90%” wat nie 'n vryheidstewe openbaar nie, is daar Afrikaners wat vryheid in die naam van die Afrikaner bevraagteken, met 'n wettige basis om dit te doen.

Die vryheid moet in naam van die Boervolk geskied, met die bevordering van die nodige simbole van die Boervolk, sonder enige koppeling aan die Afrikaner se apartheidsimbole.

**Die leiergroepering van die Boervolk het nie die
instemming of samewerking van
nie-etniesgesinde Afrikaners nodig nie.**

Johann Wingard

DIT IS NOODSAAKLIK om daarop te let dat Wingard (2009:45-49), wat voorsitter van die Volkstaatraad was, tot die gevolgtrekking gekom het dat dit “egter voorkom dat vanweë die verdeeldheid onder Afrikanergeleedere, 'n Afrikanerraad vir eers nie lewensvatbaar is nie.” Hy stel dat daar “voldoende wetenskaplike getuienis bestaan om die kwessie van die ontstaan en geskiedenis van die Boervolk as 'n aparte inheemse volk van

Suid Afrika te regverdig.” Verder kom hy tot die gevolgtrekking dat die leiergroepering van die Boervolk, wat hy die Verteenwoordigende Boereraad noem, ook nie die instemming of samewerking van “nie-etniesgesinde Afrikaners” nodig het nie.

Dit is van kardinale belang dat almal wat betrokke raak by die vryheidspad sekerheid oor sy of haar identiteit het. Al word daar nou op die terrein van reëls beweeg, is dit tog van kardinale belang om te stel dat daar geen plek vir ’n debat oor Boer/Afrikaner/Boere-Afrikaner/Afrikanerboer binne die geledere van die Boere-elite moet plaasvind nie. Hierdie debat kan in die openbaar en buite die geledere van diegene, wat klaar die keuse gemaak het, plaasvind, maar nie onder diegene wat reeds besluit het om die vryheidspad te betree nie. Daar is nie tyd of plek om energie daarvoor onder deelnemers aan en op die vryheidspad te spandeer nie. Veral onder die elite kan so ’n debat verdeeldheid veroorsaak en kan verwag word dat die vyande van die Boervolk dit sal aanwend in ’n poging om die voertuig op pad na vryheid te ontspoor.

Anders gestel: ’n persoon moet klaar besluit het en weet dat hy ’n Boer is voordat hy deel van die vryheidstryd kan word. Indien hy nog onder die indruk is dat hy ’n Afrikaner is, kan hy nie deel van die vryheidstryd van die Boer wees nie. Daar moet in gedagte gehou word, dat “10%” van BASA21 genoeg is om die Trek na vryheid te onder neem.

Die res van BASA21 en diegene wat nog onseker is oor hulle identiteit kan soos die Natrekkers en Kolonialers van oudsher later aansluit of moontlik (later) daardeur voordeel trek, wanneer die Boervolk daarin slaag om ’n onafhanklike gebied te bewerkstellig.

**’n Persoon moet klaar besluit het en weet dat hy ’n Boer is
voordat hy deel van die vryheidstryd kan word.
Indien hy nog onder die indruk is dat hy ’n Afrikaner is, kan
hy nie deel van die vryheidstryd van die Boer wees nie.**

DIE VOORWAARDE BLY steeds staan dat dit slegs kan geskied indien hulle die kopskuif om deel van die Boervolk te word, gemaak het. Mense wat na die buiteland gevlug het, kan weer kom aansluit en soos ’n moderne

Israel die Boerestaat (as 'n generiese term) help opbou. Die naam van die grondgebied is nie nou belangrik nie en die term Boerestaat sal voorlopig in hierdie boek gebruik word.

ii) Die vestiging van 'n Boere-elite

Indien die elite van die Boervolk nie na vore tree nie
loop die Boervolk gevaar om te verdwyn.

IN ENIGE GEGEWE GEMEENSKAP bestaan daar altyd leiers en volgelinge. Die elite word gewoonlik gesien as die leiergroeping van die gemeenskap. Volgens Dye en Zeigler (2000:1-5) verwys elite na 'n versameling of groep individue binne 'n besondere gemeenskap by wie die werklike mag gesetel is. Hierdie mag kan ekonomies, militêr of polities van aard wees. Hulle stel die volgende rakende die versameling individue wat as die leiers na vore tree:

[The elite] possess the means and motivation to gain control of the access to power in the political system; on the other hand there is a large number of people who simply do not possess these means or who are simply not interested in exercising leadership (the followers).

Die term politieke elite kan soms 'n negatiewe beeld uitstraal, wanneer 'n oligargie tot stand kom. 'n **Oligargie** kan gesien word as die beheer van 'n instelling deur 'n klein minderheid. 'n Negatiewe beeld kom tot stand, wanneer daar volgens Robert Michels (1915:401) se berugte “ysterwet van 'n oligargie” die volgende ontstaan:

... an organization gives birth to the dominion of the elected over the electors, of the mandatories over the mandators, of the delegates over the delegators.

Die elite bepaal egter die toekoms van die groep waarvan hulle deel is. Schubert *et al* (2009:2) haal die Italiaanse politieke wetenskaplike Gaetano Mosca aan, wat elitisme as volg beskryf:

In all societies – from societies that are very underdeveloped and have largely attained the dawns of civilization, down to the most advanced and powerful societies – two classes of people appear – a class that rules and a class that is ruled. The first class, always the less numerous, performs all of the political functions, monopolizes power, and enjoys the advantages that power brings, whereas the second, the more numerous class, is directed and controlled by the first

’n Boere-elite moet tot stand gebring word om die leiding te neem en die Boervolk weer op die kaart te plaas. Hierdie groepering moet uitskieters op vele lewensterreine en vakgebiede wees. Die voorwaarde is dat hulle die belange, waardes en die ideologie van die Boervolk op die hart dra.

Die Boervolk se leiergroepering sal bereid moet wees om hul rug styf te maak om téén die rigting van Paradigma A en die geldende mening na vore te tree. Hulle moet op só ’n wyse organiseer dat hulle rigting kan bepaal en leiding kan neem op die vryheidspad van die Boervolk. Paradigma B en ’n “nuwe geldende mening” moet gevestig en uitgebou word. Hierdie groepering kan geslote wees, alhoewel nie noodwendig geheim nie. Die geskiedenis toon organisasies soos die FAK, TG (die Volksbond) en die AB, waarbinne die elite hul planne buite die politiek kon beraam. Daar moet ’n leiergroep uit die Boervolk (nie noodwendig geheim nie) ontstaan, wat die toekoms van die Boervolk namens die Boervolk beplan.

Dit is dus van kardinale belang dat ’n elite uit die Boervolk na vore tree. Indien die elite van die Boervolk nie na vore tree nie, loop die Boervolk die gevaar om op te hou bestaan.

iii) Die vestiging van ’n ideologie

OMDAT DIE VESTIGING van ’n ideologie onontbeerlik vir die voortbestaan van die Boervolk is, moet heelwat aandag aan die onderwerp spandeer word. Dit is dalk baie teoreties, maar, ter wille van die belangrikheid van die onderwerp, moet dit verdra word.

Die span is die Boervolk en die ideologie is onafhanklikheid binne ’n nasionalistiese Boere volkstaat.

DAVID MANNING (1989:57) beskryf die gedagteproses, wanneer iemand tot die aanvaarding van ’n ideologie oorreed word, in terme van ’n sportspan.

Die persoon moet tot die besef kom dat sy/haar waardes, verhoudings, doelwitte en ingesteldheid verander het. Manning (1989:59) stel:

Having a changed mind is not changing one's mind: it is not an admission that one has been acting irrationally and changed a habit. It is a realization that our values have changed, and that we no longer see ourselves and our relationships with others as we previously did.

Die vryheidsgesindes binne BASA21 (die 10% wat bereid is “om te trek”), moet ter wille van oorlewing hulle ingesteldheid verander. Daar moet ’n nuwe doelwit of ideologie gevestig word.

Na analogie van Manning (1989:57-59) se voorbeeld stel hy die span voor as ’n groep met ’n gesamentlike doelwit, wat gekoppel is aan ’n kulturele identiteit, samelewing, klas, nasie, ras of gemeenskap. Die span bestaan uit spelers en uit ondersteuners. Die spelers op die veld kan gesien word as die elite, terwyl die ondersteuners diegene verteenwoordig wat hulle kollektief met die spelers se optrede en politieke lewenstyl vereenselwig (Manning 1989:57). Deelnemers is volgens Manning (1989:57) ingestel op die bewaring en toekomstige ontwikkeling van die “span” se ekonomiese, sosiale en politieke optrede, binne ’n wêreld waar ander politieke werklikhede vyandig teenoor die span ingestel is. Die “vyand” of die opponerende span(ne) sluit in ander politieke style, klasse, nasionaliteite, rasse en gemeenskappe, wat ideologies as ’n bedreiging tot die bestaande stabiliteit en territoriale integriteit van die span staan. “Die opponent wil jou span ten alle koste wen!”

Om politiek te oorleef teen die opponent wat jou uit die pad wil vee, moet daar ’n georganiseerde ondersteunersklub gevorm word, wat volgens Manning (1989:57) die volgende kriteria uitspel:

Political survival calls for the cohesive autonomy and self-determination of a collectivity which in turn depends upon the persistence of its ideological identity, manifest in the continuity of its institutionalized and corporate life.

Dit impliseer dat jou span ’n ideologie en identiteit moet handhaaf wat die gesamentlike oorlewing van jou span sal verseker.

Die span moet daarna streef om op ’n onafhanklike manier sy eie besluite te neem en sy eie identiteit, spelpatroon en waardes, soos wat dit in die span se ideologie uitgespel word, te implementeer.

Om ’n ideologie te vestig moet die span daarvan oortuig word dat dit nou tyd is om punte aan te teken. Die span moet besef dat die “onreg van

die verlede” of te wel die onaanvaarbare situasie (verloorfase) verander kan word. Die spanlede en ondersteuners moet daarvan oortuig word dat die “omstandighede verbeter *kan* word” en dat die geloof in die verbeterde toekoms (om sukses te behaal deur die omstandighede te verander) opofferings vra – van die span as eenheid, sowel as van elke individu. Die ondersteuners van die span por die span meelewend aan om punte aan te teken, sodat die span kan wen. Al is almal nie op die speelveld nie, behoort *almal* (ook die ondersteuners) aktief deel te neem om die ideologie te vestig – in die *geloof* dat die span (in die toekoms) gaan wen.

Manning (1989:58) stel dat die meeste aanhangers of ondersteuners van ’n span gewoonlik “*extraordinarily intellectually lazy*” is en dat hulle die sake en politieke denke gewoonlik los vir die “*professionals they admire, but who are names rather than texts.*” Dit plaas die ontwikkeling en vestiging van die ideologie, wat die toekoms vir die Boer moet vorm, in die hande van die “spelers op die veld” oftewel die elite. Let op dat baie ondersteuners nie eers die moeite sal doen om op die paviljoen te sit nie en die wedstryd op die TV of oor die radio sal volg, terwyl baie ondersteuners, alhoewel hulle die span ondersteun, selfs nie eers die moeite sal doen om die wedstryd enigsins te volg nie.

Die vestiging van ’n ideologie verg oorreding, sodat ’n verandering in die ondersteuners en spanlede se mende kan plaasvind. Die speler moet bereid wees om sy liggaam op die spel te plaas en die opponent te keer om punte aan te teken, terwyl spanmaats terselfdertyd gemotiveer en oortuig moet word om ’n beplande spelpatroon te handhaaf en as ’n eenheid saam te funksioneer. Die spanlede en ondersteuners se mende moet verander, sodat hulle positief ingestel is en glo dat hulle *kán* wen, anders is die kans goed dat die span dit nie gaan maak nie. Sekere opofferings word van die spelers (en toeskouers) verwag en die spelers moet bereid wees om doelgerigte handeling en planne uit te voer, waartydens ’n speler dalk ’n besering kan opdoen. Positiewe resultate is noodsaaklik – ’n wenspan lok meer potensiële spelers en ondersteuners. Daar moet veral gewaak word teen Afrikaners met Boeremaskers!

Ideologie en identiteit

IDENTITEIT WORD DIKWELS deur kultuur gedefinieer, maar word ook gekoppel aan die uitleef van ’n ideologie. Identiteit, as deel van ’n ideologie,

skep die gewaarwording of ervaring van sekerheid en emosionele betrokkenheid by ander mense, veral by 'n groep mense of “span” wat soos jy dink en voel. Dit skep 'n gevoel van “behoort” asook die geleentheid vir 'n gesamentlike soeke na realiteit of sin vir die lewe. Mense wat hulleself as Boere beskryf, verbind hulle daardeur aan 'n tradisie, ideologie en idees waarvoor hulle nie alleen hoef “pa te staan” of die verantwoordelikheid hoef te dra nie. Die gemeenskaplike en gedeelde verantwoordelikheid en denkskool bied beskerming teen die uitlewering aan persoonlike blootstelling en kritiek. Identiteit laat ook die persoon deel in die suksesse en prestasies van die groep (Kotzé 2001:102).

Om die ideologie onder die massas te vestig, stel Harari (2015:113-118) dat 'n nuwe paradigma gevestig moet word. Om die nuwe paradigma tot stand te bring, moet dit met mag en mening met die hulp van 'n komplekse organisasie, soos 'n ideologiese beweging, 'n politieke party of 'n godsdienstige kultus, gevestig word. In die proses moet talle vreemdelinge (buitestaanders/potensiële ondersteuners) oortuig word dat hulle met mekaar sal moet saamwerk om die ideologiese doelwit te bereik.

Hoe kan daar saamgewerk word?

Hierdie samewerking sal volgens Harari slegs geskied indien die vreemdelinge 'n mite deel. Hierdie mite is die “gedeelde, denkbeeldige, alternatiewe en nuwe orde.” In die proses moet die ideologie volgens hom ingebou word in “enige en elke aspek van die samelewing, soos feevertale, dramas, skilderye, liedjies, etiket, politieke agendas, argitektuur, resepte en modes.” Die buitestander moet 'n ondersteuner van Manning se “span” word. Die span is die **Boervolk** en die span-plan is ideologie is **onafhanklikheid binne 'n nasionalistiese Boere volkstaat**.

Die elite behoort voor te loop en die “vreemdelinge” moet betrek word. Die “vreemdelinge” is die Boere-Afrikaners, wat vryheidsgesind is en oortuig kan word dat hulle Boere is. Die mede-Boere moet oortuig word dat daar 'n span-plan is en dat die plan gaan slaag as hulle betrokke raak.

Definisie van 'n ideologie

SARGENT (2009:9) HAAL Clifford Geertz, 'n antropoloog en sosiale teoretikus aan, wat stel dat 'n ideologie uit 'n kulturele stelsel van simbole bestaan. Sargent (2009:2) verduidelik verder dat 'n ideologie gesien kan word as die beeld, wat in die mense se mende 'n kollektiewe gedagtestelsel

of denkpatroon vorm, wat gebaseer is op 'n beeld van die wêreld soos dit nou is en soos dit behoort te wees in die oë van die ondersteuner van die ideologie. Dit vorm 'n eenvoudige beeld van die veranderde en verbeterde sosiale en politieke omstandighede wat die bestaande orde sal vervang. Sargent (2009:2) se definisie van 'n ideologie is:

... a system of values and beliefs regarding the various institutions and processes of society that is accepted as fact or truth by a group of people. An ideology provides the believer with a picture of the world both as it is and as it should be, and, in doing so, it organizes the tremendous complexity of the world into something fairly simple and understandable.

Eienskappe van 'n ideologie

BARADAT (2012:7-8) definieer die term ideologie as volg:

- Ideologie is 'n politieke term, wat ook op ander vakgebiede en in 'n ander verband aangewend kan word. Die politieke aard van die term spruit voort uit die historiese gebruik in politieke verband.
- 'n Ideologie is gerig op die massas en bestaan uit 'n siening oor die huidige asook oor toekomstige omstandighede. Die toekomstige omstandighede, wat nagestreef word, bied hoop aan die aanhangers en word altyd as 'n materiële verbetering op die huidige omstandighede aangebied. Hierdie veranderinge moet binne die “huidige geslag” se leeftyd bereikbaar en haalbaar wees.

Dit beteken dat daar vir die Boervolk 'n droom (mite of span-plan) geskets word ('n volkstaat vir die Boervolk) en hierdie droom moet deur almal gedroom en nagestreef word.

- Baradat (2012:7-8) stel verder dat 'n ideologie aksie-gerig en op optrede gefokus is. Dit beskryf nie net die realiteit van die huidige omstandighede nie, maar beskryf ook die “utopiese omstandighede” wat nagejaag word om in die toekoms te kry. Verder, as deel van die ideologie, word die stappe uitgeleef wat gevolg moet word om by die “utopie” uit te kom.

Dit beteken dat die stappe op pad na die ideaal (van die ideologie) deur almal wat deel is van die “span” gedeel en gedoen moet word.

**Die ideologie van die Boervolk:
'n NASIONALISTIESE BOERVOLK BINNE 'n BOERE
VOLKSTAAT.**

Nasionalisme of volksisme as deel van 'n ideologie

NASIONALISME WAS DEEL van die ideologie waarmee die lede van BASA21 grootgeword het. Die skepping van die Afrikanernasie in die vorige eeu is gebaseer op Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaneridentiteit. Hierdie eenheid is ingestel op die Afrikanernasie en is dikwels inklusief aangebied, met ander woorde (alle) ander Blankes soos Engels, Skotte, Duitsers en Portugese is ingesluit. Verder behels 'n nasie (soos reeds voorheen gemeld) 'n wyer begrip as volk, gesentreerd rondom 'n politieke agenda. Vryheid is ook nie 'n prioriteit nie. Die vryheidsgesinde Boer, aan die ander kant, is ingestel op vryheid en 'n volksgesindheid wat as “volksisme” bestempel kan word. Terwyl 'n “nasie” en “nasionalisme” 'n politieke ondertoon het, openbaar die term “volk” en “volksisme” eerder 'n kulturele ondertoon.

Nasionalisme behels volgens Anthony D Smith (Labuschagne 2001:106):

... a belief that all those who shared a common history and culture should be autonomous, united and distinct in their recognised homelands.

Smith se definisie maak duidelik voorsiening vir die verkryging van 'n erkende tuisland of volkstaat en dui dus eerder op volksisme.

John Plamenatz (Labuschagne 2001:106) se opinie oor nasionalisme behels:

*... the desire to preserve or enhance a people's [*volk] national or cultural identity when that identity is threatened, or the desire to transform or even create it where it is felt to be inadequate or lacking.*

Ook hier kan *volksisme* eerder van toepassing wees.

Louis L Snyder (1976:20-25) beskryf nasionalisme as:

... daardie sentiment van 'n groep mense, wat saamleef in 'n geslote eenheid, of in 'n nie-aaneenlopende gebied, wat dieselfde taal praat en aanwend, as die voertuig waarmee gemeenskaplike gedagtes en ervarings gedeel word, by wie 'n gedeelde godsdiens gevind word, gemeenskaplike instellings, tradisies, gewoontes – soos deur die gemeenskaplike geskiedenis oorgedra – aangehang word, waar nasionale helde vereer word, terwyl die groep 'n gemeenskaplike wil vir sosiale samehorigheid koester (*vertaling).

Volksisme is ook hier eerder van toepassing. Let daarop dat daar geen sosiale samehorigheid deur BASA21 “gekoester” word nie en dus volgens bogenoemde stelling nie kwalifiseer vir volksisme nie en per definisie ook nie vir volkskap nie. Aan die ander kant is dit duidelik dat die Boervolk aan al die kriteria voldoen en dus van nature nasionalisties en volksisties ingestel is.

Neo-kolonialisme, neo-apartheid en kontra-kolonialisme

HIERDIE VORME VAN KOLONIALISME het in die Derde Wêreld ontstaan, nadat onafhanklikheid van kolonialisme ontvang is.

Sargent (2009:34) beskryf die ontwikkeling van Derde Wêreld nasionalisme as volg:

*The colonial experience was the first stage, followed, not necessarily in order, by the development of a movement for independence; the revitalization of the indigenous culture; political independence; neocolonialism,^[165] one-party rule with internal conflict and often a military takeover; and, in a slowly growing number of cases, the establishment of a stable political system (*beklemtoning).*

Na apartheid het 'n nuwe vorm van kolonialisme in Suid-Afrika ontstaan, wat **kontra-kolonialisme** genoem kan word. Hierdie variasie van neo-kolonialisme of herlewing van “kolonialisme” nadat 'n kolonie gedekoloniseer is, het dwarsdeur Afrika plaasgevind. Dit is waar die “gedekoloniseerdes” die onderdrukkende maatreëls van kolonialisme, dikwels in 'n ekstreme vorm, op sommige van sy eie (dikwels minderheid) burgers toepas. Sekere burgers word gedegradeer na tweedeklas burgers. Voorbeelde soos Ruanda, die DRK, Soedan en Zimbabwe kan genoem word, waar kontra-kolonialisme in ekstreme vorm toegepas is. Binne Suid-Afrikaanse verband ontstaan **neo-apartheid** as 'n vorm van kontra-kolonialisme, deur teen blankes, volgens sekere neo-apartheidswette, in die naam van transformasie te diskrimineer.

’n Volkstaat vir die Boervolk

DIE GEDAGTE OM ’N VOLKSTAAT tot stand te bring is nie ’n nuwe gedagte nie en word weerspieël in die volksisme en republikeinse strewe, wat die Boervolk regdeur sy geskiedenis openbaar het.

In Februarie 1996 plaas die Volkstaatraad sy verslag oor die haalbaarheid van die totstandkoming van ’n Volkstaat voor die parlement. In die verslag word voorgestel dat ’n tiende provinsie vir Afrikaners (*sic*) geskep word. Die voorlegging stel voor dat eksklusiewe juridiese en wetgewende mag binne hierdie provinsie gesetel word. Verder moet die provinsie oor samelopende mag met die parlement beskik, maar eksklusiewe mag ten opsigte van landbou, onderwys, gesondheid, plaaslike bestuur, ’n provinsiale polisiemag, provinsiale howe, belasting en welsyn. Die voorstel is deur die ANC van die tafel gegee deur te sê dat hulle “*would never agree to a separate Afrikaner constitutional entity*” (Schönteich & Boshoff 2002:32).

Constand Viljoen het namens die VF met Thabo Mbeki ’n ooreenkoms gehad dat ’n Volkstaat toegelaat sal word indien ’n derde van die Afrikaners vir ’n Volkstaat stem. Volgens Viljoen het die VF ’n meningsopname deur Lawrence Schlemmer laat doen, wat aangetoon het dat die VF nie die ondersteuning geniet het nie. Die verslag het Viljoen se moed gebreek en het daartoe aanleiding gegee dat hy uiteindelik van die politiek onttrek het. [166]

Bogenoemde stellings word deur Schönteich en Boshoff (2002:41) bevestig, wanneer hulle stel dat Viljoen in ’n voorverkiesingsverklaring gestel het dat ’n derde tot die helfte van die Afrikaners vir die VF moet stem om die nodige ondersteuning vir ’n Volkstaat te demonstreer. Hierdie inligting, naamlik dat ’n sekere aantal stemme nodig is om ’n volkstaat te verkry, is nooit effektief deur die politici aan die potensiële kiesers (BASA20) oorgedra nie. Die skrywer het dié inligting vir die eerste keer in 2004 bekom, toe dit deur Viljoen (2004), persoonlik aan hom oorgedra is. Indien die inligting oor ’n potensiële volkstaat aan die Boergesinde Afrikaner oorgedra is, kon die uitkoms van die 1999-verkiesing, dalk heel anders verloop het. Die feit dat ’n eis gekoppel aan ’n arbitrêre getal ten opsigte van die realisering of die bestaan van ’n reg tot onafhanklikheid van ’n volk gekoppel is, is egter volkeregtelik foutief. Geen van die ander

etniese groepe met “tradisionele” stamgebiede en/of regerings is aan dieselfde kriteria onderwerp nie.

Die illusie van ’n volkstaat het dus soos mis voor die son verdwyn tydens die Junie 1999-verkiesing toe die VF slegs 174 000 stemme kon trek. Die stelling, wat vroeër gemaak is, naamlik dat die Boer nie gaan stem het nie, word baie duidelik hierdeur gedemonstreer. Hierdie fenomeen is nie deur Viljoen en die VF in gedagte gehou tydens die ooreenkoms met Mbeki nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat die gebrek aan motivering van die kontemporêre politici ten opsigte van die strewe na ’n Volkstaat, nie impliseer dat daar nie so ’n behoefte onder die Boervolk bestaan nie. Inteendeel, die strewe na ’n onafhanklike Boerestaat is steeds baie sterk gevestig onder die Boervolk en vorm deel van sy ongeformuleerde ideologie.

Binne ’n Boerestaat sal daar veiligheid wees en Boere sal nie deur moordenaars gemartel, verkrag en vermoor word nie. Skole, universiteite en ander instellings sal in Afrikaans aangebied word. Inwoners sal toegang hê tot eerstewêreld gesondheidsorg. Oumense, vroue en kinders sal met respek behandel word. Inwoners sal gelok word na ’n *veilige blyplek* waar *Afrikaans as taal* beskerm en gewaarborg word, waar elkeen met *menswaardigheid behandel* word en *eerstewêreld standarde* gehandhaaf word.

Boergesinde lede van BASA21 wat in die 21^{ste} eeu aanhangers van die Boere-ideologie is of word, moet soos die 10% Proto-Boere, wat in die 1800’s uit die Kaap na ’n nuwe toekoms getrek het, bereid wees om deel van ’n moderne Groot Trek te word. Die moderne Groot Trek moet in elkeen se mende plaasvind en behels dat jy bereid moet wees om jou bestaande identiteit van Afrikanerskap agter te laat en bereid wees om met die Boervolk te identifiseer. Jy moet bereid wees om jou wortels uit te trek en eerder as om na die buiteland te emigreer, bereid wees om na die nuwe Boerestaat te trek. In die eerste plek sal dit goedkoper wees as om oorsee te vestig. Verder trek jy nie na ’n vreemde land nie, maar vestig jou tussen jou eie mense. Jy hoef nie bande met familie af te skaal na Skype-gesprekke en beperkte wedersydse elektroniese kuiertjies nie. Binne ’n Boerevolkstaat sal dit veilig wees en sal eerstewêreld dienste te gelewer word.

Boere-seuns gaan na Amerika waar hulle trekkers en stropers bestuur en diere op die plaas self versorg, terwyl hulle sodra hulle terug in Suid-Afrika

is die arbeid aan volksvreemdes oorlaat. Die vraag kan met reg gevra word hoekom 'n lid van BASA21 in Australië, Engeland, Kanada of Nieu-Seeland bereid is om self die huiswerk en handearbeid te verrig, maar in sy/haar eie land nie bereid is om dit self te doen nie? Hier in Suid-Afrika word volksvreemdes betaal om hierdie werk, tot eie nadeel, te verrig.

iv) Die institusionalisering van die Boervolk

DIE INSTITUSIONALISERING VAN 'n volk behels die vestiging van die groep asook die plaaslike en internasionaal erkenning van hierdie groep as politieke instelling of volk.

Volgens Ferdinand Deist (2002:74) toon die geskiedenis dat dit vir 'n elite moontlik is om 'n “*fictitious*” (ideële) identiteit aan 'n groep, wat uit verskillende agtergronde bestaan, te laat ontwikkel. Hierdie beginsels is deur die Afrikanerelite en veral deur die AB suksesvol toegepas om die ideële “Afrikanernasie” tot stand te bring. Dieselfde benadering kan deur die elite van die Boervolk toegepas word om die Boervolk te institusionaliseer. Die verskil is dat daar nie onverenigbare elemente saamgevoeg hoef te word nie. Net die kern hoef bymekaargemaak of herinner te word wie hulle werklik is.

Die institusionalisering^[167] van 'n groep gaan nou saam met identiteit. Die hoofdoel van hierdie boek kan gesien word as die uitlig van hierdie identiteit en word as deel van die vestiging van 'n ideologie aangebied.

• *Nasionale institusionalisering*

Volgens Deist (2002:74) moet die omstandighede reg wees, sekere voorvereistes in plek wees en sekere meganismes toegepas word om die institusionalisering van identiteit te laat slaag. Sy vereistes vir die institusionalisering van 'n volk kan as riglyne dien om die Boervolk te institusionaliseer:

i) Die groepering van mense, wat bereid is om die etiket “Boervolk” te dra, moet dieselfde kultuur en taal deel.

ii) Die geskiedkundige gebeurtenisse waarby die Boervolk betrek is, moet herinterpreteer word en pertinent op die Boervolk van toepassing gemaak word. Die kunsmatige toevoeging van die Afrikaner by die Groot Trek, Bloedrivier, Majuba, Tweede Vryheidsoorlog en Konsentrasiekampe,

moet as 'n valsheid in perspektief gestel word. Daar moet beklemtoon word dat die gebeure slegs op die Boer van toepassing is. Die teendeel is dikwels waar, aangesien die Afrikaner in die geskiedenis telkens in die kamp van die vyande van die Boer gevind is.

iii) Die simbole en gewoontes van die Boervolk moet teruggebring en bevorder word. Die kunsmatige geskepte Voortrekkerbeweging, die kunsmatige aanvaarding van, onder andere, die Unievlag en die “Stem van Suid-Afrika” as volkslied, wat onder die apartheid-Afrikaner ontstaan het, moet uitgewys word. In die proses moet afstand geskep word tussen die Boervolk, aan die een kant, en die Nasionale Party, AB en apartheid, aan die ander kant. Die Voortrekkermonument, Vrouemonument en Oorlogsmuseum moet as werklike Boere simbole beklemtoon en bemark word. Daar moet duidelik uitgewys word dat die Afrikaner niks met hierdie monumente in gemeen het nie. Die Afrikaner kan wel met goeie reg aanspraak maak op die Taalmonument in die Kaap.

iv) Die elite moet hulleself organiseer om op 'n enorme skaal te belê in die beïnvloeding en oorreding van die “volgelingen/ondersteuners.” Hierdie belegging en organisasie is volgens Harari (2015:118) nie maklik nie en sal met groot omsigtigheid gedoen moet word.

v) Dit het volgens Deist (2002:74) meer as twee generasies van meedoënlose indoktrinasie of sosiale ingenieurswese geneem om die kunsmatig gevormde Afrikanernasie tot stand te bring. Om die Boervolk (weer) te institusionaliseer gaan nie so lank neem nie, aangesien die proses nie die kunsmatige skep van 'n entiteit is nie, maar eerder 'n bewusmaking van 'n bestaande entiteit is. Daar bestaan reeds baie mense, wat hulle met die identiteit van die Boervolk vereenselwig. Verder is daar baie mense wat hulleself Afrikaners noem wat hulle volledig met die geskiedenis van die Boer vereenselwig. Hierdie persone kort net 'n klein hupstootjie in die regte rigting om hulle ten volle met die Boervolk te identifiseer en te vereenselwig.

Die fynere besonderhede oor die toepassing van bogenoemde prosesse word nie hier uitgespel nie, maar die bevordering van die beeld van die Boervolk moet plaasvind op 'n verskeidenheid van terreine, soos, onder andere, die kunste, musiek, media, onderwys, literatuur, akademie en godsdiens.

- *Internasionale institusionalisering*

Deel van die taak of opdrag van die Boervolk se elite sal wees om die Boervolk, ná die nasionale vestiging, internasionaal te institusionaliseer. 'n Grootse propaganda veldtog moet deur die elite geloods word. Dit sluit in die aanwending van die sosiale media, skakeling en aanknoop van diplomatieke bande met buitelandse organisasies en lande. Die internasionale klimaat na 2018, ten opsigte van grondgrype en plaasmoorde, maak dit baie gunstig om die beeld van die Boervolk internasionaal te bemark en te institusionaliseer.

In die literatuur oor die internasionale wette rakende selfbeskikking is daar baie reëls (Knop 2004:30). Een van die reëls, wat deur sommige gestel word, is dat slegs gemeenskappe wat deur “oorsese koloniale moondhede” gekolonialiseer is, die reg op selfbeskikking het. Alhoewel daar volgens Knop (2004:31) nie vasgestelde reëls oor die verkryging van selfbeskikking bestaan nie, kwalifiseer die Boervolk baie duidelik hiervoor. Die feit dat die Boer die *slagoffer van Britse kolonialisme* was, moet plaaslik en internasionaal, in die proses van aanspraak op selfbeskikking, uitgebuit, beklemtoon en aangewend word.

Institusionalisering gaan nou saam met die aanspraak op selfbeskikking. Oscar Schachter (Knop 2004:37) konstateer die volgende standarde waaraan voldoen moet behoort te word om te kwalifiseer vir selfbeskikking:

(1) The claimant community should have an identity distinct from the rest of the country and inhabit a region that largely supports separation in the given circumstances.

(2) The community has been subjected to a pattern of systematic political or economic discrimination.

(3) The central regime has rejected reasonable proposals for autonomy and minority rights of the claimant community.

Die geldigheid van Schachter se kriteria word nou kortliks ten opsigte van die Boervolk onder die volgende hoofde geanaliseer:

- a) Identiteit
- b) Grondgebied
- c) Onderworpe aan diskriminasie

d) Die sentrale regering verwerp voorstelle vir outonomie en minderheidsregte.

a) Identiteit

Selfbeskikking kan slegs in die naam van die Boervolk, nie in die naam van die Afrikaner nie, verkry word. Die Boervolk is 'n duidelik onderskeibare entiteit en strewe dwarsdeur sy geskiedenis na selfbeskikking. Daar bestaan reeds 'n beduidende groepering binne BASA21 wat hulleself Boere noem en met die identiteit van die Boervolk vereenselwig. Boergesinde Afrikaners in die middelgroep moet gemotiveer word om die nodige kopskuif te maak om by die Boergroepering aan te sluit.

Die Boervolk bestaan. Baie mense identifiseer hulle reeds met die Boervolk, terwyl ander weens sosialisasie onder die indruk is dat hulle Afrikaners is. Hulle moet net ingelig en gemotiveer moet word, om te besef dat hulle *in werklikheid Boere is*.

“Verder het die liberale kefferbrakkiebende, wat almal met reg aanspraak maak dat hulle Afrikaners is, geen sê oor die Boervolk nie. Hulle kan dus hulle “bolle” vir hulle self hou. Geeneen van hulle het op enige stadium aanspraak gemaak dat hy of sy aan die Boervolk behoort nie, so hulle het geen reg tot aanspraak op so 'n identiteit nie. Die Boere-elite kan dus regtens aanspraak maak op identiteit vir die Boer met uitsluiting, sonder argumente of 'n bohaai, van die Afrikaner oftewel 80% van BASA21” (Pretorius 2023).^[168]

b) Grondgebied

Die identifisering van 'n grondgebied is 'n struikelblok. Daar bestaan geen twyfel nie dat die Boervolk, wat hier aan die suidpunt van Afrika ontwikkel het, van die begin af ingestel was op die besit en bewerking van grond. Daar bestaan sekere grondgebied, wat vir geslagte reeds, ononderbroke in die besit van die voorsate van BASA21 was. Dit is 'n probleem of uitdaging om 'n gekonsolideerde grondgebied vir die Boervolk te identifiseer, aangesien die Boervolk wyd oor Suid-Afrika gevestig is en telkens volksvreemde arbeid op hulle plase toegelaat het. Die gevolg is dat

daar nie 'n duidelik omskrewe gebied is waar die Boervolk deur die oorwig van getalle eksklusief op kan aanspraak maak nie.

Deur die verloop van die geskiedenis, soos wat volkere en die demografie oor die wêreld verander, is grondgebied aan groepe toegeken en is grense baie dikwels arbitrêr verskuif. Die Balkanstate en die Sowjet Unie, wie se grense in die 19^{de} eeu verskeie kere verander is, kan as voorbeeld genoem word. Die oplossing is daarin geleë dat 'n spesifieke gebied vir die Boervolk geïdentifiseer moet word. Aanspraak op die toegewysde gebied moet deur besetting bevestig word, indien dit nie by wyse van ooreenkoms bereik kan word nie. Die ontwikkeling van 'n groeipunt of groeipunte speel 'n kardinaal belangrike rol in dié verband.

c) Blootstelling aan diskriminasie

Die lede van die Boervolk word tans in die naam van transformasie blootgestel aan “regstellende aksies”, “kwotas”, “swart-bemagtiging” (BEE) en “demografiese verteenwoordiging.” Dit is niks anders as rassistiese neo-apartheid en kontra-kolonialistiese gedrewe rassiediskriminasie deur die regering teen witmense op grond van hulle velkleur nie. Witmense kry byvoorbeeld nie bevordering by die werk nie, word nie in ag geneem by die toekenning van tenders nie, verloor hulle plek in sportspanne teen swakker spelers, sukkel om keuring by universiteite te kry, verloor hulle werk oor kleurkwotas en sukkel om aangestel te word in poste. Die Boervolk is deel van die witmense teen wie gediskrimineer word en word verder blootgestel aan die onwettige en kriminele afneem van hulle grond.

d) Eise om selfbeskikking deur regering van die hand gewys

Nadat die Boervolk hul vryheid as volk in 1902 verloor het, deurdat die twee Boererepublieke deur die Britse koloniale moondheid met geweld verower is, het die Boervolk voortdurend gestreef om sy onafhanklikheid terug te kry. Alle pogings is egter telkens van die tafel gevee. Daar is reeds in hierdie boek verskeie bewyse vir hierdie stelling geplaas. Hierdie lys van geleenthede waartydens die Boervolk die behoefte aan selfbeskikking of onafhanklikheid gedemonstreer het, is meer volledig in Hoofstuk 9 bespreek en gaan nou slegs gelys word:

- Die Rebelle (1914).
- Die aanspraak tydens die Vredesamesprekings van Versailles (1918).
- Versoek aan doktor Verwoerd deur Manie Maritz en andere (1961).
- Eise deur die AVF (1994).
- Eis aan die VN (1995).
- Verslag van die Volkstaatraad (1996).
- Eise deur die Boeremag (2002).
- Die Majuba deklarasie (2006).
- Eise deur die BVS (2006),
- Eis van die Orde Boerevolk (2007).
- Eis van die Boere-Afrikaner Raad van die VVK (2013).

Gevolgtrekking

Die Boervolk voldoen aan al die kriteria en standaarde waaraan 'n groep volgens Oscar Schachter (Knop 2004:37) moet voldoen om te kwalifiseer vir selfbeskikking.

Let op dat die lys nie noodwendig volledig is nie en word ook nie hier in besonderhede bespreek nie. Dit is belangrik om by hierdie punt op te merk dat dit noodsaaklik is dat die Boere-elite 'n volledige en omvattende eis in die naam van die Boervolk moet formuleer, wat nasionaal en internasionaal aanvaarbaar sal wees en regsragtig sal wees.

v) Vestig 'n volksorganisasie en ander strukture

DIE BOERVOLK MOET, as 'n beginsel, om enigsins 'n rol oor die verloop van sy eie toekoms en in die toekoms van die land te speel, in 'n duidelik herkenbare entiteit of instelling georganiseer word. Hierdie entiteit moet sêlf aanspraak maak op onafhanklikheid, soos Wingard (2009:32) dit stel:

... hierdie reg moet deur die Afrikaners wat dit verkies [*Boere], self afgedwing word – daar is geen ander supergesag wat dit namens Afrikaners [*Boere] sal doen nie.

Booyesen (1997) noem dit *eierigting* en behels aksies, wat insluit vergelding, boikotte, diplomatieke optrede, arbitrasie en uiteindelik geweld. Verder stel hy dat die reg tot afdwinging aangewese is op die volk self en dat die volk sy reg van selfbeskikking deur middel van “eierigting” moet verwesenlik.

In die verlede is staat gemaak op sentiment en retoriek. Die vestiging van die organisasie moet egter op 'n koud-kliniese en wetenskaplike basis plaasvind, aangesien sentiment alleen nie blywende resultate oplewer nie. Giliomee (2018a:5) verwys na Wassenaar, wie tydens die AB se Bondsraad in 1956 gewaarsku het teen die aanwending van etniese sentiment en word ondersteun deur professor CGW Schumann, wie gestel het “dat Afrikanersakelui wat Afrikanersentiment en -bande probeer uitbuit, die swakste vaar” (Giliomee 2018:5). Dit impliseer dat vryheidsorganisasies op sakebeginsels en nie net op sentiment nie, gedryf moet word.

Dit moet versoenbaar wees met en gegrond wees op nasionale en internasionale reg en politiek-wetenskaplike kriteria. Die organisasie moet in staat wees om die bestaan van die Boervolk en die regte waarop aanspraak gemaak word in plaaslike en internasionale forums te kan stel en te verdedig.

Die struktuur van die Volksorganisasie

DIE VESTIGING VAN 'N struktuur waarbinne die volk funksioneer, is nie aanvanklik krities belangrik nie, maar dit moet in plek kom, soos wat die elite daarin slaag om die vryheidsgedagte te vestig. Iemand wat oortuig is om as 'n Boer na vore te tree, moet 'n tuiste kan vind. Dit kan effektief gedoen word deur lede, wat bereid is om te verklaar dat hulle deel van die Boervolk is, op 'n ledelys of 'n register te plaas. Te midde van vandag se tegnologiese vermoëns, is dit net logies dat hierdie registrasie elektronies sal geskied. Die effek van só 'n registrasie is dat daar dan reeds van 'n Virtuele Gemeenskap of 'n **Kubervolk**^[169] gepraat kan word, voordat 'n grondgebied noodwendig gedefinieer is. Boere, wat na die buiteland geëmigreer het, sowel as diegene buite die Boerestaat, wat deel van die Boervolk wil wees, kan dan deel van die volk wees, sonder om fisies in die Boerestaat te bly.

Die gedagte van 'n Kubervolk het by doktor Piet Muller, 'n toekomskundige, ontstaan. Hy het tydens die amptelike opening van die BVS se webwerf, *Boerevryheid*, op 5 November 2005 die gedagte van 'n virtuele gemeenskap oorgedra. Die BVS het in 2006, in 'n baie kort tyd, meer as 36 000 lede op 'n register geregistreer. Die VVK het op 'n later stadium daarin geslaag om ook ongeveer 36 000 stemgeregtigdes te

registreer vir 'n verkiesing van Volksraadlede vir Boere-Afrikaners op 23 en 24 September 2011 (Volksraadkoerant 2013:4).

Dit is belangrik om daarop te let dat beide die pogings van die BVS en die VVK sonder enige steun of berigging deur die Afrikaanse media plaasgevind het.

Vereistes om lid van die Boervolk te word

OM JOUSELF AS LID VAN die Boervolk te verklaar of om te “registreer”, moet 'n persoon hom/haar met die Boervolk se ideologie en beginsels vereenselwig. Die volgende beginsels kan as kriteria vir lidmaatskap dien:

- Ek vereenselwig my met die Boervolk.
- Ek vereenselwig my met die ideologie van die Boervolk, naamlik nasionalisme binne 'n vrye en onafhanklike Boerestaat, waarbinne ons God, die Skepper van Hemel en Aarde, kan dien en Christelike waardes kan uitleef.
- Waarbinne ons ook, met selfrespek, ons eiesoortige kultuur, simbole, waardes, norme en karakter van die Boervolk sal kan uitleef.
 - Dit sluit die vereenselwiging en onderhouding van die Gelofte van Bloedrivier in.
- Deur te registreer word ek deel van die magsbasis van die Boervolk en onderneem ek om die voorgestelde strewe na onafhanklikheid vir die Boervolk te ondersteun.

Wie moet hierdie organisasie vestig en hoe moet dit geskied?

VERSKEIE POGINGS IS reeds aangewend om so 'n struktuur te vestig, maar dit het hoofsaaklik weens 'n tekort aan finansies misluk. Om daarin te slaag om 'n struktuur van die grond af te kry, moet verskeie hekkies en slaggate oorkom word. Van die uitdagings is die finansiering en die legitimiteit van die leiers. Die BVR en die VVK is voorbeelde van 'n struktuur, wat met groot moeite tot stand gebring is en uiteindelik nie veel hond haaraf kon maak nie. Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie aan die begin belangrik is om 'n hiërargiese leierstruktuur vir die Boervolk te vestig nie. Te veel tyd is aan die “wettiging” van 'n gestruktureerde leierskap spandeer. Leierskap moet aanvanklik spontaan en selfs tot 'n mate

outokraties tot stand kom. Hiërargie van leierskap kan later uitgesorteer word. Vergelyk die Groot Trek, waar verskillende Trekleiers onafhanklik getrek het, totdat 'n volksraad by Winburg gevorm is (bl. 140).

Met die beperkte finansies beskikbaar verwag niemand van die Boervolk om van meet af volwaardige staatskap te demonstreer nie. Die Boervolk moet dus in die moderne era weereens deur progressiewe ontwikkeling die pad na volwaardige staatskap loop. Om by die eindpunt uit te kom, sal dit nie verkeerd wees om weer deur die fases te ontwikkel, soos deur Carneiro (Haas 1990:10) beskryf is nie: *“The states, from the least to the most hierarchical social organization, are the band, the autonomous village, the tribe or confederacy, the chieftdom, and the state.”* 'n Mate van outokratiese leierskap sal nie onvanpas wees tydens die vestiging van die vryheidsorganisasie of spreekwoordelike *“band”* nie. Soos wat die fases en stappe tot die oprigting van volwaardige staatskap ontwikkel, sal die demokratiese prosesse volg.

Die werklike leiers van die Boervolk, of elite soos hierbo beskryf, moet net begin om voor te loop en die inisiatief te neem. Dit kan nie oorbeklemtoon word nie, dat daar gewaak moet word teen “Afrikaners met Boeremaskers”.

Mettertyd sal die strukture en volgelinge in plek val. Voorts, soos wat die Boervolk meer georganiseer word, is dit nodig om die regte leiers op die regte plekke daar te stel. Alhoewel die beplanning en ontwikkeling van 'n ledelys en volksregister en hiërargiese strukture van die begin af bevorder kan word, is die werklike implementering daarvan eers op 'n latere stadium belangrik. Die eerste stappe moet aanvanklik deur die elite geneem word.

vi) Die vestiging van gronde vir aansprake op selfbeskikking

DIE LEIERGROEPERING (elite) moet daarvoor voorsiening maak dat in diepte navorsing, beplanning en implementering van die selfbeskikkingsdoelwit gedoen word. Navorsing moet geskied oor die volgende aspekte, wat van kardinale belang is en benodig word op die vryheidspad:

- i. Die voorwaardes (reëls en beginsels) wat nasionaal en internasionaal vereis word om die aanspraak op selfbeskikking suksesvol deur te voer.
- ii. Die wettige aanspraak wat die Boervolk op grondgebied het (historiese ontleding).
- iii. Die inheemsheid van die Boervolk. Let daarop dat nieëntstaande die feit dat die Boervolk inheems in Afrika is, bestaan daar 'n gesindheid onder swart Afrikane om alle witmense as uitheems en as koloniste te beskou. Hierdie gesindheid moet as uitdaging aangespreek en reggestel word, deur die Boervolk se “inheemsheid” in Afrika in alle gesprekke te beklemtoon.
- iv. Historiese verhoudinge van die Boervolk met ander inheemse groepe.
- v. Die aanspraak op “slagofferskap” van die Boervolk ten opsigte van koloniale onderdrukking deur Brittanje.
- vi. Die aanspraak op “slagofferskap” van die Boervolk ten opsigte van transformasie, onderdrukking en rassitiese diskriminasie deur die huidige neo-apartheid regering.
- vii. Die Boervolk se rol, of gebrek aan 'n rol, in die vestiging van apartheid.
- viii. Die aansprake wat die Boervolk reeds ten opsigte van onafhanklikheid voor die deur van verskillende regerings en instellings in die verlede gemaak het. Klem moet veral gelê word op eise ten opsigte van onafhanklikheid namens die Boervolk, wat aan die huidige regering gerig is.
- ix. Volkeregtelike antwoorde moet gevind word op die volgende twee vrae:
 - a. Kan die huidige regering as rassities geklassifiseer word?^[170]
 - b. Diskrimineer die huidige regering teen die lede van die Boervolk?

vii) Mobiliseer die Boervolk

DIE BOERVOLK MOET GEMOBILISEER word deur individue te motiveer om:

- Die identiteit as Boer te aanvaar/erken/verklaar.
- Die ideologie van die Boervolk, naamlik “Vryheid binne 'n Boerestaat”, te aanvaar.

- Betrokke te raak by die strukture wat opgerig is.
- Bereid te wees om deel van die Nuwe Groot Trek te word.
- Te aanvaar dat daar verskillende voertuie, wat deel van die groter prentjie vorm, bestaan en bereid wees om by sodanige voertuie betrokke te raak.

viii) Die vestiging van grondgebied

GRONDGEBIED IS DIE belangrikste, maar ook die mees problematiese aspek op die vryheidspad. Daar kan 'n klinkklaar saak uitgemaak word oor al die ander aspekte en kriteria, wat nodig is om te kwalifiseer vir selfbeskikking vir die Boervolk, behalwe die aspek van grondgebied.

Die ideaal is 'n begrensde gedeelte binne Suid-Afrika, wat as Boerestaat deur die Boervolk, as onafhanklike, federale of eerder 'n konfederale eenheid bestuur kan word en waar die Boervolk as meerderheid domineer. Die Nuwe Groot Trek moet na hierdie geïdentifiseerde gebied toe plaasvind. Die identifisering, verkryging en besetting van die Boerestaat vorm deel van die Boervolk se ideologie. Die identifisering van so 'n gebied moet die eerste prioriteit van die Boere-elite wees.

In die verlede was demografie die uitgangspunt, wanneer na grondgebied gekyk is, waar Afrikaanssprekende aanspraakmakers in getalle oorheers en domineer. Alhoewel demografie belangrik is, is dit beter om geografie, topografie en beskikbaarheid van hulpbronne as uitgangspunt te gebruik. Hier moet eerstens gekyk word na die beskikbaarheid van water. Water kan ontgin word uit 'n rivier, 'n besproeiingskema, ondergrondse bronne of uit seewater. Ander faktore soos infrastruktuur, verdedigbaarheid, klimaat en grondkwaliteit kan sekondêr tot die beskikbaarheid van water ondersoek word.

Verskeie pogings is in die verlede aangewend om, op grond van demografiese beginsels, 'n geskikte gebied te definieer. In die Volkstaatraad se agtste verslag van Maart 1999 word vier areas aangedui wat kan kwalifiseer om as 'n Volkstaat te dien. Dit sluit die volgende gebiede in: 'n gebied in Oos-Transvaal (Mpumalanga), Noordwes-Kaap, die Bosveld, asook 'n gebied wat aan Pretoria gekoppel is. 'n Meningsopname deur Schlemmer in 1998/99, is in drie van hierdie gebiede gedoen. In vergelyking met die laaste meningsopname in 1995/96, toon die opnames 'n aansienlike toename in steun vir selfbeskikking deur inwoners. In die

meningsopname het 75% van deelnemers aangetoon dat hulle selfbeskikking in een of ander vorm steun (Volksraadkoerant 2013:4).

Sonder om op hierdie stadium 'n grondgebied te identifiseer, bly dit deel van die ideologie dat die Boervolk sy eie, amptelike grondgebied soek. Frans Cronjé (2017), voormalige uitvoerende hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge (IRV), projekteer 'n scenario, wat in Suid-Afrika in 2030 vermag kan word en stel dat die mees moontlike scenario die vorming van enklawes is. Cronjé (2017:160) projekteer 'n moontlike scenario 'n jaar ná 'n chaotiese verkiesing in 2029 as volg:

... South Africa has fractured, perhaps irreparably, along race, class and ethnic lines. The state is severely weakened and the economy has stagnated. Many South Africans remain very poor. Without any effective political leadership the country has become a society divided against itself. Against the odds, some small bands have built enclaves in which they maintain a largely normal life.

Cronjé (2017:162) beweer dat die fragmentering van Suid-Afrika begin het ná die nederlaag van die ANC by die 2016 munisipale verkiesings. Hy stel dat hulle (die ANC-regering) nie die probleem van hulle nederlaag aanspreek nie, maar eerder betrokke geraak het by binnegevegte en die soeke na 'n sondebok. Die gerieflike sondebok is die blankes in Suid-Afrika. Die geleentheid en omstandighede om binne 'n geordende samelewing te bestaan en te oorleef word al kleiner. Die blankes in Suid-Afrika wat wil oorleef, wat BASA21 en in besonder die Boervolk insluit, het geen ander keuse as om “na hulleself om te sien” deur enklawes te vorm nie.

Besetting van grondgebied vorm die kern van selfbeskikking. Orania en Kleinfontein het reeds bewys dat enklawes kan slaag. Die Boere-elite moet 'n groter gebied identifiseer, wat op dieselfde basis kan funksioneer, die ideologie propageer en die Nuwe Groot Trek organiseer.

Moontlike grondgebied

DIT IS NIE DIE DOEL van die boek om reëls te stel of voorskriftelik te wees nie. Die volgende gebiede kan deur die Boere-elite ondersoek en geëvalueer word:

- Die vier gebiede wat deur die volkstaatraad geïdentifiseer is.
- Uitbreiding en konsolidering van die gebied rondom Orania.
- Uitbreiding en konsolidering van die gebied rondom Kleinfontein.
- Die gebied wat by Balmoral ontwikkel is, moet weer geëvalueer word.

- Die gebied “agter die Outeniquaberge” wat deur Will Roberts voorgestel is.
- Die ontwikkeling van ’n gebied langs die Weskus is deur ’n groep akademici in Bloemfontein ondersoek en moet onder die loep geneem word.
- Die Springbokvlakte rondom Roedtan.
- Die gebied in die Waterberg, wat onder die leiding van Chris Wagner van Warmbad geïdentifiseer is.
- Die afstigting (sesessie) van die Wes-Kaap.
- Die gebied suid van die N4 rondom Pretoria.
- Enklawes binne stede soos die Moot in Pretoria.

Die ontwikkeling van kibboetse, wat uiteindelik binne die geïdentifiseerde gebied geleë is en gekonsolideer kan word, moet ook in gedagte gehou word. Israel het bewys dat vryheid bekom kan word deur grond te beset en nedersettings te vorm. Hou in gedagte dat die eerste kibboets in 1909 langs die Jordaanrivier tot stand gebring is. Israel het 40 jaar na die eerste kibboets, in 1948, die vrugte gepluk deur onafhanklikheid te bewerkstellig. Daar is uiteindelik ongeveer 750 sulke nedersettings tot stand gebring. Hierdie gebiede het uiteindelik deel van die groter Israel geword (Microsoft Encarta 2009: *Kibbutz*). Onthou dat Israel ongeveer so groot soos die Krugerwildtuin is. Daar moet gepoog word om die nedersettings rondom die kerngebied te ontgin/ontwikkel met die oog op konsolidasie.

Potensiaal versus weerstand

HOU IN GEDAGTE DAT daar drie aspekte by die keuse van ’n grondgebied ter sprake kan wees, naamlik potensiaal, tegnologie en vyandelike weerstand. Dit kan arbitrêr geklassifiseer word as hoë potensiaal grond, gekoppel aan hoë weerstand teenoor lae potensiaal grond, gekoppel aan lae weerstand:

- **Hoë potensiaal grond:** Hier is hoë potensiaal ten opsigte van hulpbronne, infrastruktuur, klimaat en tegnologie. Daar kan verwag dat die weerstand van opponente dienooreenkomstig groter hier sal wees. Die kosmopolitiese bevolkingsdigtheid is ook hoër in hierdie gebiede.

- **Lae potensiaal grond:** Hier is lae potensiaal ten opsigte van hulpbronne, infrastruktuur, klimaat en tegnologie. Daar kan verwag word dat weerstand van opponente dienooreenkomstig minder hier sal wees. Die bevolkingsdigtheid is ook dienooreenkomstig laer.

Die verskillende faktore moet deur die Boere-elite opgeweeg word en die ideale gebied binne hierdie spektrum moet bepaal word.

Die lede van die Boerestaat sal bestaan uit volksgenote wat deel is van die Nuwe Groot Trek. Hierdie lede moet, soos die Trekkers van die Groot Trek, bereid wees om huis en haard te verkoop, sentiment agter te laat en te trek na die nuwe begin. Daar sal gefokus word op veiligheid, selfwerkzaamheid en ekonomiese onafhanklikheid.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Boerestaat gemik is op die 10%, wat bereid sal wees om te trek en dat die gebied nooit almal tevrede sal stel nie. 'n Outokratiese bestuurstyl sal aanvanklik aanvaarbaar wees om tot aksie oor te gaan. Die Boervolk is bereid om visionêre leiers te volg.

i) Strategie

BRUWER (1986:262) HAAL professor Samuel Huntington^[171] aan, wat die volgende strategie voorstel, wanneer daar, tydens die vestiging van 'n nuwe idee of verandering, moontlik grootskaalse verset teenwoordig kan wees:

Die sukses van elke afsonderlike hervorming word vergemaklik deur 'n blits krygtaktiek. Die voorgestelde hervorming word in betreklike geheim-houding ontwerp; dit word openbaar aan 'n klein groepie politieke leiers wie se steun vir die sukses daarvan onontbeerlik is; dan, op die geskikte oomblik, word dit dramaties onthul, politieke steun word skielik in beweging gebring, en die hervorming spoedig deurgevoer voordat die teenstanders daarvan hulself doeltreffend kan mobiliseer en organiseer om te keer.


Hierdie strategie kan gerus deur die elite oorweeg word.

Gevolgtrekking

SELFBESKIKKING VIR 'n deel van BASA21 is moontlik en haalbaar indien dit in die naam van die Boervolk gedoen word. Dit is belangrik dat 'n Boere-elite tot stand moet kom om die ideologie te propageer, die

potensiële gebied vir die Boerestaat te identifiseer, die Boervolk te mobiliseer en die Nuwe Groot Trek te organiseer.





HOOFSTUK 21

SLOTSOM

Die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van die 21^{ste} eeu (BASA21) se toekoms in die NSA is onseker en staar selfs uitwissing in die gesig. Elke lid van BASA21 moet bewustelik of onbewustelik sekere keuses maak ten opsigte van sy/haar toekoms. Die keuses is óf om in Suid-Afrika te bly óf om te emigreer.

Indien die keuse gemaak word om in Suid-Afrika te bly, bestaan daar twee verdere opsies: word bevry deur selfbeskikking te verkry of konformeer.

i) Opsie een behels 'n besluit dat jy en jou ongebore nageslag geregtig is om as vry mense en eersteklas burgers in die land, wat jou voorvaders vir 370 jaar as inheemse volk opgebou en ontwikkel het, te woon en te leef. Daarom streef jy na selfbeskikking vir jou en jou mense.

ii) Opsie twee behels dat jy bereid is om te konformeer deur willoos en slaafs, soos 'n stukkie dryfhout in 'n stroom, te aanvaar dat jy 'n banneling of 'n tweedeklas burger in jou eie land sal bly. Jy is bereid om met die hoed in die hand te hoop dat jy en jou nageslag, as wit Nuwe-Suid-Afrikaners, in 'n vyandelike omgewing ten minste sal oorleef. Wanneer hierdie besluit geneem word, aanvaar jy geen verantwoordelikheid namens jou ongebore nageslag nie.

Opsie een

Die uitvoering van die opsie vereis dat elkeen, wat dié keuse maak, 'n totale paradigmaskuif ten opsigte van verskeie bestaande ingesteldhede moet maak:

- Die belangrikste kopskuif is om te besef dat vryheid *slegs bereik kan word in die naam van die Boervolk* en dat dit baie moeilik, feitlik

onmoontlik is om die oplossing in die naam van die Afrikaner te bereik.

- Die volgende paradigma- of kopskuif is om te besef dat vryheid slegs sal realiseer in 'n situasie van selfregering binne 'n onafhanklike grondgebied.
- Daar moet verder besef, besluit en geglo word dat die oplossing *wel haalbaar is* onderhewig aan sekere voorwaardes.
- Die verdere belangrike kopskuif is die besef dat 'n kleiner gedeelte van BASA21, naamlik dié groep wat volksisties, republikeinsgesind en vryheidsoekend is, op hulle eie as volk, die vryheidspad kan en moet loop. Hierdie groep kan gesien word as die 10% van BASA21, wat bereid is om uitskieters te wees en die Nuwe Groot Trek, sonder die “agtergeblewe” 90%, aan te durf en word die moderne Boervolk genoem.
 - **Die oplossing word saamgevat in die ideologie van vryheid, wat behels: 'n nasionalistiese Boervolk binne 'n Boere volkstaat en behoort deel van elke individu se verwysingsraamwerk en mende te word.**
 - Die wêreldwye toename in die belangrikheid van *identiteitspolitiek* en aanvaarding van etnisiteit en nasionalisme het tot gevolg dat hierdie ideologie makliker as in die verlede deur die internasionale gemeenskap aanvaar sal word.
 - Om die ideologie van die Boervolk na te streef, moet elkeen wat betrokke wil raak die besluit neem om te identifiseer met die Boervolk. Iemand wat die besluit geneem het om as 'n Boer bekend te staan, twyfel daarna nie weer oor sy of haar identiteit nie. Dit onderstreep die paradigmaskuif wat stel dat dit nie nodig is vir “eenheid tussen Boer en Afrikaner” om te oorleef nie. Die teendeel is waar, naamlik dat so 'n eenheid nooit sal slaag nie.
 - Diegene wat reeds die besluit geneem het om met die Boer te identifiseer, maak dan die ideologie van *nasionalisme binne 'n Boere volkstaat* deel van sy/haar lewens- en wêreldbeskouing.
 - Die groep, wat in hierdie boek as die Boere-Afrikaner geklassifiseer word, het 'n belangrike keuse om te maak en word met 'n paradigmaskuif gekonfronteer. Hulle moet besef dat hulle 'n baie belangrike rol in die verwesenliking van die oplossing speel. Hulle moet, indien hulle deel van die oplossing wil wees, bereid

wees om met die Boervolk en die ideologie van die Boervolk te identifiseer. In die proses moet hulle die kunsmatige “Afrikanergedeelte” van hulle menswees aflê. Die alternatief is dat hulle deel van ’n konformasieproses binne ’n kosmopolitaanse bestel, moontlik net gesentreerd om taal, gaan word.

- Die volgende uiterste belangrike paradigmaskuif is die aanvaarding *dat dit nie nodig is om getalle, ten koste van ideologie en beginsels, na te jaag nie*. Daar moet gekyk word na Tabel 17.1 wat aantoon dat daar wêreldwyd verskeie erkende volke is wat minder as 50 000 burgers het en in ’n gebied kleiner as Pretoria in ’n onafhanklike staat bly. Dit behoort ’n aansporing oor die haalbaarheid van die ideologie vir die Boervolk te wees.

Die ideologie

**Die ideologie van die Boervolk:
’n NASIONALISTIESE BOERVOLK BINNE ’n BOERE
VOLKSTAAT.**

’N NASIONALISTIESE BOERVOLK binne ’n Boere volkstaat moet deel van elke opregte Boer se lewenshouding word. Hierdie ideologie moet nagejaag word en nie prysgegee word voordat die Boere volkstaat gevestig is nie.

Elke Boer se plig

ELKE VOLKSGENOOT MOET ter wille van vryheid die ideologie van die Boervolk aanvaar en deel van sy/haar lewe maak. Om die ideologie te aanvaar, moet daar met die Boervolk geïdentifiseer word. Ten opsigte van identiteit is dit belangrik om na Bruwer (1988:83) se siening te kyk. Volgens hom behoort: “elke persoon in elke geslag ’n persoonlike keuse oor sy of haar volkskap te maak.” Hierdie stelling word nie noodwendig ongekwalifiseerd aanvaar nie. Dit kom daarop neer dat elke lid van

BASA21 vandag een van drie keuses het om te maak ten opsigte van sy of haar identiteit. Omdat persoonlike omstandighede en blootstelling aan politieke sosialisasie van persoon tot persoon verskil, ontstaan die volgende drie opsies/besluite ten opsigte van die identiteit by elke persoon:

1. Om doelbewus of onbewustelik die feit en die verantwoordelikheid dat jy **deel van die volk** (die Boervolk) is te aanvaar.
2. Besluit om **nié deel van die volk** (Boervolk) te wees nie.
3. Bly laastens in gebreke om 'n besluit te neem en maak daarom **géén keuse** nie.

Let daarop dat die meeste mense waarskynlik nie eers daarvan bewus is dat hulle 'n keuse oor identiteit kan uitoefen nie of dat hulle 'n verantwoordelikheid het om 'n bewuste keuse oor identiteit en die toekoms van hul ongebore nageslag te maak nie.

Ten opsigte van vryheid is die belangrikste keuse die besluit om deel van die 10% te wees, wat aan die Nuwe Groot Trek gaan deelneem. Hierdie keuse kan in werklikheid eers uitgeoefen word wanneer die persoon volledig ingelig is. Hierdie boek poog om voldoende inligting te verskaf sodat mense 'n ingeligte keuse kan maak.

Die elite

Dit is belangrik dat die Boere-elite tot stand moet kom om die ideologie te propageer, die potensiële Boere volkstaat te identifiseer, die Boervolk te mobiliseer en die Nuwe Groot Trek te organiseer.

'N BELANGRIKE STAP IN die verkryging van die doelwit behels dat die elite van die Boervolk na vore moet tree. Die elite neem dan die leisels op en sorg dat die beginsels nagekom en stappe gevolg word om die ideologie te vestig en vryheid te bekom. Die teoretiese agtergrond, wat hierbo bespreek is, kan aangewend word om die basis te vorm waarop hierdie vryheidsplan uitgevoer kan word. Die verskillende voertuie, wat betrokke kan wees en 'n deel kan vorm in die strewe en stryd ter verkryging van die

ideaal, moet deur die elite geïdentifiseer, betrek, aangewend en gekoördineer word.

Die toekoms van Suid-Afrika is baie onseker en 'n situasie van koalisiëpolitiek is heel waarskynlik in die vooruitsig (Cronjé 2017:24). Die Boervolk moet geïnstitusioneeliseer en georganiseer wees om tot die koalisiëpolitiek toe te tree, wanneer so 'n situasie in Suid-Afrika sou aanbreek, sodat 'n Boere volkstaat beding kan word. Die Boervolk moet nie weer, soos tydens Kodesa, afwesig wees nie. Die Afrikaner gaan verseker nie die belange van die Boervolk op die hart dra en bevorder nie.

Die Boervolk se einddoel is selfbeskikking

BOTHMA (2015:431) SLUIT *Rebelspoor* met die volgende gedagte af:

In 2014 [*2023] staan die Afrikaner [*Boer] weer waar hy in 1814 en 1914 ook gestaan het. In sy donkerste uur wink sy vryheidsideaal vir hom. Hoe gaan hy daar kom? Hierdie keer kan hy nie met 'n wa en 'n span osse daarheen trek nie. Hy kan ook nie, soos honderd jaar gelede, 'n politieke voertuig gebruik en hom iewers in die toekoms los en vry [te] stem, soos in 1961 nie. Gaande weg, soos die vreemde juk hom seerder skaaf, sal 'n klein minderheid [*Boere] opstaan en die vryheidsvlam aansteek. Die Afrikaner [*Boer] sal 'n nuwe voertuig [moet] kry om hom na vryheid te neem [*beklemtoning].

Die Boervolk sal nooit tevrede wees voordat daar nie een of ander vorm van selfbeskikking aan hulle verleen is nie. Roelofse (2009) het gesê dat hierdie groep nooit “hulle ideaal van vryheid binne hul eie gebied sal prysgee nie.” Dit geld nou en sal oor 'n jaar, tien jaar, of selfs oor vyftig jaar steeds geld.

Op 11 Augustus 1918 voorspel Siener van Rensburg (voorspelling 359): “Toe is daar 'n paal en bo aan die paal hang die vierkleur ...” (Raath & Van Zyl 2001:161).




BOY MUSSMANN HET IN 1938 gesê:

Ek is oortuig God het die Afrikanervolk [*Boervolk] 'n siener gegee. God het deur middel van die Siener vir ons wonderlike dinge laat sien. Mag die wapperende Vierkleur-simbool van 'n vrye Afrikanervolk [*Boervolk] soos deur Siener van Rensburg gesien – nog in ons leeftyd bewaarheid word (Raath & Van Zyl 2001:161).

Daar is baie Boere wat die voorspelling van Siener van Rensburg letterlik opneem en daarom glo hulle, met die hulp en genade van ons Hemelse Vader:



DIE VIERKLEUR SAL WEER WAPPER!



AANHANGSELS

AANHANGSEL A

DIE VERSKILLENDEN BOERE REPUBLIEKE WAT GESTIG IS

1 . **Graaff Reinet:** 6 Februarie 1795.
2. Swellendam 14 Julie 1795.

3. Winburg was die Wetgewende Raad van die Eerste Boereregering, 2 Desember 1836. Nie amptelik 'n republiek gestig nie.

4. Die Republiek van **Natalia:** 20 Oktober 1838, volgens ooreenkoms deur Retief van Dingaan verkry en deur Mpande bevestig.

5. Potchefstroom-Winburg die sogenaamde **Naamlose Republiek**.

6. Die Republiek van **Kliprivier** 1842-1847 (Kliprivier, Dundee, New Castle, Helpmekaar en Masinga). Later Ladysmith geword.

7. Die Republiek van **Potchefstroom** 1844-1848.

8. Die Republiek van **Winburg** 1844-1848 amptelik gestig.

9. Die Republiek van **Zoutpansberg** 1849-1860.

10. Die Republiek van **Lydenburg** 1848-1860.

11. Die Republiek van **Utrecht** 1847-1858.

12. Die Republiek van die **Oranje Vrystaat** 1854-1902.

- 13. Die Republiek van **Klip Drift** (delwersrepubliek) 1870-1871.
- 14. Die Republiek van **Stellaland** 1883-1885.
- 15. Die Republiek van **Goosen** 1883-1885.
- 16. Die **Nuwe Republiek** 1884-1888.
- 17. Die Republiek van die **Klein Vrystaat**.
- 18. Die **Zuid Afrikaanse Republiek** (Transvaal) 1852-1902.
- 19. Die **Republiek van Suid Afrika (RSA)**, enigste republiek, wat nie 'n Boererepubliek was nie. (Aangepas vanaf Louw 2005: Hoofstuk 12)

AANHANGSEL B : BVR VOORLEGGING AAN PRESIDENT ZUMA



BOEREVOLK VERTEENWOORDIGENDE RAAD (Boerevolk Representative Council)

Posbus / P.O. Box 15772
Sinoville
PRETORIA
0129
Faks / Fax: 086 614 4583
Telefoon / Phone: 0861 777 373
Vonkpos / e-mail: Volkssekretaris@boerevryheid.co.za

Honourable Chairperson,
The President of the ANC, Mr Zuma,
fellow Afrikaners and
other distinguished guests

Once at a meeting with a group of Afrikaners, Mr Zuma pounded his chest and proclaimed: "I am a Zulu."

Mr Zuma, I want to proclaim today: "I am a Boer!"

When you made the statement "I am a Zulu," you did so as a Zulu, also as a member of the Nguni people, a Black South African, but also part of the South African community, indigenous to Africa.

Similarly, I stand before you today as a Boer, a representative of the Boerevolk, a member of the Afrikaner nation, a White South African and undeniably indigenous to Africa.

Reddelede: Ds. J. (Lies) Pretorius (President), Mnr. B. Pienaar (Onder President en Noord Transvaal), Mnr. H. Venter (Pretoria), Mnr. J. Aproskie (Koop), Mnr. R. Delpoort (Natal), Mnr. P. Wilsenach (Oos Transvaal), Mnr. E. Leemans (Wes en Noord-Wes Transvaal).

As the Nguni people migrated from central Africa to establish themselves as the Zulu people in Southern Africa, the European forefathers of the Boerevolk migrated to Southern Africa to establish the Boerevolk.

The wars and skirmishes fought by Zulus for recognition within the Nguni peoples, and with other Black and White rivals, mirror the struggle of the Boerevolk to stand firm and establish themselves within the Afrikaner nation and amongst other ethnic groups.

Me. Baleka Mmakota Mbete, the current Chairperson of the National Executive Committee of the ANC, issued a Memorandum after the visit of a Boerevolk delegation during her term as Speaker of Parliament. I quote the following excerpt:

- *"There is a distinction between them (the Boerevolk) and the Afrikaners;*
- *They (the Boerevolk) are a section within [a people within] the Afrikaner community;*
- *What distinguishes them (the Boerevolk) from Afrikaners is culture. They have their own common culture and customs, which makes them a volk;*
- *They were NOT involved in the institutionalization of apartheid even if they were the beneficiaries;*
- *"They are different" from the Broederbond."*

The Zulus fought and paid for their heritage and the land of their forefathers. They defended their ancestral land when British Colonial forces invaded it. Similarly, the Boerevolk shed blood for the same reasons and defended their ancestral land against British Colonial rule.

It is a historical mistake, and again I quote Mr Zuma, *"that the Boers did not assist the Zulus in their struggle against the British, and the Zulus did not fight with the Boers in the war for freedom against the British."*

The Zulus are indigenous to South Africa and do not claim any territory outside its borders. I want to state irrefutably that the culture of the Boerevolk is firmly anchored in South African soil, and that we too, make no claim to territory outside these borders. We belong to this country and this continent and will not, like so many other Afrikaners and White people, flee from here. "Die Boerevolk is hier om te bly!"

History tells us that at times the Zulus and Boers warred against each other, and at other times concluded treaties with each other. We – the Boerevolk – never ruled over other people, even in victory following warfare. We do not want to rule over others now, we only want dominion of ourselves. This inherent need, firmly entrenched in our Constitution, is already an acknowledged right for groups with Traditional leaders and authorities. We want to propose, therefore, that an addendum to the Constitution is made to enable Councils for indigenous Peoples and "Volke" to participate in a forum or platform where such Councils would have effective representation.

The purpose of this congress, however, is not to dwell on the past but to talk about the present and future. We thank Mr Zuma who, despite a pressing schedule of personal appointments and amidst political and judicial pressures, created the opportunity for us to do so.

All of us here today realise that the continuing escalation of crime, corruption, deterioration of services, farm murders and cultural suppression of the Boerevolk can only increase uncertainty, tension and instability. It is of grave concern that racial tensions seem to be gaining ground again. There is little doubt that the continuation of what is seen as blatant disregard for the moral and ethical values of society is creating resistance of volcano-like proportions that could erupt into an uncontrollable

force of violence and anarchy. Nobody wants this to happen, least of all the Boerevolk.

Mr Zuma, when you declared yourself a Zulu, you stood there as a person, previously accused of crimes allegedly committed in your love for, and your strive for freedom for your people. Similarly I stand accused as a person with the same love of the Boerevolk and also striving for their freedom.


Neither you then, nor I now, want to harm this country or the people who share this land with us. Like you, and I am sure most South Africans, we want to live in peace alongside all other indigenous people under the South African sun.

It is therefore right and just that the Boerevolk is part of today's congress. This congress can mark a historical turning point on our way to mutual respect, recognition and understanding. Let history refer to this day as the beginning of a future of stability, prosperity and quality of life for all groups, tribes, peoples and nations in South Africa, and the Southern African region.

I thank you.

Lets Pretorius

Dr. Johan (Lets) Pretorius (President van die BVR)



AANHANGSEL C: BOODSKAP NAMENS DIE BOERVROUE AAN PRESIDENT MBEKI

BOODSKAP AAN DIE PRESIDENT VAN SUID AFRIKA TYDENS DIE OORHANDIGING VAN DIE GRIEWE EN EIS VAN DIE VROUE VAN DIE BOERVOLK

I NLEIDING:

Hierdie oorhandiging sou geskied het aan die President van Suid Afrika.

Hy is reeds op 26 Desember formeel per brief versoek om die beswaarskrif en eis namens die Vroue van die Boervolk persoonlik in ontvangs te neem.

Ek merk dat dit 'n onbekende persoon is wat gestuur is om die dokument in ontvangs te neem. Die Vroue van die Boervolk beskou dit as 'n growwe belediging dat hy hom nie verwerdig om dit persoonlik in ontvangs te neem nie.

Ons wil in elk geval aan Mnr Mbeki die volgende se:

1. Mnr Mbeki jy maak 'n fout om die griewe van die Boervolk te misken.
2. Jy maak 'n fout om te dink jy kan die Boervolk aanhou ignoreer.
3. Jy maak 'n fout om te dink dat die Boervolk gaan verdwyn.
4. Jy maak 'n fout om te dink jy sal die Boervolk vernietig deur al die Menseregteskendings teen die Boervolk te pleeg en toe te laat.

Mnr Mbeki, ons wys jou graag daarop dat:

1. Die Uniegebou waarin jou kantoor geleë is, deur die Boervolk tot stand gebring is.
2. Die huis waarin jy bly, hier op Meintjieskop, sowel as in die Kaap, deur die Boervolk tot stand gebring is.

3. Pretoria deur die Boervolk tot stand gebring is.

4. Die paaie-netwerk en treinspoor-netwerk deur die Boervolk tot stand gebring is.

Mnr Mbeki ons plaas 'n aanklag voor die deur van die regering deur te se:

Ons het genoeg gehad van

Plaasmoorde,

van verkragtings,

van kapings,

van grondonteienings,

van rassediskriminasie teen die Boervolk

o By die werkplek

o By die skole

o By aanstellings

o By die toekenning van kontrakte

o By bevordering by die toekenning van beurse,

Miskenning van ons geskiedenis en kulturele aansprake soos

o Die verandering van Straatname

o Verandering van dorpsname

o Verandering van Hospitaalname

o Verandering van damme se name

o Die verwydering van beelde en ander kulturele skatte uit openbare plekke.

Ons is moeg daarvoor dat ons Godsdienstige waardes misken word deur die uitfasering van ons Hemelse Vader in alle Amptelike aangeleenthede

Ons is moeg daarvoor dat ons kinders in die skole geforseer word om deel te wees van Volksvreemde godsdiens, Volksvreemde geskiedenis, volksvreemde waardes, en gedwonge integrasie.

Ons is moeg daarvoor dat ons taal op elke moontlike gebied misken word.

5. Die Boervolk is 'n trotse volk en sal nie toelaat dat hy aanhoudend getrap en verguis word nie.

6. Ons plaas dus vandag 'n eis op die tafel en eis die onafhanklikheid van die Boervolk soos verwoord in die Majuba Deklarasie.

7. Ten slotte wil ons 'n vriendelike maar dringende waarskuwing rig in die woorde van een van die Boervolk se Profetesse, Johanna Brandt wat reeds in 1918 gepubliseer is:

” Wanneer hierdie tyd aanbreek is die Boodskapper se waarskuwing aan die Swart mense: “Hulle mag geen hand hê in die verdrukking of swaarkry nie, hulle mag ne ou griewe probeer regstel nie. Dit maak nie saak wat hulle griewe is nie, en dit maak ook nie saak hoe geregverdig hulle ontevredenheid is nie, hulle mag nie wraak soek in die uur wat op hande is nie. Daar is Een wat sê: 'Die wraak kom My toe, Ek sal vergeld'” “Want die oordeel sal swaar wees op enige van hulle wat hierdie bevel van die Almagtige ignoreer” (Die Visioene van Johanna Brandt, (Junie 2001) bl. 33, 34 Vaandel Uitgewers)

My kommentaar: Hierdie boodskap is reeds in Maart 1918 deur Johanna Brandt in Engels, Sesotho, Zoeloe en Xhosa deur die hele land versprei en word nou in opdrag vir die groot voorbereiding vir die DAG VAN DIE HERE aan die hele Suid Afrika voorgehou.

Geteken namens die Vroue van die Boervolk op die 4de Maart 2006

Mev. W J (Minnie) Pretorius

AANHANGSEL D: SKRYWE VAN DIE SPEAKER AAN DIE BVR

TO: MS B MBETE
FROM: ADV. N CETYWAYO
DATE: 22 JUNE 2006
SUBJECT: SELF DETERMINATION: BOEREVOLK FREEDOM FOUNDATION

On 25 May 2006 Adv N P Cetywayo, the Head of The Office of The Speaker and Mr. L Mapoloba, the Political Assistant to The Speaker held a meeting with the delegation from an organization called the Boerevolk Freedom Foundation. The meeting took place at a request from the Boerevolk in a letter dated 13 April with Mr. R Smith being the authorized signatory to meet Adv Cetywayo to discuss the above subject. Adv Cetywayo agreed to meet the Boerevolk delegation on behalf of the Speaker. Mr. Mapoloba joined her at her request. The Boerevolk delegation constituted of Dr Pretorius one of the Boeremag Trialist (Chairperson) and Mr. R Smith, the Executive Officer. The delegation introduced their organisation as an organisation of the law-abiding citizens with no representation or relations with any political party even in Parliament. They would like the following to be noted about their organisation:

- There is a distinction between them and the Afrikaners
- They are section (a people within) of the Afrikaner community
- What distinguishes them from Afrikaners is culture. They have their own common culture and customs, which makes them a volk
- They were not involved in the institutionalisation of apartheid even if they were the beneficiaries
- They are different from the Broederbond.

They would like to establish a relationship with government. In this regard they referred to a letter from the Presidency acknowledging receipt of their memorandum called the Majuba Declaration". The letter from the Presidency is referring their concerns as articulated in this memorandum to the Speaker of Parliament, hence their request to meet with Adv Cetywayo.

In a nutshell they would like government to establishment of a forum made up of people with decision making authority in government and their representatives to discuss following:

- Their claim for self determination
- The possibility of government funding their meeting taking place in December to institutionalise themselves
- The funding request is made in terms of Section 23(5) of the Constitution

RECOMMENDATIONS

- The Presiding Officers consider the issue
- Presiding Officers also refer it to Justice and Constitutional Development, Safety and Security and Land Affairs Portfolio Committees as well as the Constitutional Review Committee.

SIGNATURE



ADV NP CETYWAYO: HEAD: OFFICE OF THE SPEAKER


APPROVED/NOT-APPROVED

With the addition of referral... also to Table and Legal Services Offices. We have - in the past - been approached by groups. How would these instances have lessons for the case; or is this different? Can we have sight of the letter from the Presidency? We need to understand exactly what was conveyed and it.

SIGNATURE



MS B MBETE: THE SPEAKER OF THE NATIONAL ASSEMBLY



BIBLIOGRAFIE

Baradat, L.P. 2012. *Political Ideologies: Their Origins and Impact*. 11th ed. Glenview: Pearson Education.

Barry, A. 2016. *Ons Japie: Die Boereoorlogdagboek van Anna Barry*. 2^{de} uitg. Pretoria: Protea Boekhuis.

Bienedell, L.W. 2003. *Stryd teen Vreemde Oorheersing: 'n Verskeidenheid Artikels en Toesprake deur mnr. Jaap Marais*. Pretoria: Bienedell Uitgewers.

Bienedell, L.W. Geen datum. *Die Rebelle van 1914*. Pretoria: Bienedell Uitgewers.

Bigalke, I. 2018. Ja, mense moet stem. *Beeld*, 9 Oktober 2018.

Blake, A. 2018. Die Afrikaner-terroriste, *Rapport Weekliks*, 23 September 2018.

Boer, P. 2007. Kommentaar op Boesak se siening oor De la Rey op RSG 20 Maart 2007. Aanlyn verskyn by: <http://www.boerevryheid.co.za>.

Booyens, H. 1997. *Die Staatsregtelike en Volkeregtelike Verwesenliking van 'n Afrikanervolkstaat*. Geen plek: Geen drukker.

Booyens, H. 2006. *When the Loerie Sings Again: The Canvas, The Painting and The Present*. Geen plek: Deep Cove.

Bosman, J.P.G. 2019. Bly en Bou – proaktiewe Afrikaners in SA. Maroela Media by Maroela Media: <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/bly-en-bou-proaktiewe-afrikaners-in-sa/>. (Toegang 16/10/2021)

Bosman, J.P.G. 2021. Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van die 1994 grondwetlike bedeling – 'n politiek-strategiese perspektief. Navorsingsvoorstel vir MA-dissertasie – nog nie gepubliseer nie, maar met toestemming van student en sy promotor ter insae gehad in September 2021.

Botha, J.P. 2001. *Die Bittereinders op die Pad van Suid-Afrika*. Pretoria: Bienedell Uitgewers.

Botha, S. 2003. *Understanding Political Behaviour and Participation: The Only Study Guide for PLC201-U*. Pretoria: Unisa.

Botha, S. 2005. *Demokrasie en ander Owerheidsvorme: Studiegids vir PLC302Y*. Pretoria: Unisa.

Bothma, L.J. 2015. *Rebelspoor: Die Aanloop, Verloop en Afloop van die Boereopstand van 1914-15*, 2^{de} druk. Langenhovenpark: L.J. Bothma.

Bouws, J. 1969. *Die Volkslied, Deel van ons Erfenis*. Kaapstad, Human & Rousseau.

Bredell, H.C. & Grobler, P. 1986. *The Memoirs of Paul Kruger*. Melville: Hans Strydom.

Bruwer, P.F. 1986. *Die Derde Vryheidsoorlog Woed*. Pretoria: Oranjerwerkers Promosie.

Bruwer, P.F. 1988. *Vir Volk en Vryheid*. Pretoria: Oranjerwerkers Promosies.

Coetzee, A. 1968. *Die Afrikaner se Volkskunde*. In: Pienaar 1968:111-120.

Cronjé, F. 2017. *A Time Traveller's Guide to South Africa in 2030*. Cape Town: Tafelberg.

Degenaar, J.J. 1987. *Afrikanernasionalisme*. In: Esterhuyse 1987: 231-262.

Deist, F.E. 2002. *The Material Culture of the Bible*. London: Sheffield Academic Press.

De Lange, J. 2018. ANC gaan pak kry oor bande met tradisionele leiers. *Rapport*, 15 Julie 2018.

Delius, P. 2018. Bure word vyande oor grond. *Rapport Weekliks*, 24 Junie 2018.

Du Plessis, T. 2017. Dis die punt. *Rapport Weekliks*, 24 September 2017.

Dye, T.R. & Zeigler, H. 2000. *The Irony of Democracy: An Uncommon Introduction to American Politics*. 1st ed. Fort Worth: Harcourt Brace.

Doyle, A.C. 1902. *The Great Boer War*. London: Smith, Elder & Co.

Du Preez, M. 2021. Max sê: “Flip, dis tyd vir my om te bieg”. *Rapport*, 24 Januarie 2021.

Du Toit, M.T. 2009. *Die strewe en stryd van ons volk 1902 - 1994*. Gezina: Du Toit-Morley Familietrust.

Du Toit, M.T. 2019a. *Paradigmas, Wetenskapsrewolusies, Diskontinuiteit en Kontinuiteit by die Studie van die Europese Voorgeskiedenis*. 2de uitgawe. Gezina: Du Toit-Morley Familietrust.

Du Toit, M.T. 2019b. *Ras, Volk, Taal en Religie*. 2de uitgawe. Gezina: Du Toit Familietrust.

Du Toit, M.T. 2019c. *Die Instelling van 'n Uitgebreide Korporatistiese Politieke Ekonomie in Suid-Afrika*. Proefskrif vir PhD Unisa.

Duvenhage, A. 2018. *Die Afrikaner in Veranderende Tye: Die Soeke na en Implementering van 'n Meester Narratief*: Voorlegging aan Afrikanerbond (voorheen Afrikaner Broederbond) op 8 Junie 2018.

Duvenhage, A. 2021. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 61 No. 3: September 2021, doi.10.17159/2224-7912/2021/v61n3a5.

Ecker, U. Geen datum. *Science Myths and Health Misconceptions & Making Sense of Climate Science Denial*. You Tube.

Encyclopædia Britannica, 2012. *Encyclopædia Britannica Ultimate Reference Suite* (Elektroniese weergawe). Chicago: Encyclopædia Britannica.

Encyclopædia Britannica, 2012. “Mohandas Karamchand Gandhi” *Encyclopædia Britannica Ultimate Reference Suite* (Elektroniese weergawe). Chicago: Encyclopædia Britannica.

Essop, P. 2018. Simbole van Ellende. *Beeld*, 25 Mei 2018.

Esterhuyse, W.P. *et al.* 1987. *Moderne Politieke Ideologieë*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Eybers, J. 2019. NGK: 80% minder dooplidmate. In Rapport 13 Oktober 2019.

Floyd, T.B. 1977. *The Boer Nation's English Problem: The Story of a Small White Nation in Southern Africa and its Struggle to Exist*.

Froneman, J. 2018a. AB slaan etniese stereotipe vir 6. *Beeld*, 4 Junie 2018.

Froneman, J. 2018b. Bouer-spore in SA nie uit te wis. *Beeld*, 29 Oktober 2018.

Gaarder, J. 2007. *Sophie's World*. New York: Farrar, Strauss and Giroux.

Gerdener, G.B.A. 1925. *Sarel Cilliers: Die Vader van Dingaansdag*, 3^{de} uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. 2015. *The Burgher Community under VOC Rule*. Vir: Rijksmuseum, Amsterdam (boek oor Nederlands-Suid-Afrikaanse bande)

Giliomee, H. 2016a. *The Beginnings of Afrikaner Ethnic Consciousness, 1850- 1915*. Aanlyn: <http://www.escholarship.org/editions/view?docId=ft158004rs&doc.view=content&chunk.id=d0e505&toc.depth=1&anchor.id=0&brand=eschol>

Giliomee, H. 2016b. Persoonlike kommunikasie.

Giliomee, H. 2016c. *Herman Giliomee: Historikus: 'n Outobiografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. 2017. Persoonlike kommunikasie.

Giliomee, H. 2018a. ANC wil nes Broeders onderhorigheid afskud. *Rapport Weekliks*, 17 Junie 2018.

Giliomee, H. 2018b. Persoonlike kommunikasie.

Gladwell, M. 2008. *Outliers: The Story of Success*. London: Penguin.

Gouws, A. 2018. AfriForum doen ons 'n onguns. *Beeld*, 22 Mei 2018.

Haas, J. 1982. *The Evolution of the Prehistoric State*. New York: Columbia University Press.

Haas, J. 1990. *The Anthropology of War*. New York: Cambridge University Press.

Harari, Y.N. 2015. *Sapiens: A Brief History of Humankind*. New York: HarperCollins.

- Hermann, D. 2018. Skuif debat na mense, nie grond. *Rapport Weekliks*, 17 Junie 2018.
- Huntington, S. 1993. *The Clash of Civilizations and the Remaking of the World Order*. New York: Simon and Schuster.
- Jooste, G. en Oosthuizen, A. 2000. *So het hulle gesterf*, 2^{de} druk. Pretoria: J.P. Van der Walt en Seun.
- Kaufmann, C. 1996. Possible and Impossible Solutions to Ethnic Civil Wars, *International Security*, 20(4): 136-175.
- Kant, S.L. 2015. *Political Dynamics: Tutorial letter 102/0/2016*. Pretoria: Unisa.
- Keeley, L.H. 1996. *War before Civilization*. New York: Oxford University Press.
- Kemp, A. 1994. *Vuur en Verraad*. Farramere: Volsung Uitgewers.
- Kemp, A. 1995. The Identity of the Boer Nation. Voordrag deur Fred Rundell aan die *Subkomitee vir die Regte van Inheemse Volke van die Verenigde Nasies*. Jaarvergadering, Geneva, Switzerland, Junie 1995.
- Kemp, A. 2008. *The Boers of Southern Africa*. Aanlyn beskikbaar by: <http://web.archive.org/web/20060717091306/http://www.arthurkemp.com/whoaretheboers.htm>
- Kemp, A. 2017. Persoonlike mededeling per e-pos.
- Kestell, J.D. 1909. *Met de Boerencommando's*. Amsterdam: Geen drukker.
- Kestell, J.D. 1926. *Die Voortrekkers: 'n Kort Geskiedenis*. Geredigeer deur J.P. Botha, 1995. Pretoria: Biedell Uitgewers.
- Keyter, J. de W. 1968. Die Opvoedingsideaal en -Strewe van die Afrikaner. In: Pienaar 214-232.
- Knop, K. 2004. *Diversity and Self-Determination in International Law*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kok, A. 2016. Persoonlike mededeling per e-pos. Pretoria: Unisa.
- Kotzé, D. 2001. Ideology. In: Labuschagne 2001. 82-165.
- Kotzé, D. 2009. *Politics and Conflict Resolution*. Revised edition. Pretoria: Unisa.
- Kotzé, D. 2019. The Who, Why and What of South Africa's Minority Afrikaner Party. Aanlyn beskikbaar by: <https://theconversation.com> (Toegang verkry: 10 Mei 2019).
- Kotze, J.S. 2015. Political Culture in South Africa. In: *South African Politics: An Introduction*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa, 248-272.
- Krige, E. 2018. SEB het misluk, wys MRK se verslag. *Rapport*, 29 Julie 2018.
- Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2005a. Pharos: Elektroniese Woordeboek. Geen plek: Media24.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2005b. Pharos: Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Geen plek: Media24.

Labuschagne, P.A.H. *et al.* 2001. Part A (Theory). In: *Only Study Guide for HNPCS2-6*. Pretoria: Unisa.

Labuschagne, P.A.H. 2020. Monumente: Afrikaner moet ophou askies vra dat hy leef. In *Beeld*: 6 Oktober 2020.

La Vita, M. 2016. Afrikaner, Dwarstrekker. *Beeld*, 21 Oktober 2016.

Leon, T. 2018. Die Broeders as Brekers (en ander Mites). *Rapport*, 29 Julie 2018.

Liebenberg, B.J. & Spies, S.B. (reds). 1993. *South Africa in the 20th Century*. Pretoria: Van Schaik.

Lijphart, A. 1998. South African Democracy: Majoritarian or Consociational? In: *Democratization*, 144-150. Aanlyn beskikbaar: <http://dx.doi.org/10.1080/13510349808403588>.

Lombard, J.A. 1968. Die Ekonomiese Ontwikkeling van die Afrikaner. In: Pienaar 1968, 121-133.

Louw, T.J.G. 2005. *Visies van Vryheid*. Pretoria: Kenau pers.

Malan, K. 2012. *Politocracy – an assessment of the coercive logic of the territorial state and ideas around a response to it*. Pretoria: Pretoria University Law Press.

Malan, K. 2014. Taalverval met besondere verwysing na die ideologieë en praktyke van verstaatliking. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):462-480.

Malan, K. 2019. *There is no Supreme constitution – a Critique of Statist-individualist Constitutionalism*. Pretoria: African Sun Press.

Malan, R. 2017. Wat die Wit Walvis Wonder. *Rapport weekliks*, 26 Maart 2017.

Malherbe, P. 2018. Cyril se Projek wys Wit Jeug Weg. *Beeld*, 31 Oktober 2018.

Malina, B.J. 2006. Interfaith Dialogue. In: Esler, P.F. (ed). *Ancient Israel: The Old Testament in its Social Context*. Minneapolis: Fortress Press, 283-295.

Manning, D. 1989. Ideology and Political Reality. In: O'Sullivan, N. *The Structure of Modern Ideology: Critical Perspectives on Social and Political Theory*. Aldershot: Edward Edgar, 54-88.

Manyana, N. 2016. Afrikaans onder Druk, sê FW. *Netwerk24*, 3 Junie 2016. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/nuus/Algemeen/afrikaans-word-onderdruk-se-fw-20160603> (Toegang verkry: 15 September 2021).

Marx, C. 2010. From Trusteeship to Self-determination. In: L.J. du Plessis. Thinking on Apartheid and his Conflict with H.F. Verwoerd. *Historia* 55(2), 50-75.

McDonald, M. 2008. Constructivism. In: Williams 2008: 59-72.

Methuen, A.M.S. 1901. *Peace or War in South-Africa*. London: Methuen & Co.

Meyers, R. 2006. *CIA World Factbook*. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.e-Sword.net>

Michels, R. 1915. *Political Parties: A Sociological Study of the Oligarchical Tendencies of Modern Democracy*. New York, Hearst's International.

Microsoft Encarta, 2008. Microsoft Encarta Reference Library. (Elektroniese weergawe). Redmond: Microsoft Corporation.

Mills, W. Geen datum. *Republican Trekkervolk*. Aanlyn beskikbaar by:
http://husky1.smu.ca/~wmills/course316/18White_Settlers.html.

Muller, C.F.J. (red.). 1979. *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Pretoria: Van Schaik.

Nilsson, J. 2017. *Boer Project: South Africa: A Reversed Apartheid*. You Tube.

Nixon, J. 1885. *The Complete Story of Transvaal*. London: Sampson Low, Marston, Searle and Rivington.

Nordbruch, C. 2000. *Vir Vryheid en Reg: Buitelanders aan Boerekant tydens die Anglo-Boereoorlog 1899 tot 1902*. Pretoria: Kontakuitgewers.

Norval, E.J.G. 2002. *Bloed, Sweet en Trane: Die Verhaal van die Voortrekkers*. Pretoria: Biedell Uitgewers.

Oakes, D. (red). 1988. *The Readers Digest Illustrated History of South Africa: The Real Story*. Cape Town: The Readers Digest.

Odendal, F.F. *et al.* 1994. *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. (Elektroniese weergawe). Midrand: Perskor Uitgewery.

Oosthuizen, P. 2011. *Die Huidige Volksmoord van Afrikaners*. CreateSpace Independent Publishing Platform.

Opperman Lewis, H. (rev ed). *Revised edition* 2018. *Apartheid Britain's bastard child*. Published by Author using Piquet Publishers' services. Printed and bound by Digital Action. Kontakbesonderhede:
www.piquetpublishers.com .

Pienaar, J.J. Vierde druk: Desember 2001. *Hoekstraat 18*. Pretoria. Self gedruk en versprei.

Pienaar, P. de V. 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Hersiene en verkorte uitgawe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Potgieter, K. & Theunissen, N.H. 1938. *Kommandant-Genl. Hendrik Potgieter*. Pretoria: Biedell Uitgewers.

Preller, G.S. 1920a. *Voortrekkermense Deel I*. 2^{de} druk. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1920b. *Voortrekkermense Deel II*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1922. *Voortrekkermense Deel III*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1925a. *Historiese opstelle*. Pretoria: JL van Schaik.

Preller, G.S. 1925b. *Voortrekkermense Deel IV*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1937. *Andries Pretorius: Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1938a. *Voortrekkermense Deel V*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1938b. *Dagboek van Louis Trichardt 1836-1838*. 2^{de} uitgawe. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1938c. *Voortrekkermense Deel VI*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Pretorius, F.J. 2019. Die Feite oor die Kampe. *Beeld*, 21 Februarie 2019.

Pretorius, J. 2022a. *Afrikaneridentiteit as Uitkoms Van Sosiale Ingenieurswese: 'n Verkennende Perspektief*. Potchefstroom: NWU.

Pretorius, J(L). 2004. *Die Boeremagsage*. Mosselbaai: Vaandel uitgewers.

Pretorius, J(L). 2005. *Die Majuba deklarasie*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.boerevryheid.co.za/forums/content.php?246-Die-volle-Majuba-deklarasie> (Toegang verkry: 2013).

Pretorius, J(L). 2012. *Die Boervolk Bestaan: Alle Boere is Afrikaners maar alle Afrikaners is nie Boere nie*. Geen plek: Geen drukker.

Pretorius, J(L). Geen datum. *Van Afrikaners*. Geen plek: Geen drukker.

Pretorius, J. (jnr.) 2017. *Brief aan AfriForum*. Geen plek: Geen drukker.

Pretorius, J. (jnr.) 2022b. Persoonlike mededeling per e-pos.

Pretorius, P.J. 1996. *Volksverraad*. Mosselbaai: Vaandel uitgewers.

Pretorius, P.J. 2000. *Waarom Volksverraad*. Mosselbaai: Volksverraad-Uitgewers

Pretorius, W. 2018. *Analise oor Rassisme*. Artikel persoonlik oorhandig.

Pretorius, W. 2021. Persoonlike kommunikasie.

Raath, A.W.G. & Van Zyl, N. 2001. *Die Vierkleur Wapper Weer: Die Visioene van Siener van Rensburg*. Pretoria: Binedell Uitgewers.

Rabie, F. 2018. Almal in Land moet kans kry om te Rou. *Rapport Weekliks*, 30 September 2018.

Ridpath, J.C. & Ellis, E.S. 1899. *The Story of South Africa*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.archive.org/details/storyofsouthafriOOridprich>.

Robberts, W. Geen datum. *The White Tribes: Flee, Plea or be Free*. Geen plek: Geen drukker.

Robbertze, H.C.G. 1996. *Vyfde Verslag van die Volkstaatraad: Die Geskiedenis van die Selfbeskikkingsgedagte by die Afrikaner*. Pretoria: Staatsdrukker

Roelofse, C.J. 2009. PowerPoint Voorlegging tydens 'n Byeenkoms van Afrikaner en Boere Leiers met President Zuma in Sandton op 2 April 2009. Persoonlike kommunikasie.

Sargent, L.T. 2009. *Contemporary Political Ideologies: A Comparative Analysis*. 14th edition. Belmont: Wadsworth.

Shearing, H.A. 2004. *The Cape Rebel of the South African War, 1899-1902*. Unpublished doctoral thesis. Stellenbosch: University of Stellenbosch.

Schlebusch, J. 2018. Persoonlike kommunikasie per e-pos gedateer 22 Augustus 2018.

Scholtz, G.D. 1977. *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner: Deel IV: 1881-1899*. Johannesburg: Perskor.

Scholtz, L. 2016. *Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19^{de} en 20^{ste} eeu*. Pretoria: Kraal Uitgewers.

Scholtz, L. 2018. Na 70 jaar worstel Israel steeds. *Rapport Weekliks*, 13 Mei 2018.

Schönteich, M. & Boshoff, H. 2002. 'Volk', *Faith and Fatherland*. Geen plek: Geen drukker.

Schubert, L, Dye, T.R. & Zeigler, H. 2009. *The Irony of Democracy: An Uncommon Introduction to American Politics*, 16th edition. Boston: Wadsworth.

Sisk, T. 1993. *A New South African Social Contract?: Institutional Choice in a Divided Society*. Ann Arbor: UMI.

Smith, G.J.J. 2017. Persoonlike kommunikasie.

Snyder, L.L. 1976. *Varieties of Nationalism: A Comparative Study*. Hinsdale: The Dryden Press.

Solidariteit. 2015. *Solidariteit Helpmekeerplan 2020*. Beskikbaar by: www.solidariteit.co.za.

Spies, P. 2019. Verbeel jou: Elke Stem Tel. *Rapport Weekliks*, 17 April 2019.

Spies, W. 2018. Grondbesit in Afrika het só begin. *Beeld*, 12 Julie 2018.

Steyn, J.C. 1987. *Trouwe Afrikaners: Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse Taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad: Tafelberg.

Steyn, P. 2016. Nóú is hy nog Boesman. *Beeld*, 5 Maart 2016.

Stromberg, J.R. 1999. Maatskappy, State, and Empire: A Pro-Boer Revision. *Journal of Libertarian Studies* 14(1), 1-26.

Stuijt, A. 2008. *Republican Trekker Volk*. Aanlyn beskikbaar by: <http://republicantrekkervolk.blogspot.com/2008/09/noted-distinction-of-boers-from.html>.

Theal, G.M. 1886. *Boers and Bantu: A History of the Wanderings and Wars of the Emigrant Farmers from their leaving the Cape Colony to the overthrow of Dingaan*. Cape Town: Saul Solomon & Co.

Thom, H.B. 1954. *The Journal of Jan van Riebeeck*. Cape Town: AA Balkema.

Toerien, H. 2013. Nuuskomentaar: Wie verteenwoordig die Afrikaner? <https://maroelamedia.co.za/nuus/nuuskomentaar-wie-vertteenwoordig-die-afrikaner/> (Geraadpleeg 17/2/2022.)

Ufer, U. 2010. Revisiting Urbanity and Rurality: Urban and Rural Articulations of an Early Modern Bourgeois Civilizing Process and its Discontents. In: *Journal of Urban Research Special issue* 3(I), 1-15.

Van der Linde, I. 2017. Tussen Onthou en Vergeet. *Beeld*, 27 Mei 2017.

Van Jaarsveld, F.A. 1959. *Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Jaarsveld, F.A. 1980a. *100 Basiese Dokumente by die Studie van die Suid- Afrikaanse Geskiedenis 1648-1961*. Goodwood: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

Van Jaarsveld, F.A. 1980b. *Die Ontstaan van Afrikanernasionalisme 100 Jaar Gelede*. Voordrag gehou voor die Werkgemeenskap Sasolburg (S.A. A.W.K.), 21 Maart 1980.

Van Niekerk, A.A. 1987. Die Begrip Ideologie: Geskiedenis en Konseptuele Analise. In: *Esterhuyse* 1987:3-25.

Van Tonder, R. 1990. *Boerestaat*. English translation. Randburg: Boerestaat Party.

Van Wyk, J. 'n Wêreld met Gebalde Vuiste. *Beeld By*, 27 Mei 2017.

Van Zyl, L.J. & Rabe, J.H. 2004. *Die Groot Trek in Beeld*. 2^{de} druk. Pretoria: Binedell.

Van Vuuren, D. 2003. *Is Jesus Christus 'n Wit Mlungu of 'n Swart Modimo?* 4^{de} uitgawe. Pretoria: Ariël Drukkers.

Viljoen, P.J.J. 1976. *Tot anderkant uit*. Kaapstad: The Van Riebeeck Society.

Volksraadskoerant no. 7 van die Boere-Afrikanervolksraad, 2013. Uitgegee deur www.volksraad.co.za. Posbus 1221, Rayton 1001.

Von Wielligh, G.R. 1925. *Baanbrekerswerk*. Pretoria: Van Schaik.

Vorster, T. 2018. Gesprekke oor grond skuif na rasonale sentrum. *Beeld*, 19 Mei 2018.

Wasserman, H. 2018. Wat soek AfriForum in Skole? *Beeld*, 27 Oktober 2018.

Wessels, A. 2011. Boer Guerrilla and British Counterguerrilla Operations in South Africa, 1899 to 1902. In: *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies*, 39(2), 1-24.


Wiid, J.A. 1968. Die Geskiedenis van die Afrikaner. In: *Pienaar* 1968:15-36.

Wilkens, I. & Strydom, H. 1978. *The Super Afrikaners*. Johannesburg: Jonathan Publications.

Williams, P.D. (ed). 2008. *Security Studies: An Introduction*. London: Routledge.

Willemse, H. 2020. Ampie Coetzee: 'n Woordmens. *Beeld* 21 Oktober 2020.

Wingard, J. 2009. *Op Reis na Vryheid*. Lynwood: Aanlyn beskikbaar by: jwingard@iburst.co.za



INDEKS



16 Desember 1938, 290

1914-rebellie. *Kyk* Boereopstand

1914-Rebellie, 32, 243, 272, 276

1994-verkiesing, 31, 76

31 Mei, 141, 307

AB, x, 33, 34, 37, 47, 58, 59, 60, 443, 448, 459, 460, 465, *Kyk* Broederbond

Accord, 83, 253

Adam Tas, 120

Adriana Stuijt, 48

AfriForum, 73, 88, 221, 333, 334, 359, 408, 409, 410, 411, 412, 429, 430, 431, 432, 435, 495, 499, 502

Afrikaanse Patriot, 53, 54, 153, 154, 173

Afrikaanse Protestantse Kerk, x, 80, 228, *Kyk* APK

Afrikaanses, 24, 26, 68, 103, 207, 330, 333, 395

Afrikaner Volkswag, 36, 55, 439

Afrikaner Weerstand Beweging, x, 36, *Kyk* AWB

Afrikanerbond, viii, ii, 53, 58, 88, 152, 154, 155, 156, 157, 202, 207, 321, 414, 426, 436, 443, 494

Afrikaner-Broederbond, viii, x, ii, 33, 58, 154, 156, 321, *Kyk* AB

Afrikanerelite, ii, 33, 34, 36, 37, 39, 47, 58, 59, 60, 69, 85, 92, 95, 137, 167, 181, 187, 207, 280, 289, 313, 314, 315, 318, 459

Afrikaners met Boeremaskers, ii, 73, 74, 75, 76, 80, 156, 221, 293, 441, 451, 468

Afrikanervolk, 8, 10, 40, 55, 138, 150, 157, 180, 186, 197, 231, 269, 283, 286, 308, 317, 387, 442, 480, *Kyk Afrikanernasie*

Afrikanervolksfront, ix

Agri SA, 79, 206, 222, 302, 330, 391, 432

Akkerbouer, 123, 129, 151

Akkerbouers, 111, 118, 124

Aksie Volkseie Skolesport, 76

Albatros, ii, 406

All-Afrikanerdom, 12, 57, 112, 143, 154, 161, 162, 163, 171, 175, 176, 178, 182, 271, 273, 295

Amptenary, 78, 110, 118, 120, 121

Anachronisme, ii, 42

Anachronisties, 38, 40, 41, 43, 45, 61, 63, 115, 132, 144, 159, 164, 165, 180, 182, 185, 187

Andries Pretorius, 134, 136, 140, 170, 217, 232, 275, 408, 499

Anglo-Boereoorlog, vii, 10, 18, 45, 50, 71, 142, 161, 183, 272, 273, 276, 284, 332, 373, 498, *Kyk Tweede Vryheidsoorlog*

Anita Armand, 74

Apartheid-Afrikaner, 57, 60, 69, 87, 108, 162, 163, 215, 460

APK, x, 73, 80, 190, 191, 228, 230, 370

Arabiese Lente, 439

Arthur Conan Doyle, 145, 218, 261

Arthur Kemp, 48, 133, 258

Ashwin Willemse, 91

ATKV, x, 73, 88, 323, 330, 433

AVBOB, 240

AVF, x, 81, 82, 83, 84, 243, 252, 290, 382, 383, 384, 385, 426, 441, 464

AWB, ix, x, 36, 47, 55, 83, 194, 258, 290, 359, 385, 439

Balkanisering, ii, 393

Barnard Beukman, 24

BASA19, x

Baske, 13, 260, 415

Basson, 92, 406

Bataafse bewind, vii

BCVO, x, 191, 230

BEE, x, ii, 322, 366, 369, 463

Benjamin D'Urban, 113

Bennie van Zyl, 75

Beukman, 91

Beyers, 47, 177, 179

Bezuidenhout se wa, 143

Bittereinders, ii, 174, 492

BKA, ix, x, 83

Blanke Afrikaanssprekendes in Suider-Afrika tydens die 19^{de} eeu, x, *Kyk* BASA19

Blankisme, 33, 168, 281, 295, 310

Bloedrivier, 17, 43, 49, 60, 73, 136, 137, 138, 165, 172, 180, 183, 184, 213, 230, 234, 236, 242, 267, 272, 274, 275, 332, 413, 460, 467, *Kyk* Slag van Bloedrivier

Bloemfontein, 163, 165, 174, 175, 190, 243, 294, 472

Blou Bul, 231

Bloukrans en Weenen, vii, 375

Boer-Afrikaner debat, 1, 257

Boere Krisis Aksie, x, 83, *Kyk* BKA

Boeregeneraals, 146, 177

Boeregesindes, 75, 191, 245, 277

Boeregesindheid, ii, 62, 63, 75, 97, 99, 100, 113, 121, 122, 131, 183, 243, 245, 246, 260, 299, 300, 334, 415

Boereklas, 107, 108

Boeremag, ix, 243, 248, 249, 250, 464

Boeremagsaak, v, 94, 250, 251, 257, 470

Boeremagsage, v, 93, 248, 252, 499

Boeremagte, 96, 115, 142, 160

Boeremaskers, 76, 77

Boereopstand, viii, 32, 60, 78, 96, 115, 131, 146, 162, 188, 208, 223, 224, 239, 241, 243, 252, 286, 291, 296, 308, 376, 413, 421, 493

Boerestaat, 359, 447, 457, 458, 466, 467, 470, 474, 475, 502

Boerestan, 247, 309

Boerevolk Verteenwoordigende Raad, v, x, 127, 233, 254, 256, 257, *Kyk BVR*

Boerevolk Vryheidstigting, x, 254, 256, 257, 439, *Kyk BVS*

Boesmans, 116, 125, 129, 340, 375, 376, 396, 397, 398, 399

Bond, ii, iv, 40, 53, 58, 60, 152, 155, 156, 157, 158, 159, 160, 161, 173, 184, 202, 238, 284, 288, 289, *Kyk Die Bond*

Boomplaats, 46, 184, 242, 408, 413

Bophuthatswana, ix, 350, 393

Botha, 2, 7, 239, 244, 286, 291, 296, 297, 298, 301, 311, 344, 359, 376, 421, 492, 493, 496

Britse bewind, vii, 84, 128, 144

Britse gesag, 84, 119, 135, 286

Britse setlaars, 130

Brittanje, vii, viii, 50, 84, 130, 142, 143, 144, 242, 243, 254, 257, 273, 275, 276, 284, 311, 325, 361, 413, 469, *Kyk Engeland*

Broederbond, viii, ii, 73, 85, 156, 163, 207, 292, 355, 358, 370, 419, 426, 436, 494, *Kyk AB*

Broeders, 184, 437, 495, 497, *Kyk AB*

Bruinmense, 24, 26, 67, 68, 89, 103, 158, 210, 287, 352, 379, 390, 394, 395, 396, 397, 400, *Kyk Koisan*

BVR, v, x, 127, 233, 243, 254, 256, 257, 467, 484, 490

BVS, v, x, 243, 254, 256, 257, 419, 439, 464, 466, 467

Cape Colony, 44, 52, 146, 501, *Kyk Kaap*

Cape-Dutch, 51, 55, 63, 110, 119, 133, 205

Carel Boshoff, 338, 444

Carneiro, 5, 16, 135, 139, 145, 468

Chamberlain, 44, 143, 146, 282, 343

Christelike Volkseie Onderwys, x, 77, 191

Christo van der Rheede, 204, 396

Cleary, 4, 5, 6

Congella, 184, 242, 413

Constand Viljoen, ix, 82, 83, 383, 384, 456

Cosatu, 396, 435

Croukamp, 77, 92, 203, 220, 406, 409, 410

CVO. *Kyk CVO*

Cyril Ramaphosa, vi, 323, 400, 411, 418, 443

Danie Langner, 86, 432

Danie Theron, 273, 275

Danny Titus, 204

De Klerk, 237, 239, 301, 376

De Kongres van Volksrepresentanten, vii

De la Rey, 74, 187, 170, 240, 241, 273, 275, 297, 428, 492

De Volkstem, 146

De Wet, 52, 170, 187, 210, 273, 275, 306

De Zuid-Afrikaan, vii, 138, 149, 152

Definisie van Afrikaner, 153

Degenaar, 5, 7, 8, 9, 40, 59, 64, 70, 121, 122, 133, 183, 186, 277, 280, 493

Delagoabaai, 44, 143

Demokratiese Alliansie, ix, x

Deon Crous, 248

Deon Maas, iv, 25, 26, 92, 123, 302

Depressie, 224

Diachronisme, ii, iii, iv, 42

Diachronisties, 38, 41, 42, 133, 286, 287

Diamante, viii

Dick King, 185

Die Bond, 154, 155, 157, *Kyk Afrikanerbond*

Die Kaap, vii, iii, 42

Dingaan, v, vii, 233, 234, 235, 242, 275, 345, 348, 375, 384, 408, 482

Dingaansdag, 181, 494, *Kyk Geloftedag*

Dominee Boshoff, 208

Doodskampe, 225, 284, *Kyk konsentrasie-kampe*

Dr. Piet Cloete, 48, 198

Du Plessis, 47, 77, 374, 493

Du Preez, 77, 92, 127, 203, 220, 302, 330, 406, 409, 442

Duitsers, 105, 109, 172, 243, 246, 271, 283, 379, 454

Duitsland, 35, 71, 245, 254, 340, 352, *Kyk Duitsers*

Duitswes-Afrika, x, 217

Eenheidskomitee van 25, x, 81

Eerste Boereregering, vii, 482

Eerste Vryheidsoorlog, viii, iii, 15, 50, 143, 159, 160, 161, 184, 276

Eerste Wêreldoorlog, viii, 71, 78, 188, 243

Eeufes, 162, 194, 198, 290

Eeufesviering, viii 192, 245, 290, *Kyk Eeufes*

Effendi-politiek, 34

Eierigting, iii, 254

Elite, iii, 32

Elma Potgieter, 48

Emily Hobhouse, 284

Engeland, 46, 62, 70, 71, 102, 126, 133, 159, 215, 233, 239, 332, 340, 350, 351, 352, 405, 408, 458

Engelsman, 33, 50, 145, 177, 183, 206, 244, 287, 292, 293, 295, 297, 298, 300, 310, 311, 315, 356, 363, 367, 408, 436

Ernst Stals, 217

Esselen, 177

Etienne Barbier, 149

Europa, viii, 2, 105, 106, 110, 112, 120, 127, 217, 237

FAK, viii, x, 73, 74, 86, 88, 163, 165, 190, 192, 263, 323, 330, 333, 429, 432, 433, 448

Familiiegroepe, 16, 135, 398

Federalisme, iii

Final Solution, 283, 284

Finale grondwet, ix, 308

Flip Buys, 24, 89

Floyd, 127, 494

Fragmentasie, iii, 285

Frans Cronjé, 368, 391, 471

Franse Hugenote, vii, 107

Freedom Charter, 291

FW de Klerk-stigting, 88, 409

Gariep, 85, 98, 329, 415, *Kyk* Oranjerivier

Geboorte van die Boerevolk, vii, 136, 252

Gees van die Kolonialer, 87, 131, 298

Geheime organisasies, 370, 436

Geldende mening, 19, 31, 32, 33, 34, 35, 37, 38, 39, 40, 43, 45, 291, 294, 358, 359, 369, 431, 448

Gelofte, 17, 49, 136, 137, 138, 173, 180, 206, 230, 234, 236, 267, 272, 274, 275, 467, *Kyk* Bloedrivier

Geloftedag, 192, *Kyk* Gelofte

Geloftefeeste, 98, 137, 170, 173, 176, 192, 206, 235, 270, 371, *Kyk Gelofte*

Genootskap van Regte Afrikaners, viii, x, 50, 53, 152, 153, 272, 276

Gereformeerde Kerk, ii, 40, 80, 209, 228

Gert Engelsman, 188, 189

Getalle, 407, 425, 426

Gideon Scheepers, iv, 97, 273, 275

Gladwell, 5, 61, 62, 70, 99, 111, 113, 123, 124, 129, 131, 143, 218, 225, 226, 227, 296, 373, 399, 495

Godwin's Rule of Nazi analogues, 90

Goedgevonden, ix, 194, 359, 421

Goud, viii

GRA, viii, x, 13, 17, 50, 53, 60, 113, 150, 152, 153, 154, 155, 160, 161, 165, 172, 173, 180, 187, 246, 272, 276, 289

Graaff-Reinet, viii, 49, 60, 117, 121, 122, 131, 140, 155, 172, 242, 271, 272, 274, 275, 420, 482

Grensboere, 113, 116

Groepsidentiteit, 13, 14, 15, 17, 58, 64, 202, 266, 278, 327, 339

Grondgebied, vi, iii, v, 9, 40, 55, 63, 81, 85, 97, 115, 249, 250, 300, 340, 341, 342, 345, 346, 350, 395, 407, 416, 418, 445, 447, 463, 466, 469, 470, 471, 472, 473, 476

Grondwet, iv, 40, 135, 140, 155, 156, 210, 287, 308, 320, 387

Grondwet, 136, 253, 309, 319, 322, 386, 387, 388, 390, 391

Groot Trek, iv, vii, viii, iii, vi, vii, viii, 13, 15, 36, 41, 43, 48, 49, 54, 60, 74, 78, 79, 80, 102, 115, 117, 123, 124, 126, 128, 130, 175, 182, 186, 192, 201, 214, 470, 472, 474, 475, 476, 478, 479, 502

Groot Trek-150, 36

Habib, 91

Heindrich Wyngaardt, 26, 88, 204

Heldedag, 192

Helpmekaarstudie-fonds, 190

Hendrik Bibault, 149

Hendrik Potgieter, iv, viii, 140, 344, 350, 499

Hendsopper, iii, 41

Hennie Aucamp, 129, 329

Here XVII, iii, 42, 120

Hermann Giliomee, 62

HNP, x, 36, 55, 73, 78, 290, 292, 362

Hofmeyr, 146, 155, 157, 158, 159, 187

Hooflaer, 16, 135, 136

Hoogenhout, 152

Hottentotte, 116, 125, 340, 341, 350, 375, 376, 396, 397, 398, 399

Hovenier, iii

Huntington, 336, 474, 495

Ideologie, iv, 451, 453, 502

Imperial Cold Storage, 189

Israel, 58, 138, 171, 191, 194, 229, 235, 252, 254, 257, 370, 447, 473, 497, 500

Israel-groeperings, 191

Italeni, 234, 274

Ivor Price, 204

IVP, x, 394

Jacob Rooi, 204

Jacob Zuma, vi, 233, 411

Jameson-inval, viii

Jan Hofmeyr, 129, 155, 157, 180

Jan van Riebeeck, vii, 19, 42, 60, 108, 150, 165, 172, 182, 197, 271, 273, 290, 341, 342, 501

JBM Hertzog, viii, 164, 191, 244, 298

JC Smit, 248

Jode, 225, 226, 238, 251, 283, 332, 414

Johann Rupert, 24, 77, 78, 157, 415

Johann Wingard, 317, 442, 446

Johanna Brandt, 489

Johannes Froneman, 28, 127

Johannes van der Walt, 74

Joiner, iv, 41

Jonathan Haas, 124,

Jopie Fourie, iv, 177, 239, 273, 275

Joubert, 30, 37, 87, 92, 220, 256, 273, 275, *Kyk* Lourens Joubert

Justum bellum, iv, 347

Kaapkolonie, viii, iv, vi, 10, 42, 44, 46, 69, 121, 130, 131, 132, 139, 140, 146, 159, 201, 352

Kaapse Patriot-beweging, vii

Kaapse Patriotte, iv, 121

Kaapse Sinode, 228

Kallie Kriel, 27

Karoo, 114, 115, 116, 238, 346

Keeley, 14, 125, 126, 218, 495

Kefferbrakkie, iv, 93

Kefferbrakkiebende, 412, 421, 430, 431

Kemp, 133, 177, 179, 243, 253, 258, 275, 495, 496

Kerk en Samelewing, 209

Khoi-Khoi, vii, 397, 398, *Kyk* Khoi-San

Kibboets, 473

Kimberley, viii, 397, 408

Kindergarten, iv, 58, 280, 281

Kleinfontein, 221, 222, 472

Kodesa, ix, 479

KODESA, x, 20, 102, 253, 321, 322, 325, 379, 386, 392, 421

Koerde, 13, 415

Koisan, 67, 68, 396, 397, 400

Kolonel JC Laas, 245

Kolonel Piet Botha, 82

Kolonialergesindheid, ii, iv, 46, 62, 63, 76, 80, 87, 100, 119, 122, 124, 186, 191, 203, 207, 228, 243, 245, 246, 252, 288, 293, 298

Kombuis, 77, 406

Kommandant-generaal, 136

Kommando's, 16, 253, 385

Konflik en Oorlog-teorie, 14, 15

Koningin, 119, 159, 205

Konsentrasiekampe, 174, 175, 282, 460

Konsepsie van die Boervolk, 122, 140

Konseptuele blok, 19, 35, 37, 38, 39, 44, 48, 51, 53, 55, 63, 75, 85, 99, 104, 113, 129, 196, 246, 277, 278, 316, 331, 333, 369

Konserwatiewe Party, x, 36, 427

Konsosialisme, iv, 380, 388

Konsosiasie, 444

Koos Kombuis, 26, 92, 203, 220

Kosmopoliet, v, 204

KP, x, 36, 55, 73, 76, 78, 81, 82, 290, 292, 293, 362, 385, 426, 437, *Kyk* Konserwatiewe Party

Kubervolk, v, 466

Kulturele Entrepreneur, 11, 12

Kulturele erfenis, vi, ii, iv, vi, 36, 37, 59, 61, 62, 63, 68, 84, 100, 102, 215, 216, 218, 336, 339, 340, 373, 413

Kulturele Geweld, iii, vi, 282, 285

Kulturele nasionalis, 12, 13

Kurd Schwabe, 217

Kwotas, 211, 230, 231, 356, 365, 366, 463

Lansing, 244, 245, 381

Leipoldt, 263

Lesotho, 139, 140, 393

Liberaal, 266

Limiete, 111, 112, 115, 116, 119, 123, 124, 201, 361, 377, *Kyk Oosgrens*

Lloyd George, 244, 298

Loftus Versveld, 231

Louis Botha, 223, 297

Louis Bothma, 32

Louis Meintjies, 75

Lourens du Plessis, 248

Lourens Joubert, 9, 30, 302

Maas, 25, 77, 203, 220

Maatschappij van vereenigen Laagen, 136

Majuba, iv, v, 45, 73, 111, 152, 158, 159, 160, 161, 165, 172, 183, 214, 243, 253, 254, 255, 332, 413, 419, 460, 464, 489, 499, *Kyk Slag van Majuba*

Malan, 59, 162, 164, 188, 192, 244, 290, 291, 296, 298, 299, 322, 355, 364, 372, 373, 497

Mandela, vi, 24, 254, 382, 383, 385, 442, 443

Manning, 449, 450, 451, 452, 497

Maritz, v, 134, 177, 179, 187, 234, 243, 247, 273, 275, 300, 306, 308, 309, 359, 360, 365, 413, 415, 464

Matabeles, 235, 242, 302, 346, 347, 348, 349, 350, 362, 376, 415

Mbeki, v, 254, 255, 319, 383, 456, 457, 488

Media, 31, 32, 48, 56, 101, 147, 168, 169, 171, 177, 178, 194, 195, 198, 203, 204, 211, 220, 221, 222, 233, 250, 265, 266, 271, 303, 323, 330, 358, 359, 372, 408, 409, 438, 461, 467

Mende, v, 4

Mfecane, v, 235, 348

Militêre Intelligensie, 257

Milner, iv, 56, 58, 177, 186, 280, 281, 282, 285, 291, 297, 325, 376, 432

Minnie Pretorius, v, 255

Misdaad Intelligensie, 257

Mite, 89, 92, 132, 137, 138, 163, 169, 170, 171, 175, 176, 193, 196, 234, 235, 252, 270, 271, 275, 287, 290, 352, 452

Mites, 13, 17, 168, 169, 170, 171, 251, 268, 278, 326

Monument, 79, 175, 214, *Kyk Voortrekkermonument*

Mosega en Kapain, vii, 184, 242, 332, 350, 413

Mulder, 129, 301, 329, 390

Naamsverandering, 207

Naas Botha, 91

Naboomspruit, 198, 212

Napier, 46, 133, 140

Nasiestaat, 106, 392

Nasionale Party, viii, ix, x, ii, 33, 36, 47, 59, 85, 310, 321, 391, 460,

Nasionalisme, v, 124, 265, 293, 454

Natal, iii, 41, 42, 46, 131, 133, 137, 139, 221, 224, 232, 242, 255, 341, 346, 352, 353, 408, 420

Natalia, vii, viii, 133, 136, 137, 140, 420, 482

Natrekkers, 420, 447

Nederduits Hervormde Kerk, 80

Nederduitse Gereformeerde Kerk, vii

Nederduits-Gereformeerde Kerk, 80

Nederland, v, 42, 105, 106, 109, 121, 122, 254, 299, 444

Neo-apartheid, v, 378

Neo-kolonialisme, v, 455

NG Kerk. *Kyk* NG Kerk

Nick Mallet, 91

Nixon, 50, 52, 64, 136, 160, 498

NSA, ix, ii, v, vii, 30, 34, 62, 83, 101, 102, 103, 193, 203, 206, 211, 212, 219, 230, 240, 243, 316, 338, 350, 371, 393, 395, 404, 418, 419, 423, 425, 443, 475

Nuwe Groot Trek, 201

NWU, ii, 28, 195, 499

OB, ii, 97, 162, 188, 239, 241, 243, 245, 246, 277, 290, 306, 376, 421

Olifant, 74, 75, 80, 155, 221

Oligargie, v, 448

Olive Schreiner, 238

Oloff Bergh, 180

Onze Jan, 77, 157, 158, 180, 202, 204

Oosgrens, 14, 15, 115, 116, 131, 134, 147, 182, 186, 221, 222, 224, 231, 237, 239, 275, 287, 361

Oos-Kaap, 119

Orania, 221, 222, 439, 444, 472

Oranjemanne, v, 121, 122, 123, 140, 289

Oranjerivier, 10, 85, 98, 186, 283, 329, 415

Oranje-Vrystaat, viii

Oranjewerkers, 36, 55, 439, 493

Orde Boerevolk, 257, 464

Oscar Schachter, 461, 465

Ossewabrandwag, ii, 47, 60, 71, 78, 97, 172, 192, 243, 245, 246, 291, 300, *Kyk* OB, *Kyk* OB

Ossewa-Brandwag, 50, 162, 272, 276, 277, 278, 300, 306, 413, *Kyk* OB

OVS, ii, vii, 8, 10, 60, 71, 141, 145, 156, 160, 172, 173, 243, 260, 309, 413

Paardekraal, 143

Paarl, viii, 60, 153, 154, 172, 175, 186

Pannevis, 152, 187

Paradigma A, vi, 39, 41, 42, 43, 44, 45, 46, 47, 65, 71, 104, 137, 138, 144, 145, 275, 277, 278, 448

Paradigma B, vi, 39, 48, 49, 52, 53, 56, 65, 268, 269, 273, 274, 275, 277, 278, 448

Pat, v

Patriotbeweging, 115, 121, 140, 165, 242, *Kyk Kaapse Patriotte*

Patriotisme, v, 7

Patriotte, v, 121, 122, 123, 140, 289, 420, *Kyk Kaapse Patriotte*

Paul Kruger, 44, 52, 95, 143, 146, 170, 192, 235, 239, 350, 408, 493

Penetrasie, vi, 285

Petrus Coetze, 96

Piet Boer, 74, 96, 240

Piet Muller, 466

Piet Pretorius, 226, 300

Piet Rudolf, 257

Piet Uys, 134

Pieter Bruwer, 55, 72

Pieter Mulder, 129, 329, 368, 389

Pietermaritzburg, 136, 352, 353

Politiese nasionalis, 12, 13

Politiese sosialisasie, v, 4, 57, 58, 167, 168, 177, 280

Postmodernisme, vi, 68, 210

Potchefstroom, viii, 235, 284, 294, 407, 482, 499

Potgieter, v, 134, 140, 232, 234, 272, 275, 342, 343, 348, 349, 413, 499

Potgietersrus, 76, 81, 194, 232, 301, 359, 408

Pretoria, ix, ii, 74, 75, 79, 89, 146, 175, 212, 221, , 494, 495, 496, 497, 498, 499, 500, 502

Pretoria FM, ii, 74, 75, 79, 89, 212, 221, 290, 333, 370, 409, 426, 427, 429, 435, *Kyk Radio Pretoria*

Primordialisme, vi, 43

Primordialisties, 38, 43, 150, 271

Pro-koloniale Kolonialers, viii

Pro-Koloniale-Kolonialer, vi, 92, 130, 131, 132, 156, 161, 283

Pro-Koloniale-Kolonialers, 132, 143, 153, 154, 155, 160, 288

Pro-Republikeinse-Kolonialer, vi, 116, 130, 131, 132, 142, 143, 152, 155, 156, 158, 160, 161, 165, 295, 299

Pro-Republikeinse-Kolonialers, 96, 113, 131, 132, 153, 154, 155, 160, 173, 186

Proto-Afrikaner, vi, 107, 117, 118, 120, 123, 124, 126, 128, 130, 132, 274, 318, 420

Proto-Boer, ii, vi, 15, 99, 102, 107, 112, 113, 114, 115, 119, 123, 128, 129, 134, 147, 205, 274, 318, 413

Proto-Boere, iii, vii, 11, 15, 41, 49, 78, 94, 113, 115, 116, 119, 131, 135, 186, 202, 237, 238, 241, 250, 251, 274, 275, 361, 362, 375, 458

Radio Pretoria, ii, 73, 74, 75, 79, 194, 333, *Kyk Pretoria*FM

Rapportryers, 182, 433

Rebellie van 1914, 143, 144, 492, *Kyk Boereopstand*

Rebelspoor, 32, 479, 493

Reënboognasie, 12, 4, 67, 86, 92, 108, 203, 206, 240, 316, 400, 415

Referendum, 78, 162, 206, 212, 243, 277, 307, 330, 416, 427

Regses, vi, 36, 37, 47, 55

Regter Eben Jordaen, 250

Republiek Graaff-Reinet, vii

Republiek Swellendam, vii

Republiek van Suid-Afrika, ii, 140, 292, 436, *Kyk RSA*

Republiekwording, 78, 167, 168, 206, 243, 281, 304, 305, 306, 308, 309, 314, 330, 362, 402, 404

Republikeins-gesind, 70, 79, 299, 414, 437, 476

Retief, v, vii, 134, 170, 187, 233, 234, 272, 275, 342, 345, 375, 384, 391, 394, 396, 408, 413, 482

Retoriek van die Boer, 121

Rhodes, 156, 158, 212, 291, 297, 298

Ridpath en Ellis, 50, 64, 136, 160

Robert van Tonder, 48, 247, 439

Roelofse, 85, 97, 98, 111, 260, 329, 415, 437, 480, 500

Roets, 359, 430

Romeine 13, 208, 223

RSA, vi, ii, 106, 140, 206, 249, 263, 271, 292, 295, 300, 305, 306, 307, 308, 309, 310, 311, 314, 350, 362, 386, 436, 483

RSG, ii, 68, 79, 89, 204, 207, 212, 221, 240, 330, 370, 395, 400, 426, 492

Ruiterwag, 176, 182, 271

S. J. du Toit, 152, 234

Sabra, 300

SANLAM, ii, 240

SAP, ii, 58, 194, 245, 285, 385

Sappe, ii, 157, 203, 285, 289, *Kyk SAP*

Sarel Cilliers, 181, 233, 272, 275, 347, 375, 494

SAUK, ii, 68, 73

Schalk Jacobsz, 48, 236

Schlebusch, 83, 127, 500

Schlemmer, 456, 471

Selfregering, 134, 264, 308, 476

Senekal, 1, 264, 370

Shaka, 235

Siener van Rensburg, 273, 275, 480, 500

Silkaats, vii, 232, 346, 348

Simbole, vi, 162, 171, 175, 193, 290, 418, 445, 452, 460, 467

Simboliese Interaksie-teorie, 11, 16

Sinchronisme, ii, iii

Sinchronisties, 38, 40, 41, 42, 43, 60, 63, 111, 115, 132, 142, 151, 161, 164, 165, 185, 186, 187

Slag van Bloedrivier, vii, 17, 46, 136, 137, 173, 192, 233

Slag van Doringberg, 208

Slag van Italeni, vii

Slag van Majuba, viii, 50, 60, 98, 146, 159, 160, 161, 173, 245, 272, 273, 275, 276

Slagtersnek, vii, 49, 60, 165, 172, 208, 242, 250, 251, 271, 272, 274, 275, 332, 375

Smuts, viii, 97, 244, 246, 273, 286, 291, 296, 297, 298, 355, 397

Solidariteit, 24, 88, 221, 333, 334, 339, 365, 409, 410, 429, 431, 432, 434, 435, 501

Solidariteitsgroep, 88, 89, Kyk SoliForum

Soliforum, 429

Sosiale Fenomenologie-teorie, 11, 15

Sosiale ingenieurswese, v, ii, vii, 17, 19, 35, 37, 47, 57, 58, 59, 61, 63, 64, 65, 69, 99, 331, 362, 460

Sosialisasie, vii, 4, 19, 32, 36, 57, 58, 64, 65, 107, 108, 129, 156, 293, 294, 313, 315, 318, 329, 362, 462, 478

South African Native National Congress, viii

Spoorweë, 159

Springbokke, 203, 231, 240, 395

SS, ii, 252

Stellenbosch, 24, 60, 76, 205, 289, 294, 298, 299, 300, 369, 430, 500

Stephen Jay Gould, 35, 36

Steve Biko, 443

Steve Hofmeyr, 25, 123, 409

Stigtingsdag, 170, 192

Stockenstrom, 205, 217

Stoffel, 93

Stormjaers, 439

Strafkommando, vii, 184

Strijdom, 291, 299, 301

Stromberg, 48, 52, 59, 136, 299, 501

Struggle, 435, 494

Suidlanders, 434

Swaziland, 139, 140, 393

Swellendam, 49, 60, 114, 121, 122, 131, 140, 172, 205, 242, 260, 271, 272, 273, 274, 275, 420, 482

Taalkongres, 187

Taalmonument, 50, 171, 173, 175, 211, 267, 272, 274, 276, 460

TAR, ii

TG, ii, 73, 76, 79, 88, 137, 190, 191, 292, 312, 333, 426, 433, 437, 448

Thaba Nchu, vii, 135, 342

The Super Afrikaner, 59

Tim du Plessis, 26, 92, 203, 302, 374, 406

Timothy Sisk, 294, 379

TLU, ii, 75, 79, 206, 221, 222, 431, 432, 434

Tony Leon, 47

Totius, 209

Transformasie, vi, vii, 26, 34, 91, 99, 101, 108, 230, 240, 319, , 363, 364, 365, 367, 368, 369, 371, 377, 378, 456, 469,

Transvaalse opstand, 46, 50, 158, 159, 160, 272, 276, *Kyk Majuba*

Trek. *Kyk Groot Trek*

Trekboer, 63, 114, 123, *Kyk Trekboere*

Trekboerbeweging, vii, 78, 114

Trekboere, iv, vii, 14, 78, 113, 114, 115, 116, 117, 123, 124, 125, 126, 202, 341, 346, 375

Trekgroepe, 16, 135

Trekkers, 48, 131, 132, 134, 136, 140, 228, 420, 440, 474, *Kyk Groot Trek*

Trekroetes, iv, 117

Tussentydse grondwet, ix

Tweede Boereregering, vii

Tweede Taalbeweging, 186, 187

Tweede Vryheidsoorlog, ii, iii, iv, 10, 15, 40, 41, 46, 50, 56, 71, 95, 111, 131, 142, 143, , 208, 223, 224, 225, 235, 242, 243, 257, 275, 376, 405, 406, 413, 420, 460

Tweede Wêreldoorlog, 71, 78, 97, 188, 243, 245, 246, 263, 314, 351, 376

UDF, ii, 424

Uitskieters, 112, 123, 131, 264, 267, 420, 448, 476, *Kyk Uitskieter*

Uitskietersgees, 111, *Kyk Uitskieter*

Unie, iv, viii, ii, 177, 178, 179, 180, 244, 286, 287, 295, 307, 308, 350, 431, 463

Unie van Suid-Afrika, viii, 177, 286

Unieregering, 243, 353

Unievlag, 192, 290, 460

UNPO, ii, 127, 254

Vaalrivier, 144, 344

Vakbonde, 435

Van Broekhuizen, v

Van der Westhuizen, 92, 203, 396, 429

Van Jaarsveld, 10, 15, 38, 40, 42, 294, 501, 502

Van Jaarsveld-rebellie, vii, 78

Van Niekerk, 40, 52, 430, 431, 502

Van Riebeeck, v, 42, 109, 110, 341, 399, 502, *Kyk Jan van Riebeeck*

Van Zyl Slabbert, 240

Veeboer, 116, 123, 129, 150, 151, 218

Veeboerbeweging, iv, vii, 111, 112, 114, 116, 117, 118, 126, 201, 242

Vegkop, vii, 165, 172, 173, 180, 242, 272, 274, 332, 413

VEKOM, ii, ix, 81, 82, 383, 426, 243

Ventersdorp, ix, 194, 359

Verbeelde Gemeenskap, 11, 12

Verenigde Nasies, ii, 258, 496

Verenigde Party, viii, ii, 289

Verinheems, 110, 19, 129, 134

Verkramp, 47, 77, 88, 91, 265

Versailles, 244, 298, 381, 464

Verversingspos, 49, 275

Verwoerd, 47, 60, 247, 291, 296, 299, 308, 309, 311, 357, 360, 361, 411, 464, 497

VF+, ii, 82, 203, 333, 370, 427, 428, 434

Victoria-kollege, 289, 294, 298, 299, *Kyk Stellenbosch*

Vierkleur, vii, 480

Vierkleur, iv, v, vii, 30, 192, 214, 332, 480, 500

VN, ii, 253, 254, 257, 411, 464

VOC, vii, ii, iii, vii, 42, 120, 128, 271, 274, 375, 494

Volksbewussyn, 5, 8, 13, 15, 16, 17, 64, 65, 70, 121, 122, 142, 143, 144, 145, 149, 151, 160, 161, 162, 170, 260, 265, 278, 294, 330

Volksbond, 73, 76, 88, 190, 333, 370, 426, 436, 437, 438, 448, *Kyk TG*

Volksbyeenkomste, 173, 176

Volksidentiteit, 5, 64

Volksisme, vii, 7, 9, 27, 91, 124, 142, 455

Volkskas, 73, 190, 240, 434

Volksplanting, 49, 182, 197, 272, 275

Volksraad, ii, 88, 133, 235, 258

Volksraad Verkiesingskommissie, ii, 88, *Kyk VVK*

Volksregister, 101, 468

Volkstaat, 253, 293, 362, 386, 456, 457, 471

Volkstaatraad, 472

Volkstaatraad, 28, 44, 84, 135, 146, 202, 220, 251, 253, 282, 286, 305, 307, 314, 317, 381, 385, 387, 413, 442, 446, 456, 464, 471, 500

Volksverraad, 300, 499

Volksvorming, 87, 122, 127, 201

Voortrekker, vii, 52, 54, 63, 79, 140, 170, 181, 182, 499

Voortrekkermonument, 50, 60, 73, 79, 170, 173, 175, 182, 213, 214, 267, 272, 274, 276, 290, 460

Voortrekkers, 45, 54, 173, 234, 263, 290, 342, 344, 496, 498

Vorster, 248, 291, 296, 300, 301, 306, 311, 341, 376, 502

Vrededorp, 224, 239

Vroue van die Boervolk, 488, 489

Vrouemonument, 50, 171, 174, 175, 272, 274, 276, 460

Vryburgers, vii, 138

Vryburgers, vii, 78, 107, 108, 109, 110, 111, 113, 114, 117, 120, 237, 289, 346, 375, 420, *Kyk* Vryburger

Vrye Provinsie Nuwe Holland in Suidoos-Afrika, 136

Vryheidsfront Plus, ii, 82, 129, 329, 409, *Kyk* VF+

Vryheidsoorloë, 43, 60, 70, 78, 142, 145, 172, 184, 241, 294

Vryheidspad, 20, 237, 414, 420, 432, 444, 445, 446, 469, 470, 476

Vryheidsplan, 77, 441, 479

Vryheidsroete, 20, 445

Vryheidstrewe, ii, vi, 7, 20, 23, 57, 62, 68, 80, 89, 99, , 406, 415, 416, 421, 422, 430, 434, 435, 439, 440, 445

Vryheidstryd, 20, 184, 296, 384, 431, 434, 439, 440, 446, 447

Vrystaat, ii, 42, 54, 71, 74, 96, 131, 141, 145, 186, 346, 368, 385, 437, 482, 483

VSA, ii, 5, 8, 48, 106, 145, 244, 254, 339, 345, 352, 353, 354, 438

VVK, ii, 88, 258, 333, 464, 466, 467

Wasbank, 137, 274, *Kyk* Gelofte

Wêreldhandelsentrum, ix

Westminster, 177, 219, 266, 286, 287

Westminsterstelsel, 177, 287

Wickus Du Plessis, 60

Wieg, iv, iii, viii, 41, 48, 49, 116, 117, 123, 126, 132, 155, 250, 350, *Kyk Wieg van die Boervolk*

Wieg van die Boervolk, viii,

48, 49, 132, 155

Will Roberts, 472

Willem de Klerk, 77

Winburg, v, vii, viii, 136, 139, 180, 208, 242, 343, 344, 468, 482

Wingard, 240, 304, 305, 306, 308, 309, 310, 322, 323, 326, 384, 386, 387, 393, 446, 465, 502

Witwatersrand, viii, 239, 347

Wonderfontein, 143

Woodrow Wilson, 244

Xhosas, 116, 125, 129, 302, 361, 375, 415

Ysterwet van 'n oligargie, 448

ZABBV, viii, ii, 152, 154, 155, 202, 289

ZAR, viii, ii, iii, vii, 8, 10, 30, 44, 60, 71, 138, 141, 143, 145, 156, 159, 160, 172, 173, 177, 192, 239, 242, 243, 249, 260, 309, 332, 344, 349, 353, 408, 413

Zoeloës, 133, 232, 233, 234, 235, 236, 242, 302, 346, 347, 349, 352, 357, 362, 375, 394, 415, 443

Zuid-Afrikaanse Republiek, viii, ii, vii

Zuid-Afrikaansse Boerenbescherings-vereeniging, viii, 155

Zuma, 85, 233, 254, 257, 432, 500

[1] DIE GEBEURE BY SENEKAL verwys na die reaksie en optrede van Afrikaanssprekende Blankes, na aanleiding van 'n "teregstelling" en brutale moord op 'n jong blanke boer naby Senekal. Die EFF het die beswaardes uitgedaag tot konfrontasie tydens die opvolgende hofdag. Uiteenlopende benaderings, groeperings en weergawes is daarna gevorm. Uiteenlopende opinies is oor die verwarring en verdeeldheid gepostuleer.

[2] <https://www.netwerk24.com/Stemme/Kommentaar/volksblad-se-senekal-gebeure-dui-op-wonde-in-sa-samelewing20201019>. (Volksblad, 19 Oktober 2020).

[3] **Politieke Dinamika** kan gesien word as 'n onderafdeling of element van politiek, 'n dissipline wat ingestel is op die gedrag of aksies en optredes van politieke rolspelers in die daaglikse lewe (Botha 2003:vi, vii).

[4] **Mende** is 'n neologisme, wat gesien kan word as die gedagtes, idees, verstand, intellek, gees, gemoed, binneste, bewussyn, belewenisse, argumente en inspirasies, wat in die mens se brein ontstaan en bestaan en in Engels met *mind* vertaal word.

[5] **Volksisme** is 'n neologisme, wat dui op die ingesteldheid om as groep te streef na volkswording (sien onder).

[6] **Patriotisme** behels die psigologiese identifisering met die vaderland (of moederland). Dit is daardie geografiese gebied of *patria*, wat 'n persoon as sy of haar tuisland beskou. Dit verwys dus na 'n staat se bevolking, wat 'n gemeenskaplike patriotisme deel, sonder dat die lede van die bevolking (noodwendig) 'n gemeenskaplike nasionalisme deel (Botha 2005:xx).

[7] **Tweede Vryheidsoorlog** verwys na die oorlog wat die Boerevolk (van die OVS en ZAR) teen Britse koloniale onderdrukkers tussen 1899 en 1902 geveg het. Sommige noem dit verkeerdlik die Anglo-Boereoorlog. Haar dagboek het as "*Ons Japie*" verskyn.

[8] Die asterisk tussen hakies [*] dui aan dat dit die skrywer sy eie vertolking weergee ten opsigte van die vertaling, beklemtoning of betekenis van 'n term of woord in 'n aanhaling.

[9] 'n **Paradigma** behels die model, wat as basis gebruik word ten opsigte van 'n bepaalde siening of idee ten opsigte van 'n bepaalde aanname of benadering tot iets. Dit kan, onder andere, die model wees waarvolgens die elite van 'n bepaalde groep mense of vakgebied soos wetenskaplikes, politici, kerkleiers, filosowe en akademici 'n bepaalde uitgangspunt of siening binne 'n bepaalde tydvak beskryf.

[10] 'n **Konseptuele blok** ontstaan wanneer iemand se gedagtes vashaak by 'n sekere siening van iets. Dis dan moeilik om anders daarvoor te dink. Dit word later beter verduidelik.

[11] **Paradigmaskuif** behels die radikale verandering in iemand se basiese aannames of benadering ten opsigte van iets.

[12] **Postuleer** beteken om 'n postulaat te formuleer en te stel. **Postulaat**: beteken om 'n aanname te maak of voor te stel dat iets bestaan, of aan te neem dat 'n stelling of argument geld, sonder dat daar bewyse in plek is. 'n Postulaat kan bewys word en word dan as 'n teorie aanvaar.

[13] **Sosiale Ingenieurswese** behels die doelgerigte, sistematiese en sistemiese georkestreerde proses van politieke sosialisasie van 'n groep of groepe met die doel om 'n sekere resultaat te bereik. In hierdie publikasie word die term sosiale Ingenieurswese in die konteks van politieke sosialisasie gebruik (sien definisies p.xxii).

[14] Hy het intussen die land verlaat.

[15] **Fenomeen** is 'n feit, gebeurtenis of verskynsel wat waargeneem en beskryf kan word.

[16] **Elite:** In enige gegewe gemeenskap bestaan daar altyd leiers en volgelinge. Die elite word gewoonlik gesien as die leiergroep van die gemeenskap. Die begrip word later in meer besonderhede bespreek.

[17] Sy naam is van my weerhou, maar ek kon vasstel dat hy 'n afgetrede professor (waarskynlik) van Unisa is.

[18] **Transformasie:** is die beleid, wat deur die regering van die NSA sedert 1994 toegepas word om die beweerde “verontregtings van die verlede reg te stel” en behels openlike diskriminasie teen mense op grond van hul velkleur.

[19] **Kulturele erfenis** kan gesien word as die eienskappe wat lede van 'n groep van ander groepe onderskei en word aan moedersknie ontvang en word deur sosialisasie en ander eksterne faktore, soos byvoorbeeld genetica gevorm.

[20] **Regses** verwys in hierdie skrywe na die groeperings wat teenoor die NP geposisioneer is tussen 1961 en 1994. Dit is grotendeels dié groepering, wat die kulturele erfenis van die Boer uitleef. Ná 1994 het die term “Regses” 'n ander betekenis gekry.

[21] **Diachronisme** behels om, met bestudering van die verloop van die geskiedenis, die opeenvolgende tydvakke in ag te neem en gebeurte en entiteite binne die konteks van die historiese agtergrond te interpreteer.

[22] **Hipotese:** Onbewese veronderstelling wat as waarheid aangeneem word en as grondslag van 'n beredenering dien. Sodra dit bewys is, vorm dit 'n teorie.

[23] **Kaapse-Afrikaner:** 'n Voorlopige definisie volg hier vir die Kaapse Afrikaner of Kolonialer en sal later meer volledig beskryf word. Die Kaapse-Afrikaner het “amptelik” tot stand gekom nadat die Pro-Koloniale-Afrikaner die grondwet van die Afrikaner Bond (1883) aangepas het om die Afrikaner te definieer, waarna die Kolonialers vir die eerste keer die naam “Afrikaner” vir hulself toegeëien en op 'n groot skaal in die Kaap begin gebruik het (Bruwer 1988:284; Van Jaarsveld 1980a:137).

[24] **Joiner** dui op 'n Boer, of dikwels 'n Kolonialergesinde Afrikaner, wat vir militêre diens tydens die Tweede Vryheidsoorlog opgeroep is en daarna na die Engelse oorgeloop het en inligting of hulp/deelname aan die vyand verskaf het.

[25] **Hendsopper** dui op 'n Boer of dikwels 'n Afrikaner, wat vir die oorlog opgeroep is, tydens die Tweede Vryheidsoorlog en doelbewus aan die Engelse oorgegee het. 'n Joiner en Hendsopper oorvleuel soms. Die Boere het hulle geminag.

[26] **Groot Trek** is 'n volksverhuising, wat plaasgevind het in ongeveer 1836 tot 1840, toe Proto-Boere, hoofsaaklik uit die Wieg van die Boerevolk, na die binneland van Suid-Afrika en na Natal getrek het.

[27] Volgens Bruwer (1988:21) het die Nederlandse regering deur die State-Generaal 'n: “oktrooi aan die VOC toegeken vir 'n handelsmonopolie in die Ooste. Verder is daar aan hulle magtiging gegee om oorlog te maak en vrede te sluit, vlote en gewapende magte aan te hou, kolonies te stig en forte op te rig. Dit was 'n federasie van stedelike handelskamers wat betrokke was in die Asiatiese koophandel en waarin Amsterdam 'n oorheersende aandeel gehad het. Aan die hoof van hierdie reuse onderneming sou die **Here XVII** staan.”

[28] Persoonlike mededeling.

[29] 'n Voorlopige definisie van die **Apartheid-Afrikaner** sal later in meer besonderhede bespreek word. Die Apartheid-Afrikaner het tot stand gekom nadat die Boer en die Kolonialer aan die

proses van Sosiale Ingenieurswese onderwerp is. Veral tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu is 'n persoon wat suksesvol deur die Sosiale Ingenieurswese proses geïndoktrineer en georiënteer is, gemotiveer om as lid van die *Afrikanernasie* bekend te staan.

[30] Die **Afrikanerbond (Bond)** was 'n politieke groepering wat in die 1870's onder die Kaapse-Afrikaners ontstaan het en uiteindelik ontwikkel het in 'n politieke party, die Suid-Afrikaanse Party (SAP).

[31] Die **Kindergarten** is deur Milner saamgestel uit 'n aantal jong Engelse, almal Oxford-gegradueerdes, wat Milner se imperialistiese ideale in Suid-Afrika moes help uitvoer (Bruwer 1988:493).

[32] Die **Afrikaner-Broederbond** het as 'n kultuurorganisasie op 5 Junie 1918 ontstaan en het later in die 20^{ste} eeu, as 'n geheime elitegroep, die gang van Suid-Afrika beplan en bepaal (Wilkens & Strydom 1978:45).

[33] **Boeregesindheid** verteenwoordig die gees van die Boer en manifesteer in die kulturele erfenis wat in die Boervolk gevestig is.

[34] **Kolonialergesindheid** verteenwoordig die gees van die Kolonialer en manifesteer in die kulturele erfenis wat in die Kolonialer gevestig is.

[35] **Postmodernisme** is gebaseer op filosofiese dekonstruksie [aftakeling] en gaan van die standpunt af uit dat daar geen grondige standaard vir die beoordeling van feite bestaan nie. In wese word die basis van sistematiese kennis en die gronde vir die bestaande moderne wetenskap en die geskiedenis bevraagteken en onder verdenking geplaas (Labuschagne 2001:13). Taal word byvoorbeeld as 'n oneffektiewe metode van kommunikasie beskou (Encarta 2009: *s v Western philosophy*)

[36] **Selfbeskikking** is die reg van 'n groep, staat of volk om oor hulle eie lot te besluit en dus oor die politieke mag te beskik om oor hul eie toekoms, besittings en kulturele waardes te beslis.

[37] Dit is belangrik om daarop te let dat Bruwer deurgaans die term *Kolonialer* gebruik, wanneer hy van die *Kaapse-Afrikaner* praat en die term *Afrikaner* gebruik wanneer hy na die *Boer* verwys. In hierdie skrywe sal die term Kaapse-Afrikaner en Kolonialer as sinonieme gebruik word.

[38] Die skrywer was 'n stigterslid van TG, maar nooit 'n lid van die Broederbond nie en tans ook nie meer lid van TG (nou die Volksbond) nie.

[39] Piet Boer is 'n skuilnaam, wat op Boerevryheid se webwerf gebruik is. Hy lewer kommentaar na aanleiding van 'n gesprek op Radio sonder Grense, Monitor (20 Maart 2007), onder leiding van Niekie van den Berg, oor die "De la Rey fenomeen", waaraan dr. Van Zyl Slabbert, dr. Allan Boesak en prof. Danie Goosen van die FAK deelgeneem het.

[40] Afrikaners met Boeremaskers word verder gebruik wanneer van toepassing.

[41] Onderskeidelik voorsitter en algemene bestuurder van die TLU.

[42] Dit blyk dat die TLU "gekompenseer word" deur Van Zyl soms te akkommodeer met 'n spreekbeurt op die program, *Fokus*, 'n politieke besprekingsprogram – om die ongelukkigheid aan te spreek?

[43] Die skrywer dra persoonlik kennis aangaande Potgietersrus en Waterberg kiesafdelings, waar Kolonialergesinde Afrikaners as kandidate "van buite ingevoer" is.

[44] Die skrywer het Aksie Volkseie Skolesport gestig en was die voorsitter van die Bokkieweekkomitee, wat die eerste Bokkieweek by Lekkerrus gereël het.

[45] **Vryburgers** is die naam wat aanvanklik gegee is aan persone uit die amptenary, wat van Kompanjies-verpligtinge vrygestel is ter wille van die vestiging van voltydse boerderybedrywigheid

met die oog op die lewering van vars produkte aan die Kompanjie.

[46] **Trekboere** behels Proto-Boere, wat die bekende omgewing rondom die Kaap verruil het deur dieper die binneland in te trek op soek na beter verblyf en boerdery omstandighede.

[47] Die naam *Voortrekker* is later doelbewus as term gebruik, om die gebruik van *Boer* te vermy. Voortrekker is in die plek van *Boer*, vir diegene wat aan die Groot Trek deelgeneem het, gebruik.

[48] Persoonlik deur my beleef.

[49] Die skrywer was vanaf die stigtingsdatum van VEKOM, by alle amptelike vergaderings teenwoordig.

[50] Toespraak te Potgietersrus *circa* 1990.

[51] Kolonel Piet Botha (van die KP), het die leiersverkiesing georkestreer deur 'n naamlys telefonies vooraf deur te gee. Hy het die skrywer gekontak, (foutiewelik) onder die indruk dat ek deel van die KP-elite is, en die lys (KP) lede wat op die bestuur “verkies” moet word, aan my meegedeel.

[52] **BKA** staan vir Boere Krisis Aksie en was 'n organisasie van die Boergesindes.

[53] *Grondloos* verwys na 'n gebrek aan eie soewereine grondgebied waaroor hulle self as groep besluite kan neem.

[54] Verwysing: <https://afriforum.co.za/en/heindrich-wyngaard-and-afriforum-establish-new-cape-civil-society-organisation/> gelees op 1 Mei 2022

[55] QI Reeks 7, episode 8, 'n BBC produksie.

[56] Godwin is deel van die Algemene Raad van die Wikimedia Stigting.

[57] **Francois Rabie**: kliniese sielkundige in private praktyk.

[58] Professor Habib is rektor van Wits Universiteit en word as 'n kundige op die gebied van rassisme beskou.

[59] Persoonlike mededeling tydens 'n bespreking oor die eienskappe van 'n liberalis.

[60] **Stoffel**: Skrywer se skuilnaam vir spotprentjies en karikature en word in *Die Boeremagsage* (Pretorius 2015:2) as volg beskryf: **Stoffel se CV**. Hy is in 1967 gebore en het in die Perdeby (Tukkies se koerant) sy debuut gemaak. Hy het intussen, met die oog op die Boeremagsaak, 'n SC toekenning (veronderstel om Senior-Advokaat te beteken) ontvang. Hy bestaan natuurlik nie regtig nie en mens moet jou ook nie aan hom steur nie. (Alhoewel hy gewoonlik die enigste een in die hof is wat die waarheid praat). Hy is 'n Boer in murg en been, dra koedoevel skoene uit Upington, het 'n tarentaalveer in sy hoed, rook Magaliesbergse tabak en dra graag kruisbande. Hy vereenselwig hom dikwels met my en die meisies is mal oor hom. (Hy is ook nog steeds nie getroud nie).

[61] **Proto-Boere**: Die Boer het uit die Proto-Boere ontwikkel en dui op 'n lid van 'n besondere groep mense van Europese afkoms (hoofsaaklik Hollands, Duits en Frans), wat hulself in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue as plaasboere, hoofsaaklik as veeboere, gevestig het en daarna gestrewe het om vry en onafhanklik van koloniale onderdrukking te bestaan.

[62] **Boervolk** en **Boerevolk** word beide as die korrekte benaming verklaar deur Kritzingen et al., (1956: *sv* Boervolk/Boerevolk). 'n Kort meningsopname in Augustus 2021 toon die gebruik 50:50. In hierdie studie, word merendeels na die *Boervolk* verwys. Soms klink *Boerevolk* meer korrek.

[63] Shearing (2004:iv) stel dat 44 gefusilleer is. Jooste en Oosthuizen (2000:19) stel dat minstens 60 Kaapse burgers tereggestel is deur die Engelse.

[64] Die getal wissel van bron tot bron. Nuutste navorsing dui daarop dat dit meer as 34 000 was.

- [65] **Hegemonie** beteken leierskap of dominansie deur oorwig van getalle.
- [66] Die skrywer kan getuig van 'n beduidende getal Boere wat hierdie standpunt teenoor hom uitgespreek het.
- [67] 'n **Nasiestaat** kan gesien word as die eenheid wat gevorm word wanneer verskillende etnisiteite, volke en nasies, binne een demografiese gebied verenig word. Die VSA en RSA is voorbeelde.
- [68] Sien definisies oor Proto-Boer en Proto-Afrikaner.
- [69] Kaapse Argief C493, bl. 394-96.
- [70] **Beyond the pale:** Outside the limits of what is considered to be acceptable (Encarta Dictionaries 2009: s v pale).
- [71] **Darwinistiese omstandighede** verwys na die omstandighede waar die sterkste en diegene wat die beste by die omstandighede kan aanpas, oorleef.
- [72] Volgens Giliomee (2004:214) is 34 tereggestel.
- [73] Vergelyk die vestiging van 'n mite op bl. 93 en 175.
- [74] Nordbruch gebruik die term Anglo-Boereoorlog (in plaas van Tweede Vryheidsoorlog) korrek, aangesien hy as Duitser dit vanuit die oogpunt van 'n buitestander doen.
- [75] **Eerste Vryheidsoorlog** verwys na die oorlog wat die Boerevolk van die ZAR teen Britse koloniale onderdrukkers en die Kaapse Afrikaner tussen 1880 en 1881 geveg het.
- [76] *De Volkstem* was 'n koerant wat voor die oorlog in Pretoria verskyn het en daarna deur die Boeregeneraals weer op die been gebring is om die volk ná die oorlog op te bou (Giliomee 2004:315).
- [77] *De Zuid-Afrikaan* was 'n invloedryke (die eerste) Nederlandse koerant, wat na 1830 in Suid-Afrika verskyn het (Muller 1979:186).
- [78] Van Jaarsveld bevestig hier die fundamentele verskille in die ontwikkeling en vestiging van 'n kulturele erfenis onderskeidelik by die veeboer en die akkerbouwer.
- [79] Die Zuid-Afrikaanse Boeren Beschermingsvereniging.
- [80] Afrikanerbond.
- [81] Die syfer wissel tussen 13 500 en 22 000.
- [82] Die **Ruiterwag** (RW) is 'n kultuurorganisasie waarby "uitgesoekte" jong lede betrek word. Binne hierdie organisasie word die "ideologiese koring van die kaf" geskei sodat slegs persone wat Paradigma A aanhang as lede van die AB geselekteer en aanbeveel is om lid van die AB te word. Die RW is deur die AB befonds.
- [83] Deur Gallie Giliomee van Villiers aan die skrywer uitgewys.
- [84] Ek was self by die gebeure teenwoordig.
- [85] Die skrywer kan getuig van persoonlike ervaring, waar verskeie briewe en potensiële artikels, wat deur hom geskryf is, deur *Beeld* sowel as *Die Rapport*, net eenvoudig nie geplaas is nie.
- [86] **Konformasie:** is 'n lewensrigting en – ingesteldheid, wat wesentlik verskillende verskynsels en waardes, gelykstel, aanvaar en daarby aanpas.
- [87] 'n **Kosmopoliet:** is 'n wêreldburger wat geen nasionalistiese ingesteldheid demonstreer nie.
- [88] Die Bondsraad is die hoogste beleidmakende orgaan van die Broederbond.
- [89] <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/mystem/het-Jesus-die-postmodernisme-voorsien-20210525>

[90] Taalmonument: “Openbare reaksie” noop minister om aftog te blaas oor naam
<https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/taalmonument-openbare-reaksie-noop-minister-om-aftog-te-blaas-oor-naam-20220615>

[91] Persoonlik per e-pos aan skrywer meegedeel op 27 Julie 2022.

[92] Kolonel (Rooi Gert) Opperman was voorsitter van die Afrikaner-komitee wat kultuur-historiese terreine beheer het. Dit het die Voortrekkermonument ingesluit.

[93] Joubert word sedert Julie 2022, om een of ander rede selde op Pretoria FM gehoor.

[94] Vergelyk: <https://m.facebook.com/184083834980025/posts/fieta-waar-kom-die-woord-vandaan-die-herkoms-is-onseker-maar-dit-beteken-gomtor-/998887436832990/> Gelees op 2022/05/12.

[95] Die skrywer is bewus van verskeie Boere-families, ook by sy eie familie, waar hierdie patroon gevolg het.

[96] Neo-Apartheid: die omgekeerde vorm van die wêreld-veroordeelde Apartheid, waar daar teen persone gediskrimineer is op grond van ras en velkleur. Nou word daar in die NSA teen blankes, en veral Afrikaanssprekendes, gediskrimineer *op grond van hulle ras en velkleur*.

[97] Die *hovenier* of *landman* behels die “burger”, wat die stad se ambisies vaarwel toeroep en ’n grondeienaar in die platteland word, maar sy kulturele geheue behou en dus sy “stadsmaniere en stadsgeleerdheid” saamneem plaas toe. Sy kulturele erfenis verskil dus van die *boer*.

[98] Persoonlik deur Kelder aan die skrywer meegedeel in Julie 2022.

[99] **Politieke geweld:** die aksies wat tot gevolg het dat iemand of ’n groep se oorlewing, welsyn, identiteit of vryheid bedreig word.

[100] Let op dat die konseptuele blok ten opsigte van die term Afrikaner reeds tot so ’n mate gevestig het dat die lede van die OB van ’n Afrikanerrepubliek gepraat het.

[101] Besonderhede persoonlik aan die skrywer deur Oom Manie Maritz meegedeel op 19 April 2008.

[102] Opdatering op 29 November 2022: Slegs Herman Van Rooyen en Rudie Gous is nog in de tronk omdat hulle ontsnap het en vir nege maande “met verlof” was. Die ander wat in die tronk was, is uit op parool.

[103] Hierdie was ’n uitspraak in ’n binneverhoor tydens die Boeremagsaak, waarin dokter Johan Pretorius saam met sy twee broers, dokter Wilhelm Pretorius en Kobus Pretorius, aanspraak gemaak het op krygsgevangenesstatus.

[104] **SS** or *Schutzstaffel* (German for “Security Squadron”), an elite semi military organization within the Nazi Party (Microsoft Encarta 2009: vs. SS).

[105] Genl. Hertzog en die NP het aan die mag gekom
<https://www.bing.com/ck/a?!&&p=e56461cb902b8408JmltdHM9MTY1OTMxMjAwMCZpZ3VpZD0wMzhjNTdiMCIjNTUwLTZkYWUtMzI5Ni00NjU4YzRkYTZjMzgmaW5zaWQ9NTAxNg&ptn=3&hsh=3&fclid=038c57b0-c550-6dae-3296-4658c4da6c38&u=a1Lz9zY29wZT13ZWlmRk9STTIIRFJTQzE&ntb=1>.

[106] **Eierigting:** behels (volgens Booysen (1997:11-12)): aksies, wat insluit vergelding, boikotte, diplomatieke optrede, arbitrasie en uiteindelik geweld. Verder stel hy dat die reg tot afdwinging, aangewese is op die volk self en moet die volk sy reg van selfbeskikking realiseer deur middel van “eierigting”.

[107] Die gebeure by Senekal verwys na die reaksie en optrede van Afrikaanssprekende Blankes, na aanleiding van ’n “teregstelling” en brutale moord op ’n jong blanke boer naby Senekal. Die EFF het die beswaardes uitgedaag tot konfrontasie tydens die opvolgende hofdag. Uiteenlopende

benaderings, groeperings en weergawes is daarna gevorm. Uiteenlopende opinies is oor die verwarring en verdeeldheid gepostuleer.

[108] Die **Ruiterwag** (RW) is 'n kultuurorganisasie waarby “uitgesoekte” jong lede betrek is. Binne hierdie organisasie is die “ideologiese koring van die kaf” geskei, sodat slegs persone wat Paradigma A aanhang as lede van die AB geselekteer en aanbeveel is om lid van die AB te word. Die RW is deur die AB befonds.

[109] Pienaar het die OB as jong seun beleef en het sy indrukke aan die skrywer oorgedra.

[110] Moet vernietig word.

[111] **Amie van Wyk** is 'n afgetrede teologieprofessor van Potchefstroom.

[112] **Penetrasie:** is 'n vorm van Kulturele Geweld, waar die dominante party in 'n samelewing sy kultuur op die ondergeskikte party afdwing (Kotzé 2009:18; *vertaal).

[113] **Fragmentasie:** is 'n vorm van Kulturele Geweld, waar die dominante party in 'n samelewing die ondergeskikte party verhoed om 'n saamhorigheidsbewussyn te ontwikkel. Dit geskied deur mense uitmekaar te dryf (Kotzé 2009:18).

[114] Vroue het eers in 1930 in Suid-Afrika stemreg gekry (Giliomee 2004:310).

[115] 'n **Normatiewe** benadering behels dat daar 'n evaluasie of oordeel oor 'n stelling, handeling of situasie, wat beskryf word, gemaak en waarde daarvoor bepaal word.

[116] Britse Eerste Minister tydens die vredesamesprekings by Versailles.

[117] Persoonlike mededeling aan die skrywer in ongeveer 1984 te Potgietersrus.

[118] Besonderhede aan my persoonlik deur oom Manie Maritz op 19 April 2008 meegedeel.

[119] Hou ingedagte dat hoofstukke soms as essays aangebied kan word en daarom word feite dikwels herhaal.

[120] <https://www.sahistory.org.za/article/afrikaner-broederbond>

[121] **Justum bellum:** 'n geregverdigde oorlog of die reg van oorlog.

[122] Professor Delius is 'n emeritusprofessor in geskiedenis aan die Universiteit van die Witwatersrand en medeskrywer van *Rights to land: A guide to Tenure Upgrading and Land Restitution*.

[123] Naledi is die naam, wat aan 'n skelet van 'n hominied, wat in 'n grot by die Wieg van die Mensdom ontdek is, toegeken is. Sy is waarskynlik 'n voorsaat van *homo sapiens*.

[124] Gielie Hoffman is 'n leierskapskonsultant.

[125] Koopman is 'n teoloog en viserektor van die Universiteit Stellenbosch.

[126] Kwotaspelers word gekies op grond van velkleur en troef meriete (verdienste en talent).

[127] Hoogleraar in politieke wetenskap aan Unisa.

[128] Pankaj Mishra het die boek, *In Age of Anger: A History of the Present* (2017), geskryf.

[129] Die diskriminasie teenoor my kleindogter tydens die keuring vir medies, op grond van haar velkleur, is reeds gemeld.

[130] Swarte Ommegang is die naam wat deur die Kaapse koloniste gegee is aan 'n omgangshof wat in 1812 gehou is as gevolg van verskeie (meestal valse) aanklagte deur Read, Van der Kemp en ander sendelinge teen die boere aan die Oos-Kaaplandse grens. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle hul swart bediendes mishandel het, en dat hulle aggressief teenoor die plaaslike stamme sou wees. Sommige van die beskuldiges is skuldig bevind, maar die meeste is vrygelaat. Die Swarte

Ommegang het groot vyandigheid veroorsaak, en word beskou as een van die vernaamste oorsake van die Groot Trek (Wikipedia: Swarte Ommegang).

[131] **Partisie** behels dat die land opgedeel word in verskillende gebiede of state (Kaufmann 1996).

[132] **Federale stelsel:** bestaan twee vlakke van regering, wat oor dieselfde gebied en inwoners, regeer. Lande met 'n federale politieke stelsel beskik oor 'n sentrale regering, sowel as regering gebaseer op kleiner eenhede, wat state, provinsies of gebiede genoem word (Microsoft Encarta 2009: *s v federalism*, *vertaling).

[133] **Konfederale stelsel** bestaan uit 'n samevoeging van soewereine state, waar elke staat die reg het om oor hul eie sake te besluit. Dit verskil van 'n federale stelsel daarin, dat by 'n konfederasie, individuele state onafhanklik van die sentrale regering is (Microsoft Encarta 2009: *s v confederalism*, *vertaling).

[134] **Konsosialisme** is 'n vorm van magsdeling waar groepe binne 'n groter geheel hul eie sake kan beskerm en uitleef.

[135] Die uitdrukking word aan Alexis de Tocqueville, wat dit in sy boek, *Democracy in America* gebruik het, gekoppel. Per definisie is: ***The tyranny of the majority (or tyranny of the masses) an inherent weakness to majority rule in which the majority of an electorate pursues exclusively its own objectives at the expense of those of the minority factions. This results in oppression of minority groups comparable to that of a tyrant or despot, argued John Stuart Mill in his 1859 book On Liberty.***

[136] Die dokument is in opdrag van Viljoen deur die administrasie van die VF aan my oorhandig.

[137] Persoonlike “spreuk” van doktor Wilhelm Pretorius.

[138] Hierdie inligting is persoonlik aan die skrywer deur een van die gewese kommandante meegedeel.

[139] Mulder het as beroepspolitikus hom nooit as 'n Boergesinde Afrikaner geïdentifiseer nie.

[140] **Balkanisering:** behels staatkundige verbroekeling tot 'n toestand soos wat vroeër in die twintigste eeu op die Balkanskiereiland geheers het (Pharos 2005b:s *v balkaniseer*).

[141] Navorser in openbare reg en direkteur van die Sentrum vir Grond en Verantwoordbaarheid aan die Universiteit van Kaapstad.

[142] **Enklave, enklawe:** 1. Grondgebied wat deur vreemde grondgebied ingesluit is. 2. Wyk in 'n stad wat vir 'n bepaalde ras afgesonder is (Pharos 2005b:s *v enklawe*).

[143] Camisa verwys blykbaar na 'n riviertjie of spruitjie wat voorheen in die Kaap gevloei het.

[144] Persoonlike mededeling in Augustus 2022.

[145] Gladwell se pa was Engels en sy ma 'n gekleurde van Jamaika.

[146] **Albatros om die nek:** 'n metafoor, wat daarop dui dat iemand “skuld saamdra”.

[147] Grootte van dorpe bereken volgens data gevind in Garmin MapSource 6.5: 2004.

[148] Die **Doodskissaak:** In 2017 het twee Blanke mans 'n swart betreder op 'n eiendom geïntimideer deur hom in 'n doodskis te plaas en gedreig dat hulle hom sal begrawe. Hulle is deur 'n swart vroueregter skuldig bevind aan strafbare manslag en vir 15 jaar tronk toe gestuur, terwyl verlof tot appèl geweier is.

Die **KFC saak:** het in 2017 plaasgevind. Tydens 'n konfrontasie tussen 'n swart man en vier blankes, waar beide partye oënskyndelik skuldig was, is die blanke mans gearresteer. Die klagtes, wat

hulle teen die swart man ingedien is, is deur die polisie geïgnoreer en net die wit mans is gearresteer. Hulle borgtogverhoor het vir maande gesloer, terwyl hulle in aanhouding gebly het.

[149] Advokaat Gerrie Nel, voormalige staatsaanklaer, is deur AfriForum in diens geneem om privaatvervolging te fasiliteer. Nadat Grace Mugabe (Zimbabwe se presidentsvrou) 'n jong swart vrou, wie se van Engels is, in Johannesburg aangerand het en die vervolgingsgesag haar nie wou vervolg nie, het AfriForum besluit om die vervolging namens Engels te doen.

[150] Die Liberale Kefferbrakkiebende.

[151] Openbaring 2:15, 16.

[152] **Melanie Verwoerd:** oud-ANC-parlementslid, deesdae liberale politieke ontleder.

[153] **Francois Rabie:** kliniese sielkundige in private praktyk.

[154] **Ramaforie:** verwys na die tydelike gevoel van hoo.

p wat ontstaan het, nadat Cyril Ramaphosa by Jacob Zuma as president van Suid-Afrika oorgeneem het. Pollux gebruik die woord en word hier satiries, verwysende na Ramaphosa, deur Pollux aangewend.

[155] **Helena Wasserman** is redakteur van *Business Insider South Africa*.

[156] Theodor Herzl was die stigter van die politieke vorm van Sionisme, 'n beweging wat die vestiging van 'n Joodse tuisland nagestreef het (*Encyclopedia Britannica* sv Herzl).

[157] Die skrywer het slagoffers van polisiekoeëls persoonlik hanteer tydens die “Beleg van Goedgevonden en Bruidegomskraal” (1991) Skakel:

<https://www.bing.com/ck/a?!&p=2034a1e4af2e88d5JmltdHM9MTY3MzIyMjQwMCZpZ3VpZD0xN2E4MGM0Yi1iMjgLTZmNzgtMWFIMC0xZTFmYjM3ZTZlOTQmaW5zaWQ9NTlONg&ptn=3&hsh=3&fclid=17a80c4b-b283-6f78-1ae0-1e1fb37efe94&psq=Goedgevonden+Bruidegomskraal+AWB&u=a1aHR0cHM6Ly93d3cuaW9sLmNvLnphL25ld3Mve29ldGgtYWZyaWNhL25venRoLXdle3QvbGFuZC1jbGFpbXMtc2V0dGxIZC1pbilhd2ltc3Ryb25naG9sZC0xODQxNzQ0&ntb=1> (Gelees op 9 Januarie 2023).

[158] Vergelyk skrywe aan AfriForum bl. 419

[159] Gert van der Westhuizen is Netwerk24 se meningsredakteur.

[160] Vergelyk ook Bl. 419.

[161] Tipies van die liberale kefferbrakkiebende (Figuur 3.2) word 'n bol kritiek gelos, vol gras gekrap en tevrede weggedraf, sonder om die werklike probleem aan te spreek en/of om 'n oplossing te bied.

[162] Die skrywer was deel van die stigtingsvergadering van TG aan huis van professor Daan Booysen, waar ongeveer twaalf ander persone betrokke was.

[163] *SA-Topsite* is 'n webwerf wat die omset en aktiwiteit van webwerwe meet.

[164] Afrikaner Volksfront en Afrikaner Strategiese Komitee.

[165] **Neo-kolonialisme:** word beskryf as 'n situasie waar beleggers in die buiteland ekonomiese beheer uitoefen oor 'n land, wat as 'n voormalige kolonie, onafhanklikheid verkry het. Dit word ook dollardiplomasie genoem (Oosthuizen s a:156).

[166] Persoonlike onderhoud met generaal Viljoen in 2004.

[167] **Institusionaliseer:** behels die skepping en ontwikkeling van iets sodat dit 'n gevestigde gebruik of aanvaarde deel van die struktuur van 'n breër organisasie of samelewing vorm.

[168] Inset van J Pretorius (jnr.) tydens redigering van die Boereboek in 2023.

[169] **Kubervolk:** of 'n virtuele gemeenskap ontstaan wanneer 'n groepering deur middel van 'n rekenaarprogram op só 'n wyse organiseer, dat alle fasette van volkwees, behalwe grondbesetting, tot stand gebring kan word.

[170] Vergelyk die Boeremagsaak waartydens regter Eben Jordaen bevind het dat die ANC regering nie rassisties optree nie (In die uitspraak oor die aansoek om Krygsgevangenskap in die saak: CC91/2003, op 26 Augustus 2010, bls. 87)

[171] **Samuel P Huntington** (1927-2008) was 'n Amerikaanse politieke wetenskaplike, konsultant ten opsigte van verskeie Amerikaanse staatsinstellings en gerekende politieke kommentator (*Encyclopædia Britannica 2012: s v Huntington*, Samuel P.



About the Author

AGTERGROND OOR DIE SKRYWER EN DIE BOEREBOEK

Ek is grootgemaak as 'n volbloed Afrikaner, met 'n opregte volksgevoel toe ek in 1983 deur 'n voormalige (nou oorlede) kollega dr. Piet Cloete gekonfronteer is oor my identiteit. Hy het gesê dat hy 'n Boer is en nie 'n Afrikaner nie.

Dit het my aan die dink gesit en het gelei tot navorsing oor die onderwerp. Hierdie navorsing het amper veertig jaar geduur en gelei tot die verwerwing van 'n Honneurs graad onder Alida Kok by Unisa en 'n MA in politieke wetenskap, onder Prof Andre Duvenhage by NWU. By albei grade, was die totstandkoming van die Boer en Afrikaner, asook die interaksie tussen die groeperinge, die onderwerp van die studies.

Terwyl ek in aanhouding vir die Boeremagsaak was, het ek vir ongeveer vyf jaar 'n sel met my seun dr. Johan Pretorius gedeel. Ons het soggens toegang tot 'n rekenaar, in 'n rekenarsentrum gehad. Ek het dan in die oggende aan die BOEREBOEK se inhoud gewerk en dit op 'n e-leser geplaas. Saans het ek dit aan Johan voorgelees en die inhoud bespreek. Die wysigings is op papier neergeskryf en die volgende oggend op die brondokument verander.

Die boek is die laaste twee jaar verfyn en deur dr. Mike Du Toit, Mev. Judi Swanepoel en dr Johan Pretorius taalversorg. Johan het terselfdertyd die laaste belangrike insette gelewer.

Die inhoud van die BOEREBOEK is onontbeerlik vir iemand wat 'n volksgevoel het en wat strewe na selfstandigheid. Verder spreek dit identiteit (aan watter volk behoort jy) aan.

Read more at [Lets Pretorius's site](#).

About the Publisher